UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA (1908 - 1958)

deur

Isak Schalk van der Merwe Burger

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad D.D. in die Fakulteit Teologie (Ned. Geref. Kerk), Universiteit van Pretoria.

Promotor: Prof. P.B. van der Watt

Mei 1987

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD

Na agt jaar se navorsing en skrywe, te midde van gemeentelike arbeid, doseerwerk en as registrateur van die A.G.S. Teologiese Kollege, is 'n lewensideaal uiteindelik bereik.

Die voltooiing van hierdie proefskrif het met veel opoffering gepaard gegaan - nogtans is die oorheersende gevoel dié van ootmoedige dankbaarheid. Daarom bring ek eerstens aan my God en Vader al die lof, eer en dank vir Sy oorvloedige genade.

Aan my promotor, prof. P.B. van der Watt, opregte dank vir sy begeleiding op hierdie braakland wat betref die geskiedskrywing van die A.G.S. Sy akademiese vermoëns, behulpsaamheid en gesindheid, verdien die hoogste waardering. Ook 'n woord van waardering teenoor die Teologiese fakulteit van die Ned. Geref. Kerk in Pretoria wat 'n student uit 'n ander kerk akademies geakkommodeer het.

Aan my kerk, die A.G.S., wat oorvloedig bystand verleen het, is ek groot dank verskuldig. In hierdie verband word my eertydse gemeente, Witbank-sentraal, in dankbare herinnering gehou.

Onder die talle persone wat my met raad en daad onderskraag het, word in die besonder vermeld: senator G.R. Wessels en past. J.T. du Plessis; past. F.H.J. Cronjé, die dekaan van die A.G.S. Teologiese Kollege; past. J.R.W. Rudd en past. P.A. Joubert vir hulle behulpsaamheid met argivale navorsing; mev. Willa Kruger vir haar netjiese tikwerk.

Die nagedagtenis van my vader word by die bereiking van hierdie studie-ideaal in kosbare herinnering geroep. My moeder se aanmoediging en gebede het veel vermag.

My eggenote en kinders moes oor die jare baie ontbeer en opoffer in die bereiking van hierdie ideaal. Aan hulle al my dank en waardering.

I.S. v.d. M. Burger

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY NR

| | | |
|---|---|---|
| 1. | **DIE PINKSTERBEWEGING IN HISTORIESE PERSPEKTIEF** | 1 |
| 1.1 | Die Pinksterbeweging in Bybelverband | 2 |
| 1.2 | Pinksterfenomene in die kerkgeskiedenis | 8 |
| 1.2.1 | Pinksterfenomene in die vroeë kerk | 9 |
| 1.2.2 | Die Middeleeue tot en met die Hervorming | 22 |
| 1.2.3 | Die na-Hervormingstydperk | 28 |
| 2. | **DIE VÓÓRSPEL TOT DIE TWINTIGSTE EEUSE PINKSTERBEWEGING** | 37 |
| 2.1 | 'n Werk van God | 37 |
| 2.2 | Die Pinksterbeweging en die Hervorming | 40 |
| 2.3 | Die Piëtisme | 43 |
| 2.4 | John Wesley en die Eerste Evangeliese Ontwaking | 47 |
| 2.5 | Die Tweede Evangeliese Ontwaking | 53 |
| 2.6 | Die Heiligheidsbeweging | 58 |
| 2.7 | Die Keswick-konferensies | 62 |
| 2.8 | Die Sionistebeweging van John Alexander Dowie | 63 |
| 2.9 | Die Walliese Herlewing (1904) | 67 |
| 3. | **DIE ONTSTAAN VAN DIE TWINTIGSTE EEUSE PINKSTERBEWEGING** | 71 |
| 3.1 | Charles Parham en sy Bybelkollege te Topeka Kansas - 1 Januarie 1901 | 71 |
| 3.2 | Azusastraat, Los Angeles - 1906 | 80 |
| 4. | **DIE PINKSTERBEWEGING OP SUID-AFRIKAANSE BODEM-AANLEIDENDE FAKTORE** | 96 |
| 4.1 | Die 1860 herlewing in die Ned. Geref. Kerk | 96 |
| 4.2 | Die Groenewoudbeweging | 108 |
| 4.3 | Andrew Murray | 111 |
| 4.4 | Die Christelike Vereniging (Swanepoeliete) | 129 |
| 4.5 | Die Sionistebeweging | 130 |
| 4.6 | Die Armblanke-toestand na die 2ᵉ Vryheidsoorlog | 142 |
| 5. | **JOHN G. LAKE EN THOMAS HEZMALHALCH IN AMERIKA** | 152 |
| 5.1 | John Graham Lake | 152 |
| 5.2 | Thomas Hezmalhalch | 158 |
| 5.3 | Lake en Hezmalhalch se roeping en koms na Suid-Afrika | 160 |

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



BLADSY NR


| | | |
|---|---|---|
| 6. | **THOMAS HEZMALHALCH EN JOHN G. LAKE IN SUID-AFRIKA** | 165 |
| 6.1 | Thomas Hezmalhalch | 166 |
| 6.2 | John G. Lake | 168 |
| 6.2.1 | Lake se bediening van genesing en prediking | 169 |
| 6.2.2 | Lake en sendingwerk | 174 |
| 6.2.3 | Die dood van mev. Lake | 175 |
| 6.2.4 | Die uitnodiging van die Anglikaanse kerk | 178 |
| 6.2.5 | Lake en Generaal Louis Botha | 179 |
| 6.2.6 | Die disputasie tussen John G. Lake en ds. S.J. du Toit | 181 |
| 6.3 | Die skeiding tussen Lake en Hezmalhalch | 183 |
| 6.4 | Hulle terugkeer na Amerika | 193 |
| 7. | **HOE DIE A.G.S. IN SUID-AFRIKA BEGIN HET** | 200 |
| 7.1 | Die eerste dienste | 201 |
| 7.2 | Die rol van Goddelike genesing in die ontstaan van die A.G.S. | 216 |
| 7.3 | Die Bediening in die vroeë A.G.S. | 221 |
| 7.4 | Die naam van die kerk | 225 |
| 8. | **ONTWIKKELINGS EN GEBEURE VANAF 1908 - 1913** | 233 |
| 8.1 | Belangrike persone in hierdie tydperk | 233 |
| 8.2 | Die rol van die Sentrale Tabernakelgemeente | 241 |
| 8.3 | Die ontstaan van die Pentecostal Mission - 1910 | 249 |
| 8.4 | Vroeë gemeentes in die A.G.S. | 255 |
| 8.5 | Registrasie as Onbeperkte Maatskappy - 1913 | 259 |
| 9. | **P.L. LE ROUX - EERSTE AFRIKAANSE PRESIDENT** | 267 |
| 9.1 | Algemeen | 267 |
| 9.2 | Sy bediening in die Ned. Geref. Kerk | 269 |
| 9.3 | Sy bediening in die Sioniste Kerk | 275 |
| 9.4 | Sy bediening in die A.G.S. | 278 |


© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | BLADSY NR |
|---|---|---|
| 10. | **DIE PERIODE VAN 1913 - 1928** | 287 |
| 10.1 | Leidende persone in hierdie tydperk | 287 |
| 10.2 | Groei en ontwikkeling gedurende hierdie periode | 295 |
| 10.2.1 | Dr. Holloway se sensus | 295 |
| 10.2.2 | Die stryd om die aanstelling van Huweliksbevestigers | 297 |
| 10.3 | Goddelike genesing en die stryd teen verpligte inenting | 299 |
| 10.4 | Die Spade Reën-skeuring - 1927 | 309 |
| 11. | **DIE PERIODE 1929 - 1945** | 329 |
| 11.1 | Die depressie en sy invloed op die kerk | 329 |
| 11.2 | Die kerk se standpunt i.v.m. militêre diens | 335 |
| 11.3 | Fenomenale groei en ontwikkeling tydens die oorlogsjare | 342 |
| 11.4 | Die ontstaan van kampkonferensies | 344 |
| 11.4.1 | Kampkonferensies | 347 |
| 11.4.2 | Maranata Park | 351 |
| 11.4.3 | Konferensies op Distriksvlak | 353 |
| 11.5 | 'n Nuwe President | 355 |
| 12. | **DIE PERIODE 1946 - 1958** | 358 |
| 12.1 | Leidende persone in hierdie periode | 358 |
| 12.2 | Die A.G.S. en Uitsaaidienste | 370 |
| 12.3 | Winde van verandering | 373 |
| 12.3.1 | Veranderende gesindheid m.b.t. die gedagte van "kerkwees" | 374 |
| 12.3.1.1 | Registrasie as kerk i.p.v. maatskappy | 375 |
| 12.3.1.2 | Verandering in kerklike argitektuur, preekstoele en kerkmusiek | 378 |
| 12.3.1.3 | Verandering t.o.v. die ampte | 382 |
| 12.3.1.4 | Veranderende gesindheid teenoor die geïnstitueerde Kerke | 385 |

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



BLADSY NR


| | | |
|---|---|---|
| 12.3.2 | Veranderde gesindheid jeens die maatskappy en die sosiale lewe | 387 |
| 12.3.2.1 | Sosiaal-ekonomiese veranderinge | 388 |
| 12.3.2.2 | Die A.G.S. en die owerheid | 391 |
| 12.3.3 | Geestelike afplatting | 392 |
| 13. | **ONRUS EN SKEURING** | 395 |
| 13.1 | Die Ou- en Nuwe Orde Stryd | 396 |
| 13.2 | Die Politieke stryd rondom pastoor (senator) G.R. Wessels | 409 |
| 13.3 | Die gebeure rondom Soutriviergemeente | 421 |
| 13.4 | Was daar enige leerstellige faktore? | 432 |
| 13.5 | Posjagtery | 437 |
| 13.6 | Onafhanklike persoonlike faktore | 438 |
| 13.7 | Die ampsonderneming | 439 |
| 13.8 | Die skeuringsvergaderings | 441 |
| 13.9 | Versoekskrif | 442 |
| 13.10 | Die amptelike ontstaan van die Pinkster Protestante Kerk | 444 |
| 13.11 | Reaksie van die A.G.S. | 445 |
| 13.12 | Die gevolge van die skeuring vir die A.G.S. | 446 |
| 14. | **DIE A.G.S. EN ANDER KERKE** | 448 |
| 14.1 | Die A.G.S. en die Ned. Geref. Kerk | 449 |
| 14.2 | Die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk (Pogings tot eenwording) | 472 |
| 14.2.1 | Die poging van 1914 | 473 |
| 14.2.2 | Poging tot eenwording - 1924/5 | 475 |
| 14.2.3 | Poging tot eenheid - 1933/34 | 481 |
| 14.2.4 | Die Eenheidsbeweging - 1939 | 484 |
| 14.2.5 | Poging tot eenheid - 1941 | 489 |
| 14.3 | Samewerking en gemeenskap met ander Pinksterkerke | 490 |
| 14.4 | Die A.G.S. en die Pinkster Wêreldkonferensies | 493 |
| 14.5 | Besoekende oorsese predikers | 495 |


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | BLADSY NR |
|---|---|---|
| 15. | **DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING, LEERSTELLINGS EN LITURGIE** | 499 |
| 15.1 | Die ontstaan van organisasie en regering in die A.G.S. | 501 |
| 15.2 | Algemene Werkerskonferensie | 503 |
| 15.3 | Die Konferensie van lede (Ledekonferensie) | 507 |
| 15.4 | Die Uitvoerende Raad | 510 |
| 15.5 | Distriksrade | 516 |
| 15.6 | Gemeenterade | 519 |
| 15.7 | Ontwikkeling van die Kerkwet/Kerkorde | 522 |
| 15.8 | Die kerkregtelike ontwikkeling van die ampte in die A.G.S. | 525 |
| 15.9 | Tug | 536 |
| 15.10 | Leerstellings | 537 |
| 15.11 | Liturgie | 544 |
| 16. | **DIE VERSKILLENDE DEPARTEMENTE** | 552 |
| 16.1 | Sending | 552 |
| 16.1.1 | Die prominente plek van Sendingwerk in die A.G.S. | 552 |
| 16.1.2 | Rasseskeiding en die ontstaan van 'n aparte sendingwerk in die A.G.S. | 553 |
| 16.1.3 | Vroeë organisatoriese ontwikkeling | 557 |
| 16.1.4 | Sendingdistrikte, -plase en -stasies | 561 |
| 16.1.5 | Nie-blanke Bybelskole | 569 |
| 16.1.6 | Die werk onder die Kleurlinge | 571 |
| 16.1.7 | Die werk onder die Indiërs | 573 |
| 16.1.8 | Die Sendingsuperintendente | 575 |
| 16.2 | Barmhartigheidswerk | 575 |
| 16.2.1 | Dorkaswerk | 576 |
| 16.2.2 | Die Kinderhuis | 578 |
| 16.2.3 | Die Ouetehuis | 581 |
| 16.3 | Die Bybelskool | 582 |
| 16.4 | Die Sondagskool | 588 |
| 16.5 | Jeugwerk | 589 |
| 16.6 | Die Kerkblad | 590 |
| | **SLOT** | 591 |
| | **BYLAE A** | |
| | **BYLAE B** | |
| | **BRONNE EN BIBLIOGRAFIE** | |

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## INLEIDING

Vir dekades het die A.G.S. (amptelike afkorting vir die Apostoliese Geloof Sending) self nie die sinvolheid en behoefte aan die wetenskaplike beskrywing van sy geskiedenis besef nie. Tot op datum is daar nog geen omvattende werk oor die geskiedenis van hierdie kerk geskryf nie. 'n Aantal interessante gegewens oor die ontstaansjare van die A.G.S. is te vinde in 'n ou boekie deur W.F.P. Burton, When God makes a Pastor. By geleentheid het enkele paragrawe met historiese gegewens in die betrokke kerk se jaarboeke of tydskrifte verskyn. In werke van dogmatiese aard is soms ook oorsigtelik na die geskiedenis van die A.G.S. verwys.

Daar is ook enkele pastore wat bepaalde aspekte in die geskiedenis van die A.G.S. in nagraadse verhandelings behandel het. Dit is egter van geringer omvang.

Somtyds was daar ook publikasies uit die geledere van ander Afrikaanse kerke wat aspekte van die A.G.S. - soos o.a. sy ontstaan, sy leerstellings en sy liturgie - polemies aan die orde gestel het. In hierdie verband kan genoem word 'n meer resente boek soos die van ds. A.J. van Staden, Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, H.A.U.M. Uitgewery, Pretoria, 1980. In sommige van hierdie werkies is kompilatiewe historiese gegewens opgeneem, maar van argivale navorsing het weinig tereg gekom.

Die feit dat die A.G.S. die oudste en grootste Pinksterkerk in Suid-Afrika is én die Pinksterbeweging sowel in Suid-Afrika as wêreldwyd 'n dinamiese faktor geword het, het die behoefte aan 'n wetenskaplike geskiedenis van die A.G.S. uiters noodsaaklik en aktueel gemaak.

(ii) ......

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Wetenskaplike werk van hierdie aard verg pionierswerk: Vir die metodologiese eise wat hierdie studie gestel het, was bronnenavorsing en beskrywing die enigste en onontwykbare weg.

Die primêre bron van inligting was uit die aard van die saak argiefmateriaal. Baie maande se werk is in die argief van die A.G.S. in Lyndhurst, Johannesburg, gedoen. Elke notule, tydskrif, verslag, uitknipsel en brief wat enigsins relevant kon wees, is deurgewerk. Daar is ook 'n hele aantal dae deurgebring in die verskillende argiewe van die Ned. Geref. Kerk.

Die eerste paar hoofstukke wat die aanloop tot die eintlike geskiedenis van die A.G.S. vorm, het heelwat minder navorsingsprobleme opgelewer omdat daar baie sekondêre bronne beskikbaar is, soos ook uit die bronnelys blyk.

Gelukkig kon die grootste deel van die A.G.S. se geskiedenis deur kontemporêre bronne vertel word. Daar word hier met groot dankbaarheid verwys na die verskillende onderhoude oor 'n periode van bykans tien jaar met getuies wat op talle terreine betrokke was by die wel en weë van hierdie historiese Pinksterkerk. Enkele van hierdie persone se herinneringe dateer selfs uit die eerste dekade van die A.G.S. se bestaan. Die name van hierdie persone word in die bronnelys genoem as primêre bronne van die hoogste rang. As aanvullende inligting by die argivale gegewens het hierdie kontemporêre getuies 'n onmisbare rol gespeel.

By die beskrywing en interpretasie van die bronnemateriaal is getrag om geen kroniekagtig relaas te bied nie, maar om ontwikkelings tematies te behandel.

Die proefskrif het 'n redelike lang aanloop voordat daar by die eintlike geskiedenis van die A.G.S. uitgekom word. Hierin word verwys na die voorkoms van Pinksterfenomene in die kerkgeskiedenis, sowel as



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die vóórspel tot die ontstaan van die Pinksterbeweging in die algemeen. Die redes vir hierdie aanpak is tweeledig. Eerstens is dit vir die skrywer belangrik dat die ontstaan en plek van die Pinksterbeweging in die algemeen én die A.G.S. in die besonder, in die loop van die kerkgeskiedenis herken en erken moet word. Tweedens omdat dit nog nie vantevore in die literatuur van die A.G.S. tot sy volledige reg gekom het nie. Alhoewel die gegewens in die eerste paar hoofstukke dus ook in ander boeke mag voorkom, was dit nog nooit op relevante wyse gesistematiseer as 'n voorspel tot die ontstaan van die A.G.S. nie.

Sekere terme wat dikwels in hierdie proefskrif gebruik word, mag dalk ietwat vreemd of verwarrend wees vir persone wat nie goed met die Pinksterbeweging vertroud is nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit vanuit die milieu en konteks van die Pinksterbeweging geskryf is. Twee voorbeelde kan kortliks hier genoem word. Vir die begrip "vervulling met die Heilige Gees", word die terme "doop/doping met/in die Heilige Gees" soms as ekwivalent gebruik. Die eiesoortigheid van hierdie bepaalde kerklike gemeenskap blyk ook uit benaminge soos "broer" of "suster" i.p.v. "meneer" of "mevrou".

Soos die titel aandui, behels hierdie proefskrif slegs die eerste halwe eeu van die A.G.S. se bestaan. In die geskiedenis van hierdie kerk is die jaar 1958 as <u>terminus ad quem</u> 'n logiese afsluiting - soos in die verhaal self aangedui word. Kerklike ontwikkeling na hierdie datum sal mettertyd op 'n historiese beskrywing aanspraak maak.



© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bepaalde afsluitingsdatum was geen willekeurige keuse nie, want die wetenskaplike eise wat aan enige geskiedkundige werk gestel word, maak 'n nadere keerdatum om verskeie redes uiters problematies. Die juiste perspektief op gebeure word bemoeilik deur die nodige afstand tussen skrywer en gebeurtenis; ook is daar talle gebeure wat in 'n oorsaak - verloop - gevolg nog nie afgehandel is nie.

Natuurlik kan 'n afsluiting nie absoluut gehandhaaf word nie en daarom is in die beskrywing van sekere aangeleenthede tog wel relevante en resente inligting gegee - dit bly egter blote feitlike gegewens en dan ook alleen maar ter wille van volledigheid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

## DIE PINKSTERBEWEGING IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika is deel van die wêreldwye Pinksterbeweging wat aan die begin van die twintigste eeu sy verskyning in die geskiedenis van die kerk en die wêreld gemaak het. As onafhanklike beweging in die kerkewêreld het dit dus nog nie 'n lang geskiedenis nie. Hierdie beweging wat alreeds die "Derde Mag" in die kerkewêreld genoem is,[1] en die vinnigste groeiende kerkgroep of beweging in die Christelike wêreld is,[2] is in vele opsigte 'n nuwe en unieke beweging in die kerkgeskiedenis.

Tog het dit nie as iets heeltemal vreemds op die kerkgeskiedkundige toneel verskyn nie. Deur die loop van die eeue sedert die kerk van die Here begin het, was daar velerlei gevalle van groepe en indiwidue wat ondervindings gesmaak en oortuigings gehuldig het wat as tipies "Pinkster" herken kan word. Na sommige van hierdie voorbeelde sal ons weldra kyk.

1. Gordon F. Atter, het sy boek oor die Pinksterbeweging die titel "The Third Force" gegee. Hy skryf in 1962 soos volg in sy voorwoord tot hierdie boek: "More recently the term 'Third Force', when used in relation to the Christian Religion is generally considered to be a reference to the Pentecostal Movement throughout the world."
Gordon F. Atter, "The Third Force", p. Xl.
Sien ook:
J.T. Nichol, The Pentecostals, p. X111.
Vinson Synan, Aspects of Pentecostal - Charismatic Origins, p. 1.
2. Vinson Synan, op. cit., p.7.
"Pentecostalism has developed into the world's fastest - growing denomination at a time when membership in most other churches is declining as a proportion of the population."

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Belangriker egter as die voorkoms van Pinksterfenomene in die kerkgeskiedenis, is die vaste oortuiging van alle lede van die Pinksterbeweging dat hulle beweging sterk Skriftuurlik is en beide wat vorm en inhoud betref veilig en stewig in die Bybel veranker lê. Na hierdie Bybelse fundering van die Pinksterbeweging word daar dan nou eerstens gekyk.

## 1.1 Die Pinksterbeweging in Bybelverband

Uit die aard van die feit dat hierdie geen dogmatiese, apologetiese of polemiese geskrif is nie, maar homself wil toespits op die historiese groei en ontwikkeling van 'n spesifieke denominasie in die Pinksterbeweging, is dit nie nodig om 'n diepgaande Skriftuurlike analise, evaluering en beoordeling van die beweging te maak nie. Daar bestaan dan ook in hierdie verband velerlei teologiese geskrifte wat meen om aan te toon dat die Pinksterbeweging eg Skriftuurlik is. Ons sal hier volstaan deur kortliks 'n paar opmerkings in hierdie verband te maak.

Dit is die eenparige oortuiging van Pinkstergelowiges dat die Pinksterbeweging homself deeglik in die Skrif verankerd vind. Dit is dan ook 'n saak van groot erns en opregtheid dat Pinkstergelowiges wêreldwyd poog om so ver en getrou as moontlik in leer en lewe aansluiting te vind by die kerk in Bybeltye. Die slagspreuke "terug na die Bybel" en "terug na die vroeë kerk" is natuurlik nie iets unieks aan die Pinksterbeweging nie. Trouens aan die begin van die meeste herlewings en opwekkings reg deur die eeue van die kerk se bestaan, was dit die opregte begeerte van baie gelowiges om terug te keer na die Bybelse standaard en patroon. Ook Luther en Calvyn het in hierdie gedagte die wese van die Hervorming gesien: "Calvin more than any other man insisted that the Church must return again to the principles of the first three centuries, receiving

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the gospel in its simplicity."[3] Aanhangers van die Pinksterbeweging glo dat hierdie beweging in wese 'n terugkeer na en 'n voortsetting van die vroeë Christelike kerk is, sonder om te ontken dat die ware kerk van Christus regdeur die geskiedenis st in een of ander vorm bewaar gebly het.[4]

Daar word dikwels in Pi ergeledere beklemtoon dat die "hele" of "volle Evangelie" geglo en erkondig word.[5] Nichol[6] beklemtoon dit dat Pinkstergelowiges nie soseer voel dat hulle iets nuuts beet het nie, maar eenvoudig die ou Bybelse waarhede weer beklemtoon.

Wat geloofstukke en leerstelling betref, sê Möller[7], het die Pinksterbeweging in hoofsaak die ortodokse Protestantisme aanvaar. Op enkele uitsonderings na aanvaar en onderskryf die hele Pinksterbeweging dan ook die oudste geloofsbelydenisse van die Christelike kerk nl. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius. Wat leersake betref, kan die Pinksterbeweging beslis as Evangelies beskou word.[8]

3. A.M. Renwick, **The story of the Church,** p. 120.
4. David A. Womack, **The Wellsprings of the Pentecostal Movement,** p. 75. Womack stel dit hier duidelik: "The Pentecostal Movement has called for a complete return to the full gospel of the New Testament, declaring that true Christianity must be that which believes all the doctrines of the apostles, seeks all the religious experiences of the first - century Christian, and in the lights of changing culture follows all the basic practices of the Early Church. If there is a further step toward apostolic Christianity, it would be difficult to imagine what that step might be."
5. Ibid., p. 75.
J.T. Nichol, **The Pentecostals,** p. 7.
6. Ibid., p. 7.
7. F.P. Möller, **Die Diskussie oor die Charismata soos wat dit in die Pinksterbeweging geleer en beoefen word,** p. 2.
8. J.T. Nichol, op. cit., p. 3.
Nichol haal die bekende Pinkster skrywers Donald Gee en Charles Conn in die verband aan: "'In all this it will be seen that Assemblies of God are entirely one with every true evangelical section of the Christian Church.' Charles W. Conn, a leader in the American Church of God, agrees: 'In every point our faith is the historic, fundamental Christian faith, not in creed only but also in practice and living hope.'"

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Terwyl die baie ooreenkomste met die ortodokse Protestantisme van die Hervorming en die Evangeliese Christendom belangrik is, is dit sy standpunt en belydenis oor die persoon en veral die werk van die Heilige Gees wat die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging is. Die term "Pinkster" waardeur hy onderskei word, is sprekend hiervan. Möller stel dit soos volg: "Die 'Pinksterbeweging' is die algemene benaming vir die kerke en godsdienstige gesindes wat hulle ten doel stel om die charismatiese soos wat dit in die Apostoliese tydperk bestaan het, te leer en te boefen. Die term 'Pinkster' dui op die besondere klem wat op die doping in die Heilige Gees en die Geestesgawes gelê word."[9]

Dit moet duidelik gestel word dat wat die leer aangaande die persoon van die Heilige Gees betref, die Pinksterkerke in die algemeen volkome saamstem met die historiese kerke, soos reeds geïmpliseer is deurdat die Pinksterbeweging in die algemeen die oudste kerklike geloofsbelydenisse aanvaar. Ook wat die werk van die Heilige Gees in die Ou en Nuwe Testamentiese tye betref, is daar grotendeels eenstemmigheid. Dit is egter wanneer ons by die Heilige Gees en Sy werk in die kerk van vandag en in die lewe van die gelowige kom, dat die Pinksterbeweging duidelik onderskei kan word. Dat daar meer plek en ruimte vir die gawes en werkinge van die Heilige Gees in die kerk van vandag behoort te wees, word geredelik deur sekere leiers en teoloë in die historiese kerke erken. Die Anglikaan, Michael Harper haal dr. Carl Henry soos volg in

9. F.P. Möller, op. cit., p. 2.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie verband aan: "In twentieth century Christianity the Holy Spirit is still a displaced person ......."[10]

Daar kan met stelligheid gesê word dat die twee mees eksklusiewe kenmerke wat enige kerk of groep as "Pinkster" onderskei, die volgende is: die doping in die Heilige Gees met die gepaardgaande spreke in tale as inisiële teken[11] en die oortuiging dat die Charismata - die gawes van die Heilige Gees - vandag nog net soos in die vroeë kerk voorkom.[12]

Wat die doping in die Heilige Gees betref, word geglo dat dit 'n definitiewe ondervinding na wedergeboorte is, dat dit gepaardgaan met die spreek in tale as inisiële teken van die vervulling met die Heilige Gees en dat hierdie belofte en gawe deur elke ware gelowige ontvang kan

10. Michael Harper, **As at the Beginning**, p. 14.
In hierdie verband skryf Harper verder: "The Pentecostals, for all their faults, are a body of Christians who have sought to restore the Holy Spirit to His ministry in the Body of Christ. There has been fanaticism and sometimes gross excesses. But their success, particularly in missionary work, can be attributed to this factor more than any other. We, in the churches, who have tended to neglect and quench the Holy Spirit, will be well advised to learn what lessons we can from their example and experience. But better still, discover the secret straight from the New Testament and see it work 'as at the beginning'".
Sien ook in hierdie verband Leslie Davison, Pathway to Power, p. 13.

11. David J. Du Plessis, **The Spirit bade me go**, p. 9.
Op die vraag: "What is a 'Pentecostalist!'", antwoord Du Plessis soos volg: "It is someone who can testify to having enjoyed the very same experience as that which the Apostles of our Lord had on the day of Pentecost according to Acts 2."
Dit moet ook net hier ter wille van duidelikheid gestel word dat die terme "doop/doping met of in die Heilige Gees" albei in die Pinksterbeweging gebruik word. Dit word as sinonieme beskou vir die term "vervulling met die Heilige Gees", wat ook algemeen voorkom.

12. Die aanhaling van Möller uit "De Kerk en De Pinkstergroepen - herderlijk Schrijven van de Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk" is hier beskrywend: "Die eksklusief - karakteristieke van die Pinksterkerke is 'dat zij datgene wat in de eerste tijd van de christelijke kerk is gebeurd niet als volstrekt 'einmalig' beschouwen, maar dat zij geloven dat de geestesgaven nog precies zo zullen worden geschonken als in de eerste tijd, wanneer de gemeente weer met alle harstocht leert bidden om de Heilige Geest.'" F.P. Möller, op. cit., p. 2.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word.[13] Die spreke in tale was van die ontstaan van die Pinksterbeweging die mees onderskeidende teken gewees. Daarom het die beweging veral aan die begin as die "tonge-beweging" (tongues movement) bekend gestaan.[14] Dat kerkhistorici die Pinksterbeweging geredelik met die vroeë Christelike gemeentes in verband bring is onder andere veral as gevolg van die glossolalie, soos die volgende opmerking van Dankbaar getuig: "Zij (die Pinksterbeweging) legt de nadruk op de doop met de Heilige Geest en beoefent de onbegrijpelijke 'tongentaal' (glossolalie), die reeds in de oudste christengemeenten voorkwam, en gebedsgenezingen."[15]

Hierdie onderskeidende charismatiese element wat ons in die Pinksterbeweging aantref, bring mee dat daar 'n besondere mate van ooreenkoms is tussen die aanbidding en diensorde van die Pinksterkerke en dié van die eerste Christelike gemeentes. Selfs 'n vlugtige kyk na Nuwe Testamentiese en vroeg-Christelike verwysings met betrekking tot die patroon van die erediens bevestig hierdie feit. Behalwe die normale liturgiese aspekte in die dienste wat in alle protestantse kerke voorkom, soos gemeentelike sang, gebede, die bediening van die Woord en die sakramente (wat ook alles Skriftuurlik is - vergelyk onder andere Handeling 2:42), is dit juis die Charismatiese element in enige deursnee diens van 'n Pinkstergemeente wat duidelik weerklank vind in die diensorde van die vroeë kerk.

13. J.T. Nichol, op. cit., p. 8 en 9.
14. Donald Gee, **The Pentecostal Movement**, p. 8.
Kerkbode 12 Nov 1908, p. 590.
Kerkbode 23 Des 1909, p. 684.
15. W.F. Dankbaar, **Kerkgeschiedenis**, p. 183 en 184.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Latourette[16] vind onder andere die volgende elemente in die liturgie van die vroegste gemeentes wat benewens bogenoemde liturgiese aspekte nie vreemd is vir die deursnee pinkstergelowige nie: Die vryheid en spontaniteit in die dienste, die leiding van die Heilige Gees; deelname aan die diens deur enige gelowige en nie 'n vaste onbuigsame vorm waar slegs die pastoor optree nie; vrye aanbidding en spontane gebed, somtyds in vreemde tale en somtyds in verstaanbare tale; dikwels was daar profesieë (wat nie geïdentifiseer is met prediking nie, maar beskou was as 'n onmiddellike openbaring van God), uitleg van tale en daarby ook ander genadegawes van die Heilige Gees soos gesondmaking; die toehoorders het hulle deelname aan die diens ook betuig deur byvoorbeeld "Amen" te sê as 'n teken van instemming met gebede en getuienisse.

Die feit dat Paulus juis in sy brief aan die Korinthiërs (1 Kor. 12 - 14) soveel lering gee met betrekking tot die inrigting van die dienste en die werkinge van die Heilige Gees, wil geensins impliseer dat die Charismata hoofsaaklik in hierdie gemeente voorgekom het nie. Die teendeel is eerder waar nl. dat dit verbasend is dat die genadegawes wel voorgekom het in 'n gemeente waarvan die geestelike toestand nie juis gesond was nie. Harper som die situasie in die Korinthe gemeente goed op: "It does not appear to have been a very healthy church, but in spite of this they were not lacking in spiritual gifts. They seemed to have been rather too keen on one of them, speaking in tongues, and Paul carefully corrects this wrong emphasis; but he urges them to continue to exercise the gifts the Holy Spirit had given them. There is no suggestion that Paul was handling an unusual subject, and there is every indication to suppose that these gifts and manifestations were part and parcel of church and missionary activity in new Testament times."[17]

16. K.S. Latourette, **A History of Christianity**, p. 196.
Sien ook in die verband A.M. Renwick, **The story of the Church**, p. 22 en 23.
17. Michael Harper, op. cit., p. 18 en 19.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Pinksterkerke glo dat hierdie charismatiese elemente, spontane deelname en betrokkenheid van die hele gemeente, vrye aanbidding en veral die leiding van die Heilige Gees ook deel behoort te wees van die kerk vandag.

Hierdie oorsig oor die Pinksterbeweging in Bybelverband behoort duidelik te toon dat die Pinksterkerke hulieself sien as 'n voortsetting van die vroeë Apostoliese gemeentes. Daar moet bepaald vanuit 'n historiese oogpunt toegegee word dat daar in baie opsigte 'n besondere verband tussen die kerk in Bybelse tye en die Pinksterbeweging van vandag is.

## 1.2 Pinksterfenomene in die Kerkgeskiedenis

Ons het nou gesien dat die charismatiese, wat veral die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging is, wel ook deeglik deel was van die vroegste kerk. Daar is dan ook eenstemmigheid dat dit die toedrag van sake was vir ten minste die Apostoliese tydperk (tot nagenoeg 100 n.C.). Reeds sedert die tyd van Chrysostomos en Augustinus[18] egter, (begin van die 5$^{e}$ eeu), was vele teoloë van mening dat die charismata slegs voorgekom het tydens die Apostoliese tydvak van die kerk - juis omdat die kerk in daardie dae dan gevestig moes word in 'n heidense wêreld. As daar egter konsekwent geredeneer word, hou hierdie teorie moeilik water - Bybelse waarhede kan nie op grond van historiese onvolkomenhede as irrelevant of as verbygaande waarhede beskou word nie. John Wesley het hom reeds duidelik uitgelaat oor die stelling dat die geestesgawes met die Apostoliese tydperk uitgesterf het: "The causes of their decline was not as has been vulgarly supposed because there is no more need for them, because all the world were become Christians ........ the

18. Morton T. Kelsey, **Tongue speaking**, p. 40.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



real cause was: the love of many, almost all Christians so called, was waxed cold ....... this was the real cause why the extraordinary gifts of the Holy Spirit were no longer to be found in the Christian Church".[19]

Dat die Geestesgawes totaal verdwyn het na die apostoliese tydvak, is egter nie heeltemal waar nie. Daar was tog tye dat daar 'n opflikkering van sekere Pinksterfenomene was. Weliswaar was dit gewoonlik enkelinge of klein bedreigde groepies Christene wat die ervaring gehad het; en daar was ook eeue waar daar geen spoor daarvan te vinde was nie. Aangesien ons ree · vroeër gesien het dat veral die spreke in tale as die mees tipiese onderskeiding van die Pinksterbeweging gesien word, sal ons in die kerkgeskiedenis veral na gevalle of verskynsels van glossolalie kyk, alhoewel nie net uitsluitlik daarna nie.

### 1.2.1 Pinksterfenomene in die vroeë kerk

Om te sê dat die charismata na die Apostoliese era opgehou het, is onwaar; om egter te sê dat dit merkbaar afgeneem het, is nader aan die waarheid aangesien ons nog tot in die derde en selfs vierde eeu verwysings na die charismata vind. Dit is egter 'n vraag waarom ons selfs in die 2ᵉ eeu reeds relatief verminder verwysings na die gawes en veral glossolalie vind. Waarom was die Apostoliese vaders so skaars met hulle inligting in hierdie verband?

Die rede was nie omdat die charismata nie in die 2ᵉ eeu meer voorgekom het nie. Die kerk was in 'n stryd, eerstens van buite en later ook van binne. In 'n onsimpatieke en vyandige wêreld waarin daar soveel misverstand en kwaadwilligheid teenoor die kerk van Christus geheers het, het die kerkvaders in hulle geskrifte gepoog om meer begrip te wek, mis-

19. Michael Harper, op. cit., p. 19 & 20.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verstande uit die weg te ruim en meer aanvaarding vir die Christelike geloof te verkry. In 'n gemeenskap wat die Christene al reeds beskuldig het van kannibalisme (op grond van die nagmaalsformulier) en van onsedelikheid (as gevolg van die innige liefde tussen die vroeë Christene), sou vermeldinge van onverstaanbare glossolalie slegs olie op die vuur van hulle vyande wees. Morton Kelsey skryf tereg: "As Paul had pointed out, tongue speaking is not meant as a sales pitch for a resistant buyer, but for private worship and edification ....... But since most people were already irrational enough about Christianity, describing glossolalia would have been to magnify this sign into wild rumour."[20]

Tog is daar in die 2$^{e}$ eeu verwysings na die Geestesgawes, veral na die gawe van profesie en duiweluitdrywing. So byvoorbeeld vind ons in drie van die vroeë geskrifte uit die na-Apostoliese tydperk naamlik die Didaché, Die Herder van Hermas en in die geskrif oor die martelaarskap van Polycarpus, verskillende verwysings na die profeet en die profetiese gawe. Die Didaché gee heelwat lering en voorskrifte in verband met die profeet: "Verder moet julle geen profeet toets of beoordeel terwyl hy in die Gees praat nie, want elke sonde sal vergewe word maar hierdie sonde sal nie vergewe word nie."[21] Sekere tekens waaraan valse profete uitgeken kan word, word ook genoem.[22] In die Didaché word die profete en die leraars ook duidelik as aparte en afsonderlike bedieninge genoem.[23]

Ook in Die Herder word duidelik onderskeid gemaak tussen die ware profete en die valse profete.[24] In die geskrif oor die martelaarskap van Polycarpus word genoem dat hierdie kerkvader, wat 'n leerling van die apostel Johannes was en een van die mees besondere kerkvaders en

20. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 33.
21. H.F. Stander, **Die Besondere Gawes van die Heilige Gees in die Eerste vier eeue n.C.**, p.19.
22. N.F. Pretorius, **Die Didaché**, p. 23 en 24.
23. Ibid., p. 27.
24. Apostolic Fathers II, Vertaal deur Kirsopp Lake, p. 119-123 asook H.F. Stander, op. cit., p.22-25.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



martelare uit die 2e eeu was, 'n profetiese leraar was: "For every word which he uttered from his mouth both was fulfilled and will be fulfilled."[25]

## Justinus die Martelaar (100 - 165 n.C.)

Hierdie kerkvader wat een van die belangrike apologete in die vroeë kerk was, bevestig veral in sy bekende "Dialoog met Trypho die Jood" verskeie kere dat die charismata in sy tyd nog in die kerk voorkom. Hy bevestig veral die voorkoms van die gawe van profesie.[26] Hy sê verder dat Christene in sy tyd ook nog die mag het om siekes gesond te maak en om duiwels uit te dryf.[27]

## Montanisme:

Dit is nodig met die oog op hierdie studie om ietwat stil te staan by hierdie beweging wat veral in die 2e eeu en selfs tot aan die einde van die 5e eeu redelik invloed uitgeoefen het op die katolieke kerk in verskillende dele van die Romeinse ryk. Wanneer ons hierdie beweging beoordeel, moet ons in gedagte hou dat die meeste inligting oor die Montanisme tot ons gekom het van kritici en dit is myns insiens 'n belangrike rede waarom die meerderheid kerkhistorici negatief teenoor

25. Ibid., p. 335.
26. Alexander Roberts en James Donaldson, **The Ante-Nicene Fathers**, Vol.I, Dialoog met Trypho, Hfst. LXXXII, p. 240. "For the prophetical gifts remain with us, even to the present time. And hence you ought to understand that |the gifts| formerly among your nation have been transferred to us".
27. Ibid., hfst. LXXXV, p. 241.
In hfst. LXXXVIII, p. 243 is daar ook 'n algemene verwysing na die voorkoms van die gawes van die Heilige Gees: "Now, it is possible to see amongst us women and men who possess gifts of the Spirit of God".
Ook H.F. Stander, op. cit., p.31, 34 & 35.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie beweging staan. Daar is ook dié wat meer positief teenoor die Montaniste gestaan het, bv. John Wesley.[28]

Laat ons kortliks kyk na die omstandighede wat tot die ontstaan van hierdie beweging aanleiding gegee het. Ons vind dat teen die middel van die 2e eeu daar reeds 'n mate van wêreldgesindheid in die kerk begin voorkom het.[29] 'n Mate van geestelike louheid was te bespeur.[30] Die inspirasie en leiding van die Gees wat kenmerkend van die vroeë kerk was, het afgeneem.[31] Daar was 'n afname in die voorkoms van die gawes van die Gees.[32] Daar is begin onderskeid maak tussen die geestelikes en die leke. Die profetiese element is algaande stadig verswelg deur die priesterlike.[33] Die voorgangers is al hoe meer gesien as priesters wat die heil deur middel van die sakramente aan die leke moes meedeel.[34] Daarby het die sterk verwagting vir die spoedige wederkoms van Christus wat in die vroeë kerk immer aanwesig was, baie afgeneem.[35] Die negatiewe invloed van die Gnostisisme met sy klem op die rede het ook grootliks tot hierdie toestand bygedra.[36] Al hierdie dinge het bygedra dat die kerk al meer in formalisme verval het sodat die spontaniteit, eenvoud

28. Leslie Davison, **Pathway to Power**, p. 72 en 73.
Wesley skryf onder meer: "I was fully convinced of what I had long suspected: (1) That the Montanists in the second and third conturies were real, scriptural Christians, and (2) that the grand reason why the miraculous gifts were withdrawn so soon, was not only that faith and holiness were well-nigh lost, but that dry, formal, orthodox men began even then to ridicule whatever gifts they had not themselves, and to decry them all as either madness or imposture".
29. W. Walker, **A History of the Christian Church**, p. 56.
30. K. S. Latourette, op. cit., p. 129.
31. W. Walker, , op. cit., p. 55.
32. A.M. Renwick, op. cit., p. 34.
33. K.S. Latourette, op. cit., p. 128 en 129.
34. J.T. Nichol, op. cit., p. 20.
35. W. Walker, op. cit., P 55.
C.G. De Groot, Geloofshelde van die Kruis, p. 15.
36. A.M. Renwick, op. cit., p. 34.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en ongedwongenheid waarmee die Christene van die $1^e$ eeu in die dienste meegeleef en deel gehad het, al hoe meer verdwyn het.[37]

So 'n toestand was nog altyd in die kerkgeskiedenis 'n vóórspel tot die opkoms van 'n vernuwings of herlewingsbeweging. Die Montanisme kan waarskynlik as die eerste van sulke bewegings in die kerkgeskiedenis gesien word. Ongelukkig het hierdie vernuwingsbeweging verkies (of is dalk gedwing) om nie binne die katolieke kerk te bly en die kerk van binne te stimuleer en op te wek nie, maar om hulleself af te skei en 'n eksklusiewe en geslote groep te vorm. Dit was myns insiens een van die belangrikste redes waarom die Montaniste in allerlei buitensporighede en fanatisme verval het. As die beweging deel van die katolieke kerk kon bly en sy entoesiasme en vernuwing langs die erkende en rustige bane van die kerk kon laat vloei, sou die kerk waarskynlik grootliks gebaat het en sou die ongekontroleerde fanatisme en wilde spekulasies nie voorgekom het nie.

In sy groeiende ontevredenheid oor die toestand van die kerk wat steeds meer agteruit gaan, vind ons dat Montanus teen ongeveer 156 n.C. in reaksie hierop hierdie nuwe beweging stig. As positiewe kommentaar kan genoem word dat die Montanisme in veel van die bogenoemde punte van verval geslaag het om tot 'n groot mate die patroon van die vroeë kerk te herstel. Hulle was uiters ernstige toegewyde Christene wat gesteun het op die leiding van die Heilige Gees. Die charismata het vrylik voorgekom, bv. glossolalie, profesie en genesing. In hulle aanbidding en dienste het hulle teruggekeer na die eenvoud, vryheid en spontaniteit van die vroeë kerk, waar al die gelowiges gedeel en meegeleef het in die

37. Michael Harper, op. cit., p. 19.
Leslie Davison, Pathway to Power, p. 17.
A.M. Renwick, op. cit., p. 34.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dienste. Die verwagting van die spoedige wederkoms van die Here het 'n hoogtepunt bereik. Die Montaniste het ook van die grootste geloofshelde en onverskrokke martelaars in die vroeë kerk opgelewer.[38] Een van die merkwaardigste is seker Vivia Perpetua, die martelares van Karthago. Die feit dat die belangrikste teoloog van die einde $2^e$ begin $3^e$ eeu, Tertullianus, ook in sy latere lewe na die Montanisme oorgegaan het, spreek ook boekdele.

Aan die anderkant moet ons opmerk dat die Montanisme in dieselfde strik geval het as menige reaksie-beweging in die latere kerkgeskiedenis. In so 'n reaksiebeweging swaai die pendulum so dikwels van die negatiewe oor die veilige en gebalanseerde middelpunt na die ongebalanseerde reaksiepunt. Dit het ook in vele opsigte met die Montanisme gebeur. Die punte wat deur die kerk verwaarloos was, is nie slegs deur hulle beklemtoon nie maar ongelukkig oorbeklemtoon. En dit is juis ten opsigte van die aspekte wat hulle wou hervorm en vernuwe, dat die Montaniste hulle skuldig gemaak het aan kritiek. 'n Gesonde verwagting van die wederkoms is vervang deur wilde spekulasies oor die plek en tyd van die wederkoms. Spontane aanbidding het plek gemaak vir wilde ekstase; geesdrif en entoesiasme vir ongekontroleerde fanatisme. Vryheid het in ongebondenheid verander. Profesie is oorbeklemtoon ten koste van die Skrif. Ware heiligmaking het in wettisisme en onverdraagsaamheid teenoor ander ontaard. Tereg sê Davison in hierdie verband: "Now whenever men become more strict than God there is something dreadfully wrong with their theology."[39]

Wanneer ons hierdie punte van kritiek teen die Montanisme noem, moet dit egter tot 'n groot mate getemper word deur veral twee feite - daar was eerstens nog nie 'n algemeen aanvaarde en vasgestelde kanon van

38. C.G. De Groot, op. cit., p. 17.
39. Leslie Davison, op. cit., p. 19.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Nuwe Testament nie. Tweedens is dit moeilik vandag om die uitwerking en druk van gedurige vervolging, marteling en dood op 'n gelowige gemeenskap te bepaal. Davison vat dit raak wanneer hy sê: "But scholars who now write so scathingly about such expectancy seem to ignore the peculiar mental and spiritual conditions under which second century Christians lived. The threat of imprisonment, torture and death hung over the Church, inducing a psychosis of its own as the believer nerved himself and his family for the unspeakable ordeal."[40]

Die tragedie van dit alles is dat die Montanisme in sy oorbeklemtoning van sekere waarhede juis op die langduur die teenoorgestelde reaksie in die kerk ontlok het. Om te illustreer: Tale en profesie het met die ontstaan van die Montanisme nog steeds in die Katolieke kerk voorgekom. As gevolg van die oorbeklemtoning deur die Montaniste van die gawes het dit egter in diskrediet by die res van die kerk gekom en ons kan stellig aanneem dat juis die Montaniste meer as enige ander rede verantwoordelik was dat die charismata saam met die beweging feitlik uit die kerkgeskiedenis verdwyn het. Hulle het dus eintlik presies die teenoorgestelde bereik as wat hulle oorspronklike doel was. Dieselfde reaksie het gevolg met betrekking tot prediking en die wederkomsverwagting. Aangaande die negatiewe invloed wat hulle op geïnspireerde prediking gehad het, skryf Renwick soos volg: "The Montanists had also brought impassioned preaching into disrepute, together with all forms of emotionalism in religion. Preaching virtually ceased for many centuries."[41]

Op dieselfde wyse het ook die wederkomsverwagting letterlik vir eeue uit die hart van die kerk verdwyn.

40. <u>Ibid</u>., p. 19.
41. A.M Renwick, <u>op. cit</u>., p. 36.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Watter verband is daar dan nou tussen die Montanisme en die Pinksterbeweging van hierdie eeu? Daar kan sekerlik gesê word dat daar ooreenkomste is in die sin dat sekere dinge wat deur die Montaniste belangrik en kosbaar geag is ook so deur die Pinksterbeweging beoordeel word. Byvoorbeeld die belangrike plek van die charismata, spontane en vrye aanbidding, die klem op die rol en betrokkenheid van die lidmate, 'n sterk wederkomsverwagting, die belangrike plek van heiligmaking, ens. Maar hierdie ooreenkoms strek net so ver as wat die ooreenkoms tussen die Montanisme en die Bybel is. Alhoewel die moontlikheid en gevaar van allerhande fanatiese buitensporighede altyd daar was en daar sekerlik gevalle en voorbeelde in die Pinksterbeweging hiervan was, het die Pinksterbeweging tog gelet op die foute van die verlede en het hy in sy geheel hieraan ontkom. Om dus die Pinksterbeweging bloot as 'n moderne weergawe van die Montanisme te sien, strook nie met die feite van die geskiedenis en van vandag nie. Dat daar tot op 'n sekere punt moontlike ooreenkomste is, is waar, maar dat daar duidelike en wesenlike verskille is, is net so waar.

Met die oog op hierdie studie is dit dus belangrik om te sê dat die verskillende Geestesgawes, waaronder ook glossolalie, vrylik in hierdie beweging voorgekom het, maar dat dit feitlik ook saam met hierdie beweging uit die kerk verdwyn het.

## Irenaeus (130 - 200)

Irenaeus skryf in die laaste deel van die tweede eeu. As een van die mees prominente teoloë van sy tyd, is dit opvallend dat hy in sy geskrif teen die dwalinge (Contra Haeresis) melding maak van verskillende genadegawes wat in sy tyd voorkom. Hy stel dit duidelik dat profesieë

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en spreek in tale nog voorkom.[42] Hy maak ook melding van 'n geval waar iemand uit die dood uit opgewek is,[43] van genesings en van gevalle waar duiwels uitgedryf is.[44]

Dit is onwaarskynlik dat Irenaeus hier na die Montaniste verwys soos wat sommiges beweer,[45] aangesien hyself geen bande met die Montaniste gehad het nie, terwyl hy tog hoegenaamd nie afkeurend oor hierdie gawes praat nie. Inteendeel gee Irenaeus in genoemde werk te kenne dat die volkome of ideale Christen in sy tyd dieselfde onderskeidende kenmerke behoort te hê as die Christen van die Apostoliese gemeentes.[46] Daar kan aangeneem word dat die charismata in die tyd van Irenaeus (2$^{e}$ helfte van die 2$^{e}$ eeu) nie iets vreemds in die katolieke kerk was nie.

**Tertullianus (± 150 - ± 220)**

As 'n belangrike kerkvader en een van die grondleggers van die Westerse teologie,[47] staan Tertullianus in die ry van manne soos Irenaeus, Ciprianus en Augustinus. Hy was onteenseglik 'n toegewyde en ernstige Christen vir wie die louheid en wêreldsheid van baie Christene in sy tyd 'n kopseer was. Alhoewel hy in sy latere jare na die Montanisme oorgegaan het, was hy allerweë in die algemene kerk van sy tyd as een van die mees prominente figure gesien.[48] Die uitsprake en geskrifte van 'n man van sy integriteit en kaliber kan nie gering geskat word nie.

42. Alexander Roberts en James Donaldson, **The Ante-Nicene Fathers**, Vol.I, Irenaeus Against Heresies, Boek V, hfst. VI, p. 531, "In like manner we do also hear many brethren in the Church, who possess prophetic gifts, and who through the Spirit speak all kinds of languages ...".
43. Ibid., Boek II, hfst. XXXI, p. 407 en hfst. XXXII, p. 409.
44. Ibid., p. 407 en 409.
45. Robert G. Gromacki, **The Modern Tongues Movement**, p. 13.
46. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 36.
47. W. Walker, **A History of the Christian Church**, p. 64.
48. Clyde L. Manschreck, **A History of Christianity in the World**, p. 55.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In een van sy vele geskrifte teen die ketters - die een teen Marcion - daag hy Marcion uit om uit sy groep mense te bring wat kan profeteer, toekomstige dinge kan voorspel en hartsgeheime kan openbaar. In dieselfde asem praat hy ook van die uitleg van tale. Hy gee die versekering dat hy van al hierdie tekens en geestelike gawes van sy kant af rekenskap kan gee[49].

'n Beswaar soos die van Hoekema[50] dat Tertullianus hier niks sê van spreke in tale nie, gaan nie op nie. Dat spreke in tale ook een van die gawes is waarna Tertullianus verwys sonder om dit spesifiek te noem, is logies aangesien die uitleg van tale sekerlik tog nie moontlik kan wees sonder dat daar eers in tale gepraat is nie! Die feit dat hy op daardie stadium reeds 'n Montanis was, doen nie afbreek aan die feit dat die Geestesgawes nog in sy tyd voorgekom het nie, aangesien hierdie geskrif nie 'n enge verdediging van die Montaniste was nie, maar 'n geskrif wat algemeen deur die Katolieke kerk teen die Marcioniete gebruik is.

<u>Cyprianus (200 - 258)</u>

By Cyprianus vind ons nie veel vermelding van die gawes nie. In sy tyd val die fokus meer op die gesag van die biskop en die onmisbare rol wat die kerk in die lewe van die gelowige speel. Tog maak hy melding van gevalle van eksorsisme wat in sy tyd voorgekom het.[51]

49. Alexander Roberts en James Donaldson, **The Ante-Nicene Fathers**, Vol.III, **Tertullian against Marcion**, Boek V, Hfst. 8, p. 446 en 447.
50. A.A. Hoekema, **What about Tongue Speaking?**, p. 16.
51. Alexander Roberts en James Donaldson, **The Ante-Nicene Fathers**, Vol.V, **"The Epistles of Cyprian"**, Brief LXXIV:10, p. 393 en Brief LXXV: 15, p. 402.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Pachomius: (292 - 346/7)**

Pachomius staan as die vader van die kloosterwese bekend. Hy was 'n toegewyde askeet wat nagte in gebed deurgebring het. Te midde van bonatuurlike verhale wat i.v.m. hom vertel word, word daar ook gesê dat hy in tale gepraat het.[52]

Ter afsluiting van hierdie gedeelte voor die Middeleeue, word die name van drie belangrike kerkvaders genoem wat min of meer dieselfde standpunt oor die charismata en glossolalie in die besonder gehandhaaf het. Hulle is Origines, Chrysostomos en Augustinus.

**Origines (185 - 254)**

Alhoewel Origines kronologies vroeër genoem moes word, kom hy eers hier ter sprake omdat sy standpunt oor glossolalie met die van Chrysostomos en Augustinus ooreenstem. Alhoewel Origines erken dat hy 'n ooggetuie was van vele gevalle van eksorsisme, bonatuurlike genesing en profesie,[53] vind ons veral van sy tyd af dat die kerkvaders beweer dat glossolalie slegs in Bybeltye voorgekom het: "Indeed from then on most of the references to tongues are explanations as to why the phenomena which had occured in Biblical times were no longer occurring."[54]

**Chrysostomos (345 - 407)**

Hierdie briljante prediker en vader van die Oosterse kerk beweer ook dat glossolalie nie meer in sy tyd voorkom nie. In sy uitleg van

52. Philip Schaff, **History of the Christian Church**, Vol.III, p. 197.
53. Alexander Roberts en James Donaldson, **The Ante-Nicene Fathers**, Vol.IV, **"Origen against Celsus"**, Boek I, hfst. ii, p. 397 en 398; Boek III, hfst XXIV, p. 473; Boek VII, hfst. IV, p. 612; Boek VII, hfst. IVVII, p. 638.
54. Morton T. Kelsey, op cit., p. 39.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Kor. 12 - 14 sê hy dat hierdie gawes opgehou het en nie meer plaasvind nie.[55]

## Augustinus (354 - 430)

Chrysostomos was as't ware die grondlegger en vader van die Oosterse kerk. Augustinus het tot 'n groot mate hierdie rol in die Westerse kerk vertolk. Sy teologie het vir bykans 700 jaar 'n bepalendeinvloed in die Westerse kerk gehad. Dit is opvallend dat hy, soos Chrysostomos, die spreke in tale as van verbygaande aard en behorende tot die vroeë kerk beskou het,[56] alhoewel hy die deur vir wonderwerke nie toegemaak het nie: "Even now, therefore, many miracles are wrought, the same God who wrought those we read of still perfoming them, by whom He will and as He will."[57]

Harper vat dit soos volg saam: "But by the time of Augustine and Chrysostom at the end of the fourth century, the main view of the Church was that the gifts had been given for the founding of the Church and had been withdrawn when they were no longer necessary. It was a

55. **Nicene and Post-Nicene Fathers,** edited by Philip Schaff, Vol.XII, Saint Chrysostom: **Homilies on the Epistles of Paul to the Corinthians,** Hamily XXIX, 1 Cor., XII.1,2, p. 168. Chrysostomos erken dat in die vroeë kerk die doop van die Heilige Gees onmiddellik gevolg is deur spreek in tale en soms ook deur ander genadegawes: "Whoever was baptized he straightway spoke with tongues and not with tongues only, but many also prophesied, and some also performed many other wonderful works", p. 168. Hierdie tekens, sê hy, was egter net vir die vroeë kerk.

56. **Nicene and Post-Nicene Fathers,** edited by Philip Schaff, Vol. VII, St-Augustin, **Ten Homilies on the Epistle of John,** VI:10, p. 497 en 498.
Gromacki h... Augustinus soos volg aan: "In the earliest times, 'the Holy Ghost fell upon them that believed: and they spoke with tongues', which they had not learned, 'as the Spirit gave them utterance'. These were signs adapted to the time. For there behooved to be that betokening of the Holy Spirit in all tongues, to shew that the Gospel of God was to run through all tongues over the whole earth. That thing was done for a betokening, and it passed away".

57. Rodney Clapp, **The controversy of Healing,** p. 8.
Uit S.A., Vernuwing, Maart - April 1985.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



convenient alibi to account for their absence in an increasingly institutionalised Church."[58]

Opsommenderwys kan ons dan t.o.v. hierdie tyd die volgende in verband met die charismata en veral die spreke in tale sê: Dit het algemeen voorgekom in die eerste eeu. In die tweede eeu was dit nog steeds nie iets vreemd nie. Met die opkoms van die Montanisme is daar 'n nuwe beklemtoning van die gawes, maar as 'n direkte gevolg daarvan vind daar 'n polarisering plaas - a.g.v. die oorbeklemtoning deur die Montaniste het die Katolieke kerk die beoefening daarvan heeltemal agterweë gelaat en in meer konstitusionele en formalistiese bane gegaan.

In die 4e eeu vind daar ingrypende veranderinge in die kerk plaas wat hom sy "Pinksterkarakter" nog verder laat verloor. Daar is eerstens die leerstellige stryd romdom die Drieëenheid en veral die persoon en nature van Christus wat die aandag van die kerk grootliks van die persoon en werk van die Heilige Gees afgehaal het - soos wat die karige verwysing na die Heilige Gees in die Geloofsbelydenis van Nicea (325 n.C.) bewys.[59] Voeg hierby die verandering van die status van die kerk deur Konstantyn in 313 n.C. van vervolgde kerk na staatskerk met al die gepaardgaande gevolge vir die kerk, en dit word al verstaanbaarder dat ons by die aanbreek van die Middeleeue 'n situasie vind waar die Geestesgawes en veral die spreke in tale beskou word as iets van die verlede wat by die vroeë primitiewe gemeentes tuisgehoort het.

58. Michael Harper, op. cit., p. 20.
59. Leslie Davison, op. cit., p. 20.
Interessant is die opmerking van Davison in hierdie verband: "But it is obvious, says Harnack, that from the incidental way in which both Irenaeus and Origen refer to the Spirit, the interest of the Church lay elsewhere and not in the Spirit or his work. And this is borne out by the Nicene Creed itself which merely stated a bare belief in the existence of the Holy Spirit without defining his role or place in the Godhead".

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Geestesgawes het feitlik sonder uitsondering in die kerkgeskiedenis gepaardgegaan met toegewydheid, strewe na heiligmaking en 'n afkeur van wêreldgesindheid. Dit is interessant dat die charismata gewoonlik ook voorgekom het in tye en onder groepe waar vervolging ter sprake was. Later meer hieroor. Die feit dat die Katolieke kerk sedert die tyd van Konstantyn merkbaar afgeneem het in heiligmaking, toegewydheid en geestelikheid en toegeneem het in wêreldsheid, het die klimaat vir die werking van die gawes nog meer ongunstig gemaak. Die "ongeestelikheid" van die kerk was een van die hoofredes waarom die middeleeue "donker" genoem word.

### 1.2.2 Die Middeleeue tot en met die Hervorming

Na die val van die Romeinse ryk in 476 n.C., word die aparte ontwikkeling van die Oosterse en Westerse kerk al meer 'n werklikheid. Met die oog op die saak onder bespreking, sal ons vir hierdie periode afsonderlik na die Westerse en Oosterse kerk kyk.

#### Die Westerse Kerk

Uit die voorafgaande paragrawe het ons gesien dat daar na die middel van die 4$^{e}$ eeu (by Pachomius) nie juis weer enige opgetekende gevalle van glossolalie aangetref word nie. Trouens, vir die volgende bykans agt eeue is daar 'n groot swye in die Westerse kerk i.v.m. glossolalie. Ek reken dat hierdie swye nie soseer te wyte is aan die volkome afwesigheid van enige gevalle van glossolalie nie maar a.g.v. 'n veranderde agterdogtige houding ten opsigte hiervan deur die Roomse kerk van die middeleeue. Kelsey[60] wys daarop dat die mening algaande in die

60. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 46 en 47.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Roomse kerk ontwikkel het dat spreke in tale 'n teken is van duiwelbesetenheid. Die het dan ook die amptelike standpunt van die Roomse kerk geword soos vervat in die Roomse handboek "Rituale Romanum" wat teen ongeveer die jaar 1000 n.C. tot sy huidige vorm ontwikkel het. In hierdie boek word priesters wat hulle voorneem om eksorsisme te beoefen, ingelig t.o.v. sekere tekens wat die duiwelbesetene onderskei van iemand wat aan 'n siekte of een of ander vorm van swaarmoedigheid of swartgalligheid ly: "Signs of possession are the following: ability to speak with some facility in a strange tongue or to understand it when spoken by another."[61] Dit is dus nie verbasend dat in so 'n tyd en met so 'n negatiewe konnotasie amptelik deur die kerk daaraan verbind, die gawe van spreke in tale deur gelowiges verwaarloos is en selfs met agterdog bejeën is, terwyl dit ook nie as wenslik beskou was om enige gevalle wat wel voorgekom het, te vermeld nie.

**Die Oosterse Kerk**

Ons sal weldra weer terugkeer na die laaste gedeelte van die middeleeue in die Westerse kerk, maar hier word eers gelet op die situasie in die Oosterse kerk, wat sy hoofkwartier tot die jaar 1453 in Konstantinopel gehad het.

Nou is dit so dat die Oosterse kerk 'n ander houding teenoor die gawes van die Gees en religieuse ondervindings in die algemeen ontwikkel het as die Westerse kerk. Tereg merk Kelsey in die verband op: "We who stand in die Western tradition tend to forget that there is an approach to the Christian life other than our own."[62] Kelsey stel hierdie benadering van die Oosterse kerk soos volg: "The East developed a

61. _Ibid_., p. 46.
62. _Ibid_., p. 41.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mystical, individualistic, otherworldly, introverted Christianity. In this tradition the individual gifts of the Spirit flourished. The door was never closed to experiences like tongues."[63]

Ons het wel gesien dat Chrysostomos as patriarg van Konstantinopel aan die einde van die 4$^{e}$ eeu beweer het dat die gawes opgehou het, aangesien dit slegs vir die vroeë kerk bedoel was. Hy leef egter in 'n tyd waar die eiesoortigheid van die Oosterse kerk veral t.o.v. askese en die mistiek nog nie sy uiteindelike vorm bereik het nie. Daarom word sy standpunt wat die Oosterse Kerk betref, deur die latere geskiedenis weerlê.

Weens die mistieke aard van die aanbidding en godsdiens van die Oosterse kerk het glossolalie nooit daar uitgesterf nie en het dit heel onopgemerk deel van hulle geskiedenis gebly. Kelsey meld dat dit die getuienis van die patriarg van Konstantinopel is: "When asked if speaking in tongues was known among his people, the Patriarch replied that it has been a continuing experience among them through all the ages, although confined chiefly to the monasteries, and that there are provisions in their church to govern it."[64] Dit is ook die getuienis van Athanasius Emmet, 'n Pentekostaliste prediker van die ortodokse Kerk wat verklaar dat glossolalie nog altyd voorgekom het onder monnikke van die Griekse Ortodokse Kerk.[65] Hierdie feit word verder deur Harper bevestig.[66]

63. <u>Ibid</u>., p. 42.
64. Morton T. Kelsey, <u>op. cit</u>., p. 7.
In die verband sê Kelsey verder: "While historical evidence of tongues within the Greek tradition has not been compiled, it is a fair inference that tongue speaking, being no more bizarre than other Eastern monastic practices, has simply continued within the tradition of Greek monasticism without attracting much notice", p. 43.
65. F.P. Möller, <u>op. cit</u>., p. 15.
66. Michael Harper, <u>op. cit</u>., p. 20.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na hierdie kort ekskursie in die geskiedenis van die Oosterse Kerk, keer ons terug na die Westerse kerk gedurende die laaste deel van die Middeleeue.

Van die 12$^{e}$ eeu is daar weer 'n aantal gevalle opgeteken waar persone in 'n vreemde taal gespreek het. 'n Opvallende aspek van sommige van hierdie gevalle is dat die sprekers nie in vreemde onverstaanbare tale gepraat het nie, maar in 'n bestaande taal wat slegs vir die spreker onbekend is. In die meerderheid gevalle was dit dan ook in 'n sending-situasie waar die evangelie aan andertaliges verkondig is. Ons sal op hierdie gevalle wys.

## Hildegard (1098 - 1179)

Sy was die hoof van 'n nonneklooster en was vir die grootste deel van haar lewe baie sieklik. Wonderwerke, visioene en talespraak word aan haar toegeskryf. Groot dele van haar talespraak is selfs opgeskryf.[67]

## Vincent Ferrer (1350 - 1419)

Ferrer is soos hierbo verwys, 'n tipiese voorbeeld van 'n Middeleeuse talespreker en wonderwerker. Alhoewel hy slegs een dialek, sy moedertaal, magtig was, word dit aan hom toegedig dat hy hom op sy evangelieveldtogte in verskillende dele van Europa verstaanbaar gemaak het deur die gawe van spreke in tale.[68]

## Louis Bertrand (1526 - 81)

Bertrand het as sendeling onder die Suid-Amerikaanse Indiane

67. New Catholic Encyclopedia, Vol.VI, p. 1117.
68. The Catholic Encyclopedia, Vol.XV, p. 438.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewerk. Daar sou hy uit verskillende stamme en dialekte duisende bekeerlinge gehad het. Dit word gesê dat hy in sy sendingprediking dikwels in die vir hom onverstaanbare taal van sy toehoorders gepraat het.[69] Op 'n keer het 'n heidense priester vir hom dodelike gif ingegee, maar op 'n bonatuurlike wyse en in vervulling van Markus 16:18, het hy niks oorgekom nie.[70]

## Franciskus Xavierius (1506 - 52)

Hierdie bekende Jesuiëte sendeling wat in die Ooste en veral in Japan en Indië sendingwerk gedoen het, se sendingaksies is volgens Roomse geskiedskrywing gekleur met wonderwerke waaronder ook spreke in tale is.[71]

In alle billikheid moet erken word dat daar aan die Middeleeuse Roomse heiliges vele mistieke legendes en wonderdade gekoppel is. Enersyds is dit dus moontlik dat dit met bogenoemde persone ook die geval kan wees en dat daar 'n ander verklaring vir die wonderwerke en glossolalie wat met hulle in verband gebring word, kan wees. Andersyds kan ons die moontlikheid nie buite rekening laat dat alhoewel die Roomse kerk in sy geheel nie van danige hoë geestelike standaard in die middeleeue kan getuig nie, daar tog indiwidue was wat in 'n noue gemeenskap met God gelewe het en aan wie die Here genadiglik Sy gawes kon meedeel.

## Die Hervorming

In hierdie paragraaf kyk ons nie na enige verband met of invloed van die Hervorming op die Pinksterbeweging nie. Dit word in die volgende

69. The Catholic Encyclopedia, Vol.IX, p. 377.
The Bull of canonization asserts that to facilitate the work of converting the natives to God, the apostle was miraculously endowed with the gift of tongues".
70. Ibid.
71. The Catholic Encyclopedia, Vol.VI, p. 234.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoofstuk gedoen. Hier gaan dit alleen oor die voorkoms van enige charismatiese verskynsels tydens die hervormingsperiode.

## Martin Luther (1483 - 1546)

Luther, die alombekende inisieërder van die Hervorming, het nie onverskillig gestaan teenoor die gawes nie. Harper maak melding van Luther se antwoord op 'n brief van 'n vriend waarin hy raad vra aangaande 'n siek persoon. Dit was in 1545 - reeds aan die einde van sy lewe. Hy gee die volgende antwoord: "When you depart lay your hands upon the man again and say, 'These signs shall follow them that believe; they shall lay hands on the sick and they shall recover.'"[72] Ook sê die kerkhistorikus Erich Souer, die volgende oor hom: "Dr. Martin Luther was a prophet, evangelist, speaker in tongues and interpreter in one person, endowed with all the gifts of the Holy Spirit."[73] Die vraag is of Souer hier die Bybelse idee van glossolalie aan Luther verbind. Ek is ietwat huiwerig om hierdie stelling van Souer as afdoende bewys dat Luther wel glossolalie beoefen het, te aanvaar.

### Die Anabaptiste:

Ons sal in die volgende hoofstuk meer breedvoerig oor hierdie 3[e] groot beweging van die Hervorming gesels. Genoeg om hier te sê dat daar 'n besondere mate van ooreenstemming met die Montaniste van die 2[e] eeu was. Die Anabaptiste wou ook terugkeer na die sogenaamde primitiewe Christendom. Slegs bekeerde en wedergebore persone kon d.m.v. doop lidmate word. Daar is besonder klem gelê op die leiding en werking van die Heilige Gees. Verskillende Geestesgawes het dan ook voorgekom, veral profesie. Daar was ook gevalle van glossolalie. Onder die meer radikale

72. Michael Harper, op. cit., p. 20.
73. Robert G. Gromacki, op. cit., p. 19.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vleuel soos veral by Thomas Müntzer en die Zwickauer-profete vind ons soos ook by die Montaniste dat die openbaring en leiding van die Heilige Gees soms swaarder weeg as die Skrif.[74] Soos die Montaniste is die Anabaptiste wreed vervolg. Beide Rome en die Hervormers het hieraan meegedoen.

### 1.2.3 Die na-Hervormingstydperk

Die opvallende aspek in hierdie tydperk tot en met die begin van die Pinksterbeweging is dat gevalle van Charismatiese verskynsels toeneem. Gedurende die Middeleeue was dit by uitsondering en gewoonlik ook indiwidue wat hierdie gawes (byvoorbeeld glossolalie) deelagtig geword het, maar vanaf veral die 17$^{e}$ eeu kom hierdie verskynsels al hoe meer onder groepe voor.[75] Die Anabaptiste was alreeds 'n voorloper hiervan.

#### Die Kwakers (Quakers) of die "Society of Friends"

Hierdie beweging wat sy ontstaan in die 17$^{e}$ eeu in Engeland gehad het, het enersyds veel in gemeen gehad met die Anabaptiste en andersyds word hulle ook gesien as deel van die Piëtiste.[76] Die stigter was George Fox (1624 - 1691). Soos die Anabaptiste het hulle geglo aan 'n direkte inspraak en leiding van die Heilige Gees - die sogenaamde "innerlike lig". Die benaming "Quakers" het hulle ontvang omdat hulle soms tydens hulle dierste geruk en gebewe het ......... "At first they

74. Roland H. Bainton, **Here I stand. A life of Martin Luther**, p. 202.
75. **The New International Dictionary of the Christian Church**, p. 415.
"It was not, however, until the late seventeenth century that phenomenon occurred among numerous people of one locality. In S. France the Cevenols, who lived in constant fear of death, had ecstatic experiences which included speaking in tongues".
76. Clyde L. Manschreck, op. cit., p. 289.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



did use to fall into violent tremblings ......."[77] Wonderwerke en Geestesgawes het van die begin af voorgekom.[78] Daar het ook gevalle van glossolalie voorgekom. Dit het veral plaasgevind tydens die bekende stiltetye van die Kwakers, waartydens hulle gewag het op die verligting en die werking van die Heilige Gees: "While waiting upon the Lord in silence, as often we did for many hours together, we received often the pouring down of the Spirit upon us, and our hearts were glad and our tongues loosed and our mouths opened, and we spoke with new tongues as the Lord gave us utterance, and as His Spirit led us which was poured down upon us, on sons and daughters, and the glory of the Father was revealed."[79] Sommige leiers van die beweging beweer selfs dat Fox die eerste kwaker was wat in tale gespreek het.[80]

## Die Janseniete:

Die stigter van hierdie beweging was Cornelius Jansenius (1585 - 1638). Die rede vir hulle skeuring met die Roomse kerk was hoofsaaklik a.g.v. die groot mag wat die pous sedert die 10^e eeu verkry het en die feit dat die heersende Thomistiese teologie soveel van dié van Augustinus verskil het. Jansenius het ook 'n persoonlike religieuse ondervinding beklemtoon: "He emphasized personal religious experience, the direct relation of the individual soul to its Maker, which might come by a sudden conversion."[81] Knox sê dat die Janseniste besonder "oop" en ingestel was op die bonatuurlike .......... "Thus arose amongst the Jansenists that mood of 'looking for a sign from heaven'."[82] Dit is

77. R.A. Knox, **Enthusiasm**, p. 150.
78. Ibid., p. 150.
79. Carl Brumback, **What meaneth this?**, p. 93.
80. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 55.
81. K.S. Latourette, op. cit., p.879.
82. R.A. Knox, op. cit., p. 227 en 228.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarom ook nie verbasend dat daar gevalle van glossolalie onder hulle voorgekom het nie."[83]

## Die Camisard profete van die Cevennes

Na 'n paar dekades van relatiewe godsdiensvryheid gedurende die 17ᵉ eeu, word die Edik van Nantes wat vir die Franse Hugenote sekere voorregte gewaarborg het, deur Koning Lodewyk XIV in 1685 opgehef. Onmiddellik breek daar brutale vervolging los. Duisende Hugenote vlug na Protestantse lande soos Nederland, Engeland en die "Nuwe Wêreld" - Amerika. Via Nederland het 'n aantal van hulle ook in 1688 in Suid-Afrika aangekom. Groot getalle word ook in Frankryk om die lewe gebring.

Duisende van hierdie vervolgde Hugenote vlug egter na die bergagtige gebied van die Cevennes in die suide van Frankryk. Hier het hierdie vrome Christene in lewensgevaar en voortdurende bedreiginge besondere geestelike ervarings gehad. Veral het die gawes van profesie en spreke in tale algemeen voorgekom.[84] A.g.v. die profesieë is hierdie Hugenote die Camisard profete genoem. Omdat so baie kinders hierdie gawe ontvang het, is daar ook gepraat van die "klein profete van die Cevennes." Die mees algemene voorkoms van glossolalie sedert die vroeë kerk word dan ook by hierdie mense aangetref.[85]

Gepaardgaande met hierdie en ander Geestesgawes en openbaringe wat onder hulle voorgekom het, was daar ook sterk verwagtings en voorspellings dat die Wederkoms van Christus op hande is. Hulle het die Geestesgawes onder hulle beskou as 'n voorbereiding vir en 'n teken van

83. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 55.
84. R.A. Knox, op. cit., p. 360.
85. The New International Dictionary of the Christian Church, p. 415.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die spoedige wederkoms.[86] Ons vind dus 'n redelike mate van ooreenkoms tussen die profete van die Cevennes en die Montaniste van die 2$^e$ eeu.

Dit was na hierdie mense wat John Wesley in sy polemiek met dr. Conyers Middleton verwys het. Dr. Middleton het naamlik beweer dat glossolalie nog nie weer sedert Bybelse tye gehoor is nie. Hierop antwoord Wesley hom ewe gevat: "Has it 'never once been heard of' since that time? Sir your memory fails you again: It has undoubtedly been pretended to and that at no great distance either from our time or country. It has been heard of more than once, no farther off than the valleys of Dauphiny. Nor is it yet fifty years ago since the Protestant inhabitants of those valleys so loudly pretended to this and other miraculous powers, as to give much disturbance to Paris itself."[87]

Teen 1711 het die beweging sy weerstand en krag verloor en is feitlik uitgewis en daarmee het die tale en profesie wat hulle betref, tot 'n einde gekom.

Ek wil op hierdie stadium 'n belangrike opmerking in verband met die voorkoms van glossolalie en die ander gawes vanaf die tweede eeu tot en met die 17$^e$ eeu maak. Vanaf die vroeë kerk tot by die Camisard profete het die spreke in tale en ander Charismatiese gawes byna sonder uitsondering voorgekom onder groepe wat vervolging verduur het. Dit was die geval in die vroeë kerk. Ons het reeds gesien dat die laaste oorblyfsels van die Charismata saam met die aanvaarding van die Christendom as staatsgodsdiens verdwyn het. Dieselfde was die geval met die Montaniste. Die patroon tref ons by die Waldense aan waar daar ook bonatuurlike werkinge was asook by die Anabaptiste en die vervolgde Hugenote van die Cevennes.

86. B.B. Warfield, **Counterfeit Miracles**, p. 130.
87. John Wesley, **The works of John Wesley**, Vol.X, p. 56.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is diegene wat hierdie verband tussen die Geestesgawes en vervolginge psigologies wil verklaar,[88] maar dit lyk my eerder Bybels korrek om die gawes in sulke tye te sien as deel en openbaring van God se toerusting en krag in tye van vervolging. (Markus 13:11, Hand. 1:8, 4:29-31).

Die Aufklärung van die 17$^e$ en 18$^e$ eeu het 'n groot verandering in die houding van die staat en die kerk teenoor andersdenkendes gebring. Daar het oor die algemeen 'n groter verdraagsaamheid gekom. Sedertdien vind ons 'n merkbare afname van bloedige vervolgings deur beide die kerk van Rome en die kerke van die Hervorming van andersdenkende Christene wat insluit die groepe waar die Geestesgawes opereer.

## Wesley en die Charismata:

John Wesley (1703 - 1791), die vader van die Metodiste Kerk, het 'n belangrike rol gespeel in die vroeë voorbereiding vir die latere Pinksterbeweging - daaroor meer in die volgende hoofstuk. Wesley was ook een wat sterk daarin geglo het dat die gawes van die Heilige Gees nie net vir die Apostoliese tydvak bedoel was nie, maar vir die kerk tot in die laaste van dae.[89] Hierdie oortuiging van hom kom baie duidelik te voorskyn in 'n lang brief wat hy in 1748 - 1749 geskryf het aan 'n sekere predikant dr. Middleton ('n vroeëre aanhaling hierbo kom uit hierdie brief). Dr. Middleton het alle wonderwerke - in Bybelse tye en in die latere geskiedenis - verwerp. John Wesley neem dan in hierdie brief die nege gawes van die Heilige Gees in 1 Kor. 12 as uitgangspunt en bewys dan uit 'n menigte gevalle en voorbeelde uit die kerkgeskiedenis dat dr. Middleton dit in sy standpunt heeltemal mis het.[90] Oor die alge-

88. A.A. Hoekema, op. cit., p. 20 en 21.
89. B.B. Warfield, op. cit., p. 128.
90. John Wesley, op. cit., p. 1-79.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meen was Wesley teenoor al hierdie groepe waar die Charismata voorgekom het, baie simpatiek - selfs teenoor die Montaniste.[91]

Dit is nie vreemd dat Wesley so 'n standpunt ingeneem het nie. Tydens sy dienste waar gewoonlik skares van etlike duisende saamgetrek was, het dikwels emosionele tonele afgespeel wanneer sondaars deur die werking van die Heilige Gees tot oortuiging van sondes kom. Hy is dikwels gekritiseer vir die emosies, entoesiasme en liggaamlike manifestasies wat soms tydens sy dienste gesien is. Sy antwoord op sulke kritiek was eenvoudig: "Test these things by their fruits", says Wesley. "If such emotional turmoil makes a bad man good, it is very worthwile."[92]

Glossolalie was onder andere een van die verskynsels wat voorgekom het onder die bekeerlinge van Wesley en George Whitefield.[93]

Ten minste een van Wesley se bekendste predikers, Thomas Walsh, het die gawe van spreke in tale deelagtig geword. Hy skryf op 8 Maart 1750 soos volg in sy dagboek: "This morning the Lord gave me a language I knew not of, raising my soul to him in a wondrous manner."[94]

## <u>Die Vroeë Irvingiete</u>:

In 1830 breek 'n klein herlewing in Skotland uit nadat 'n invalide Skotse dame, Mary Campbell, .ers in vreemde tale begin praat en kort daarna uit haar siekbed opgewek word deur ene James MacDonald wat ook kort vantevore die gawe van glossolalie ontvang het. Die nuus versprei vinnig en in London waar die Skotse prediker, Edward Irving, een van die suksesvolste predikante in die stad was, kom hy daarvan te hore. Hy laat ondersoek na die gebeure instel en kort daarna begin 'n groep mense in sy gemeente bid vir dieselfde ondervindings. Sommige van sy

91. Leslie Davison, op. cit., p. 72 en 73.
92. Ibid., p. 73.
93. A.A. Hoekema, op. cit., p. 22.
94. Ibid., p. 73.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeente ontvang dan wel ook die gawe, alhoewel Irving self nooit in tale gespreek het nie.[95]

Kort daarna kom daar ook gevalle van glossolalie in sy dienste voor. Sy kerkraad versoek hom om dit nie in die dienste toe te laat nie, maar Irving voel oortuig dat hy dit nie kan verbied nie. Selfs ander gawes soos genesing en profesie kom voor. Kort hierna word sy bediening in die Presbiteriaanse kerk beëindig. Hy begin 'n nuwe kerk in Wallis waar talle Geestesgawes ook voorkom. Spoedig begin dinge egter handuit ruk toe die Skrif al hoe meer op die agtergrond geskuif en die uitsprake van sogenaamde profete as bepalend beskou word. Irving onttrek hom en verhuis na Skotland waar hy in 1834 in die ouderdom van 42 jaar oorlede is.[96]

Die kerk wat deur hom begin is, noem hulle toe self die Katolieke Apostoliese kerk. Alhoewel glossolalie onder 'n beperkte groepie in die beweging so laat as 1879 voorgekom het, was die gawes nie lank deel van die hoofstroom nie. Hulle het spoedig in allerlei onskriftuurlike gebruike verval.

## Losstaande gevalle in die 19e eeu

Vanaf die middel van die 19e eeu het gevalle van glossolalie al hoe meer in verskillende wêrelddele voorgekom. So lees ons van 'n herlewing wat in 1855 in Rusland uitgebreek het en waarin glossolalie vrylik voorgekom het. Hierdie beweging het versprei na Armenië en later het 'n aantal van hierdie families selfs na Amerika verhuis.[97] Daar is ook getuienis dat mense onder die bediening van D. L. Moody die gawe van

95. J.T. Nichol, op. cit., p. 23.
96. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 57.
97. Ibid., p. 59.
A.A. Hoekema, op. cit., p. 23.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sprake in tale ontvang het.[98] Daar is veral in die 19e eeu heelwat meer gevalle van talespraak opgeteken. Die belangrikste gevalle is egter genoem.

Dit is gepas om hierdie hoofstuk met enkele gevolgtrekkings af te sluit. Ons vind dat Charismatiese verskynsels met wisselende tussenposes in die kerkgeskiedenis voorgekom het. Dit is duidelik dat die Geestesgawes in hulle volheid soos wat dit in die Apostoliese gemeentes voorgekom het, nie altyd deel was van die kerk op sy weg deur die eeue nie. Dit het geïsoleerd onder indiwidue en groepe voorgekom - groepe wat dikwels in leer en lewe afgewyk het van die tradisionele en historiese kerk(e).

Hierdie verskynsel het meegebring dat baie teoloë van mening is dat die Heilige Gees deur die kerkgeskiedenis wil sê dat die gawes van die Heilige Gees net vir die heel vroeë kerk bedoel was.[99] Die Pinksterbeweging reken egter dat die toetssteen in hierdie belangrike saak nie die kerkgeskiedenis met sy weergawe van menslike onvolmaaktheid en feilbaarheid kan wees nie, maar die onfeilbare Skrif. Die vraag waarom die Charismata so onreëlmatig voorgekom het, is 'n vraag van diepe misterie waarvoor daar uit verskillende kerklike tradisies waarskynlik verskillende antwoorde sal wees.

Alhoewel ons dus vind dat Charismatiese verskynsels ongereeld, geïsoleerd en vir beperkte tye in die geskiedenis voorkom, vind ons na die vroeë kerk geen ekwiwalent vir die Pinksterbeweging wat hom sedert die begin van die 20e eeu wêreldwyd in 'n steeds kragtiger gedaante

98. Michael Harper, op. cit., p. 21.
Harper noem die volgende voorbeeld (p. 25 en 26): "For instance in 1873 D.L. Moody held a campaign in Sunderland, and Robert Boyd wrote about his visit: 'When I got to the rooms of the Y.M.C.A., I found the meeting on fire. The young men were speaking in tongues and prophesying. What on earth did it mean? Only that Moody had been addressing them that afternoon'".
99. A.A. Hoekema, op. cit., p. 23.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



openbaar nie. Daar mag wel enkele ooreenkomste tussen bogenoemde groepe en die Pinksterbeweging wees maar daar is geen direkte, historiese kousale verband tussen die twintigste eeuse Pinksterbeweging en enige van die groepe wat bespreek is nie. Hierdie feit sal in die volgende hoofstuk duidelik na vore kom.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

## DIE VOORSPEL TOT DIE TWINTIGSTE EEUSE PINKSTERBEWEGING

Met "voorspel", word bedoel dit wat 'n saak of gebeurtenis voorafgaan. So wil hierdie hoofstuk na die faktore, bewegings en persone kyk wat in die eeue wat voorafgegaan het 'n rol gespeel het in die voorbereiding van die klimaat waarin en die bodem waaruit die Pinksterbeweging ontstaan het. In hierdie hoofstuk word slegs op die historiese voorbereiding tot die Pinksterbeweging in die algemeen gelet; in 'n latere hoofstuk sal na die historiese voorbereiding tot die A.G.S. in die besonder gekyk word.

### 2.1 'n Werk van God

Elke kerk en religieuse beweging is seker oortuig van 'n Goddelike sanksie vir sy ontstaan en bestaan. Die Pinksterbeweging voel homself in die besonder hiervan oortuig. Soos reeds genoem en soos weldra aangedui word, is daar 'n historiese aanloop tot die ontstaan van die Pinksterbeweging, maar dit kan slegs as voorbereidend gesien word. Die spontane ontstaan van die Pinksterbeweging wat eenklaps wêreldwyd op die toneel verskyn het, vertoon kenmerke wat hom in sy ontstaan duidelik onderskei van die ontstaan van enige ander kerk of beweging in die geskiedenis. Hierdie unieke ontstaanswyse wil Pinkstergelowiges oortuig dat [illegible] 'n besondere werk van God is [illegible] die [illegible] [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat maak die Pinksterbeweging in sy ontstaan dan so uniek? Ons sal hier enkele redes bekyk.

Die Pinksterbeweging het sy ontstaan gehad a.g.v. 'n gemeenskaplike ondervinding wat mense wêreldwyd gehad het, nl. die vervulling met die Heilige Gees met die inisiële teken van spreke in ander tale. Mense uit letterlik alle kerkverbande het bymekaargekom omdat hulle 'n soortgelyke ondervinding met God gehad of gesoek het waarvoor daar in die meeste gevalle nie in hulle kerke ruimte was nie.

Alhoewel dit so is dat sommige kerklike tradisies in gees en in leer nader aan die Pinksterbeweging is en daar gevolglik ook meer van hulle lede oorgekom het, was daar nêrens 'n geval van 'n klomp ontevredenes wat van 'n kerk afgeskeur het nie. Die Pinksterbeweging het nie op hierdie wyse as 'n skeurkerk ontstaan nie. Dit was feitlik deurgaans enkelinge wat op grond van 'n spesifieke geestelike ervaring wat nie in hulle tradisonele kerkgroep aanvaar is nie, by die Pinksterbeweging aangesluit het.

Tweedens moet ons ook beklemtoon dat dit nie in die eerste plek a.g.v. leerstellige verskille is dat mense hulle kerke verlaat het nie. Die Pinksterbeweging het nie soos die Hervorming van die 16° eeu weens leerstellige oortuigings en verskille tot stand gekom nie. Dit is so dat sekere basiese leerstellings van die begin af feitlik algemeen in die Pinksterbeweging voorgekom het, maar meestal was dit nie vreemde, eiesoortige leerstellings nie, maar leerstellings wat wel in nie-Pinksterkerke voorkom.[1] Die Pinksterbeweging het by sy ontstaan geen leerstellige beheptheid gehad nie. Daarom was daar [illegible] is daar selfs

1. "Wat [illegible] [illegible] [illegible] die Pinksterbeweging in [illegible] die [illegible] Protestantisme [illegible]".
[illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vandag nog geen absolute leerstellige eenheid onder Pinkstergeledere wêreldwyd nie. Die leerstellige verskille is weliswaar nie baie nie en kom ook nie juis voor waar dit om die basiese heilswaarhede gaan nie.

Leerstellige oorwegings was veral aan die begin hoogstens sekondêre redes waarom mense by die Pinksterbeweging aangesluit het. Omdat feitlik elke leerstelling van die Pinksterbeweging ook in ander kerke gevind kan word, kom ons weer terug op die primêre beweegrede nl. dat mense weens 'n gemeenskaplike geestelike ervaring hulle aangetrokke gevoel het tot die Pinksterbeweging.

'n Derde belangrike aspek m.b.t. die ontstaan van die Pinksterbeweging, is dat dit nie ontstaan het as gevolg van die werksaamheid van een of ander kerkleier, hervormer of charismatiese vernuwer nie. "The Pentecostal Movement does not owe its origin to any outstanding personality or religious leader, but was a spontaneous revival appearing almost simultaneously in various parts of the world. We instinctively connect the Reformation with Luther, the Quakers with George Fox, Methodism with Wesley, the Plymouth Brethren with Darby and Groves, the Salvation Army with William Booth, and so on. But the outstanding leaders of the Pentecostal Movement are themselves the products of the Movement. They did not make it; it made them"[1] Inderdaad kan die Pinksterbeweging nie juis roem op die afkoms, geleerdheid of besonder voortreflikhede van sy vroeë leiers nie - William Seymour wat die leiding geneem het by die gebeure in Azusastraat, (ons sal in die volgende hoofstuk daarby kom), was 'n ongeletterde, onindrukwekkende Neger met een blinde oog. Daar was wel spesifieke persone wat van die begin af op 'n besondere manier deur die Here gebruik is, maar hulle het, soos Donald Gee sê, nie die Beweging voortgebring nie, maar is deur die Beweging voortgebring.

. . , The Pentecostal Movement, . .

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vraag kan gevra word: waarom het die Pinksterbeweging juis aan die begin van die 20° eeu ontstaan? Vanuit die oogpunt van die Pinksterbeweging is dit nie sonder toeval nie. Op verskillende wyses is die wieg vir die Pinksterbeweging voorberei. Verskillende persone en veral bewegings het tot 'n mindere of meerdere mate meegewerk in hierdie voorbereiding. In die res van hierdie hoofstuk sal ons veral daarna kyk.

## 2.2 Die Pinksterbeweging en die Hervorming

Geen Prostestant en geen lid van die Pinksterbeweging betwyfel die feit dat die Hervorming 'n werk van God was nie. Ou Apostoliese waarhede wat vir eeue onder die stof van tradisie en vorm gelê het, is weer ontdek. Die Hervorming was eintlik 'n skeuring wat tot die ontstaan van nuwe kerke aanleiding gegee het, aangesien die tradisionele kerk (die Roomse kerk) nie wou hervorm nie. In hierdie hervorming het God natuurlik van mense gebruik gemaak; manne soos Luther, Calvyn en andere. In hierdie verband moet die belangrike rol wat Johann Gutenberg gespeel het met die uitvinding van die boekdrukkuns in 1436 nie gering geskat word nie. Die eerste boek wat gedruk was, was nie verniet 'n Bybel nie. Dit was toe die Bybel weer in die hand van die gewone kerkmense kom dat daar besef is hoe ver die kerk van die waarheid afgedwaal het.

Daar is vele punte van hartelike ooreenstemming tussen die Pinksterbeweging en die kerke van die Hervorming, veral wat die basiese beginsels van die saligheidsleer betref. Dit is naamlik dat saligheid 'n genadewerking van God is wat alleenlik deur geloof in Jesus Christus (sola fide) verkry kan word en nie deur goeie werke of deur kerklike bemiddeling nie. Enkele punte van verskil is die leer oor die sakrament van die doop, die doping en gawes van die Heilige Gees, die uitverkie-

© University of Pretoria

singsleer en sommige aspekte van die eskatalogie. Daar mag ook onder verskillende Pinkstergroepe geringe verskille oor ander leerstukke wees.

Wat die Hervorming betref kan ons sê dat die Pinksterbeweging ook deel in die erfenis van die groot Bybelwaarhede wat die Hervormers weer opnuut ontdek het. Dit is ook so dat met die ontstaan van die Pinksterbeweging hy sy lede hoofsaaklik getrek het uit kerke wat in een of ander Protestantse tradisie staan, alhoewel nie uitsluitlik nie. Daar is egter nie 'n direkte historiese lyn te trek tussen die Pinksterbeweging en die Hervorming nie. Daar is slegs 'n indirekte verband tussen hierdie twee bewegings soos wat ons later in hierdie hoofstuk sal sien.

Sommige Pinkstergelowiges is vandag die mening toegedaan dat die 16$^{e}$ eeuse hervorming nie volkome was nie. So bv. is die sakrament van die doop sonder veel verskil uit die Roomse kerk oorgeneem. Maar veral m.b.t die gawes en werking van die Heilige Gees, is daar nie in die Hervorming teruggekeer na die Apostoliese patroon nie.

Dit is noodsaaklik om in hierdie verband 'n paar woorde oor die Anabaptiste te sê. Hulle naam het hulle ontvang omdat dit een van hulle basiese oortuigings was dat daar geen Skriftuurlike gronde vir die suigelingsdoop bestaan het nie en hulle dus gelowiges weer (ana-)gedoop het. Hierdie beweging het veral in Switzerland ontstaan onder leiding van Conrad Grebel (1498 - 1526), Felix Manz (1498 - 1527) en Balthasar Hubmaier (1480 - 1528). Hulle het onder Zwingli se prediking oortuig geraak van die waarde en betekenis van die gesag van die Skrif maar na ernstige Bybelstudie tot die oortuiging geraak "that Zwingli was not following his own Biblical dictum."[8]

8. Clyde L. [illegible], [illegible] p. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Anabaptiste het met die belangrikste punte van die Hervorming saamgegaan maar in sekere sake het hulle verder gegaan. Hulle het sterk gestaan vir die vryheid van die gewete en die vryheid van godsdiens. Hulle het die soewereiniteit van die staat of die kerk verwerp en het veral aanvanklik sterk gestaan vir pasifisme. Veral hiervoor is hulle erg deur Zwingli vervolg omdat hulle sy delikaat opgeboude verhouding tussen kerk en staat bedreig het. Ook Luther het later aan die vervolging meegedoen omdat die Anabaptiste al hoe meer steun gekry het.

Oor die algemeen was die Anabaptiste vredeliewende en toegewyde Christene wat die Skrif met alle eerlikheid en erns ondersoek het. Ongelukkig het 'n sekere deel van die Anabaptiste vir 'n kort tydjie erg rewolusionêr geraak. Hierdie radikale groep het veral in Wittenberg ontstaan onder leiding van die vroeë medewerker van Luther, nl. Karlstadt. Sy idees is verder gevoer deur Thomas Müntzer en sommige profete van Zwickau. Hierdie rewolusionêre en later selfs wilde apokaliptiese vleuel het spoedig onder Melchior Hofmann, Jan Matthys en Jan Beukelzoon van Leiden tot 'n hoogtepunt gekom met die oorname van die stad Münster in 1534 wat dan die "Nuwe Jerusalem" sou word. Na 'n beleg van 'n jaar is die stad temidde van groot bloedvergieting weer teruggeneem. Dit was die hoogtepunt maar tegelyk ook die nekslag van hierdie radikale Anabaptiste.

Die Anabaptiste is daarna veral deur Menno Simons op rustiger, aanvaarbaarder en blywender bane gestuur. Ongelukkig het hierdie fanatiese en radikale element die Anabaptiste oor die algemeen in 'n slegte lig by baie gestel, terwyl dit beslis nie 'n ware beeld van die Anabaptiste is nie. Die opmerking van prof. [illegible] in hierdie verband is veelseggend:

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"it has been made clear that the Protestant tradition judged this movement by its worst examples .... and passed an anathema on all which was only merited by a few."[4]

As ons dan nou kyk na die betekenis en verband tussen die Anabaptiste en die Pinksterbeweging, kan die volgende opmerkinge gemaak word. Daar is sekerlik ooreenkomste tussen hierdie twee bewegings, bv. die doop van gelowiges, 'n groter openheid vir die gawes, werkinge en leiding van die Heilige Gees en 'n sterk wederkomsverwagting. Daar is dan ook baie mense vandag wat die Anabaptiste as die direkte voorvaders van die Pinksterbeweging sien. Hierdie siening is egter histories ongegrond - soos wat later in hierdie hoofstuk duidelik sal blyk. Daar is geen direkte kousale verband tussen hierdie twee bewegings nie.

## 2.3 Die Piëtisme

Nadat die ergste stryd om die vestiging van die Hervorming van die 16e eeu afgehandel is en die Hervorming in gevestigde bane gelei is, het die kerklike lewe in verskeie lande in 'n mate van verstarring gekom. Die leerstellige waarhede van die Hervorming het hoofsaaklik in dorre leerredes na vore gekom. Mense het nog kerk toe gegaan maar hulle innerlike lewens was verskraal, egte hartsbekerings was min, die gevoel en belewenis in die godsdiens het feitlik verdwyn en baie Christene se lewens was op 'n lae peil.

Hierteen was die Piëtisme 'n reaksie.[5] Maar die Piëtisme was ook 'n reaksie teen die sogenaamde Verligting of Aufklärung wat sedert die

4. A.M. Renwick, op. cit., p. 117.
5. "Many of them chose to regard true reformation not merely as a renewal of doctrine and ecclesiastical practice, but as a thoroughgoing renewal of man's entire life ...."
Stoeffler, F.Ernest, German Pietism during the Eighteenth Century, p. X.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



einde van die 17<sup>e</sup> eeu vinnig in Europa veld gewen het. Piëtisme was 'n reaksie op die deïsme, die natuurlike godsdiens en die vergoddeliking van die rede en die deugde van die mens wat met die Verligting gepaard gegaan het.

Die historiese wortels van die Piëtisme was velerlei. Een van sy wortels is in die mistisisme wat ons in Duitsland reeds voor die Hervorming aantref. 'n Ander wortel lê in die Engelse Puritanisme. Latourette meen dat daar selfs uit die Anabaptiste moontlike invloede kon wees.[6] Die belangrikste voedingsbron van die Piëtiste was egter Luther en die Lutheranisme in die besonder.

Kenmerkend van Piëtisme was persoonlike bekering en 'n ontmoeting met God, Bybelgesentreerde moralisme, praktiese heiligmaking, 'n toegewyde lewe van gebed en Bybelstudie, gevoelvolle liedere, 'n innige gevoel vir die nood van andere en 'n groot sendingywer. Vir hulle was godsdiens nie 'n ingewikkelde saak wat net vir geestelikes en teoloë bedoel was nie maar iets wat deur die eenvoudige gelowige ervaar en beleef kan word - dit was iets persoonliks en individueels. Nie net die leer van die godsdiens nie, maar ook die gevoel moet reg wees. Aan diepgaande eksegese en intellektuele vernuf het die Piëtiste nie veel erg gehad nie.

Die uitstaande leiers van die Piëtisme was Philip Jakob Spener (1635 - 1705), August Hermann Francke (1663 - 1727) en Nikolaus Ludwig Graaf van Zinzendorf (1700 - 1760). Spener was tot 'n groot mate die stigter en fondamentlêer. Francke was sy belangrikste dissipel en het uitgemunt in 'n bediening van inwendige sending. Aan die universiteit van Halle het hy 'n groot invloed uitgeoefen. Zinzendorf was 'n vroom en

6. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gebalanseerde man met 'n ekumeniese gees en 'n onuitblusbare sendingdrang. Met 'n groep Morawiese vlugtelinge het hy die Herrnhutter-gemeenskap op sy landgoed begin vanwaar hulle wêreldwyd (ook in Suid-Afrika) sendingwerk van hoogstaande gehalte gedoen het.

Die nadele en gevare van die Piëtisme was veral tweeledig. Eerstens het die objektiewe heilswaarhede van die Bybel soms ondergeskik geraak aan die subjektiewe heilservaringe. Tweedens was die gedagte dat hierdie groepies vromes (collegia pietatis) as "klein kerkies" in die kerk moes funksioneer - ekklesiola in ekklesia - maar dit het dikwels aanleiding gegee tot sektevorming.

Die invloed van die Piëtisme, was wyd en verreikend. Vir bykans 2 eeue, in tye waar rasionalisme en liberalisme dikwels die kerk verlam het en godlose filosofieë grootliks veld gewen het, was dit dikwels die Piëtisme wat 'n kampvegter was vir die ortodoksie en die persoonlike waarhede van die Bybel bewaar het. Die invloed van die Piëtisme was aanvanklik veral in die Lutherse kerke, maar het ook uitgebrei na die ander kerke van die Hervorming en het selfs 'n beperkte invloed in die Roomse kerk gehad.[7]

Meer belangrik met die oog op hierdie studiestuk is die verband wat die Piëtisme met die Pinksterbeweging het. Alhoewel die deurlopende verband weldra duidelik sal word, noem ons in kort net die volgende: Die Piëtisme het 'n bepalende invloed op die leer en lewe van John Wesley en die beweging wat hy begin het, gehad. Die Wesleyaanse leer en invloed was op sy beurt weer baie belangrik in die ontstaan van die $2^{e}$ Evangeliese Ontwaking in die middel van die $19^{e}$ eeu en die daarmee gepaard-

7. Clyde L. Manschreck, op. cit., p. 292.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaande opkoms van die Heiligheidsbeweging. Van die Heiligheidsbeweging kan gesê word dat dit een van die belangrikste bodems en voedingsbronne was waarop en waaruit die Pinksterbeweging ontstaan het.

Alhoewel die Pinksterbeweging vandag nie orals ewe veel Piëtisties gekleurd is nie, kan die indirekte invloed van die Piëtisme in die ontstaan van die Pinksterbeweging duidelik gesien word. Ons sal ook in bogenoemde volgorde die ander voorbereidende bewegings in die res van hierdie hoofstuk behandel.

Om hierdie gedeelte oor die Piëtiste af te sluit, kan ons miskien enkele dinge noem wat deur beide die Piëtiste en die Pinksterbeweging beklemtoon word. Eerstens is daar die feit dat elke lidmaat moet kan getuig van 'n persoonlike bekering. Hiermee saam die belangrikheid van 'n persoonlike ontmoeting met God. Die Pinksterbeweging verwaarloos nie die objektiewe heilsgebeure nie en maak ook nie die subjektiewe ervaring normatief nie, maar gevoel, emosie en belewenis word nie deur die Pinkstergelowige as onbelangrik of ongewens beskou nie. Ander ooreenkomste is die klem op heiligmaking, asook die belangrike plek wat geestelike liedere en sang inneem. Soos die Piëtiste is die Pinksterbeweging deurgaans baie sendingbewus. Ook die individuele gerigtheid en die klem wat op die gelowige en sy persoonlike getuienis val, is punte van ooreenkoms.

Alhoewel die Pinksterbeweging hierdie dinge nie eerstehands van die Piëtiste oorgeneem het nie, is dit tog op 'n wyse in die gang van die geskiedenis gedeponeer sodat dit as 'n erfenis vir latere geslagte bewaar is - 'n erfenis wat later deur die Pinksterbeweging oorgeneem is.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.4 John Wesley en die Eerste Evangeliese Ontwaking

As ons persone moet uitsonder wat 'n belangrike rol gespeel het in die voobereiding vir die koms van die Pinksterbeweging, sal John Wesley een van hulle wees - al het hy heelwat meer as 'n 100 jaar voor die tyd gelewe. Wesley, en tot 'n groot mate ook George Whitefield en Jonathan Edwards, was die mees prominente leiers van 'n herlewing wat in die 18^e^ eeu in verskillende lande voorgekom het, met Amerika en Engeland as die belangrikste. Hierdie herlewing word die Evangeliese Ontwaking genoem, of meer besonder die Eerste Evangeliese Ontwaking omdat 'n volgende groot herlewing in die 19^e^ eeu as die Tweede Evangeliese Ontwaking bekend staan.

Alhoewel hierdie ontwaking wyd oor die Protestantisme voorgekom het, het dit tog duidelik onderskeibare kenmerke gehad. Dit was tipies Protestants en het die gesag van die Skrif, saligheid deur die geloof alleen, sowel as die priesterskap van alle gelowiges sterk beklemtoon. Wat besonder belangrik was, is dat daar veel gemaak is van 'n persoonlike religieuse ondervinding. Die ontwaking was verder sterk missionêr ingestel.

Hierdie Evangeliese ontwaking met John Wesley aan die spits, is vanuit Pinksteroogpunt deel van 'n Goddelike strategie en beplanning om die klimaat vir die ontstaan van die Pinksterbeweging voor te berei. Leslie Davison, 'n prominente leier in die Amerikaanse Metodiste kerk en self 'n pentekostalis, sien hierdie verband soos volg: "Looking back over the last two hundred and fifty years of Christian history, one can trace a strategy of God, a divine and providential order by which the foundations of the twentieth century charismatic movement were firmly

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

laid down in the rediscovery of the dimension of the Spirit through the evangelical revival ..... I doubt whether there would have been any Pentecostal Movement today, apart from the eighteenth century revival of interior religion."[8] Hierdie laaste stelling van Davison is miskien 'n bietjie te sterk gestel maar dui nogtans op die groot betekenis van die 1[e] Evangeliese Ontwaking.

Voordat daar na 'n paar belangrike punte in hierdie verband gekyk word, net enkele gegewens i.v.m. John Wesley. John Wesley (1703 - 1791), was een van 'n baie groot gesin. Hy was as jong student baie ywerig en bekwaam en was vertroud met 'n hele aantal tale, klassiek en modern. John, sy broer Charles en 'n paar vriende het 'n soort groepreelletjie (Holy Club) gevorm met die oog op studie en geestelike gemeenskap. A.g.v. hulle gedissiplineerde gewoontes en gebruike het hulle die bynaam "Metodiste" gekry. Dit het dan ook die naam gebly vir die wêreldwye beweging wat deur die toedoen van John Wesley begin is.

Wesley self is in 1728 as priester van die Anglikaanse kerk georden. Alhoewel hy later verbied is om in die kerk te preek, wou hy nooit met die kerk breek nie en het tot die dag van sy dood 'n lidmaat gebly. Hy het ook sy volgelinge aangemoedig om die sakramente in die kerk te ontvang. Eers na sy dood is die Metodiste kerk amptelik gestig.

In 1735 vertrek John en Charles na Georgia om sendingwerk onder die Indiane te doen. Die gebeure oppad is welbekend. Die hewige storm en sy verbasing toe hy die kalmte, vrede en vreesloosheid van 'n groepie Morawiërs (Piëtiste) in die aangesig van die dood aanskou. Hy het iets

8. Leslie Davison, op. cit., p. [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die godsdiens van die Morawiërs opgemerk, wat by hom ontbreek het. In gesprek later met die leier van die Morawiërs, Spangenberg, het laasgenoemde hom onomwonde gevra: "Ken jy Jesus Christus?" Al wat John kon antwoord was: "Ek weet dat Hy die Saligmaker van die wêreld is", waarop Spangenberg hom gevra het: "Dit is waar ja, maar weet jy of Hy jou gered het?" Ten spyte van 'n gebrek aan innerlike versekering het die Wesleys ywerig in die jong kolonie gewerk. Hulle het egter nie veel sukses gehad nie en toe hulle in 1736 terugkeer laat hulle slegs 'n klein groepie Christene agter. Wat het Wesley uit hierdie sendingreis geleer? Hy gee self die antwoord daarop: "I left my native country in order to teach the Georgian Indians the nature of Christianity. But what have I learned myself in the meantime? Why, what I the least of all expected, that I who went to America to convert others was never myself converted to God."[9]

Terug in London het John en Charles verder raad en leiding gaan vra by 'n lid van die Morawiërs. Hy het met hulle gepraat oor selfoorgawe, onmiddellike bekering en die vreugde van 'n bewustelike saligheid. Kort daarna op 21 Mei 1738 by 'n informele Anglikaanse byeenkoms te Aldersgate, het John, terwyl daar uit Luther se kommentaar op Romeine voorgelees word, 'n besondere geestelike ervaring gehad wat hy as sy bekering beskou het.

Hierna wou Wesley meer van die Piëtiste weet. Hy gaan na Duitsland en vertoef 'n paar dae saam met Zinzendorf op Hernnhut. Alhoewel hy krities was oor sommige dinge, het hy heelwat van die Morawiërs geleer en oorgeneem. Die ooreenkomste sal weldra duidelik blyk.

9. *Ibid.*, p. 57.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die res van sy bediening sal ons nie veel verder sê nie. Ons het reeds in die vorige hoofstuk gelet op sy groot evangeliedienste, die talle bekerings en emosionele en fisiese verskynsels. Feit is dat tydens sy lang en geseënde bediening tienduisende mense vrede met God gemaak het. Ons sal egter in die volgende paragrawe let op enkele aspekte in die lering en bediening van Wesley waardeur die wieg vir die heiligheidsbeweging en tot 'n mate ook vir die ontstaan van die Pinksterbeweging voorberei is.

Die eerste saak van belang hier en iets wat ook ooreenstemming toon met die Piëtisme, is dat elke ware Christen 'n innerlike hartservaring met God moes gehad het. Dit begin by 'n bewustelike bekering en bring mee 'n daaglikse noue wandel met God. Soos by die Piëtiste is die gevoel, die ervaring, baie belangrik. Die volgende aanhaling in Wesley se eie woorde beskryf sy bekeringsondervinding te Aldersgate, terwyl Luther se kommentaar op Romeine voorgelees is. Let op die gebruik van die woordjie "felt." "About a quarter before nine, while he (Luther) was describing the change which God works in the heart through faith in Christ, I felt my heart strangely warmed. I felt I did trust in Christ, Christ alone for salvation; and an assurance was given me that he had taken away my sins, even mine, and saved me from the law of sin and death."[10]

Hieruit spruit die belangrike Metodiste leerstelling oor Versekering (Doctrine of Assurance.) Wat die Metodiste bedoel met hierdie gevoel en sekerheid van saligheid, is die getuienis van die Heilige Gees in die gelowige - 'n getuienis wat bewustelik ervaarbaar is. Wesley het dit onomwonde gestel: "Those who perceive it not, have it not."[11]

10. K.S. Latourette, op. cit., p. 1025.
11. Leslie Davison, op. cit., p. 58.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In daardie tyd waar die Verligting met sy koue rasionalisme in volle swang was, is Wesley en die Evangeliese Ontwaking dikwels daarvan beskuldig dat hulle teen die rede en intellek is. Wesley (wat self 'n geleerde man was), het sulke aantygings sterk afgewys. Vir hom is die rede deel van die godsdiens. Die rede moes daar wees, maar ook die gevoel en ervaring: "But the evangelical leaders unashamedly restored feeling to its rightful place. For them the essence of religion was the felt personal experience of God, not merely intellectual assent to creeds."[12]

Omdat die hart die simboliese sentrum van die gevoel is, is dit nie vreemd dat die woordjie "hart" algemeen in die prediking en liedere van die vroeë Metodiste voorgekom het nie. In die huidige Metodiste sangboek is 300 liedere gedig deur Charles Wesley. In helfte hiervan kom die woord "hart" ten minste een keer voor en in sommige van hulle 'n hele aantal kere.

Hierdie leer van Wesley oor bewustelike bekering, 'n persoonlike ontmoeting en geloofsekerheid, kom onder andere duidelik na vore in die geloofsleer van die Pinksterkerke.

Die volgende baie belangrike aspek van die leer van Wesley is heiligmaking of heiliging (sanctification). Hierdie heiligheidsleer is die hart en onderskeidende kenmerk van die Metodistiese herlewing. "It is not always appreciated by theologians that the Eighteenth Century Awakening arose directly out of a rediscovery of the biblical doctrine of holiness."[13] In die dieptestudie wat die Wesleys van die Bybel gemaak het, was hulle verbaas hoe duidelik én hoe baie die Bybel oor heiligmaking praat.

12. *Ibid.*, p. 77 en 78.
13. *Ibid.*, p. [illegible]3.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wesley het heiligmaking deels gesien as 'n krisiservaring, 'n tweede genadewerking van God naas jou bekering. Volgens Wesley is die oombliklike genadewerking van God waardeur Hy heiliging bewerk egter nie 'n afgehandelde saak nie; daar is ook 'n proses van groei in heiligheid. Daar is 'n oënskynlike konflik tussen hierdie onmiddellike en geleidelike heiligmaking of vervolmaking. Die volgende aanhaling van Davison verduidelik egter Wesley se siening baie mooi: "But by instantaneous holiness he did not mean perfection in the sense of the goal attained, but rather the perfection of a new born child who has yet to grow to maturity. He wrote in his sermon on 'The New Birth', 'A child is born of a woman in a moment, or at least in a very short time: afterward he gradually and slowly grows till he attains to the stature of a man. In like manner, a child is born of God in a short time, if not in a moment. But it is by slow degrees that he afterward grows up to the measure of the full stature of Christ.'"[14]

In hierdie ondervinding na jou bekering, hierdie tweede genadewerking wat Wesley "sanctification" noem, lê die groot betekenis van Wesley vir die ontstaan van die Pinksterbeweging. Hy is die eerste persoon in 'n lang ruk wat 'n duideiik onderskeibare geestelike ondervinding na jou bekering verkondig. Die Heiligheidsbeweging in die tweede helfte van die 19$^{e}$ eeu het hierdie leer van Wesley oorgeneem en verder uitgebou. Hulle het gepraat van 'n "second blessing". Daar was dus by baie 'n mate van begrip en openheid vir die Pinksterstandpunt oor die vervulling met die Heilige Gees. Alhoewel die twee ondervindings (Wesley en die Heiligheidsbeweging se "sanctification" en die Vervulling met die Heilige Gees) nie identies is nie, is daar tog aspekte wat ooreenstem. Ons sal weldra verder hierop ingaan.

14. Ibid., p. 68.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.5 Die Tweede Evangeliese Ontwaking

Die 19$^{e}$ eeu was 'n eeu van vele fasette. Dit was die eeu wat geboorte gegee het aan vele godlose filosofieë en ideologieë. In vele kerklike kringe was dit 'n tydperk gekenmerk deur geestelike louheid, ongekende rasionalisme en liberalisme. Maar aan die ander kant was dit ook 'n tydperk van vele geestelike herlewings veral in Amerika, maar ook in verskillende ander dele van die wêreld.

Van een van hierdie geïsoleerde 19$^{e}$-eeuse herlewings het ons alreeds in die vorige hoofstuk melding gemaak. Dit is naamlik die herlewing rondom Edward Irving. Hierdie beweging het egter spoedig die Skrif as hoogste bron en maatstaf van gesag prysgegee ter wille van hulle selfaangestelde apostels. Daarmee het ook die gawes van die Gees wat aanvanklik by hulle voorgekom het, verdwyn. Dit is nodig om dit hier net duidelik te stel dat, al het daar by hulle ontstaan sekere charismatiese verskynsels voorgekom, hulle hoegenaamd nie deel is van die Pinksterbeweging nie. Daar is op geen manier enige verband tussen die Katolieke Apostoliese kerk (die Apostelkerk) en die ontstaan van die Pinksterbeweging in die algemeen of die A.G.S. van S.A. in die besonder nie.

Die herlewing wat egter die wyd verspreidste voorgekom het, die lankste geduur het en die meeste blywende vrugte gehad het, was die 2$^{e}$ Evangeliese Ontwaking wat teen 1857/8 in Amerika begin het. Dit het spoedig uitgebrei na veral die Britse Eilande, maar ook na Switzerland, Skandinawië en Suid-Afrika. Alle Evangeliese kerke in die betrokke lande het by die herlewing gebaat. Baie beskou hierdie herlewing as God se antwoord op die vloedgolf van liberalisme en rasionalisme wat baie kerke geteister het.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die man wat veral deur die Here gebruik is om hierdie herlewing te inisieer, was Charles Grandison Finney (1792 - 1875). Finney was aanvanklik 'n regsgeleerde, maar het na sy bekering in 1821 in die Presbiteriaanse bediening gegaan waar hy spoedig 'n bekende evangelis geword het. In 1835 word hy Professor in Teologie in Oberlin, Ohio. Dit het hom gekwel dat baie Christene se lewens geen groei toon na hulle aanvanklike bekering nie. Dit het Finney tot die oortuiging laat kom dat daar 'n ondervinding na bekering moet wees wat 'n mens in staat stel om heiligmaking uit te kan lewe. Hy praat in hierdie verband van die vervulling met die Heilige Gees. Dit hou verband met Wesley se "sanctification." Finney verkondig dat die Heilige Gees doop/vervulling 'n ondervinding is (onderskeie en losstaande van jou wedergeboorte), waardeur heiligheid aan jou gegee word.

Min of meer in hierdie tyd (1845 - 1855) was daar 'n opmerklike geestelike verval in Amerika. Baie mense is in daardie dae teleurgestel in die godsdiens, onder andere a.g.v. George Miller se mislukte voorspellings in verband met Christus se wederkoms. (Hy het eers voorspel dat Christus op 23 April 1843 gaan kom, daarna weer 22 Maart 1844.) Verder het die slawekwessie en die politieke stryd in daardie tyd ook tot hierdie geestelike verval meegewerk. Gedurende 1855 was daar veral in New York, groot finansiële krisisse wat baie mense in paniek gedompel het. Besigheidsmense het bankrot gespeel en selfmoorde het algemeen voorgekom. So 'n toestand het baie mense weer aan hulle geestelike toestand laat dink.[15]

Die 1858 herlewing was deur en deur 'n gebedsherlewing. (Dit was ook in S.A. die geval). Dit was veral Finney wat die mense tydens sy

15. David A. Womack, <u>op. cit.</u>, p. 80.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veldtogte tot gebed aangespoor het. Gebedsgroepe is orals gevorm. Veral tydens etensure het duisende gebedsgroepe regoor Amerika bymekaar gekom. Mense uit verskillende kerke was saamgebind deur 'n gees van gebed. Hierdie herlewing word ook die "layman's revival" genoem omdat dit nie soseer kerkleiers is wat die belangrike rol gespeel het nie maar gewone gelowiges.

Slegs 'n jaar later het hierdie herlewing ook in Ulster en daarna in die res van die Britse Eilande uitgebreek. Waar die herlewing in Amerika nie met massahisterie en oormatige emosionalisme gepaard gegaan het nie, was dit nie die geval in Ulster nie. In opelugbyeenkomste waar duisende mense saamgekom het, het mense op die grond geval, in 'n staat van bewusteloosheid verkeer, en ander emosionele en fisiese verskynsels het voorgekom. Hoe ook al sy, tienduisende mense het tot bekering gekom.

Wat was die resultate en gevolge van hierdie herlewing? In Amerika het meer as 'n miljoen mense tot bekering gekom. In die Verenigde Koninkryk is daar ook 'n miljoen mense tot die Evangeliese kerke bygevoeg.[16] Die herlewing het groot ekumeniese betekenis gehad. Daar was 'n ongekende samewerking en betoning van liefde tussen die verskillende Evangeliese kerke.

Elke herlewing gee geboorte aan nuwe liedere. Dit was ook die geval met die 1858 herlewing. Vanuit Pinkster oogpunt is dit belangrik want baie van die liedere wat tydens daardie herlewing ontstaan het, was baie geliefd en is algemeen gesing sedert die ontstaan van die Pinksterbeweging.

16. J. Edwin Orr, **The Second Evangelical Awakening in Britain**, p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Edwin Orr[17] noem nog twee verdere belangrike gevolge van hierdie ontwaking. Hierdie gebedsherlewing was ook die direkte oorsaak vir die ontstaan van die bediening van Dwight Lyman Moodie. Orr noem hom die grootste enkele produk van die herlewing. Veral na 1873 het hy groot invloed uitgeoefen in beide Amerika en Brittanje. Daar sal weldra iets meer oor hom gesê word.

Die ander gevolg wat Orr noem en wat veral vanuit die oogpunt van hierdie studie belangrik is, is die invloed wat die 2$^{e}$ Evangeliese Ontwaking op die ontstaan van die Pinksterbeweging gehad het. Hierdie ontwaking het in wisselende mates in verskillende lande vir ongeveer 50 jaar voortgeduur. Op 'n indirekte wyse het dit die ontstaan van die Pinksterbeweging aan die begin van die 20$^{e}$ eeu gestimuleer.

Orr wys ook op die kousale verband tussen hierdie en vorige herlewings soos wat vroeër reeds in hierdie studiestuk aangedui is: "Without the sixteenth century Reformation and seventeenth century Puritanism" (en parallel daarmee die Piëtistiese Beweging op die vasteland van Europa), "there could have been no eighteenth century Rivival" (dit is die herlewing onder John Wesley, Jonathan Edwards en George Whitefield). "In the same way the nineteenth century Awakening was dependent upon its predecessors in kind and time."[18] Ons kan hierby voeg dat hierdie lyn van herlewings wat in kousale verband met mekaar staan en wat op mekaar ingewerk en gevolg het, ook verder deurgetrek kan word tot by die ontstaan van die Pinksterbeweging aan die begin van die 20$^{e}$ eeu. Alhoewel die Pinksterbeweging nie bloot 'n verlengstuk van hierdie herlewings en ontwakings is nie, het dit tog voorbereidend ingewerk op sy ontstaan.

17. J. Edwin Orr, **The Second Evangelical Awakening in America**, p. 154-155.
18. Ibid., p. 157.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is reeds verwys na Moodie (1837 - 1899). As jongman het hy hom te midde van die gebedsherlewing in Chicago geroepe gevoel om die Evangelie te verkondig. As uitstaande evangelis het hy in die laaste kwart van die 19$^{e}$ eeu wêreldwye invloed in die Evangeliese kerke uitgeoefen. Hy het ook tussen 1872 en 1892 by drie geleenthede lang herlewingsveldtogte in Brittanje gehou. Al was hyself nie geleerd nie, het hy 'n besondere inslag onder die studente gehad. In Brittanje en vir die grootste deel van sy bediening, is hy vergesel deur die bekende sanger Ira Sankey. "With deep conviction and with emotional feeling he made popular 'Gospel hymns' a means of stirring audiences, large and small."[19]

In verband met hierdie herlewingsveldtogte sê Möller die volgende: "Dwight L. Moody en Sankey (en ook manne soos Sunday, Gipsy Smith, e.a.) het met hulle opwekkingsveldtogte in die V.S.A., Engeland, en elders, 'n patroon van herlewing voorgestel waarby die ondervindelike, gepaard met emosionele uitinge aan die orde van die dag was. Dit het ook help vorm aan die geestesagtergrond waaruit die Pinksterbeweging ontstaan het."[20]

Die belangrike rol wat Moody met die oog op die ontstaan van die Pinksterbeweging gespeel het, is dus dat hy soos Finney en ook die latere dr. R.A. Torrey 'n geestelike ondervinding na bekering beklemtoon het. Ook hy het dit die "doop met die Heilige Gees" genoem. "Both Moody and, later, Torrey in counselling work stressed the promise that a further experience of grace which they called 'the Baptism of the Spirit' awaited the believer and they urged their converts to seek it diligently."[21]

19. K.S. Latourette, op. cit., p. 1255.
20. F.P. Möller, op. cit., p. 13.
21. Leslie Davison, op. cit., p. 84.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ons vind dus dat die doop of vervulling met die Heilige Gees teen die einde van die 19e eeu deur sekere belangrike persone al hoe meer beklemtoon en duideliker omlyn word. Die groot probleem was om 'n kriterium te vind waaraan hierdie tweede krisis-ondervinding gemeet kan word. Hierdie onsekerheid sou uit die weg geruim word by die ontstaan van die Pinksterbeweging.[22]

## 2.6 Die Heiligheidsbeweging

Van al die persone en groepe wat 'n voorbereidende rol gespeel het in die ontstaan van die Pinksterbeweging, kan die Heiligheidsbeweging seker as een van die belangrikste beskou word. Dit word allerweë onder Pinksterhistorici erken.[23] Dit was deels 'n reaksie- en deels 'n herlewingsbeweging wat veral na die burgeroorlog in Amerika (1861 - 1865) begin het. Dit was veral in Amerika en tot 'n mindere mate in Engeland en Europa waar hierdie beweging voorgekom het. Waar lê die worteis van die Heiligheidsbeweging? Tot 'n groot mate in die leer van John Wesley - daarom het die meeste lede van hierdie beweging aanvanklik uit die Metodiste kerk gekom. Ook het daar heelwat mense wat verbonde was aan die Keswickkonferensies (waaroor ons later 'n woord sal sê) sowel as lede van die Heilsleër, by die beweging aangesluit. Baie lede uit ander evangeliese kerke wat op soek was na dieper ondervindinge in hulle geestelike lewens, het ook mettertyd by die Heiligheidsbeweging aangesluit. Ongetwyfeld het die 2e Evangeliese Ontwaking ook hierto bygedra.

22. Walter J. Hollenweger, **The Pentecostals**, p. 21.
23. Vergelyk bv. in die verband:
David A. Womack, op. cit., p. 83.
Michael Harper, op. cit., p. 25.
Morton T. Kelsey, op. cit., p. 70.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die faktore wat tot hierdie beweging aanleiding gegee het, is meervoudig. Reeds sedert die 18[e]-eeuse Verligting vind ons dat die indiwidu steeds meer en meer bevry word van die oorheersing van die staat en die kerk. In die 19[e] eeu was die mense nog meer vry om die godsdienstige weg in te slaan wat hulle verkies. In die 2[e] helfte van die 19[e] eeu was daar 'n paar ontwikkelinge en gebeurtenisse wat baie van die protestantse kerke verwar en op sleeptou geneem het. Hierdie ontwikkelinge het veral verband gehou met die steeds sterker wordende neiging tot rasionalisme, materialisme en liberalisme. Ons dink hier bv. aan Darwin se ewolusieteorie wat die wêreld skielik oorspoel het en aan Sigmund Freud se rewolusionêre sielkundige teorieë. Dit was ook in hierdie tyd dat Horace Bushnell se "Christian Nurture" populêr onder baie Protestante geword het. Volgens hierdie boek het die kind wat in 'n Christelike omgewing groot word geen bekering nodig nie. Tegelykertyd het die Hoëre Kritiek veld gewen. In die lig hiervan en ander wetenskaplike ontdekkings het baie Christene nie meer geweet wat om te glo in die Bybel nie. Gepaardgaande hiermee was die opkoms van die "social Gospel" wat die kwessie van 'n persoonlike verhouding en ondervinding met God nog verder vertroebel het. Die industriële rewolusie en die burgeroorlog in Amerika het hulle eie morele, maatskaplike en ekonomiese probleme teweeggebring.

Teen hierdie agtergrond het die Heiligheidsbeweging ontstaan. Hulle het ook die vryheid van spraak, denke en godsdiens benut om hulle oortuigings bekend te maak. Teenoor die felle kritiek teen die Bybel, het hulle onwrikbaar aan die Goddelike inspirasie en onfeilbaarheid van die Bybel as die Woord van God vasgehou. Teenoor kerke en mense wat meegesleur was deur die rasionalisme en liberalisme en wat nie die nodigheid van bekering ingesien het nie, het hierdie "Heiligheids-christene" verklaar dat elke ware Christen 'n persoonlike en indiwiduele bekeringsondervinding moet hê.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teenoor baie kerke wat slegs 'n "social Gospel" verkondig het, wat "evolution over enthusiasm"[24] verkies het, het die Heiligheidsbeweging die alternatief van 'n hartsverandering voorgehou, 'n entoesiastiese godsdiens in die plek van die wêreldsheid en koudheid in baie kerke.

Die Heiligheidsbeweging het aanvanklik as 'n interkerklike beweging van evangeliese gelowiges bestaan. Sommige evangeliese kerke soos die "Methodist Episcopal Church" het in 1870 dit verwelkom dat van hulle lede die heiligheidsgedagtes najaag as 'n teëvoeter vir die algemene lae geestelike standaard, maar 24 jaar later het dieselfde kerk hierdie beweging afgewys. Al hoe meer ernstige gelowiges het hulle by hierdie beweging aangesluit. Kelsey stel dit soos volg: "They found religious experience here, and expression of man's religious emotions, which was simply not provided for in most of the conventional churches. At first the movement remained interdenominational, but as the opposition to Holiness practice and doctrine increased among orthodox protestants, groups of people who had found the Holiness movement more meaningful than their traditional churches banded together to form Holiness churches."[25] Die eerste algemene kampkonferensie van die National Holiness Movement is gehou te Vineland, New Jersey, in 1867.[26]

Met die oog op die ontstaan van die Pinksterbeweging, is dit veral belangrik dat die Heiligheidsbeweging ook 'n tweede ondervinding of genadewerking na bekering beklemtoon het. Dit was natuurlik nie iets nuuts nie, soos daar reeds vroeër in hierdie hoofstuk gesien is. (vgl. Wesley, Finney, Moody en Torrey). Deur hierdie "second blessing", ook

24. Morton T. Kelsey, <u>op. cit</u>., p. 72.
25. <u>Ibid</u>., p. 72 en 73.
26. <u>Ibid</u>., p. 72.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

genoem "sanctification" (wat gewoonlik die vorm van 'n geestelike krisisondervinding aangeneem het) word die vermoë aan 'n mens gegee om 'n moreel volmaakte lewe te lei.

Daar is reeds genoem dat die Pinksterbeweging nie bloot 'n verlengstuk van hierdie herlewings en in die besonder die Heiligheidsbeweging is nie, maar deur sy leer en lewe het laasgenoemde beweging tog die wieg vir die Pinksterbeweging help voorberei. Al hoe meer mense het die Skrif begin ondersoek i.v.m. hierdie 2e ondervinding naas bekering en begin wonder of dit dieselfde is as die Bybelse vervulling met die Heilige Gees en of die vervulling met die Heilige Gees nie iets meer is as heiligmaking nie. Dit het by baie 'n verwagting en 'n openheid gebring vir dit wat die Here dalk nog wil doen. Dit is daarom nie verbasend dat van die belangrikste leiers van die vroeë Pinksterbeweging sowel as talle van die eerste lidmate aanvanklik lede was van die Heiligheidsbeweging nie "........... the charismatic movement developed out of sharp and bitter disappointment with 'dry formal religion' in soil prepared by the holiness and revivalist preachers".[27]

Voordat ons hierdie gedeelte oor die Heiligheidsbeweging afsluit, moet nog die Christian and Missionary Alliance vermeld word. Hierdie beweging het aanvanklik in 1887 as 'n nie-kerklike aksie en as deel van die Heiligheidsbeweging ontstaan. Van die begin af was hierdie beweging baie positief ingestel teenoor die gawes van die Heilige Gees en 'n aantal van hulle leiers het selfs die gawe van spreke in tale deelagtig geword. Alhoewel hierdie beweging self nooit deel van die Pinksterbeweging geword het nie, het hulle tog 'n voorbereidende rol gespeel deurdat hulle baie mense gunstig beïnvloed het deur hulle simpatieke,

27. Leslie Davison, *op. cit.*, p. 86.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begrypende en verdraagsame gesindheid met die onstaan van die Pinksterbeweging. Die Christian and Missionary Alliance het ook 'n belangrike rol gespeel daarin dat uit hulle geledere 'n hele aantal persone gekom het wat leidende figure in die Pinksterbeweging geword het.

## 2.7 Die Keswick-konferensies

Deels a.g.v. die bediening van Finney en later Moody, en deels a.g.v. die invloed van die Heiligheidsbewegings, het daar in die 2$^{e}$ helfte van die vorige eeu onder baie gelowiges in Brittanje 'n nuwe belangstelling ontstaan in heiligmaking, toewyding en die doop met die Heilige Gees. Na aanleiding hiervan het 'n paar manne gevoel dat die antwoord hierop is dat 'n jaarlikse konferensie gehou moet word.

Die vaders van hierdie konferensies was Evan Hopkins, T.D. Harford-Battersby en F.B. Meyer. Hulle het die eerste konferensie in 1875 gehou. Die jaarlikse plek van samekoms was te Keswick, in die Lake Distrik, in Cumberland. Hierdie konferensie (en ander soortgelykes in ander wêrelddele) het jaarliks selfs tot in die 20$^{e}$ eeu vergader. Alhoewel hierdie konferensies aanvanklik ietwat skepties bejeën is deur baie ortodokse, evangeliesgesinde kerke en gelowiges, het dit al meer 'n krag onder evangeliese gelowiges geword.[28]

Die doel van hierdie konferensies was om Christene uit alle kerke aan te spoor tot 'n verdieping in hulle geestelike lewe. Die hooftema was volkome oorgawe aan Christus.[29] Sprekers het baie klem gelê op die noodsaaklikheid van die vervulling met die Heilige Gees en 'n lewe van heiligmaking. Die brandende vraag by hierdie konferensies was of die Here nie in hierdie dae weer die wonder van "Pinkster" aan Sy kerk wil teruggee nie.[30]

28. K.S. Latourette, op. cit., p. 1167.
29. Leona Choy, **Andrew Murray**, p. 176.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie konferensies het ongetwyfeld 'n rol gespeel in die voorbereiding vir die Pinksterbeweging. Mense het van hierdie konferensies weggegaan en gehonger na nog meer, 'n dieper en voller "Pinkster" lewe. Vir baie van hierdie mense het die Pinksterbeweging gebied waarna hulle gesoek het. Heelwat mense is dus ook deur die Keswickkonferensies voorberei vir Pinkster.

Ter afsluiting van hierdie gedeelte oor die Keswickkonferensies, moet genoem word dat die bekende Suid-Afrikaanse predikant, dr. Andrew Murray, 'n baie pertinente rol in hierdie konferensies gespeel het. Ons sal later meer hieroor sê.

## 2.8 Die Sionistebeweging van John Alexander Dowie

Ons het genoem dat die Heiligheidsbeweging een van die belangrikste voorbereidende faktore in die ontstaan van die Pinksterbeweging was. Alhoewel die Sionistebeweging geografies meer beperk was, het dit eweneens 'n belangrike voorbereidende rol gespeel. Van alle ander lande het die Sionisme seker in Suid-Afrika die belangrikste rol gespeel in die voorbereiding vir die ontstaan van die Pinksterbeweging. Dit word in 'n latere hoofstuk volledig bespreek.

Laat ons dan eerstens na die stigter van hierdie beweging kyk. John Alexander Dowie[31] is in 1847 in Edinburgh, Skotland gebore. Hy het reeds in 1860 as jong seun na Australië geëmigreer waar hy by sy oom gaan bly het. Hy kom daar in 'n opelugdiens tot bekering. Hy keer vir 'n wyle na Skotland terug waar hy van 1869 - 1872 in die teologie studeer. In 1872 word hy 'n predikant van die Congregational Church in Australië en in 1878 'n onafhanklike evangelis. In 1882 begin hy sy eie

30. F.P. Möller, op. cit., p. 12.
31. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. 116-118.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeente en bou 'n tabernakel in Sydney. Hy ontvang baie teëstand van kerkleiers. Hy was op 'n keer selfs gevange geneem omdat hy sonder toestemming opelugdienste gehou het.

Hy was van meet af 'n onverbiddelike teenstander teen die gebruik van alkohol en tabak en het 'n langdurige stryd teen die drankmaatskappye gevoer. Die drankvervaardigers het selfs 'n bom in sy kerk laat ontplof. Deur 'n visioen is Dowie betyds gewaarsku en het so die aanslag op sy lewe ontkom.

In die tagtigerjare breek 'n groot epidemie in sy omgewing uit. Die magteloosheid van die dokters en die verklarings van predikante dat hierdie plaag die wil van God is, bring hom in opstand en noop hom om die Bybel deeglik in hierdie verband te ondersoek. Hy kom tot die oortuiging dat siekte nié van God kom nie en dat die gawe van Goddelike genesing nie net vir die vroeë kerk bedoel was nie. Hy begin daarna met oorgawe en geloof vir sy siek lidmate bid en volgens getuienis het nie een van sy gemeentelede verder aan hierdie gevreesde epidemie gesterf nie.[32]

In hierdie tyd van Skrifondersoek kom hy verder tot die oortuiging dat die suigelingsdoop onskriftuurlik is en dat die Bybelse doop die doop van gelowiges deur drievoudige onderdompeling is. As gevolg van bogenoemde oortuigings ontvang hy nog meer teëstand. In 1888 vertrek hy na Amerika om sy bediening daar voort te sit.

Hy laat bou 'n reuse "Sions - Tabernakel" in Chicago. Die bonatuurlike genesing van honderde mense maak hom spoedig welbekend en tussen 3 000 - 7 000 mense stroom met elke diens na die tabernakel. Een uitstaande genesing wat veel opspraak verwek het, was dié van die neef van die president van die V.S.A., Abraham Lincoln, wat in 'n sterwende toestand gebring is en volkome genesing ontvang het. Hy ontvang baie

32. "Short History of the Work", Artikel in the Comforter, Mei 1948, p. 3.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenstand van dokters en teoloë, maar met die tyd moes die teoloë hulle teologie ietwat verander.[33]

Teen 1896 is Dowie oortuig dat hy 'n heilige Sionsstad moet bou, "....... an industrial city without any institutional links with sin, disease and poverty. In Zion, Ill., there should be neither liquor stores, theatres, pork abbatoirs, doctors nor hospitals; the latter were in any case unnecessary in the holy city. Instead a vast temple for 25 000 people was built ......."[34] Hierdie droom het dan ook spoedig waar geword. Hy noem die kerk wat hy daar stig die Christian Apostolic Catholic Church in Zion. Hy publiseer vanaf 1896 'n gereelde nuusblaadjie - Leaves of Healing - waarin vele getuienisse en leringe oor Goddelike genesing in verskyn. Hierdie blaadjie het die belangstelling van baie geprikkel en vele mense (ook in Suid-Afrika) voorberei om die Pinksterbeweging te aanvaar - later meer daaroor.

Ongelukkig het Dowie as gevolg van die roem, eer en publisiteit in die eeueoue strik geval. 'n Grootheidswaan het van hom besit geneem en in Junie 1901 verbyster hy sy eie mense deur aan te kondig dat hy Elia is wat teruggekeer het. In hierdie tyd begin hy ook gereeld 'n pragtige kleed dra soos die hoëpriester in die Ou Testament. Verregaande uitsprake en aansprake word deur hom gemaak.

In 1905 laat 'n beroerteaanval hom half verlam. Sy Sionstad is in 'n finansiële krisis en Dowie word as leier afgesit. Sy opvolger was Willson Glen Voliva. Dowie sterf as 'n eensame en gebroke en siek mens in sy huis in Sionstad.

Amper 'n halfeeu later in 1949 besoek pastoor Abelines Schoeman, Algemene Sekretaris van die A.G.S. hierdie stad en berig onder andere dat die stad met 'n redelike bevolking nog daar is er dat die Sionistebeweging finansieel nog redelik sterk is. Dit het egter 'n kerk geword wat

33. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. 117.
34. Ibid., p. 117.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die verlede teer en in die verlede roem. Daar bestaan 'n baie sterk Pinkstergemeente in die stad en Dowie se pragtige groot huis is verander in 'n Pinksterbybelskool.[35]

Wat is dan nou die belangrikheid van Dowie en sy Sionisme vir die ontstaan van die Pinksterbeweging? Alhoewel Dowie self gekant wasteen die spreke in tale en daar van Sionistekant heelwat teenkanting en opposisie was teen die Pinksterbeweging, het baie lede van die Sioniste- kerk tog na die Pinksterbeweging oorgegaan en selfs leiers geword - dit was veral die geval in S.A. - soos wat ons in 'n volgende hoofstuk sal sien. Die rede lê daarin dat die Sionisme in heelparty opsigte 'n pad gebaan het vir sekere ondervindings en praktyke wat die Pinksterbeweging ook beklemtoon het.

Eerstens is daar die klem wat die Sioniste op heiligheid, afgesonderdheid van die wêreld en toegewyde lewenswandel laat val het. Veral alkohol, tabak, die eet van varkvleis en die gebruik van medisyne is met afkeer bejeën. Ons vind dan ook in die Pinksterbeweging en veral in S.A. soortgelyke oortuigings in die verband. Teen die misbruik van o.a. alkohol en tabak handhaaf die Pinksterbeweging in die algemeen ernstige besware. (Selfs die eet van varkvleis en die gebruik van medisyne was in die vroeë jare van die A.G.S. as 'n ernstige oortreding teen die Skrif beskou.) Die stand van die Pinksterbeweging teen sonde en verskillende sosiale euwels is nie net 'n blote oorname van sekere Sionistiese standaarde nie en word sekerlik op die Skrif gefundeer. Tog is die invloed van die Sionisme ten minste in sekere opsigte en in sommige Pinksterkerke nie te ontken nie.

'n Tweede belangrike voorbereidende faktor is die Sioniste se klem op Goddelike genesing. Alhoewel Goddelike genesing van die begin af spontaan een van die uitstaan kenmerke van die Pinksterbeweging was, het

35. Verslag in die Trooster, September 1949, p. 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Sionisme waarskynlik ook hierin 'n voorbereidende rol gespeel. Mense wat hierdie gawe in die Sionistekerk deelagtig geword het, het ook begin soek na die ander genadegawes wat nie in hulle kerk te vind was nie en het dit by die Pinksterbeweging gevind. Die doping in die Heilige Gees was vir baie Sionistelede die vervulling van 'n leemte en behoefte wat hulle in hulle eie kerk hehad het. Toe Dowie met sy vergesogte uitsprake kom en veral na sy dood toe die beweging baie van sy oorspronklike lewe en aantrekkingskrag verloor het, was baie lede van die Sioniste kerk eerder geneë om na die Pinksterbeweging oor te gaan. In kort kan ons sê dat dit vir lede van die Sionistekerk nie so 'n groot sprong of kloof was om te oorbrug na die Pinksterbeweging as vir dié van die meeste ander tradisionele kerke nie.

'n Derde faktor is die doopspraktyk van die Sionistekerk. Hulle het die doop van gelowiges deur onderdompeling beoefen. Ook hierdeur het hulle baie gelowiges voorberei vir die Pinksterbeweging aangesien die doop deur onderdompeling van die begin af feitlik algemeen deur die Pinksterbeweging beoefen is. Aangesien die onderdompelingsdoop deur die Pinksterbeweging aanvaar is, is daar op hierdie manier 'n geredelike oorgang van die Sioniste na die Pinksterbeweging voorberei.

Die vierde hoofstuk sal uitwys dat die Sionistekerk in die ontstaan van die A.G.S. waarskynlik 'n belangriker rol gespeel het as by enige ander Pinksterkerk. Dit geld ten opsigte van Goddelike genesing maar veral ten opsigte van die drievoudige onderdompeling.

## 2.9 Die Walliese Herlewing (1904)

Hierdie herlewing het minder as twee jaar voor die ontstaan van die Pinksterbeweging uitgebreek. Die persoon wat in die besonder deur die Here in hierdie herlewing gebruik is, was Evan Roberts. Hy was 'n

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

jong koolmynwerker, kwalik 26 jaar oud, van Loughor in Wallis. Reeds jare vantevore as 'n jong seun het hy 'n las op sy hart gehad om te bid vir herlewing.

Kort voor die herlewing het talle ander sy voorbeeld gevolg totdat omtrent 300 gebedsgroepe op verskillende plekke saamgekom het en gebid het vir herlewing. Toe skielik op 31 Oktober 1904, het die herlewing uitgebreek. "In 1903 the churches of Wales were empty. Vice was rampant. The people were godless. In 1904 Wales was swept by a mighty spiritual awakening, the churches were filled to overflowing and within two months 70 000 souls found the Lord Jesus Christ as Saviour."[36]

Die herlewing was besonder intens. Dienste het soms dag en nag voortgeduur. Mense het van ver en naby na elke beskikbare kerk gestroom. "Orals in die strate, winkels, treine en selfs kantore is die teenwoordigheid van die Heilige Gees gewaar."[37] Alhoewel Evan Roberts die besondere instrument in die hand van die Here was, het hy maar min gepreek. Sang, getuienisse en gebed was die hoofsaak. Wanneer hy wel gepreek het, was die kruis van Golgotha en sy boodskap van liefde, sy hooftema. Hy het dikwels onder groot bewoeënheid gesê dat jy nie koud en onverskillig teenoor God kan bly staan, as jy aan Golgotha dink nie.[38]

Die Heilige Gees het meegewerk met wonders en tekens. Onder andere het gevalle van glossolalie voorgekom. John G. Lake skryf as volg in 1911: "......... in many instances during the Welsh revival people

36. Artikel uit die **Trooster**, Februarie/Maart 1941, p. 15.
37. Artikel - "Soos 'n onverwagte Tornado", Uit die **Trooster** Junie 1949, p. 4.
38. Ibid., p. 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



were baptized in the Holy Ghost and spoke in tongues. In our assembly at Johannesburg there is a young Welsh missionary who testifies that he was personally acquainted with a number of these and heard them speak in tongues during the Welsh revival."[39]

Die vrugte van hierdie herlewing was ongelooflik.[40] Gesteelde goedere en geld is teruggegee. In die hofsale was geen hofsake nie. Kantiene, kroeë en teaters is gesluit. Elke boekwinkel se voorraad Bybels en Testamente is uitverkoop. Bidure is orals gehou - op treine en selfs onder in myne. Fabriekseienaars het verklaar dat hulle werknemers meer werk verrig as ooit vantevore. Die Matigheidsbond het aanskou hoedat die Heilige Gees in drie maande meer verrig as wat hulle in veertig jaar kon doen. 'n Lys van bekeerlinge is selfs in die koerante gepubliseer. Twee maande nadat die herlewing losgebars het, is 70 000 name reeds gepubliseer.

Wat was die invloed van hierdie herlewing op die ontstaan van die Pinksterbeweging? Wêreldwyd het ernstige gelowiges aan die begin van hierdie eeu gebid en gewag op herlewing. Talle wat die 2$^{e}$ Evangeliese Ontwaking (die 1860 herlewing in S.A.) gesmaak het of daarvan gehoor het, het by God gepleit om Sy kerk weer op 'n besondere wyse te besoek. Toe berigte van die Walliese herlewing ander lande begin bereik, is die verwagting nog meer gewek en is daar ernstiger gebid: "Prayer groups in many lands that had been stirred by the great Welsh Revival of 1904, now began to pray with greater zeal and expectation. Soon the reports reached around the world that 'the fire had fallen' in Europe, in

39. "The Origin of the Apostolic Faith Movement", Artikel uit The Comforter and Messenger of Hope, Mei/Junie 1911.
40. Artikel - "Soos 'n Onverwagte Tornado", Uit die Trooster Junie 1949, p. 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Africa and in Asia".[41] Mense in ander lande (ook in Suid-Afrika) het begin vra: Waarom net in Wallis? As dit daar kan gebeur, waarom nie ook hier nie? Waarom nie 'n wêreldwye herlewing nie?[42] Orals is die geloof van mense opgewek, en is die geestelike akker voorberei. Toe die Pinksterherlewing vanaf 1906 in verskillende wêrelddele opvlam, was dit in baie gevalle hierdie "voorbereide" mense wat die eerste lede van die Pinksterbeweging geword het.

In hierdie hoofstuk is daar oor 'n wye spektrum 'n prent geskilder van verskeie groepe, persone en herlewingsbewegings wat tog op 'n manier by mekaar ingeskakel het in 'n vóórspel en aanloop tot die ontstaan van die Pinksterbeweging. Vanuit Pinksteroogpunt word dit gesien as 'n Goddelike voorbereiding en voorsiening om 'n klimaat te skep wat ideaal was vir 'n vars en nuwe openbaring van Sy Pinksterkrag en heerlikheid. Inderdaad was duisende mense reg oor die wêreld voorberei en gereed vir wat vroeg in die 20[e] eeu sou gebeur!

41. Artikel deur D.J. du Plessis, aangehaal uit The Comforter Junie 1956, p. 17.
42. Donald Gee, op. cit., p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## DIE ONTSTAAN VAN DIE TWINTIGSTE EEUSE PINKSTERBEWEGING

In die vorige hoofstuk is gelet op historiese faktore wat vanuit menslike oogpunt 'n voorbereidende rol gespeel het in die ontstaan van die Pinksterbeweging. In hierdie hoofstuk gaan dit oor die werklike begin van die Pinksterbeweging. Waar, wanneer en hoe het dit ontstaan? Alhoewel daar kort voor én na die aanvang van die $20^e$ eeu verskillende indiwiduele gevalle voorgekom het van persone wat met die Heilige Gees gedoop is met die gepaardgaande spreke in tale,[1] kan die ontstaan van hierdie beweging teruggelei word na veral twee plekke en gebeure baie vroeg in hierdie eeu.

### 3.1 Charles Parham en sy Bybelkollege te Topeka Kansas - 1 Januarie 1901

Charles F. Parham kan beskou word as een van die belangrikste baanbrekers van die moderne Pinksterbeweging. Hy is gebore op 4 Junie 1873 in Muscatine, Iowa. Op 13 jarige ouderdom, kom hy tot bekering in die Congregational Church en voel 'n duidelike roeping tot die bediening. Op 15 jarige ouderdom het hy alreeds as lekeprediker opgetree.

1. Stanley H. Frodsham, **With Signs Following**, p. 15-17.
Klaude Kendrick, **The Promise Fulfilled**, p. 34-36.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy word later 'n prediker in die Metodiste kerk. Hy het probleme om die kerklike gesag te aanvaar en breek met hierdie kerk. Hy assosieer hom daarna met die Heiligheidsbeweging[2] en het die tipiese teologie van die Heiligheidsbeweging aangeneem. Dit het in kort die volgende behels: bekering as 'n krisiservaring, "sanctification" as 'n "second definite work of grace", Goddelike genesing en premillennialisme.[3]

In 1898 begin Parham met 'n genesingsentrum in Topeka, Kansas. Hy noem dit Bethel Healing Home. Hierdie "geloofshuise" was nie vreemd in daardie dae nie. Dit was veral die werk van John Alexander Dowie wat Parham in hierdie verband geïnspireer het. In hierdie tyd begin hy ook 'n gereelde tydskrif uitgee en noem dit "The Apostolic Faith."

Gedurende 1900 besoek hy verskillende persone en sentrums wat deel was van die Heiligheidsbeweging, onder andere die werk van Dowie en dr. A.B. Simpson van die Christian and Missionary Alliance. Parham keer na Topeka terug "fully convinced that while many had obtained real experiences in sanctification and the anointing that abideth, there still

2. Klaude Kendrick, op. cit., p. 38.
Kendrick skryf in hierdie boek breedvoerig oor Parham en sy bediening (p. 37-64).
3. Ibid., p. 45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



remained a great outpouring of power for Christians."[4] Die gedagte dat daar nog 'n Bybelse ondervinding kort kom, het hom tot vas en gebed gedwing.

Dit was toe alreeds 'n geruime tyd dat sy vriende by hom aandring om met 'n Bybelkollege te begin. In Oktober 1900 begin hy dan ook sy Bethel Bybelkollege in 'n groot gehuurde huis. Hy loods hierdie kollege as 'n "geloofsprojek" deurdat geen klas of verblyfgelde gehef word nie. Daar is geen toelatingsvereistes behalwe dat die aansoeker 'n ernstige begeerte moet hê om meer van God en Sy Woord te leer.

Die kollege begin met 40 studente, sowel mans as vrouens - mense van alle dele van die samelewing, meestal van die Metodiste kerk en Heiligheidsbeweging. Onder andere skryf daar 12 predikante in.

Parham spits hom veral toe op die geestelike ontwikkeling van sy studente. Een van die torings van die kasteelagtige huis is verander in 'n "prayer tower" waar studente om die beurt gebedsessies van 3 uur elk gehou het. Soms het die studente nagte in gebed deurgebring.

Nog 'n eienaardigheid aangaande hierdie Bybelkollege was dat die enigste handboek wat toegelaat en gebruik is, die Bybel was. Onderrig en studie het soos volg verloop: Parham sou 'n spesifieke onderwerp inlei bv. regverdigmaking. Dan moes die studente die Bybel deeglik oor daardie onderwerp bestudeer, hulle inligting sistematiseer en hulle gevolgtrekkings vergelyk.

4. <u>Ibid</u>., p. 47.
Leslie Davison stel hierdie soeke na die volle Bybelse beloftes soos volg: "Thus at the turn of the century there were many earnest seekers, of all denominations, vaguely discontented even with the experience of holiness, who were looking for something more in accordance with the triumphant life of the Apostolic Church depicted in the pages of the New Testament. They were convinced that some vital element was lacking and it drove them to a detailed study of the Scriptures. Among these dissatisfied seekers, was a young American Methodist minister, Charles F. Parham, who contrasted the sterility of his own ministry with the powers, signs, miracles, healings and missionary zeal portrayed in the Acts of the Apostles and the letters of Saint Paul".
Leslie Davison, op. cit., p. 59.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was kort voor die Kersvakansie van 1900 toe Parham vir 'n paar dae uitstedig sou wees, dat hy die studente versoek het om ten tye van sy afwesigheid die vervulling of doop met die Heilige Gees in die Bybel te bestudeer. Hy het al hoe meer tot die oortuiging gekom dat daar meer in hierdie Bybelse ondervinding steek as wat sy "Heiligheids"-agtergrond vir hom geleer het. Sy opdrag aan die studente was dat hulle moes gaan vasstel of daar enige Bybelse bewyse of getuienis is wat gepaardgaan met die vervulling met die Heilige Gees.[5] Hierdie opdrag aan sy studente het soos min ander dinge die weg gebaan vir die ontstaan van die Pinksterbeweging. Toe hy op Oujaarsdag terugkeer, het die studente na noukeurige ondersoek, 'n eenparige uitspraak op sy vraag gehad: "To my astonishment they all had the same story, that while there were different things occured (sic) when the Pentecostal (sic) blessing fell, the indisputable proof on each occasion was that they spoke with other tongues."[6]

Roswell Flower vat die belangrikheid van hierdie uitspraak met die oog op die Pinksterbeweging soos volg saam: "This was a most momentous decision. There had been recorded many instances of persons

5. Parham se eie woorde aan sy studente het soos volg gelui: "Students as I have studied the teachings in the various Bible schools and full gospel movements, conviction, conversion, healing and sanctification are taught virtually the same, but on the baptism there is a difference among them. Some except Steven Merrit's teaching of baptism at sanctification, while others say this is only the anointing and there is a baptism received through the 'laying on of hands' or the gift of the Holy Ghost, yet they agree on no definite evidence. Some claim this fulfillment of promise 'by faith' without any special witness, while others, because of wonderful blessings of demonstrations, such as shouting or jumping. Though I honour the Holy Ghost in anointing power both in conversion and sanctification, yet I believe there is a greater revelation of His power. Now, students, while I am gone, see if there is not some evidence given of the baptism so there may be no doubt on the subject".
Klaude Kendrick, op. cit., p. 50 en 51.

6. Ibid., p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



speaking in tongues prior to the year 1900, but in each case the speaking in tongues was considered to be a spiritual phenomenon or at the most 'a gift' of the Spirit, with the result that no particular emphasis had been given which would cause those seeking for the fullness of the Spirit to expect that they should speak in other tongues. But these students had deduced from God's Word that in apostolic times, the speaking in tongues was considered to be the initial physical evidence of a person's having received the baptism in the Holy Spirit. It was this decision which has made the Pentecostal Movement of the Twentieth Century."[7]

Tot vandag toe is dit hierdie ontdekking meer as enigiets anders, wat die mees onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging is. Morton Kelsey noem die doop in die Heilige Gees met die gepaardgaande inisiële teken van spreke in tale, die sleutel tot die Pinksterbeweging.[8] Daarom is hierdie gevolgtrekking waartoe Parham en sy studente gekom het van kardinale belang vir die ontstaan van die Pinksterbeweging. "The importance of these events in Topeka is that for the first time the concept of being baptised (or filled) with the Holy Spirit was linked to an outward sign - speaking in tongues. Henceforth, for the Pentecostals the evidence that one has been 'filled with the Holy Spirit' is that he will have spoken in other tongues."[9]

Hierdie eenparige oortuiging waartoe die studentekorps gekom het, het hulle harte met verwagting gevul en met groot erns het hulle eendragtig begin bid en soek na hierdie ondervinding wat geken sal word

7. J. Roswell Flower, "**Birth of the Pentecostal Movement**", **Pentecostal Evangel**, p. 3.
8. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 79.
9. J. T. Nichol, op. cit., p. 28.
In verband met hierdie gebeure sê Harper die volgende: "What was new was the linking of speaking in tongues with the experience of the Baptism in the Holy Spirit. It was this which sparked off the Pentecostal revival".
Harper, Michael, op. cit., p. 26.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die gepaardgaande spreke in vreemde tale. Dit was reeds elfuur die aand van 1 Januarie 1901, dat een van die studente, mej. Agnes N. Ozman, daaraan dink dat daar by drie gevalle in die Bybel vir persone hande opgelê is om die doping in die Heilige Gees te ontvang. Dadelik vra sy vir Parham om vir haar te bid met die oplegging van hande. Hy wou eers nie, maar het later tog aan haar versoek voldoen. Hy vertel self: "I laid my hand on her head and prayed. I had scarcely repeated three dozen sentences when a glory fell upon her ......."[10] Mej Ozman voltooi die gebeure soos volg: "As hands were laid upon my head, the Holy Spirit fell upon me, and I began to speak in tongues, glorifying God. I talked several languages. It was as though rivers of living water were proceeding from my innermost being."[11]

Meer as een persoon het dit nie as blote toeval beskou dat hierdie gebeurtenis juis op die eerste dag van 'n nuwe eeu plaasgevind het nie.

Op die 3^e Januarie het die grootste deel van die ander studente dieselfde ondervinding gehad, insluitende die twaalf predikante en Parham self. As gevolg van die buitengewone gebeure, was daar spoedig artikels in die koerante geskrywe, waarvan sommige baie krities was, terwyl in ander die spot gedryf is met hierdie vreemde verskynsel van spreke in tale. Hierdie berigte het egter heelwat mense nuuskierig gemaak en talle het kom ondersoek instel. Sommige het ook die ondervinding deelagtig geword, maar ander was openlik krities.

Dit het van die begin af nie net om die tale gegaan nie. Mense het tot bekering gekom en andere is genees. Agnes Ozman stel dit in haar eie woorde soos volg: " I was the first one to speak in tongues in the Bible school and it seemed to me that the rest were wanting to speak in

10. Gordon F. Atter, op. cit., p. 26.
11. Stanley H. Frodsham, op. cit., p. 20.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tongues too. But I told them not to seek for tongues but to seek for the Holy Ghost."[12]

Direk na hierdie gebeure was Parham en sy studente besiel om hierdie ontdekking en ervaring met andere te deel. Hy besoek in die volgende paar jaar verskillende stede en dorpe met die Pinksterboodskap of "the full gospel message" soos hulle dit genoem het. Die belangrikste stede en state waar hy dienste gehou het is Kansas City; Lawrence, Kansas; Nevada, Missouri; El Dorado Springs; Missouri; Galena, Kansas; Baxter Springs, Kansas; Melrose, Kansas; Joplin, Missouri en Houston, Texas. Hy het wisselende mates van sukses gehad. Op sommige plekke is daar hewige teenkanting en kritiek van die kant van kerke en die pers. Sy grootste sukses was in Galena Kansas. Volgens 'n berig in die Cincinnati Inquirer op die 27e Januarie 1904 het 800 mense tydens die herlewingsveldtog tot bekering gekom en meer as 'n 1 000 het genesing ontvang.[13] Volgens Parham is ten minste 250 mense tydens hierdie dienste gedoop in die Heilige Gees met spreke in ander tale. Dit is opvallend dat by hierdie sowel as sy ander veldtogte genesing en verlossing so 'n belangrike rol gespeel het. Dit was veral die gevalle van genesings wat opspraak verwek en die mense getrek het.

Reeds in 1901 moes Parham sy Bybelkollege in Topeka sluit nadat die eiendom wat hulle gehuur het, van eienaar verwissel het. Nadat hy in 1905 'n reeks herlewingsdienste in Houston, Texas, gehou het, het hy dit vir 'n tyd sy basis gemaak. Talle mense wat 'n behoefte aan Bybelopleiding gehad het, het by hom aangedring om weer met 'n Bybelskool te begin. Hy huur dan ook in Desember 1905 'n groot huis in Houston en begin met 'n Bybelskool op dieselfde basis as wat hy in Topeka gedoen het. Oor die belangrike rol wat hierdie Bybelskool gespeel het in die groot Pinksterherlewing in Los Angeles, sal daar weldra iets gesê word.

12. Klaude Kendrick, op. cit., p. 53.
13. Ibid., p. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ter afsluiting van hierdie gedeelte kyk ons na die plek, rol en betekenis wat Parham gehad het in die ontstaan van die Pinksterbeweging. Parham is 'n tipiese voorbeeld van lede van die Heiligheidsbeweging wat hier teen die eeuwending "oop" was en opsoek was na "iets meer" in hulle persoonlike verhouding met God. Na hom het talle ander uit die Heiligheidsagtergrond die Pinksterleer en-belewenis ervaar en aangeneem. Dit bevestig ook die voorbereidende rol wat die Heiligheidsbeweging gespeel het.

Onder historici in die Pinksterbeweging is daar verskil van mening oor die belangrikheid al dan nie van Parham. Sommige reken dat toe die eintlike Pinksterherlewing in 1906 uitbreek, daar maar ongeveer 1 000 mense in Amerika was wat deur Parham se bediening as "Pinkster" beskou kon word.[14] Ander skat egter hierdie getal op 25 000 teen die einde van 1905.[15] Cunningham reken dat ongeveer 13 000 mense teen die einde van 1905 in Amerika as "Pinkster" geklassifiseer kan word. Dit klink na die mees aanvaarbare statistiek.[16]

Kendrick slaan die rol en betekenis van Parham so hoog aan dat hy hom "die vader van die moderne Pinksterbeweging" noem.[17] Dit is miskien te veel gesê. Die meeste Pinksterskrywers beskou hom ook nie in daardie hoedanigheid nie. Iets wat hier in gedagte gehou moet word, is dat Parham nie self tot hierdie "ontdekking" of gevolgtrekking gekom het wat sedert daardie tyd die onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging is nie, naamlik dat die doop in die Heilige Gees gepaardgaan met die inisiële teken van spreke in ander tale. Dit was nie die gevolgtrekking van 'n teoloog of kerkleier nie, maar van 'n groep studente wat met

14. Michael Harper, <u>op. cit</u>., p. 27.
Ook Stanley H. Frodsham, <u>op. cit</u>., p. 29.

15. Klaude Kendrick, <u>op. cit</u>., p. 63.
Ook J. T. Nichol, <u>op. cit</u>., p. 31 - Nichol reken dat daar net in Texas alleen 25 000 Pinkstergelowiges was aan die einde van 1905. Dit is waarskynlik 'n bietjie optimisties.

16. R. C. Cunningham, **"The Pentecostal Visitation at Azusa Street"**, Artikel in die **Trooster**, Oktober 1952, p. 6.

17. Klaude Kendrick, <u>op. cit</u>., p. 37.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerlikheid en eenvoudigheid van hart na die Skrif self en daarna na die Here gegaan het vir die vervulling van die Pinksterbelofte. Dit bevestig weer wat in die vorige hoofstuk gesê is naamlik dat die Pinksterbeweging nie ontstaan het a.g.v. die werksaamheid of dinamiek van een of ander kerkleier of hervormer nie. Daarom kan Parham nie as die stigter of vader van die Pinksterbeweging gekroon word nie. Hy kan beskou word as die formuleerder van die basiese Pinksterleerstelling. Hy het baanbrekerswerk verrig deurdat hy hierdie basiese Pinksterleer op verskillende plekke verkondig het. In formulerende en organiserende hoedanigheid het hy waarskynlik 'n meer prominente rol gespeel as W.J. Seymour wat in die volgende gedeelte ter sprake kom. Dit is egter 'n feit dat die 1906 gebeure van veel groter omvang, dinamiek en invloed was.

As gevolg van die Heiligheids- en Wesleyaanse invloed op Parham, vind ons dat hy steeds die leer van die "sanctification" behou het. Vir Parham was daar dus drie "krisis"-ervaringe naamlik bekering, heiliging (sanctification) en die doop met die Heilige Gees.[18] Hierdie lering het aanvanklik taamlik algemeen in die Pinksterbeweging voorgekom - ook in die A.G.S. Binne enkele jare egter het die Pinksterbeweging (met die uitsondering van enkele kleiner groepe) oor hierdie drie ondervindinge besin en tot die oortuiging gekom dat die Bybel nie van heiliging of heiligmaking as 'n aparte krisisondervinding leer nie.

Nog 'n laaste saak wat hier genoem kan word en in verband met die ontstaan van die A.G.S. en sy naam interessant mag wees, is dat Parham teen alle vorms van kerklike organisasie was. Hy het dit wat in sy bediening gebeur het, 'n terugkeer na die "Apostolic Faith" genoem en van sy herlewingsbeweging is gepraat as die "Apostolic Faith Mission." "His Apostolic Faith Missions were loosely held together by

18. A. A. Hoekema, op. cit., p. 24.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



little else than their leader's teaching and charisma, since Parham doggedly opposed all forms of ecclesiastical organization."[19]

Hiermee kom ons dan by die gebeure by Azusastraat 312, Los Angeles, die belangrikste adres in die geskiedenis van die Pinksterbeweging![20]

## 3.2 Azusastraat, Los Angeles - 1906

Azusastraat staan in die Pinksterbeweging bekend as die sentrum van waar die Pinkstergetuienis na verskillende wêrelddele uitgedra is. Daar is 'n interessante aanloop tot die Azusastraat-gebeure.

Die man wat hier 'n leidende rol gespeel het, was 'n Neger met een blinde oog, William J. Seymour. Hy was 'n eenvoudige, nederige en toegewyde man[21] wat nie danig besorg was oor sy voorkoms nie.[22] Arthur Osterberg gee die volgende beskrywing van Seymour: "He was meek and plain spoken and no orator. He spoke the common language of the uneducated class."[23]

Seymour is gebore in Louisiana en was aanvanklik lidmaat van die Baptistekerk, maar het tot bekering gekom by 'n Heiligheidsgroep, die "Evening Light Saints."[24] Hy word dan ook lid van die Heiligheidsbeweging. Aan die begin van hierdie eeu bevind hy hom in Houston, Texas waar hy ouderling was van 'n klein neger Heiligheidsgemeentetjie onder leiding van 'n vroueprediker, 'n sekere suster Farrar.[25] In die

19. Frank Bartleman, **Azusa Street**, p. X.
20. Ibid., p. IX.
21. Ibid., p. 41.
22. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 63.
23. Aangehaal deur J. T. Nichol, op. cit., p. 33.
24. **"The Inside Story of the Azusa Street Outpouring** - by an Eye Witness", Artikel in die **Trooster**, April/Mei 1942, p. 5.
25. Ibid., p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Heiligheidsbeweging het dit algemeen voorgekom dat vroue as leiers van gemeentes opgetree het. In hierdie gemeente het Seymour by tye afgelos as prediker.

Nadat Charles Parham in Desember 1905 sy Bybelskool in Houston begin het, het Seymour dit vir 'n kort tydjie bygewoon. Hy kom daar onder die oortuiging van die leer van Parham naamlik dat die doop in die Heilige Gees 'n ondervinding is onderskeie van "sanctification" en dat dit altyd met die inisiële teken van spreke in tale gepaardgaan. Alhoewel hy Parham se leer aanvaar, het hy op daardie stadium self nog nie die ondervinding en die spreke in tale deelagtig geword nie. Hy aanvaar dan ook al die basiese punte van Parham se leer naamlik regverdiging, "sanctification," doop in die Heilige Gees, Goddelike genesing en premillennialisme.[26]

Vroeg in 1906 besoek 'n sekere vrou van Los Angeles, Neeley Terry, haar familie in die stad Houston. Tydens haar besoek kom sy ook uit by die Heiligheidsgemeente waar Seymour toevallig op daardie stadium as prediker optree. Terug in Los Angeles vertel sy aan die vroulike leier van 'n ander klein Heiligheidsgemeente, Julia Hutchinson, van die "besondere godvresende man"[27] wat sy in Houston ontmoet het. Die gemeentetjie was angstig om na hierdie man te luister en stuur dadelik aan hom 'n uitnodiging sowel as die reisgeld om na Los Angeles te kom.

Met sy aankoms vind hy 'n gemeente wat met groot verwagting op hom wag. Op Sondag 1 April bring hy sy eerste boodskap in die gemeente. Soos ons weldra sal sien, sou dit ook sy laaste boodskap daar wees. Die

26. Frank Bartleman, op. cit., p. X.
27. "The Inside Story of the Azusa Street Outpouring" - Uit die Trooster, April/Mei 1942, p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teks waaroor hy die môre gepreek het, was Handelinge 2:4 waaruit hy vir die gelowiges dit onomwonde gestel het dat "sanctification" nie dieselfde is as die doop in die Heilige Gees nie en dat hulle in tale sal spreek as teken wanneer hulle die Heilige Gees ontvang. Hy preek dus aan hulle 'n ondervinding wat hy self nog nie ervaar het nie. In verband met hierdie preek sê Kendrick: "The sermon probably was premature, since the congregation had heard little of the new doctrine being preached in Kansas and Texas."[28]

Vir hierdie Heiligheidslidmate was dit een te veel. Vir hulle was die doop in die Heilige Gees sinoniem met die ondervinding van "sanctification" wat hulle as 'n "second blessing" ontvang het. Die onvergenoegde gemeente sou nie toelaat dat 'n vreemdeling vir hulle kom vertel dat hulle nog nie gedoop is in die Heilige Gees nie! Seymour is saam met sy gasheer, 'n sekere br. Lee, na sy huis. Toe hulle vir die namiddagdiens terugkeer na die kerk, vind hulle die kerkdeur gesluit en geen gemeentelede teenwoordig nie. Die vreemdeling met sy vreemde boodskap was onwelkom.

Aangesien Seymour nie geld gehad het om terug te keer na Houston nie, was sy gasheer uit hoflikheid verplig om hom vir 'n wyle te huisves. In hierdie teleurstellende omstandighede sonder Seymour hom in sy kamer af en bid. Na enkele dae het die Lee-gesin saam met hom begin bid en meer toegeneë tot hom gevoel. Ook het van die ander lidmate uit nuuskierigheid kom inloer en is hulle genooi om saam te bid. 'n Wonderlike atmosfeer van toewyding en heiligheid het in die huis geheers.

28. Kendrick, op. cit., p. 64 en 65.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Sekere mnr. en mev. Asbury van Bonnie Braestraat 214, wat Baptiste was, vra Seymour toe om in hulle huis dienste te kom hou. 'n Aantal gelowiges het toe daar begin saamkom en in afwagting feitlik dag en nag begin bid vir die ondervinding waarvan Seymour hulle intussen oortuig het. Op die 9$^e$ April is br. Lee in sy eie huis gedoop in die Heilige Gees met spreke in ander tale nadat daar vir hom hande opgelê is. Seymour vertrek dadelik saam met sy gasheer na die huis van br. en sust. Asbury waar ses mense reeds op hulle knieë was, besig om te bid. Toe br. Lee die vertrek binnekom begin hy weer in tale praat en dadelik begin die ander ses ook in tale praat.

Die volgende paar dae het sommige gebeure van Pinksterdag hulle self weer herhaal. Die volgende aanhaling is die verslag van 'n ooggetuie van die gebeure: "They shouted three days and nights. The people came from everywhere. By the next morning there was no way getting nearer the house. As the people came in they would fall under the Power; until the foundation of the house gave way, but no one was hurt ......... The sick were healed and sinners were saved just as they came in."[29] Tydens hierdie drie dae het talle mense waaronder Seymour self die doop in die Heilige Gees met spreke in tale ontvang.

Aangesien 'n deel van die huis waar hulle saamgekom het, inmekaar geval het en a.g.v. talle mense wat die huis en die straat versper het, moes hulle 'n ander heenkome vind. So 'n plek het hulle spoedig gevind in Azusastraat 312, 'n straat wat net twee blokke lank is in die industriële gebied van Los Angeles. Dit was 'n onaantreklike, vierkantige, tweeverdieping gebou wat vroeër jare as 'n Metodiste kerk gebruik is. Vir 'n tyd is die boonste verdieping as woonkwartiere gebruik en die

29. "The Inside Story of the Azusa Street Outpouring", Artikel uit die Trooster, April/Mei 1942, p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grondvloer om allerhande bourommel op te berg. Daarna het die gebou vir 'n geruime tyd in onbruik gestaan en was in 'n vervalle en verwaarloosde toestand. In die straat rondom hierdie gebou was onder andere 'n grafsteenfabriek, 'n rommelwerf en stalle. Hierdie plek was ideaal vir die doel van hierdie vroeë Pinkstergelowiges omdat daar geen woongebied naby was waar mense gesteur kan word deur die uitroepe van oortuigde sondaars en die prysuitinge van gelowiges tydens die dienste wat selfs deur die nag geduur het nie.

Op die boonste verdieping is een kamer as 'n gebedsvertrek ingeruim. Op die grondvloer is die ou boumateriale teen die mure geskuif en is daar vir die mense sitplek voorberei deur planke op ou spykervaatjies (nail kegs) te sit. Die vloer was vol saagsels. Die gebou is later opgeruim en afgewit.

Die vroeë Pinkstermense het nostalgiese herinneringe oor hierdie plek gehad en dit dikwels met die stal vergelyk waarin Jesus gebore is. Die volgende aanhalings is sprekend: "...... as we entered the old building somehow I was touched by the presence of God. It was such a humble place with its low ceiling and rough floor. Cobwebs were hanging in the windows and joists. As I looked around I thought of Jesus when Heame to earth and was born in a manger. There was no place for Him in the inn. I thought of our fine church houses in the city of Los Angeles, but the Lord had choosen this humble spot to gather all nationalities to baptise them with the Holy Ghost."[30] Wanneer Frodsham die gebou beskryf sê hy: "You would hardly expect heavenly visitations there unless you remember the stable at Bethlehem."[31]

30. "The Old Azusa Mission", Artikel in die **Trooster**, Maart 1939, p. 28.
31. Stanley H. Frodsham, <u>op. cit.</u>, p. 33.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Pinksterskrywers vind dit nie vreemd dat hierdie Pinksterherlewing juis in Los Angeles uitgebreek het nie. Los Angeles was een van die plekke wat as't ware op die kruispaaie van die wêreld gelê het. Nasies van reg oor die wêreld was daar verteenwoordig soos op Pinksterdag. "Los Angeles was a melting-pot metropolis with large numbers of Mexicans, Chinese, Russians, Greeks, Japanese, Koreans, and Anglo-American inhabitants."[32] Daarby was daar veral twee faktore wat herlewing begunstig het. Op Woensdag die 18e April 1906 het 'n verwoestende aardbewing groot dele van San Francisco en die omgewing in puin gelê. Net in San Francisco alleen het 10 000 mense gesterf. Die gebeure het ook die mense van Los Angeles tot halt geroep. Bartleman skryf: "I found the earthquake had opened many hearts"[33] en "The San Francisco earthquake was surely the voice of God to the people on the Pacific Coast. [illegible] was used mightily in conviction, for the gracious after revival. [illegible] early 'Azusa' days both Heaven and hell seemed to have came to town. Men were at the breaking point. Conviction was mightily on the people. They would fly to pieces even on the street, almost without provocation."[34]

'n Ander faktor was die invloed van die Walliese herlewing op die mense van Los Angeles. Joseph Smale was die pastoor van die grootste gemeente in Los Angeles - "The First Baptist Church". Hy keer in Junie 1905 terug van 'n besoek aan Wallis waar hy Evan Roberts ontmoet het en die herlewing beleef het. Hy was vol vuur en verwagting dat sy gemeente en die stad Los Angeles dieselfde werk van God sou ervaar. Spoedig breek herlewing in sy eie gemeente uit. Mense stroom vanoor die hele stad. Dienste hou aan tot in die vroeë oggendure. Die Gees van die Here werk waarlik in die gemeente en baie mense kom tot bekering. Pastoor Smale

32. Vinson Synan, op. cit., p. XI.
33. Frank Bartleman, op. cit., p. 49.
34. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skerp dit by die mense in dat Los Angeles kan verwag dat die Apostoliese gawes spoedig sal terugkeer.[35] Hierdie gebeure het 'n gees van verwagting by baie gelowiges geskep. Baie mense is dus deur Pastoor Smale voorberei vir dit wat in Azusastraat sou gebeur en baie van sy lidmate het dan ook daar die doop in die Heilige Gees ontvang.

Wat het alles in daardie gebou in Azusastraat gebeur en wat was daar te sien? Mense wat daar teenwoordig was getuig van 'n besondere teenwoordigheid van die krag van die Heilige Gees. Hierdie "kragveld" van die Heilige Gees was selfs buite die gebou onderskeibaar. Bartleman praat van 'n sogenaamde "deadline": "A very 'deadline' seemed to be drawn around 'Azusa Mission', by the Spirit. When men came within two or three blocks of the place they were seized with conviction."[36] 'n Ooggetuie, Sarah Covington, vertel in hierdie verband die volgende. Daar het soms 'n polisieman of iemand met ander motiewe ingekom met die doel om die dienste op te breek ........ "Seymour simply motioned the people to pray, and the people waited until the intruders 'went down under the power'".[37]

Dienste is van 10.00 vm tot 12 uur in die nag gehou. Maar selfs deur die nag het daar mense gebid. "The services ran almost continuously. Seeking souls could be found under the power almost any hour, night and day. The place was never closed nor empty."[38] So het dit vir $3^1/_2$ jaar aangegaan.

Tydens die dienste het dit hoofsaaklik om gebed gegaan. Soos Evan Roberts in die Walliese herlewing het Seymour min gepreek. Wanneer

35. *Ibid.*, p. 13 en 16.
36. *Ibid.*, p. 53.
37. Vinson Synan, *op. cit.*, p. 29.
38. Frank Bartleman, *op. cit.*, p. 58.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy wel gepreek het, het mense op die banke begin bewe en spontaan na vore gekom en dikwels neergeval onder die krag van God. Sommige het dan tot bekering gekom. Ander het in tale gespreek en baie mense het genesing ontvang.

Alhoewel Seymour in naam die leier van die dienste was, was dit volgens getuies die Heilige Gees self wat die leiding geneem het. "We had no human programme. The Lord Himself was leading. We had no priest class, nor priest craft."[39] Geen preke of predikers is vooraf aangekondig nie. Niemand het geweet wat gaan gebeur nie. Alles was spontaan. "The meetings started themselves, spontaneously, in testimony, praise and worship ...... Someone would finally get up anointed for the message. All seemed to recognize this and gave way. It might be a child, a woman, or a man. It may be from the back seat, or from the front. It made no difference. We rejoiced that God was working. No one wished to show himself."[40]

Die gawes van die Heilige Gees het vrylik voorgekom en talle bonatuurlike gebeure is deur ooggetuies opgeteken - te veel om hier op te noem. Dit was veral hierdie gebeure, insluitende die tale, wat mense getrek het. Die volgende aanhaling is tipies van talle gevalle wat in daardie dae plaasgevind het: "Sister Anna Hall spoke to the Russians in their Church in Los Angeles in their own language as the Spirit gave utterance. They were so glad to hear the truth that they wept and even kissed her hands. They are a very simple pure people, hungry for the full gospel. The other night, as a company of Russians were present in the meeting, Brother Lee, a converted Catholic, was permitted to speak their language. As he spoke and sang, one of the Russians came up and

39. Ibid., p. 57.
40. Ibid., p. 5[illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the Spirit fell upon the Russians, as well as on others, and they glorified God." Gevalle soos hierdie het dikwels voorgekom en is beskou as 'n vervulling van 1 Kor 14:22.[41] En tog is die tale nie eensydig beklemtoon nie. Seymour het dikwels gesê: "Now, do not go from this meeting and talk about tongues, but try to get people saved."[42] Soos wat dit ook by Topeka die geval was, het dit dikwels gebeur dat die gelowiges in vreemde tale gesing het.[43]

Wat opvallend was van die dienste was die teenwoordigheid van mense van verskillende nasionaliteite. "It seemed that every one had to go to Azusa". Missionaries were gathered there from Africa, India, and the islands of the sea. Preachers and workers had crossed the continent, and come from distant islands, with an irresistible drawing to Los Angeles".[44] Dit is natuurlik veral a.g.v. die feit dat Los Angeles 'n stad was wat groot nasionale en internasionale verkeer gehad het. Mense het gekom en gegaan. Sodoende het Azusastraat se gebeure spoedig wêreldwye weerklank gevind. In die dienste self het die teenwoordigheid van verskillende nasionaliteite geen probleme gegee nie. "It is noticeably free from all nationalistic feeling. If a Mexican or a German cannot speak English he gets up and speaks in his own tongue and feels quite at home, for the Spirit interprets through the face and the people say 'Amen'".[45]

'n Belangrike faktor in die verspreiding van die nuus en gebeure in Azusastraat, was die publieke pers. Die berigte was allermins altyd

41. R. C. Cunningham, "The Pentecostal Visitation at Azusa Street", Artikel in die Trooster, Oktober 1952, p. 6 en 7.
42. Stanley H. Frodsham, op. cit., p. 38.
43. Klaude Kendrick, op. cit., p. 67.
44. Frank Bartleman, op. cit., p. 53.
45. Stanley H. Frodsham, op. cit., p. 34.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



positief, trouens 'n groot deel daarvan was krities en het selfs daarmee gespot. Hoe dit ook al sy, die mense se nuuskierigheid is geprikkel en talle het self kom vasstel. As teëvoeter teen die verdraaide persberigte begin hulle spoedig met 'n eie publikasie, "The Apostolic Faith", 'n nuusblaadjie wat gratis en wyd versprei is. Die naam het sy oorsprong by die blaadjie wat deur Parham vanuit Texas versprei is met dieselfde naam, alhoewel die twee nuusblaadjies onafhanklik van mekaar bestaan het.[46]

'n Opvallende kenmerk van die dienste was die egte gees van nederigheid en ootmoed wat altoos geheers het. Hierdie gesindheid het by Seymour begin. Vir die grootste deel van die dag was hy biddend agter die preekstoel. Die "preekstoel" was niks anders as twee leë kiste wat opmekaar geplaas was nie: "He (Seymour) usually kept his head inside the top one during the meeting, in prayer. There was no pride there."[47] Almal was daar as gelyk beskou, die rykes en die armes, die geleerdes en die ongeleerdes. Bartleman het die sinvolheid van hierdie nederige plek raakgesien: "It had to start in poor surroundings, to keep out the selfish, human element. All came down in humility together, at His feet. They all looked alike, and had all things in common in that sense at least. The rafters were low, the tall must come down. By the time they got to 'Azusa' they were humbled, ready for the blessing ...... Pride and self-assertion, self-importance and self-esteem, could not survive there. The religious ego preached its own funeral sermon quickly."[48]

Die Pinksterbeweging van die 20e eeu kan nie roem op 'n indrukwekkende, statige, en vir die wêreld imponerende begin nie. Alles

46. Klaude Kendrick, _op. cit._, p. 56, 67 en 68.
47. Frank Bartleman, _op. cit._, p. 58.
48. _Ibid._, p. 58.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sover in hierdie hoofstuk dui op die teendeel. Die Pinksterbeweging is nie skaam vir sy nederige ontstaan nie. Die woorde van 'n Metodiste lidmaat vroeër hierdie eeu is treffend in hierdie verband: "The scenes transpiring here are what Los Angeles churches have been praying for years. I have been a Methodist for twenty-five years. I was leader of a prayer band for the First Methodist Church. We prayed that Pentecost might came to the city of Los Angeles. We wanted it to start in the First Methodist Church but God did not start it here. I bless God that it did not start in any church in this city, but in a barn, so that we might all come and take part in it. If it had been started in a fine church, poor coloured people and Spanish people would not have got it."[49]

Daar is in hierdie hoofstuk gewys dat die Pinksterherlewing van die 20$^{e}$ eeu na veral twee plekke terug herlei kan word waar twee persone 'n leidende rol gespeel het. Dit is dan nou belangrik om kortliks die verband tussen die twee persone en die plekke te bespreek.

As ons 'n vergelyking tussen Topeka en Azusastraat en tussen Parham en Seymour, trek, is die volgende van belang. Die eerste persone wat as lede van die Pinksterbeweging beskou kan word, het hulle Pinksterondervinding by Topeka of ten minste deur die bediening van Parham gehad. Etlike duisende mense het die Pinksterondervinding deur die bediening van Parham gesmaak. Tog was die invloed van Parham en Topeka, beide wat getalle en omvang betrek, nie so groot soos dié van Azusastraat nie. Dit was asof die tyd vir laasgenoemde meer geleë was. "The year 1906 marks the sudden quickening of the pace of the Pentecostal Revival into a world-wide movement."[50] Dit was asof daar 'n meer spontane toe-

49. Stanley H. Frodsham, op. cit., p. 34 en 35.
50. Gordon F. Atter, op. cit., p. 27.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stroming van soekende gelowiges by Azusastraat was. Daarby moet in gedagte gehou word dat Parham heeltemal teen die gedagte was om 'n kerk te stig, terwyl Azusastraat spoedig die funksie van 'n geïnstitueerde kerk vervul het. Voor die einde van 1906 was daar reeds nege onafhanklike Pinkstergemeentes in Los Angeles alleen.[51] Ten minste 26 verskillende Pinksterkerke kan vandag hulle ontstaan op een of ander wyse aan Azusastraat verbind.[52] Die rol van Azusastraat in die ontstaan van die A.G.S. sal in 'n volgende hoofstuk duidelik word. Ten spyte van sy groot invloed, het die Azusa Mission nooit 'n groot kerk geword nie. In die sestigerjare het hy maar bestaan uit 42 gemeentes en 4 764 lidmate.[53]

Wat die leerstellige sy betref, het Parham egter 'n meer bepalende rol as Seymour gespeel. In 'n sekere sin is Parham dan ook Seymour se geestelike vader deurdat laasgenoemde Parham se Bybelskool in Houston bygewoon het. Daar het Seymour al Parham se basiese leerstellings aanvaar. Daar was nie veel verskil tussen die leerstellings van Topeka en Azusastraat nie. Inderdaad het Parham 'n aandeel gehad by die gebeure in Azusastraat. Alhoewel sy naam nie dikwels in hierdie verband gehoor word nie, het sy naam aanvanklik selfs op die amptelike briefhoof van die Azusastraat gemeente verskyn.[54] Daar het egter in Oktober 1906 'n breuk tussen Seymour en Parham gekom. Dit het soos volg gebeur. Parham was klaarblyklik nie 'n ongewone besoeker aan Azusastraat nie. Hy het by geleenthede daar gepreek .... "... but Parham's negative messages and attempt to correct what he saw as abuses led to his expulsion from the church."[55] Die breuk tussen hulle is nooit weer geheel nie.

51. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. 23.
52. Morton T. Kelsey, op. cit., p. 64.
53. J. T. Nichol, op. cit., p. 35.
54. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. 23.
55. Frank Bartleman, op. cit., p. XIX.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Samevattend kan gekonstateer word dat alhoewel Azusastraat wêreldwyd 'n groter invloed uitgeoefen het in die ontstaan van die Pinksterbeweging, dit deels voorafgegaan en deels voorberei is deur die Topeka gebeure en Parham in die besonder. Vanaf Azusastraat veral het mense wat die Pinksterondervinding deelagtig geword het, nie alleen regoor Amerika nie, maar na verskillende wêrelddele gereis en daar die Pinkstergetuienis uitgedra.

Die kwessie van die Neger-element en invloed in die ontstaan van die Pinksterbeweging kom ook hier ter sprake. Hollenweger herlei die ontstaan van die Pinksterbeweging terstond na 'n Negerherlewing,[56] naamlik die Azusastraat-gebeure. Dit is egter 'n skeefgetrekte, eensydig-beklemtoonde afleiding van die waarheid. Feit is dat beide swart en blank op gelyke voet deel gehad het aan die ontstaan van die Pinksterbeweging. Parham was wel 'n blanke, en sy Bybelskool hoofsaaklik blank, maar dat daar tog ook Negerstudente was, word bewys deurdat Seymour wat 'n Neger was, self 'n student aan sy Bybelskool in Houston was. Aan die ander kant was daar van die begin af in beide die huis in Bonnie Braestraat[57] waar Seymour begin dienste hou het, sowel as in Azusastraat,[58] blankes sowel as negers teenwoordig. Alhoewel die dienste in Azusastraat deur 'n neger (Seymour) begin is, was daar spoedig meer blankes as negers teenwoordig. Dit word duidelik deur Bartleman wat van die begin af 'n ooggetuie was, bevestig: "There were far more white people than coloured coming."[59] Hierby moet, soos reeds genoem, onthou word dat Parham as blanke ook betrokke was by die ontstaan van die Azusastraat-beweging.

56. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. XVII.
57. Frank Bartleman, op. cit., p. 41.
58. Ibid., p. 47.
59. Ibid., p. 54.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Daar was duidelik geen rassewrywing by die ontstaan van die Pinksterbeweging nie. Alhoewel Amerika op daardie stadium hoegenaamd nie vry was van rassestryd nie, was dit in die ontstaan van hierdie herlewing beslis oos Bartleman gesê het: "The 'color (sic) line' was washed away in the blood."[60] Davison haal in hierdie verband vir Alexander Boddy aan: "..... the extraordinary thing was that white pastors from the South 'were eagerly prepared to go to Los Angeles to Negroes, to have fellowship with them and to receive through their prayers and intercessions the blessings of the Spirit.' And it was still more wonderful that these white pastors went back to the South and reported to the members of their congregations that they had been together with Negroes, that they had prayed in one Spirit and received the same blessings as they."[61]

Daar het egter kort na die ontstaan van die Azusastraat gemeente, selfs nog voor die einde van 1906, 'n natuurlike en spontane rasseskeiding plaasgevind deurdat afsonderlike daar blanke Pinkstergemeentes in Los Angeles ontstaan het.[62] Teen 1908 was die skeiding afgehandel en was die Azusastraat gemeente feitlik uitsluitlik 'n swart gemeente.[63] Seymour het leier van hierdie gemeente gebly tot met sy dood waarna sy vrou vir enkele jare die leiding geneem het totdat die gebou in 1929 gesloop is. Seymour het 'n belangrike funksie gehad om te vervul by die ontstaan van die Pinksterbeweging, maar toe dit verby is, het sterker manne na vore gekom, manne met meer inisiatief en sterker leierseienskappe wat die beweging verder geneem het in die verskillende lande.

Dit lei nieteenstaande geen twyfel nie dat die negers 'n essensiële deel was van die Pinksterbeweging sedert sy ontstaan. Hulle het

60. <u>Ibid</u>., p. 54.
61. Leslie Davison, <u>op. cit</u>., p. 91.
62. Frank Bartleman, <u>op. cit</u>., pXVIII.
63. Walter J. Hollenweger, <u>op. cit</u>., p. 23.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook 'n pertinente rol daarin gespeel. Dit is so dat die Pinkstergodsdiens baie aanvaarbaar is vir die negers. (Ons sal later sien dat dit ook die geval is met die swart- en kleurlingvolke van Suid-Afrika). Een van die grootste Pinksterkerke in Amerika is die Church of God in Christ, wat 'n swart kerk is.[64]

Die Heiligheidsbeweging waaruit talle van die eerste Pinkstergelowiges gekom het, was verdeel oor hierdie nuwe leer. Sommige Heiligheidsgroepe het dit aanvaar en slegs die leerstelling oor die doop in die Heilige Gees by hulle bestaande leer gevoeg en dus ook drie ondervindinge beklemtoon naamlik bekering, heiliging (sanctification) en die Heilige Gees doop.[65] Hierin het hulle dan ooreengestem met die leer van Parham en Seymour. Ander Heiligheidsgroepe het hierdie nuwe lering egter sterk teengestaan. Trouens, die Heiligheidsbeweging was nie alleen die groot voedingsbron van die vroeë Pinksterbeweging nie, maar was ook een van die oorde van waar die meeste opposisie gekom het.[66] Vermelding verdien die feit dat die leer van drie krisisondervindinge spoedig by die grootste deel van die Pinksterbeweging verdwyn het en dat die meeste Pinksterkerke slegs die twee ondervindings van bekering en doop in die Heilige Gees handhaaf.

'n Laaste interessante saak waaraan hier aandag gegee moet word, is die kwessie van die naam van die vroeë Pinksterbeweging. Hierdie nuwe ontwaking of ontdekking in die Christelike kerk is alreeds deur Parham die "Apostolic Faith" genoem, wat die gevoel en gedagte weergee dat ons 'n terugkeer het na die leer en praktyk van die apostels en die Apostoliese tydvak. Hierdie naam kom dan soos reeds aangetoon ook na vore in

64. Leslie Davison, op. cit., p. 92.
65. Gordon F. Atter op. cit., p. 29.
66. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. 23.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die nuusblaadjie wat deur Parham versprei is, naamlik "The Apostolic Faith". Omdat Parham nie 'n kerk wou stig nie, noem hy dan die beweging "The Apostolic Faith Movement" of "Apostolic Faith Mission".[67]

Wanneer Seymour nou na vore kom as leier van die Azusastraat beweging, neem hy nie net die leer van Parham aan nie, maar gebruik hy ook dieselfde naam vir die beweging wat in Azusastraat ontstaan. Ons het reeds gesien dat hulle nuusblaadjies dieselfde naam gedra het. Die amptelike naam wat Seymour dan aan sy beweging gee, is "The Apostolic Faith Gospel Mission". Dit het met groot letters gepryk op die muur van die gebou in Azusastraat.[68] Dit is gewoonlik ietwat verkort sodat daar soos by Parham gepraat is van "Apostolic Faith Mission/Movement".[69] Trouens, tydens die eerste paar jaar van die Pinksterbeweging was hierdie benaming absoluut sinoniem met "Pinkster" of "Pinksterbeweging".[70] Dit is dan ook nie verbasend dat verskillende Pinkstergroepe in Amerika en elders in die wêreld aanvanklik hierdie naam as naam van hulle kerk gebruik het nie. Dit was in die meeste gevalle slegs tydelik en is mettertyd deur ander name vervang. Op die verband tussen die A.G.S. en hierdie oorsp: klike benaming, word in 'n volgende hoofstuk gewys.

67. Klaude Kendrick, op. cit., p. 63.
68. Artikel in die **Trooster**, Augustus 1963, p. 10.
69. Bob Slosser, **A man called Mr. Pentecost**, p. 106.
70. "**The origin of the Apostolic Faith Movement**, Artikel in **The Comforter**, Mei - Junie 1911.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## DIE PINKSTERBEWEGING OP SUID-AFRIKAANSE BODEM - AANLEIDENDE FAKTORE

In die 2e hoofstuk is die vóórspel tot die Pinksterbeweging in die algemeen bespreek. Maar ook in Suid-Afrika was daar sekere gebeurtenisse, persone en faktore wat die wieg vir die onstaan van die Pinksterbeweging voorberei het. Om die ontstaan van die A.G.S. na behore te verstaan, is dit nodig om ook hierdie historiese aanloop te begroot. Inderdaad was daar weinig lande ter wêreld waar die bodem so ideaal en só voorberei was vir die koms van Pinkster.

### 4.1 Die 1860 herlewing in die Ned. Geref. Kerk

Die eerste van die faktore wat die ontstaan van die A.G.S. hier in Suid-Afrika begunstig het, was die welbekende herlewing wat in 1860 in die Ned. Geref. Kerk voorgekom het.

Die 1860 herlewing in Suid-Afrika kan as deel van die wêreldwye gebedsherlewing gesien word wat sedert 1858 veral in Amerika en in Brittanje sy grootste uitwerking gehad het. In vergelyking met die aantal mense in Amerika en Brittanje, was die herlewing in Suid-Afrika egter nie minder ingrypend en diepgaande nie. Alhoewel die menslike faktore wat tot die herlewings in verskeie lande gelei het, ni orals dieselfde was nie, was een van die algemene oorsake die lae geestelike peil van vele Christene in baie kerke. Die opkomende gees van liberalisme en rasionalisme, was ook in baie kerke 'n bedreiging. So 'n toestand was nog altyd

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die kerkgeskiedenis 'n katalisator vir ernstige gelowiges om meer te bid. By die herlewing onder bespreking, was gebed een van die mees uitstaande kenmerke.

Ook in Suid-Afrika was dit die geval. Reeds 'n paar jaar voor die uitbreek van die herlewing, het 'n aantal predikante en lidmate van verskillende gemeentes van die Ned. Geref. Kerk ernstig tot die Here geroep vir herlewing: "Veertien van onze ernstigste leeraren vereenigden zich om den Heer aanhoudend te smeeken om een nieuwe uitstorting van den Heiligen Geest over Zuid-Afrika".[1] Dit is bekend dat manne soos G.W.A. van der Lingen, J. Murray snr., en andere alreeds lank vantevore die behoefte aan herlewing besef en daarvoor gebid het. Toe die nuus van herlewing in Amerika, Engeland en elders hier uitkom, het dit talle gelowiges nog meer aangespoor en 'n gees van verwagting het ontstaan.[2]

So vind ons selfs in Die Kerkbode van Augustus 1859 'n oproep onderteken deur di. A. Faure, George Morgan en James Cameron namens die "Zuid Afrikaansche Evangeliese Verbond", dat daar gebid moet word vir 'n opwekking in die godsdiens en vir 'n overvloediger uitstorting van die Heilige Gees.[3] In die artikel word ook verder versoek dat predikante 'n reeks preke sal lewer oor die persoon en die werk van die Heilige Gees en oor die belangrikheid van ernstige gebed in die binnekamer.

Ook opmerklik is die feit dat die redakteur van Die Kerkbode in hierdie tyd nie minder as ses artikels oor gebed en herlewing skryf nie.[4] Daar is ook 'n boekie uitgegee wat die herlewing in Amerika

1. Hierdie aanhaling kom uit die verslag van 'n ooggetuie van die herlewing, mev. A.R. de Villiers 'n dogter van ds. Van der Lingen, een van die sleutelfigure in die herlewing. Uit Die Kerkbode, 4 April 1912, p. 274 en 275.
2. Ibid., p. 4.
3. Aangehaal deur F.A. Liebenberg, Herlewing in Suid-Afrika, p. 3 en 4.
4. Ibid., p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskryf en sodoende belangstelling en verwagting by baie mense gewek het. Die naam van die boekie was "De Kracht des Gebeds" en is in verskeie gemeentes van die Ned. Geref. Kerk versprei - soos deur ds. J.H. Neetlingh in Stellenbosch.[5]

Alhoewel 'n aantal predikante hulle vir herlewing beywer het en daaroor gepreek het, is dit tog duidelik dat hierdie herlewing nie die resultaat van prediking was nie. Dit kon nie aan die persoon of bediening van enige predikant verbind word nie. Deur en deur was dit 'n werk van God se Gees.

Reeds aan die begin van 1860 het daar in enkele gemeentes 'n groter belangstelling in bidure ontstaan. Die grootskaalse uitbreek van die herlewing sou egter eers na die bekende Worcesterkonferensie plaasvind. Hierdie konferensie kan sekerlik as die grootste enkele menslike faktor beskou word wat die herlewing laat opvlam het. Daar het naamlik d.m.v. <u>Die Kerkbode</u> 'n uitnodiging tot alle belangstellendes gekom om 'n konferensie te Worcester op die 18° en 19° April 1860 by te woon. Die uitnodiging was nie net tot lidmate van die Ned. Geref. Kerk gerig nie en daar was inderdaad ook lede van ander kerke teenwoordig. Hierdie uitnodiging was onderteken deur proff. N.J. Hofmeyr en J. Murray sowel as ds. J.H. Neethling. Dit is dus interessant dat die Kweekskool op Stellenbosch 'n besondere belang by die konferensie en die herlewing gehad het. Hier moet genoem word dat die gedagte aan 'n konferensie vreemd was aan die Ned. Geref. Kerk en dat hierdie konferensie waarskynlik die eerste was.[6] Die onderwerpe wat die meeste aandag sou kry, was herlewing en die sending.

Altesaam 374 afgevaardigdes uit verskillende dele van die land daag by die konferensie op. Twintig gemeentes was verteenwoordig.

5. M.W. Retief, Die Wonder van Herlewing, p. [illegible].
6. [illegible], The life of Andrew Murray, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opvallend was dat slegs vyf van die ouer garde predikante by die konferensie aanwesig was. Van die jonger predikante was daar elf.[7]

Die referaat oor "herlewing" was deur dr. W. Robertson van Swellendam gelewer. Hy het vertel van die herlewings in ander lande en daarop gewys hoe noodsaaklik 'n herlewing in Suid-Afrika geword het. Hy het by die aanwesiges aangedring om sterk daarna te verlang en daarvoor te bid. Dr. Adamson, vroeër van die Skotse Kerk in Kaapstad wat kort tevore in Amerika was, het ook verslag gedoen van sy persoonlike waarnemings. Die onderskeie bydraes het 'n diep indruk op die aanwesiges gemaak en die afgevaardigdes is met 'n stille verwagting en verlange in hulle harte terug na hulle gemeentes. Dit is opvallend en beslis nie toevallig nie, dat die gemeentes wat by die konferensie teenwoordig was, die eerstes was wat die herlewing ervaar het.[8]

In hierdie tyd vind ons ook die broeiende stryd tussen die liberale en die regsinnige predikante in die Kaap. Die liberale predikante was meerendeels mense wat hulle opleiding in Nederland gehad het. Die predikante aan die Kaap wat meer behoudend was, kom veral uit Skotland. Aangesien die Worcester konferensie deur die regsinnige predikante in die Ned. Geref. Kerk saamgeroep is, is dit nie verbasend dat daar heelwat teenkanting van die kant van die liberales was nie. Die meeste het as bewys hiervan die konferensie nie bygewoon nie. In die lig van die liberale stryd wat kort hierna in die Kaap losgebars het, kan 'n mens nie anders as om 'n Goddelike tydsberekening en doel agter die 1860 herlewing te sien nie.

Die herlewing het op Montagu begin. Daar was reeds geringe tekens van opwekking voor die Worcesterkonferensie, maar dit was eers na die konferensie dat die herlewing waarlik sigbaar geword het. Alhoewel

7. Ibid., p. 186 en 187.
8. Ibid., p. [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die gemeente op daardie stadium sonder predikant was, het die opkomste by die dienste skielik begin verbeter. Dit was egter veral die bidure waar daar vroeër soms slegs enkele persone teenwoordig was, wat 'n ongekende verandering ondergaan het.[9] Spoedig is daar elke dag bidure gehou - selfs tot driekeer 'n dag. Volwassenes, kinders en anderskleuriges is almal deur die herlewing geraak. Die herlewing het sy uitwerking in elke huis gehad. Selfs mense wat aan die begin veroordelend was, is deur die Gees aangegryp. Die belangrikste kenmerk van die herlewing hier en elders was diepe sondeoortuigings. Mense het in hulle nood uitgeroep: "Wat moet ek doen om gered te word?"[10]

'n Ander gemeente waar buitengewone tonele hulle afgespeel het, was Worcester waar die bekende ds. Andrew Murray juis gedurende genoemde konferensie as predikant bevestig is. Wat in Worcester gebeur het, is welbekend. Du Plessis maak ook melding van die gebeure: Die biduur waartydens 'n Kleurling-meisie haar hart in gebed uitgestort het en die "geluid" wat in die verte gehoor is en wat al harder geword en nader gekom het totdat dit gevoel het asof die hele saal beweeg word. Hoedat feitlik almal gelyktydig hardop begin bid het en hoedat ds. Murray juis op daardie oomblik by die saal verbykom en ingaan om te kyk wat aan die gang is. Hoe hy die mense probeer stil maak het en selfs probeer het om 'n lied te laat sing - alles tevergeefs. Die mense het maar net aangehou om te bid. Dit was vir hom op daardie stadium moeilik om hierdie oënskynlike wanorde met die God van orde te versoen. Hierdie bidure is van toe af elke aand gehou en het soms tot drie uur in die môre aangehou en telkens na twee of drie gebede, het die gebeure van die eerste aand hulleself herhaal.

9. F.C. Liebenberg, op. cit., p. 7.
10. Ibid., p. 8.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar was spoedig te veel mense en die bidure is na die skoolsaal verskuif. Op 'n sekere Sondagaand was ds. Murray self die voorganger toe die "gedruis" uit die verte weer gehoor is en die mense weer hartstogtelik begin bid en roep tot God. Weer eens het ds. Murray tussen die mense ingeloop en probeer om hulle stil te maak totdat 'n vreemdeling van agter in die saal saggies na hom kom en sê: "I think you are the minister of this congregation: be careful what you do, for it is the Spirit of God that is at work here. I have just come from America, and this is precisely what I witnessed there."[12] Hierdie gebeurtenis het waarskynlik die kentering in Murray se standpunt jeens die herlewing gebring.

Die vraag kan nou gevra word waarom Murray die herlewing wat hy begeer het nie herken het toe dit gekom het nie. Trouens hy het selfs probeer om dit stop te sit! Leona Choy wat die mees resente biografie oor Murray geskryf het, oorweeg die moontlikheid dat Murray onbewustelik gereken het dat dit die prediking moes wees wat die herlewing sou bring. En toe die herlewing kom was dit nie deur die prediking, of deur enige menslike bydrae nie. Selfs hy het niks direk gedoen om dit te bewerk nie. "Het hy dit probeer teengaan omdat hy dit nie beheer het nie?"[13] Ten spyte hiervan het Andrew Murray tog 'n groot invloed uitgeoefen nadat die herlewing begin het. Self is hy ook diep deur die herlewing geraak en vernuwe.[14]

In hierdie verband moet ook melding gemaak word van die rol wat ds. G.W.A. van der Lingen van die Paarl gespeel het.[15] Toe berigte van vernuwing en herlewing in ander lande in die middel van die 19e eeu Suid-Afrika bereik, was ds. Van der Lingen een van die predikante wat die

11. J. du Plessis, *op. cit.*, p. 194 en 195.
12. *Ibid.*, p. 195 en 196.
13. Leona Choy, *op. cit.*, p. 63 en 64.
14. *Ibid.*, p. 73.
15. Die sleutelrol wat hy in die herlewingsbeweging gespeel het, word volledig deur M.C. Kitshoff in sy doktorale proefskrif [illegible] - "Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen - Kaapse predikant uit die negentiende eeu", [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



behoefte aan 'n soortgelyke werk van die Here in Suid-Afrika bely het.[16] Aan die einde van 1860 het die herlewing in die Paarl begin. Die tipiese kenmerke van die herlewing is ook hier waargeneem, veral die diepe oortuiging van sonde by baie lidmate en 'n skielike toename in die opkomste by die eredienste en veral die bidure.[17]

Daar ontstaan toe in sy gemeente die behoefte om die 10 dae tussen Hemelvaart en Pinkster vir gebed af te sonder.[18] 'n Gees van verwagting het die Pinkstersondag van 1861 in die kerk geheers. "Die gevoel het begin oplaai dat daar iets buitengewoons op Pinkstersondag sou gebeur, miskien iets soortgelyks aan die eerste Nuwe-Testamentiese Pinksterdag."[19] Daar word ook besluit om 'n biduur die middag in die kerk te hou. Tydens die biduur gaan ds. Van der Lingen in ernstige gebed voor en doen belydenis van sy eie sonde en die van sy gemeente. Terwyl hy bid, kom hy in 'n soort verrukking van sinne. Tydens hierdie besondere ervaring het hy waarskynlik 'n gesig gesien. Hy het later aan die gemeente vertel wat in daardie sielsverrukkende oomblikke gebeur het. Sneeuvlokkies, wat hulle gebede gesimboliseer het, het na die hemel opgestyg. Weerligstrale, wat die strale van God se toorn voorgestel het, het uit die troon gekom, oënskynlik om die sneeuvlokkies te verhinder. Jesus het toe tussen die sneeuvlokkies en die weerligstrale gaan staan. Hy het die toorn van God afgewend en alleenlik deur Sy bemiddeling word ons gebede aanneemlik vir God.[20] Dit was onvergeetlike en heilige oomblikke en het die momentum van die herlewing in die Paarl nog verder versnel.

16. Ibid., p. 1[illegible]7.
Tesame met die feit dat hy een van die kragtigste voorstanders van 'n geestelike herlewing in Suid-Afrika was, was hy tegelyk een van die grootste teenstanders van die opkomende liberalisme, p. 15[illegible].
17. Ibid., p. 155.
18. Ibid., p. 157.
19. Ibid., p. 158.
20. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na hierdie Pinksterdag het ds. Van der Lingen afgekondig dat die 10 dae tussen Hemelvaart en Pinkster voortaan in die gemeente 'n spesiale tyd van afsondering en gebed sal wees om telkens opnuut 'n Pinksterseën van die Here af te smeek. Binne enkele jare het dit die gebruik geword in die hele Ned. Geref. Kerk.[21] In die A.G.S. word hierdie erfenis uit die Ned. Geref. ook nog steeds gehandhaaf.

Dit is nie hier nodig om verdere detail van die gebeure in die verskillende gemeentes te gee nie. By die sinode van 1862 het die predikante of ouderlinge van die volgende gemeentes getuig - "...... van de krachtdadige werking des Geestes ...." in hulle midde-:[22] Calvinia, Tulbagh, Montagu, Worcester, Paarl, Beaufort, Murraysburg, Fauresmith, Swellendam, Caledon, Stellenbosch, Prins Albert, Stockenstrom, Graaf Reinet, Richmond, Franschhoek, Villiersdorp, Queenstown, Aberdeen, Winburg, Pietermaritzburg en Harrismith.[23] Die algemene gesindheid van hierdie sinode en die ampsdraers was een van diepe dankbaarheid en ootmoedigheid. Selfs sommiges wat aan die begin bevooroordeeld was, het dit erken as 'n heerlike werk van God se Gees.

Tydens hierdie herlewing was daar verskynsels en ervarings wat nie vreemd sou wees in die Pinksterbeweging nie, maar wat nie te dikwels in die Gereformeerde tradisie voorgekom het nie. Ons dink hier onder andere aan die feit dat groot getalle mense spontaan saam begin bid of tot God geroep het; die feit dat mense soms neergeval het, in 'n oënskynlik bewustelose toestand.[24] Alhoewel die predikante versigtig en selfs oorversigtig (vgl. ds. Murray) was, het daar dinge gebeur waaroor predikante geen beheer gehad het nie: "'n Buitestander, onbekend met die werking van God, sou die gebeure maklik as fanatieke geesdrywery kon beskrywe."[25] Tog het ooggetuies selfs in latere [illegible] dat

21. Ibid., p. 40.
22. Acta Synodi, 1862, p. 96.
23. [illegible]
24. [illegible]
25. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit 'n soewereine werk van God se Gees was: "Maar het werk der genade was van begin tot einde het werk van Gods Heiligen Geest ....... Er was geen sweem van kunstmatige opwinding."[26]

Die belangrikheid en die egtheid van 'n herlewing word egter aan sy vrugte gemeet en nie aan die emosionele tonele tydens die herlewing nie. Gemeet aan hierdie vereiste, was die 1860 herlewing deur en deur 'n werk van die Here. Die vrugte was baie, langdurig en eg. Die invloed van die herlewing op sommige dorpe was, om die minste te sê, rewolusionêr. In Montagu het die herlewing feitlik elke huis binnegedring. In Wellington is daar getuig dat die gemeente in die eerste paar weke geestelik meer gegroei het as in al die jare sedert sy ontstaan.[27] Retief reken dat hierdie herlewing 'n onmiskenbare stempel afgedruk het op die lewe, die karakter en die toekoms van die Afrikanervolk: "Ons kan sê dat ons volk definitief daardeur op 'n hoër peil gebring is. Die godsdienssin wat vandag kenmerkend van ons volk is, het ons in 'n groot mate aan hierdie herlewing te danke."[28]

Die mees opvallende vrug van die herlewing was die talle hartgrondige bekerings. Letterlik duisende mense het in daardie tyd Christus as Saligmaker gevind. Die mees onverskillige en geharde sondaars het met trane van berou hulle sondes bely.[29] Hierdie verandering in baie lewens het onder andere tot gevolg gehad dat huisgodsdiens wat vroeër baie verwaarloos was, weer in die meeste huise in ere herstel is.

Die herlewing het tot alle lae en groepe van die bevolking deurgedring. Baie Bruin- en Swartmense het ook in hierdie tyd die Here Jesus gevind. Dit is ook opmerklik dat talle mense as gevolg van die herlewing tot die bediening en veral tot die sendingvelde geroep is.[30]

26. Kerkbode, 4 April 1912, p. 275.
27. Leona Chey, op. cit., p. 71.
28. M.W. Retief, op. cit., p. [illegible] en 46.
29. [illegible]
30. [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die 1860-herlewing was nie die laaste van die 19ᵉ eeu nie. Ons het reeds verneem van die herlewing in Amerika en Engeland gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu. Dit het veral saamgehang met die bediening van Moody en Sankey. Die verhaal van wat die Here in Amerika en Engeland gedoen het, het na ander lande versprei, waar nuwe verwagtings opgewek en die volk van die Here opnuut tot gebed gedrywe is. Ook in Suid-Afrika het herlewingsvure in 1874 weer begin opvlam. Talle mense wat die 1860 herlewing beleef het, het opnuut daarna gesmag. In verskillende gemeentes het die Here besonderlik gewerk, onder andere in Swellendam, Montagu, Wellington, Kaapstad en Stellenbosch.[31] 'n Belangrike kenmerk van hierdie herlewing was die groot getalle jongmense wat hulle lewens aan die Here oorgegee het.

'n Vrug van hierdie herlewing was die hou van spesiale Evangeliedienste. Die Kaapse Sinode van 1876 het 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking aangestel wat op hulle beurt ds. Andrew Murray en dr. Servaas Hofmeyr versoek het om evangelisasiereise te onderneem.[32] Hierdie dienste is met groot sukses gehou. Daar is dikwels in hierdie prediking aangedring op die onmiddellike aanname van Jesus Christus as Saligmaker. Hierdie spesiale Evangeliedienste was vreemd in die Ned. Geref. Kerk. Sedert die onstaan van die A.G.S. was hierdie soort dienste egter deel van sy werkswyse en talle mense het van die begin af op hierdie wyse kennis gemaak met die A.G.S.

As gevolg van hierdie spesiale dienste was daar in verskeie gemeentes in die jare 1884 en 1885 weer 'n geestelike ontwaking. Dit was weer eens veral op Montagu waar talle jongmense 'n lewensvernuwing ondervind het.[33] Hierdie ontwaking in 1884 sou op 'n indirekte wyse jare later 'n groot invloed in die A.G.S. hê. Dit was in hierdie tyd dat 'n

31. W.M. Retief, op. cit., p. 58 en 59.
Sien ook J. du Plessis, op. cit., p. [illegible].
32. M.W. Retief, op. cit., p. 60 en 61.
33. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jong onderwyser, Pieter Louis le Roux, in Wellington tot 'n daadwerklike bekering kom en tot die bediening geroep sou word. Hy was bestem om later in sy lewe vir bykans drie dekades die president van die A.G.S. van Suid-Afrika te wees.[34]

Na hierdie kort bespreking wil ons graag wys op die rol wat hierdie herlewings in die voorbereiding vir die ontstaan van die A.G.S. gespeel het. Toe die Pinksterbeweging in 1908 hier ontstaan, was daar nog sommige van die ouer garde wat die 1860 herlewing as jongmense of kinders beleef het. Daar was ook talle wie se ouers hulle oor die destydse gebeure ingelig het. Dit is dan ook nie verbasend dat ons aan die begin van hierdie eeu mense vind wat tot God geroep het vir 'n hernude uitstorting van die Heilige Gees nie, wat verlang het na 'n besondere werk van God. Veral toe berigte van die herlewing in Wallis (1904) en elders, Suid-Afrika bereik, het dit 'n nuwe verwagting by baie wakker gemaak. Toe die berigte van Pinksterseën en wonderwerke dus in 1908 orals in die land bekend word, was dit veral hierdie mense wat na die dienste van die A.G.S. gekom het. Ons kan dus in kort sê dat die herlewings in die dekades wat voorafgegaan het, by talle 'n verwagting geskep het, 'n verwagting waaraan die vroeë A.G.S. by sommige voldoen het.[35]

Die feit dat sommige gebeure in die dienste van die A.G.S. herinner het aan die herlewings in hulle kerk van weleer, was by verskeie gelowiges 'n plusfaktor. Dinge soos die geïnspireerde evangelieprediking en spesiale evangeliedienste; die klem op onmiddellike bekering en 'n besondere ervaring en belewenis van die teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees, het heelparty ernstige soekers getrek. Die feit dat die Heilige Gees wel op 'n buitengewone wyse in die Ned. Geref. Kerk

34. Inligting verkry uit persoonlike notas deur P.L. le Roux, en sy eggenote. In die A.G.S. argief, Johannesburg.
35. Comforter, September 1910.
Comforter, Oktober 1910.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewerk het, het die "andersheid" van Pinksterdienste vir diesulkes meer aanvaarbaar gemaak.

Behalwe vir die invloed van die herlewing, was daar heelwat raakpunte tussen die Ned. Geref. Kerk en die A.G.S. Die feit dat die Ned. Geref. Kerk sedert die onstaan van die A.G.S. sy grootste voedingsbron was, is nie net omdat die Ned. Geref. Kerk by verre die grootste kerk onder die Blankes in Suid-Afrika is nie, maar is ook a.g.v. hierdie raakpunte. Hierdie feit word bewys deurdat daar sedert die ontstaan van die A.G.S. ook in verhouding met die getalle van ander kerke, 'n veel groter persentasie mense uit die Ned. Geref. Kerk oorgekom het. Die Ned. Geref. Kerk is eweseer as bv. die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika deel van die Calvinistiese tradisie. Watter faktore speel dan in hierdie verband 'n rol in die Ned. Geref. Kerk? In die eerste plek is die Ned. Geref. Kerk sterker evangelies ingestel. Ook kan die invloed van die piëtisme in die verlede in sommige kringe in die Ned. Geref. Kerk nie misgekyk word nie. Daar was ook 'n aantal predikante teen die einde van die vorige eeu wat redelik bande met die Heiligheidsbeweging in Amerika gehad het, bv. dr. Andrew Murray. Hierdie faktore het myns insiens bygedra tot die feit dat die Ned. Geref. Kerk meer oop was vir herlewing. Daarom is dit nie eienaardig dat die herlewing in die Ned. Geref. Kerk in die vorige eeu feitlik by die ander twee Afrikaanse kerke verbygegaan het, alhoewel ons in gedagte hou dat hierdie twee kerke op daardie stadium maar kort gelede tot stand gekom het. Spesiale Evangeliedienste en die Pinksterbidure kom ook nie in hierdie twee kerke voor nie. Al hierdie faktore het tot 'n mindere of meerdere mate die opkoms van die Pinksterbeweging in Suid-Afrika bevoordeel. Daar sal in 'n latere hoofstuk meer spesifiek gewys word op die wedersydse invloed wat die Ned. Geref. Kerk en die A.G.S. op mekaar gehad het.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.2 Die Groenewoudbeweging[36]

Dit is nodig om hier kortliks melding te maak van die Groenewoudbeweging (ook genoem die Groenewoudsekte) wat in die sestigerjare van die vorige eeu sy verskyning gemaak het. Die beweging het sy naam te danke aan sy stigter, ene Wouter Groenewoud. Hy was aanvanklik as sendeling van die Nederlandse Hervormde kerk in Rotterdam opgelei. Hy kom in 1860 as sendeling na Suid-Afrika en tree tot in 1863 in hierdie hoedanigheid op.

In 1863 kom hy tot die persoonlike oortuiging dat die besprinkeling van kinders onskriftuurlik is en dat die Bybelse doop slegs aan gelowiges deur onderdompeling kan geskied. In dieselfde jaar verlaat hy dan die Ned. Geref. Kerk en skaar 'n groepie enersdenkendes om hom. Dit was veral in die Bolandse dorp Wellington waar hy aanvanklik invloed gehad het.

Hy keer egter in 1865 na Holland terug waar hy 'n soortgelyke beweging begin. In 1867 maak selfs die Kaapse dagblad "Het Volksblad" melding van die "profeet" Groenewoud wat in Holland sy "dweepsiekte leer van herdooping" gaan verkondig het.[37] Volgens die artikel het hy die sakrament van die doop gewoonlik vroeg in die oggend met dagbreek bedien.

Hy keer in 1868 na Suid-Afrika terug waar hy mettertyd die hoofsentrum van sy beweging verskuif na Vier-en-Twintig-Riviere, 'n plek in 'n vallei naby Paarl en Wellington. Die groep was waarskynlik nooit sterker as sowat 110 lede nie. 'n Groot deel van hulle het waarskynlik uit die Ned. Geref. Gemeente, Wellington gekom. So lees ons in die

36. Aangesien hierdie groep nooit groot was in getalle of invloed nie, is daar nog baie min in Suid-Afrika oor hierdie beweging nagevors en dus is weinig inligting oor hulle in geskiedkundige literatuur beskikbaar. 'n Belangrike deel van die stof in hierdie proefskrif is bekom in 'n telefoniese gesprek met mej. Christa Armstrong, 'n Amerikaanse navorser oor verskillende Wederdopergroepe wêreldwyd. Sy het onder andere ook intensiewe navorsing in verband met die Groenewoudbeweging gedoen.

37. [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



notule van die gemeente dat onder andere die voorleser, ene Johannes Hendrik Retief die kinderdoop nie langer erken nie en dat hy as voorleser van die gemeente geskors word vir 'n periode van 6 maande en indien hy nie in daardie tyd van sy dwaling afsien nie, sal hy afgesit word.[38] Ses maande later vind ons die volgende besluit in die notule; "De Voorsitter herinnert de vergadering dat zeven leden der Gereformeerde Kerk sich afgescheiden hebben en tot de sekte van Groenewoud syn overgegaan, waarop zyn vervallen verklaard syn van alle regten en voorregten aan de Gereformeerde Kerk verbonden, ....."[39]

In 'n gebied waar die Ned. Geref. Kerk feitlik die enigste kerk was en 'n baie groot invloed op alle sektore van die samelewing uitgeoefen het, en in 'n tyd waar daar nie veel verdraagsaamheid vir andersdenkendes veral op godsdienstige gebied was nie, is die Groenewoudbeweging sterk teengestaan. Daar was heelwat berigte en stories oor hulle in omloop. So word daar bv. aangehaal dat hulle "gemeenskap van goedere en vroue" beoefen het en dat hulle in "hulle samekomste op skandelike wyse ontug gepleeg het."[40]

Bewerings soos hierdie rym egter nie heeltemal met die jongste navorsing in hierdie verband nie.[41] Wat was dan inderdaad die kenmerke en leer van hierdie beweging? Die hoofkenmerk was dat hulle die doop van gelowiges deur onderdompeling beoefen het. Nog 'n kenmerk was 'n besondere peil van toegewydheid en heiligmaking. Groenewoud het ook geglo dat hy leiding en opdragte van die Heilige Gees ontvang het. Die gawe van profesie het onder hulle voorgekom. Dit is waarskynlik ook

38. Notule van die kerkraad van Wellington, 8 Junie 1863, p. 149.
39. Notule van die kerkraad van Wellington, 13 Januarie 1864, p. 153.
40. G.B.A. Gerdener, **Handboek by Katkisasie**, p. 257.
41. Vgl. Voetnota 30.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die eerste groep in Suid-Afrika wat die gawe van Goddelike genesing algemeen beoefen het. Hulle het ook die gemeenskaplike besit van goedere beoefen. Dit wil egter blyk dat hierdie groep ongelukkig ook in dieselfde strik as ander soortgelyke groepe voor hulle getrap het. Daar is naamlik aanduidings dat die sogenaamde "profetiese uitsprake" as rigtinggewend en normatief ten koste van die Skrif aanvaar is. Dit het onder andere meegebring dat daar 'n spesifieke datum vir die Wederkoms van Christus voorspel is. Dit is juis voorspellings soos hierdie wat die groep sy geloofwaardigheid laat verloor het en spoedig laat verbrokkel het.

Die vraag dring homself aan 'n mens op of daar enige verband tussen hierdie beweging en die 1860 herlewing was. Inderdaad ontstaan hierdie beweging gedurende die laaste deel van die herlewing en wel ook in een van die belangrikste sentrums van die herlewing, nl. Wellington. Die vraag is reeds in 1870 deur een van die meer liberale predikante van die Ned. Geref. Kerk en een wat nie baie positief teenoor die herlewing was nie, gevra. As predikant van Victoria Wes vra ds. H.C.V. Leibbrandt by die 1870 sinode die volgende vraag: "In hoe ver moet de sekte der Wederdopers te Wellington beschoud worden als eer rijpe vrucht, een consequente ontwikkeling der zoogenaamde herlewing?"[42] Dit is duidelik dat hierdie dominee in hierdie beweging 'n middel gekry het waardeur hy sy afkerigheid en ongeneëntheid teenoor die herlewing kon bewys. Alhoewel dit moeilik is om hierdie vraag te bantwoord, skyn dit tog nie onmoontlik te wees dat mense deur die herlewing as't ware honger gemaak is vir nog wonderliker seëninge en beloftes uit die hand van die Here nie. Dit skyn aanneemlik te wees dat sommiges meer geneë was om by die Groenewoudbeweging aan te sluit na wat hulle tydens die herlewing gesien en beleef het.

42. Acta Synodi, 1870, p. 48.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van watter belang is die Groenewoudbeweging vir hierdie studie? Eerstens moet ons opmerk dat hierdie beweging waarskynlik die eerste in Suid-Afrika was wat vanuit 'n Gereformeerde tradisie tot die oortuiging van die doop van gelowiges gekom het. Met ander woorde dit is die eerste groep buite die Baptiste tradisie wat in Suid-Afrika tot hierdie siening gekom het. Hierin sou hulle gevolg word deur die Sioniste en later deur die Pinksterbeweging. Ons moet egter ook dadelik noem dat daar geen historiese verband tussen die Groenewoudbeweging en enige latere kerklike beweging was nie. Die beweging het eenvoudig doodgeloop. Sommige van hulle is terug na die Ned. Geref. Kerk. Daar was egter diegene wat as kinders of jongmense deel aan die beweging gehad het. Toe die A.G.S. ontstaan, was die leer en lewe van die Pinksterbeweging vir hulle nie heeltemal so vreemd en nuut nie. Dit is dan ook so dat enkele persone wat met die Groenewoudbeweging gemoeid was, of van hulle kinders, onder die vroeë lede van die A.G.S. getel het. Een so 'n voorbeeld was die grootvader van die bekende Du Plessisbroers (Pastore Dawid, Justus en Eneas du Plessis) wat diep spore in die A.G.S. en die Pinksterbeweging wêreldwyd getrap het.[43]

## 4.3 Andrew Murray

As een persoon uitgesonder moet word wat die grootste bydrae in die voorbereiding vir die ontstaan van die Pinksterbeweging gemaak het, beide hier en wêreldwyd, sal dit Suid-Afrika se bekende dr. Andrew Murray wees. Hierdie feit word allerweë erken selfs deur buitelandse pentekostaliste: "The Pentecostal Revival came to Africa very early in this century. Many believe that Andrew Murray, that grand old preacher and writer of the Dutch Church in South Africa paved the way for the Pentocostal Revival. His teaching on prayer, divine healing and the

43. Persoonlike onderhoud, Pastore J.T. en D.J. du Plessis.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Holy Spirit made many hearts hungry."[44] Ons sal weldra op hierdie belangrike aspekte wys. Ter wille van volledigheid, bied ons egter eers 'n baie kort lewensoorsig.[45]

Andrew Murray is gebore op 9 Mei 1828. As een van 'n pastoriegesin was sy opvoeding liefdevol, gedissiplineerd en streng Christelik. Op die ouderdom van slegs 10 jaar is hy en sy ouer broer John na Skotland gestuur vir verdere onderwys en opleiding, aangesien die onderwys op daardie stadium in Suid-Afrika op 'n redelike lae peil was. Hy sou sy vaderland eers weer oor 10 jaar sien. In Skotland self het hulle 7 jaar lank studeer waarna Andrew in 1845 op sewentienjarige ouderdom die M.A. graad behaal. Dit is in hierdie tyd dat hy die begeerte tot die bediening voel alhoewel hy volgens sy eie getuienis toe nog nie tot bekering gekom het nie. Hy kom kort daarna (nog in 1845) tot 'n hartgrondige bekering.

Die twee broers vertrek in Junie 1845 na Holland waar hulle vir drie jaar aan die Universiteit van Utrecht in die Teologie sou studeer. Die algemene geestelike toestand in Holland was op daardie tydstip ellendig. Rasionalisme en liberalisme het hoogty gevier.[46] Evangeliese prediking was selde gehoor en "bekering" was 'n woord wat nie meer gebruik is nie.[47] In so 'n atmosfeer en onder sulke professore moes John en Andrew studeer. Een ligstraaltjie was die Réveilbeweging wat vanuit Switserland na Holland gekom het en veral die hoër klasse beïnvloed het.[48] Die Murray broers sluit by 'n Christen studente-groep aan

44. Gordon F. Atter, op. cit., p. 53.
45. Die volledigste biografie oor Andrew Murray is waarskynlik dié deur prof J. du Plessis, wat reeds in 1919 geskryf is. Die mees resente biografie is dié deur die Amerikaanse skryfster, Leona Choy, (in Afrikaans vertaal). In hierdie kort oorsig is veral van hierdie twee werke gebruik gemaak.
46. T.N. Hanekom, **Die Liberale Rigting in Suid-Afrika**, p. 287-289.
47. Van der Watt, P.B., **John Murray, 1826-1882**, p. 44.
48. Ibid., p. 45-47.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat onder invloed van hierdie beweging gestig is, genaamd "Secor Dabar". Dit is die Hebreeuse woorde wat in Ps. 119:49 vertaal is met "Gedenk die woord".[49] Hulle is spottenderwys die "bidclub" of "chocolate club"[50] genoem, omdat hulle die gebruik van alkohol en tabak vermy het en 'n toegewyde lewe gelei het. Die invloed van die Switserse Réveil op Andrew se latere bediening kan nie gering geskat word nie.

Nog 'n invloedryke gebeurtenis in hierdie tyd in die lewe van Andrew Murray was hulle ontmoeting met pastoor Blumhardt, terwyl hulle 'n staptoer deur die Rynvallei onderneem het. Pastoor Blumhardt se bediening het veral te doen gehad met die bevryding van duiwelbesetenes en met Goddelike genesing. Sy werk het gelei tot 'n herlewing in die Rynse provinsies. Hier het Andrew tot die oortuiging gekom wat hom sy hele lewe lank deur bygebly het: dat God nie verander het nie en dat Hy vandag nog dieselfde wonderwerke as in Bybelse tye kan doen.[51]

Op Andrew se twintigste verjaarsdag, 9 Mei 1948, is hy en sy broer John albei as predikante georden. Hulle keer dadelik terug na Suid-Afrika. Andrew se eerste gemeente was Bloemfontein. Agt jaar later, op 2 Julie 1856, tree hy in die huwelik met Emma Rutherfoord. Hier in Bloemfontein skryf hy ook sy eerste boek - 'n kinderboek "Jezus de Kindervriend". Gedurende sy leeftyd sou hy ongeveer 250 boeke en geskrifte in Engels en Hollands skryf.[52]

In Maart 1860 word hy na Worcester beroep. Daar het hy die reeds vermelde herlewing beleef. Die herlewing het hom self diep geraak en vernuwe. Hierdie verdieping was veral ook in sy prediking merkbaar.

In 1862 val die groot eer hom te beurt om op 34 jarige ouderdom vir die eerste keer as moderator van die Ned. Geref. Kerk se Sinode verkies te word. Dit was gedurende 'n krisisperiode in die Ned. Geref. Kerk

49. Ibid., p. 47.
50. Ibid., p. 51.
51. Leona Choy, op. cit., p. 36.
52. De Kock, W.J., **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek**, p. 607.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- die tyd van die sogenaamde "Liberale stryd". In hierdie stryd het die liberaliste nie geskroom om selfs van die geregshof gebruik te maak nie.[53] So vind ons die bekende Loedolff-saak in 1862 waartydens ds. Murray as een van die verweerders in die hofsaak betrokke was.[54] In hierdie tyd (1864) neem hy ook die beroep as medeleraar na Kaapstad aan.

Die laaste beroep wat hy sou aanneem was na Wellington in 1871. Daar het hy die orige 45 jaar van sy lewe deurgebring - 34 jaar daarvan as predikant van die gemeente. Na baie jare van vrugbare diens, kom hy op 18 Januarie 1917 in die ouderdom van 88 jaar tot sterwe.

Na hierdie kort oorsig word gelet op 'n paar kenmerke en aspekte van sy bediening wat belangrik is met die oog op hierdie studie.

Reg deur sy lewe en in al sy geskrifte, word 'n mens bewus van die belangrike plek wat heiligmaking en heiligheid vir Murray ingeneem het. Hy het 'n duidelike onderskeid tussen volmaaktheid en perfeksionisme gemaak: "I want you to remember what a difference there is between Perfection and Perfectionism. The former is a Bible truth: the latter may or may not be a human perversion of that truth. I fear much that many, in their horror of Perfectionism, reject Perfection too."[55] Volgens Murray beteken volmaaktheid nie dat 'n mens nie meer kan sondig nie, maar dat die gelowige in staat is om nie meer te sondig nie. "Murray ....... aanvaar wel dat die geneigdheid tot sonde steeds in die lewe van die gelowige aanwesig bly, maar is terselfdertyd ten volle oortuig van die moontlikheid om 'n toestand te bereik waar geen sonde gedoen word nie."[56]

Hierdie toegewydheid en strewe na heiligmaking het duidelik in sy bediening na vore gekom, bv. by die belydenisaflegging van nuwe

53. T.N. Hanekom, op. cit., p. 380.
54. Van der Watt, P.B., "Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962", p. 104.
55. J. du Plessis, op. cit., p. 311.
56. C.F.C. Coetzee, Die werk van die Heilige Gees in die Teologiese denke van Andrew Murray, Doktorale proefskrif, p. 327.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lidmate. Anders as die algemene gebruik in sy tyd het hy dikwels jongmense teruggehou van belydenisaflegging omdat hulle Christus nog nie werklik aangeneem het nie of as gevolg van gebrek aan toewyding of kennis.[57] Murray was onder andere 'n geheelonthouer. Sy standpunt oor alkohol het hom veral op Wellington aanvanklik heelwat teenkanting besorg. Sy standvastige dog liefdevolle optrede het egter tot gevolg gehad dat daar later in Wellington net vier kroeë oor was teenoor die 40 van die naburige dorpie.[58]

'n Belangrike rede vir sy klem op heiligmaking was sy kontak met die oorsese Heiligheidsbeweging sedert 1870. Trouens, Murray was 'n redelike sleutelfiguur in hierdie beweging en was goed bekend met manne soos D.L. Moody, Ira Sankey, Robert Pearsall Smith, dr. Boardman en Evan H. Hopkins. So is daar deur die inisiatief van ds. Andrew Murray en deur die invloed van die Heiligheidsbeweging in 1876 konferensies in verskillende dorpe in Suid-Afrika gehou.[59] Ons het reeds gesien dat die Heiligheidsbeweging 'n belangrike rol in Amerika gespeel het ter voorbereiding van die Pinksterbeweging. Deur Andrew Murray is hierdie invloede ook in Suid-Afrika aan die werk gesit en het dit ongetwyfeld die klimaat vir die koms van die Pinksterbeweging help voorberei.

Nou verwant aan die Heiligheidsbeweging, was die Keswickkonferensies, soos ons reeds gesien het. Murray het baie nou met die werk van hierdie groep ingeskakel, aangesien hulle leerstellings ooreengestem het. Murray was inderdaad 'n leidende figuur in hierdie beweging en het by verskillende geleenthede by konferensies as spreker opgetree. Vir die laaste 28 jaar van sy lewe is Murray as die vader van die Keswickbeweging in Suid-Afrika beskou. Daar is reeds gewys op die voorbereidende rol wat die Keswickkonferensies oorsee gespeel het in die ontstaan van die Pinksterbeweging. Dieselfde geld ook vir Suid-Afrika.

57. Leona Choy, op. cit., p. 43 en 44.
58. Ibid., p. 85 en 86.
59. J. du Plessis, op. cit., p. 315.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat sy siening oor die vervulling of doop met die Heilige Gees betref, het Murray 'n duidelike weg vir die Pinksterbeweging gebaan. Die Pinksterbeweging praat tot 'n groot mate dieselfde taal as Murray wanneer dit kom by hierdie onderwerp. Aan die ander kant is dit interessant dat dit veral met betrekking tot hierdie onderwerp is dat Murray aansienlik verskil van Calvyn en die algemene Gereformeerde siening.[60] Hier sal slegs verwys word na enkele punte in verband met die doop met die Heilige Gees waardeur Murray die harte van baie mense in Suid-Afrika én in die buiteland voorberei het met die oog op die ontstaan van die Pinksterbeweging.

By Murray het Pinkster 'n sentrale plek in sy denke en geskrifte ingeneem. In die meeste van sy vele geskrifte bring Murray die Heilige Gees en Sy werk ter sprake. Hy het egter 'n aantal boeke spesifiek oor hierdie onderwerp geskryf, onder andere "Terug na Pinkster", "Die volle Pinksterseën en "The Spirit of Christ".

Om met die Heilige Gees vervul te wees, beteken vir Murray dat die lewende Christus in die gelowige woon, maar nie alleen dit nie, maar ook dat Hy volle beheer van jou lewe geneem het.[61] Dit is die hoogtepunt en hoofdoel van die werk van Christus: "Ek het gedink en gedink en gedink aan Jesus in Betlehem, en aan Jesus op Golgota, en aan Jesus op die troon en ek het Hom aanbid en liefgehad en my uitermate in Hom verbly; maar al die tyd het ek verlang na iets beters en iets diepers en iets wat nader is."[62] Hierdie "iets" was vir Murray die vervulling met die Heilige Gees.[63] "Die groot behoefte van die geloofslewe is om die Heilige Gees te ontvang, en as ons Hom het, om dit dan te wéét en daarvolgens te lewe."[64]

60. In sy proefskrif oor **Die werk van die Heilige Gees in die Teologiese denke van Andrew Murray**, wys C.F.C. Coetzee op 'n hele aantal van hierdie verskilpunte, p. 188-248.
61. Andrew Murray, **Algehele Oorgawe**, p. 10.
62. Ibid., p. 10.
63. Ibid., p. 10.
64. Andrew Murray, **Die Volle Pinksterseën**, p. 5.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Coetzee[65] wys ook op hierdie belangrike aksent wat Murray op Pinkster plaas: "Waar die kruisiging en opstanding van Christus volgens die gereformeerde teologie, die sentrum vorm van die besondere openbaring, daar staan Pinkster vir Murray in die sentrum". Murray stel dit as sy oortuiging dat die vleeswording, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Christus almal voorlopige stadia was wat in die uitstorting van die Heilige Gees gekulmineer het - "these are all preliminary stages; their goal and their crown was the coming down of the Holy Spirit".[66]

Volgens Murray het die kerk grootliks daarin gefaal om die belangrike betekenis van Pinkster te erken en toe te laat.[67] Die wyse waarop Murray die belangrikheid van Pinkster en die vervulling met die Heilige Gees beklemtoon het, sou uit die aard van die saak in vele gelowiges 'n verlange opwek na hierdie ondervinding.

Die Pinksterondervinding is sinvol en nodig sê Murray, omdat dit so 'n verskil en verandering in die gelowige se lewe teweegbring. Hier wys hy veral op die verskil in die lewens van die apostels voor en na Pinksterdag.[68] Hieruit kan afgelei word dat Murray, soos die Pinksterbeweging, die vervulling met die Heilige Gees as 'n ondervinding na bekering sien: "Dit leer ons dat daar twee maniere is waarop die Heilige Gees in ons werk. Die eerste is deur die voorbereidingswerk, wanneer Hy ons tot bekering en geloof bring en ons aanspoor tot alles wat goed en heilig is. Die tweede is die hoër en meer gevorderde wyse waarop ons Hom ontvang, as 'n blywende gawe, as 'n inwonende Persoon van wie ons weet dat Hy ons hele innerlike bestaan vir sy rekening neem en met sy eie lewe vervul. Dit is die ware, volle Christelike lewe."[69] Die ontvangs van

65. C.F.C. Coetzee, <u>op. cit</u>., p. 189.
66. Andrew Murray, **The Spirit of Christ**, p. 145.
67. <u>Ibid</u>., p. 145.
68. Andrew Murray, **Algehele Oorgawe**, p. 12.
69. Andrew Murray, **Die Volle Pinksterseën**, p. 3.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Heilige Gees is dus "...... iets anders as die werking van die Gees tot bekering en geloof en blydskap in Jesus".[70]

Die volle Pinksterseën is dus volgens Murray wel die erfenis en wil van God vir al Sy kinders.[71] Dit beteken egter nie dat almal dit ontvang het nie.[72] Murray gee selfs te kenne dat hy self onseker is of hy al hierdie ondervinding deelagtig geword het.[73]

As Murray na die kerk van sy tyd kyk, bely hy dat die kerk weer 'n uitstorting van die Heilige Gees nodig het.[74] Dit ontbreek die kerk aan die krag van die Heilige Gees.[75] Wat nodig is in die lewe van die gelowiges en in die kerk, is 'n herhaling van Pinkster, 'n nuwe Pinkster-uitstorting. In teenstelling met sy eie kerk se leerstelling, was die Pinksterondervinding vir Murray nie 'n eenmalige en onherhaalbare gebeurtenis nie.[76] Hy vind dit ook Skriftuurlik gefundeerd om te praat van 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees.[77] "Hoe heerlik wag Hy nie selfs op hierdie oomblik om die belofte in ons geval ook te vervul nie!"[78] Murray was volkome daarvan oortuig dat die volle Pinksterseën nie net vir die eerste gemeente of vir indiwidue deur die kerkgeskiedenis bedoel was nie, maar vir elke gelowige wat eerlik en ernstig daarna soek en daarvoor bid.[79]

70. Ibid., p. 4.
Dieselfde gedagte bring Murray ook duidelik na vore in sy boekie **Terug na Pinkster**, p. 64.
71. Andrew Murray, **Die Volle Pinksterseën**, Voorwoord.
72. C.F.C. Coetzee, op. cit., p. 228.
73. Ibid., p. 226.
Leona Choy, op. cit., p. 145.
74. Andrew Murray, **Terug na Pinkster**, p. 41.
75. Ibid., p. 41.
76. Coetzee wys breedvoerig op hierdie klem in die werke van Andrew Murray.
C.F.C. Coetzee, op. cit., p. 233-242.
77. Andrew Murray, **Terug na Pinkster**, p. 34-36.
78. Ibid., p. 36.
79. Andrew Murray, **Die Volle Pinksterseën**, p. 46 en 48.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Murray het by vele 'n verwagting opgewek dat as die kerk sy Pinkstererfenis weer toeëien, sal die lewe, gawes en tekens van die vroeë kerk ook weer herstel word: "Op die Pinksterdag was die gevolg van die vervulling met die Gees dat die mense in vreemde tale gepraat en geprofeteer het. Hier in Efese, twintig jaar later, word dieselfde wonder gesien as die sigbare teken en die onderpand van die ander heerlike geestegawes. Ons kan daarop reken dat die geseënde lewe van die eerste Pinkstergemeente in krag herstel sal word waar die vervulling met die Heilige Gees gepreek en toegeëien word."[80]

Die toerusting met die Heilige Gees en krag was vir Murray veral belangrik met die oog op die prediking: "Ons stel ons vertroue in die wysheid van die mens liewer as in die almagtige krag van God. Die hele opleiding van ons predikante dra daartoe by om by hulle die gedagte te laat posvat dat die lewer van 'n goeie preek die toets is vir 'n goeie predikant. Die bevel van onse Here was: 'Vertoef' - wag - moenie preek nie - 'totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte'. By Hom was die eerste behoefte van die prediker die doop met die Heilige Gees. Moet die swakke toestand van die Kerk nie hieraan toegeskryf word dat ons geloof in die wysheid van die mens meer as in die krag van God bestaan nie?"[81]

In Murray se strewe dat die kerk moet terugkeer na die Handelinge-model, praat hy die taal van die Pinksterbeweging en het hy inderdaad ook die bodem vir die ontstaan van hierdie beweging voorberei, soos wat Coetzee ook duidelik uitwys.[82] Ook in sy siening oor die Hervorming van die 16$^{e}$ eeu en die latere opwekkingsbewegings, weerspieël hy eerder die oortuigings van die Pinksterbeweging as dié van die tra-

80. <u>Ibid</u>., p. 7 en 8.
81. Andrew Murray, **Terug na Pinkster**, p. 61.
82. C.F.C. Coetzee, <u>op. cit</u>., p. 232.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



disionele Gereformeerde tradisie: "Die Hervorming - soos die Hervormers self erken het - was 'n hervorming in die leer meer as in die lewe."[83] "...... hoe ver was die Hervorming nog van 'n terugkeer na Pinkster! .... Lateraan het meer as een groot beweging daarna gestrewe om Christene tot 'n heiliger lewe te lei, soos die werk van die Piëtiste en van die Morawiërs in Duitsland, die arbeid van die Puriteine en van John Wesley en Whitefield in Engeland en Skotland, bewys gelewer het van die krag van die Gees. En tog, hoe ver was die lewe van die Kerk as 'n geheel benede die Nuwe Testamentiese model!"[84]

Die ooreenkomste tussen Andrew Murray en die Pinksterbeweging met betrekking tot die leer van die doop met die Heilige Gees is treffend en kan nie aan toeval toegeskryf word nie. Murray se boeke oor die Heilige Gees is nie alleen in Suid-Afrika gelees nie, maar het oorsee, veral onder die Heiligheidsbeweging, 'n wye leserspubliek gehad. Duisende mense het na aanleiding van sy boeke gesoek na 'n verdere geestelike ondervinding na hulle bekering. Baie het gebid vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees in die kerk. Die enigste probleem was soos by die Heiligheidsbeweging, om vir hierdie ondervinding van die doop met die Heilige Gees 'n kriterium te vind.[85] Hoe sou iemand seker wees dat hy wel vervul is met die Heilige Gees? Soos reeds genoem was Murray self nie seker nie. Hierdie onsekerheid is uit die weg geruim by die ontstaan van die Pinksterbeweging deurdat hulle volgens hulle oortuiging uit die Skrif, die spreke in tale as inisiële teken van die vervulling met die Heilige Gees beklemtoon het.

83. Andrew Murray, **Terug na Pinkster**, p. 61.
84. Ibid., p. 38 en 39.
85. Walter J. Hollenweger, op. cit., p. 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Baie mense egter het Andrew Murray se siening en leer oor die Heilige Gees as normatief aanvaar. In baie gevalle het hulle eie kerke nie vir hierdie tweede ondervinding na bekering ruimte gemaak nie. Vir hulle was die Pinksterbeweging - en in Suid-Afrika die A.G.S. - die bestemming van die koers wat Murray aangedui het. Die A.G.S. het in Suid-Afrika in die oë van baie mense die Pinkster-ideaal van Andrew Murray kom verwesenlik.

'n Ander saak waarin Murray 'n uiters belangrike rol gespeel het in die voorbereiding van die A.G.S., is rondom die kwessie van Goddelike genesing - Murray gebruik sowel hierdie term as die term "geloofsgenesing", alhoewel gereserveerd en gekwalifiseerd: "Hy het nie van die term 'geloofsgenesing' gehou nie, want dit kon geloof in baie dinge insluit en was nie noodwendig Christelik nie. Want Andrew was beslis daaroor dat dit nie die geloof is wat genees nie, maar geloof is slegs die hand wat die gawe van die Geneser in ontvangs neem. Die Persoon wat genees, is God en God alleen."[86] Die A.G.S. gebruik ook sedert sy ontstaan uitsluitlik die term "Goddelike genesing".

Sy belangstelling in Goddelike genesing het 'n saak van groot erns geword, veral toe hy self as gevolg van liggaamlike ongesteldheid vir 'n geruime tyd aan bande gelê is. Teen die einde van 1879 het Andrew Murray as gevolg van die aanhoudende ooreising van sy stem, sy spraak verloor. By verskillende konferensies en ook by kerklike vergaderings moes sy boodskappe voorgelees word. In hierdie tyd het hy hom veral daarop toegelê om meer te skryf. Aan die begin van 1881 bring hy 'n paar maande in die Karoo deur in die hoop dat die droë klimaat die gewenste uitwerking sal hê. Hy was ook onder die behandeling van 'n bekwame dokter. Teen die einde van 1881 het sy stem inderdaad heelwat verbeter

86. Leona Choy, *op. cit.*, p. 118 en 119.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en het hy weer sy prediking hervat. In die voorjaar van 1882 gee sy stem egter weer heeltemal in. Sy kerkraad beveel aan dat hy op 'n oorsese toer vertrek met die gedagte dat die veranderde lug en gespesialiseerde mediese hulp moontlik die gewenste uitwerking sal hê.

In die jare wat vooraf gegaan het, het Murray reeds deeglik kennis gemaak met die Bybelse waarheid van Goddelike genesing. Onder andere het hy die boek "The Lord thy Healer" van dr. Boardman, noukeurig bestudeer. In 1877 het hy ook dr. Stockmaier van Switserland leer ken. Murray beskryf hom "as a truly spiritual man, of strong faith".[87] Hy was aan die hoof van 'n instituut vir "faith healing" in Switserland. In hierdie tyd het 'n sekere ds. Hazenberg ook spesiale genesingsdienste op verskillende plekke in die Kaap gehou. Alhoewel sy leringe en dienste uit sommige oorde gekritiseer is, het daar tog baie mense na sy dienste gekom en is daar vir baie siekes gebid.

Toe Murray dus oorsee vertrek, was hy in sy hart baie duidelik daarvan oortuig "that the Lord even yet bestows healing on the prayer of faith".[88] In Engeland aangekom besoek hy eerstens 'n bekende medikus, dr. Kidd, wat aan hom sekere medisyne en behandeling voorskryf. Sy eintlike begeerte was om dr. Stockmaier in Switserland te gaan besoek, maar wat was sy verbasing groot toe hy hom die volgende week by 'n konferensie in London raak loop. Hy het sy siekte-probleem openhartig met hom bespreek. Nadat hy hom sekere basiese onderrig in hierdie verband gegee het, beveel dr. Stockmaier aan dat Murray die genesingsdienste van dr. Boardman besoek wat toe pas 'n paar weke gelede 'n genesingsinstituut in London begin het. Die instituut is Bethshan genoem. Murray besluit om as pasiënt hier opgeneem te word en vertoef daar vir 3 weke. Hier het hy

87. J. du Plessis, op. cit., p. 339.
88. Ibid., p. 339.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die ander pasiënte elke môre om die Woord vergader en hulleself ondersoek of daar dalk iets in hulle lewe is wat die genesing verhinder. Deur die beloftes in die Skrif te bestudeer, is hulle geloof in die Here opgebou.

Oor die sinvolheid van sy verblyf in die instituut en op die vraag of die Here hom dan nie maar soos in Bybelse tye oombliklik kon genees nie, antwoord hy soos volg: "Quite true. Yet in most cases time is needful in order to learn what God's Word promises, and rightly to understand what the cause and purpose of the disease really are, and which are the conditions and what the meaning of healing. The stay in such a Home, with all its surroundings, help to make this matter plain, and to strengthen faith."[89]

In hierdie tyd kom hy ook tot die oortuiging dat genesing vir die liggaam deel is van die volkome versoeningswerk van Christus[90] en dat die kerk dit weer moet besef; "When the Church understands that the body also shares in the redemption effected by Christ, by which it may be restored to its original destiny, and become the dwelling - place of the Holy Spirit, to serve as His fit instrument and to be sanctified by His presence, - then the Church will also recognize the place which Divine Healing has in the Bible and in the councils of God."[91]

Hy verlaat hierdie instituut na drie weke as 'n gesonde man en vir die res van sy lewe was sy helder, duidelike en deurdringende stem, 'n uitstaande kenmerk. Murray het tot by sy dood onwrikbaar in Goddelike genesing geglo en waar moontlik dit ook beoefen. Dit het nie altyd

89. *Ibid.*, p. 340.
90. Andrew Murray, **Divine Healing**, p. 13-15.
91. J. du Plessis, *op. cit.*, p. 330.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sonder teenstand en kritiek plaasvind nie. Hy het vir baie mense gebid wat gesond geword het, soms oombliklik. Daar was ook teleurstellings - gevalle waar geen genesing gekom het nie of waar daar aanvanklike beterskap was, maar dat die persoon tog kort daarna gesterf het.

In 1884, twee jaar na sy genesing, verskyn sy boek "Jesus de Geneesheer der Kranken", wat ook in Frans en Engels vertaal is. Die Nederlandse uitgawe is na die eerste uitgawe nooit weer herdruk nie. Blykbaar was die Ned. Geref. Kerk nie gereed vir hierdie lering nie en was daar te veel aspekte in die boek wat nie versoen kon word met die kerk se amptelike leer en praktyk nie.[92] Die vertaalde werk, "Divine Healing", was egter in Amerika sterk in aanvraag. In die A.G.S. waar Goddelike genesing sedert sy ontstaan een van die mees onderskeidende kenmerke was, het hierdie boek veel groter aanvaarding en waardering ontvang as in die Ned. Geref. Kerk. Dit was van die begin af en selfs tot vandag toe nog as 'n gesaghebbende werk oor die kwessie van Goddelike genesing beskou. So bv. is groot dele uit hierdie boek vir 'n aantal maande sedert April/Mei 1923 in die A.G.S. se amptelike blad, Die Trooster, gepubliseer.[93] Dit was bepaald as rigtinggewend beskou, alhoewel daar nie in elke opsig in die verband vereenselwiging tussen sy leer en dié van die A.G.S. is nie. Dit was vroeër allerweë in die A.G.S. aanvaar dat die Ned. Geref. Kerk hierdie boek van sirkulasie onttrek het, omdat hulle die waarheid van Goddelike genesing vir vandag nie wou aanvaar nie.[94]

92. Ibid., p. 349.
93. Trooster, April/Mei 1923, p. 4.
94. In 'n disputasie tussen John G. Lake en ds. S.J. du Toit, in die kerksaal van Somerset-Oos in 1910, waar die kwessie van Goddelike genesing een van die onderwerpe was, het Lake hierdie punt sterk beklemtoon.
Comforter, Oktober 1910.
So ook in 'n artikel deur Lake, aangehaal in die Trooster van Julie 1960, p. 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In sy leer en standpunt oor Goddelike genesing, het Murray eweseer die pad vir die A.G.S. oopgemaak. Die volgende aanhaling is sprekend in hierdie verband: "The church has grown so unaccustomed to this action of the Spirit in curing the body, she has for so long ascribed the loss of this gift to the council of God rather than to her own unfaith, she has so persistently overlooked all the utterances of Scripture on the subject, or has explained them from the viewpoint of her own feeble life, that the truth has remained hidden even from the eyes of many pious expositors and theologians."[95] Hy het 'n groot en nuwe uitstorting van die Heilige Gees en 'n nuwe openbaring van Pinkster in sy dag verwag, 'n Pinksteruitstorting waarvan die krag en gawes van die Heilige Gees deel sal wees: "Pentecost was but a commencement; the promise is 'over all flesh'. Now that the Lord is beginning to bestow His Spirit, we may certainly expect a new manifestation of His wondrous power."[96]

Murray was heeltemal teen die gedagte dat wonderwerke en die gawes van die Gees net vir die vroeë kerk bedoel was. Hy deel nie die siening van baie kerklikes deur die eeue wat beweer dat die wonderwerke en die gawes net daar was om die kerk te vestig en daarna verdwyn het omdat God dit onttrek het nie. Volgens Murray gee die Bybel ons nêrens die reg tot so 'n sienswyse nie. Inteendeel, die belofte van Jesus aan Sy dissipels kort voor die hemelvaart, skyn baie duidelik op alle tye van toepassing te wees.[97]

Ook sy wyse van prediking was nie op die tradisionele Gereformeerde lees geskoei nie. Hy was 'n baie vurige prediker met 'n stem wat soms sterk deurgekom het. Sy kanselgedrag was dinamies en sy arms en

95. J. du Plessis, <u>op. cit.</u>, p. 345 en 346.
96. Ibid., p. 347.
97. Leona Choy, op. cit., p. 119.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hande was lewendig betrokke by die preek. 'n Tydgenoot, ds. A. Moorrees, skryf van hom en sê dat sy prediking nie uitgemunt het deur sierlikheid van taal of aantreklikheid van voordrag nie, maar gekenmerk was deur heldere en logiese gedagtegang, groot lewendigheid en heilige hartstog, wat sy hoorders oorweldig het.[98] "'Die stemmige waardige predikant verdwyn', getuig 'n Presbiteriaanse predikant wat hom in 1895 in Keswick gehoor het, 'en 'n ou Hebreeuse profeet staan voor ons ..... Die gehoor buig onder die stortvloed van sy woorde'. Geweldig was sy beroep op die gewete van sy hoorders; dit het soos die donderslae van Sinaï geklink. Hy dring aan op beslissing en bekering".[99] Sedert die ontstaan van die Pinksterbeweging is hierdie soort prediking eerder met laasgenoemde geassosieer as met die Gereformeerde tradisie. Hierdie soort prediking het dan ook by vele mense groter aanklank gevind.

Hy het ook dikwels spesiale Evangeliedienste gehou, met besondere resultate. 'n Uitsonderlike gebruik wat hom soms kritiek op die hals gehaal het, was sy uitnodigingsdienste. Hy was oortuig dat dit nodig was om mense wat deur die preek aangespreek was, agter te laat bly sodat hulle gehelp kan word om te vind waarna hulle soek. Dit was ongewoon in sy kerk, maar was die normale gebruik in die A.G.S. sedert sy ontstaan.

Andrew Murray het egter nie net 'n belangrike rol gespeel in die voorbereiding vir die ontstaan van die A.G.S. nie. Op 'n indirekte wyse het hy ook 'n bepalende invloed op die vorming van die karakter van die A.G.S. gehad. Hoe het dit gebeur? Dit begin by die Sendinginstituut op Wellington wat hy in die laat sewentigerjare van die vorige eeu geïnisieer het. Hierdie instituut het vir baie jare die grootste deel van die

98. W.J. de Kock, **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek**, p. 605.
99. Ibid., p. 606.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sendelinge in die Ned. Geref. Kerk voorsien. Hierdie instituut was bedoel vir jongmanne wat vir die Here wou werk, maar wat weens gebrek aan tyd, finansies of besondere aanleg in die klassieke tale nie die teologiese kursus van die Kweekskool kon volg nie. Die doel was om aan hulle hier 'n deeglike Bybelopleiding sowel as algemene opleiding te verskaf sodat hulle hul plek in die bediening kan volstaan. Die koste was minimaal en die standaard toereikend. Dit was dus eerder 'n Bybel-opleidingskollege as 'n teologiese kweekskool.[100]

In ds. Murray se gemeente in Wellington, was 'n jong onderwyser van wie hy oortuig was dat hy 'n roeping tot die bediening gehad het, Pieter Louis le Roux. Uiteindelik deurloop Pieter sy opleiding aan hierdie kollege en voltooi dit in 1890. Hy was besonder lief vir hierdie jongman wat as't ware 'n dissipel, vriend en vertroueling was tot by sy dood. P.L. le Roux sou nog in Murray se leeftyd, in 1913, die eerste Afrikaanse president van hierdie jong kerk, die A.G.S. word. Voor en selfs nadat P.L. le Roux uit die Ned. Geref. Kerk weg is, het hulle nog gereeld deur middel van korrespondensie kontak behou. Hy het nie geskroom om wanneer hy raad of leiding oor 'n saak nodig gehad het, vir ds. Andrew Murray daarom te vra nie. Daar sal in 'n latere hoofstuk meer breedvoerig na sodanige korrespondensie verwys word. Vir 29 jaar was hy leier van die A.G.S. en het hy 'n bepalende, rigtinggewende en vormende invloed op hierdie jong kerk gehad. En baie van dié dinge wat hy in die lewe en praktyk van die A.G.S. ingebou het, sowel as die suiwer leerstellige bane waarin hy die A.G.S. vir baie jare gelei het, kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan die heilsame invloed ten opsigte van leer en lewe wat sy geestelike vader, Andrew Murray, op hom gehad het. Beter as wat Bengt Sundkler hierdie invloed van Andrew Murray op P.L. le Roux

100. <u>Ibid.</u>, p. 147.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskryf het, kan dit nie gedoen word nie: "Le Roux had received his initial ideas on healing and the Spirit from Andrew Murray, his professor and teacher, the leading Dutch Reformed theologian of that time. The relationship between these two men is one of the subtle turning-points in South-African church history."[101] Hierdie nugtere, wyse en Skrifgebonde invloed wat indirek van Murray deur P.L. le Roux in die A.G.S. gebou is, het meegebring dat die A.G.S. vele slaggate en gevare wat op die weg van so 'n jong herlewingsbeweging lê, vermy het en dat die A.G.S. een van die mees prominente en leidende kerke in die Pinksterbeweging geword het. Dit is inderdaad geen wonder dat vele gebruike, oortuigings en leerstellings in die A.G.S., meer as 'n bloot toevallige ooreenkoms met die standpunte van Andrew Murray toon nie!

Maar dit was nie net in Suid-Afrika wat Murray so 'n belangrike rol met betrekking tot die Pinksterbeweging gespeel het nie. Omdat sy boeke feitlik almal ook in Engels verskyn het, het dit oorsee 'n wye leserspubliek gevind. Veral in Amerika is sy boeke gretiglik gelees. Sy toegewyde en ernstige geskrifte, sowel as die spesifieke onderwerpe waaroor hy geskryf het, het talle opregte gelowiges aangewakker en voorberei met die oog op herlewing. Veral gedurende die eerste jare van die Pinksterbeweging, toe opbouende en verkwikkende geestelike lektuur skaars was, was sy geskrifte van die wat wêreldwyd die meeste deur Pinkstermense gelees is. Sy geskrifte word tot vandag toe nog hoog geag in Pinkstergeledere. Dit is miskien nie te veel gesê dat Andrew Murray menslikerwys gesproke, as een van die vaders van die wêreldwye Pinksterherlewing gesien kan word nie. Hierdie belangrike rol word ook deur Pinksterskrywers oorsee erken.: "In this country the Pentecostal fire fell in 1906. Indirectly, therefore, we have to consider the late dr. Andrew Murray as one of the instruments in the hand of the Lord to precipitate the great

101. Bengt Sundkler, **Zulu Zion**, p. 14.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spiritual revival or Pentecostal Movement now spread all over the world."[102]

As opsomming kan die volgende aspekte as opvallende raakpunte tussen Murray en die vroeë A.G.S. uitgewys word: die klem op heiligmaking, Goddelike genesing en die vervulling met die Heilige Gees, die wyse van prediking, uitnodiging na die preek en die standpunt oor die gebruik van alkohol en tabak. Hierdie ooreenkomste kan nie aan blote toeval toegeskryf word nie. In mindere of meerdere mate kan Murray se invloed ten opsigte hiervan raakgesien word.

## 4.4 Die Christelike Vereniging (Swanepoeliete)

In 1892 het 'n sekere Pieter Swanepoel in Klerksdorp begin met huisdienste. Hy was lidmaat van die Ned. Geref. Kerk. As gevolg van sommige oortuigings wat hy gehuldig het, kon hy nie langer in sy kerk bly nie. Hy stig sy eie groep wat hy die "Kristelike Vereeniging" noem, later die "Christelike Vereniging". In die omgangstaal is hulle dikwels die Swanepoeliete genoem.

Hy ondersoek die Skrifte en kom tot die oortuiging van die grootdoop.[103] Hy voel ook dat daar te min van die werking van die Heilige Gees en vryheid van aanbidding in die kerk is. Voordat hy egter sy oortuigings kon deurvoer, kom hy tydens die Tweede Vryheidsoorlog te sterwe.

Sy opvolger was Frans Roos. Alhoewel sy voorganger ten gunste van die grootdoop was, was daar onder hulle volgelinge verdeeldheid oor die saak. Hulle besluit uiteindelik in 1908 om by die doop van suigelinge te bly.[104]

Kenmerke van die groep was veral die sterk klem wat op persoon-

102. Comforter, Julie - Augustus 1929, p. 3.
103. Trooster, Januarie 1950, p. 2.
104. Ibid., p. 2.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like bekering gelê is asook op heiligmaking.[105] Hulle lewe oor die algemeen baie nougeset. In hulle dienste is daar 'n redelike mate van vryheid en spontaniteit onder die lidmate. Talespraak kom egter nie voor nie.[106] Hulle hoofkwartier was van die begin af in Klerksdorp waar 'n redelike groot gemeente is. Verder is daar enkele klein gemeentetjies op 'n paar plekke.

Wat is dan nou die belang van hierdie groep met die oog op hierdie studie? Lede van die "Christelike Vereniging" was in sekere opsigte nader aan "Pinkster" as baie lede van die tradisionele kerke. Daarby vind ons dat 'n redelike persentasie van veral die vroeëre lede soos hulle aanvanklike leier, Pieter Swanepoel, oortuig geraak het van die doop van gelowiges. Toe die Pinksterbeweging dus in Suid-Afrika posvat, was die kloof om te oorbrug vir die wat wou oorkom na hierdie nuwe beweging, nie so groot soos in sommige ander gevalle nie.

Alhoewel die "Christelike Vereniging" nie so 'n groot voedingsbron vir die A.G.S. was nie, het daar tog heelwat van sy lede na die A.G.S. oorgekom. Dit was dan ook die getuienis van 'n voormalige president van die A.G.S., wyle pastoor G.J. Vermeulen in 1950: "Baie van die lede van daardie beweging het oortuig geraak van die Doop en is by die Sending gedoop. Van hulle tel vandag onder ons werkers en voltydse pastore en hulle doen 'n geseënde werk vir die Here."[107]

## 4.5 Die Sionistebeweging

Ons het reeds Andrew Murray uitgesonder as die belangrikste enkele persoon wat die Pinksterherlewing in S.A. aan die begin van hierdie eeu voorberei het. Alhoewel ook ander enkele groepe of bewegings in hierdie verband aangedui is, is die Sionistebeweging ongetwyfeld die

105. Persoonlike onderhoud met Pastoor W.A. Smit, vroeër 'n leidende lidmaat van die Christelike Vereniging.
106. Ibid.
107. Trooster, Januarie 1950, p. 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beweging wat die belangrikste voorbereidende rol in die ontstaan van die A.G.S. gespeel het. Dit gaan hier spesifiek om die Suid-Afrikaanse weergawe daarvan. Dit moet ook ter wille van duidelikheid genoem word dat hierdie Sionisme niks te make het met die moderne Joodse Sionisme nie.

'n Breedvoerige, diepgaande en gesaghebbende boek oor die ontstaan en groei van die Sionisme in Suid-Afrika, is die werk van Bengt Sundkler, "Zulu Zion". Daar is in hierdie gedeelte ruim van hierdie werk gebruik gemaak. 'n Vroeëre werk van Sundkler oor hierdie onderwerp "Bantu Prophets in South Africa" (1948, 1961), was meer sosiologies georiënteerd.

Die wortels van die Sionistebeweging in Suid-Afrika moet veral by drie Blankes gesoek word. Die eerste van die drie is Johannes Büchler. Hy is in 1864 in Switserland gebore. Hy kom te sterwe in 1944 in Johannesburg. In die tyd van sy geboorte, breek 'n herlewing in daardie deel van Switserland uit wat 'n groot invloed op sy ouers gehad het. As gevolg van hulle oortuigings en weens die groot teenkanting wat hulle van mede Switserse burgers gekry het, raak hulle van al hul besittings ontslae en emigreer saam met sowat dertig eendersdenkendes via Holland na Suid-Afrika, waar hulle hulself in die Kaap vestig. Hier het die jong P.L. le Roux reeds met hierdie vreemde Piëtiste kennis gemaak en vir Johannes Büchler ontmoet.[108]

Hy vergesel sy ouers in 1870 na Kimberley. Na die ontdekking van goud in Johannesburg, vertrek hy in 1889 na die jong stad. Met regeringshulp begin hy 'n skool wat moontlik die eerste Engelse Medium skool in die Transvaal was.[109] Hy lê hom egter al meer toe op prediking - beide vir Blankes en Gekleurdes. In 1893 word hy dan ook deur die "Congregational Church" as predikant van 'n Kleurlinggemeente georden.

Hy ondervind egter probleme met die kinderdoop en in 1895 bedank hy sy kerk en begin 'n eie gemeente onder die Kleurlinge, wat hy die

108. Bengt Sundkler, op. cit., p. 28.
109. Ibid., p. 28.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sionskerk noem, waarskynlik omdat die Morawiese liedereboek, "Zions liedere", gebruik is. Teen die einde van 1896 kom hy af op 'n nuwe publikasie uit Amerika, "Leaves of healing", 'n nuusblaadjie vol getuienisse en lering oor Goddelike genesing, uitgegee deur John Alexander Dowie van Zion City. Hierdie blaadjie het hom besonderlik aangespreek en hy beveel dit in 1897 ook by sy vriend, P.L. le Roux, te Wakkerstroom aan.

In 1898 begin hy met Dowie te korrespondeer en open ook 'n genesingskliniek in 'n huis in Jeppe. Büchler raak vinnig bekend in Suid-Afrika. Hy reis dikwels deur die land en op verskillende plekke bid hy vir siekes en doop gelowiges. Een van die vir wie hy gebid het en wat gesond geword het van 'n ernstige graad van tering, was Edgar Mahon, wat ook later met sy stiefsuster getroud is. Hy het Mahon ook gedoop. Mahon het later 'n groot rol gespeel in die ontstaan van sommige Sionistegroepe onder die Sotho's.

John Alexander Dowie was baie ingenome met die gedagte dat iemand in veraf Afrika die Sioniste-leer wou versprei en hy het vir Büchler laat weet dat hy hom as opsiener in Suid-Afrika wou aanstel, maar hy moes eers persoonlik na Sion, Dowie se stad naby Chicago kom. Daar aangekom in 1902 was hy ontnugter. Die eer wat Dowie vir homself toegeëien het, en die lof waarmee sy volgelinge hom besing het, was vir die toegewyde jongman een te veel. "Büchler was a solid and balanced person ..... and he made his feelings on the matter quite clear."[110] Hieroor was Dowie ontstoke en gekrenk. Hulle paaie het dan ook net daar uitmekaar geloop.

Met Büchler se terugkeer, het hy alle bande met Dowie gebreek en hoofsaaklik met die Baptiste en die Plymouth Brethren saamgewerk. Om hoegenaamd nie met Dowie verwar te word nie, wou hy in 1903 die naam van sy beweging, "Zion Church", verander na "Apostolic Faith Mission", maar

110. <u>Ibid.</u>, p. 30.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die sekretaris van Naturellesake het die aansoek verwerp. Ons sal weer in 'n latere hoofstuk na hierdie kwessie terugkeer.

Die tweede persoon van belang hier, is Daniel Bryant. Bryant was van Baptiste-agtergrond en het hier heel aan die einde van die 19ᵉ eeu by Dowie se Sionistebeweging aangesluit. Na die breuk tussen Dowie en Büchler, het Dowie vir Daniel Bryant na Suid-Afrika gestuur.

Die Bryants arriveer in Durban op 22 April 1904. Onder dié wat hom daar ontmoet het, was onder andere P.L. le Roux, van wie ons weldra in hierdie verband meer sal hoor. Bryant se doel was om 'n Blanke-gemeente in Johannesburg te begin. Ook in Pretoria word spoedig groot opspraak verwek.

Bryant het vier jaar in Suid-Afrika gearbei. In hierdie tyd het hy 'n redelike Blankegemeente in Johannesburg opgebou. Hulle het 'n groot ou kerkgebou wat vroeër aan die Presbiteriane behoort het, gehuur vir samekomste. In dieselfde tyd in 1908, toe die Pinkstersendelinge van Amerika op pad was na Suid-Afrika, het Dowie vir Bryant terug laat kom na Amerika. Kort na die dood van Dowie, het Bryant die Sioniste verlaat en sy eie kerk gestig. Uiteindelik het hy teruggekeer na die Baptiste Kerk, waaruit hy oorspronklik gekom het. Hy kom te sterwe op 2 Oktober 1939 in San Fernando, California.[111]

Ons kom nou by die persoon wat, met die oog op hierdie studie, die belangrikste rol ten opsigte van die Sionisme gespeel het, P.L. le Roux. Aangesien sy betrokkenheid by die Sioniste in 'n volgende hoofstuk volledig bespreek sal word, noem ons hier slegs enkele hoofmomente.

Na 'n aantal jare diens as sendeling in die Ned. Geref. Kerk, sluit hy in Maart 1903 by die Sioniste aan. In Mei 1904 word hy deur Bryant in Wakkerstroom gedoop en op 31 Julie word hy as evangelis van die Christian Catholic Church in Zion georden.

Ongeveer 75% van die Zoeloes van die sendinggemeente het saam

111. Trooster, Januarie - Februarie [illegible], p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met Le Roux na die Sioniste oorgegaan. Hulle getalle het vinnig vermeerder.

In 1908 sluit Le Roux by die nuwe Pinksterbeweging, die A.G.S. aan. Dit sou vir 'n wyle 'n krisis onder sy vinnig groeiende Sionistebeweging in Wakkerstroom meebring. Die Zoeloes het nie soseer probleme gehad met die Pinksterleer nie, want dit was trouens nie so baie anders as wat hulle reeds geglo het nie. Hulle het ook kans gesien om saam met Le Roux oor te gaan na die A.G.S., maar hulle het nie kans gesien om die naam "Zion" te laat vaar nie. Die naam het gekom om te bly. Toe Le Roux in 1910 hierdie toedrag van sake aan die Uitvoerende Raad rapporteer, was hulle bereid om 'n toegewing te maak om hierdie Sionistegemeente vir die A.G.S. te behou: "And where as the natives deem the name of Zion so essential that this portion of our Mission be known henceforth as the Zion Branch of the Apostolic Faith Mission."[112]

Hierdie is 'n interessante en vindingryke besluit van die Uitvoerende Raad. Dit het egter op die lang duur geblyk nie 'n oplossing te wees nie. Met die toenemende betrokkenheid van br. P.L. le Roux by die A.G.S. in Johannesburg, het sterk inheemse leiding onder die Zoeloe Sioniste na vore gekom. Die gevolg was dat verskillende Sioniste-groepe ontwikkel het uit br. Le Roux se oorspronklike gemeente. Dit het veral gebeur nadat hy in 1913 as president van die A.G.S. verkies is en hy nie meer dieselfde aandag aan die werk in Wakkerstroom kon gee nie.

Dit dien vermeld te word dat Sionisme aansienlik verander het sedert die dae toe dit as 'n Blanke beweging begin is in vergelyking met die hedendaagse Swart Sionisme. Alhoewel sekere basiese kenmerke gebly het, (bv. die groot doop, die klem op Goddelike genesing en sekere taboe's soos alkohol, rook en die eet van varkvleis), het daar heelwat dinge bygekom. Dinge soos die spesiale gewade (wit en ook anderkleurig), die serpe en ook die stawwe in die vorm van kruise wat na die byeenkomste

112. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], p. [illegible]. Uit die Voorl[illegible] Notule Boek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedra word. Hierdie dinge het reeds hulle verskyning begin maak voordat hulle van die A.G.S. af weggebreek het, in die periode wat br. Le Roux lang tye nie by hulle kon wees nie. Le Roux was sterk teen hierdie dinge gekant en het probeer om dit verhinder, maar tevergeefs. Nog meer dingehet daarna bygekom, dinge soos heilige water, heilige klippe, heilige berge, ens.

Die belangrikste verandering wat ingetree het, is egter die vermenging met elemente van die inheemse swart godsdienste en voorvader-aanbidding. Hierdie vermenging het nie by al die Sionistegroepe eweveel plaasgevind nie sodat 'n wisselende mate van sinkretisme by die verskillende groepe aangetref word. Dit is belangrik om hierdie dinge in gedagte te hou omdat die Sionisme waarvan Le Roux aanvanklik deel was, aansienlik verskil van die variante van vandag.

Aan die ander kant was dit ook nie gedurende die eerste jare van die A.G.S. 'n vreemde verskynsel dat onafhanklike Sionistegroepe (waarvan daar spoedig 'n groot aantal was), by die A.G.S. aangeklop het om ingelyf te word nie! So lees ons van 'n sekere Sionistegroep, "The African Catholic Church", van wie een leier gesond geword het nadat daar deur die A.G.S. vir hom gebid is. Nadat 'n afvaardiging van die kerkgroep die A.G.S. vir 'n jaar lank ondersoek het, het hulle aan die begin van 1911 besluit om aansoek te doen om opgeneem te word in die geledere van die A.G.S.[113] Lake berig in hierdie verband aan die "Upper Room Mission" in Los Angeles die volgende: "...... they ask us to receive into the A.F.M. the entire body, including one bishop, one general superintendent, four district superintendents, eight ordained ministers, twenty-eight catechists, thirty-six sub-catechists (or elders), and one adviser to the bishop."[114]

113. Artikel, **What Hath God Wrought**, in die Comforter, Desember - Februarie 1911.
114. Brief van Lake soos gepubliseer in **The Upper Room**, Mei 1911, p. 6; Dit was die amptelike nuusbrief van die Upper Room Mission in Los Angeles waarmee Lake sekere verbintenisse gehad het.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In verband met die voortgang van die Sionisme in Suid-Afrika, wil ons net enkele opmerkings maak. In die eerste plek moet dit raakgesien word dat die Sionisme in Suid-Afrika aanvanklik veral as 'n beweging onder Blankes begin het. Blankes was die inisieerders en leiers. Maar om een of ander rede (waarna ons weldra sal kyk), het die beweging onder hierdie bevolkingsgroep heeltemal doodgeloop, terwyl dit onder die Swart volke van die begin af gefloreer het. Die volgende opmerkings van Sundkler is belangrik in hierdie verband: "The movement had begun in a White Zion. But it did not end there. Le Roux and Mahon were after all, only catalysts. Black Zion was on its own now."[115]

In verband met die dinamiese swart Sionistebeweging sê hy ook die volgende: "It would seem unfortunate, perhaps, not to say unwise, at this time of Black Power and Black Theology to try to argue such a case, as though even this purely and gloriously Black Movement of the Spirit somehow originated with a few Whites. Here we must plead for patience. The Spirit moveth where it listeth, and the great Wakkerstroom story bears this out. In fact, one cannot fully understand the Black charismatic wave without also considering the Whites at its source."[116]

Ons moet tweedens ook let op die belangrike rol wat P.L. le Roux gespeel het. Hy kan in meer as een opsig as die vader van die Swart Sionisme beskou word, veral die Sionistebeweging onder die Zoeloes. (Ons het reeds genoem dat Edgar Mahon tot 'n groot mate hierdie rol ten opsigte van die Sotho Sioniste vervul het.) Selfs nadat hulle weë later geskei het, is hy deur baie van die groepe hulle "vader" genoem.

115. Bengt Sundkler, <u>op. cit.</u>, p. 66.
116. <u>Ibid</u>., p. 14.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ook interessant is die groot verdelings wat onder hierdie groepe plaasgevind het. Veral nadat die Blanke leierskap nie meer daar was nie, het daar kort-kort 'n nuwe "profeet" na vore gekom wat 'n groepie aanhangers rondom sy charismatiese persoonlikheid geskaar het. Die gevolg is dat vanuit die oorspronklike Sioniste-stam letterlik honderde vertakkings plaasgevind het. "We are told that the number of African Independant Churches in South Africa is now some three thousand, and it is claimed that at least three-quarters of these belong to a charismatic, or 'Spirit' type."[117] Hierdie verskillende groepe wissel van Lekganyane se Zion Catholic Church met 'n geskatte 4 miljoen lidmate, wat die grootste kerk in Suid-Afrika is en wat indirek teruggevoer kan word na die werk van Edgar Mahon, tot klein groepies van 'n paar honderd lidmate.

'n Verdere interessantheid is die groot aantal van hierdie groepe waar die woord "Zion" in een of ander kombinasie in hulle naam voorkom. In ten minste twee duisend van hierdie onafhanklike kerkgroepe kom die formule "Zion" of "in Zion" voor. Die woord "Apostolic" kom ook baie in die verskillende name voor, dikwels op een of ander wyse gekombineer met "Zion".

Ter afsluiting van hierdie gedeelte oor die Sionisme, moet gekyk word na die baie belangrike rol wat hulle gespeel het in die ontstaan van die A.G.S.

Eerstens het hulle talle mense regoor die land voorberei vir dit wat sou kom. Baie mense is deur hulle oortuig van die doop van gelowiges en van die waarheid van Goddelike genesing. Dit was egter nie al nie, want ons het immers gesien dat mense by die Pinksterbeweging aangesluit

117. *Ibid*., p. 5.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het nie alleen omdat hulle leerstellig saamgestem het nie, maar as gevolg van die Pinksterondervinding. Daniel Bryant het sy lidmate gedurig aangemoedig om te soek vir die volheid van die Heilige Gees: "...... this elder (Bryant) had urged his flock to seek a deeper experience in God, and to pray to be baptised in the Holy Ghost. He had thus to some extent prepared the way for the revival that followed."[118]

Dit was aan die begin een van die algemeenste maniere waardeur die A.G.S. ingang in dorpies, gemeenskappe en huise gekry het. Op verskillende plekke was groepies Christene wat deur hulle kontak met of lidmaatskap van die Sionistebeweging bereid was om hulle deure vir die A.G.S. oop te maak: "Among the earliest homes to open for meetings and to help the work and workers, were those of the families Van der Byl and Stuart. These people had been connected with the Christian Catholic Apostolic Church in Zion, and were hungry for God's best, at any price ....".[119]

'n Tweede belangrike aspek waarin die Sioniste 'n pad gebaan het vir die A.G.S., was deur die kragtige beoefening van die gawe van Goddelike genesing. Hulle was wel nie die eerste persone wat dit in Suid-Afrika verkondig en beoefen het nie. Ons het reeds name teëgekom soos Wouter Groenewoud, ds. Willem Hazenberg en dr. Andrew Murray. In geeneen van hierdie gevalle egter was hierdie waarheid so wydverspreid en onverskrokke geleer en openlik in dienste beoefen as deur die Sioniste nie. Selfs dr. Murray kon nie orals vrylik in sy kerk hierdie leer verkondig nie en inderdaad het hy later in sy lewe minder en versigtiger oor die onderwerp gepraat.[120]

118. W.F.P. Burton, When God makes a pastor, p. 31 en 32.
119. Ibid., p. 35.
120. J. du Plessis, op. cit., p. 351 en 352.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Juis met betrekking tot Goddelike genesing is daar 'n besondere ooreenkoms tussen die Sioniste en die A.G.S. Ook by die A.G.S. was Goddelike genesing veral aan die begin, een van die mees onderskeidende kenmerke. John G. Lake, wat 'n besondere instrument was in die stigting van die A.G.S., sonder Goddelike genesing uit as die kenmerk van die A.G.S. van Suid-Afrika wat dit die meeste onderskei van die Pinksterbewegings in ander lande: "The work in Africa took a still deeper phase of spiritual power, especially along the line of miraculous healing of the sick. From careful investigation we are free to state that in no land has such a demonstration of healing of the sick occurred as in South Africa."[121] Toe die A.G.S. met krag en dinamiek op die Suid-Afrikaanse toneel verskyn, was dit veral die klem op Goddelike genesing wat baie Sioniste en ander enersdenkendes na die A.G.S. getrek het.

'n Derde belangrike faktor in hierdie verband is die feit dat die Sioniste die doop van gelowiges deur drievoudige onderdompeling geleer het. Alhoewel die leerstelling oor die doop in die meeste gevalle nie die hoofattraksie was nie, was dit tog soos met Goddelike genesing vir baie Sioniste en gelowiges in ander kerke wat eenders oor die saak gevoel het, die groen lig om die A.G.S. se dienste te begin bywoon.

Die feit dat die A.G.S. die doop van gelowiges deur onderdompeling beoefen, kan nie as die gevolg van die Sionistebeïnvloeding beskou word nie - feitlik alle Pinksterkerke beoefen immers hierdie wyse van doop. Maar die feit dat die A.G.S. die doop deur drievoudige onderdompeling beoefen, is ongetwyfeld as gevolg van die invloed van die Sioniste. Dit is so dat Pinksterkerk wêreldwyd merendeels die doop deur enkelvoudige onderdompeling beoefen. Hier moet die invloed van die Sionisme

121. Artikel deur G. John Lake, **The Origin of the Apostolic Faith Movement**, In die **"Comforter"**, Mei - Junie 1911.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ongetwyfeld as deurslaggewend beskou word, aangesien hulle die doop deur drievoudige onderdompeling beoefen het. Ons sal hierdie feit weldra verder bewys.

Die volgende belangrike rol in die punt onder bespreking is gespeel deur die Johannesburgse gemeente van die Sioniste. Toe die Pinkstersendelinge van oorsee in Johannesburg arriveer, was hulle herder, Daniel Bryant, pas teruggeroep na Amerika. Benewens hierdie feit, kom hulle te hore van die Pinksterdienste wat toe in Doornfontein in 'n Nie-blanke kerkie begin het. Daar sou dan dinge gebeur wat selfs hulle dienste oortref. Dus vind ons dat die Blanke Sioniste van die begin af feitlik almal hierdie dienste begin bywoon. Toe dit duidelik word dat omtrent die hele Sionistegemeente die Pinksterboodskap aanvaar het, is besluit om ook hulle gehuurde tabernakel, die gewese Presbiteriaanse kerkgebou in Breestraat 88, tot beskikking van die Pinksterbroeders te stel. Hierdie tabernakel sou vir vyf jaar, tot November 1913, die hoofkwartier en fokuspunt van bedrywighede in die A.G.S. wees. Feitlik die hele Sionistegemeente in Johannesburg, alhoewel nie baie groot nie, het na die A.G.S. oorgekom. Ook hier word die uiters belangrike rol van die Sioniste duidelik.

'n Interessante punt waar daar duidelike ooreenkoms tussen die Sionisme en die vroeë A.G.S. was, en waar die Sioniste-invloed na alle waarskynlikheid ook erken moet word, is sekere taboes wat sterk in die vroeë A.G.S. aanwesig was. Hier bedoel ons nie net die besliste standpunt teenoor sondes en maatskaplike euwels en misbruike nie, maar ook teenoor dinge soos die eet van varkvleis, die gebruik van medisyne en verpligte inenting.

Die Sioniste-invloed was ook rigtinggewend as gevolg van die rol wat John G. Lake in die A.G.S. gespeel het. Hy kom in die volgende hoof-

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stuk breedvoerig ter sprake. Genoeg om hier te sê dat Lake vir 'n paar jaar 'n lidmaat en ouderling van Dowie se Sionistebeweging in Amerika was. Bande tussen Lake en die Beweging is egter in 1907 verbreek nadat Lake die doop in die Heilige Gees op Pinksterwyse ontvang het. Die leerstellige invloed van die Sionisme op Lake kan egter nie geringskat word nie. Aangesien hy gedurende die eerste vyf jaar so 'n prominente rol in die A.G.S. gespeel het, is die invloed van die Sionisme ook langs hierdie weg 'n voldonge feit. Ook hier kom die kwessie van die drievoudige onderdompeling duidelik na vore. Dit was deel van Lake se leer en is in ooreenstemming met die praktyk van die Sioniste.

Wat ons van Lake gesê het, geld ook grootliks vir Le Roux. Daar kan aanvaar word dat sy teologiese en leerstellige oortuigings tot 'n groot mate 'n integrasie was van wat hy by Andrew Murray geleer het en die oortuigings waartoe hy by die Sioniste gekom het. Hy het hierdie invloede tot 'n gebalanseerde Pinksterteologie verwerk en alhoewel hy dit nooit volledig op Skrif gestel het nie, het hy die A.G.S. vir 29 jaar op gesonde teologiese bane gelei. Ook hier was die invloed van die Sionisme te bespeur.

Die vraag kan nou gevra word of die A.G.S. nie bloot 'n voortsetting van die Sionisme is nie; met ander woorde dat die Blanke Sionisme in Suid-Afrika bloot in 'n variante vorm in die A.G.S. voortgegaan het. Dit is tog immers so dat met die koms van die A.G.S. die Blanke Sionisme spoedig verdwyn het, hoofsaaklik omdat die meeste van sy lede in die A.G.S. opgeneem is en deels ook omdat daar geen verdere inisiatief of leiding uit Amerika gekom het nie.

So 'n gevolgtrekking sou egter onjuis en oorvereenvoudig wees. Dit is wel waar dat die Sionisme in Suid-Afrika die A.G.S. in sy koms en

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontstaan in hierdie land voorafgegaan en begunstig het en ook tot 'n mate leerstellig beïnvloed het. Maar die A.G.S. is nie bloot 'n voortsetting van die Sionisme of Sionisme in 'n ander baadjie nie. Hieroor is die verlede en die hede te duidelik. Die uniekheid van die A.G.S. lê soos by enige ander Pinksterkerk in die wêreld, nie soseer in 'n sekere leerstelling of reeks van leerstellings nie, maar in die Pinksterondervinding van die doping in die Heilige Gees met die gepaardgaande spreke in tale. Dit het die Sionisme nie geleer nie en nie gehad nie.

Dit kan ook só gestel word: die Sioniste het nie A.G.S. geword nie, hulle het na die A.G.S. oorgekom, by die A.G.S. aangesluit. Pinkster sou in elk geval in Suid-Afrika posgevat het al was hier geen Sionistebeweging nie. Tegelykertyd moet dit egter erken word dat die voorbereiding deur die Sionisme die A.G.S. bevoordeel het en ook 'n heilsame uitwerking op hom gehad het.

Wanneer alles wat gesê is in ag geneem word, kom ons tot die volgende gevolgtrekking: Internasionaal gereken, was die faktor wat die grootste voorbereidende en aanleidende rol tot die ontstaan van die Pinksterbeweging gespeel het, die Heiligheidsbeweging. Terwyl daar erken word dat hierdie beweging ook in Suid-Afrika 'n belangrike rol gespeel het, het die Sionistebeweging egter hier 'n belangriker rol as in enige ander land ter wêreld gespeel in die voorbereiding van Pinkster.

## 4.6 Die Armblanke-toestand na die 2^e Vryheidsoorlog

Die laaste faktor wat hier bespreek sal word en wat die bodem vir die ontstaan en verbreiding van die A.G.S. begunstig het en wat meer op die maatskaplike en ekonomiese terrein lê, is die armblanke-toestand

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat op die 2$^e$ Vryheidsoorlog gevolg het. Die ekonomiese en maatskaplike nood van veral die Afrikaanssprekende Blankes na die boereoorlog is goed bekend. Boerekrygers het na die beëindiging van die oorlog van die slagveld en uit krygsgevangenekampe teruggekeer na verwoeste en afgebrande plaasopstalle. Die moraal was laag. Hulle vryheid was daarmee heen. Baie van hulle vroue en kinders is in die konsentrasiekampe oorlede. "Die toestand, in een woord, was haglik! 'Nog nooit tevore was die Afrikaner polities so verlore en ekonomies so verrinneweer nie'."[122]

Venter[123] gee in kort die volgende gegewens wat op die rampspoedige gevolge van die oorlog vir die Afrikanerdom (veral in Transvaal en die Vrystaat) wys: 30 000 boerewonings en ander geboue is deur brand vernietig. Vrugteboorde is ook feitlik almal afgebrand. Alle vee is gedood of verwyder. Totale verlies aan menselewens was meer as 35 000 waarvan 28 000 in konsentrasiekampe oorlede is.

Ontsettende armoede het geheers weens gebrek aan lewensmiddele. Die goudmyne se inkomste het van R32$^1/_2$ miljoen in 1898 na ietwat meer as R2 miljoen in 1901 gedaal. Op baie plase was dit feitlik onmoontlik om met die lewe voort te gaan. Daar was geen opbrengs, geen graan, geen oes op die lande nie. Geen vee vir veeteelt of om die grond te bewerk nie.

In hierdie haglike omstandighede het groot getalle boere hulle skrede na die groter sentra, na die myne aan die Rand en die Delwerye in Kimberley en elders gewend. Stals[124] wys daarop dat die Tweede Vryheidsoorlog die vernaamste politieke faktor was wat die Afrikaner se trek na Johannesburg beïnvloed het. Hy wys ook daarop dat die

122. E.A. Venter, **Ons Geskiedenisalbum**, p. 604.
123. Ibid., p. 604.
124. E.L.P. Stals, **Afrikaners in die Goudstad**, p. 37.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



armblankevraagstuk sy hoogtepunt bereik het in die jare 1904 - 1909.[125] Die Afrikanerboere het eensklaps arbeidersklas geword. Talle mense het op en selfs onder die broodlyn gelewe. As gevolg van talle buitelandse fortuinsoekers, was die bevolking in die stede en op die myne en delwerye baie kosmopolities. Dit is die agtergrond van die situasie waarin 'n groot deel van die boerenasie hulle skielik na die oorlog in bevind het.

Dit is te begrype dat daar in sulke omstandighede groot morele, maatskaplike en geestelike verval sou intree. Dronkenskap en ander sosiale euwels het grootliks vermeerder. Op die hoogtepunt van hierdie krisistyd, verarming en ontreddering, ontstaan die A.G.S. in 1908. 'n Toestand soos wat aan die begin van hierdie eeu in Suid-Afrika geheers het, het nog altyd geroep om herlewing. Daarby moet in gedagte gehou word dat 'n Christelike herlewing op enkele uitsonderings na, gewoonlik onder die arm en laer klasse begin. Vir jou middel en hoër klasse is daar gewoonlik te veel op die spel om geassosieer te word met so 'n beweging. Maar die verarmdes, verstotenes, boemelaars, dronklappe en sosiaal-misplaastes het niks gehad om te verloor deur met die A.G.S. te assosieer nie.

Hieroor bestaan daar geen twyfel nie. Alhoewel daar in die beginjare van die A.G.S. enkele invloedryke, welgestelde en geleerde persone by die A.G.S. aangesluit het, het die grootste gedeelte van sy eerste geslag lidmate uit die armer gedeelte van die Afrikanervolk gekom. Hierdie waarheid word deeglik gedemonstreer deur die interessante feit dat alhoewel die A.G.S. se eerste leiers van Amerika gekom het en aanvanklik baie prominent onder die leierskorps was, die A.G.S. veral aan die begin nie veel indruk op die Engelssprekendes gemaak het nie. In

125. Ibid., p. 72.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vergelyking met die groot getal Afrikaanssprekendes wat die A.G.S. as geestelike tuiste aanvaar het, was dit 'n baie kleiner persentasie Engelse wat oorgekom het. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die Engelse in Suid-Afrika aan die begin van hierdie eeu nie so swaar deur die armoede getref is as die boere nie. Baie Engelse was nie bereid om hulle te voeg by hierdie klomp nederige Afrikaners wat in eenvoudige huise en sinksaaltjies vergader het nie - selfs al was daar vir die Engelsprekendes voorsiening gemaak. Dit is immers 'n Bybelse en historiese feit dat die mens in nood en armoede 'n groter desperaatheid en behoefte na God en godsdiens openbaar. Ook in hierdie opsig het die A.G.S. in sy vroeër jare 'n sterk ooreenkoms met die vroeë kerk getoon.

Die feit dat mense ontwrig is deur die oorlog en nog verder ontwrig is deurdat hulle vanuit hulle bekende landelike omgewings en gevestigde kerklike milieu, in ordelose myn- en delwergemeenskappe en stede beland het, het ook 'n groot geestelike verval en kerkloosheid meegebring. Stals[126] wys op die interessante verskynsel dat daar tydens die Tweede Vryheidsoorlog 'n geestelike oplewing in Johannesburg was. Kerkgeboue was vol en biddure was goed bygewoon. Na die oorlog het die prentjie egter drasties verander: "Na die oorlog was daar egter weer 'n geestelike insinking by al die gemeentes van die Afrikaanse kerke te bespeur ..... Die Ring van Potchefstroom het hierdie verskynsel toegeskryf aan 'den wereldgeest, die zich in de Goudvelden sterker dan elders openbaart'. Waar die kerk tydens die oorlog tot oorlopens toe vol was, het die gemiddelde opkomste tot 250 per diens gedaal ...... Volgens ds. W. Nicol het hierdie tendens in 1913 sy laagwatermerk bereik sodat die kerkraad dankbaar was indien daar 100 mense by 'n erediens opgedaag

126. Ibid., p. 147.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het."[127] Daar was dus duisende mense veral in Johannesburg, wat kerklik onaktief was en nooit 'n kerkdiens bygewoon het nie.[128] In sodanige kerklike milieu het die A.G.S. in 1908 ontstaan.

Hand aan hand met hierdie toestand van kerkloosheid en geestelike afplatting - veral in Johannesburg, het verskillende maatskaplike wantoestande en euwels gepaard gegaan soos drankmisbruik, dobbelary, Sabbatsontheiliging en onsedelikheid, met drankmisbruik waarskynlik die belangrikste.[129]

Alhoewel die tradisionele Afrikaanse kerke sekerlik hulle bes gedoen het om hierdie mense in hulle nood en behoefte by te staan en hulle weer by die kerklike lewe ingeskakel te kry, was dit nie oral ewe suksesvol nie - veral omdat dit dikwels die predikant was wat alleen die opheffingswerk moes doen. Dit was 'n taak wat te groot was vir enkele persone. Die Afrikaanse kerke het hierdie maatskaplike wantoestande veral probeer beveg deurdat daar suksesvol by die Regering aangedring is om teen die verskillende maatskaplike euwels wetgewing uit te vaardig.[130] Die kerke se opheffingswerk is ook erg deur gebrek aan geld aan bande gelê.[131]

Daarenteen was dit wat die A.G.S. betref van die begin af anders gesteld. Voltydse predikers was daar aan die begin feitlik nie. Maar elke Pinkstergelowige het sy getuienis in woord en daad aan sy medemens gebring. Die evangelie is deur eenvoudige gelowiges deurgegee aan indi-

127. *Ibid.*, p. 147 en 148.
128. *Ibid.*, p. 148.
129. *Ibid.*, p. 148 en 149.
130. *Ibid.*, p. 149 en 150.
131. *Ibid.*, p. 154.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



widue in hulle sonde en nood. Hierdie feit kom duidelik na vore in die verslag van die "Kommissie voor Arbeid aan de Delverijen" in verband met die invloed van die "sektes", wat hulle aan die Ring van Dutoitspan voorgelê het. Die Kommissie verduidelik dat talle lede van die Ned. Geref. Kerk by die "Apostoliese Broeders" aansluit: "Dit is een treurig verschynsel. En het gevaar is groot. Slechts nu en dan komt een van de predikanten van Kimberley en Klein-Boetsap daar, houdt een paar preken en vliegt weer terug naar sijn zetelplaats, terwyl de evangelisten van genoemde sekten met onvermoeid yver hun werk voortzetten ...."[132]

Die vroeë A.G.S. lidmate het uitgemunt in hulle liefde, sorg en behulpsaamheid teenoor mede geknakte Afrikaners. Hierdie feit word verder geïllustreer deur 'n brief van 'n Ned. Geref. lidmaat aan Die Kerkbode in 1922: "Ons moet dieselfde middel gebruik wat die Apostoliese Broeders gebruik, naamlik, persoonlike arbeid. Dit is nie net hul voormanne en leiers, wat dit doen nie, maar elke lid van hul meen dat dit sy heilige plig is ...... Sonder vir 'n ogenblik die Apostoliese te wil verdedig, meen ek tog, dat ons ook 'n blaadjie uit hul boek kan neem, met ander woorde in sekere opsigte hul voorbeeld volg. Hul getroos hulself baie opofferinge om die mense in hande te kry. Hul besoek die agterstrate en drinkplekke, om die persone, wat ons kerk misloop in hande te kry. Ek het goeie vriende onder die Apostoliese en kom dikwels met hul in aanraking, en hoe dikwels het ek nie die antwoord gekry, as ek een of ander wat ek daar ontmoet, vra hoe dit kom dat hy ook onder die Apostoliese is, 'A, ou broer, ek was 'n weggegooide, ek was verslaaf aan die drank, en my Kerk se manne het hul nie aan my gesteur nie, en die mense het my aan die hand kom vat en uit die modder uitgely'."[133]

132. Acta, Ring van Dutoitspan, 1917, p. 810.
133. Die Kerkbode, 23 Maart 1922, p. 277 en 278.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie feit is verder vanuit die hoogste vlak in ons land bevestig deur 'n persoonlike brief wat Generaal J.B.M. Hertzog, as Eerste Minister, aan een van die baanbrekers in die A.G.S., br. D.J. du Plessis (snr.) geskryf het. Hy is die vader van die bekende broers Dawid en Justus du Plessis. Hy skryf onder andere soos volg: "As die geskiedenis van Suid-Afrika met waarheid opgeteken moet word, dan moet dit bekend word dat die A.G.S. vir twee dinge verantwoordelik is: - sy het 'n groot bydrae gemaak tot die oplossing van die armblankevraagstuk, want sy het die armblankes opgetel en hulle behoorlik gerehabiliteer deur hulle godsdiens; - en die tweede ding: sy was die instrument in die hand van God om versoening te bring tussen die Britte en die Afrikaners."[134] Op hierdie laaste punt sal later ingegaan word.

Daar is nog een saak wat in direkte verband met die oorlog staan en wat met die oog op hierdie studie belangrik is. Dit is naamlik die boerekrygsgevangenes. Daar was 31 000 boere tydens die oorlog in kampe gevange gehou. Daarvan was 24 000 in oorsese kampe.[135] Dit was in veraf lande soos Indië, Ceylon, Bermuda en St. Helena. In hierdie kampe was die manne in neerdrukkende omstandighede. Hulle was oorlogsgevangenes, ver van hulle vroue, kinders en familie, ver van hulle vaderland wat besig was om onder te gaan onder vreemde oorheersing en hulle kan self niks doen om dit te verhinder nie. Dit was egter ideale omstandighede vir manne met 'n Christelike agtergrond om baie tyd aan gebed en studie van die Skrif te wy.

Dit is dus nie verbasend dat daar vanuit verskillende van hierdie kampe berigte gekom het van 'n kragtige werking van God se Gees

134. Inligting verkry van pastoor J.T. du Plessis.
135. E.A. Venter, op. cit., p. 604.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie.[136] Groot getalle het tot bekering gekom. Ander het 'n roeping ontvang om vir die Here te gaan werk. Inderdaad het 150 van hulle by hul terugkeer hulleself vir sendingwerk beskikbaar gestel.[137] Dit is interessant dat die Sioniste-blaadjie van John Alexander Dowie, "Leaves of Healing", wat soveel harte vir die koms van die Pinksterbeweging voorberei het, tydens die oorlog versprei is. Soldate aan albei kante (Engelse en Boere) het dit gelees. Dit is selfs tot in die Boerekrygsgevangenekampe versprei en daar ywerig gelees: "..... even prisoners as far away as Ceylon wrote to tell of the blessings received through reading the magazine."[138]

Dit is ook bekend dat talle van die krysgevangenes behalwe vir die Bybel, van Andrew Murray se boeke as geestelike lektuur tot hulle beskikking gehad het. Soos in baie ander gevalle het sy boeke ook in hierdie gevalle harte voorberei vir Pinkster. Dit is ook die getuienis van iemand wat eerstehandse kennis hiervan gehad het, 'n sekere br. S. Stuart. Hy en sy eggenote was van die eerste persone wat by die A.G.S. aangesluit het in 1908: "The Prisoners of War during the Boer War, who were sent to India for internment, took not only there Bibles with them, but copies of his (Murray's) books and returned to South Africa (many of them) ripe for Pentocost. Several of them I know in South West Transvaal who have joined up with the A.F.M."[139] Daar was gevalle waar van hierdie manne besondere geestelike ondervindinge gehad het. Andere het terwyl hulle die Skrifte ondersoek het, tot die oortuiging gekom van die leer oor die doop van gelowiges. Toe die A.G.S. enkele jare later in

136. M.W. Retief, *op. cit.*, p. 77.
137. Leona Choy, *op. cit.*, p. 156.
138. C.H. Raper, **A brief look at the history of Divine Healing in South Africa**, p. 3.
139. *Drie-Jaarlikse Kerkboek*, (1974-1976) van die A.G.S. van Suid-Afrika, p. 11.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Suid-Afrika posvat, was daar 'n hele aantal van hierdie gewese krygsgevangenes wat lidmate van die A.G.S. geword het.[140]

In sy dagboek maak Lake van so 'n geval melding. Dit was 'n sekere br. Van Tonder wat in 1910 as evangelis in die A.G.S. aangestel is. Hy was tydens die Tweede Vryheidsoorlog 'n krygsgevangene in Ceylon. Tydens sy gevangenskap is hy gedoop met die Heilige Gees en het hy in vreemde tale gespreek. As gevolg hiervan is daar gedink dat hy van sy verstand af is en is na 'n hospitaal geneem. Volgens Lake het die Here daar deur 'n visioen aan hom geopenbaar dat hy oor nege jaar mense sal ontmoet wat deur drievoudige onderdompeling doop en dat hy dan deur die Here geseën en gesalf sal word om te preek.[141]

Om dus op te som, kan daar gesê word dat ook die maatskaplike, ekonomiese en geestelike toestand wat in die jare na die Anglo-Boereoorlog geheers het, tot voordeel van die A.G.S. was en dat dit sy ontstaan en vinnige verbreiding begunstig het. Dit skyn asof die A.G.S. in daardie moeilike jare van ons volkslewe 'n belangrike leemte gevul het en dat talle ontredderde en ontwrigte Afrikaners deur die bediening van die A.G.S. 'n geestelike tuiste gevind het.

Toe die Pinkstersendelinge uit Amerika dus in 1908 in Suid-Afrika arriveer, was hier baie mense regoor die land wat in meer as een opsig voorberei was vir die Pinksterboodskap en Pinksterondervinding. Gepaardgaande met al die faktore wat in hierdie hoofstuk genoem is waardeur mense voorberei is met die oog op die ontstaan van die Pinksterbeweging in Suid-Afrika, het die nuus aangaande die Pinksterherlewing in ander lande, soos Amerika, Europa en Indië, talle gelowiges aan die begin van die eeu regoor die land aangespoor om tot die Here te bid vir 'n soortgelyke herlewing in Suid-Afrika. Toe die Amerikaanse sendelinge,

140. Persoonlike onderhoud, Sen. G.R. Wessels.
Senator Wessels wat vroeër pastoor by die A.G.S. was, was self bekend met 'n aantal van hierdie manne

141. Dagboek van John G. Lake, 24 Desember 1910. A.G.S. Argief, Johannesburg.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Lake en Hezmalhalch, hier aankom, was dit veral hiérdie mense wat aan die begin na die dienste gekom het en gereed en ontvanklik was vir die Pinksterleer en -ondervinding.[142]

Hier en daar in die land was mense wat rééds 'n geestelike ondervinding met God gehad het, soortgelyk aan dit wat die Pinksterbroeders sou kom leer. Daar is inderdaad getuienisse van heelwat gevalle waar mense die doping in die Heilige Gees met spreke in ander tale deelagtig geword het, sonder dat die broeders uit Amerika of enige Pinksterpersoon naby hulle was.[143] Dit was veral hierdie mense wat die dienste van die A.G.S. eerste begin bywoon het en dikwels ook die kern van nuwe gemeentetjies gevorm het. Ons noem dit net ten besluite sodat daar verstaan kan word dat die predikers uit Amerika nie in 'n ongekwalifiseerde sin iets "nuuts" en "vreemd" die land ingebring het nie. Suid-Afrika het soos baie ander lande in die wêreld benewens Amerika, 'n besondere "Pinkster"- herlewing beleef. Die broeders uit Amerika het eerder net aan dit wat reeds begin het, rigting, stukrag en momentum kom gee.

142. Trooster, Mei 1933, p. 9 en 17.
143. **The Upper Room**, Januarie 1911, p. 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

## JOHN G. LAKE EN THOMAS HEZMALHALCH IN AMERIKA

Daar is reeds 'n aantal kere na die "broeders/predikers uit Amerika" verwys. In hierdie hoofstuk word die belangrikste twee, John G. Lake en Thomas Hezmalhach bespreek. Aangesien die name van hierdie twee manne sinoniem is met die opkoms van die Pinksterbeweging in Suid-Afrika, regverdig hulle geskiedenis en bediening 'n volledige hoofstuk.

### 5.1 John Graham Lake[1]

John G. Lake is gebore op 18 Maart 1870 in Ontario, Kanada. Op sestienjarige ouderdom het hy saam met sy ouers verhuis na Sault Sainte Marie, 'n stad in Noord-Michigan in die V.S.A. Hy word opgelei as Metodiste predikant, maar toe hy op 21-jarige leeftyd in Oktober 1891 tot die bediening toegelaat word en 'n gemeente in Pestigo, Wisconsin kan bedien, besluit hy om eerder die koerantbedryf sy toekoms te maak. In die dorp Harvey, Illinois, begin hy met 'n koerant, die "Harvey Citizen".

1. Daar is veral vier werke waarin daar heelwat van Lake se lewe en bediening gelees kan word. Die een is "When God makes a pastor", deur W.F.P. Burton en twee is deur die bekende Gordon Lindsay: "Sketches from the Life and Ministry of John G.Lake" en "John G. Lake - Apostle to Africa." Daar is heelwat oorvleueling tussen die twee werke alhoewel laasgenoemde korter as die eersgenoemde is. Daar is ook 'n onlangse werk vrygestel wat bestaan uit vertellinge van Lake oor verskillende gebeurtenisse uit sy lewe. Hierdie boek is deur sy skoonseun Wilford H. Reidt saamgestel en bevat heelwat interessante losstaande verhale uit sy lewe. Die titel van die boek is "Adventures in God". Daar is van al vier hierdie werke gebruik gemaak. Verder het daar ook heelwat briewe, artikels, preke en 'n deel van die dagboek van Lake behoue gebly, waarna ook verwys sal word.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy trou in Februarie 1893 met mej. Jennie Stevens van Newberry, Michigan. Drie jaar later gee geneeshere haar op as 'n ongeneeslike teringlyer. Al wat hulle kan aanbeveel, is dat sy na 'n meer noordelike gedeelte van die V.S.A. gaan. Hulle verhuis toe weer na Sault Sainte Marie in Michigan. Lake begin daar met 'n eiendomsagentskap. In 1904 verkry hy 'n setel in die Chicago Board of Trade in Chicago.

In dié besigheid was hy vinnig op pad om 'n ryk man te word. Na 'n jaar en nege maande het hy een honderd duisend dollar in die bank gehad, 90 000 dollar se vaste eiendom en het 'n ten volle opbetaalde lewensassuransiepolis van 30 000 dollar besit. Hy het 'n betrekking as bestuurder van agentskappe aanvaar met 'n gewaarborgde inkomste van 50 000 dollar per jaar. Op hierdie tydstip van sy lewe, het die Here egter met hom begin werk op 'n wyse wat die hele verloop van sy lewe sou verander. Daaroor meer later.

### Hoe het hy met 'n bediening van genesing begin?

Lake was een van 'n gesin van sestien kinders. Alhoewel sy ouers sterk en gesonde mense was wat albei 'n gevorderde ouderdom bereik het, het Lake groot geword met 'n wolk van siekte en dood wat altoos oor hulle huis gehang het. Hierdie agtergrond is belangrik om sy latere oorgawe aan die bediening van genesing te verstaan. "Before my knowledge and experience of the Lord as our Healer we buried eight members of the family. A strange train of sickness, resulting in death, had followed the family, and for thirty-two years some member of the family was an invalid. The home was never without the shadow of sickness during all this long period. When I think back over my boyhood and young manhood there comes to my mind remembrances like a nightmare of sickness, doctors, nurses, hospitals, hearses, funerals, graveyards and tombstones, a sorrowing household, a brokenhearted mother and grief-stricken father,

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

struggling to forget the sorrows of the past, in order to assist the living members of the family, who needed their love and care."[2]

Op die stadium dat die lig van Goddelike genesing in hulle lewens sou begin deurbreek, was drie van die gesinslede in 'n sterwende toestand. Een was 'n broer, reeds 22 jaar 'n invalide, en hy het aanhoudend deur sy niere gebloei. Die tweede was 'n suster met borskanker. Na die vyfde operasie is sy weggewys om maar te sterf. Nog 'n suster het sterwend gelê aan bloedvloeiing.

Na sy troue het dit gelyk asof dieselfde gebeure ook in sy huis gaan afspeel. Sy vrou was 'n invalide met 'n hartsiekte en tering.

Op hierdie stadium hoor hulle van John Alexander Dowie. Hulle neem eerstens hulle invalide en sterwende broer na Dowie se Genesingshuis in Chicago. Toe hulle vir hom gebid en hande opgelê het, ontvang hy onmiddellike genesing. Hy het van sy sterfbed opgestaan en die vier myl na sy huis geloop. As gesonde man het hy 'n aandeelhouer in sy vader se besigheid geword.

Daar was blydskap en hoop in hulle harte. Hulle het dadelik reëlings getref om die suster met borskanker ook daar te kry - op 'n draagbaar. Ook sy was binne 'n paar dae volmaak gesond: "How our hearts thrilled! Words cannot tell the story. A new faith sprang up within us. If God could heal our dying brother and our dying sister, and cause cancers to disappear, He could heal anything or anybody."[3]

Die suster wat aan bloedvloeiing ly, se gebede om genesing is oënskynlik nie beantwoord nie, want Lake ontvang een aand 'n oproep dat indien hy haar nog lewend wou sien, hy haastig moes kom. By sy aankoms vind hy dat sy sterwend was, reeds bewusteloos. Haar liggaam was koud. Geen hartklop kon onderskei word nie. Langs die bed was haar ouers en eggenoot in trane met haar klein babatjie in sy wiegie ook in die kamer.

2. Gordon Lindsay, John G. Lake - Apostle to Africa, p. [illegible].
3. Ibid., [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In Lake se siel het 'n storm gewoed. "As I looked at this sister I said 'O God, this is not your will. I cannot accept it! It is the work of the devil and darkness'."[4]

Die enigste man aan wie hy kan dink wat in daardie oomblik saam met hom kon bid, was John Alexander Dowie. Hy telefoneer dadelik 'n telegram deur na Dowie: "My sister has apparently died, but my spirit will not let her go. I believe if you will pray, God will heal her".[5] Hy ontvang amper onmiddellik 'n antwoord terug: "'Hold on to God. I am praying. She will live'.

I have asked a thousand times, 'What would it have meant if instead of that telegram of faith, I had received one from a weakling preacher who might have said, 'I am afraid you are on the wrong track', or 'Brother you are excited', or 'The days of miracles are past'?".[6] 'n Paar minute later het sy suster se oë oopgegaan, en vyf dae later het sy saam met die familie in hulle ouerhuis vir die Kersmaaltyd aangesit - die eerste keer in hulle lewe dat die Lake-familie almal gesond was.

Sy vrou was die laaste van die vier genoemde gevalle wat 'n bonatuurlike genesing sou ondervind. Sy was op die laaste treë van haar lewenspad toe die predikant wat saam met hom by haar bed gestaan het, hom eenkant roep en sê: Versoen jou met die wil van God. Terwyl Lake aan hulle klein kindertjies en sy groot liefde vir sy vrou dink, was dit vir hom onaanvaarbaar dat dit die wil van God kon wees: "I felt as if God had been insulted by such a suggestion".[7]

Hy het sy Bybel in daardie oomblik oopgeslaan en sy oog val op Handeling 10:38. Hierdie vers het sy hart vasgegryp en was van daardie dag af 'n sleutel in sy genesingsbediening: "Like a flash from the blue

4. Ibid., p. 12.
5. Ibid., p. 13.
6. Ibid., p. 13.
7. Ibid., p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



these words pierced my heart. 'Oppressed of the devil!' Then God was not the author of sickness, and the people whom Jesus healed had not been made sick by God ....... In my soul I said, 'This work of the devil, this destruction of my wife's life, in the name of Jesus Christ shall cease, for Christ died and Himself took our infirmities and bore our sicknesses'".[8] Sy eggenote is daardie selfde dag volmaak genees.

Vir Lake was dit asof 'n nuwe lig vir hom deurgebreek het. Hy het tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Our church had diligently taught us that the days of miracles were passed. Believing thus, eight members of the family had been permitted to die. But now, with the light of truth flashing in our hearts, we saw that such teaching was a lie, no doubt invented by the devil, and diligently heralded as truth by the church, thus robbing mankind of his rightful inheritance through the blood of Jesus".[9]

Toe hierdie genesing rugbaar word, het mense van heinde en ver gestroom vir gebed. Op hierdie wyse is Lake eintlik gedwing om vir hulle te bid. Baie het genesing ontvang en dit is hoe sy genesingsbediening in aanvang geneem het.

In 1900 is sy vrou Jenny, in 'n skietongeluk in die rug gewond. Sy het mediese hulp geweier. John Lake het saam met haar gebid en weer eens is sy volmaak genees. Aan die genesing is groot publisiteit verleen deurdat dit breedvoering dekking in die "Leaves of Healing" gekry het.[10]

In 1901 het Lake na Zion City, Dowie se hoofsetel verhuis met die doel om meer te wete te kom in verband met Goddelike genesing.[11] Hier was hy eers as diaken en later as ouderling aangestel.[12] Dowie het hom ook as bestuurder van sy boudepartement aangestel. Toe Dowie se

8. *Ibid.*, p. 14.
9. Gordon Lindsay, **Life and Ministry of John G. Lake**, p. 29.
10. O.H. Raper, **A brief look at the history of Divine Healing in South Africa**, p. 5.
11. John G. Lake, **Adventures in God**, p. 113.
12. W.F.P. Burton, **When God makes a Pastor**, p. 31.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

finansiële sake egter in 1904 begin skeef loop, het Lake Zion City verlaat, maar met groot persoonlike finansiële skade.

Agt jaar het verloop nadat Lake met 'n bediening van genesing begin het. Tydens hierdie tyd was hy steeds in 'n professionele hoedanigheid in die sekulêre lewe, maar het feitlik elke aand van die week gepreek. Dit was 'n tyd van groot seëninge en gebedsverhoringe, maar tog het Lake gevoel dat daar iets in sy lewe kortkom. Hy en 'n aantal vriende het gereeld saamgekom om te bid vir die doop met die Heilige Gees, nege maande lank. Hy het hierdie geestelike ondervinding deelagtig geword, terwyl hy saam met sy vriend wat heelwat ouer as hy was, Thomas Hezmalhalch, vir 'n vrou gebid het wat aan ernstige rumatiese ontsteking gely het. Terwyl br. Tom, soos hy genoem is, nog met die vrou gepraat het, het Lake hierdie besondere ondervinding gehad wat hy as die doping in die Heilige Gees ervaar het.

Hierna het die drang om voltyds vir die Here te gaan werk vir hom te veel geword. Hy het sy werk, waar hy 'n gewaarborgde inkomste van 50 000 dollar per jaar gehad het, bedank en met groot veldtogte saam met Thomas Hezmalhalch begin. "..... I said to God, 'I am through forever with everything in life but the proclamation and demonstration of the Gospel of Jesus Christ'".[3]

Dit is belangrik om te meld dat hy ook in hierdie tyd kontak gehad het met W.J. Seymour, die man wat die leiding geneem het by die Azusastraat herlewing. Lake het ook van sy dienste in Los Angeles bygewoon. Seymour het 'n blywende indruk op Lake gemaak: "It was not what he said in words; it was what he said from his spirit to my heart that showed me he had more of God in his life than any man I had ever met up to that time." [illegible] dinge met mekaar gedeel', ook nadat Lake [illegible]

[illegible], John G Lake - Apostle to Africa, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het.[15] Dit kan hier net genoem word dat Lake ook met Charles Parham bekend was.

Daar is in vorige hoofstukke gewys op die belangrike rol wat Dowie gespeel het in die voorbereiding en Seymour in die ontstaan van die Pinksterbeweging. Dit is dus baie interessant en belangrik dat Lake wat so 'n belangrike rol in die ontstaan van die A.G.S. gespeel het, op so 'n besondere wyse met beide hierdie manne kontak gemaak het en ongetwyfeld deur hulle beïnvloed is.

## 5.2 Thomas Hezmalhalch[16]

Thomas Hezmalhalch is gebore op 5 Oktober 1847 in Patterson, New Jersey in die V.S.A. Oor sy kinder- en jeugjare is weinig bekend. Wat ons wel weet is dat hy as jongman 'n aantal jare in Leeds, Engeland, deurgebring het. Daar is hy getroud met Charlotte Best wat gebore is op 10 Julie 1851 in Leeds, Yorkshire. 'n Vroeë A.G.S. werker het ook na sy Yorkshir aksent verwys: "Bro. Hezmalhalch although he had been many years in America, had not quite got rid of his Yorkshire accent."[17] In Leeds was hy blykbaar 'n prediker van die Wesleyan Methodist Church.[18]

Na sy terugkeer na Amerika, sluit hy hom aan by die Heiligheidsbeweging en word as prediker georden. Vir 'n aantal jare was hy pastoor van 'n Heiligheidsgemeente in Pasadena, Kalifornië.[19] Hy het in die

15. Ibid., p. 32 en 33.
16. Daar is weinig inligting beskikbaar oor Thomas Hezmalhalch voor sy koms na Suid-Afrika. Die inligting wat wel beskikbaar is, is brokgewys en 'n mens kry die gevoel dat jy 'n legkaart moet voltooi waarvan sommige legstukke verlore is. Besondere dank is hier verskuldig aan Past. Paul C. Schoch van Amerika wat spesiaal moeite gedoen het om belangrike gegewens in te win. Na Hezmalhalch se terugkeer uit Suid-Afrika, het hy by Past. Schoch se ouers in Amerika gaan woon tot sy dood toe. Paul Schoch het hom dus van kleinsaf goed leer ken.
17. Artikel deur S. Stuart in die "Trooster", Mei [illegible], p. [illegible].
18. Los artikel in die bundel versamelde artikels oor John G. Lake in die A.G.S. Argief.
19. Persoonlike inligting verkry vanaf Past. Paul C. Schoch, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jare wat sy koms na Suid-Afrika vooráfgegaan het, op verskillende plekke Evangelieveldtogte gehou. So bv. in Indianapolis in Indiana, Monrovia, Los Angeles en Verdugo in California. Hy het selfs veldtogte in Engeland en Europa gehou.[20].

Hy het die Pinksterondervinding van die doping in die Heilige Gees deelagtig geword sonder dat hy eers geweet het wat dit was wat met hom gebeur het. Hy vertel dat hy een aand te perd op pad huis toe was na 'n veldtog in Verdugo Valley. Terwyl hy so ry het die teenwoordigheid van die Here op 'n besondere wyse oor hom vaardig geword en volgens sy eie getuienis het hy begin spreek in 'n hemelse taal. Toe hy by die huis kom, bemerk sy vrou dadelik dat iets eienaardigs met hom gebeur het en sê: "'Tom, you have something funny?' He replied, 'Yes but I know it is from the Lord.'"[21]

Alhoewel hy nie sy Pinksterondervinding soos baie ander Pinksterpioniers by Azusastraat ontvang het nie, het hy soos Lake ook die voorreg gehad om gedurende daardie besondere ontstaansperiode daar besoek af te lê.[22] Hy was soos Lake ook goed bekend met beide Charles Parham en William Seymour.

Daar moet ook melding gemaak word van 'n besondere veldtog wat Hezmalhalch en Lake in Zion City gehou het, kort voor hulle na Suid-Afrika sou kom.[23] Hezmalhalch het reeds in Mei 1907 vir die eerste keer na Zion City gegaan. 'n Sterk Pinksterwerk het daar in die

20. Ibid.
21. Ibid.
22. Ibid.
23. Los artikel in die bundel versamelde artikels oor John G. Lake in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sioniste-mekka ontstaan alhoewel daar baie teenstand van die kant van die Sioniste was. Tydens hierdie veldtog van Hezmalhalch en Lake is talle mense daar ook gedoop met die Heilige Gees.

Dit blyk dat Hezmalhalch 'n lid van 'n Pinkster Baptiste kerk was toe hy saam met Lake na Suid-Afrika vertrek het.[24] Hy het dus waarskynlik die Heiligheidsbeweging verlaat nadat hy die doping in die Heilige Gees ontvang het. Dit is egter ook belangrik om in Hezmalhalch se geval die voorbereidende rol van die Heiligheidsbeweging op te merk.

Ter wille van interessantheid kan dit ook net genoem word dat hy spoedig nadat hy in die Pinksterbeweging gekom het, as "brother Tom" bekend gestaan het. Die gebruik van die naam is aangemoedig as gevolg van die moeilike uitspraak van sy van. Só het hy ook onder die Pinkstermense in Suid-Afrika bekend gestaan. Dit is ook opmerklik dat Hezmalhalch nie meer 'n jongman was toe hy na Suid-Afrika toe gekom het nie. Hy was amper 61 jaar in vergelyking met Lake se jeugdige 38 jaar in 1908.

## 5.3 Lake en Hezmalhalch se roeping en koms na Suid-Afrika

Nadat Lake sy winsgewende betrekking bedank het, het hy iets gedoen wat vreemd was en waarvan die wysheid later bevraagteken kon word: "...... so in April, 1907 I locked my office door, disposed of my bank account to various religious and educational institutions, divided my real estate in like manner and appointed ..... my financial agent, to dispose of everything.

I started out on independent evangelistic work without a dollar being absolutely dependent upon God ....'[25]

Kort hierna het die Gees van die Here duidelik vir hom gesê om hom gereed te maak, aangesien hy in die lente van 1908 (dit is gedurende die herfstyd in Suid-Afrika) na Suid-Afrika moet gaan.

24. Troester, [illegible]
25. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende die laaste klompie maande voor sy vertrek na Suid-Afrika, het hy en Thomas Hezmalhalch 'n aantal evangelie veldtogte saam gehou. Daar is reeds melding gemaak van die een in Zion City. 'n Ander een was in Indianapolis in Indiana. Hulle het goeie vriende geword en 'n besondere verhouding het tussen die twee predikers ontstaan, ten spyte van die feit dat Hezmalhalch meer as 22 jaar ouer as Lake was. In hierdie tyd het Hezmalhalch ook onder die oortuiging gekom om saam met Lake na Suid-Afrika te gaan. Hezmalhalch het nie soveel besittings soos Lake gehad om van ontslae te raak nie. Hy het slegs 'n stuk grond in Kalifornië gehad wat hy toe verkoop het om onbelas na Suid-Afrika te kom.

Dit was in Februarie 1908 terwyl hulle met die reeks dienste in Indianapolis besig was, dat hulle besef die kaartjies vir die reis na Suid-Afrika moet gekoop word en hulle het nie geld nie. Die reiskoste vir hulle hele geselskap sou 2 000 dollar beloop. Hulle het ernstig gebid en vier dae later is die volle som op 'n bonatuurlike wyse aan hulle gestuur.[26] Hulle het dadelik die kaartjies gaan koop. Daar het een en 'n half dollar oorgebly: "We had our tickets to Africa, but there would be many other expenses end route. I had only one and a half dollar in hand."[27]

26. John G. Lake, **Adventures in God**, p. 62-67. Die volledige verhaal van die wonderbaarlike voorsiening van al die nodige geld, ook gedurende die reis word in hierdie boek verhaal.
27. Ibid., p. 63.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die begin van April[28] vertrek die geselskap van sewentien persone na Suid-Afrika. Hulle het eers na Engeland gereis waar vier van die persone agtergebly het.[29] Hulle het vyf dae in Engeland oorgebly waar hulle van skip verwissel het en die reis na Suid-Afrika voortgesit het.[30] Die volgende persone was deel van die groep wat op 14 Mei 1908 in Suid-Afrika sou land: John G. Lake, sy vrou Jennie en hulle sewe kinders; Thomas Hezmalhalch en sy eggenote. Daar was ook 'n br. Lehman in die groep. Hy was al een van die groep wat vantevore in Afrika was. Hy het vroeër vyf jaar lank hier in Suid-Afrika sendingwerk gedoen en was Zulu magtig.[31] Die laaste lid van die geselskap was 'n sekere sust. Sackett. Sy was van haar middellyf af ondertoe verlam. Alhoewel Lake en Hezmalhalch verskil het oor die wenslikheid dat sy moes saamkom, het sy tog gekom. Sy het geglo dat sy hier in Suid-Afrika genesing sou ontvang. Sy is egter weer later ongenees terug Amerika toe.[32]

Onderweg van Engeland na Suid-Afrika het Lake met 'n ander finansiële probleem gesit. Voordat hy in Suid-Afrika voet aan wal kan sit, moet hy blykbaar ooreenkomstig die immigrasie wette bewys kon lewer dat hy ten minste 125 dollar kontant besit.[33] Hy het op daardie

28. Daar is onsekerheid oor presies op watter datum hulle vertrek het. Sommige bronne soos Lindsay wat Lake persoonlik aanhaal, gee die vertrekdatum as 1 April 1908. (Gordon Lindsay - John G. Lake - Apostle to Africa - p. 22). In 'n ander brief van Lake met persoonlike inligting (in die A.G.S. argief) sê hy egter dat hulle op die 19ᵉ April vertrek het. Laasgenoemde datum word ook deur andere aangehaal. Dit wil egter lyk of 1 April die korrekte datum is en dat die datum van 19 April 'n fout kan wees. As in gedagte gehou word dat die skip eers na Engeland gevaar het, daar vyf dae vertoef het en daarna weer by Madeira, een van die Kanariese eilande, aangedoen het, was dit onmoontlik dat hulle reeds op 14 Mei (wat die onbetwiste datum van aankoms was) in Kaapstad kon aankom.
29. W.F.P. Burton, op. cit. p. 30 en 31.
30. John G. Lake, op. cit. p. 65.
31. Burton, W.F.P., op. cit. p. 30 en 31.
32. Ibid.
33. Gordon Lindsay, *Sketches from the Life and Ministry of John D. Lake*, p. 18.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stadium letterlik nie 'n enkele sent oorgehad nie. "We prayed earnestly over this matter. About the time we reached the Equator, a rest came into my soul concerning it, and I could pray no more."[34]

Toe hulle so 'n tien dae later in Tafelbaaihawe land, het die immigrasiebeampte aan boord gekom en die passasiers het in 'n tou gestaan om bewys van kontant te lewer en hulle landingskaartjies te ontvang. Sy vrou het bekommerd gevra wat hulle nou gaan doen? "I am going to line up with the rest. We have obeyed God this far. It is now up to the Lord."[35] Terwyl hy sy beurt in die ry afwag, tik 'n onbekende passasier hom op die skouer en roep hom eenkant en nadat hy hom 'n paar vrae gevra het, gee hy aan hom twee reisigerstjeks ter waarde van 200 dollar!

Na 'n paar dienste in Kaapstad en 'n kort besoek aan Pretoria, kom hulle sowat tien dae later in Johannesburg aan - Lake, sy vrou en sewe kinders en die res van die geselskap. Geen reëlings, geen huisvesting nie. Uit 'n nugtere oogpunt lyk dit na menslike dwaasheid. Maar Lake het volgens ander, vreemde riglyne gewerk: "Throughout the voyage we earnestly prayed about the subject of a home. As faith missionaries, we had neither a Board nor friends behind us to furnish money. We were dependent upon God. Many times during the trip to Johannesburg, we bowed our heads and reminded God that when we arrived there we would need a home."[36]

Hulle het pas van die trein in Johannesburg afgeklim, toe 'n dame na hulle kom. Sy was 'n Amerikaanse sendingdame, mev. C.L. Goodenough. Sy vertel dat terwyl sy die vorige nag in gebed was, die Here vir

34. John G. Lake, op. cit. p. 66.
35. Ibid., p. 67.
36. Ibid., p. 67.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



haar gesê het dat 'n Amerikaanse sendinggeselskap môre op die stasie sal aankom en dat sy aan die gesin met die sewe kinders huisvesting moet verskaf. Daardie middag om 3.00 nm. was Lake en sy gesin in 'n volledig gemeubileerde huis in Johannesburg! Dit is nie bekend op welke wyse Hezmalhalch en sy eggenote huisvesting bekom het nie.

Dit sou gepas wees om hierdie gedeelte af te sluit deur 'n baie raak opsomming van Gordon Lindsay in hierdie verband aan te haal:

"Let us for a moment consider the phenomenon of Lake's ministry in South Africa. He went there without funds. Every mile of the journey was a miracle. Having been a successful businessman, dr. Lake had the means by which he could have financed his party for several years, but at the time of his call he liquidated his estate and arranged for the disposal of his goods. He depended upon God to supply the money for the trip, and he and his party upon arriving in Africa were without visible means of support. There was no organization nor mission board to back him. From the natural viewpoint, the venture was a perfect setup for failure or perhaps disaster.

Dr. Lake had made no particular study of the field, did not know the language of the natives. Yet despite all the handicaps that ill-omened the success of the mission, the power of the ministry of Lake and his co-worker Hezmelhalch was such that within five years the message they brought had penetrated to the remote areas of South Africa. An apostolic revival broke out of such power that in a short time hundreds of churches and missions were established throughout the land. The secret of the success of these men was of course the fact that they possessed an apostolic ministry in which signs, wonders, and miracles were manifested continually."[37]

37. Gordon Lindsay, John G. Lake - Apostle to Africa, p. [illegible] en 61.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 6

## THOMAS HEZMALHALCH EN JOHN G. LAKE IN SUID-AFRIKA

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoe dit gebeur het dat Lake en Hezmalhalch in Suid-Afrika aangekom het. Aangesien hulle so 'n belangrike rol in die ontstaan van die A.G.S gespeel het, word daar in hierdie hoofstuk na hulle persoonlike lewens en bediening in Suid-Afrika gekyk.

Dit is opmerklik dat Lake, al was hy die jonger man, veel meer op die voorgrond was. Dit is duidelik wanneer alle gegewens aangaande die twee manne bestudeer word, dat hy die sterker, leidende en dominante persoonlikheid van die twee gehad het. Hy was ook meer geneë om gegewens aangaande homself en sy bediening op te skryf en te laat weergee. Aan die ander kant was Hezmalhalch nie gretig om veel van homself en sy lewe bekend te maak nie. Dit is duidelik uit die karige gegewens wat daar oor sy lewe beskikbaar is. Later in hierdie hoofstuk sal daar op die gevolge van hierdie verskil in persoonlikhede gewys word. Dit sal ook duidelik uit hierdie hoofstuk blyk dat Lake 'n meer bepalende, invloedryke en rigtinggewende rol in Suid-Afrika en in die ontstaan van die A.G.S. gespeel het.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

## 6.1 Thomas Hezmalhalch

Toe Hezmalhalch en Lake met die Pinksterwerk hier begin het, het hulle as 'n volkome gelykwaardige span saamgewerk. Nadat die werk in die Breëstraat-tabernakel gelokaliseer is, het hulle as medeleraars van die gemeente opgetree. Die eerste notule van 'n vergadering van die vroeë werkers, gedateer 17 September 1908. In die maande wat daarop gevolg het, is daar gereeld twee of drie keer 'n maand vergadering gehou. Dit is opvallend dat nie een van die twee aan die begin amptelik as leier of president gekies is nie. Dit is wel so dat Hezmalhalch se naam gewoonlik eerste in die lys van teenwoordigers by die vergadering voorkom. Daar was egter ook gevalle waar duidelik genotuleer is dat Lake as voorsitter van die vergadering opgetree het.[1]

Op die 27ᵉ Mei 1909, 'n jaar nadat hulle hier aangekom het, word die eerste amptelike Uitvoerende Raad gekies wat as beherende komitee vir die Pinksterwerk sou optree. By hierdie vergadering word br. Thomas Hezmalhalch as die eerste president van die A.G.S. gekies met br. John G. Lake as vise-president.[2] Hezmalhalch sou hierdie amp nie lank beklee nie. Aan die einde van 1910 word hy as president deur Lake vervang. Dié gebeure word later bespreek. Die rede waarom hy as eerste president gekies is, was waarskynlik a.g.v. sy senioriteit in jare, asook moontlik omdat hy die meeste Pinksterondervinding gehad het. Die keuse was in die lig van die latere gebeure waarskynlik 'n fout. Hezmalhalch was wel 'n baie goeie, saggeaarde man met 'n liefdevolle geaardheid, maar Lake was die gebore leier. Hy het die sterker persoonlikheid en die sterker bediening van die twee gehad. So 'n verhouding waar die sterker persoon die tweede posisie moet inneem, bring gewoonlik vroeër of later wrywing, soos weldra gesien sal word.

1. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], p. 17. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
2. [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoedanig was Hezmalhalch se bediening? 'n Latere president wat hom persoonlik geken het, het die volgende oor hom gesê: "He was not a great preacher, but his life was a beautiful testimony to the reality of Pentecost."[3] Alhoewel hy nie 'n uitstaande evangelis was nie, kon hy tog op 'n besondere manier die liefde van God aan sondaars en siekes voorhou - 'n eienskap in sy prediking wat herinner aan Evan Roberts van Wallis. Só beskryf Burton dit: "The old man's face would shine with a heavenly light as he pointed the sufferers and their relatives to the love and grace of God, as revealed at Calvary. Hezmalhalch had an amazing grasp of the Scriptures and he was never tired of telling the people of the efficacy of the blood of Christ to cleanse from every stain, and of the power of our risen Lord to deliver from every sin and besetment to which fallen man is heir.[4]

Sy besondere liefde vir en insig in die Skrif het opgeval. Hy sou nooit in die strik val wat so dikwels in die kerkgeskiedenis voorgekom het nie, nl. dat mense wat reken dat hulle die Gees ontvang het, die belangrikheid van die Skrif agterweë gelaat het. As die vroeë Swart Sioniste destyds na sy raad geluister het, sou die groot verdelings en sinkretisme wat vandag onder hulle voor kom, waarskynlik tot 'n groot mate voorkom gewees het. Oor hierdie besondere geval haal ons P.L. le Roux aan: "He loved the Word of God, and taught others to love and obey it. One day in addressing a large gathering of natives in Wakkerstroom, he said: 'I know God is going to bless you richly, and many will be baptized in the Holy Ghost. (This prophecy became blessedly true) But whatsoever you may receive in the spirit, I say to you, (holding up his Bible) keep close to the old Book. It is your only safe guide'." Not long afterwards we had occasion to prove the timeliness of this warning.

[illegible] Trooster, [illegible]
[illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Someone, who had received a real baptism, began to declare that we could now do without the Bible, because we were being led by the Spirit."[5]

Hezmalhalch het 'n merkwaardige lewe van geloof gelei. Daar is baie verhale van hoe hy die Here vir alles, van die kleinste tot die grootste ding vertrou het. In vele opsigte het Lake by hom geleer hoe om in absolute geloofsvertroue te lewe. Paul Schoch vertel van die volgende gebeurtenis. Op tagtigjarige ouderdom moes hy begin bril dra. Toe hy een aand na 'n kerkdiens uit die voertuig klim, sê hy: "Why should I wear these glasses?" Paul Schoch vertel dat hy met sy eie oë gesien het hoedat Hezmalhalch sy brille in die vuur gooi. Hy het daarna nog vier jaar gelewe en het nooit weer 'n bril benodig nie. Schoch het selfs een aand gesien hoedat Hezmalhalch by die lig van die volmaan sonder enige probleme uit sy Bybel gelees het.[6]

Sy bediening in Suid-Afrika is gekenmerk deur baie tekens en wonders. In 'n brief aan sy vrou wat hy op 26 Augustus 1908 uit Vryheid in Natal geskryf het, vertel hy haar van al die wonderwerke wat op een dag gebeur het. Onder andere het hy vir drie dowes gebid wat daarna kon hoor. 'n Seuntjie wat kreupel was en met krukke geloop het, kon vir die eerste keer in sy lewe sonder krukke loop. 'n Blinde kon na gebed sien. 'n Duiwelbesetene is bevry en 'n persoon met hartprobleme is onmiddellik genees. M.b.t. sy bediening, sê Paul Schoch, kan dit maklik klink of jy na 'n hoofstuk van die boek Handelinge luister.[7]

## 6.2 John G. Lake

Aangesien daar soveel oor Lake se bediening in Suid-Afrika gesê kan word, sal slegs enkele momente daarvan bespreek word. Daar is reeds opgemerk dat hy 'n man met 'n sterk persoonlikheid was, 'n gebore leier.

5. Artikel deur P.L. le Roux, in die Trooster, Mei 1[illegible]34, p. [illegible].
6. Vertelling deur Paul C. Schoch.
7. [illegible].

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Burton vat dit raak as hy sê: "He was a man of strong, forceful personality, who would have made his way to the fore in any situation."[8] Lindsay beskryf hom in die volgende woorde: "Mr. Lake was a strong, rugged character of loving and winning personality."[9]

Lake was 'n indiwidualis. Lindsay sê in die verband: "... he was a rugged individualist, and such persons have a tendency to make enemies as well as devoted friends."[10] So byvoorbeeld het die vroegste raad in die A.G.S. besluit dat sertifikate aan werkers slegs toegeken kan word met die goedkeuring van die hele raad. By die vergadering van 28 Januarie 1909 (waar Lake afwesig was), het die raad rede gehad om ongelukkig te voel nadat Lake op sy eie aan sekere broers sertifikate toegeken het. Daar word by hierdie vergadering besluit dat sulke sertifikate in die toekoms nie erken word nie.[11]

### 6.2.1 <u>Lake se bediening van genesing en prediking</u>

"It is an understatement to say that the ministry of John G. Lake was unusual."[12] Dit is onmoontlik om in bestek van enkele bladsye reg te laat geskied aan hierdie man se bediening. Volgens Lindsay is die verhaal van sy lewe en bediening ... "a story which, perhaps, has had no parallel in the history of missions since the days of the Early Church."[13]

'n Paar opmerkings van bekende persone oor sy bediening bevestig dat hy 'n heel besondere mens was.[14] So het Cecil Rhodes gesê: "His

8. W.F.P. Burton, <u>op. cit.</u>, p. 31.
9. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 9.
10. Gordon Lindsay, **Sketches from the Life and Ministry of John G. Lake**, p. VIII.
11. Notule van die 1^e Beheerkomitee, 28/1/1909, p. 24, Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
12. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 5.
13. <u>Ibid.</u>, p. 8.
14. Hierdie opmerkings deur bekende persone oor Lake, verskyn agter op die boek, **Adventures in God**, wat saamgestel is deur sy skoonseun, Wilfordt H. Reidt.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



message has swept Africa. He has done more toward South Africa's future peace than any man." W.T. Stead (een van die bekendste nuusbladredakteurs van hierdie eeu) het gesê: Lake is the embodiment of the spirit of primitive Christianity." Andrew Murray het van hom gesê: "The man reveals more of God than any other man in Africa."

Daar sal nie in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n relaas van die genesingswondere wat in sy bediening voorgekom het, te gee nie. Feit is dat dit 'n noue wandel met God was wat vir sy kragtige bediening verantwoordelik was. Burton beskryf dit soos volg: "It was impossible to come into contact with Spirit-filled men like Lake and Hezmalhalch without feeling the mighty power that emanated from them. People who entered the same tramcar with them, those with whom they did business on the market or in the shops all felt the effect. They carried a sense of conviction of sin and longing after God with them wherever they went."[15]

Lake het vir sy tyd 'n merkwaardige insig in die oorsaak en genesing van verskillende siektes gehad. Hy het besef dat siektes uit meer as net fisiese simptome bestaan en dat alle siektes nie van bloot liggaamlike oorsprong is nie. Lake vertel in sy dagboek dat hulle vir so 'n vrou gaan bid het: "She had a paralysed arm, the result of an affection of the glands of the throat. We prayed. Her suffering ceased but no further evidence of healing came. The glands still remained hard and the arm without power. We must go again. Something about her was not clear in the spirit. I could discern it in the spirit."[16]

Lake was verantwoordelik in sy genesingsbediening. Dit het nog meer so geword soos wat die jare ondervinding gebring het. Sy filosofie oor genesing was, dat daar vir 'n siek persoon gebid moet word totdat hy/sy gesond is. In 'n brief wat hy aan P.L. le Roux aan die einde van sy lewe geskrywe het, verduidelik hy hierdie beginsel. Alhoewel hy hom

15. W.F.P. Burton, op. cit., p. 50.
16. Uit Lake se dagboek, Maandag, 26/12/1910.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer daarop toegelê het gedurende die latere deel van sy lewe, is daar tog duidelik aanduidings dat hy die beginsels hiervan reeds in Suid-Afrika ingesien en toegepas het. Hy skryf die hoë persentasie van die wat genees word toe aan hierdie aanhoudende gebed: "The astounding percentage of those who were healed was, I believe, due to the system we adopted. We insisted that the individual should present himself for prayer and laying on of hands every day until we were satisfied that they were fully healed."[17]

Hy was gekant teen die praktyk van sommige evangeliste deurdat daar slegs een maal vir siekes gebid word en dat daar geen verantwoordelikheid verder vir die sieke geneem word nie, terwyl daar aan die publiek te kenne gegee word dat die persoon genesing ontvang het. So 'n praktyk, sê hy, is skadelik. "We well knew that the great majority of those ministered to once were not fully healed. Some of them were half healed; some of them were quarter healed; some of them received a very slight touch of healing; some were touched of God sufficiently to take away their pain and give them freedom and action temporarily. In many of these cases evangelists had these people testify before great audiences that they were fully healed, only to discover in a few days or weeks that they were not really healed, and many in disappointment went home to die.

Because of the commercialized state of evangelistic work, evangelists felt that they could not afford to take time to pray for the same individual more than once; and in a short time they began to teach that accursed teaching that has devastated the ministry of healing that it was only proper to pray for the sick once, that they should not be ministered unto the second time.

This was Dollar Christianity. Wherever it was practiced and by whom, it is still Dollar Christianity."[18]

17. Brief van John G. Lake, aan P.L le Roux, 20/6/35, p. 1, A.G.S. Argief.
18. Ibid., p. 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lake sê dat hy die beweerde resultate van vele groot evangeliste oor jare nagevors het en dat groot getalle van die persone wat getuig het dat hulle genesing ontvang het, binne drie tot ses maande weer in dieselfde siek toestand was. In die lig hiervan, sê hy dan die volgende belangrike woorde: "It was this practice, Brother, that, in my judgement, has destroyed world confidence in the ministry of healing. It will never be restored until all who practice the ministry of healing in the name of Jesus Christ and by the Holy Ghost settle down to minister to the individual again and again until it is a finished job, and the Devil, medical science, modernists, or anybody else cannot deny the truth of the healing. This will then be a demonstration worth while to the world. If we pray for a sinner repeatedly until he is saved and knows it, and for the baptism of the Holy Gnost, why not for healing?"[19]

Hierdie verantwoordelikheid en eerlikheid van Lake m.b.t. die kwessie van Goddelike genesing het meegebring dat hy volgens sy eie getuienis 75% sukses met genesings in Suid-Afrika gehad het.[20]

In die praktyk het hierdie bediening geweldige hoë eise aan Lake en sy huisgesin gestel. Die dienste het soms laat aangehou a.g.v. die talle mense vir wie daar gebid moes word. "Many were so hungry that, though the meeting ended late, they would accompany the preachers to their homes to talk and ask more about the things of God. Often the day broke and still they were teaching, answering questions and praying for the sick.

"At times the crush was so great, and the sick needing prayer were so many that poor Mrs. Lake had no time to prepare the food. Indeed

19. Ibid., p. 2.
20. The Latter Rain Evangel, November 1908, In die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



they had to arrange to usher the people in at the front door, pray for them as they went through the house, and then show them out at the back, to make room for more."[21]

Lake se bediening het ook by geleentheid reaksie en vervolging ontlok. Daar was die teenstanders wat die krag van sy bediening aan 'n hipnotiese mag toegeskryf het. (Eintlik was Lake fel teen hipnose gekant en het die mag van mense om hipnose te kan beoefen aan die werking van die duiwel toegeskryf. Hy het ook by meer as een geleentheid mense wat hipnose beoefen het, bestraf en volgens getuienis kon diesulkes daarna nie weer daarin slaag om mense te hipnotiseer nie).[22] So 'n groep onrusmakers het een aand tydens 'n diens agter in die kerk stelling kom inneem, gewapen met pikstele en dies meer. Hulle het hardop gesê wat hulle vanaand met die "hipnotiseur" gaan aanvang. Die predikers het egter met die diens aangegaan asof daar niks verkeerd is nie. ".... and at the end Lake walked quietly and lovingly up to the men who were waiting to brain him, holding out his hand, and saying, 'God bless you', he walked through the midst of them, and not a soul could lift his hand to do him harm."[23]

Lake was ook 'n besondere prediker. In sy prediking was hy sterk Skrifgebonde. Die Woord het op so 'n wyse deur sy prediking tot mense gespreek, dat geloof in harte opgewek is. Wanneer ander predikers in die gehoor was, het sy prediking dikwels so 'n geloof by hulle gewek dat talle soms self met 'n bediening van genesing begin het.[24] Iemand wat persoonlik na hom geluister het, sê die volgende: "He was delibe-

21. W.F.P. Burton, <u>op. cit.</u>, p. 34 en 35.
22. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 28.
23. W.F.P. Burton, <u>op. cit.</u>, p. 41 en 42.
24. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rate, logical, convincing and forceful. His manner was polished, his language correct, his English and accent good, with the merest trace of 'Yankee' in it. Very masculine and intensely spiritual he delighted in presenting the deeper truths and teaching of the epistles. His was a ministry of real power in the Gospel."[25]

### 6.2.2 Lake en sendingwerk

Soos reeds genoem, was Lake se oorspronklike gedagte om sendingwerk in Suid-Afrika te kom doen. Selfs nadat hy hoof van die Blanke kerk geword het, was die sendingwerk nog steeds vir hom van primêre belang. "He had always had a big love for the natives, and a plea for the black man would draw him even sooner than a call from a white congregation."[26] Hy het ook dikwels self op sendingtogte gegaan. By meer as een geleentheid het dit met groot ontberings en selfs lewensgevaar in die destydse ongetemde en afgeleë gedeeltes van Suider-Afrika gepaard gegaan.

Op tipiese Amerikaanse wyse was Lake se optrede en verhouding teenoor die Swartmense veel anders as die van die destydse Boerebevolking en het dit soms aanstoot gegee. Dit was vir sommige van die blankes onaanvaarbaar dat hy heel gemaklik en sonder onderskeid met die Swartmense omgegaan het en dat hy selfs fisies kontak met hulle maak en hulle "broeder" noem.

Daar is reeds genoem dat die dienste aan die begin gemeng was. Toe 'n klompie Blanke-moeilikheidmakers op 'n dag die Swartes wou uit-

25. Artikel deur S. Stuart, in die "Trooster", Mei 1935, p. 20.
26. W.F.P. Burton, op. cit., p. 67.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gooi, het Lake gesê dat hulle hom ook sal moet uitgooi .... "for I will stand by my black brethren."[27]

Sy toegewydheid aan die sendingtaak het meegebring dat sendingwerk van die ontstaan van die A.G.S. onlosmaaklik deel was van die wese van die A.G.S. Dit het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die sendingwerk van die A.G.S. oor die jare heen steeds groter afmetings op hierdie kontinent aangeneem het.

### 6.2.3 Die dood van mev. Lake

'n Groot slag het Lake getref toe sy vrou op 'n jeugdige ouderdom, enkele maande na hulle koms na Suid-Afrika oorlede is. Sy is oorlede in Johannesburg op 23 Desember 1908, terwyl Lake in die Kalahari besig was om die omstandighede en moontlikhede vir sendingwerk daar te ondersoek. Volgens Lake het sy aan 'n hartaanval gesterf.[28] Hulle was byna sestien jaar getroud.

Hierdie gebeurtenis moes Lake in 'n groot mate ontwrig het. Hy was besonder geheg aan sy vrou en het in die bediening swaar op haar geleun. Uit die inskrywings in sy dagboek twee jaar later op 24 en 25 Desember 1910 spreek sy groot liefde en diepe gemis aan sy vrou baie duidelik. So byvoorbeeld skryf hy op Kersdag van 1910: "What memories sweep my soul today, overwhelmed at the remembrance of my darling wife's death. I laid down and God permitted my tears to flow freely, as tears always do bring relief. It came."[29]

Behalwe dat sy vir hom sewe kinders in die wêreld gebring het, was sy die ideale lewensmaat. "Mrs. Lake's keen judgement, her great faith in God, and the deep spiritual tone of her life made her an ideal

27. *Ibid.*, p. 52 en 53.
28. Persoonlike inligting deur Lake - in die A.G.S. Argief.
29. Uit Lake se dagboek, 25/12/1910, A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



helpmate. She had a ministry in her own right, and her labors were of inestimable value to the work in Africa."[30]

Alhoewel haar dood aan 'n hartaanval toegeskryf word, wil dit tog blyk dat daar duidelike aanleidende faktore daartoe was. Dit is moontlik dat Lake nooit ten volle besef het watter hoë eise sy bediening in Suid-Afrika aan sy vrou gestel het nie. Sy het 'n groot prys gehad om te betaal. Om haar vaderland te verlaat en met sewe kinders en geen besittings in 'n vreemde land met 'n nuwe lewe te begin, verg veel van 'n vrou. Daarby was die eise van die bediening in Suid-Afrika hoog. Soos reeds genoem was daar gedurig 'n stroom mense by hulle huis. Dikwels was haar man weg van die huis. Die groot verantwoordelikhede en opofferinge was te veel.

Hierby moet die sluier gelig word oor die haglike finansiële omstandighede waaronder hulle moes leef. Daar was dikwels nie kos in die huis nie. "It is true that some faithful souls would occasionally leave a basket of food at the door, or help with clothing for the big Lake family. Yet on the whole the people did not think of the supplies, believing that Lake must be supported by some societies overseas.

"Again and again that noble pair had put their hands into their pocket, and given their last half-crown to some poor soul whom they considered more needy, or less able to trust God than they."[31]

30. Gordon Lindsay, **Sketches from the Life and Ministry of John G. Lake,** p. VII.
31. W.F.P. Burton, op. cit., p. 45 en 46.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is wel waar dat Lake aanvanklik 'n mate van finansiële ondersteuning van The Upper Room Mission in Los Angeles ontvang het. Dit het bestaan uit vrywillige offerandes vir die Pinksterwerk in Suid-Afrika en was op 'n ongereelde basis gegee. Daar was egter geen formele band of verpligting tussen die Upper Room Mission en Lake nie. Dit wil voorkom of Lake soms hierdie geld ten koste van sy eie gesin in die werk van die Here gebruik het. Lake het hom dikwels die nood van die werkers in die veld so aangetrek dat hy homself tekort gedoen het om hulle te ondersteun. Nou is dit so dat waar daar voedseltekort in 'n huis is, die moeder die een sal wees wat laaste sal eet - veral as daar sewe kinders in die huis is. Daarom blyk dit nie onmoontlik te wees nie dat selfs 'n tekort aan die basiese lewensnoodsaaklikhede saam met die ander genoemde faktore bygedra het tot haar vroeë dood. Sy lê begrawe in die Braamfonteinse begraafplaas in Johannesburg.

Hier wil 'n mens terugdink aan die opmerking in 'n vroeëre hoofstuk oor die wysheid al dan nie van Lake toe hy al sy besittings en geld weggegee het nadat hy die roeping gevoel het om vir die Here te gaan werk. As hy daardie groot bedrag geld wyslik belê het, kon hy daarmee vir jare sy huisgesin en die Pinksterwerk in Suid-Afrika onderhou het.

Hoe ookal sy, met sy vrou nie meer daar nie, het Lake met die netelige probleem gesit dat hy sewe kinders moes versorg sowel as om die veeleisende taak van die bediening te volbring. Gelukkig het sy suster in Amerika, Irene Moffat en haar eggenoot dadelik na Suid-Afrika verhuis om te help met die kinders se opvoeding. Dit het vir 'n paar jaar 'n groot verligting vir Lake meegebring. Nogtans sou die feit dat sy vrou nie meer daar was nie uiteindelik een van die hoofredes wees wat sy bediening in Suid-Afrika kortgeknip het.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.2.4 **Die uitnodiging van die Anglikaanse kerk**[32]

Aan die begin van 1909 ontmoet Lake Biskop Furze, biskop van die Church of England vir Afrika. Op sy uitnodiging het Lake 'n reeks vergaderings vir predikante van die kerk toegespreek oor die kwessie van Goddelike genesing. Die vergaderings is bygewoon deur Anglikaanse predikante van regoor die land en heelparty van hulle het hulle daarna op die bediening van genesing begin toespits.

Hierdie vergaderings het tot gevolg gehad dat 'n kommissie vanaf Engeland gestuur is om 'n verslag te kom saamstel oor Lake se werk. Die gevolg hiervan was dat Lake en Hezmalhalch op 16 Augustus 1909 saam met hierdie kommissie na Engeland vertrek waar hy soortgelyke dienste vir die kerk se predikante in Engeland gehou het. Die dienste het plaasgevind onder die leiding van die Biskop Ingram, die biskop van London.

Die gevolg van die konferensie was dat 'n komitee saamgestel is met die oog daarop om alle instansies te besoek wat voorgee dat hulle met een of ander vorm van genesing te doen het, op beide psigiese en geestelike vlak. Lake het die komitee vergesel. Hulle het ook in Lourdes, Frankryk, die grootste instituut vir genesing deur hipnose besoek. Hierdie instituut was uitgenooi om hulle metodes te kom demonstreer voor 'n Katolieke raad van 200 geneeshere. Juis in hierdie tyd kom hulle te hore van die Anglikaanse komitee saam met wie Lake rond gegaan het en word hy ook uitgenooi om aan die genesingsdemonstrasie deel te neem.

Lake stem in om hieraan deel te neem op voorwaarde dat hy laaste sal optree. Dis 200 geneeshere het vyf pasiënte voorgebring wat hulle as

32. In verband met hierdie gebeure is daar 'n volledige vertelling deur Lake self in die A.G.S. Argief. Daar is ook ander bevestigende verklarings oor hierdie gebeure.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



absoluut ongeneeslik gediagnoseer het. Die hipnotiseurs het elke moontlike metode probeer - sonder enige sukses. Toe was dit Lake se beurt. "I then had the five candidates placed in chairs in a row upon the platform, in view of this large audience of physicians and scientists. I prayed over each one of them seperately, at the same time laying my hands upon them. Three were instantly healed, a fourth recovered in a few days and one died."[33]

Van Europa is Lake en Hezmalhalch vir 'n paar maande na Amerika waar hy 'n aantal dienste gehou het en gepoog het om die werk in Suid-Afrika daar bekend te stel en te bevorder. Hy het daarin geslaag om agt sendelinge vir die werk in Suid-Afrika te verwerf. Om hierdie mense in Suid-Afirka te kry, sou egter 3 000 dollar kos. Die geld is op 'n wonderbaarlike wyse voorsien.[34] Hulle het weer via Engeland teruggekeer waar Lake ook onderskeidelik in die kerke van die bekende dr. F.B. Meyer en Campbell Morgan gepreek het.[35] Hulle kom eers weer aan die einde van Februarie 1910 in Suid-Afrika aan.

### 6.2.5. Lake en Generaal Louis Botha

In 1910 breek die sogenaamde "African Fever" in die Waterberg en Soutpansberg distrikte uit. Volgens Lindsay[36] het daar in minder as 'n maand feitlik 'n kwart van die bevolking gesterf. Alle middele van watter aard ookal is in werking gestel om die epidemie te bowe te kom. Lake het ook met 'n aantal helpers daarheen gegaan om die saak te onder-

33. Skriftelike verslag deur John G. Lake, A.G.S. Argief.
34. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 35.
35. Ibid., p. 35.
36. Ibid., p. 35.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soek. Vier van sy helpers het gesterf. Hyself het egter niks oorgekom nie alhoewel hy dikwels gewaak het by mense wat die builepes onder lede het. Hy het selfs heelwat van hierdie slagoffers begrawe. Daar was min mense wat hierdie tipe werk selfs teen betaling, wou doen.

Lindsay[37] meld dat Lake die epidemiese situasie daar deeglik bestudeer het en besluit het om Generaal Louis Botha, die premier van Transvaal oor die situasie in te lig en te adviseer. Hy het 160 km ver na 'n poskantoor gereis vanwaar hy Generaal Botha per telegram ingelig het. Hy ontvang die volgende dag 'n telegram van die premier wat sê: "100 ox-wagons with their attendants on the road with orders to follow your instructions."[38]

Terug in Johannesburg is Lake deur Generaal Botha na Pretoria uitgenooi en het hulle van naderby kennis gemaak.[39] Lake moes besondere vertroue by Generaal Botha ingeboesem het. In 'n boek getiteld "Your prayers are always answered", deur John G. Lake se seun, Alexander Lake, skryf hy in die voorwoord 'n paar treffende dinge in hierdie verband: "In 1910, when I was seventeen, the South African Colonies joined to become the Union of South Africa. Louis Botha was appointed National Premier by the King of Engeland. The question of a native policy for the new Union was vital and pressing, and Botha, and other prominent South Africans such as General's Jan Smuts and Christian de Wet, occasionally came to the Johannesburg home of my missionary father, Dr. John G. Lake, for advice.

37. <u>Ibid.</u>, p. 48.
38. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 36.
39. <u>Ibid.</u>, p. 36.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



These men always knelt and prayed before starting discussions, and they closed each meeting with a prayer of thanks. Sometimes they'd sit for a while, telling stories of answers to prayer."[40]

In verband met hierdie "naturelle-beleid" wat Louis Botha vir die pas-gestigte Unie van Suid-Afrika moes opstel, het Lake dan ook 'n belangrike rol gespeel. Volgens sy eie getuienis het Generaal Botha hom gevra om 'n naturelle-beleid in breë trekke op te stel vir voorlegging aan die Regering. Met die ontvangs hiervan is Lake na Kaapstad uitgenooi om die Parlement oor hierdie saak toe te spreek. Lake vertel verder: "I did so - something remarkable for an American in a foreign country. I framed the policy in harmony with our American policy involving the Indian tribes, having as an example the mistakes of the United States and other nations in regard to their handling of the native nations. This policy, as outlined by me, was practically adopted by the Boer party in toto."[41] Volgens Lindsay wil dit dus blyk dat John G. Lake medeargitek vir die segregasie-beleid in Suid-Afrika was.

6.2.6 <u>Die disputasie tussen John G. Lake en ds. S.J. du Toit</u>[42]

Op die 16$^{e}$ Junie 1910 vind 'n disputasie tussen John G. Lake en die welbekende ds. S.J. du Toit in die kerksaal te Somerset-Oos

40. Inligting aangaande hierdie boek verskaf deur pastoor Charles Nielsen. In die **"Pentecostal Herald**, 3$^{e}$ Kwartaal, 1978.
41. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 36.
Ten spyte van die rol wat Lake in hierdie verband gespeel het, kom sy naam nie in die Hansard voor nie.
42. Na die Disputasie het die Ned. Geref. Kerk 'n boekie daaroor uitgegee, getiteld: **"Disputatie Over de Verschilpunte tussen de Apostoliese Broeders en de Leer der Ned.Ger. Kerk"**. Daar is in hierdie werkstuk van die Tweede Uitgaaf, uitgegee in 1917, gebruik gemaak.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaas. Die disputasie het gehandel oor die basiese punte van verskil tussen die Ned. Geref. Kerk en die A.G.S. Die volgende verskilpunte is bespreek: (1) Die kinder- of volwasse doop, deur besprenkeling of indompeling? (2) Die Heilige Gees doop - Is die 1906 herlewing 'n nuwe uitstorting? (3) Die buitengewone Geestesgawes - is dit vir alle tye of was dit slegs vir die vroeë kerk?

Daar is deur die loop van die dag oor elkeen van hierdie drie onderwerpe 'n bespreking gehou, naamlik om 9-00 vm., 3-00 nm. en 7-00 nm. Die voorsitter by hierdie disputasies was die heer P.B. Botha. Die standpunt van die Ned. Geref. Kerk is deur ds. Du Toit behartig en dié van die A.G.S. deur John G. Lake en R.H. van de Wall - vroeëre predikant van die Ned. Geref. Kerk. 'n Belangstellende gehoor het die saal stampvol gepak.

Daar is vandag nie sekerheid oor die presiese aanleidende faktore tot die disputasie nie. Volgens die "Comforter" het ds. Du Toit van die Ned. Geref. Kerk gemeente Somerset-Oos die broeders van die A.G.S. uitgedaag om hom te ontmoet en in 'n openbare debat hulle leerstellings teenoor hom te verdedig.[43] Volgens die pamflet wat deur die Ned. Geref. Kerk in die verband uitgegee is, is die uitdaging egter aan ds. Du Toit gerig.[44]

Oor wie die beste van die dispuut daar afgekom het, bestaan daar ook onsekerheid. Volgens die genoemde pamflet was dit ds. Du Toit. Die "Comforter" haal egter onder andere 'n koerantuitspraak in die verband aan:

43. Comforter, September 1910.
44. Disputasie over de Verschilpunte tussen de Apostoliese Broeders en de Leer der Ned. Geref. Kerk.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"The Rev. S.J. du Toit is considered one of the ablest and most skilful debaters in Africa.

"It was at the Dutch Church, Somerset East, Cape Colony, that the Rev. gentleman, according to a Graaff-Reinet paper 'met his Waterloo' at the hands of two Apostolic Faith Brethren from Johannesburg."[45]

Lake se redevoering tydens hierdie disputasie getuig van deeglike Skrifkennis en logiese redenasie. Dit is nie bekend of daar enige uitvloeisel uit hierdie disputasie was nie.

## 6.3 Die skeiding tussen Lake en Hezmalhalch

Een van die tragiese hoofstukke in die vroeë geskiedenis van die A.G.S., was die skeiding tussen Lake en Hezmalhalch. Dat so iets kon gebeur, is moeilik om te verstaan in die lig daarvan dat hulle 'n besondere pad saamgeloop het en mekaar op 'n merkwaardige wyse aangevul het. Daar is vermeld dat hulle paaie reeds in Amerika gekruis het. Hulle het saam daar dienste gehou, saam na Suid-Afrika gekom en saam die werk hier begin. Hulle bediening het mekaar treffend aangevul: "... as they ministered together, it was wonderful to see the perfect understanding which each had of the other."[46]

'n Ander persoon wat hulle persoonlik geken het, het die volgende oor hulle verhouding gesê: "Bro. Lake and Bro. Tom Hezmalhalch united

45. **Comforter**, September 1910.
46. W.F.P. Burton, op. cit., p. 35 en 36.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like the hand and the glove in the work of the Gospel. There was perfect unity ..."[47]

Hoe het hierdie verbittering en skeiding dan ontstaan? Die agtergrond hiervoor moet waarskynlik gesoek gaan word by die verskil in persoonlikheid en bediening van die twee manne. Ons het reeds vroeër hierop gewys. Lake, al was hy veel jonger as Hezmalhalch, was die meer prominente persoon, die sterker leier met 'n meer dinamiese persoonlikheid en meer opspraakwekkende bediening. As Lake in 1909 as die eerste president van die A.G.S. gekies was, sou die probleme heel moontlik nie ontstaan het nie. Waarskynlik het Lake met sy indiwidualisme, groter dryfkrag en aspirasies, te sterk na vore gekom, te veel prominensie gekry en dalk te veel die inisiatief geneem. Dit is menslik dat die ouer man in hierdie omstandighede onseker van homself en bedreig gevoel het.

Teen hierdie agtergrond gebeur dit dan dat sekere persone met allerhande gerugte en klagtes teen Lake na vore kom. Hierdie klagtes en aantygings het nie hulle oorsprong by Hezmalhalch gehad nie, maar hy het hom daardeur laat beïnvloed en meesleur en hom aan die kant van die persone geskaar wat met hierdie veldtog teen Lake besig was. Alle getuienisse daarop dui dat hierdie klagtes en aantygings hoofsaaklik vals was en dat die persone wat die aanhitsers was, kwaadwillig in hulle motiewe was.

Die persone wat die gerugte in omloop gebring het, was nié van die A.G.S. nie. Die drie belangrikste persone in die verband was George Bowie, Archibald Cooper en W.P. Gillis[48] (ook Gillies gespel). Enkele

47. Artikel deur S. Stuart, in die Trooster, Mei 1935, p. 20.
48. Lake se dagboek, 21/12/1910 - In die A.G.S. Argief.
Ook die Notule van die uitvoerende Raad, 20 Augustus 1910, Uit die Voorlopige Notule Boek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander persone was ook tot 'n mindere mate betrokke. George Bowie het in 1910 na Suid-Afrika gekom met die oog op sendingwerk. Hy word beskou as een van die stigters van die Pentecostal Mission wat uiteindelik die Volle Evangelie Kerk van God geword het. Archibald Cooper was vir 'n jaar lank lid van die A.G.S., maar het na 1909 om persoonlike redes weggebreek en sy eie werk begin. Hy het spoedig by die Pentecostal Mission aangesluit. Oor Gillis weet ons omtrent niks.

Die klagtes of aantygings wat deur hierdie manne gemaak is en waarby Hezmalhalch homself laat betrek het, was die volgende: Eerstens sou Lake die geld wat vanaf Amerika na hom gestuur is, wanbestee.[49] Tweedens was daar van die kant van enkele Swart geestelike werkers klagtes dat geld wat deur Lake aan hulle belowe is, nie gestuur is nie.[50] Derdens was daar klagtes dat Lake baasspelerig, dominerend en outoritêr optree. Hy sou 'n soort "Dowie-gees" openbaar.[51] Vierdens was daar ook los gerugte dat Lake met vrouens deurmekaar was.[52]

Wat die eerste klagte betref, naamlik dat Lake geld van Amerika af wanbestee, sou dit die mees objektiewe werkswyse wees om te kyk wat die reaksie was van die instansie wat die geld voorsien het. In hierdie geval het die Upper Room Mission, in Los Angeles onder leiding van George B. Studd, die grootste gedeelte van die oorsese fondse aan Lake voorsien. Soos genoem, was daar geen formele band of wetlike verpligting tussen hierdie gemeente en die werk in Suid-Afrika nie. Lidmate het op 'n bloot vrywillige basis die werk in Suid-Afrika ondersteun.

49. **The Upper Room**, November 1910, p. 2.
50. Ibid.
51. Ibid.
52. Persoonlike onderhoude, Pastore G.R. Wessels en J.T. du Plessis.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Upper Room Mission het ook briewe van Lake se teenstanders ontvang waarin al hierdie bewerings en klagtes teen Lake vervat was. Nadat die Upper Room Mission al die briewe en berigte van beide kante deeglik ondersoek het, sê hulle die volgende aangaande die geld (o.a. 2 200 dollar sedert April tot November 1910) wat hulle aan Lake gestuur het: "We sent it to Brother Lake with no conditions attached (except that it was not to be used for buying land, for building, or for secular education), because we had every confidence in his integrity and his ability to administer the money wisely and well for the work there. We have even greater confidence in him today, and if we had 1 000 dollars in our hands now we would be very glad to send it to him.

We have received a report of how the monies have been expended from the treasurer of the Apostolic Faith Mission in Johannesburg, Mr. Peter Moffat, and we were perfectly satisfied therefrom that the funds have been well and carefully spent ..."[53] Hierdie wel oorwoë mening van die hoofbron van inkomste vir die Pinksterwerk in Suid-Afrika is betekenisvol. Die probleem was egter dat toe die kwaadwillige gerugte in Amerika bekend word, het vele donateurs wat eensydig ingelig is, hulle ondersteuning gestaak en binne 'n kwessie van enkele maande het die bydraes gedaal tot slegs 'n breukdeel van die oorspronklike.

Die volgende aanhaling uit 'n brief van Lake aan die Upper Room Mission werp meer lig op die wyse waarop daar met die bydraes gewerk is: "We have a strong council of competent men over our work - men who can deal with any situation. The council appointed a treasurer to take charge of the monies connected with the local work. Offerings sent to me personally from oversea, or in my care, are administered by myself, after

53. **The Upper Room**, November 1910, p. 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



advising with the brethren at hand, especially Brother Van de Wall. The treasurer's books include both the monies received locally for the support of the general work here, and they are open to inspection at any time. For five months we received an average of 500 dollar a month; after five months it dropped to one-half, and this month there has only been a pittance."[54]

Volgens alle getuienis was daar geen oneerlikheid van die kant van Lake met betrekking tot enige gelde nie. Dit is duidelik dat hy geen geld vir eie gewin gebruik het nie. Dit word duidelik uit die feit dat daar in sy eie huis dikwels broodgebrek was. Toe hy in 1913 terugkeer na Amerika, het hy niks gehad om saam te neem nie.

Deur te sê dat Lake se eerbaarheid bo verdenking was, beteken dit egter nie dat hy die volmaakte administreerder van finansies was nie. Feit is dat Lake 'n kragtige, charismatiese en Apostoliese bediening gehad het, maar nie uitgeblink het as organiseerder of administreerder nie. Dit is so dat bedrae geld van oorsee en plaaslik aan Lake persoonlik gestuur is en hy het die vrymag van die Uitvoerende Raad gehad om dit te bestee soos hy dit nodig ag.[55] Dit is ook so dat die Uitvoerende Raad 'n skuldlas van 350 pond (R700,00) gehad het toe Lake in 1913 terug is na Amerika. Hierdie debiet is binne ses maande na sy vertrek in 'n krediet omskep.[56] Dit wil dus blyk dat Lake as indiwidualis 'n ander idee van die besteding van geld in die werk van die Here gehad het as baie ander en dat daar kritiek op sy wyse van administrasie van gelde

54. Ibid.
55. Notule van die Uitvoerende Raad 3 Oktober 1912. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
56. Notule van die Algemene Konferensie, 10 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kon wees. Dit beteken egter nie dat hy die gelde op oneerbare wyse of vir eie gewin gebruik het nie.

Die tweede beswaar het oënskynlik van die kant van sommige swart werkers gekom wat gekla het dat hulle nie gereeld finansiële ondersteuning ontvang het nie. Die verklaring hiervoor is logies. Daar was sommige maande doodeenvoudig nie genoeg geld om uit te deel nie en dan het nie net die Swart werkers nie maar ook die Blanke werkers daaronder gely. Ons het reeds gesien dat Lake nie maklik sy swart broeders sou afskeep nie. Daar is boonop 'n ongerymdheid in hierdie klag, aangesien een van die werkers wat in hierdie verband 'n klag teen Lake sou gehad het, Lake se lojaalste navolger was en ook gebly het, naamlik ene Elias Letwaba.[57]

Die derde klag was dat lake te baasspelerig en dominerend was. Lake het wel 'n sterk leierspersoonlikheid gehad. Dit maak hom egter nie baasspelerig nie. Inteendeel, uit sy talle briewe, preke en dagboek straal 'n gees van egte liefde en ware Christenskap. Oor hierdie klag berig George Studd van die Upper Room Mission ook dat hulle al sy briewe geneem en dit noukeurig bestudeer het en selfs "tussen die lyne" probeer soek het na enige aanduiding van die geldigheid van hierdie klag. Nadat hulle dit gedoen het, kom hulle tot die volgende gevolgtrekking: "... we are free to confess that in them (sy briewe) we found nothing but the same generous, warm-hearted, forgiving and humble spirit that we had felt and seen in him when he was with us last year for a full month ......"[58]

57. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Oktober 1910.
Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
58. **The Upper Room,** November 1910, p. 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die laaste klag was die gemeenste en die verste van die waarheid. Die feit dat Lake op daardie stadium 'n wewenaar was, het hom besonder kwesbaar gemaak vir skinderstories in verband met ander vroue. Alhoewel Lake meer as een keer beskuldigers uitgenooi het om in 'n vergadering hulle bewering te kom substansieer en te bewys, het daar telkens niks van gekom nie.[59]

Die vraag kan nou gevra word, waarom hierdie manne (Bowie, Gillis en Cooper) met onwaar en halfwaar gerugte en stories Lake as hulle teiken uitgesonder het. Van Bowie weet ons dat hy slegs 'n maand of twee vantevore (in April 1910) met sendingwerk in Suid-Afrika wou begin. Aangesien Lake landswyd maar veral aan die Rand reeds groot bekendheid verwerf het, het hy hom waarskynlik as opposisie gesien en was hy moontlik op hom afgunstig. Dit sou moeilik wees om 'n ander beweegrede vir sy optrede te vind. Hy was immers 'n buitestaander wat niks met die A.G.S. te doen gehad het nie. Hierdie gevolgtrekking blyk juis te wees, nie alleen as gevolg van sy gesindheid en beweringe jeens Lake nie maar ook uit sy venynige opmerkings met betrekking tot die A.G.S. soos blyk uit'n verslag deur P.L. le Roux: "Br. Le Roux says he was present at said investigation on July 29th and was surprised to see the attitude of Brs. Bowie and Gilles in endeavoring to catechise and dominate. He also takes exception to the expressions used by them, such as that by Br. Bowie that the state of the A.F.M. was like a cesspool."[60]

Dieselfde geld ook vir Cooper. Hy het die A.G.S. in die middel van 1909 bedank, waarskynlik omdat hy nie op die eerste Uitvoerende Raad

59. Notule van die Uitvoerende Raad, 20 Augustus 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
60. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekies is nie. Dat daar 'n gevoel van antagonisme jeens die A.G.S. en van afguns teenoor Lake was, is aanneemlik. By 'n vergadering tussen afgevaardigdes van die A.G.S. en die V.E.K. in 1925 in Bloemfontein met die oog op moontlike eenwording, het Cooper egter belydenis gedoen oor sy aandeel in die veldtog teen Lake: "... he confessed before the meeting ... that he was sorry he had ever laid his hand upon the Lord's Annointed by associating himself in any way with the charges or with those who made them. If he had to do the same thing now he would not do it."[61]

Wat het Lake self te sê gehad oor hierdie aanvalle en aantygings teen hom? Hy was bewus daarvan dat sommiges afgunstig was op hom, veral as hy van 'n veldtog af terugkeer na Johannesburg en vertel wat die Here gedoen het. Hierdie gees van jaloesie het meegebring dat hy lateraan liewer geswyg het oor die dinge wat die Here gedoen het.[62] In sy dagboek maak hy ook melding van Bowie: "I also received a most unholy letter from one Geo. Bowie a man who apparently is or was a christian worker of some kind but who seems to be consumed with envy and jealousy."[63]

Die feit dat sy vriendskap met Hezmalhalch hierdeur verbreek is, was vir hom 'n groot hartseer. Hy skryf dit daaraan toe dat Hezmalhalch deur die ander persone mislei was: "I never knew such terrific malice and envy to exist before as is shown by Mr. Cooper, Mr. Bowie, Gillis and others. Bro. Tom Hezmalhalch and I have preached together for several years, came together from America but like Barnabas and Paul now seperate

61. Notule van die Uitvoerende Raad, 9 April 1925, p. 812 en Boek 4.
62. Brief van John G. Lake, aan M.H. Wright, 5 November 1928, In die A.G.S. Argief.
63. Uit Lake se dagboek, Donderdag 15 Desember 1910. In die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



each to go his own way. My heart is grieved and sore on account of his treachery, but feel it due to him to say it was the influence upon him of other false bretheren."[64] Die breuk tussen hierdie twee manne is klaarblyklik nooit weer geheel nie.

Hierdie gebeure het meer as net Lake en Hezmalhalch se vriendskap geraak. Laasgenoemde was op daardie stadium president van die A.G.S. en Lake vise-president. Die Uitvoerende Raad het veel moeite gedoen om agter die waarheid te kom. Hezmalhalch is herhaaldelik gevra om homself te verantwoord met betrekking tot die beweerde beskuldigings teen Lake.[65] Hy wou egter geen verklaring in die verband maak nie.[66]

Hierdie toestand kon nie voortduur nie en die Uitvoerende Raad moes tot 'n beslissing kom: "Seeing that the work of God is suffering under the present state of affairs and that the Council has done every thing in its power to induce Br. Thos. Hezmalhalch to either substantiate

64. Uit Lake se dagboek, Woensdag 21 Desember 1910. In die A.G.S. Argief.
65. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Oktober 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek.
66. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 November 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek.
Br. Hezmalhalch het wel later in 'n brief aan sy seun Fred, sekere uitlatings teen Lake gemaak. Hy sê o.a. in die brief dat Lake 'n tweede Dowie wou wees en dat hy al Dowie se streke uithaal. Lake sou hom dan dikwels met trane om vergifnis vra om dan maar weer net met dieselfde en erger dinge voor te gaan. Die dinge waarvan hy Lake in die brief beskuldig, is byna te kras om te herhaal. In die lig van Hezmalhalch se onvermoë om enigiets bewysbaar voor die Uitvoerende Raad te bring asook sekere negatiewe uitsprake wat hy in dieselfde brief jeens die Afrikaners maak, kan 'n mens nie anders as om 'n vraagteken te plaas oor die objektiwiteit van sy uitsprake nie. Daar moet in gedagte gehou word dat Hezmalhalch op daardie stadium reeds 'n bejaarde man was, 'n ongelukkige, hartseer en gefrustreerde man wat deur sy optrede soos 'n uitgeworpene moes gevoel het. In hierdie lig, reken ek, moet Hezmalhalch se uitlatings en beskuldigings teen Lake verstaan word. Dit is te bevraagteken of Lake én die hele Uitvoerende Raad in hierdie saak verkeerd of kwaadwillig was.
'n Afskrif van hierdie brief is beskikbaar in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



or retract the charges reputed to have been made by him against Br. John G. Lake.

And seeing that Br. Thos Hezmalhalch is immovable in his resolve to make no statement in the absence of Bros. Bowie, Gilles, Scurrah, Marvani and Olifant.

The Council is therefore forced to end the present unsatisfactory state of affairs by asking Br. Thos Hezmalhalch to withdraw from the position of Chairman of the Tabernacle until he hands in the required statement."[67]

Daar is ook besluit om hierdie besluit by die volgende Sondagdiens bekend te maak. By dié diens was daar egter chaos. Enersyds het George Bowie, wat ook teenwoordig was, die diens probeer onderbreek deur self die gemeente te probeer toespreek ten spyte van die feit dat Lake as herder van die gemeente hom herhaaldelik versoek het om op te hou.[68] Daarby het Hezmalhalch ook deelgeneem en gesê dat hy weier om hom van sy amp te onttrek en deur sekere uitlatings teen Lake en van die ander broers te maak.[69]

Na hierdie onstigtelike gebeure is Hezmalhalch finaal as president van die A.G.S. afgesit en by dieselfde vergadering (18 November 1910), is Lake as president in sy plek gekies.[70]

Hierna het die Uitvoerende Raad nog 'n maal probeer om versoening te weeg te bring. 'n Vergadering van alle werkers is byeengeroep en

67. Ibid.
68. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 November 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek.
69. Ibid.
70. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hezmalhalch is weer eens geleentheid gegee om sy klagtes en besware voor te lê sodat sake in die reine gebring kan word. Hy wóu of kón egter weer nie aan die versoek voldoen nie. Boonop het 'n aantal van die kwaadwilliges van buite die A.G.S. op die vergadering kom inbreuk maak en dit onmoontlik gemaak dat die vergadering voortgesit kon word.[71]

By die eerste vergadering van die Uitvoerende Raad na hierdie gebeure op 2 Maart 1911 word besluit dat geen verdere geleentheid meer aan Hezmalhalch oor hierdie saak gegee sal word nie. Die vergadering het ook sy onvoorwaardelike vertroue in Lake as president van die A.G.S. en herder van die Sentrale tabernakelgemeente uitgespreek.[72]

## 6.4 Hulle terugkeer na Amerika

Oor die verdere geskiedenis van Hezmalhalch in Suid-Afrika is daar nie veel te sê nie. Na die ongelukkige verloop van gebeure en die skeiding wat daardeur tussen hom en Lake gekom het, het hy nie meer lank in Suid-Afrika gebly nie. Dit is onbekend presies wanneer hy na Amerika teruggekeer het, maar dit was waarskynlik nie langer as twee jaar na hierdie tragiese gebeure nie. Soos reeds genoem het hy later in Amerika tot die dag van sy dood by die bekende Schoch-gesin[73] gewoon. Daar het hy tot die einde toe 'n lewe van sonderlinge godsvrug en geloof gelei. Die Schoch-familie het tot vandag toe die hoogste agting en respek vir hom.

Hy het nooit na sy terugkeer na Amerika oor die ongelukkige gebeure in Suid-Afrika gepraat nie.[74] Sy eggenote is oorlede op 12

71. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 Maart 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek.
72. Ibid.
73. Lede van die Schoch-familie het as predikers in Pinkstergeledere internasionale bekendheid verwerf.
74. Persoonlike onderhoud, Pastoor Paul C. Schoch

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maart 1921[75] en Hezmalhalch self op 28 Maart 1934 op 86 jarige ouderdom.[76]

Lake het nog vir sowat twee jaar met die werk in Suid-Afrika aangegaan waartydens hy president van die kerk was. Die gemis van sy vrou het egter al hoe groter geword. Dit het vir hom 'n onoorkombare probleem geword om man-alleen na sy sewe kinders se welstand om te sien sowel as om die hoë eise van die Pinksterbediening die hoof te bied. Sy gesondheid het begin ingee. Hy dien gevolglik sy bedanking as president in die middel van 1912 by die Uitvoerende Raad in.[77] Die vergadering het hom egter oorreed om vir 'n onbepaalde tyd nog aan te bly as president en het ook besluit dat een van die bekwame vroeë werkers, br. Scott Moffat, die president sal assisteer om sy taak vir hom te help ligter maak.[78]

In Februarie 1913 vertrek Lake skielik en onverwags oorsee. In 'n brief aan die Uitvoerende Raad sê Lake dat sy gesondheid die laaste paar weke baie versleg het en dat hy boonop 'n koue opgetel het met 'n doopdiens in Kaapstad. As gevolg hiervan kan hy feitlik nie slaap nie en hy het baie verswak.[79] "When I got on the ship to return to the United States after being in Africa, my eyes turned blind, and I was a tottering wreck."[80] Aanvanklik sou hy vir ses maande oorsee gegaan het as 'n soort langverlof om te rus en om daar ondersteuning vir die werk in Suid-Afrika te probeer kry.[81] Gedurende die tyd wat Lake oorsee was,

75. Inligting verkry van Pastoor Paul C. Schoch.
76. **Comforter**, Mei 1934, p. 5.
77. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Junie 1912. Voorlopige Notuleboek.
78. Ibid.
79. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 Maart 1913, p. 100. Uit die Voorlopige Notuleboek.
80. Brief van John G. Lake, aan M.H. Wright, 5 November 1928. In die A.G.S. Argief.
81. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 Maart 1913, p. 100. Uit die Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het br. J H. Greeff, die vise-president, as waarnemende president opgetree.

Voor die ses maande nog verby was, het dit egter duidelik geword dat Lake nie weer gou na Suid-Afrika sou terugkeer nie, trouens hy hét nooit weer teruggekeer nie. Daar was ongetwyfeld meer as een faktor wat meegebring het dat Lake Suid-Afrika permanent verlaat het.

Hier kan eerstens genoem word dat Lake waarskynlik gevoel het dat sy roeping en rol in Suid-Afrika afgehandel en voltooi is. Hy het aanvanklik gekom om sendingwerk te doen. Hy was by uitstek 'n evangelis en was nie in die wieg gelê om te organiseer en te administreer nie. Hy het pionierswerk kom doen. Solank die werk nog klein was en hy nog alles kon behartig het dit goed gegaan. Toe die sendingwerk egter die afmetings van 'n kerk begin aanneem en die werk op kerklike bane gestuur moet word en hy al meer in die organisatoriese betrokke raak, het hy besef dat sy roeping en bediening hier vervul is. As gevolg van die toenemende druk en steeds groter wordende werkseise, het Lake se gesondheid in die laaste tyd ook al hoe meer 'n faktor geword.

Die belangrikste faktor was seker die omstandighede van sy eie gesin. Soos reeds genoem, het sy vrou se dood groot ontwrigting gebring. Dit is te verstane dat hy gepaardgaande met die hoë eise en lang, ongereelde ure wat die bediening van hom gevra het, dit moeilik gevind het om reg te laat geskied aan die opvoeding van sy kinders sonder die hulp van 'n eggenote. Die feit dat sy suster uit Amerika gekom het om hom hierin behulpsaam te wees, was van groot waarde. Haar gesondheid het egter ook agteruitgegaan en nie lank voordat hy terug is na Amerika nie, het sy en haar man self ook permanent teruggegaan.[82] Trouens die

82. Brief van John G. Lake, aan P.L le Roux, 26 September 1913. In die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



feit dat sy teruggegaan het na Amerika, was waarskynlik die laaste faktor wat Lake genoodsaak het om ook terug te keer.

Die vraag waarom hy na ses maande verlof in Amerika besluit het om nie weer terug te keer nie, hang ten nouste met bogenoemde redes saam. Die gedagte wat Lake in hierdie tyd gefolter het en hom nie weer na Suid-Afrika laat terugkeer het nie, was die knaende skuldgevoel dat hy sy kinders ter wille van die bediening in Suid-Afrika verwaarloos het. Die volgende aanhaling uit 'n brief aan P.L. le Roux in September 1913, bring hierdie wroeging duidelik na vore: "... the thing over which I have stumbled in these years past has been that very question of my own home and family, and the sorrow caused by not seeing my family developed in righteousness as I desired was one of the things that produced a great bitterness in my own heart, and indeed brother, the real breakdown in me was right there. When it came to the sacrificing of my own children and their education and moral training, and all these things that God seems to impose on a father first, I began to feel that perhaps the thing of sticking to the work like I had done and was doing was a delusion and not of God."

"There is something in me that makes me feel that the whole thing of the breaking up of my home was not of God .... I can't always sacrifice my duty as a father, even for the work of God at large. My long absenses from home, leaving my children in the hands of others, well nigh ruined my eldest son ..."[83]

'n Vrees vir die herhaling van hierdie toedrag van sake en die feit dat sy suster nie weer na Suid-Afrika wou terugkeer nie, het dit vir hom onmoontlik gemaak om weer terug te kom.

83. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By meer as een geleentheid daarna, het hy sy begeerte uitgespreek om Suid-Afrika weer te besoek.[84] Hy is ook 'n aantal kere deur die Uitvoerende Raad van die A.G.S. uitgenooi om die land weer te besoek.[85] So 'n besoek het egter nooit gerealiseer nie.

By die verkiesing van die ampsdraers van die A.G.S. in November 1913, was daar ietwat onsekerheid oor wat die konferensie te doen staan. Op daardie stadium, nege maande na Lake se vertrek, het hy nog nie skriftelik as president bedank nie. Somige lede wou hom in sy afwesigheid weer as president kies. Die meerderheid het egter anders gevoel en P.L. le Roux is toe in sy plek as president gekies.[86] John G. Lake is egter as ere-president van die A.G.S. verkies[87] - 'n amp wat hy vir 'n hele paar jaar beklee het.

Deur dieselfde konferensie is 'n lang brief, onderteken deur talle van die lede, aan Lake gestuur. Die oorvloedige dank en waardering wat daarin weerspieël word, getuig van die feit dat Lake 'n baie besondere plek in die harte van die mense ingeneem het.[88] Trouens, daar was talle van die vroeë lede wat Lake as onmisbaar vir die A.G.S. beskou het en wat kwalik kon sien dat die werk sonder hom sou kon voortgaan. Hierdie gevoel blyk baie duidelik uit 'n brief van die mees prominente Swart

84. Brief van John G. Lake, aan M.H. Wright, 5 November 1928. In die A.G.S. Argief.
Ook 'n brief aan P.L le Roux, 20 Junie 1935. In die A.G.S. Argief.
85. Onder andere in die volgende Uitvoerende Raads notules: 20 Julie 1918, p. 212; 13 April 1925, p. 822; 24 Oktober 1925, p. 852.
86. Notule van die Algemene Konferensie, 11 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
87. Ibid.
88. Notule van die Algemene Konferensie, 13 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prediker in die vroeë A.G.S., Elias Letwaba: "I should be very glad if you will come soon, because without you the work cannot stand."[89]

Miskien moet daar juis as gevolg van hierdie afhanklikheid van Lake, 'n Goddelike voorsienigheid in gesien word dat hy so spoedig na Amerika teruggekeer het. Vir die A.G.S of enige kerk, is dit nie voordelig dat daar so 'n afhanklikheid van een persoon moet wees nie. Lake was evangelis en pionier. Hy was egter nie die een wat die jong kerk sou organiseer en stabiliseer nie. Hierdie taak sou deur inheemse leiers gedoen word, 'n taak waarvoor Lake nie in die wieg gelê was nie.

Kort na Lake se terugkeer, op 27 November 1913, is hy weer getroud met mej. Florence Switzer. Van hierdie tweede huwelik sê Lake: "Men in these days consider themselves to be blessed to be happily married once. I have been especially blessed in that I have been happily married twice."[90] Uit hierdie huwelik is vyf kinders gebore.[91]

Van 1915 tot 1920 het Lake 'n genesingsentrum in Spokane, Washington, gehad. Alhoewel boekdele oor hierdie bediening geskryf kan word, val dit buite die bestek van ons studie. Sy bediening in Spokane het volgens koerante van daardie tyd heelwat opspraak verwek: "Rev. Lake through divine healing has made Spokane the healthiest city in the world, according to United States statistics."[92] In 1920 gaan hy na Portland waar hy hom vir 'n aantal jare op dieselfde tipe bediening toelê. Hy is

89. Brief van Letwaba aan John G. Lake, 20 September 1913. In die A.G.S. Argief.
90. Brief van John G. Lake, aan P.L le Roux, 20 Junie 1935. In die A.G.S. Argief.
91. Gordon Lindsay, **Sketches from the Life and Ministry of John G. Lake**, p. 4.
92. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa**, p. 4.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



later weer terug na Spokane waar hy tot aan die einde van sy lewe met die bediening van genesing besig was.

Hy kom te sterwe op 16 September 1935 nadat hy twee weke vantevore 'n ernstige beroerte aanval gehad het. Hy was 65 jaar oud.

Dit is in kort, die lewe en bediening van John G. Lake. Hy was nie 'n volmaakte mens nie. Sy teënstanders sou seker punte van kritiek teen hom kon vind. Tog waag Lindsay dit om te sê "that the missionary ministry of John G. Lake, in our opinion, was the greatest that has appeared since the period of the Early Church, until that time."[93] Dit is interessant dat John G. Lake, sy prediking en sy bediening, in die laaste aantal jare veel aandag en belangstelling geniet in heelwat van die nuwere en opkomende charismatiese groepe en "Geloofs"-bewegings. Alles wat daar oor hom beskikbaar is word gretiglik saamgestel, gepubliseer en gelees.

As die sukses van Lake se bediening in Suid-Afrika bepaal moes word, kan dit nie gemeet word aan die tydsuur van sy arbeid nie - hy het nie eers 'n volle vyf jaar in Suid-Afrika gearbei nie. Sy sukses kan ook nie gemeet word aan 'n groot en flinke organisasie wat hy agtergelaat het nie. Hy was immers geen organiseerder nie. Maar sê Lindsay, "if we compare the methods used by the missionary with those of Paul and the apostles, then the ministry of John G. Lake must stand favorably with all others as the nearest to apostolic ideals."[94]

93. Gordon Lindsay, **Sketches from the Life and Ministry of John G. Lake,** p. V.
94. Gordon Lindsay, **John G. Lake - Apostle to Africa,** p. 1.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 7

## HOE DIE A.G.S. IN SUID-AFRIKA BEGIN HET

Daar is in die vorige hoofstuk reeds kennis gemaak met die sendelinge wat vanaf Amerika gekom het en die leidende rol wat hulle gedurende die eerste paar jaar gespeel het. Alhoewel daar reeds in die vorige hoofstuk na hulle bediening in Suid-Afrika gekyk is, sal hulle uit die aard van die belangrike rol wat hulle gespeel het, ook in hierdie hoofstuk ter sprake kom.

M.b.t. die ontstaan van die A.G.S. is daar een saak wat duidelik beklemtoon moet word. Dit is dat Lake en Hezmalhalch nie na Suid-Afrika gekom het om 'n kerk te kom stig nie. Hulle was ook deur geen kerk of sendinggenootskap gestuur op 'n spesifieke sending nie: "They represent no organisation .... There is no Board behind them."[1] Daar was geen fonds waaruit die werk geadministreer kon word nie, nie die sekuriteit van 'n salaris of 'n organisasie wat hulle voortbestaan kon waarborg nie. Die doel en rede vir hulle koms en teenwoordigheid in Suid-Afrika was egter vir hulle self hoegenaamd nie onduidelik nie. "These Apostolic Faith Missionaries .... are humble men and woman who unquestionably have been sent of God to South Africa at this time with this message."[2]

1. **The Forerunner of "God's Latter Rain"**, Augustus 1908.
2. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As hulle dan geen kerk wou kom stig nie, wat was die doel van hulle koms dan? Hulle plan was om in Suid-Afrika sendingwerk te kom doen. Hier moet in gedagte gehou word dat die mense oorsee tot 'n groot mate oningelig was oor Suid-Afrika. Lake het soos die meeste ander gereken Suid-Afrika as deel van Donker Afrika nog bra onbeskaaf en woes was[3] en dat die inwoners oorwegend heidene was. Daar is reeds op gewys dat die sendingwerk steeds die primêre plek in sy hart beklee het.

Selfs nadat hulle in Suid-Afrika aangekom en die besondere mate van beskawing, en die sterk Westerse kultuur en kerklike ontwikkeling gesien het, wou hulle geen kerk stig nie, maar slegs op interkerklike vlak dienste hou. Dit word bv. duidelik gestel in hulle eerste publikasie in Augustus 1908: "The Forerunner of God's Latter Rain": "...this Committee which is composed of only earnest Christian workers ... is entirely undenominational in its character ...."[4] Hulle wou die boodskap van die twintigste eeuse Pinksteruitstorting aan die mense kom bekend maak, maar het nie verwag dat die historiese kerke so heftig sou reageer en optree teen die lidmate wat die dienste van die Pinksterbroeders bygewoon het nie. Daar was doodeenvoudig nie plek in die tradisionele kerklike bestel vir mense wat in tale spreek, profeteer, vir siekes bid en boonop glo dat gelowiges gedoop moet word nie.

## 7.1 Die eerste dienste

Nadat die geselskap uit Indianapolis Amerika, op 1 April 1908 vertrek het, land hulle op 14 Mei 1908 in Kaapstad.[5] In Kaapstad het

3. Bob Slosser, **A man called Mr. Pentecost**, p. 105.
4. **The Forerunner of God's Latter Rain**, Augustus 1908.
5. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle vir 'n paar dae dienste gehou[6] voordat die geselskap per trein na Pretoria vertrek het. In sy hart het Lake gevoel dat Pretoria nie die plek is om met die werk te begin nie en aangesien hulle daar nie juis oop deure kon kry nie, vertrek hulle na Johannesburg. Die wyse waarop die Here aan hulle huisvesting verskaf het, is reeds in 'n vorige hoofstuk genoem.

Hulle begin dadelik in 'n saaltjie in Doornfontein kerk hou. In daardie omgewing het destyds 'n redelike gemengde bevolking gebly, Swartmense, Kleurlinge, Chinese en ooks Blankes. Die werk daar is deur die Sioniste begin en was aanvanklik 'n gemengde gemeente. Toe die Sioniste na die kerk in Breestraat verskuif het, het die Doornfontein gemeentetjie nog steeds voortgegaan, alhoewel die lidmate oorwegend Swart en Gekleurd was met enkele Blankes. Inderdaad 'n eienaardige situasie!

Die dienste van die Pinkstergeselskap hier in Doornfontein het op die 25e Mei 1908 begin. Hierdie datum word tradisioneel as die ontstaandatum van die A.G.S. beskou.[7] Dit was geen uitsoekplek wat t.o.v. sy voorkoms 'n advertensie vir die werk was nie: "Now these men (Lake and Hezmalhalch) were holding meetings in the slums, and in a native church."[8] Hier is twee dinge in hierdie verband wat opmerklik is. Eerstens dat die Pinksterbeweging hier soos in Amerika (Azusastraat) in baie nederige omstandighede begin het en tweedens dat soos in Amerika die Swart mense hier van die begin af op een of ander wyse betrokke was.

By hierdie saaltjie in Doornfontein het daar sommer van die begin af besondere genesingswondere plaasgevind. By die eerste diens ontvang die swart werkneemster van 'n welgestelde blanke gesin 'n opsig-

7. <u>Trooster</u>, Maart 1933, p. 7.
8. <u>Trooster</u>, Mei 1933, p. 9 en 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



telike genesing. Die volgende oggend kom haar werkgeefster dit dadelik agter en vra haar daaroor uit. Daardie aand was die Blanke vrou ook by die diens in die swart kerkie teenwoordig en ontvang self genesing.[9]

Dit was die vonk in die kruitvat. Die nuus het soos 'n veldbrand versprei. Al hoe meer Blankes het die dienste begin bywoon. Die gehoor het al hoe meer gemengd geraak: Blank, nie-Blank en Kleurling het saam daar kerk gehou.[10] Burton, wat eerstehandse inligting gehad het, beskryf die gebeure soos volg: "From the very start it was as though a spiritual cyclone had struck Doornfontein. Before many weeks, scores were saved and filled with the Holy Spirit, and hundreds were healed.

The racial spirit is very strong in Johannesburg, and the white population, as a rule would scorn to sit in the same place of worship as the natives. Now however, there was a great wave of conviction, and hunger after God, so that in the little Doornfontein Chapel all shades of colour and all degrees of the social scale mingled freely in their hunger after God."[11] Daar was spoedig egter soveel Blankes teenwoordig dat die Swartmense a.g.v. die sterk kleur- en rasseverskil, feitlik buite hulle eie kerkgebou gestaan het: "...before long, the black Africans found themselves standing around watching their white employers being blessed."[12]

Die A.G.S. het hierdie beginsel en patroon in die jare wat gevolg het, telkens weer herhaal gesien. Waar 'n ware manifestasie van

9. Bob Slosser, op. cit., p. 106.
10. **Trooster**, Mei 1933, p. 9 en 17.
11. W.F.P. Burton, op. cit., p. 32.
12. Bob Slosser, op. cit., p. 106.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die krag van God is en waar egte genesings plaasvind, hou geen verhindering of grens mense weg nie. Dit maak nie saak of dit die grens is van ras, kleur, klas, taal, leerstelling of kerk nie. Mense in siekte, probleme en nood sal altyd gaan na waar daar 'n antwoord en oplossing skyn te wees.

Reeds in 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat die blanke Sionistegemeente in Johannesburg op daardie stadium herderloos was aangesien Daniel Bryant na Amerika moes terugkeer. Aangesien Lake self vroeër 'n Sionis was en hy en Bryant mekaar voor 1904 in Zion City goed leer ken het, was die Sioniste opgewonde toe hulle hoor van Lake se dienste in Johannesburg. Spoedig het die grootste deel van die gemeente na die saal in Doornfontein gegaan. Die meeste van hulle het die Pinksterboodskap en -manifestasies wat hulle daar gehoor en gesien het, aanvaar. Die Sionistegemeente in Pretoria het eienaardig genoeg nie op daardie stadium in die Pinksterboodskap belanggestel nie.

Binne enkele weke was die saaltjie in Doornfontein hopeloos te klein. Die kerkraad van die Sionistegemeente nooi Lake en sy geselskap toe om in hulle kerkgebou in Breestraat te kom kerk hou.[13] Soos reeds genoem was die kerk vroeër deur die Presbiteriane gebou. Dit is later deur hulle verkoop en het lank leeg gestaan. Op daardie stadium het die Sioniste dit gehuur. Die gebou was op die hoek van Bree- en Von Wieligstrate - Breestraat 88. Aangesien feitlik die hele gemeente Pinkster aangeneem het, het die A.G.S. mettertyd ook die gebou en die huur daarvan oorgeneem. Hierdie kerkgebou is van die begin af deur die Pinkstermense

13. Persoonlike [illegible] van mev. Zoe Fenwick wat as jong kind 'n ooggetuie was van al hierdie geheue. Haar ouers was mnr. en mev. Lamb [illegible] Florence van der Byl wat van die begin af 'n [illegible] in die A.G.S. gespeel het. Dr. Van der Byl was ook een van die kerkraadslede van die [illegible] Sioniste gemeente. [illegible] in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die "Tabernakel" genoem. Daar is gepraat van die "Sentrale Tabernakel". Dit was 'n ruim gebou met sitplek vir 600 mense. Ons sal later op die belangrike rol van die Sentrale Tabernakel wys.

Daar is elke week 'n hele aantal dienste gehou. Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae is daar om 3-00 nm. en 7-30 nm. dienste gehou. Sondae is daar 11-00 vm. en 7-30 nm. diens gehou.[14] Behalwe vir hierdie dienste is daar ook op verskillende plekke aan die Rand huisdienste gehou. So bv. is daar in 15 verskillende huise begin dienste hou toe die saal in Doornfontein te klein geraak het. Hierdie dienste was veral by die huise van vroeëre Sionistelidmate.[15]

Daar was 'n aantal besondere kenmerke van die dienste in die Sentrale Tabernakel. Ons sal enkeles daarvan kortliks bespreek.

Daar is groot klem gelê op ware bekering. Dit was as die grootste wonderwerk beskou, groter as enige vorm van liggaamlike genesing: "Let it be fairly stated, however, that soul healing was always given the preference to the healing of the body. The taking away of nature's infirmities was always held as subsidiary to the taking away of sin. Old debts were paid, restitution was made for past wrong, and those who had been 'living on booze' began to live respectable lives through faith in the Lord Jesus."[16]

Hierdie belangrike saak is van die begin af besef en beklemtoon. Só is dit bv. in die amptelike kerkblad in 1912 gestel: "God by the Spirit has made the Apostolic Faith Mission of South Africa distinct-

14. Forerunner of God's Latter Rain, Augustus 1908.
15. W.F.P. Burton, op. cit., p. 35.
16. Gordon Lindsay, John G. Lake - Apostle to Africa, p. 33.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ly an evangelistic Movement. Thousands have been baptized in the Spirit in this land, and many thousands healed of all manner of diseases, but the conversion of sinners to the knowledge of God has ever been the chief characteristic of this work. In fact, it is our conviction that a real Pentecost, according to the Word of God, must be essentially a Salvation Movement."[17] Dit was veral in die vroeë A.G.S. verwag, soos hierbo aangehaal is, dat persone wat tot bekering gekom het, die verkeerde in hulle lewens moet gaan regstel: belydenisse en restitusie gaan doen waar nodig; gesteelde goedere gaan teruggee; ontslae raak van verslawende middels soos drank, tabak ens.

Dat daar aangrypende verlossings plaasgevind het, is 'n feit wat deur vriend en vyand erken moet word. So vertel die vroeë Pinkstersendeling en skrywer W.F.P. Burton: "One of the many who flocked to Bree Street to investigate, was a keen member of the Johannesburg Criminal Investigation Department, as smart a body of men as one could meet. This man was well acquainted with the 'crooks' and criminals of the town, and to his amazement he saw the worst of them coming night after night. Here was a wife-beater, there a buyer of stolen gold. Diamond smugglers, and illicit liquor runners, burglars, touts for the houses of ill-fame, harlots and 'drunks', they flocked to the penitent forms and became new creatures in Christ Jesus."[18]

Veral opvallend was die groot getal drankverslaafdes wat deur die vroeë bediening van die A.G.S. verlossing en bevryding ontvang het. In John G. Lake se dagboek, wat in sy eie handskrif geskryf is en waarvan 'n deel in die A.G.S. argief bewaar word, is daar op feitlik elke bladsy 'n geval of twee waarvan hy melding maak. Hierdie feit is ook erken deur

17. Comforter, Februarie 1912, p. 8.
18. W.F.P. Burton, op. cit., p. 43.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lidmate van ander kerke.[19] Ons het reeds genoem dat daar 'n opsigtelike toename in gevalle van drankmisbruik voorgekom het in die jare na die Anglo-Boere- oorlog a.g.v. die ontredderde toestand van die Afrikanervolk, die arm- Blankevraagstuk, verstedeliking en die haglike maatskaplike en ekonomiese toestand.

'n Wyse waarop die A.G.S. in sy vroeë dae besonder baie mense en veral dronkaards bereik het, was deur sy opelugdienste. "The open air work of the Apostolic Faith Mission is one of the blessed departments of the work which God honours with the salvation of souls, especially drunkards."[20] By die vroeë A.G.S. was daar geen gedagte dat alkoholisme 'n "siekte" is nie. 'n Dronkaard was beskou as 'n arme sondaar wat vasgevang is in die bande van Satan en wat g[illegible]as, bevry en gered moes word deur die bloed van die Lam. En, die terapie van die vroeë Pinkstermense het uitstekende vrugte afgewerp. Honderde mense wat vroeër as volslae alkoholiste bestempel was, het in A.G.S.-dienste bevryding en verlossing ontvang wat tot die dag van hulle dood standgehou het. Daarvan getuig ook die feit dat talle van die vroeë werkers en predikers in die A.G.S. eens drankverslaafdes was. So maak Lake van een van hierdie vroeë werkers in sy dagboek melding: "Bro. A.E. Sharpe, a dear Bro. saved from drunkeness about 3 months ago on the market square at an open air meeting now baptized in the Holy Ghost and preaching the Gospel of Jesus especially to the natives at Brakpan."[21]

Al die mense wat by die dienste van die A.G.S. tot bekering gekom het, het nie noodwendig lidmate geword nie. Baie het in hulle

19. **De Kerkbode**, 23 Maart 1922, p. 377 en 378.
20. **Comforter**, Februarie 1912, p. 11.
21. Uit **John G. Lake se dagboek**, 4 Desember 1[illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerke aangebly. Tog is 'n groot gedeelte van die bekeerlinge gedoop en het lidmate van die A.G.S. geword. Dit was die rede vir die ongekende groei wat die A.G.S. veral gedurende sy eerste bestaansjare gekenmerk het. So bv. berig John G. Lake in 'n brief wat hy in 1912 aan 'n persoon in Engeland geskryf het dat daar in die Sentrale Tabernakel gedurende Januariemaand van 1912, 562 persone gered of gedoop is.[22]

Van oral oor die land het mense na die Sentrale Tabernakel begin stroom. Sommige het die saligheid deelagtig geword; sommige is gedoop in die Heilige Gees en ander het genesing ontvang. Hierdie mense het dan na hulle dorpe, woonplekke en kerke teruggekeer en getuig van wat hulle in Johannesburg beleef het.[23] So het die Pinksterboodskap op verskillende plekke in die land bekend geraak, mense se belangstelling is geprikkel en talle het die Pinksterseëninge ervaar. In hierdie verband berig Lake in 1910: "From every quarter of the land there comes the glad tidings of those who have found Him, whether as Saviour, Sanctifier, Healer or Baptizer in the Holy Ghost."[24]

Natuurlik was die gevestigde kerke van die begin af merendeels teen hierdie nuwe beweging gekant en het hulle ook in wisselende grade van felheid daarteen te velde getrek. In die meeste gevalle het die kritiek en teenkanting egter propagandawaarde besit, aangesien dit die mense se nuuskierigheid geprikkel het om self die waarheid te gaan uitvind. "The very fact that so many churches spoke and argue against the work merely served as an advertisement."[25]

22. *Trooster*, September 1952, p. 7 en 21.
23. Gordon Lindsay, *John G. Lake - Apostle to Africa*, p. 29.
24. *The Comforter*, November 1910.
25. W.F.P. Burton, *op. cit.*, p. 56.
Dit is ook die mening van Pastoor D.J. Du Plessis: "The established churches only gave the work publicity by preaching against it" - Bob Slosser, *op. cit.*, p. 106.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Naas die talle bekerings is daar ook groot klem gelê op die eintlike onderskeidende Pinksterondervinding, nl. die doping in die Heilige Gees met spreke in ander tale. Dit is die ondervinding wat die Pinksterbeweging kenmerk en dit is die boodskap wat die broeders uit Amerika hier kom verkondig het.

Soos in die vroeë kerk (Hand. 2:38 + 39, 8:15 + 16, 9:17 en 19:2) is daar geglo dat persone so gou as moontlik na hulle tot bekering gekom en gedoop is, ook die doping in die Heilige Gees moet ontvang. Baie tyd en aandag is daaraan spandeer. Daar is baie saam met mense vir hierdie ondervinding gebid en ons kan vrylik stateer dat volgens die statistieke daar in die vroeë A.G.S. nie veel minder mense gedoop is in die Heilige Gees as wat tot bekering gekom en gedoop is in water nie. Uit Lake se dagboek kan 'n mens agterkom dat daar met hierdie saak groot erns gemaak is en dat daar vreugde en dankbaarheid was elke keer wanneer iemand die Pinksterondervinding deelagtig geword het.

Gedurende die eerste drie tot vier dekades van die bestaan van die A.G.S. is daar ook in die verskillende gemeentes gereeld sogenaamde "wagdienste" gehou. Dit was 'n diens wat op een spesifieke aand van die week gehou is en waar nuwe bekeerlinge op die Here moes "wag" vir die doping in die Heilige Gees. Gelowiges wat reeds die ondervinding deelagtig geword het, het dan ernstig en volhardend saam met die nuwe gelowiges gebid sodat hulle ook die doop met die Heilige Gees en die spreke in ander tale deelagtig kan word. Hierdie ondervinding was in die A.G.S. veral as baie belangrik beskou met die oog daarop om 'n effektiewe getuie vir Christus te wees en om die nodige krag en oorwinning in jou lewe te mag hê. Dit moet veral aan hierdie wagdienste toegeskryf word dat daar gedurende die eerste dekades van die A.G.S. min lidmate was wat nie gedoop was met die Heilige Gees nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die kenmerk by die vroeë dienste van die A.G.S. wat seker die opspraakwekkendste was en wat ongetwyfeld die grootste trekpleister was, was die vele, egte genesingswondere wat plaasgevind het. Daar sal etlike volumes boeke nodig wees om al die gevalle en getuienisse van Goddelike genesing in die vroeë A.G.S. op te teken. Dit is nie verbasend dat Lake wat goed op hoogte van sake was met die Pinksterbeweging in Europese lande en Amerika, verklaar het dat daar in verhouding in geen land soveel gevalle van Goddelike genesing voorgekom het as in Suid-Afrika nie.[26] Daarby moet ons in gedagte hou dat Lake se bediening soos wat ons gesien het, by uitstek 'n genesingsbediening was. Dieselfde kan ook van Lake se medewerker Thomas Hezmalhalch gesê word. Gedurende die eerste paar jaar van die bestaan van die A.G.S. was hulle twee in die besonder deur die Here in hierdie verband gebruik. Hier wil ons ook in gedagte hou dat die Sioniste in 'n sekere sin die pad van Goddelike genesing vir die A.G.S. oopgemaak het. Omdat hierdie saak so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die A.G.S. gespeel het, sal ons dit later in hierdie hoofstuk meer volledig bespreek.

'n Volgende saak i.v.m. die vroeë dienste, was dat dit dikwels die plek was waarheen spotters en moeilikheidmakers hulle skrede gewend het. Daar was geleenthede dat daar soveel van hierdie mense teenwoordig was wat probeer het om amok te maak, dat die polisie moes ingryp.[27] Op verskillende maniere het hulle die dienste probeer ontwrig. Klippe is op die dak en deur die vensters gegooi. Peper is in die lug geblaas. Wit duiwe is in die plek losgelaat. Daar was selfs 'n geval waar 'n donkie by die agterdeur van 'n saaltjie ingestoot is. Daar was egter ook gevalle dat dinge vir die moeilikheidmakers skeef geloop het: "One night

26. Artikel deur John G. Lake, **"The Origin of the Apostolic Faith Movement"**, - In the **Comforter**, Mei - Junie, 1911.
27. <u>**Trooster**</u>, Mei 1933, p. 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



two men brought bulldogs to the back of the hall, to create a panic, but instead of the dogs interfering with the people, they went at each other. This so enraged their owners that they too rushed at each other, and eventually withdrew without having done anything but harm each other."[28]

Daar is ook vele getuienisse van gevalle waar spotters as't ware deur 'n onsigbare krag oorweldig is. Dit het dikwels gebeur dat spotters nog besig was om te spot en die volgende oomblik val hulle op die grond neer terwyl hulle tot God roep om genade.[29] Daar was ook gevalle waar spotters soos hulle geval het, vir ure lank in 'n staat van oënskynlike bewusteloosheid gelê het en wanneer hulle daar bykom in trane en berou by God gepleit het om vergifnis. Dit was soms asof daar soos by Azusastraat 'n kragveld was wat dit 'n gevaarlike terrein vir ligsinniges en spotters gemaak het. So vertel 'n ooggetuie[30] van 'n geleentheid in die Bree-straat Tabernakel waar John G. Lake besig was om te preek, terwyl 'n groep jong mans agterlangs in die saal gesit en met hom en sy boodskap die spot gedryf het. Dit het al erger gegaan en die deurwagters kon niks aan die saak doen nie. Skielik het Lake opgehou preek, met sy vinger in hulle rigting gewys en uitgeroep: "I bind you to your seats, and to keep silence, in Jesus name, and you will not be able to leave until the service is over." Hulle het dadelik probeer opstaan, maar kon nie en het so tot aan die einde van die diens gesit. Sommige van hulle het openlik gesit en huil en het na die diens berouvol na Lake gekom en is deur hom na die Here gelei.

28. W.F.P. Burton, op. cit., p. 38 en 39.
29. **Comforter**, May, 1933.
30. Mev. Zoë Rennie. Getikte verslag in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vervolging, spottery en teenstand het natuurlik die heilsame effek gehad dat dit die Pinkstergelowiges nader aan mekaar gebring het en 'n gees van eenheid en samehorigheid gebring het.

Een van die mees kenmerkende eienskappe van die verskillende A.G.S. gemeentes was die opregte hartlikheid wat mense daar teëgekom het. Die voorganger van die gemeente sowel as ander persone sou gewoonlik alle besoekers by die deur vriendelik groet en verwelkom. Die opregte vriendelikheid en warme liefde waarmee alle besoekers en lidmate by A.G.S. dienste ontvang is, het op talle besoekers van ander kerke so 'n indruk gemaak dat dit hulle vrymoedigheid gegee het om die dienste weer te besoek en in sommige gevalle later selfs lidmate van die A.G.S. te word. Hierdie warmte en vriendelikheid van almal teenoor almal was deels veroorsaak deur die feit dat die gemeentetjies gewoonlik nie groot was nie en die koue formaliteit wat soms by kerke met groot gemeentes voorkom, afwesig was.

Dat daar dinge gebeur het wat vreemd was aan die tradisie van die meeste historiese kerke, is gewis. Die sang was hartlik en opgewek en dikwels gepaardgaande met handeklap. Daar was spreke in tale, uitleg van tale en profesie. Mense is uitgenooi na die boetelingsbank, hetsy vir bekering of genesing. Hande is op siekes gelê en soms het mense en selfs 'n aantal rye mense neergeval. Daar was spontane deelname aan die diens deur die gemeente. Sommige het hulle hande opgesteek terwyl hulle bid of aanbid, terwyl daar ook deur "Amens" en "Halleluja's" saamgestem word met die getuienisse of die prediking. Soms het dit redelik luid daaraan toegegaan - tot so 'n mate dat daar selfs klagtes deur bure aanhangig gemaak is. So ontvang die Uitvoerende Raad kort na sy ontstaan 'n brief van die munisipaliteit: "Letter read from municipality saying

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



that complaints had been received from neighbours about 'noises' that proceeded from the Tabernacle and threatening prosecution."[31]

Ons het reeds gesien dat daar in die saal in Doornfontein 'n eienaardige kombinasie van verskillende ras-, kleur-, taal- en kultuurgroepe was. Dit is werklik opvallend dat soos op Pinksterdag en in die vroeë Handelinge-gemeente, deur die Pinksterondervinding van die doping in die Heilige Gees hierdie verskille vir 'n wyle op die agtergrond geskuif is. Hierdie situasie het dan ook vir die eerste ruk nadat daar na die Breestraat Tabernakel oorgeskuif is, gegeld. So vind ons in die vroeë beriggewing oor die dienste die volgende getuienis: "Amongst those who have been baptized with the Holy Ghost are Dutch and English, Jews and Gentiles, black and white, and at a recent meeting a Chinese missionary from Canton, who is ministering amongst the Chinese here, received the baptism of the Holy Ghost and spoke in tongues."[32]

Ons vind selfs gedurende die eerste paar maande dat Blank en nie-Blank saam gedoop is. Hierdie toedrag van sake kan waarskynlik tot 'n sekere mate toegeskryf word aan die feit dat die bestuur, invloed en beheer van die werk hoofsaaklik van die Amerikaanse sendelinge uitgegaan het wat vanuit 'n ander verwysingsraamwerk die kultuur-historiese en rasseaangeleenthede benader het.

Dat dié toedrag van sake spoedig met 'n mate van ongelukkigheid, wrywing en teenkanting ontmoet het, blyk duidelik uit die volgende besluit deur die Uitvoerende Raad in November 1908: "It is decided that

31. Notule van die Uitvoerende Raad, 22 Januarie 1909, Uit die Voorlopige Notuleboek.
32. Forerunner of 'God's Latter Rain', Augustus 1908.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the baptism of Natives shall in future take place after the baptism of the white people."[33] 'n Paar maande later vind die Uitvoerende Raad dit wys om hierdie skeiding nog verder deur te voer: "In future the baptism of whites, coloured and natives shall be seperate."[34] Die feit dat daar reeds vanaf die einde van 1908 enkele Afrikaanssprekende broeders op die Uitvoerende Raad gekom het, manne wat die geskiedenis, die aard en die gevoel oor die rasseverhouding in Suid-Afrika beter verstaan het, het moontlik ook bygedra tot hierdie geleidelike skeiding tussen die rasse.

Hierdie toedrag van sake het vir minstens die eerste twee jaar so gebly, want ons lees in Lake se dagboek aan die einde van 1910 die volgende inskrywing: "Morning service was a Baptism service. 10 Candidates, 8 European and then 2 native brothers who said they had come from far."[35] Die moontlikheid dat die gebruik toe alreeds die ongewone was en dat daar in hierdie geval 'n uitsondering gemaak is, is egter nie uitgesluit nie.

Behalwe in die geval van die doop wat deur 'n besluit van die Uitvoerende Raad gereël is, het daar van die begin af oënskynlik 'n geleidelike en spontane skeiding van die rasse in die dienste self plaasgevind. Dat dit ook tot 'n mindere of meerdere mate aan die bestaande houding in Suid-Afrika teenoor die verhouding van die rasse toegeskryf kan word, is seker nie te betwis nie, alhoewel die taal- en kultuurverskille waarskynlik die belangriker en deurslaggewende faktor was, soos uit die volgende aanhaling van Burton afgelei kan word: "For a time the

33. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 November 1908. Uit die Voorlopige Notuleboek.
34. Notule van die Uitvoerende Raad, 30 Julie 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek.
35. Dagboek van John G. Lake, Sondag 11 Desember 1910.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



coloured people sat on the one side and the Europeans on the other. Before long, however, it was found more convenient for Lehman to hold special meetings for the natives, twice a week, in Zulu, and later he opened a seperate native hall in Doornfontein, where God continued to bless and pour out His Spirit upon the natives."[36] Ons het reeds in die vorige hoofstuk van br. Lehman melding gemaak. Hy het vantevore al in Suid-Afrika sendingwerk gedoen en was Zoeloe magtig.[37]

Ook die wyse waarop Boer en Brit in die vroeë dienste van die A.G.S. versoen en verenig het, dien vermeld te word. Ons moet onthou dat in die jare waarin die A.G.S. sy ontstaan gehad het, die gevoel tussen die Engelse en die Boere hoog geloop het. Die pas afgelope oorlog was nog vars in die geheue. Daar was in baie gevalle 'n haat en wrok opgebou wat ons vandag nie heeltemal kan verstaan nie. Die leed, vernedering, konsentrasiekampe, verwoeste plase, vele nuwe grafte, verlore vryheid – hierdie dinge kon die boere moeilik uit hulle harte en hulle gedagtes kry.

En tog, in die dienste van die "Apostolies" het die oënskynlik onmoontlike gebeur! Volbloed boere sing Engelse koortjies, luister na Engelssprekende predikers, sê vir mekaar "my broer"! Wat daar gebeur het, kan nie anders as 'n wonder en triomf van God's liefde gesien word nie. Versoening tussen God en mens wat ook mens en mens, vyande, deur die werk van Christus met mekaar versoen. Alhoewel die Engelsprekendes in die A.G.S. van kort na sy ontstaan in getalle deur Afrikaanssprekendes oorskadu is, het hierdie vroeë gees van vergifnis en versoening tog sy geseënde merk op die A.G.S. gelaat. Tot vandag toe is daar weinig kerke in Suid-Afrika waar daar in feitlik elke opsig so vir albei taalgroepe voorsiening gemaak is.

36. W.F.P. Burton, op. cit., p. 38.
37. Ibid., p. 30 en 31.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In die lig hiervan kry die woorde van Genl. [illegible] Hertzog aan br. D.J. du Plessis snr. meer betekenis wanneer hy sê dat die A.G.S. daarvoor erkenning moet kry dat hy 'n instrument in die hand van God was om versoening te bring tussen die Britte en die Afrikaners. [illegible]

## 7.2 Die rol van Goddelike genesing in die ontstaan van die A.G.S.

Van geen ander aspek in die A.G.S. se vroeë geskiedenis het daar soveel geskrewe bewyse en getuienisse tot vandag toe bewaar gebly, as oor gevalle van Goddelike genesing nie. Persone uit die eerste geslag A.G.S. lidmate kon dit goed onthou en het graag daaroor gepraat. Dit is onmoontlik om in hierdie studiestuk selfs net 'n steekproef van die vroeë genesingswonders te gee. Daar sal volstaan word met een of twee uitstaande voorbeelde. Om 'n idee te kry van die groot aantal gevalle van genesing, kan die volgende statistiek 'n aanduiding wees: Vir die jaar 1911 was daar 2 023 bevestigde gevalle van bonatuurlike genesing in die A.G.S.[59] Die amptelike kerkblad van die A.G.S. het van die begin af in elke uitgawe 'n hele aantal getuienisse van persone wat genees is, geplaas. Dit is miskien die mees opvallende kenmerk wanneer daar vandag deur hierdie ou kerkblaaie geblaai word. Soms is daar 'n hele lys van gevalle van genesings gepubliseer.

Die A.G.S. het ook van die begin af besliste teologiese beginsels i.v.m. die kwessie van Goddelike genesing gehad. Soos reeds vroeër vermeld, was dit veral John G. Lake en P.L. le Roux wat hier toonaangewende rolle gespeel het. Hier moet ons in gedagte hou dat Lake veral deur Dowie en

58. Inligting verkry van pastoor I.L. du Plessis.
59. Comforter, Februarie 1912, bl. [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sy Sionisme beïnvloed is en Le Roux veral deur Andrew Murray. Wat was hierdie beginsels dan? Die basiese uitgangspunt by genesing was dat alle siekte van die duiwel afkomstig is, dat God niemand siek maak nie. Siekte bring nie eer aan God nie maar genesing wel. Dit is benadruk dat die Bybel dikwels krankheid en die duiwel of bose geeste bymekaarbring. (Mat. 9:32 + 33, Luk. 8:2, 13:11 - 16, Hand. 10:38)[illegible] Tweedens dat dit God se wil is om sy kinders gesond te maak en dat Hy dit belowe het. Derdens is baie klem op die mens se geloof geplaas. Onvolkome geloof was as die hoofrede beskou waarom mense nie gesond word nie.

Bonatuurlike genesing was nog altyd iets wat mense getrek het. Soos reeds genoem was dit seker die faktor wat die meeste mense hulle besware en vooroordele eenkant laat staan het om die dienste van die A.G.S. te besoek. "Lake was a tremendous drawing card as healing once again proved to be the instrument by which the Lord drew the people to himself. More people came into the life in the Spirit through the healing ministry than any other way in those days."[illegible]

Dit is dan ook opvallend hoeveel van die eerste [illegible] A.G.S. lidmate juis oortuig is om by die kerk aan te sluit nadat hulle 'n genesingswonder gesien of self beleef het. Daar is genoeg voorbeelde hiervan om 'n boek oor te skryf. Daar sal met een so 'n tipiese voorbeeld volstaan word. In 1910 begin 'n sekere mnr. en mev. Welsh die dienste in die Breestraat Tabernakel besoek. Ons haal haar eie woorde aan: "Having been brought up a Methodist I was full of criticism of all the noise and disorder in the meeting ...... At one Sunday morning meeting there was an unusual disturbance at the door and a man [illegible] was trying to walk down the aisle, his face drawn in agony. They carried [illegible] the

4. Trooster, [illegible]
[illegible]

vestry and he lay on that in front of the platform. The meeting went on while Bro. Lake was giving the message. Right from the back on the opposite side came a young sister with eyes closed, making no noise. I marvelled how she passed all obstructions and touched nothing along the platform to the head of the couch and in a loud voice said, 'In the name of Jesus Christ of Nazareth rise and walk,' and immediately with a big noise, down went the crutches and the man started to leap and run up and down the aisles. That I knew was God. All my criticism went. How gracious the Lord was to me, had it not been for that meeting I may not have been in Pentecost all these years.

"God definitely established His work in those days by mighty signs and wonders in the healing of bodies and delivering men and women from the grip of Satan."[42] Br. Welsh was sedert 1917 tot met sy dood vise-president van die A.G.S.

Van een van die bekende pastore in die vroeë dae van die A.G.S. vertel mev. Z. Rennie, wat die eerste dienste beleef het, die volgende: "The late Pastor Charles Heatley came into the Church a hopeless cripple, on crutches, and went home saved, and literally leaping for joy, healed by the power of God. He often testified that when he got home, his wife got a big fright when she heard a man running up the stairs - she had been listening for the sound of crutches - but to her joy, it was her husband, healed."[43]

Die gevaar bestaan altyd dat waar wonderwerke en genesings plaasvind en waar die verwagting en ekstase [illegible]

42. Aangehaal in die "Comforter", April [illegible], p. [illegible].
43. Mev. Z. Rennie. Getikte verslag in die A.G.S. Argief.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



faktore op een of ander wyse ook daarby betrokke kan raak. Die gevaar was aan die begin van die eeu geensins kleiner as vandag nie. Probleme in die verband het dan ook inderdaad in die vroeë A.G.S. voorgekom. Die volgende aanhaling uit die notule van die Uitvoerende Raad aan die begin van 1909 is duidelik: "Letter read from Bro. Schneiderman stating his reasons for having dissociated himself from the work. He pointed out that a great deal of very sad exaggerations in cases of healing had been made; that messages had been given not by God, etc. and that the name of God was dishonoured thereby. The Council discussed the letter at some length. It was felt that there was only too much truth in the letter. Resolved: in future to use the utmost caution and to do all in our power with the help of God to eliminate from the work whatever was not of God; and to admit to the public that many mistakes had been made, even if such a confession cost humiliation."[44]

Behalwe dat hierdie aanhaling 'n bewys is dat daar in die vroeë A.G.S. ook gebreke en onvolkomenhede was, dui die besluit van die Uitvoerende Raad op 'n gesindheid wat spreek van eerbaarheid en opregte bedoelings. Die feit dat hulle bereid was om oop kaarte te speel oor so 'n netelige saak en om die menslike gebreke so veel as moontlik geëlimineer te kry en dit nie te verdoesel nie, getuig van die opregtheid van hulle harte voor God en die mense en verleen tog 'n besondere geloofwaardigheid aan die hele kwessie van Goddelike genesing in die vroeë A.G.S.

Daar was inderdaad soveel egte gevalle en bewyse van ware genesings dat die besondere werking van die Here erken en [illegible] moet word. So vertel mev. [illegible], van wie reeds melding gemaak is, van 'n [illegible] van

44. Notule van die Uitvoerende R[illegible], 21 [illegible] 19[illegible]. [illegible] die [illegible] van die [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



haar wat in die vroeë 1920[s] besluit het om met sy eie kerklike werk te begin. Hy huur toe die ou kerkgebou in Breestraat wat tot 1913 deur die A.G.S. gebruik is en op daardie stadium leeg gestaan het. Sy vertel verder: "He had the place cleaned and renovated, and under the raised platform, in what had been used as the "Choir Hall" by the Zion Church congregation, but by the newly formed A.F. Mission as a store-room, he found dozens of such things as wheel-chairs, trusses, crutches and other appliances which had simply been left behind when people were healed under Bro. Lake's ministry - ample evidence, years later, of the way the Lord had worked."[25]

Die klem op Goddelike genesing was gedurende die eerste paar dekades so groot dat dit as 'n teken van ongeloof en selfs as sonde beskou was om met jou siekte na 'n dokter te gaan of om medisyne te gebruik. Vertroue op medisyne en dokters is beskou as "om te leun op die arm van vlees". Gelowiges het dikwels met groot dankbaarheid en opregtheid getuig van hoeveel jare hulle nooit medisyne gebruik het of na dokters gegaan het nie. Persone wat Goddelike genesing ontvang het, het dikwels getuig dat nadat hulle aanvanklik eers medisyne gebruik het of deur dokters behandel is, dit net slegter met hulle gegaan het, totdat hulle volkome op die Here vir genesing vertrou het. So getuig 'n sekere Sust. S.S. du plessis van Koster. "Die plaas se mense hoewel nie ons op, is algar getuie, want God het ons standvastig gemaak om nie medisyne te gebruik nie. Alhoewel algar ons aangeraai het, het ons verkies dat God self die werk moes doen, en Hy was weer getrou soos altyd."[26]

Daar is heelwat gevalle bekend waar sekere siektes na alle waarskynlikheid deur medikasie of hospitalisasie genees kon word [illegible]

[illegible] [illegible] [illegible]
[illegible] Trooster, [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in spesifieke gevalle selfs die dood voorkom kon word, maar selfs in die aangesig van die dood was daar Pinkstergelowiges wat standvastig by hulle beginsels oor Goddelike genesing gestaan het en geweier het om dit prys te gee. Daar is meer as een keer van so 'n sterwende persoon verneem: "As die Here my nie gesondmaak nie, dan sterf ek maar. Maar ek sal steeds bly glo en bely dat die Here die Groot Geneesheer is."

Die algemene standpunt van die A.G.S. in hierdie verband het vandag heelwat verander. Daar bestaan 'n heel positiewe gesindheid teenoor medisyne, dokters en die mediese wetenskap. Alhoewel daar nog steeds onomwonde aan Goddelike genesing geglo word, word die gebruik van medisyne en die hulp en deskundigheid van geneeshere nie meer as 'n opposisie en vyand van God gesien nie, maar eerder as 'n wyse waardeur die Here deur Sy genade die mens op 'n natuurlike wyse kan help. Hierdie saak van medisyne, dokters, verpligte inenting en mediese fondse sal egter weer in 'n later hoofstuk ter sprake kom.

## 7.3 Die Bediening in die vroeë A.G.S.

Aangesien daar later meer volledig oor die ontwikkeling van die ampte, bediening en organisasie in die A.G.S. gepraat sal word, word daar nou net 'n paar oorsigtelike opmerkings oor die beginjare gemaak.

Gedurende die ontstaansjare en selfs gedurende die eerste dekades van die bestaan van die A.G.S., vind 'n mens 'n gevoel en tendens wat as "anti-kerklik" bestempel kan word. Dit was 'n reaksie teen die vormvastheid en formaliteit van die historiese kerke. Hierdie reaksie is waarskynlik die gevolg van die behandeling wat baie lede van die gevestigde kerke ontvang het toe hulle oortuig geraak het van die leerstellings van die A.G.S. Daar sal later meer volledig op hierdie

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

"anti-kerkgevoel" ingegaan word, aangesien dit in die ontwikkeling van die A.G.S. op 'n hele paar terreine sigbaar geword het.

Een van die terreine waar hierdie anti-kerkgevoel van die begin af duidelik waargeneem kon word, was i.v.m. die bediening en die ampte: ".....the first members of the A.F.M. held a dim view of all professional church leaders.

The result of this attitude was that the ministerial leadership in the newly formed Pentecostal church was organized along the New Testament concept of voluntary ministry of the whole body of Christ."[47]

Gedurende die beginjare was almal wat aan sekere geestelike standaarde voldoen het en op 'n deeltydse basis aktief vir die Here getuig en gewerk het, "werkers" genoem. Daar was ook aan hulle werkersertifikate gegee. Aanvanklik het slegs Lake en Hezmalhalch en moontlik enkele andere, op 'n heeltydse basis gewerk. Geen persoon het ook enige ampstitel beklee nie maar is bloot "broer/brother" genoem.

Om te bepaal presies hoeveel werkers daar gedurende die eerste paar jaar in die A.G.S. was, is moeilik. Daar is nie amptelike statistieke in di verband beskikbaar nie en die statistieke wat wel bekombaar is, berus op skattings wat Lake in sy verslag oor die groei van die werk maak. So vind ons vanaf November 1910 tot Februarie 1911 getalle wat wissel vanaf 150 tot 175 Blanke werkers en vanaf 250 - 350 nie-Blanke werkers.[48]

47. J.L. Langerman, Apostolic Faith Mission of South Africa: A Revitalization of the Theological Concepts of Church Ministry, p. 53.

48. The Comforter, November 1910.
Comforter, December - February 1911.
The Upper Room, Mei 1911, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Aanvanklik het geen werker (ook nie die heeltydse werkers) enige vaste onderhoud of salaris ontvang nie: "Every worker is required to trust God alone for his or her sustenance, without any aid from the mission."[49] Volgens Lake was die beginsel van Luk. 9:1-6 op die vroeë werkers in die A.G.S. van toepassing. Wanneer die Uitvoerende Raad egter donasies en offerandes ontvang het, en daar nie ander dringende verpligtinge was nie, is dit onder die werkers verdeel.[50]

Dat die vroeë A.G.S.-werkers in uiters moeilike toestande en onder haglike finansiële omstandighede die werk in Suid-Afrika moes vestig, blyk uit 'n verslag wat Lake aan die Upper Room Mission in Los Angeles gestuur het: "I have encouraged our workers, wherever possible, to find employment and maintain themselves and their families. By the time this letter is in your hands, we will have 338 workers (native) in the field, besides 175 white workers of all classes: Suppose I had a dollar apiece per month for them, I would have to have 513 dollar per month. My brothers, I want to tell you what is a candid fact, that I have been compelled to keep this work moving through the offerings that have been given to me personally for my own home and family, and have had to do so all the time.

May I say a word further, brothers? On two different occasions I have had 125 dollars handed to me with which to purchase a headstone for my wife's grave, and in each case I have been compelled to divide it up with the workers. I simply could not use it for the purpose given; not because I wouldn't like to do it, but because the distress was so great that I simply couldn't do it."[51]

49. The Comforter, November 1919.
50. Ibid.
51. The Upper Room, Mei 1911, p. [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ook by 'n vroeëre geleentheid, in 'n boodskap tydens 'n ordeningsdiens, het Lake die omstandighede geskets waaronder die werkers moes werk. Op daardie stadium was daar 125 werkers in die veld. Die finansies was op daardie stadium so swak dat hy nie eers vir elke werker een pond (twee Rand) kon stuur nie: "The situation was desperate. What was I to do? Under these circumstances I did not want to take the responsibility of leaving men and their families on the frontier without real knowledge of what the conditions were."[1]

In die omstandighede neem hy toe 'n besluit. 'n Paar van die leidende broers in Johannesburg het van hulle klere verkoop, van hulle meubels en enigiets anders wat hulle verkoop kon kry en met die geld daardie 125 werkers van oraloor na 'n vergadering in Johannesburg laat kom.

Daar het hy die saak en die omstandighede aan hulle verduidelik en dat hy aan hulle geen finansiële sekuriteit kan bied vir die toekoms in die werk van die Here nie. Hulle het hom gevra om die vertrek vir 'n wyle te verlaat. "When I came I found they had rearranged the chairs in an oval with a little table at one end, and on the table was the bread and wine. Old Father Van der Wall, speaking for the company said, 'Brother Lake, during your absence we have made our decision. We want you to serve the Lord's supper. We are going back to our fields if we have to walk back. We are going back if we starve. We are going back if our wifes die. We are going back if our children die. We are going back if we die ourselves. We have but one request. If we die, we want you to come and bury us.'

[1] [illegible] Trooster. [illegible]

The next year I buried twelve men - sixteen wives and children and there was not one of the twelve in my judgment that might not have lived if they had the things a man should have when ill."[52] Lake het vas geglo dat hierdie opoffering en toegewydheid van die vroeë werkers die rede was waarom die A.G.S. so fenomenaal gegroei het sedert sy ontstaan.[53]

## 7.4 Die naam van die kerk.

Daar is 'n paar interessante teorieë oor die herkoms van die naam "Die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika." So is daar die verhaal wat soms onder die ouer garde vertel word dat die naam gedurende een van die eerste dienste d.m.v. 'n profesie gegee is. Dit het glo soos volg gelui: "The name shall be the Apostolic Faith Mission of South Africa."[54]

'n Ander teorie wat genoem word, hou verband met Johannes Büchler van wie reeds in die vierde hoofstuk melding gemaak is. Na sy ontnugtering met sy besoek aan Dowie in Amerika, het hy met sy terugkeer heeltemal met die Sioniste gebreek en wou sy eie kerk begin. Om nie verwar te word met Dowie se "Christian Catholic Apostolic Church" nie, doen hy aan die begin van 1903 aansoek by die Sekretaris van Naturellesake om sy kerk onder die nie-Blankes te registreer as die "Apostolic Faith Mission." Die sekretaris het hierdie aansoek egter afgekeer,[55] moontlik omdat daar alreeds onder Swartbewegings die naam "Apostolic" geregistreer was.

53. Ibid.
54. Ibid.
55. Persoonlike onderhoud, [illegible] I.V. Henning.
56. Bengt Sundkler, [illegible] p. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is diegene wat reken dat toe die Amerikaanse sendelinge vyf jaar later hier arriveer, hulle hierdie naam wat sy oorsprong by Büchler het, oorgeneem het. Alhoewel dit baie opvallend is dat Büchler juis hierdie naam in gedagte gehad het vir sy beweging, is hierdie teorie tog nie aanvaarbaar nie. Die broeders uit Amerika het nie hierdie naam eers in Suid-Afrika opgetel nie, maar het onder die naam van Amerika af gekom. Ons sal hierdie stelling nou verder verduidelik. Daar is reeds in die derde hoofstuk op gewys dat Charles Parham sy herlewingsbeweging nie as 'n kerk wou sien nie omdat hy teen alle vorms van kerklike organisasie was. Hy het geglo dat wat in sy beweging gebeur het, 'n terugkeer na die "Apostolic Faith" was en daarom het hy hierdie beweging ook die Apostolic Faith Mission genoem. Ook die nuusblaadjie wat deur hom versprei is, is "The Apostolic Faith" genoem.

Toe William Seymour en die Azusastraat herlewing na vore kom, het hy nie net Parham se leer aangeneem nie, maar ook dieselfde naam vir sy beweging oorgeneem - "The Apostolic Faith Gospel Mission" of meestal bloot "The Apostolic Faith Mission" genoem. Daar is reeds gemeld dat sy nuusblaadjie ook dieselfde naam as dié van Parham gedra het. Omdat 'n groot deel van die Pinksterbeweging wêreldwyd direk of indirek een of ander verwantskap met Parham of Seymour se beweging gehad het, was die terme "Apostolic Faith Mission/Movement" en "Pinkster" vir die eerste paar jaar absolute sinonieme. Dit kan hier net genoem word dat die terme Apostolic Faith Mission en Apostolic Faith Movement afwisselend gebruik is. In die volgende twee aanhalings uit dieselfde artikel deur John G. Lake kom altwee hierdie benamings voor en in altwee gevalle praat hy duidelik nie van 'n spesifieke kerk nie, maar van die Pinksterbeweging as sodanig: "Many have enquiered as to what was the origin of the Apostolic Faith Movement that has now spread throughout the whole world in a few

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

years, and produced this glorious world-wide revival that is now in progress."

"Soon the fire began to fall at the Azusa Street Mission, Los Angeles, which became known world - wide as a great centre of Holy Ghost power. After considerable time the work spread throughout the whole country and world, until every land has its representatives of the <u>Apostolic Faith Mission</u>, and Pentecost is a household word".[57]

Daar is genoem dat Lake en Hezmalhalch van die dienste van die Apostolic Faith Mission in Azusastraat bygewoon het en goed met W.J. Seymour bekend was. Alhoewel hulle geen direkte verband met die Azusastraat beweging gehad het nie, het hulle hul wel deeglik as deel van die Pinksterbeweging of Apostolic Faith Mission/Movement gesien. Daarom noem hulle hulleself die "Apostolic Faith Missionaries"[58] by hulle aankoms in Suid-Afrika. Alhoewel die naam nie amptelik voor 1913 as sodanig geregistreer is nie, was die naam tog wel van die begin af gebruik, ook in notules, die kerkblad, ens. Dit is dus duidelik dat die naam nie eers hier van Büchler oorgeneem is nie.

Daar is nog 'n verdere aanduiding dat die vroeë Pinkstermense in Suid-Afrika nie vreeslik erns met 'n naam gemaak het nie en tevrede was om bloot as deel van die wêreldwye Pinksterbeweging gesien te word. Dit was die afwisselende gebruik van die term "Movement" en "Mission". Selfs in die vroeë Uitvoerende Raad se Notule kom die naam soms voor as "Apostolic Faith Movement", 'n wisselnaam vir "Apostolic Faith Mission".[59] - 'n Verdere bewys dat die algemene benaming vir die Pinksterbeweging ook

57. **Comforter**, Mei - Junie 1911.
58. **Forerunner of 'God's Latter Rain'**, Augustus 1908.
59. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Februarie [illegible]. Uit die Voorlopige Notule Boek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hier aanvaar was en nie 'n naam wat in Suid-Afrika van Büchler oorgeneem is nie.

Die feit dat die Pinksterbeweging hier te lande hierdie naam as kerknaam aangeneem het, is ook nie uniek nie. Op verskeie plekke in Amerika en selfs oorsee het Pinksterkerke hierdie naam aan die begin aangeneem. Die eienaardige is egter dat waar die A.G.S. van Suid-Afrika hierdie algemene naam van die Pinksterbeweging as eienaam behou het, het die meeste Pinksterkerke wat hierdie naam aanvanklik oorgeneem het, dit slegs tydelik gedoen en mettertyd deur ander name vervang. Trouens, dit wil voorkom of daar in Amerika selfs 'n afkeer in die naam ontwikkel het. Ons wil die volgende redes as moontlikhede noem waarom hierdie naam in onguns verval het: Van die kerke wat die naam behou het, was aanhangers van die Brits-Israelismeleer. Later is die naam "Apostolic Faith" ook met die Eennaamleer (Jesus Only) verbind.[60] As gevolg van hierdie konnotasies wat aan die naam gekleef het, het van die ander Pinksterkerke die naam "Apostolic Faith" laat vaar en liewer 'n ander naam gekry.

Twee verdere redes kan moontlik nog genoem word waarom die naam in onguns gekom het. Dit kon wees om enige verbintenis met Dowie se Christian Catholic Apostolic Church te vermy, veral na Dowie se dood toe die Sioniste ook 'n aantal skeurings en onaangenaamhede beleef het. Die ander rede wat moontlik ook daartoe kon bydra, was die toenemende verwarring wat ontstaan het met die Catholic Apostolic Church van Edward Irving. Die gevolg was dat al hoe minder Pinksterkerke die naam "Apostolic Faith" behou het, totdat die A.G.S. van Suid-Afrika feitlik die enigste Pinksterkerk vandag in die wêreld met die oorspronklike naam is.

60. Persoonlike onderhoud - Pastoor J.T. du Plessis.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie naam het ook goed ingepas by die anti-kerkgevoel wat gedurende die eerste jare van die A.G.S. se bestaan geheers het. Die vroeë A.G.S. lede wou van "kerk" niks weet nie. Hulle wóu nie 'n kerk wees nie. Hulle was 'n "Sending". Die gedagte om eerder 'n "Sending" as 'n "Kerk" te wees, was veral om twee redes vir die grondleggers van die A.G.S. meer aanvaarbaar. Eerstens het die woord "Kerk" die vroeë Pinksterlede te veel aan die tradisionele kerke laat dink waaruit hulle gekom het. Volgens sommige vroeë kerkleiers van die A.G.S. was die term "Kerk" simbool van starheid, onbeweeglikheid, formalisme en tradisie, terwyl die term "Sending" die gedagte vir hulle na vore gebring het van lewe, vooruitgang en beweging.[61] Daarom dat die naam Apostolic Faith Movement ook soms as die ekwiwalent van Apostolic Faith Mission gebruik is.

Die ander rede waarom die vroeë A.G.S. lidmate eerder 'n Sending as 'n Kerk wou wees, was omdat hulle die sendingtaak as hulle hoof belang en opdrag gesien het. Hierdie sendingbewustheid kom duidelik in die volgende aanhaling na vore - dit so laat as 1933: "Prys die Here vir die sendelinge wat ons het. As ons nie hulle gehad het nie dan was ons werk ..... Dood. Geen kerk kan vorder en geseënd wees as sy nie Sendingwerk doen nie. Dank God ons is nie 'n 'Kerk' nie, maar 'n 'Sending'. Dra ons net die naam, of is ons daadwerklik 'n sending?"[62] Dit is duidelik dat baie van die vroeë lede van die A.G.S. nie heeltemal 'n Bybelse konnotasie aan die term "kerk" geheg het nie. Om waarlik kerk te wees beteken juis dat die sendingdrang deel van jou wese is. Om sendingwerk te doen is immers deel van kerk wees. Soos egter reeds genoem, was die term "kerk" vir die vroeë A.G.S. simbool van dit waarvan hulle hul gedistansieer het; waardeur hulle in baie gevalle uitgeban is en deur wie

61. Persoonlike onderhoud, Pastoor G.R. Wessels.
62. **Trooster**, Julie 1933, p. 11.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle soms as "uitwasse",[63] "afvalliges" en ander kwetsende name genoem is. In kort, dit wat hulle in die Pinksterbeweging ontvang en beleef het, was nie te vereenselwig met die "Kerke" waaruit hulle gekom het nie. Terwyl daar in 'n latere hoofstuk weer na hierdie saak gekyk sal word, kan daar nou net genoem word, dat daar oor die jare 'n groot verandering in die A.G.S. se beskouing oor hierdie kwessie van "kerk" - wees gekom het.

Ook in Suid-Afrika was daar soms verkeerde en verwarrende konnotasies met die naam "Apostolies". Van vroeg af reeds was daar verwarring met die Apostelgroepe - die groepe wat hulle oorsprong by Edward Irving het. In Suid-Afrika kry ons die Ou- en Nuwe Apostels. (Die twee groepe het weens 'n skeuring in Desember 1926 ontstaan, nadat die saak tot in die Hooggeregshof was). Hulle noem hulleself onderskeidelik die Ou- en Nuwe Apostoliese kerk. Die A.G.S. distansieër hulleself totaal van hierdie groepe. Soos reeds genoem is daar absoluut geen leerstellige of historiese verwantskap nie. Ongelukkig het daar van vroeg af reeds verwarring by mense voorgekom en is die A.G.S. soms met hierdie groepe geassosieer. Daar is ook gevalle bekend waar hierdie groepe sodanige verwarring vir eie gewin benut het.

Hierdie probleem is reeds in 1917 deur die Uitvoerende Raad bespreek: "We are being confused with these people and work hindered."[64] Daar word besluit om die lidmate deur middel van die kerkblad van die probleem bewus te maak en om 'n duidelike uiteensetting van die A.G.S. se leerstellings te gee.

63. Artikel in **Het Zoeklicht,** aangehaal in die **Trooster,** November 1932, p. 13.
64. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 Januarie 1917, p. 96, Boek I.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deur die jare het hierdie probleem veral onder die Swartafdeling van die A.G.S. steeds groter geword.[65] Die rede hiervoor was die toenemende aantal Sionistegroepe wat die naam "Apostolic" in een of ander variasie in hulle name gebruik het.

Die naam "Apostolies", wat dikwels as 'n skeldnaam gebruik is, was en is selfs vandag nog vir meestelidmate van die A.G.S. 'n erenaam. As gevolg van die verwarring en onsekerheid wat egter by baie onkundiges bestaan het en om enige verkeerde konnotasie te vermy, is dit gedurende die laaste paar dekades by die lidmate ingeskerp om hulleself as A.G.S. te identifiseer wanneer daar om hulle kerklidmaatskap navraag gedoen word.

Inderdaad was daar oor die jare geleenthede waar indiwidue binne die A.G.S. probeer het om die naam van die kerk te verander op grond van die redes wat hier bo genoem is. Die sentimentele en historiese gehegtheid aan hierdie naam het egter in die verlede sulke pogings tot naamverandering laat misluk en dit is onwaarskynlik dat sodanige pogings in die toekoms sal slaag.

Die vraag kan egter ten slotte gevra word waarom die eerste Pinksterbaanbrekers op hierdie naam vir die Pinksterbeweging besluit het. Ons het reeds gesien dat die naam sy oorsprong by Charles Parham gehad het, omdat hy die Pinkstergebeure aan die begin van hierdie eeu as 'n terugkeer na die Apostoliese geloof en praktyk (Apostolic Faith) gesien het. Dat hierdie gedagte aan die wortel van hierdie naam lê, word verder duidelik in die woorde van P.L. le Roux by 'n ordeningsdiens in 1916: "We call ourselves the Apostolic Faith Mission, we expect the same power to rest upon us that rested on the early church, and we expect to do the same work."[66]

65. **Trooster**, April 1927, p. 8.
66. **Comforter**, Junie 1916, p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hieruit blyk dit duidelik dat die eerste pioniers van die Pinksterbeweging die apostolaatsgedagte in die naam van die beweging wou inkorporeer. Hulle wou Nuwe Testamentiese kerk, Handelinge kerk, kerk soos in die tyd van die apostels wees. Hulle wou in leer en in lewe 'n voortsetting wees van die Apostoliese Geloof van die Handelinge kerk.

Die byvoeging "Sending" het ons reeds bespreek. Dit sluit wesenlik aan by die apostolaatsgedagte. Hulle wou soos die vroeë kerk, kerk in aksie wees, uitgaande kerk, kerk vir die nasies, sendinggerigte kerk. Wat die "Sending"-aspek van sy naam betref, het die A.G.S. sy naam gestand gedoen - sy sendingafdeling was sedert sy ontstaan nog altyd groter as die sendende of moederkerk. Dat daar ook teologiese sinvolheid in hierdie naam opgesluit lê, is ongetwyfeld waar.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 8

## ONTWIKKELINGS EN GEBEURE VANAF 1908 - 1913

In die vorige hoofstukke is reeds heelwat gesê oor die eerste jare van die bestaan van die A.G.S.. In hierdie hoofstuk word daar gekyk na enkele ander gebeure en ontwikkelings wat in hierdie periode van belang was.

### 8.1 Belangrike persone in hierdie tydperk

Die persone wat gedurende hierdie periode die mees prominente rol gespeel het, was John G. Lake en tot 'n mindere mate, Thomas Hezmalhalch. Na hulle bydrae is daar reeds gekyk. Daar was egter ook ander persone wie se name in hierdie verband genoem moet word. Dit is onmoontlik om in 'n algemene studie soos hierdie alle werkers en persone wat 'n aandeel gehad het, te bespreek. Daar sal dus slegs kortliks na enkele van die vroegste werkers gekyk word.

Dit is opvallend dat heelparty van die vroeë werkers wie se name in 1908/9 voorkom, van die toneel verdwyn het teen 1913. Dit het die A.G.S. 'n paar jaar geneem om 'n bestendige werkerskorps te hê. Dit is onvermydelik dat 'n nuwe beweging soos die A.G.S. wat aan die begin geen akademiese voorbereiding en keuring gehad het nie, persone van allerlei

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



idees en ideale sal trek wat aanvanklik met groot entoesiasme vervul sal wees, maar spoedig probleme ondervind om te konformeer, aan te pas en onder gesag te staan. Sommige opportuniste het weldra uitgevind dat die bediening in die A.G.S. nie maanskyn en rose is nie. Hierdie en ander faktore kan die rede wees vir 'n redelike groot verwisseling van werkers aan die beginjare.

Dit is opmerklik dat daar veral vanaf 1913 toe P.L. le Roux as president die leisels oorgeneem het, 'n groter mate van konsolidasie en bestendigheid onder die werkerskorps gekom het. Dit het ongetwyfeld te make gehad met die kalme, wyse en gebalanseerde leiding wat van hierdie voormalige Ned. Geref. sendeling uitgegaan het. Dit egter net terloops. Alhoewel Le Roux self een van die persone is wat sterk op die voorgrond gekom het reg van die begin af, sal hy hier nie verder bespreek word nie, aangesien die hele volgende hoofstuk aan hom gewy sal word.

In die eerste opgetekende notule van 'n vergadering in die A.G.S. op die 17$^{e}$ September 1908, was die volgende persone teenwoordig: J.G. Lake, J.O. Lehman, W.J. Kerr, I. Lehman, H.W. van Marle, A.H. Cooper, R.H. van de Wall en J.H.L. Schumann.[1] Hezmalhalch was tydens die vergadering in Vryheid. Daar sal kortliks iets oor enkeles van hulle gesê word.

Van J.O. Lehman is alreeds melding gemaak. Reeds op 29 Junie 1909 bedank hy van die Uitvoerende Raad.[2] By die vergadering van 16 Julie 1909 word J.H. Greeff in sy plek as lid van die Uitvoerende Raad

1. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 September 1908. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
2. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 Junie 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekies.[3] Op 13 Augustus 1909 bedank nog een van die lede van die eerste Uitvoerende Raad by name W. Elliot.[4]

Die tesourier van die eerste Uitvoerende Raad was br. H.M. Turney oor wie weinig bekend is. Hy het egter ook kwalik ses maande na sy verkiesing van die Uitvoerende Raad bedank en op 25 Februarie 1910 is br. Peter Moffat, swaer van John G. Lake, as tesourier in sy plek gekies.[5]

Archibald Haigh Cooper het ook alreeds ter sprake gekom. Hy is op 5 Oktober 1882 in Engeland gebore.[6] Op 30 Maart 1901 kom hy in Suid-Afrika aan om tydens die Anglo-Boereoorlog in die Britse leër te veg. In Oktober 1906 kom hy tot bekering. Op hierdie stadium was hy 'n lid van die Presbiteriaanse kerk in Johannesburg. Toe die A.G.S. in Mei 1908 ontstaan, het Cooper een van die vroeë werkers geword. Hy het reeds die vorige jaar, in Augustus 1907 die doping in die Heilige Gees ontvang.[7]

Cooper het blykbaar hoë aspirasies vir sy bediening in die A.G.S. gekoester. Wanneer die eerste Uitvoerende Raad van sewe lede egter op 27 Mei 1909 gekies word, val hy uit.[8] Dit bring mee dat hy die A.G.S. verlaat en op sy eie begin dienste hou. Oor die verdere geskiedenis van Cooper word in 'n latere hoofstuk meer gesê.

3. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Julie 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
4. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Augustus 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
5. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Februarie 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
6. I.G.L. du Plessis, Pinkster - Panorama, p. 37.
Hierdie resente werk handel oor geskiedenis van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika. Aangesien Cooper 'n prominente rol in die ontstaan van hierdie kerk gespeel het, is daar heelwat inligting oor hom in hierdie boek te vind.
7. <u>Ibid</u>., p. 38.
8. Notule van die Uitvoerende Raad, 27 Mei 1909, p. 35. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Suid-Afrikaner wat seer sekerlik die belangrikste rol in die A.G.S. gedurende sy ontstaansjare gespeel het, was 'n gewese Ned. Geref. predikant, R.H. van de Wall. (Sy van is soms ook aanmekaar geskryf - Vandewall). Rutger Hendrik van de Wall, gebore 17 Julie 1852, was die seun van 'n ander bekende predikant van die Ned. Geref. Kerk, ds. Gilles van de Wall (oorlede 2 Januarie 1896). Ds. Gilles van de Wall was 'n Hollander van geboorte wat in Amerika grootgeword het en ook daar sy teologiese opleiding ontvang het. Van Amerika het hy na Suid-Afrika as predikant gekom waar sy seun ook in sy voetspore gevolg het.[9]

Ds. R.H. van de Wall is gelegitimeer in 1875 en georden in 1877. Hy het vervolgens die gemeentes Fichsburg, Simonstad en Senekal bedien.[10] Op 27 Junie 1896 het hy by die Ned. Geref. Kerk uit die bediening getree. John G. Lake sê in sy dagboek dat Van de Wall in sonde geval het en geskors is deur sy kerk. Volgens Lake was hy vir 10 jaar 'n drankverslaafde.[11] Pas nadat Lake en sy geselskap hier aangeland het, het hulle ontmoet. Hy het onder Lake se bediening tot inkeer gekom. "God saved him. He is a strong preacher of the precious blood that has delivered him."[12] Nadat hy gedoop is met die Heilige Gees, het die Here hom op 'n besondere wyse gebruik.

Sy eggenote, D.H. van de Wall, het ook 'n sonderlinge ondervinding gehad. Sy was in 'n koma en dokters het haar opgegee om te sterwe. Tot hulle grootste verbasing is sy na gebed volkome genees.[13]

9. Inligting verkry van ds. Hopkins, voormalige argivaris van die Ned. Geref. Kerk Argief in Kaapstad.
10. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk, 1967, p. 547.
11. Dagboek van John G. Lake, Dinsdag 6 Desember 1910.
In die A.G.S. Argief.
Ook in "The Latter Rain Evangel", November 1908.
In die A.G.S. Argief.
12. "The Latter Rain Evangel", November 1908.
In die A.G.S. Argief.
13. Dagboek van John G. Lake, Dinsdag 6 Desember 1910.
In die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Toe die eerste Uitvoerende Raad op 27 Mei 1909 gekies word, was Van de Wall een van die eerste sewe lede. Toe die sekretaris, J.H.L. Schumann kort daarna bedank, tree hy op as waarnemende sekretaris, totdat hy op 25 Februarie 1910 as algemene sekretaris gekies word - 'n amp wat hy tot sy dood beklee het.

Lake het 'n besonder hoë agting vir Van de Wall gehad, en na hom as 'n soort geestelike vader opgekyk. Hy is op die 3$^{e}$ Januarie 1912 na slegs drie-en-'n-half jaar in die A.G.S., oorlede.[14] Gedurende daardie eerste paar jaar van die A.G.S., het hy meer as enigeen anders daaarin geslaag om die Pinksterwerk onder die Afrikaners te bevorder. Aangesien die Amerikaanse invloed aanvanklik baie sterk was, het die Afrikaners na hom opgekyk as geestelike vader. Lake som dit raak op as hy sê: "To a great extent he was the Father of the Dutch people throughout his land in his work. He loved his own people, the Dutch, and proved himself a largehearted, big-minded man. To me, in many ways, he was a father too."[15]

As hy nie so skielik tot sterwe gekom het nie, sou hy waarskynlik later nog 'n meer rigtinggewende en leidende rol in die A.G.S. gespeel het. Ook uit die artikels wat hy geskryf het, kan 'n mens agterkom dat sy deeglike teologiese opleiding tot heil en voordeel van die jong beweging ingespan is.

Die besondere rol wat hy gespeel het en die plek wat hy in die harte van die vroeë A.G.S.-mense ingeneem het, word duidelik weerspieël in die huldeblyk aan hom tydens die algemene konferensie, 'n aantal maande na sy dood: "The following resolution was carried unanimously by

14. **Comforter**, Februarie 1912, p. 2.
15. Brief deur Lake, gedateer 25 Januarie 1912, aangehaal in die **Trooster**, Oktober 1949, p. 15.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the audience standing 'The Conference hereby desires to express its high appreciation of the labours of our late Brother Van de Wall who had been associated with us for a period of about four years, and whose decease has caused a void that has been and still is very greatly felt'."[16] Gelukkig was daar iemand wat hierdie leemte kon vul en die leiding kon oorneem in die persoon van broer P.L. le Roux, wat ook vroeër in die bediening in die Ned. Geref. Kerk gestaan het as sendeling.

Die verskynsel in die vroeë A.G.S. dat persone wat in ander kerke predikante was en in een of ander sonde geval en geskors is, maar deur die bediening van die A.G.S. tot inkeer gekom en in leidende posisies gestel is, het ook sy negatiewe gevolg gehad. Burton verwys hierna: "Many more would doubtless have come into the meetings had it not been that, in his bigheartedness Lake took into the little company of preachers a man who had been divorced from his wife, and excommunicated from the Dutch Reformed Church. There is no doubt that this man had been very really converted, had repented deeply of his sin, and had been filled with the Holy Spirit. Nevertheless those who knew his past were stumbled, and felt that a man with such a record should not have been given so prominent a position."[17]

Na die dood van R.H. van de Wall is broer Solomon le Roux in sy plek as lid van die Uitvoerende Raad aangewys.[18] Broer Van de Wall se amp as sekretaris van die Uitvoerende Raad is tot by die volgende verkiesing in Oktober 1912, tydelik deur broer S. Stuart gevul.[19] Broer Stuart was 'n skoolhoof van Krugersdorp. Hulle het in 1897 van Engeland

16. Notule van die "Business Meeting" van die Algemene Konferensie, 1 Oktober 1912. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
17. W.F.P. Burton, op. cit., p. 42.
18. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 April 1912. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
19. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Maart 1912. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na Suid-Afrika gekom. Hy en sy vrou was aanvanklik lede van die Sioniste maar het in 1908 na die A.G.S. oorgekom nadat sy vrou na gebed deur Lake genesing ontvang het. Hulle was die stigters van die Krugersdorp gemeente en het albei vir jare 'n positiewe bydrae in die ontwikkeling van die A.G.S. gelewer.[20]

Die volgende persoon wat vermeld word, is J.H.L. Schumann. Lake sê die volgende interessanthede aangaande hom: "As the first member of our Bourd of Trustees the Lord gave us a Mr. Schumann, the editor of the Transvaler, an independent secular Dutch paper with a weekly circulation of 5 000. One time in his life he had been an ordained Dutch preacher, but became a notorious drunkard, demon possessed, and unable to control himself. The demons were cast out, God saved him, and he at once resumed his place as editor of the Transvaler, and there has been added to the paper a fourpage religous supplement, entirely devoted to this work."[21]

Schumann het egter nie lank in die A.G.S. 'n rol gespeel nie. Alhoewel hy op die eerste Uitvoerende Raadsvergadering op 27 Mei 1909 as sekretaris gekies is, kom sy naam vir die laaste keer slegs twee maande later, in die notule van 16 Julie 1909 voor.[22] Daarmee het hy dan ook grootliks wat die A.G.S. betref, van die toneel verdwyn.

'n Persoon wat slegs 'n kort tydjie in die A.G.S. was maar tog 'n redelike invloed gehad het, was H. Modred Powell. Daar is nie veel oor hom bekend nie. Hy verskyn in die tweede helfte van 1910 op die toneel as redakteur van die kerkblad, "The Comforter". Hy word in Augustus 1910 op die Uitvoerende Raad verkies in die plek van T. Schwede wat na Amerika vertrek het.[23] In hierdie tyd skryf Lake die volgende aan-

20. **Trooster**, September 1944, p. 16.
21. **"The Latter Rain Evangel"**, November 1908. In die A.G.S. Argief.
22. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Julie 1909, p. 47. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
23. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Mei 1910, Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaande hom: "Powell is a strong, educated man, a teacher by profession."[24] Hy was egter kwalik 'n jaar in die A.G.S. In die kerkblad van Julie/Augustus 1911 is daar 'n klein beriggie waarin gesê word dat H. Modred Powell nie langer meer 'n werker onder die beskerming van die A.G.S. is nie.[25] Powell het hierna skerp teen die A.G.S. gedraai en was aan die einde van 1913 daarvoor verantwoordelik dat die A.G.S. nie langer meer die kerkgebou in Breestraat kon huur nie.[26]

Een van die Afrikaanse baanbrekers van Pinkster wat tot die dag van sy dood lojaal aan die kerk gebly het was broer J.H. Greeff. Hy is reeds op 16 Julie 1909 op die Uitvoerende Raad gekies en hy volg John G. Lake in 1911 op as vise-president van die A.G.S.. Tydens die periode tussen Lake se vertrek oorsee (Februarie 1913), tot met die verkiesing van broer P.L. le Roux as president, (November 1913), het broer Greeff as president van die A.G.S. waargeneem. Hy was vise-president tot 1916 toe broer C. Welsh in sy plek verkies is.[27] Later van tyd was hy vir 'n hele aantal jare as erelid van die Uitvoerende Raad aangestel. Hy is op 8 April 1937 oorlede in die ouderdom van 82 jaar.[28]

Met betrekking tot die groot verwisseling van werkers en leidende figure gedurende die eerste paar jaar, kan die volgende opsomming gemaak word. Van die eerste sewe lede wat op die Uitvoerende Raad gekies was op 27 Mei 1909, was vier na 'n jaar nie meer op die raad nie. In die tweede jaar was Hezmalhalch afgesit. In die derde jaar is Van de Wall oorlede en in die vierde jaar is Lake terug oorsee. Toe daar dus in 1913 weer 'n verkiesing vir 'n Uitvoerende Raad gehou word, was daar nie meer een van die oorspronklike lede op die raad oor nie en het 'n nuwe geslag leiers, oorwegend Afrikaners, die leiding in die A.G.S. oorgeneem.

24. **The Upper Room**, November 1910, p. 6.
25. **The Comforter and Messenger of Hope**, July - Aug. 1911.
26. Brief van die Algemene Konferensie aan John G. Lake, 13 November 1913. In die Notule van die Algemene Konferensie, p. 129. Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
27. **Trooster**, Junie 1916, p. 2.
28. **Trooster**, April 1937, p 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 8.2 Die rol van die Sentrale Tabernakelgemeente

'n Interessante verskynsel in die geskiedenis van die vroeë A.G.S., is die rol wat die Sentrale Tabernakelgemeente gespeel het. Aangesien die Tabernakel self so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die A.G.S. gespeel het, word dit hier gepaardgaande met die geskiedenis van die gemeente bespreek. Alhoewel hierdie hoofstuk hoofsaaklik oor die periode 1908 - 1913 handel, word die tydsgrens wat die Tabernakel en die Tabernakelgemeente betref, oorskrei ter wille van kontinuïteit.

Die Tabernakelgemeente was die eerste gemeente in die A.G.S. Die plek van samekoms was, soos die naam aandui die kerkgebou of Tabernakel, in Breestraat. Die Sionistekerk het 'n huurooreenkoms met die eienaars van die gebou, Johannesburg Consolidated Investment Co. Ltd. gehad wat op 21 Mei 1910 verval het.[29] Toe die A.G.S. in 1908 ontstaan en feitlik die hele Sionistegemeente in Johannesburg na die A.G.S. oorkom, het die A.G.S. mettertyd met die huurooreenkoms voortgegaan. Toe die huurkontrak van die Sioniste in 1910 verval, het die A.G.S. reëlings met die eienaars getref en voortgegaan om die gebou te huur teen 20 pond (R40,00) per maand.[30]

Dié gemeente was vir 'n hele aantal jare die hart en die kern van die A.G.S. Dit was die moedergemeente. Tot 'n mate het dit dieselfde rol in die A.G.S. gespeel as wat die Kaapstadse moedergemeente gedurende die 17$^{e}$ en 18$^{e}$ eeu in die Ned. Geref. Kerk of die gemeente van Batavia in Indië in dieselfde tyd gespeel het. Hierdie gedagte kom duidelik na vore in die volgende aanhaling uit 'n Herderlike brief deur John G. Lake: "The attention of the Saints everywhere is called to the fact that the Central Church at Johannesburg, has been the real mother church of this movement. That, by the faithfulness and sacrifice of the

29. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Mei 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
30. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Saints here this work has been spread abroad throughout the entire land ..... We praise God that He has given us a place in His Kingdom whereby this mother church has been able to assist the establishment of branches of the work and missionaries throughout South Africa."[31]

Vir 'n geruime tyd het die beheer oor die A.G.S. van die Sentrale Tabernakelgemeente gekom. Trouens die beheerraad van die gemeente en van die res van die A.G.S., was dieselfde raad. Die ampsdraers van die gemeente was ook die ampsdraers van die kerk. Toe die Uitvoerende Raad in Mei 1909 gekies word, was hulle tegelyk ook die "kerkraad" van die gemeente.

Hierdie ineengeskakeldheid kon ook duidelik gesien word in die finansiële aangeleenthede. Vir die eerste twee jaar was daar net een rekening vir die Tabernakel én die res van die werk. Toe die werk teen 1910 te uitgebreid begin raak, het hierdie sisteem egter ontoereikend geraak. In Mei 1910 neem die Uitvoerende Raad die volgende besluit: "It is resolved that seperate accounts of the Tabernacle and other Funds of the Mission be kept."[32] Die finansies van die Tabernakel is toe geskei, maar is nog steeds deur die Uitvoerende Raad behartig. Teen 1911 het die finansiële aangeleenthede van die Tabernakel sowel as dié van die res van die kerk te veel vir die Uitvoerende Raad geword. In Maart 1911 besluit die Uitvoerende Raad dus dat daar so spoedig moontlik 'n vergadering gehou moet word van persone wat die dienste in die Tabernakel bywoon, sodat hulle hul eie finansiële komitee kan kies. Hierdie komitee sou dan die finansiële verantwoordelikhede van die Tabernakelgemeente oorneem sodat dit nie langer ook nog op die skouers van die Uitvoerende Raad rus nie.[33] Hierdie komitee kan in 'n sekere sin as die eerste kerkraad van die Tabernakelgemeente gesien word.

31. Pastoral Letter by John G. Lake, Pres, of the A.F.M. Johannesburg, April 30th, 1911. In die A.G.S. Argief.
32. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Mei 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
33. Notule van die Uitvoerende Raad, 31 Maart 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit blyk dat die gemeente alle beskikbare fondse vir die uitbreiding van die werk gebruik het. Volgens Lake [34] het die gemeente self aan die begin van 1911 nog niks besit nie. Selfs die meubelment en stoele van die Tabernakel is tot op daardie stadium gehuur. Die gemeente se lopende uitgawe was 35 pond (R70,00) per maand, wat die huur van die gebou, die onderhoud en die huur van die stoele ingesluit het. "The devotion of our people to the spread of this Gospel has been such that every cent of money that could be donated by the people has been used for the spread of the Gospel throughout the country, so that the congregation does not own one single cent of property."[35]

Vir 'n hele aantal jare was die Tabernakel die hoofkwartier van die kerk. Die jaarlikse algemene konferensies van die kerk is daar gehou - aanvanklik twee keer en later slegs een keer per jaar tydens die Paastyd. Ook is die vergaderings van die Uitvoerende Raad gereeld daar gehou. Wat in die Tabernakelgemeente gebeur het, was belangrik vir die res van die kerk. In die vroeë kerkblad is daar dikwels 'n spesiale kolom gewy aan nuus uit die Tabernakel.[36] Die besondere genesings en bekerings wat daar plaasgevind het, is op die manier aan die res van die kerk bekend gemaak.

Aanvanklik was Thomas Hezmalhalch en John G. Lake medeleraars van die gemeente. Na die skeiding tussen hulle, was Lake die enigste pastoor van die Tabernakel. Na Lake se terugkeer na Amerika in 1913, word broer P.L. le Roux as die "Algemene Pastoor" aangestel en die broeders Charles Welsh, Scott Moffat en Albe Sharpe as sy medewerkers.[37] In 1914 het broer P.L. le Roux se pligte as president van die kerk en

34. Pastoral Letter by John G. Lake, Pres. of the A.F.M. Johannesburg, April 30th, 1911. In die A.G.S. Argief.
35. Ibid.
36. **Comforter**, May - June 1911.
37. **"The Central Tabernacle Celebrates it's Diamond Jubilee"** - Artikel deur past. O.H. Raper in die **Trooster**, Maart 1968, p. 3.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



superintendent van die sendingwerk egter so veel geraak dat hy nie langer as pastoor van die Tabernakel kon optree nie. Broer Charles Welsh is toe as die pastoor van die gemeente aangestel. Hy het dié bediening vir sewentien jaar, tot met sy dood in Januarie 1932, vervul.

Die Tabernakelgemeente was ook moedergemeente in die sin dat daar spoedig na sy ontstaan orals op die Rand "takgemeentes" ontstaan het. Vir 'n geruime tyd was die "takgemeentes" aan die Rand soos kinders van 'n moeder, afhanklik van die Tabernakelgemeente. Die gemeenteraad van die moedergemeente het as't ware as 'n distriksraad beheer oor hierdie gemeentes uitgeoefen. Een keer per maand het al die lede van die "takgemeentes" in die Tabernakel saamgetrek vir die gesamentlike nagmaalsdiens.[38] So ook is die nuwe bekeerlinge van die omringende takgemeentes gewoonlik in die Tabernakel gedoop. Mettertyd het hierdie "takgemeentes" gegroei tot selfstandige gemeentes en later het sommige van hulle selfs groter as die moedergemeente geword!

Alhoewel die Tabernakelgemeente al die jare onder hierdie naam bekend gestaan het, het hulle 'n aantal kere van kerkgebou (Tabernakel) verwissel. Dit was veral as gevolg van die eienaardige verstrengeldheid van die Tabernakelgemeente en die hoofkantoor van die kerk. Vir jare was die Tabernakelgebou deels die aanbiddingsplek van die gemeente en deels die hoofkwartier en konferensiesentrum vir die hele kerk. Wanneer die Uitvoerende Raad dus gevoel het dat 'n meer doelmatige gebou as hoofkwartier en konferensiesentrum nodig is, moes die gemeente ook noodwendig van kerkgebou verander. Hieroor weldra meer.

In November 1913 moes die ou Tabernakel in Breestraat egter om 'n ander rede ontruim word. Daar is reeds van melding gemaak. Die eie-

38. *Ibid*.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naars het skielik die huur van die gebou van 20 pond per maand na 35 pond per maand opgeskuif - dit was die huur wat H. Modred Powell hulle blykbaar aangebied het.[39] Die Uitvoerende Raad kon op daardie stadium met al sy ander verpligtinge nie hierdie verhoging bybring nie en was dus genoodsaak om uit te kyk vir 'n ander gebou wat as Tabernakel kon dien.

Voordat daar verder oor die geskiedenis van die Tabernakels gepraat word, slegs 'n laaste opmerking oor die eerste van die Tabernakels - die Breestraat Tabernakel. Vir die vroeë Pinkstermense was daar heilige en sentimentele herinneringe aan die gebou verbonde. P.L. le Roux het dit soos volg gestel: "Oor die hele land vandag is daar mense wat na die Tabernakel opsien as die plek waaruit die Volle Evangelie gevloei het wat genesing en redding aan hul gebring het. Vir hul was dit 'n plesier om daarin te aanbid, en daar is baie heilige assosiasies verbonde aan daardie gebou ...... Geen wonder dat baie die 'Ou Tabernakel' so lief het nie: geen wonder dat sommige dit beskou in der daad as die Huis van God en die Poort van die Hemel."[40]

Met die ontruiming van die Breestraat Tabernakel het die Uitvoerende Raad onmiddellik daaraan gedink om 'n eie plek te koop. 'n Komitee is dan ook aangestel om die saak te ondersoek.[41] Op daardie stadium het dit egter finansieël buite die kwessie geblyk te wees. Hulle huur toe 'n ou teatergebou in Kerkstraat 73. Dit was deel van 'n kompleks op drie persele wat uit 'n verdere sewe winkels bestaan het. Alhoewel die Uitvoerende Raad reeds op daardie stadium besluit het om die kompleks te koop, het daar aanvanklik niks van gekom nie.[42]

39. Notule van die Algemene Konferensie, 13 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
40. Vertaalde artikel deur P.L. le Roux. Aangehaal uit die "**Comforter**" van Oktober 1913.
41. Notule van die Algemene Konferensie, 10 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
42. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Julie 1914. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In 1916 egter word die behoefte om eie hoofkantoorgeboue en Tabernakel te hê groot, veral omdat die huurgeld van die eiendom in Kerkstraat 73 'n groot deel van die karige inkomste van die Uitvoerende Raad ingesluk het. Daar word toe in April 1916 weer 'n komitee aangestel met die oog op die insameling van fondse en die verkryging van 'n eie eiendom.[43]

In 1917 word die teater- en winkelkompleks in Kerkstraat 73 toe deur die A.G.S. aangekoop. Die kompleks wat op 1 Mei 1917 amptelik in besit van die A.G.S. gekom het, is van die "Nederlansch Zuid Afrikaansche Hypotheekbank, Beperkt" teen 'n bedrag van 6 000 pond (R12 000) gekoop.[44] Dit was blykbaar 'n goeie besluit, want die geld wat die kerk uit die verhuring van die winkels ontvang het, was net genoeg om hulle maandelikse paaiement op die hele kompleks te betaal.[45]

In 1919 word die ietwat vervalle teatergebou egter afgebreek en 'n nuwe Tabernakel wat byna 1 200 mense kon huisves, word gebou teen 'n koste van 4 165 pond (R8 330).[46] Die nuwe Tabernakel is op Sondagoggend 13 Julie 1919 deur Broeder P.L. le Roux ingewy.[47]

Natuurlik is die teatergebou wat na November 1913 gehuur is, sowel as die nuwe kerkgebou wat opgerig is nadat die teater gesloop is, steeds die Sentrale Tabernakel genoem. Al die funksies en die sentimente van die Breestraat Tabernakel is op die Kerkstraat Tabernakel oorgedra. Die Tabernakel was ook steeds hoofkantoor van die kerk en kerkgebou

43. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 24 April 1916, Notuleboek 1, p. 63.
44. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 Mei 1917, Notuleboek 1, p. 118 en 119.
45. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Oktober 1917 Notuleboek 1, p. 150.
46. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 12 Julie 1919, Notuleboek 1, p. 299.
47. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 13 Julie 1919, Notuleboek 1, p. 300 en 301.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die moedergemeente. In 1924 neem die Uitvoerende Raad 'n interessante besluit wat daarop dui dat daar 'n gevoel ontstaan het dat die hoofkantoor en die Sentrale Tabernakel geskei moet word: Daar word deur die Uitvoerende Raad 'n komitee aangestel ...." ..... to go into the matter of changing our administrative offices to some other locality with a view to a clearer distinction between Headquarters and the Cent. Tabernacle."[48] Daar sou egter nog 'n hele aantal jare verloop voordat hierdie gedagte tot uitvoer gebring is.

Teen die einde van die twintigerjare was hierdie Tabernakel te klein om die mense tydens konferensies te huisves. Daar word besluit om die Tabernakel te vergroot en op Saterdag 14 Desember 1929 word die vergrote Tabernakel met sitplek vir 1 500 mense ingewy.[49] Hierdie gebou wat 'n paar verdiepings hoog was en ook 'n aantal winkels ingesluit het, is "The Residency" genoem.[50] Hierdie Tabernakel het nog steeds dieselfde rol as die ou Breestraat Tabernakel gespeel - volgens 'n aanhaling uit daardie tyd: "Soos dit die geval was met die ou Tabernakel in Breestraat, so is die Nuwe Tabernakel in 73 Kerkstraat vandag die 'Mekka' van al die 'Apostolies'."[51]

Gedurende die tyd van die depressie, het die finansiële skoen die Uitvoerende Raad ook gedruk. Veral die paaiement op "The Residency" (die Tabernakel), het dinge 'n bietjie moeilik gemaak. In 1932 word daar besluit om die kompleks te verkoop.[52] In Januarie 1934 word daar dan ook aan die Uitvoerende Raad gerapporteer dat die "Residency" verkoop is aan 'n mnr. George Moore, as 'n trustee van 'n maatskappy, vir die bedrag

48. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Augustus 1924, Notuleboek 4, p. 761.
49. **Comforter**, November - December 1929, p. 2.
50. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 29 Maart 1932, Notuleboek 5, p. 1308.
51. **Trooster**, Mei 1933, p. 11.
52. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 29 Maart 1932, Notuleboek 5, p. 1308.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 47 500 pond (R95 000).[53] Met die 11 000 pond wins wat uit die verkoop van die gebou gemaak is, sou 'n nuwe Tabernakel dan weer gebou word. Tot tyd en wyl die nuwe Tabernakel en kantore voltooi is, word die nodige geriewe van die Kerkstraat Tabernakel teen 'n nominale bedrag van die kopers gehuur.

In September 1934 word grond in De Villiersstraat 7 gekoop met die doel om 'n nuwe Tabernakel en kantore daar op te rig.[54] Dit was strategies geleë, ongeveer 300 meter van die stasie en omtrent 60 meter vanaf die naaste tremlyn.[55] Die nuwe, groter en geriefliker Tabernakel is in Desember 1935 ingewy.

Hierdie Tabernakel het vir byna negentien jaar die dubbele doel gedien as kerkgebou vir die gemeente en as hoofkantoor vir die kerk. Toe hierdie gebou egter in 1954 verkoop word,[56] was dit die einde van 'n era. Daar sou weer 'n nuwe gebou opgerig word, maar dit sou slegs uit kantore en 'n kleinerige saal bestaan. Voortaan sou die Tabernakelgemeente 'n eie, aparte kerkgebou hê. Die oprigting van 'n eie kerkgebou deur die Sentrale Tabernakelgemeente in Jutastraat 106 is moontlik gemaak deurdat die Uitvoerende Raad 'n deel van die verkoopsom van die De Villiersstraat Tabernakel aan die gemeente oorbetaal het. Die kerkgebou is in 1958 voltooi.

Die nuwe vierverdieping gebou wat as hoofkantoor van die kerk vir die volgende dekade of wat sou dien, is in Ameshoffweg 40, Braamfontein opgerig teen 'n koste van 35 000 pond (R70 000). Die nuwe hoofkan-

53. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Januarie 1934, Notuleboek 5, p. 1468 en 1469.
54. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 September 1934, Notuleboek 6, p. 1560.
55. **Trooster**, Oktober 1934, p. 24.
56. Notule van die Uitvoerende Raad, 28 April 1954, Notuleboek 17, p. 4316.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toorgebou is op Saterdag 6 April 1957 ingewy.[57] Die gebou het kantore vir al die kerk se hoofkantoorpersoneel bevat sowel as vir die Welsynsraad van die A.G.S. Daar was ook 'n raadsaal, 'n kantoor vir die Bybelskoolprinsipaal en 'n lesingsaal vir die Bybelskoolstudente.

Hier moet ook ten slotte genoem word dat sedert 1940 die algemene konferensies nie meer in die Sentrale Tabernakel gehou is nie, maar is daar volwaardige kampkonferensies (camp meetings) gehou. Hieroor meer in 'n latere hoofstuk.

## 8.3 Die ontstaan van die Pentecostal Mission - 1910

Aangesien daar in die kort verlede 'n volledige werk[58] oor die geskiedenis van die Volle Evangelie Kerk (wat deur die Pentecostal Mission voorafgegaan is,) geskrywe is, sal daar in hierdie verhandeling slegs na enkele van die belangrikste momente in die ontstaan van hierdie kerk verwys word.

Daar is ooreenkomste tussen die ontstaan van die Pentecostal Mission en die A.G.S. Soos by die ontstaan van die A.G.S., het die Pentecostal Mission sy oorsprong by 'n persoon wat die Pinksterondervinding in Amerika deelagtig geword het en na Suid-Afrika toe gekom het met die doel om sendingwerk te kom doen. Hierdie man was George Bowie, dieselfde man wat op 'n ongelukkige wyse betrokke was by die skeiding tussen Lake en Hezmalhalch.

57. **Trooster**, April 1957, p. 8.
58. Ons verwys hier na die boek van pastoor I.G.L. du Plessis, "**Pinkster Panorama. 'n Geskiedenis van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika. 1910 - 1983**." Daar word in hierdie gedeelte oor die "Pentecostal Mission" grotendeels van hierdie boek gebruik gemaak.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bowie, gebore romdom 1860, was oorspronklik van Skotland afkomstig. Kort na die eeuwending emigreer hy na die V.S.A. waar hy in 1907 in die gemeente van J.T. Boddy die Pinksterondervinding deelagtig word.[59] Hy word lidmaat van 'n klein Pinkstergemeentetjie van 'n sekere mev. Thompson. Die naam van die gemeente was die "Bethel Pentecostal Assembly." 'n Sekere mej. Minnie Draper in die gemeente, het haar besonderlik beywer met die oog op sendingwerk. Spoedig werk daar 'n hele paar sendelinge onder die vaandel van die Bethel Pentecostal Mission - soos hierdie sendingaksie genoem is.

As lidmaat van die gemeente word Bowie deur hierdie sendingaksie geïnspireer en voel hy hom gelei om na Suid-Afrika te kom. Hy arriveer hier in April 1910. Du Plessis neem hierdie datum as die stigtingsdatum van die Pentecostal Mission (later genoem die Volle Evangelie Kerk).[60] Bowie wou blykbaar nie 'n nuwe kerk kom stig nie, maar wou hom eerder op sendingwerk kom toespits[61] - 'n merkwaardige ooreenkoms met Lake. Daar het spoedig egter 'n aantal Blankes onder sy bediening tot bekering gekom. Alhoewel hy nie onder die beheer van die Bethel Pentecostal Mission in New Jersey was nie, het hy tog in noue kontak met hulle gestaan. Hy het ondersteuning van hulle ontvang "in die vorm van gebede, finansies en nuwe sendelinge."[62]

Na aanleiding van sy verbintenis met hierdie oorsese Sending, noem hy die beweging wat onder sy bediening in Suid-Afrika tot stand kom, die Pentecostal Mission. Die Afrikaanssprekendes het dit die Pinkster

59. Ibid., p. 31 en 32.
60. Ibid., p. 33.
61. Ibid., p. 73.
62. Ibid., p. 74.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Zending genoem. Bowie slaag daarin om gedurende die eerste paar jaar 'n hele aantal buitelandse sendelinge by die genootskap gevoeg te kry. Trouens, gedurende die eerste jare was die werkers van die Pentecostal Mission oorwegend sendelinge van oorsee.[63] Die bekendste was Eleazer Jenkins wat van Wallis gekom het en in Vrededorp met dienste begin het.[64] Bowie het hom oorgehaal om by die Pentecostal Mission aan te sluit.

'n Persoon wat ook deur Bowie oorreed is om sy gewig by die Pentecostal Mission in te gooi, was die voormalige A.G.S.-werker, Archibald Cooper. Daar is alreeds iets oor Cooper gesê en daarop gewys hoedat hy die A.G.S. verlaat het nadat hy nie op die eerste Uitvoerende Raad in Mei 1909 verkies is nie. Nadat hy by die A.G.S. weg is, het hy nog vir 'n rukkie huisdienste in Johannesburg gehou, waarop hy na Middelburg (Tvl.) vertrek het en daar met 'n onafhanklike Pinkstergemeentetjie begin het.[65] In die omgewing van Middelburg het die Beetgebroers geboer. Hierdie invloedryke boere kom tot die oortuiging van die Pinksterboodskap. Die familie word deur Cooper in Oktober 1910 op die plaas Schoonoord, Middelburg, in die plaasdam gedoop.[66]

Alvorens 'n laaste paar opmerkinge oor die verdere geskiedenis van die Pentecostal Mission/Volle Evangelie Kerk gemaak word, moet 'n belangrike saak eers duidelik gestel word. Daar is sommige wat die Volle Evangelie Kerk as 'n skeurkerk beskou, met ander woorde dat dié kerk sy ontstaan te danke het aan persone wat weens persoonlike of leerstellige redes van die A.G.S. weggebreek het en 'n ander kerk gestig het. Veral word die kwessie van enkelvoudige onderdompeling teenoor die A.G.S. se

63. *Ibid.*, p. 74.
64. *Ibid.*, p. 37.
65. Persoonlike onderhoud, past. W.G. Beetge.
66. *Ibid.*

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drievoudige onderdompeling as die hoofrede vir sodanige skeuring gesien: "..... the Pentecostal movement split over baptismal practices. Some wanted one immersion, some three."[67]

Hierdie siening word egter nie deur die feite van die geskiedenis gestaaf nie. Die eintlike stigter van die beweging, George Bowie, het geen verband met die A.G.S. gehad nie. Hy het 'n kerk heeltemal onafhanklik van die A.G.S. begin. Hy het ook in Suid-Afrika aangekom as 'n persoon wat die enkelvoudige doop beoefen het. Die meeste wat oor Bowie en die A.G.S. gesê kan word, is dat hy kort na sy aankoms in Suid-Afrika op 'n negatiewe wyse met die sake van die A.G.S. ingemeng het en dat hy mede-verantwoordelik was vir die verwydering tussen Lake en Hezmalhalch. Hezmalhalch het egter nie nadat hy die A.G.S. verlaat het, by Bowie se Pentecostal Mission aangesluit nie - is na 'n ruk terug Amerika toe.

Persone wat reken dat die V.E.K. as gevolg van die doopsverskil ontstaan het, beweer dat Cooper van die A.G.S. weggebreek het omdat hy van die enkelvoudige doop oortuig was en dat hy die eintlike stigter van die V.E.K. was. Hierdie siening hou egter ook nie water nie. Cooper is nie by die A.G.S. weg oor die doopkwessie nie. Trouens, hy het nog vir meer as 'n jaar na hy by die A.G.S. weg is, die doop deur drievoudige onderdompeling bedien. So het hy die Beetges in Oktober 1910 deur drievoudige onderdompeling gedoop.[68] Ook in Dordrecht waar 'n Pinksterontwaking die ontstaan van die Pentecostal Mission voorafgegaan het, is die doop aanvanklik deur enkelvoudige én drievoudige onderdompeling beoefen.[69]

67. Dit is die mening van pastoor D.J. du Plessis in sy biografie geskryf deur Bob Slosser, **A man called Mr. Pentecost**, p. 107.
68. Persoonlike onderhoud, past. W.G. Beetge.
69. I.G.L. du Plessis, op. cit., p. 56.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat Cooper van die A.G.S. weggebreek het, het hy ook nie dadelik by die Pentecostal Mission aangesluit nie. Die beweging het immers eers 'n jaar later ontstaan. Hy het vir 'n jaar en 'n half onafhanklik gewerk. Dit was eers in Desember 1910 dat Bowie na Middelburg afgereis het en Cooper oorreed het om sy gewig by die Pentecostal Mission in te gooi. Cooper het daartoe ingestem en sy Pinkstergemeentetjie op Middelburg is by die Pentecostal Mission ingelyf. Eers tóé het hy die enkelvoudige doop begin bedien.[70]

Ter wille van duidelikheid moet ook genoem word dat die Beetge-broers wat later 'n belangrike rol in die V.E.K. sou speel, nie éérs A.G.S. lidmate was nie. Hulle is deur Cooper van die Pinksterboodskap oortuig en gedoop nadat hy reeds 'n geruime tyd by die A.G.S. weg was.

Alhoewel daar dus sekerlik gedurende die ontstaansjare van die Pentecostal Mission/Volle Evangelie Kerk en in die jare wat gevolg het, enkele lidmate en werkers van die A.G.S. om persoonlike of welke redes ookal, hulleself by genoemde kerk gevoeg het, weerlê die historiese feite enige bewering dat die Volle Evangelie Kerk van die A.G.S. weggeskeur het.

Die Pentecostal Mission het egter self vir 'n paar jaar 'n tydelike skeuring beleef. In Pretoria het hulle 'n gemeente gehad wat deur Bowie in 1912 begin is.[71] Vanaf 1913 het Cooper en C.J. (Stoffel) Beetge hierdie gemeente by Bowie oorgeneem. In 1916 breek die Pretoria-gemeente weg van die Pentecostal Mission. Die ontevredenheid het eerste by

70. *Ibid.*, p. 43.
71. *Ibid.*, p. 75.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C.J. Beetge in 1916 begin. Vroeg in 1917 het sy broer Frans Beetge en Archibald Cooper ook bedank.[72]

Die ontevredenes het veral drie redes aangevoer vir die skeuring: Eerstens was hulle ontevrede dat die Pentecostal Mission in 1913 as 'n maatskappy en nie as 'n kerk geregistreer is nie. Tweedens was daar die hantering van opgehoopte fondse. Daar was bewerings dat Bowie sekere oorsese donasies op sy persoonlike bankrekening gedeponeer het. Dit is terloops net interessant dat dieselfde beskuldiging wat Bowie vroeër teen Lake ingebring het, ses jaar later teen hóm gemaak word. Derdens was daar ongelukkigheid oor sekere sake rakende die grondwet. So 'n wet wou dan kwansuis die leiding van die Heilige Gees in die kerk belemmer.[73] Die nuwe groep noem hulleself die "Church of God/Gemeente van God".

Die skeiding het egter nie lank geduur nie. In 1920 was daar reeds so 'n mate van toenadering dat daar op 6 Oktober 1920 'n besluit tot hereniging geneem word. Daar word besluit dat die naam van die nuwe verenigde kerk "The Full Gospel Church/Die Volle Evangelie Kerk" sal wees. Daar sou egter nog heelwat woelinge wees voordat hierdie besluit heeltemal deurgevoer sou word en die nuwe Grondwet in 1922 onderteken is.[74]

In 1921 verlaat Bowie Suid-Afrika. Deur sy gesindheid en optrede veral in Amerika bring hy egter mee dat 'n brief, onderteken deur al die lede van die Uitvoerende Raad van die V.E.K. aan hom gestuur word waarin hulle "verklaar dat hulle hom vergewe vir sy venynige gedrag, maar hom ernstig versoek om nooit weer sy voete in Suid-Afrika te sit

72. Ibid., p. 77.
73. Ibid., p. 76-78.
74. Ibid., p. 84.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie."[75] Dit is opvallend dat Bowie hom deur sy optrede by die Uitvoerende Rade van beide die A.G.S. en die V.E.K. in onguns gebring het.

Oor die verdere verhouding tussen die A.G.S. en die V.E.K. en die pogings tot eenwording tussen hierdie twee kerke, sal in 'n volgende hoofstuk by stilgestaan word.

## 8.4 Vroeë gemeentes in die A.G.S.

Soos reeds opgemerk, het die groot klem aanvanklik veral op die Sentrale Tabernakel en die bedrywighede daar geval. Dit het egter nie verhinder dat daar spoedig op verskillende plekke in die land Pinkstergemeentes ontstaan het nie. Lake en Hezmalhalch en ook van die ander vroeë werkers het as evangeliste dikwels deur die land gereis en orals dienste gehou. Ons het ook genoem dat baie persone van elders in die land na Johannesburg gekom het en daar in die Tabernakel die Pinksterondervinding gesmaak het. Diesulkes het dan na hulle woonplekke teruggegaan en self huisdienste begin hou en dikwels het daar uit sulke huisdienste gemeentes ontstaan.

Teen die einde van 1913 was daar reeds 31 gevestigde blanke gemeentes in die land.[76] Dit was benewens vele ander plekke waar die Pinksterboodskap ook reeds posgevat het en daar 'n Pinksterwerk in wording was. Dit is onmoontlik om in 'n verhandeling soos hierdie die ontstaan van elke gemeente afsonderlik te bespreek. Daar word dus net kortliks na enkele van hierdie vroeë gemeentes gekyk.

75. Ibid., p. 90.
76. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 10 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad. Ook in die Pentecostal Herald, 1st Quarter 1978, p. 4.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Een van die eerste gemeentes wat aan die Rand tot stand gekom het, was dié van Krugersdorp. Hier het 'n groepie Sioniste sedert 1904 vir dienste vergader.[77] Hulle was onder leiding van broer en suster Stuart - mense wat ook later in die A.G.S. 'n belangrike rol gespeel het. Pas nadat Lake en Hezmalhalch met dienste in die Breestraat Tabernakel begin het, het 'n jong man wat lid van die groepie Sioniste was, van die dienste in die Tabernakel bygewoon en is ook daar gedoop in die Heilige Gees.[78] Hy het die nuus daarvan aan die groepie Sioniste in Krugersdorp gaan vertel. Hulle het toe reeds gehoor van soortgelyke ondervindings in Amerika en Indië. Tydens 'n diens in die huis van broer en suster Stuart in Junie 1908, het hulle hul eie Pinksterondervinding gehad en 'n hele aantal van die groep is gedoop in die Heilige Gees.[79] In 1909 het hulle by die A.G.S. aangesluit en so het die gemeente van Krugersdorp tot stand gekom.[80]

Wat Pretoria betref, is daar op gewys dat Lake en Hezmalhalch reeds in Mei 1908 daar aangedoen het nog voordat hulle na Johannesburg gekom het. Op daardie stadium het hulle egter nie enige oop deure daar kon vind nie. Die volgende besluit word in Januarie 1909 deur die Uitvoerende Raad geneem. "That this Council deems the time ripe for opening an Apostolic Faith Mission in Pretoria, and believes that Bro. Lake is called for that purpose."[81] Alhoewel Lake geseënde dienste in Pretoria gehou het, het sy bediening daar egter nie verder as die spesiale dienste gestrek nie. Daar het egter kort daarna 'n selfstandige gemeente ontstaan.

77. **Trooster**, Januarie 1933, p. 31.
78. **Trooster**, 15 Junie 1932, p. 9.
79. **Trooster**, Januarie 1933, p. 31.
80. Ibid.
81. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 Januarie 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Volgende gemeente met 'n interessante geskiedenis, is die van Robertson. In 1896 het die Plymouth Brethren hier 'n gemeentetjie begin onder leiding van 'n sekere broer J. de Smidt.[82] In 1911 was 'n aantal persone van die gemeente bymekaar in 'n huisdiens. Op hierdie stadium was hulle nog heeltemal onbekend met Pinkster en die A.G.S. By die spesifieke diens is een van die aanwesiges, sonder dat daar die aand selfs oor die Heilige Gees gepreek of gepraat is, gedoop met die Heilige Gees en het begin spreek in vreemde tale. Broer Van Rensburg wat later 'n pastoor by die A.G.S. was en dié aand daar teenwoordig was, het in sy biografie enige herinneringe aan die aand opgeteken: "Almal was verslae oor die nuwe verskynsel. Toe herinner iemand uit die vergadering ons daaraan dat daar so iets in die Bybel staan en dat dit 'n belofte van God is vir Sy kinders in die laaste dae. Die skrifgedeeltes wat daarop betrekking het was toe gelees. Joël 2:28, 29 en Hand. 2:1-4, 14-18 ens. Op hierdie ontdekking het daar 'n biduur gevolg wat ek nooit sal vergeet nie. God het die geroep van Sy hongerige kinders verhoor en met weinige uitsondering is almal wat teenwoordig was, oud en jonk, kragdadig gedoop in die Heilige Gees, volgens Handelinge 2:4."[83]

Toe John G. Lake in Johannesburg hoor van die gebeure in Robertson, het hy in 1912 daarheen afgereis. Hy vind toe dat hulle ondervinding dieselfde is as die Pinksterondervinding wat deur die A.G.S. verkondig word. Die hele gemeente van die Plymouth Brethren het toe na die A.G.S. oorgekom. Die A.G.S. het ook hulle saal waarin hulle dienste gehou het en wat hulle die "Gospel Hall" genoem het, oorgeneem.[84]

82. **Trooster**, Januarie 1933, p. 28.
83. J.N.L. van Rensburg, Biografie, p. 5.
84. _Ibid._, p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste gemeente in Wes-Kaapland, was die Soutrivierse gemeente.[85] In 1908 het 'n broer J. Armstrong na Kaapstad gekom en lede van die International Holiness Union toegespreek aangaande die doop met die Heilige Gees. Sommige van hierdie lede wat die doop met die Heilige Gees ontvang het, moes die "Union" toe verlaat, onder andere 'n broer J.H. Hagan. Hy het in 1909 die Pinksterboodskap in die Scouts' Hall, Woodstock, begin verkondig. In 1911 besoek John G. Lake die gemeente en word die nodige organisasie in die gemeente gedoen en werkers georden. In 1915 het broer Scott Moffat na die Kaap verhuis en vir 'n hele paar jaar met groot sukses die gemeente bearbei. In 1918 het broer H.A. de Vries by hom aangesluit en hom veral op die Afrikaanssprekendes toegespits. Die bekende groot saal in Durhamstraat is in 1920 ingewy. Hierdie gemeente het spoedig 'n groot en sterk gemeente geword en het byna soos die Tabernakelgemeente in Johannesburg die rol as moedergemeente van die Kaap vertolk. 'n Hele paar gemeentes het van Soutriviergemeente afgestig waarvan Maitland een van die eerstes was.

Om hierdie kort gedeelte oor die ontstaan van enkele van die gemeentes mee af te sluit, kan daar net genoem word dat Ladybrand waarskynlik die eerste A.G.S. gemeente in die Vrystaat was. Die gemeente is alreeds in 1908 gestig.[86] Die voorbeelde wat hierbo genoem is, verteenwoordig min of meer die patroon waarop die Pinksterwerk gedurende die eerste jare van sy bestaan in Suid-Afrika posgevat het.

85. Gegewens in verband met Soutriviergemeente is verkry uit die Gedenkboek van die gemeente Soutrivier: "Wat die Here gedoen het", p. 12-16 en 54, sowel as uit 'n persoonlike onderhoud met pastoor H.L. van der Westhuizen wat goed met die vroeë geskiedenis van Soutriviergemeente bekend was.
86. **Trooster**, Mei 1933, p. 15.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 8.5 Registrasie as Onbeperkte Maatskappy - 1913

Dit val vandag eienaardig op dat die A.G.S. eers vyf-en-'n-half jaar na sy ontstaan so ver gekom het as om homself te laat registreer - en dan nog as 'n maatskappy en nie as 'n kerk nie! Die rede hiervoor moet eerstens gesoek word in die feit dat die persone wat die Pinksterboodskap aanvanklik hier kom verkondig het, geen gedagte gehad het om 'n organisasie op die been te bring nie. Hulle was evangeliste en sendelinge wat tevrede was om die evangelie te verkondig, dat siekes gesond word, mense gedoop word in die Heilige Gees en bo al, dat sondaars tot bekering kom. Veral Lake was 'n man wat nie baie sterk oor organisasie gevoel het nie. Baie het gevoel asof hulle van 'n organisatoriese sisteem verlos is toe hulle uit die historiese kerke bedank het of geskors is. Die gevolg was dat daar aanvanklik nie te veel gretigheid was om as 'n organisasie erkenning te kry nie.

Die werklikheid van die praktyk het egter spoedig meegebring dat die aanvanklike idees oor organisasie en erkenning onhoudbaar geword het. Reeds in Junie 1909 word konsepregulasies aan die Uitvoerende Raad voorgelê om die vinnig-groeiende werk te reël en te reguleer.[87] In Oktober 1911 is daar die volgende interessante kennisgewing in die kerkblad: "De snelle, omvangryke uitbreiding van onze Zending en het steeds aanwassend getal van hen die zegen ontvangen en met ons samen werken, hebben ons genoodzaakt het werk op een meer geregelden voet te brengen. Wy hebben derhalwe een Constitusie in het leven geroepen, niet slechts met het oog op bestuur, leer en tucht, maar ook om als een lichaam erkenning, recht en bescherming te erlangen by Regeering en Maatschappy. Wy

87. Notule van die Uitvoerende Raad, 4 Junie 1909. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hebben nou niet slechts een Uitvoerend Lichaam op tydelyk gebied, maar ook de noodige Trustees, in wier namen de vaste eigendommen onzer Zending, of Zoals het ook genoemd wordt, ons Genootschap, kunnen geplaatst worden."[88]

Behalwe dat hierdie aanhaling uit 'n kerkregtelike oogpunt baie belangrik is, is die aantal kollegialistiese terme en benaminge ook opvallend. Hierop sal later ingegaan word. By die eerste Algemene Konferensie in die A.G.S. in Oktober 1911, is bogenoemde konstitusie aanvaar en goedgekeur en is 'n komitee aangestel om Reëls en Regulasies vir die Sending op te stel in ooreenstemming met die Konstitusie.[89] Hierdie "Rules and Regulations" is dan ook by die volgende Algemene Konferensie in Oktober 1912 gelees, verduidelik en aanvaar.[90]

Hierdie konstitusie en gepaardgaande regulasies wat deur die Uitvoerende Raad opgestel en deur die konferensie van lidmate aanvaar is, mag wel interne voordeel en orde teweeggebring het, maar wat op daardie stadium net so belangrik was, was om van Regeringskant erkenning as 'n kerk of genootskap te kry. Daar was reeds vroeë pogings tot sodanige erkenning. Kort voor die Uniewording in 1910 word besluit om by die Vrystaatse en Transvaalse Regering aansoek om erkenning te doen.[91] Hiervan het oënskynlik niks gekom nie. Sodanige erkenning deur die Regering was noodsaaklik om as regspersoonlikheid erken te word.

88. **Trooster**, Oktober 1911.
89. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 November 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
90. Notule van "Conference Business Meeting", 4 Oktober 1912. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
91. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Mei 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aanvaarding van 'n konstitusie deur die A.G.S. was hoogstens die eerste stap en het aan die kerk nog geen regspersoonlikheid verleen nie. Dit sou alleen verkry word as die A.G.S. as 'n kerk óf as 'n maatskappy sou registreer en dus deur die regering erken is. Die noodsaaklikheid hiervan sou spoedig duidelik word. Probleme sou ontstaan toe die A.G.S. eiendom begin aanskaf en in regsgedinge betrokke raak. Die aangeleentheid wat die Uitvoerende Raad seker die meeste ontnugter het en hulle oorreed het om wetlike erkenning en bevoegdheid te verkry, was die gebeure rondom die sogenaamde "Vredezaal" - wat alles behalwe vrede gebring het. Daar sal kortliks na die ontwikkelinge en gebeure rondom hierdie saal gekyk word.

Op 2 Junie 1910 besluit die Uitvoerende Raad om 'n saal (die Vredezaal) in Vrededorp te koop vir die dienste van die gemeente daar.[92] Die koopprys was 200 pond. Die A.G.S. kon egter op daardie stadium net 50 pond daarvan bybring. Die res (150 pond) is toe geleen by 'n sekere E.E. Brink. Aangesien die A.G.S. nie as 'n kerk óf maatskappy geregistreer was nie is die eiendom toe gekoop op die name van T. Hezmalhalch, wat op daardie stadium president van die A.G.S. was; J.H. Greeff, wat pastoor van die Vrededorpgemeente was en dié van E.E. Brink, wat die grootste deel van die geld geleen het. Kort daarna het Brink egter die geld vir iets anders nodig gehad. Die Uitvoerende Raad het dit egter nie gehad om aan hom terug te betaal nie en daar word tussen die twee partye ooreengekom dat die Vredezaal op Brink se naam geplaas word en dat die A.G.S. dit van hom sal huur teen vier pond per maand tot tyd en wyl hulle oor die nodige fondse beskik om dit by hom oor te neem.[93]

92. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 Junie 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
93. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Oktober 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As gevolg van een of ander rede wat vandag nie bekend is nie, het daar egter probleme ontstaan tussen die pastoor van die gemeente, J.H. Greeff aan die een kant en 'n deel van die gemeenteraad sowel as met E.E. Brink aan die ander kant. Dit het in Maart 1911 plaasgevind. Die gevolg van die probleem was dat die klompie ontevredenes met Brink in hulle midde as lidmate van die A.G.S. bedank.

Dit was egter nie al nie. Hulle stel die pastoor, broer Greeff, op ondubbelsinnige wyse in kennis dat hulle hom as leier en pastoor van die gemeente onthef en hom verbied om as spreker by enige diens in die saal op te tree. Aangesien die groepie in besit van die sleutel van die saal was, het broer Greeff by die eersvolgende diens verniet by die saal opgedaag. Die deur was gesluit en die groepie het aan die mense wat gekom het, gesê dat daar geen diens sal wees nie. Dit was op die Vrydag-aand. Met die Sondagoggenddiens het broer Greeff vier ander lede van die Uitvoerende Raad met hom saamgeneem. Dit was egter onmoontlik om die diens waar te neem aangesien die klompie ontevredenes deur tussenwerpsels en op ander maniere hom in die rede geval het en dit vir hom onmoontlik gemaak het om aan te gaan. Hierop het die Uitvoerende Raadslede die sleutel van die saal geëis, maar daar is geweier om dit aan hulle te gee. Aangesien hierdie persone reeds as lidmate van die A.G.S. bedank het, was daar geen kerkregtelike stappe wat verder teen hulle geneem kon word nie. Op hierdie stadium het die Uitvoerende Raad nog nie gevoel om geregtelike stappe teen die skeurders te neem nie.[94]

Die eintlike probleem vir die Uitvoerende Raad het op hierdie stadium by die saal gelê. Dié was nou in besit van die skeurders - hulle

94. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Maart 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die sleutel gehad. Volgens die Uitvoerende Raad was hierdie besit en beheer van die saal onwettig. Dit sóu onwettig gewees het as E.E. Brink nie sy gewig by die skeurders ingegooi het nie. Dit blyk uit die notule van 23 Mei 1911, dat die Uitvoerende Raad vergeet of buite rekening gelaat het dat hulle die eiendom op die naam van Brink oorgedra het. Nadat die skeurders na 'n tweede brief van die Uitvoerende Raad steeds weier om die sleutel te oorhandig, besluit die Uitvoerende Raad om nou tot geregtelike stappe oor te gaan.[95]

Deur middel van 'n prokureur word 'n brief aan die skeurders geskryf waarin die sleutels van die saal opgeëis word. 'n Tweede brief word aan E.E. Brink gerig waarin die A.G.S. sy eis met betrekking tot die Vredezaal stel.[96] Die betrokkenes reageer egter glad nie op hierdie briewe nie.

Nadat die konstitusie tydens die Oktober Konferensie aanvaar en vier trustees ingevolge hierdie konstitusie verkies is, het die Uitvoerende Raad geglo dat hulle nou regtens aanspraak op die Vredezaal het. Trouens, die dilemma rondom die Vredezaal was waarskynlik een van die hoofredes vir die opstelling van hierdie konstitusie. Wat die Uitvoerende Raad op daardie stadium nie besef het nie, was dat die A.G.S. in die oë van die hof nog nie regspersoonlikheid gehad het nie - hulle was immers nie 'n geregistreerde liggaam nie.

Na vele onderhandelinge en briewe tussen die betrokke partye wat uiteindelik op niks uitgeloop het nie, volg daar uiteindelik in Desember 1913 'n regsaak tussen E.E. Brink en die Uitvoerende Raad.[97] Terwyl

95. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 Mei 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
96. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 November 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
97. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Desember 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die regsaak nog in aanloop was, word dit vir broer P.L. le Roux as president sowel as vir die Uitvoerende Raad duidelik dat die A.G.S. se saak nie baie sterk is nie. Alhoewel hulle so pas (November 1913) regspersoonlikheid verkry het deurdat hulle as maatskappy geregistreer is, het die Vredezaal betrekking op die tyd toe hulle nog nie geregistreer was nie.

Die gevolg was dat 'n noodvergadering van lede dringend saamgeroep is, waartydens besluit is dat die saak teen enige koste buite die hof geskik moes word.[98] Die prokureur van die A.G.S. het toe die saak met Brink se prokureur buite die hof geskik. Die A.G.S. moes die onkostes van beide prokureurs betaal.[99]

Gedurende die twee-en-'n-half jaar wat die stryd rondom die Vredezaal geduur het, het die Uitvoerende Raad daarvan oortuig geraak dat hulle sekere bevoegdhede as kerk sal moet verkry wat ook buite die kerk erken sal word. Regshulp is ingeroep en daar word besluit om as onbeperkte maatskappy te registreer. Hier doem die interessante vraag op waarom die A.G.S. hulle destyds as 'n onbeperkte maatskappy en nie as 'n kerk geregistreer het nie? In die Private wet van 1961 word die rede waarom die A.G.S. in 1913 as 'n maatskappy en nie as 'n kerk geregistreer is nie, aangegee dat "die ledetal van die sending nog nie so 'n omvang bereik het dat dit algemene erkenning as 'n kerk verkry het nie."[100]

Alhoewel hierdie rede sekerlik ook 'n oorweging was, was dit waarskynlik nie die grondliggende rede nie. Reeds in 'n vorige hoofstuk is die, "anti-kerkgevoel" in die vroeë A.G.S. beskryf. Dit is waarskynlik

98. Notule van die Uitvoerende Raad, 31 Januarie 1914. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
99. Ibid.
100. Uit die inleiding tot die Private Wet van 1961 in die Kerkwette van die A.G.S., p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as gevolg hiervan dat die A.G.S. hulleself nie as 'n "Kerk" nie, maar as 'n "Sending" onder die Maatskappyewet geregistreer het.

In die motivering waarom hulle as onbeperkte maatskappy geregistreer wou word, word eerstens genoem dat "die ledetal van die Sending en die omvang van sy werksaamhede teen 1913 in so 'n mate toegeneem het dat dit nodig geword het om voorsiening te maak vir 'n konstitusie om die bestuur van sy sake te beheer en die verwesenliking van sy doelstellings te bevorder."[101] Dat die gebeure rondom die Vredezaal beslis 'n invloed op hierdie registrasie gehad het, word duidelik uit die verdere motivering naamlik dat "dit ook nodig geword het om voorsiening te maak vir die verkryging van onroerende eiendom deur die Sending met die doel om plekke van aanbidding en pastorieë in te stel."[102]

Aan die begin van 1913 word dan daadwerklike stappe geneem om erkenning by die Regering te kry: "Resolved that immediate steps be taken to present our Constitution to the proper Authorities, and have the same recognised."[103] Op 2 Augustus 1913 besluit die Uitvoerende Raad amptelik .... "that we register immediately under the unlimited liability Companies Act."[104]

By die konferensie van November 1913 word die lidmate meegedeel dat die konstitusie nou wettiglik geregistreer is.[105] Volgens die

101. <u>Ibid</u>.
102. <u>Ibid</u>.
103. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Maart 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
104. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 Augustus 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
105. Notule van die Algemene Konferensie, 15 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maatskappye Wet moet hierdie konstitusie nou deur die lede van die maatskappy onderteken word. Aangesien dit prakties onmoontlik was vir al die lidmate van die A.G.S. om hierdie dokument te onderteken, is dit deur ongeveer dertig van die toonaangewende persone in die kerk onderteken.

Die A.G.S. was nou 'n regspersoon, maar die implikasies en gevolge van registrasie as onbeperkte maatskappy, sou in die jare wat gevolg het, 'n al groter wordende nadeel blyk te wees. Dit het byvoorbeeld meegebring dat elke lidmaat van die A.G.S. dus ook lid van die maatskappy was. Alhoewel dit mag klink asof daar nie veel komplikasies kan kom nie, ontstaan die vraag onmiddellik: wat sou gebeur indien die kerk insolvent sou raak? Dan sou dit beteken dat elke lidmaat van die A.G.S. se bates ook in gedrang kom. Ons vind dan ook dat hierdie moontlikheid byna 'n werklikheid geword het tydens die depressiejare toe die Uitvoerende Raad finansieel in 'n groot verknorsing was en gerugte versprei is dat die A.G.S. insolvensie in die gesig staar. Die gevolg was dat talle A.G.S. lidmate die kerk bedank het uit vrees dat hulle onder die Maatskappy Wet mede-verantwoordelik gehou sou word indien die A.G.S. finansieël ondergaan.[106] Hieroor meer in 'n latere hoofstuk.

Vir feitlik 48 jaar sou die A.G.S. as maatskappy geregistreer wees voordat dit in 1961 deur 'n Private Wetsontwerp in die Parlement onthef is van die maatskappywette en die volle status van "Kerk" ontvang het.

106. Notule van die Uitvoerende Raad, 4 Oktober 1932, Notuleboek 5, p. 1345, 1350 en 1351.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 9

## P. L. LE ROUX - EERSTE AFRIKAANSE PRESIDENT

John G. Lake moet sekerlik die krediet kry wat hom toekom vir sy rol in die ontstaan van die A.G.S. Die man wat egter bestem was om hierdie jong beweging te lei, in die regte bane te laat ontwikkel en groei en wat so 'n belangrike rol in die eerste dekades van die A.G.S. gespeel het, was P.L. le Roux. "Entering the Mission while in its infancy, he was used of God to guide and by wise council pilot the young movement clear of the many pitfalls which beset a Pentecostal Revival."[1] Dit sou die A.G.S. tot oneer strek as hy ooit hierdie man se nagedagtenis sou vergeet. Daarom word daar in hierdie verhandeling 'n volledige hoofstuk aan P.L. le Roux gewy. Aangesien sy hele lewensgeskiedenis bespreek word, sal hier nie by enige kronologiese afbakening gehou word nie.

### 9.1 Algemeen[2]

Pieter Louis le Roux is gebore op 25 Februarie 1865 in die Bolandse dorp, Wellington. Sy ouers was hardwerkende boere, nederig en ware Christene. Sy eerste skool wat hy bygewoon het, was die van te Groenvlei, in die distrik Wellington. Hy het in 'n besondere geestelike

1. A.W.W.F. Preller, in die Trooster Julie/Augustus 1943.
2. Heelwat inligting oor sy lewe voordat hy in die bediening ingegaan het, is verkry uit notas wat hy en sy eggenote gemaak het wat nog in hulle eie handskrif is. Dit word bewaar in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en toegewyde klimaat grootgeword. Andrew Murray wat vanaf 1871 die leraar van Wellington was, het 'n uiters belangrike rol in sy lewe gespeel. Reeds op elfjarige ouderdom het Murray van die jong seun kennis geneem en as gevolg van sekere eienskappe in sy lewe hom aangemoedig om eendag 'n predikant te word.[3] Op daardie stadium was die jong Pieter egter besiel met die gedagte om eendag te gaan boer.

Nadat hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy egter na die Universiteit van Stellenbosch gegaan waar hy vir 'n B.A.-graad studeer het. Ses maande voor hy die graad sou behaal, moes hy sy studies staak omdat sy ouers hom nie langer finansieël kon onderhou nie. In die tyd dat hy terugkeer na Wellington (ongeveer 1884), was daar weer 'n opwekking in sommige dorpe van die Boland - daar is in hoofstuk 4 van melding gemaak. Die invloed daarvan was ook op Wellington sterk waarneembaar. In hierdie tyd kom hy daadwerklik tot bekering.

Murray bemerk die hand van die Here in sy lewe en probeer hom oorreed om hom as predikant te gaan bekwaam. Op hierdie stadium wou Pieter egter nie oorreed word nie veral omdat hy 'n predikantsalaris as te ontoereikend beskou het. Hy gaan toe na die Normaalkollege in Kaapstad waar hy op 22 jarige ouderdom as onderwyser afstudeer. Intussen is hy ook op die 22e Junie 1886 getroud met mej. D.A. van der Merwe.

Hy het op Oudtshoorn begin skoolhou. Na drie maande gaan hy na Jacobsdal as skoolhoof. Twee jaar na sy troue, terwyl hy nog op Jacobsdal was, sterf sy vrou met die geboorte van hul eerste kind. Hy beskou dit as 'n vingerwysing van God dat hy in die bediening moet uitgaan. Hy keer terug na Wellington waar hy vir 'n jaar in die hoërskool onderrig gee. In hierdie tyd het Andrew Murray hom steeds liefdevol bearbei en sy hart voorberei met die oog op die bediening.

3. Trooster, Maart [illegible], p. 11.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Andrew Murray was bekend as 'n man met 'n besondere liefde en belangstelling in sendingwerk. Onder sy bediening het 'n groot aantal jongmanne uitgegaan in die sendingveld. Dit was dan ook in hierdie tyd dat daar 'n afskeidsdiens was vir 'n aantal manne wat hulle as sendelinge gekwalifiseer het en oppad was na die destydse Nyassaland. Daardie aand het Pieter die roepstem van die Here, soos die profeet in Jesaja 6, baie duidelik gehoor en homself totaal oorgegee in die diens van die Here. Hy wou toe ook sommer dadelik saam met hierdie groep sendelinge na dieselfde sendingveld gaan. Dit was egter onmoontlik. Behalwe dat hy nog die nodige opleiding sou moes voltooi, wou die dokters hom nie goedkeur nie, aangesien hulle oortuig was dat hy nie die hitte van midde-Afrika sou kon staan nie. Hy was aanvanklik baie teleurgesteld.

In hierdie tyd besoek dr. Murray Transvaal en kom onder die indruk van die groot geestelike nood en onkunde onder die Swartmense van Transvaal. Hy voel dat Wakkerstroom in die Oos Transvaal die plek is waarheen Le Roux moet gaan. Laasgenoemde verklaar homself dan ook bereid daartoe.

## 9.2 Sy bediening in die Ned. Geref. Kerk

Met sy opleiding aan die Sendinginstituut in Wellington voltooi, vertrek hy op 4 Augustus 1890 vanaf Wellington.[4] Hy het die reis na Wakkerstroom afwisselend per trein en poskoets afgelê. Hy arriveer daar op 22 Oktober. Hy sou daar egter net vlugtig kon kennis maak, want op 30 Oktober vertrek hy weer na Natal waar hy eers vir 'n ruk sou moes gaan bly om die Zoeloetaal aan te leer. Hy kom op 1 November op Gordon Mission, die sendingstasie van 'n Skotse sendeling aan waar hy die nodige ondervinding en onderrig in Zoeloe sou ontvang.

4. P.L. le Roux, het van hierdie reis deeglik dagboek gehou. Die dagboek is beskikbaar in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie tyd ontstaan daar in die Ned. Geref. gemeente op Greytown 'n geestelike herlewing. Sommige van die boere het vir hulle Swart werkers begin getuig en kerkhou. Veral 'n sekere mnr. Naas van Rooyen, wat Zoeloe goed kon praat, het vir hulle in sy waenhuis kerk gehou. Baie Zoeloes het die dienste bygewoon en tot bekering gekom, ook van die omringende plase.

Die Blanke Ned. Geref. gemeente het van hierdie herlewing onder die Zoeloes kennis geneem en het aangevra dat eerwaarde P.L. le Roux vir 'n tyd op Greytown sal kom help. Hy het die uitnodiging met graagte aanvaar en 'n geruime tyd daar bearbei. Hy het daar die krag van die Here op besondere wyse geopenbaar gesien. Daar was tye dat die hele Swart gemeente op hulle aangesigte voor God gelê en ween het.[5]

Tydens sy verblyf in Greytown het hy aan huis van bogenoemde mnr. Naas van Rooyen gebly. Hy was 'n vooraanstaande boer en 'n prominente figuur in die samelewing. Vir byna twee jaar het eerwaarde Le Roux in Greytown gearbei. Benewens die sendingwerk het hy ook ds. D. Rossouw van die Blanke gemeente met die geestelike werk bygestaan. Die kerkraad van Greytown was so in hulle skik met die sukses wat eerwaarde Le Roux onder die Zoeloes gehad het, dat hulle aangevra het dat hy by hulle moet aanbly.[6] Die Transvaalse kerk was egter nie daarvoor te vinde nie.

Kort voordat hy sou terugkeer na Wakkerstroom, op 11 April 1893, is P.L. le Roux in die Ned. Geref. kerk op Pietermaritzburg as sendeling vir Wakkerstroom georden. Dr. Andrew Murray het sy toegeneentheid teenoor hierdie jong man getoon deur al die pad van Wellington te kom vir die geleentheid. Hy het dan ook die bevestigingsrede gelewer. By die pleg-

5. **The Comforter**, October 1913, p. 12.
6. Persoonlike brief van die kerkraad van Greytown, 1893. Onder P.L. le Roux se persoonlike stukke in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tige ordeningsgeleentheid is daar ook deur verskillende predikante wat teenwoordig was, die hande op hom gelê en die seën afgebid.

Op 22 Mei 1893 is P.L. le Roux met Janie van Rooyen, oudste dogter van mnr. Naas van Rooyen getroud en sommer dieselfde dag nog het die paartjie die terugreis na Wakkerstroom aangepak. Wakkerstroom is geleë in die Oos-Transvaal, ongeveer 27 kilometers van Volksrust op die pad na Piet Retief. Dit was maar die tweede gemeente van die Ned. Geref. kerk in Transvaal wat sy eie geordende sendeling gekry het. Die jong egpaar moes die werk in die sendinggemeentetjie feitlik van die grond af begin. Daar was slegs 'n klein gemeentetjie met 'n klein kerkie naby Wakkerstroom. Hierdie kerkie het die naam gehad van "Zions Kerk". Hierdie naam was waarskynlik afgelei van die Nederlandsvertaalde Morawiese sangboek wat hulle gebruik het, genaamd Zions Liedere.[7] Die egpaar is vriendelik in die gemeentetjie verwelkom.

Daar was groot seën op sy bediening in Wakkerstroom. In die groot gebied wat hy moes bearbei, was daar soveel as 2 000 lidmate tydens sy bediening by die Ned. Geref. Kerk gevoeg.[8] Gedurende hierdie jare het die kwessie van Goddelike genesing al hoe sterker onder Le Roux se aandag gekom. Reeds in die tyd toe hy nog in Wellington was, het hy van ds. Andrew Murray se boeke bestudeer en 'n ywerige dissipel van hom geword. Noudat hy in Wakkerstroom gevestig is, het hy weer meer aandag aan studies gegee en weer eens was dit veral Murray se boeke wat hom die meeste beïnvloed het. Veral Murray se boekie oor Goddelike genesing het nuwe horisonne vir hom oopgemaak.

Hierdie belangstelling in Goddelike genesing het meegebring dat hy 'n ou kennis, Johannes Büchler, in Johannesburg gekontak het. Nadat Büchler in 1895 'n Sionskerk in Johannesburg begin het, het hy bekend

7. Bengt Sundkler, op. cit., p. 18.
8. The Comforter, October 1913, p. 12.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begin raak as iemand wat Goddelike genesing beoefen. In 1897 bring Büchler dan 'n besoek aan Wakkerstroom waartydens Le Roux se oortuigings met betrekking tot Goddelike genesing versterk word.[9] Hulle het hulle kennis en oortuigings in verband met Goddelike genesing met mekaar gedeel. In die gesprek het die Amerikaanse Sionisteleier, John Alexander Dowie, ook ter sprake gekom. Büchler het onder andere aan hom eksemplare van Dowie se "Leaves of Healing" gegee waarna Le Roux hierdie blad gereeld ontvang het. Hierdie tydskrif het sonder twyfel 'n groot invloed op hom gehad.

Kort hierna skryf Le Roux 'n brief aan sy vaderlike vriend, Andrew Murray, waarin hy hom van Büchler vertel asook van sy vaste oortuigings oor Goddelike genesing en dat hy en sy vrou besluit het om nooit weer medisyne te gebruik nie. Hy deel ook aan Murray mee dat die plaaslike sendingkomitee wat hoofsaaklik uit Blanke boere bestaan, sterk teen die leer van genesing gekant was en nie wou hê dat hy hierdie nuwe leer aan sy Swart gemeente moes verkondig nie. Alhoewel Le Roux dit nie vir sy boerevriende moeilik wou maak nie, was dit vir hom ewe moeilik om hierdie waarheid langer te verswyg: "Yet, the question is whether this 'Glad Tiding', as you call it in your little book, can any longer be hushed up."[10]

In Desember 1897 ontvang Le Roux 'n brief van Andrew Murray waarin hy sê dat hy Büchler wel ontmoet het en dat hy hom beskou as 'n man met ware geloof en dat die Here sy bediening seën, alhoewel sy sterk standpunt oor genesing sommige aanstoot mag gee.[11]

Tydens 1898 volg verdere briefwisseling tussen hulle oor die saak. In November 1898 skryf Murray 'n baie belangrike brief aan Le Roux waarin hy hom op 'n vaderlike wyse raad en leiding probeer gee. Hierin beveel hy onder andere aan dat wanneer mense nog nie gereed is om 'n

9. Bengt Sundkler, _op. cit._, p. 19.
10. _Ibid._, p. 19.
11. _Ibid._, p. 19 en 20.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sekere waarheid te ontvang nie, dit wys is om 'n bietjie daarmee te wag en intussen vir die meer essensiële aspekte van die Evangelie 'n oop deur te kry. Aan die ander kant, sê hy, is die gevaar daar dat 'n heerlike, hemelse waarheid onderdruk kan word en dat die seën daarvan ontbeer kan word. Hy vra ook of die sendingkomitee nie tevrede sal wees as Le Roux onderneem om die uiterste versigtigheid oor die saak aan die dag te lê en nie daaroor te preek nie.

In verband met hierdie brief sê Sundkler: "This was the most helpful and merciful suggestion from the very best man in the church..... Yet, it was not mercy but truth that Le Roux wanted."[12] Vir Le Roux het die oomblik van waarheid vinnig nadergekom. Hy sou hierdie waarheid nie onbepaald kon onderdruk nie. Om sy probleem te vererger, het die kwessie van die doop al hoe meer by hom opgekom. Hy het tot die oortuiging gekom dat die Bybelse doop moet geskied deur die onderdompeling van gelowiges.[13]

'n Gebeurtenis in Wakkerstroom het bygedra tot sy persoonlike krisis rondom Goddelike genesing en sy bediening in die Ned. Geref. Kerk. 'n Welbekende Blankevrou in Wakkerstroom het heeltemal van haar verstand afgeraak. Die dokters kon niks vir haar doen nie. Sy is na 'n hospitaal in Johannesburg gestuur vir behandeling, maar ook tevergeefs. Op aanbeveling van Le Roux en uit pure desperaatheid, neem hulle die vrou toe na Johannes Büchler. Hy het vir haar gebid en sy het onmiddellike genesing ontvang. Terug in Wakkerstroom was daar beroering omdat sy so 'n bekende persoon was. Hierdie gebeurtenis het gedien om Le Roux se geloof in Goddelike genesing nog verder te versterk.[14]

Die plaaslike sendingkomitee pleit egter by hom om 'n krisis te vermy, om die saak nie te forseer nie en om dit nie in sy swart gemeente

12. <u>Ibid</u>., p. 21.
13. <u>Ibid</u>., p. 21.
14. Persoonlike notas deur P.L. le Roux. In die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

te verkondig nie. Ter wille van vrede stem Le Roux voorlopig daartoe in. 'n Krisis in sy eie gesin het dinge egter tot 'n punt gebring. Hulle babadogtertjie van vyftien maande het dodelik siek geword. Vir twee weke het haar lewe aan 'n draadjie gehang. Die ouers het enige medikasie geweier. Hulle het geglo dat die genesing deur gebed moes kom. Een van die gelowiges wat getrou saam met hulle gebid het, was 'n Swartman met die naam van Charlie Sangweni. Een oggend na twee weke was die baba so swak dat hulle kwalik kon sien of sy nog asemhaal. Le Rouxwas ook moeg en moedeloos sodat hy nie meer kon bid nie en sê vir die Swartman dat die Here die baba nou maar moet neem. Hierop het Sangweni vir hom gesê: "Meneer is nou soos Petrus wat na die golwe kyk en nie na die Here Jesus nie. Kom ons bid weer."[15] Die kindjie het gesond geword.

Dit was vir Le Roux die teken. Hy sou nie langer op die ou trant kon voortgaan nie. In daardie selfde maand, Oktober 1900, handig hy sy bedanking by die sendingkomitee in.[16] Transvaal was egter toe midde-in die Anglo-Boereoorlog. Die sendingkomitee versoek hom om aan te bly as sendeling tot aan die einde van die oorlog.[17] In hierdie tyd bestudeer hy die Skrif met groot erns en verkry in sy hart volkome sekerheid oor dinge soos die gee van tiendes, Goddelike genesing en veral die waterdoop. In Januarie 1901, stel hy sy kerk in kennis dat hy nooit weer die kinderdoop sal kan beoefen nie.[18]

In 1902 is die oorlog beëindig en in Maart 1903 neem Le Roux die konsekwente stap en bedank as sendeling en lid van die Ned. Geref. Kerk[19] en sluit by die Sioniste Kerk van John Alexander Dowie aan. Hy word as sendeling in Wakkerstroom opgevolg deur A.J. Kropholler.[20] Sy

15. Vertelling deur 'n dogter van P.L. Le Roux. In die **Trooster**, September 1958, p. 14.
16. Bengt Sundkler, op. cit., p. 22.
17. Uit persoonlike notas van P.L. Le Roux. In die A.G.S. Argief.
18. Bengt Sundkler, op. cit., p. 23 en 24.
19. **The Comforter**, Oktober 1913, p. 12.
20. Bengt Sundkler, op. cit., p. 24.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedanking het nie sonder reperkussies gepaardgegaan nie. Vir die swart gemeente was die leer van Sion baie aanvaarbaar. Gevolglik het ongeveer driekwart van die gemeente saam met hom na Sion oorgegaan.[21] In hierdie verband het Le Roux eerbaar opgetree. Hy het nie die Swart gemeente beïnvloed om die Ned. Geref. Kerk te verlaat nie. Hierdie optrede van hom word duidelik weerspieël in 'n brief wat hy kort voor sy bedanking aan een van die leidende swart lidmate geskryf het: "As for me, I am going over to Zion. Those who wish to follow me may do so. Let every man give account to God for his stand. Let each man do as he thinks best. One musn't just imitate but let each man choose for himself."[22]

## 9.3 Sy bediening in die Sioniste Kerk

Die besluit om uit die sekuriteit van die Ned. Geref. Kerk te bedank en uit te stap in 'n onsekere toekoms was nie maklik nie. Die implikasies vir beide die Le Roux-gesin en die deel van die Swart gemeente wat ook bedank het, het baie gou duidelik geword. Een van die dogters van die Le Roux-gesin vermeld enige herinneringe aan daardie tyd: "Natuurlik moes my ouers toe die sendingpastorie ontruim, en niemand in die dorpie wou aan hulle 'n huis verhuur nie, omdat hulle vir die predikant bang was. Ons meubels het die hele dag op die straat gestaan, terwyl my vader rondgesoek het na enige soort verblyfplek."[23] Sundkler beskryf die eienaardige plek en die eienaardige wyse waarop daar deur 'n Engelsman, 'n ateïs, aan hulle behoefte voorsien is:"They had left the 'laager' and were to be completely ostracized by the God-fearing community of Wakkerstroom ... When at last a shelter was found, their new status as

21. Uit persoonlike notas van P.L. le Roux, in die A.G.S. Argief. Die presiese getal wat saam met hom gegaan het, is nie seker nie. Die getalle 200 (**Trooster**, September 1958, p. 14) en 500, (**The Comforter**, October 1913, p. 12) word genoem. Sien ook Sundkler, p. 44.
22. Bengt Sundkler, op. cit., p. 25.
23. **Trooster**, September 1958, p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



that of outcasts was clearly shown. They were helped this time not by their own Afrikaans-speaking community but by the 'enemy', an Englishman and a reputed atheist at that. He owned a 'spookhuis', a haunted house, with a mud floor, which no one else would have thought of occupying. This become the home of the young family, and remained so for ten years.[24]

Ook die kinders het hierdie verbanning en verguising gesmaak. Geen ander ouer het hulle kinders toegelaat om met hulle te speel nie en hulle is dikwels met vrot eiers en tamaties gegooi.[25] Maar ook die Swart gelowiges het 'n prys gehad om te betaal. In ooreenstemming met die leer van Sion het hierdie Swartes gewilliglik die gebruik van alle medisyne, tabak, en alkohol laat staan. Hierdie toedrag van sake het egter talle van die boere vir wie die Swartes gewerk het ontevrede gemaak, want hulle het dikwels tabak en drank as betaling vir die Swartes gebruik. Nou het die Swartes egter geweier om dit te aanvaar en moes die boere geld of klere as betaling gee.[26]

Natuurlik het Le Roux nou geen finansiële ondersteuning ontvang nie en moes hy in die ware sin van die woord "in die geloof lewe". Daar was ook geen kerkgebou vir die nuwe Sionistegemeente nie. Le Roux het daarin geslaag om 'n tent te bekom waarin die dienste voorlopig gehou is.[27]

Kort nadat Le Roux by die Sioniste aangesluit het, doen hy by die owerhede aansoek vir 'n stuk grond as 'n plek vir Sion: ".... it can be seen that his real objective was the foundation of a Zion, a Christian settlement to be the first Zion and holy place in southern Africa."[28] Die grond wat hy van 'n boer naby Wakkerstroom gehuur het,

24. Bengt Sundkler, op. cit., p. 26.
25. Ibid., p. 26.
26. Persoonlike notas van P.L. le Roux, [illegible]
27. Ibid.
28. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was ongeveer 1 500 morg groot en sy plan was om dit aan sowat vyftig Siongesinne onder te verhuur. Nadat hy aanvanklik 'n simpatieke antwoord van die plaaslike Kommissaris gekry het, word die aansoek egter deur 'n hoër amptenaar, die Naturelle Kommissaris vir Oos-Transvaal afgekeur.[29]

Gedurende Mei 1904 word die Le Roux's in Wakkerstroom besoek deur Daniel Bryant, slegs enkele weke na sy aankoms in Suid-Afrika. Reeds in 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat Bryant deur Dowie na Suid-Afrika gestuur is as verteenwoordiger van Sion in die plek van Büchler wat sy verbintenis met Sion verbreek het na sy besoek aan Zion City in Amerika. Bryant is in Wakkerstroom deur Le Roux verwelkom en in 'n indrukwekkende optog bestaande uit honderde Sioniste deur die strate van Wakkerstroom na hulle aanbiddingsplek gelei.

Tydens hierdie besoek het Bryant 'n groot doopdiens gehou in die rivier wat langs Wakkerstroom verbyloop, vlak langs die brug waaroor die pad in die dorp kom. 141 Persone, hoofsaaklik Zoeloes, is daardie dag deur Bryant gedoop.[30] Ook P.L. le Roux en sy eggenote is saam met hulle gedoop. Byna die hele dorp het op die wal van die rivier en op die brug gestaan om die skouspel gade te slaan. Sundkler beskryf dit as ..... "the first Zion baptism for Africans in South Africa."[31]

Tw[illegible] [illegible]1 Julie 1904, word P.L. le Roux in Pretoria as [illegible] [illegible]note as evangelis van die Christian Catholic

29. Ibid., p. 27.
30. Ibid., p. 38. Sundkler verkry sy gegewens uit 'n verslag van die doopdiens wat Bryant aan die "Leaves of Healing" in Amerika gestuur is. In sy herinneringe oor die gebeure meld P.L. le Roux, dat hulle 150 was wat gedoop is. Hierdie getal is so na aan die wat deur Bryant gegee is, dat dit waarskynlik as 'n naastenbye skatting beskou kan word - Uit persoonlike notas van P.L. le Roux, in die A.G.S. Argief.
31. Bengt Sundkler, op. cit., p. 38.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Church in Zion georden. Le Roux het ongetwyfeld die volle vertroue van Bryant geniet want toe laasgenoemde in 1906 vir tien maande na Amerika gegaan het, het hy sy Blanke gemeente in Johannesburg in die sorg van Le Roux gelaat.[32] Hy was dus vir tien maande pastoor van die gemeente wat twee jaar later feitlik in sy geheel na die A.G.S. oorgekom het.

Vir meer as vier jaar dus, was Le Roux lidmaat en ook predikant in die Sioniste kerk en kon hy vrylik die boodskap van bekering, heiligmaking, die doop van gelowiges en Goddelike genesing verkondig. Hy sou egter nog eenmaal van kerk verander, 'n kerk waarin hy vir die volgende 35 jaar tot met sy dood 'n leidende rol sou speel.

## 9.4 Sy bediening in die A.G.S.

Daar is in 'n vroeëre hoofstuk reeds gemeld dat Bryant in 1908 per skip onderweg was terug na Amerika, juis toe Lake en Hezmalhalch oppad was na Suid-Afrika. Aangesien Le Roux in 1906 vir tien maande as pastoor van die Sioniste in Johannesburg waargeneem het, is dit te verstane dat hy spoedig van die gebeure aldaar te hore sou kom, naamlik dat feitlik die hele gemeente die Pinksterondervinding deelagtig geword het en na die A.G.S. oorgegaan het.

Binne enkele weke nadat die dienste begin het, het Le Roux dus vanaf Wakkerstroom na Johannesburg gekom om self ondersoek in te stel na hierdie leer. Wat hy daar gesien, gehoor en ondervind het, het hom oortuig dat die Pinksterboodskap die volle Bybelse waarheid bevat en dat hy hom graag daarmee wil assosieer. Hy het spoedig self die ondervinding van die doop met die Heilige Gees met die spreke in ander tale ervaar. Aanvanklik het dit vir Le Roux geskyn asof die wesenlike verskil tussen Sion en Pinkster hoofsaaklik die spreke in tale is.[33]

32. *Ibid.*, p. 42.
33. *Ibid.*, p. 43.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na sy aansluiting by die A.G.S. het hy as sendeling in Wakkerstroom aangebly. Soos reeds in 'n vorige hoofstuk genoem, het sy Swart gemeente geen beswaar gehad om Pinkster te aanvaar nie, hulle was net nie bereid om die naam Sion prys te gee nie. Die naam van die werk in daardie omgewing is toe verander na "The Zion Branch of the Apostolic Faith Mission".

Die Uitvoerende Raad was blykbaar gretig en baie dankbaar om Le Roux as werker in die A.G.S. te kry. In daardie tyd toe geld baie skaars was en werkers kwalik vir hulle arbeid vergoed kon word, is die volgende besluit van die Uitvoerende Raad nogal interessant: "Br. Lake draws the attention of the meeting to the desirability of continuing the payment of 5 pounds per month to br. Le Roux of Wakkerstroom, which was contributed by the Zion Church towards his support."[34]

In Februarie 1910, word Le Roux as lid van die Uitvoerende Raad gekoöpteer[35] en wanneer die raad weer in Oktober 1910 verkies word, is hy ook een van die lede.[36] Eienaardig genoeg word hy by die volgende jaar se verkiesing in Oktober 1911, nie weer op die raad verkies nie.[37] In die volgende verkiesing in Oktober 1912, word hy egter nie alleen as lid van die raad verkies nie, maar ook as sekretaris in die plek van R.H. van de Wall wat aan die begin van 1912 oorlede is.[38]

Op die 11° November 1913 word P.L. le Roux as president van die A.G.S. gekies in die plek van John G. Lake wat na Amerika teruggekeer het. Vir die A.G.S. lidmate was daar weinig twyfel dat hy God se man vir die taak was. Voor sy vertrek na Amerika het Lake reeds die oortuiging

34. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 September 1908. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
35. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Februarie 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
36. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Oktober 1910. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
37. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 November 1911. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
38. Notule van die Uitvoerende [illegible]. Uit die [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehad dat Le Roux die persoon is wat hom sal opvolg. Dat Le Roux inderdaad Lake se man vir die presidentskap was, blyk duidelik uit 'n brief wat deur die konferensie na afloop van die verkiesing aan Lake gestuur is: "You will be glad to know that what the Lord revealed to you in the Spirit has come to pass and Bro. Le Roux has been chosen President of the Mission ..... The leading of God's Spirit in this matter was most beautiful and positive. Up to the last some of us were not sure what was the mind of God in regard to the Office of President, but it was so clearly brought out by the Spirit that all doubts were dissipated."[39]

Tydens die verkiesing is hierdie selfde gedagte deur een van die leidende lidmate, br. Scott Moffat, uitgespreek: "In his remarks he said that the leading of the Spirirt was very manifest in favour of bro. Le Roux's election."[40]

In 'n brief wat Lake uit Amerika aan Le Roux geskryf het vóór die verkiesing, laat hy ook aan hom deurskemer dat hy hom as leier van die werk in die toekoms sien: "Brother dear, if it is possible for you to settle your family affairs so as to father the work in Africa, I am of the opinion it is the wisest thing for you to do so."[41]

Dit is interessant dat Le Roux se verkiesing nie heeltemal eenparig was nie. Daar was enkele lede wat nog geglo het dat Lake weer sal terugkom na Suid-Afrika en dat die konferensie hom steeds as president moet verkies. Nadat Le Roux dus as president voorgestel is, (die verkiesings is in daardie dae nie deur geheime stemming beslis nie), was daar 'n amendament ".... that Bro. Lake be chosen as president and that a letter be written him to the effect that if he cannot accept that he

39. Notule van die Algemene Konferensie, 13 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
40. Notule van die Algemene Konferensie, 11 November 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
41. Brief van John G. Lake aan P.L. le Roux, 26 September 1913, in die A.G.S. Argief.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



should send his written resignation."[42] Hierdie amendament is egter verslaan deurdat br. Le Roux 70 stemme teenoor die 7 van die amendament gekry het. Wat was br. Le Roux se reaksie op sy verkiesing as president? "Bro. Le Roux stated that he rendered all honor to Bro. Lake. The position of President was not a position that he would seek for himself."[43]

Na P.L. le Roux se verkiesing as president was daar dan ook diegene wat hulle bedenkinge gehad het of hy in staat sou wees om die sterk en dinamiese leiding van Lake oor te neem. So skryf een van die vroeë werkers, James Moodie, in sy herinneringe oor Lake en Le Roux: "Our former President, Bro. Lake, was a quick tempered man and now we have one who will not hurt even a fly." Sy, en ander se vres[illegible]roor het egter spoedig geblyk onnodig te wees, want hy vervolg: "....... love won and love will always win - there was not so much trouble in the assemblies as what there was with Bro. Lake."[44]

Hierdie opsomming was inderdaad baie raak. P.L. le Roux se bediening was nie so dinamies, kragtig en charismaties soos dié van Lake nie. Lake was evangelis, pionier, grondlegger, die een wat die braakland in 'n kort tydjie kom omdolwe het. Vir bestendigheid, organisasie en groei op die lang duur, was hy egter nie die man nie. Inderdaad het Le Roux se leiding 'n kalmte, eenheid, konsolidasie en sekuriteit in die A.G.S. gebring. Kort na hy as president oorgeneem het, was daar wat die organisatoriese, leerstellige en finansiële aspekte betref, 'n besondere mate van bestendigheid. Daarom sien die A.G.S. 'n Goddelike voorsienigheid daarin dat Lake wat so 'n belangrike werk kom doen het as grondlegger, so spoedig deur 'n man met die kwaliteite van P.L. le Roux opgevolg is en dat hy die A.G.S. vir so 'n lang periode, byna dertig jaar, op 'n

42. Notule van die Algemene Konferensie, [illegible]. Uit die Voorlopige Notuleboek van die [illegible].
43. Ibid.
44. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

pad van bestendigheid en groei kon lei. Sundkler wys ook op hierdie feit. "It was largely due to his leadership as president of the Apostolic Faith Mission that the sound development of that White Pentecostal Movement was due. All this goes to prove that P.L. le Roux has a place in South African Church history."[45]

Reeds kort na Lake se vertrek oorsee, is br. Le Roux in die plek van Lake aangewys as die algemene of hoofpastoor van die Tabernakelgemeente. In hierdie taak is hy bygestaan deur drie ander werkers naamlik Scott Moffat, Charles Welsh en Albe Sharpe, wat die dienste in sy afwesigheid waargeneem het.[46] Sy pligte as president en superintendent van die sendingwerk het egter spoedig so vermeerder dat hy reeds in 1914 die herderskap van die Tabernakelgemeente neerlê.

'n Belangrike aspek van P.L. le Roux se bediening, was sy liefde vir sendingwerk. Hy was in die Ned. Geref. Kerk geroep as sendeling en as sendeling sou hy in die A.G.S. sterf. Met sy verkiesing as president in 1913, is hy terselftertyd as superintendent van die sendingafdeling verkies. Hy het hierdie amp tot 1929 gelyktydig saam met sy presidentskap behartig.[47] Sy goeie opleiding en rype sendingondervinding in die Ned. Geref. Kerk en by die Sioniste het meegebring dat die sendingwerk in die A.G.S. op 'n baie gesonde grondslag ontwikkel het. Die feit dat dieselfde man vir soveel jare aan die hoof gestaan het van beide die Blanke en die nie-Blanke werk, het meegebring dat 'n gesonde balans en verhouding tussen die moeder- en dogterkerke bestaan het. Dit is ongetwyfeld ook een van die hoofredes waarom sendingwerk in die A.G.S. deurgaans so 'n belangrike rol gespeel het en nooit afgeskeep is nie.

Behalwe dat P.L. le Roux vir soveel jare superintendent van die sendingwerk in die A.G.S. was, was hy tot kort voor sy dood op 'n nog

45. Bengt Sundkler, op. cit., p. 67.
46. Notule van die Uitvoerende Raad, 1[illegible] Maart 1913. Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
47. Notule van die Uitvoerende [illegible]

meer direkte wyse betrokke by die sendingwerk. Hy was naamlik al die jare opsiener van die sendingwerk in Oos-Transvaal, Zoeloeland, Swaziland en Natal. Later toe die werk te veel geword het, was hy opsiener net van Oos-Transvaal en Swaziland.

Na sy aanstelling as pastoor van die Tabernakelgemeente en sy verkiesing as president in 1913, moes hy in Johannesburg kom woon. Dit was op daardie stadium nie vir sy gesin moontlik om saam met hom te kom nie. Ten spyte van die feit dat hulle destyds teen sy skoonvader se wil die Ned. Geref. Kerk verlaat het, het laasgenoemde by sy dood tog vir sy dogter 'n erfenis nagelaat.[48] Die 250 pond was vir hulle destyds baie geld. Hulle het daarmee 'n stukkie grond, sowat vier akker, in Wakkerstroom gekoop. Met P.L. le Roux se vertrek na Johannesburg het sy gesin dus in Wakkerstroom agtergebly en van die inkomste en opbrengs van hierdie stukkie grond het sust. Le Roux die kinders versorg en grootgemaak. Die kinders het later met beurse in Pretoria verder gaan studeer en het na hulle studies aansienlike posisies in die samelewing beklee. Behalwe vir haar rol as moeder, het suster Le Roux in haar eggenoot se afwesigheid ook omgesien na die sendingwerk op die dorp en omgewing. Hierdie opofferende omstandighede het tot in 1926 voortgeduur toe die res van die gesin ook na Johannesburg verhuis het.[49] Deur al die voorafgaande jare kon hy maar sowat een maal elke ses weke by sy gesin in Wakkerstroom uitkom.

'n Kenmerk van P.L. le Roux se bediening wat ook vermelding verdien, was die mooi gesindheid wat hy teenoor ander kerke geopenbaar het. As gevolg van die behandeling wat sommige lidmate van hulle kerke ontvang het toe hulle hulle laat doop of na die A.G.S. oorgekom het, het daar soms by van die vroeë A.G.S.-lidmate 'n mate van antagonisme teenoor

48. **Trooster**, September 1955, p. [illegible].
Ook Bengt Sundkler, op. cit., p. [illegible].
49. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dié kerke bestaan. Br. Le Roux het meer as een keer by konferensies en ander geleenthede die gesindheid van Christus aan sy mense voorgehou en daardeur een van die gevaarlike sektariese tendense wat so maklik by 'n jong herlewingsbeweging kan voorkom, in die kiem gesmoor. So het hy by-voorbeeld tydens 'n ordeningsdiens by die konferensie van 1916 gesê: "Do not seek to make others feel that they are only heathen and do not know anything, whereas we can lift ourselves upbecause God has so richly blessed us. No; tell of Jesus, and tell of Him with the love that God has given in your heart."[50] Nog sterker en duideliker stel hy dit by die Werkerskonferensie in 1918: "We are charged with saying that unless people belong to the Apostolic Faith Mission they cannot enter heaven. He hoped none of our people are saying this ...... we know that there are dear children of God in the churches."[51]

Hierdie gees en gesindheid van sy president, het ongetwyfeld deurgewerk na die res van die kerk sodat die A.G.S. nooit verval het in 'n sektariese eksklusiwisme nie. Dit het sekerlik ook daartoe meegewerk dat die A.G.S. in latere jare die voortou geneem het onder die Pinkster-kerke om dialoog met ander kerke aan te knoop.

Alhoewel P.L. le Roux nie ver geleerd was in die teologie nie en slegs die formele opleiding as sendeling in die Ned. Geref. Kerk gehad het, het hy tog 'n gesonde en gebalanseerde Skrifkennis gehad. Hy het op 'n besondere manier geslaag om die A.G.S. tussen die twee groot gevare van formalisme en fanatisme deur te lei. Pastoor D.J. du Plessis het dit mooi saamgevat: "When dangers of wild fire, fanaticism beset us about, Bro. Le Roux's influence always brought the work back to balance. Whilst he was thoroughly pentecostal and spoke in tongues freely he never approved of anything that went beyond scriptural limits. His disapproval, however, was never shown by harsh condemnation of others, but rather by

Comforter. [illegible]
[illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gentle admonition."[52] Meer as een dwaalleer het sy kop in die A.G.S. probeer uitsteek terwyl hy president was, maar deur sy gebalanseerde, liefdevolle en suiwere leiding, het die A.G.S. daarvan behoue gebly.

Hy was nie juis bekend as 'n dinamiese prediker nie, maar het uitgemunt as leermeester en vader van sy kerk. Hy het uitgetroon as 'n geestelike leier.[53] Hy het egter nooit geheers nie, maar in liefde gelei. Hy was altyd genaakbaar en daar was nooit die gevaar dat hy in 'n verkeerde bui sal wees nie.[54] "His perfect peace and quietness of mind under almost all circumstances was to many an inspiration in trying days. He was truly a tower of strength in God's work ..... He hardly ever showed an impatient or irritable spirit; on the contrary, his gentleness of heart was beautifully manifested in his life."[55]

Die mees uitstaande kenmerk was sy egte nederigheid. Hy was altyd gereed om na die eenvoudigste gelowige en die kleinste kindjie te luister. "Hy was nederig genoeg om in die laagste Naturellehutjie in te kruip om die Evangelie te verkondig. Koue nagte op treine en ander ongeriewe het nooit sy ywer vir God gedemp nie."[56]

Dit was waarskynlik as gevolg hiervan dat hy nie van ampstitels gehou het nie. Hy het hom hieroor by 'n konferensie in geen onduidelik terme uitgedruk nie: "I am not too fond of the Word Pastor or even having any titles attached to our names. When we get to the place where we want people to call us Pastor, WE ARE WRONG."[57] By dieselfde konferensie het hy ook verder gesê: "We should be very careful with names and titles. Some preachers in Pentecost have taken a great liking to the title of 'Pastor'. Let us rather abide by the Word of our Lord

52. Trooster, Julie/Augustus 19[illegible], p. [illegible].
53. Persoonlike onderhoud, [illegible] Wessels.
54. Pastoor [illegible] Verm[illegible], in die Comforter, June/August 19[illegible], p. 3.
55. Comforter, June/August [illegible], p. [illegible].
56. Ibid., p. [illegible].
57. Trooster, Feb[illegible].

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jesus: 'But be not ye called Rabbi, for one is your Master, even Christ, and all ye are Brethren'. The leader is therefore a brother amongst all his brothers and sisters."[58] Dit was eers meer as 'n dekade na sy dood dat die gebruik ontstaan het om die herders of predikers in die A.G.S. "pastore" te noem. Vroeër was hulle net "broer" of "broeder" genoem.

Vir 29 agtereenvolgende verkiesings was hy die enigste kandidaat vir die presidentskap. Dit getuig van die groot vertroue wat oor so 'n lang tyd in hom gestel is. By die verkiesing van April 1943, het hy homself nie verkiesbaar gestel nie as gevolg van sy swak gesondheid. Hy aanvaar die aanbod van die Uitvoerende Raad om lewenslange ere-president van die A.G.S. te wees.[59]

Hy sou hierdie ereplek egter nie lank beklee nie. Weens sy swak gesondheid het hulle beplan om die wintermaande van 1943 aan die Natalkus deur te bring. Hy is egter drie weke later op 5 Julie 1943 in die ouderdom van 78 jaar oorlede. Sy eggenote het hom met 'n hele paar jaar oorleef. Sy is dertien jaar later, op 6 Augustus 1956 oorlede.

Hierdie hoofstuk word afgesluit met 'n gepaste huldeblyk deur een van sy tydgenote. Hierin kan ook terloops die verskil tussen sy bediening en dié van John G. Lake raakgesien word: "There are those who by forcefulness of character and outstanding gifts of leadership leave their individual mark upon the work of God; there are others whose influence is felt in quieter and gentler ways, but whose contribution to the Church is equally valuable and quite as indispensable. Brother Le Roux belongs in the second category, for his was a gentle and lovable nature that endeared him to every one of his thousands of acquaintances both within and outside the Apostolic Mission."[60]

58. Trooster, April 1935, p. 1.
59. Notule van die Algemene Werkerskonferensie, [illegible] April 1943, Boek 4, p. 2512.
60. Norman Hooper, In die Trooster. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 10

## DIE PERIODE VAN 1913 - 1928

Die twee datums wat as bakens vir hierdie hoofstuk dien, verteenwoordig twee belangrike momente in die geskiedenis van die A.G.S. Enersyds is daar 1913. Dit is die jaar waarin John G. Lake terug is na Amerika en P.L. le Roux as eerste Afrikaanse president gekies is. Dit is ook die jaar waarin die A.G.S. as onbeperkte maatskappy geregistreer is. Andersyds verteenwoordig 1928 die jaar waarin die eerste afsplitsing van die A.G.S. plaasgevind het en waardeur die Spade Reën Beweging ontstaan het. Dit was ook 'n periode waarin die A.G.S. as jong beweging fenomenale groei getoon het. Sy blanke lidmaattal het met byna 400 persent toegeneem. In hierdie hoofstuk kyk ons na die belangrikste persone, tendense en gebeure in hierdie tydperk.

### 10.1 Leidende persone in hierdie tydperk

Soos tydens die periode 1908 - 1913, word hier slegs enkele van die meer bekende en toonaangewende persone kortliks bespreek.

'n Persoon wat naas P.L. le Roux 'n uitstaande figuur in hierdie periode was, was W.C.O. Welsh, die man wat vir byna sestien jaar die vise-president van die A.G.S. was. William Charles Oliver Welsh (gewoonlik Charles of Charlie Welsh genoem), is gebore op 23 Augustus 1874 in Cornwall, Engeland.[1] Hy het opgegroei in die Wesleyaanse Kerk. Op [illegible]

1. **Die Trooster**, 15 Mei 1932, p. 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jarige ouderdom kom hy na Suid-Afrika. In 1910 word hy en sy vrou lidmate van die A.G.S. nadat hulle aanvanklik ietwat skepties na 'n diens in die Sentrale Tabernakel gekom het en gesien het hoe die Here 'n lam man op 'n draagbaar oombliklik gesondmaak.[2]

In 1913 word hy as assistent-pastoor van die Tabernakelgemeente aangestel en in die volgende jaar volg hy P.L. le Roux op as pastoor van die Tabernakel. In Februarie 1930 bedank hy as pastoor van die gemeente weens sy swak gesondheid. Al was hy 'n Engelsman, was hy baie bemind onder die Afrikaansprekendes omdat hy geen onderskeid tussen Engelse en Boere gemaak het nie. Die Afrikaners het dikwels goediglik van hom gepraat as die "klein broertjie met die groot stem".[3] Tot met sy dood op 6 Januarie 1932 het hy as vise-president van die A.G.S. gedien.

Scott Moffat was 'n Skot. Lake maak in sy dagboek van hom melding en beskryf hom as 'n "Wesleyan Methodist Local Preacher."[4] Hy het ook soos talle ander in sy tyd, na die A.G.S. oorgekom nadat hy getuie was van die genesing van sy vrou in antwoord op gebed.[5]

In Januarie 1911 word hy as evangelis in die A.G.S. aangestel[6] en in Oktober 1911 word hy as lid van die Uitvoerende Raad[7] en in November ook as tesourier van die raad verkies.[8] In Oktober 1912 word hy in beheer van die sendingwerk gestel - 'n amp wat op daardie stadium genoem is: "elder in charge of the Native work".[9]

2. **Conforter**, April 1948, p. 15.
3. **Die Trooster**, 15 Mei 1932, p. 17.
4. Dagboek van John G. Lake, 8 Desember 1910. In die A.G.S. Argief.
5. Persoonlike Onderhoud, Past. H.L. van der Westhuizen.
6. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Januarie 1911, Voorlopige Notuleboek, P 73.
7. **Trooster**, Oktober 1911.
8. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 November 1911, Voorlopige Notuleboek, p. 85.
9. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 Oktober 1912, Voorlopige Notuleboek, p. 96.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In April 1915 verhuis hy na die Kaap waar hy as pastoor van Soutriviergemeente 'n leidende rol in die Pinksterwerk in die Kaap speel. Saam met P.L. le Roux was hy ook die eerste persoon in die A.G.S. wat as huweliksbevestiger aangestel is.[10] Scott Moffat was 'n bekwame spreker en het by verskillende geleenthede oor 'n verskeidenheid van onderwerpe toesprake gelewer. Daar het verskillende artikels uit sy pen in die kerkblad verskyn.

Ook in 'n ander belangrike saak was hy die voorloper, nl. 'n soort opleidingskool, (Bible Training School), veral vir persone wat sendingwerk wil gaan doen.[11] Hierdie Bybelopleidingskool moes interkerklik wees.[12] Alhoewel die saak by vergaderings in die kerk bespreek is, het daar nie eintlik iets van gekom nie. Moffat het vir 'n tydlank een aand per week aan voornemende werkers Bybelklasse gee.[13] Aangesien persone op daardie stadium geen teologiese opleiding ontvang het voordat hulle in die A.G.S. in die bediening gegaan het nie, kan Moffat ten opsigte hiervan as 'n ware baanbreker beskou word. In 'n latere hoofstuk sal daar volledig oor die ontwikkeling van die Teologiese opleiding in die A.G.S. gepraat word.

Tesame met hierdie saak het Moffat ook 'n projek geïnisieer om 'n groot huis as 'n soort sendingsrusoord aan te koop.[14] Hier kon eie sowel as ander sendelinge, selfs van oorsee, 'n tyd van rus en herstel kom deurbring. Scott Moffat was inderdaad 'n man met 'n visioen, inisiatief en dryfkrag. Teen 1928/9 het hy egter oor sekere sake nie heeltemal oog om oog met die Uitvoerende Raad gesien nie en stilweg van die toneel verdwyn.

10. Notule van die Uitvoerende Raad, 26 Februarie 1919, Notuleboek 1, p. 265.
11. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 Julie 1920, Notuleboek 1, p. 408-410.
12. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 Maart 1921, Notuleboek 2, p. 471.
13. Persoonlike Onderhoud, Past. H.L. van der Westhuizen.
14. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 Julie 1920, Notuleboek 1, p. 265.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



R.R. Daniel was vir tien jaar lank tesourier van die Uitvoerende Raad. Toe hy in Oktober 1912 as tesourier verkies is,[15] was die finansies van die A.G.S., soos vroeër genoem, nie al te gesond nie. Hy het egter in sy dienstermyn waardevolle en stiptelike werk gelewer. Met die verkiesing in Julie 1922 het hy homself a.g.v. swak gesondheid nie weer verkiesbaar gestel nie. Hy is as tesourier opgevolg deur br. W.H. Plaat.

Die woorde van die president by die uittrede van br. Daniel spel uit iets van die tragiese omstandighede en opofferinge wat gepaard gegaan het met die bediening in die vroeë jare van die A.G.S. Daar was geen pensioenskema of onderlinge hulpfonds wat werkers aan die einde van hulle bediening en in hulle oudag kon help nie: "The President thanked Bro. Daniel on behalf of the Mission for the faithful services he had rendered and said although we could not give our Bro. a pension, he would receive his reward on the other side".[16]

'n Man wat sy lewe op jeugdige ouderdom in diens van die Koninkryk geoffer het en wat spesiale vermelding verdien, is W.F. (Frank) Dugmore. In 1911 kom hy as jongman tot bekering.[17] Teenstrydig met die gebruik in daardie jare dat merendeels middeljarige en ouer manne op die Uitvoerende Raad verkies word, word Dugmore reeds in Maart 1913 op die Uitvoerende Raad gekies in die vakante plek van John G. Lake wat toe pas oorsee is.[18] Lake moes self 'n besondere vertroue in hierdie jongman gehad het, want met sy vertrek na Amerika het hy hom as sy gevolmagtigde aangestel om al sy persoonlike korrespondensie te behartig.[19]

15. Notule van die vergadering van die Algemene Konferensie, 1 Oktober 1912, Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
16. Notule van die Algemene Werkerskonferensie, 17 Julie 1922, Boek 3, p. 579.
17. **The Comforter**, September - Oktober 1911, p. 8.
18. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Maart 1913, Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.
19. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 Maart 1913, Uit die Voorlopige Notuleboek van die Uitvoerende Raad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Frank Dugmore het besondere administratiewe bekwaamhede besit. Dit is dus nie verbasend dat hy reeds by die verkiesing van November 1913 as sekretaris van die A.G.S. gekies word nie - 'n amp wat hy tot met sy dood behou het. Meer as alles egter was hy geroepe as sendeling. Meer as eenkeer wou hy die amp as algemene sekretaris van die kerk bedank om sodoende sy volle aandag en tyd aan die sendingsaak te kan bestee. Hy het dan ook gedurende sy kort bediening in die A.G.S. 'n leidende rol op die sendingakker gespeel. Die ontstaan van die sendingwerk van die A.G.S. in verskillende dele van die land, kan na sy onvermoeide arbeid teruggevoer word. So kan hy as die baanbreker van sendingwerk in Natal beskou word. Hy het reeds in 1912 die sendingwerk daar begin.[20] Hy het ook 'n sendingstasie op 'n plaas van 3 000 morge in die destydse Suid-Rhodesië begin.[21] Die naam van die sendingstasie was Gobateme en was vir baie jare lank 'n belangrike sentrum van die werk van die A.G.S. in Rhodesië.

Dit was juis op 'n sendingtog, dat hy by Hectorspruit naby Gazaland malariakoors opgedoen het en na 'n kort siekbed te sterwe gekom het op 5 November 1920.[22] Sy oorskot is per trein na Johannesburg gebring waar hy in die Brixton begraafplaas begrawe is. Hy het sy eggenote en klein dogtertjie agtergelaat. Die dood van hierdie belowende jongman het as 'n besondere skok en terugslag vir die A.G.S. gekom. Sy eggenote, M. Dugmore, was vir baie jare daarna aktief in die sendingwerk betrokke. Sy het o.a. vir jare op Gobateme in Rhodesië vir die Here gewerk.

Twee broers wat prominente rolle gespeel het en in die A.G.S. goed bekend was, was Daan (D N) en Hennie van Vuuren. Hierdie twee forse boere van Parys-distrik is albei kort na die ontstaan van die A.G.S.

22. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 November 1920, Boek 2, p. 447-448.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedoop in die Heilige Gees en het lidmate van die Sending geword. Kort daarna is br. Hennie van Vuuren se vrou wat vir nege jaar 'n hulpelose invalide was, volkome deur die Here genees.[23] Daarna het hierdie twee broers deeltyds vir die Here begin werk. Eintlik het hulle van toe af deeltyds begin boer, aangesien hulle meeste van die tyd in verskillende dele van die land besig was om die Evangelie te verkondig.[24]

Br. D.N. van Vuuren is in April 1915 op die Uitvoerende Raad gekies[25] en sy broer Hennie, in April 1917.[26] Hulle was jaarliks ot met hulle dood as lede van die raad verkies. Br. Hennie van Vuuren is oorlede op 31 Oktober 1930[27] en sy broer op 20 Junie 1935.[28] Hierdie broers het veral baie gedoen om die Pinksterboodskap onder die Afrikanermense en boere soos hulle, te versprei.

Een van die bekendste en getrouste werkers van die A.G.S. was <u>br. J.G. Henning</u>. Hy is gebore op 5 Oktober 1875 te Rouxville in die Vrystaat.[29] Hy het reeds in 1905 tot bekering gekom en in 1908, kort na die ontstaan van die A.G.S. is hy ook gedoop in water en gevul met die Heilige Gees.[30] Reeds in 1909 begin hy vir die Here werk. Hy is in April 1915 op die Uitvoerende Raad verkies[31] en daarna jaarliks sonder uitsondering totdat hy in 1949 uit aktiewe diens getree het.[32] Hy is toe, tot met sy dood, as erelid van die Uitvoerende Raad aangestel. Sy 34 jaar wat hy onafgebroke op die Uitvoerende Raad verkies is, is een van die langste termyne op hierdie raad in die geskiedenis van die A.G.S.

23. **Comforter**, Oktober 1913, p. 14.
24. <u>Ibid</u>.
25. Notule van die Algemene Konferensie, 5 April 1915, Notuleboek 1 van die Uitvoerende Raad, P 22 en 23.
26. Notule van die Algemene Konferensie, 9 April 1917, Notuleboek 1 van die Uitvoerende Raad, P 108 en 109.
27. **Trooster**, November 1930, p. 11.
28. **Trooster**, September 1935, p. 15.
29. Artikel deur J. Labuschagne, **"Aangename Kennismaking"**, in die **Comforter**, Oktober 1951, p. 11.
30. <u>Ibid</u>.
31. Notule van die Algemene Konferensie, 5 April 1915, Notuleboek 1 van die Uitvoerende Raad, p. 22 en 23.
32. **Trooster**, Mei 1949, p. 16.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy is ook tot op hede die pastoor wat vir die langste periode dieselfde gemeente sonder onderbreking bedien het. Hy was pastoor van die gemeente Brakpan vanaf 1916 tot 1944 - 'n volle 28 jaar![33] Br. Henning was bekend as iemand wat ryklik geseënd was met allerlei geestesgawes. Hiervan is baie te lees in 'n boekie wat oor sy lewenservaringe handel.[34] Dit is gepubliseer in 1951. Hy is oorlede op 7 Mei 1962.[35]

'n Persoon wat vir 'n hele aantal jare Algemene Sekretaris van die A.G.S. was, is br. I.D.W. Bosman. Hy is in April 1920 op die Uitvoerende Raad gekies[36] en in November van dieselfde jaar word hy aangestel as sekretaris in die plek van Frank Dugmore, wat toe pas oorlede is.[37] In Augustus 1924 bedank hy as sekretaris en lid van die Uitvoerende Raad.[38] In April 1926 word hy egter weer as lid en sekretaris van die raad gekies.[39] Hy word daarna jaarliks in hierdie amp herkies totdat hy in Augustus 1935 om persoonlike redes van die raad bedank en ook die herderstaf van die gemeente Rosettenville neerlê, waar hy op daardie stadium pastoor was.[40] Hy kom te sterwe op 14 November 1970.[41]

Daar is nog een persoon in hierdie periode wat hier genoem word. Hierdie persoon was geen Uitvoerende Raadslid of heeltydse werker

33. **Pinkster Vaandel**, Mei - Junie 1944.
34. Henning, J G, **My lewenservarings.**
35. Persoonlike onderhoud met sy seun, Past. J.V. Henning.
36. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 5 April 1920, Notuleboek 1 van die Uitvoerende Raad, p. 385 - 388.
37. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 November 1920, Boek 2, p. 446.
38. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Augustus 1924, Boek 4, p. 762.
39. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 2 - 11 April 1926, Boek 4 van die Uitvoerende Raad, p. 909.
40. **Trooster**, Augustus 1935, p. 30.
41. **Trooster**, Januarie 1971, p. 4.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie, maar 'n vrou, die eggenote van Genl. J.B.M. Hertzog.[42] In 'n tyd waarin weinig mense van stand, status en posisie met Pinkster geassosieer was, was hierdie merkwaardige vrou een van die uitsonderings. Sy is in 1921 in die nuwe saal van die A.G.S. in Bloemfontein gedoop.[43] Sy het ook daar die Pinkstersondervinding van die vervulling met die Heilige Gees ontvang.

Haar doop het groot opspraak verwek. Die gebeurtenis is op 'n ongelukkige wyse deur 'n koerantredakteur wat die doopplegtigheid heel toevallig bygewoon het, wêreldkundig gemaak.[44] Oornag het die hele land geweet dat mev. Hertzog haar by die "Apostolies" laat doop het. Briewe van kritiek en veroordeling is uit alle oorde na die kantoor van haar man, as leier van die Nasionale Party gestuur.[45] Dit was immers, veral vir daardie tyd, 'n ongehoorde ding dat so 'n prominente persoon in die Nasionale Party met die Wederdopers deurmekaar kan wees! Genl. Hertzog het dadelik 'n brief aan sy politieke kollegas en die belangrikste koerante gestuur.[46] In hierdie brief maak hy geen verskoning vir sy eggenote se handelswyse nie. Inteendeel spreek hy sy dank en waardering uit teenoor sy vrou en vermeld hy haar toewyding aan die Here. Hy het dit ook duidelik gestel dat hy haar godsdienstige oortuigings as haar persoonlike saak beskou en nie daarmee sal inmeng nie. Binne twee dae was die hele polemiek op 'n einde.[47]

Sy was tot haar dood 'n aktiewe en meelewende lidmaat van die A.G.S.. In die dienste het sy geweier om enigsins anders as enige gewone lidmaat behandel te word. Sy is oorlede op 4 April 1942 terwyl die jaar-

42. In die boek "A man called Mr. Pentecost", waarin Bob Slosser die lewensverhaal van David J. du Plessis vertel, verstrek hy 'n aantal interessante wetenswaardighede i.v.m. mev. Hertzog, p. 46-48.
43. Notule van die Uitvoerende Raad, 20 Mei 1921, Boek 2, p. 497-498.
44. Bob Slosser, op. cit., p. 47.
45. Ibid., p. 47.
46. Ibid., p. 48.
47. Ibid., p. 48.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



likse kampkonferensie aan die gang was. Haar dood het as 'n groot skok tot die konferensie gekom: "A deep hush fell upon the multitude when it was solemly announced that news had been received that Sister General J.B.M. Hertzog had passed into Eternity the previous day. For over twenty years she had been a faithful member of the Mission. During that period her beloved husband had been Prime Minister of the Country for sixteen years. She stood by him loyally and faithfully in prayer but never appeared in public on political platforms or wordly platforms or wordly socials. Eternity alone will tell what great influence she excercised in working silently and unseen for God".[48]

## 10.2 Groei en ontwikkeling gedurende hierdie periode

### 10.2.1 Dr. Holloway se sensus

Een van die uitstaande kenmerke van die A.G.S. en trouens van die Pinksterbeweging wêreldwyd, is die verbasende groei in getalle. (In Bylae B aan die einde, word sommige statistieke verskaf.) Die A.G.S. het in 1908 met enkele persone begin. Tien jaar later in 1918, was daar by benadering 5 000 blankes en 13 000 nie-blankes.[49]

Interessante gegewens oor die groei van die A.G.S. in die periode onder bespreking, kom uit die sensusopname van dr. J.E. Holloway, wat in Mei 1926 geneem is.[50]

Volgens hierdie sensusverslag, tel die A.G.S. in 1926 onder die twaalf grootste denominasies in die land. Dit het ook by verre die grootste getalletoename vir die vyf jaar vanaf 1921 tot 1926 getoon. Die toename van 7 742 in 1921 tot 15 544 in 1926, verteenwoordig 'n groei van 100,77 persent in vyf jaar. Die kerk wat die tweede grootste groei in

48. **Trooster**, April Mei 1942, p. 11.
49. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 November 1918, Boek 1, p. 245.
50. 'n Deel van die verslag word weergegee in die **Comforter**, Julie - Augustus 1929, p. 10 en 11. Die gegewens in die volgende paar paragrawe kom uit hierdie verslag.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dié tydperk getoon het, was die Lutherane met 22,37 persent.

Interessant uit hierdie sensusverslag is ook die verskillende taal-, bevolkings- en kerkgroepe waaruit die A.G.S. lidmate kom. Van die 15 544 A.G.S. lidmate in 1926, was 9 981 tweetalig; 5 056 was Afrikaanssprekend en 499 Engelssprekend. 8 was ongespesifiseerd. Die huistaal van 12 757 van die 15 544 was Afrikaans.

Hierdie verslag het ook aangetoon dat die grootste deel van die A.G.S. lidmate voorheen lidmate van die "Dutch Churches" was. Die provinsiale verspreiding van die A.G.S. was in 1926 soos volg: Kaap, 3 000; Natal, 900; Transvaal, 9 700 en die Vrystaat, 1 900. Van die 15 544 was 9 273 in stedelike gebiede en 6 271 in plattelandse gebiede.

Wat was die reaksie van die A.G.S. op hierdie sensusverslag? Hulle filosofie oor hierdie merkwaardige groei was heel eenvoudig: "Candidly speaking, we consider that such must be contributed to the extraordinary effect on the masses of the simple Gospel Message, preached by ordinary men in the power of the Holy Spirit, and backed by consecrated and sanctified lives. When so preached, the power of the Gospel through all the ages has proved invincible".[51]

Ook in die dekades wat hierop gevolg het, het sensusstatistieke telkens getoon dat die A.G.S. die grootste persentasie groei onder die Blanke kerke in Suid-Afrika gehad het.

Die groei in lidmaattalle word ook weerspieël in die toename in die aantal gemeentes wat in hierdie periode ontstaan het. In 1922 was daar reeds 84 gemeentes in die land waarvan veertig in Transvaal was[52] en volgens die adreslys van 1928 was daar 132 gemeentes met 68 in Transvaal.[53]

51. **Comforter**, July - August 1929, p. 11.
52. **Trooster**, Desember 1922/Januarie 1923, p. 15.
53. **Trooster**, April 1928, p. 2.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 10.2.2 Die stryd om die aanstelling van Huweliksbevestigers

Daar is reeds vroeër daarop gewys dat die eerste Pinkstermense in Suid-Afrika nie angstig was om as 'n kerk of organisasie gesien of aanvaar te word nie. Met die toename in getalle en noodwendige organisasie wat daaruit voortgevloei het, het sekere praktiese probleme egter begin ontstaan wat die Uitvoerende Raad genoop het om 'n sekere mate van erkenning te verkry. Een van die probleme was om regspersoonlikheid te verkry met die oog op die verkryging van eiendom. Hieraan is reeds in 'n vorige hoofstuk aandag gegee. Hierdie probleem kon opgelos word deur as 'n onbeperkte maatskappy te registreer. Dit het dan ook in 1913 gebeur.

'n Ander praktiese probleem wat van die begin af daar was en vinnig groter geword het, was die feit dat die A.G.S. geen huweliksbevestigers gehad het om hulle jongmense wat wou trou in die huwelik te bevestig nie. Die probleem was nie so groot vir jongmense van die A.G.S. wat met jongmense van ander kerke getroud is nie. In sulke gevalle kon die huwelik soms in die kerk van die ander party voltrek word. Die probleem was egter dat die A.G.S. in daardie dae en in hierdie opsig 'n redelike eksklusiewe gemeenskap was. Dit was as die verkieslikste beskou dat A.G.S. jongmense binne hulle eie kerklike geledere 'n huweliksmaat sal soek en wanneer die keuse op iemand buite die A.G.S. geval het, was hy/sy dikwels eers tot die Pinksteroortuigings oorgehaal alvorens daar tot 'n huwelik oorgegaan is. Hierdie toestand is verder meegehelp van buite deur die vooroordeel waarmee die A.G.S. dikwels bejeën is.

Feit van die saak was dat talle jongmense in die vroeë A.G.S. dus weens die afwesigheid van enige huweliksbevestigers gedwing was om buite die kerk in die huwelik bevestig te word. Dit was uit die aard van die saak veral in daardie dae 'n uiters onwenslike en onuithoudbare situasie.

Voordat die A.G.S. enige erkenning van staatsweë as organisasie

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of liggaam ontvang het, was dit logies dat dit buite die kwessie was om vir die aanstelling van huweliksbevestigers te vra. Met die registrasie as onbeperkte maatskappy in 1913, is daar gereken dat die A.G.S. nou kwalifiseer vir die aanstelling van huweliksbevestigers. Dus word daar direk na die registrasie in 1913 by die Minister van Binnelandse Sake aansoek gedoen dat P.L. le Roux as president en J.H. Greeff as vise-president aangestel word as huweliksbevestigers.[54] Die aansoek is afgewys. Dieselfde prosedure word weer 'n jaar later aan die einde van 1914 gevolg en dieselfde twee broeders word weer aanbeveel. Die aansoek word egter weer nie toegestaan nie.[55] Daar word egter besluit om die saak nie daar te laat nie, maar om 'n petisie op te stel en deur soveel as moontlik lidmate te laat teken en dit dan aan die Minister voor te lê.[56]

By die eersvolgende algemene konferensie in April 1915, word so 'n petisie dan ook voorgelê. Vier persone word in hierdie petisie aanbeveel vir aanstelling naamlik: P.L. le Roux, J.H. Greeff, S. Moffat en C. Welsh.[57] Die petisie, onderteken deur die konferensiegangers word toe na die Minister gestuur, maar weer eens sonder sukses.

Die behoefte aan huweliksbevestigers het egter steeds groter geword. Verdere onderhandelings het geblyk geen vrugte af te werp nie. Tydens die werkerskonferensie van Julie 1917 is besluit om nog eens 'n petisie in die verband aan die regering voor te lê.[58] Ook hierdie petisie was tevergeefs. Aangesien daar op geen ander manier 'n oop deur gekry kon word nie, is daar in 1918 weer 'n petisie aan die regering voor-

54. Notule van die Uitvoerende Raad, 7 Desember 1914, Uit die Voorlopige Notuleboek.
55. Ibid.
56. Ibid.
57. Notule van die Algemene Konferensie, 5 April 1915, Notuleboek 1, p. 24.
58. Notule van die Werkerskonferensie, 4 - 7 Julie 1917, Notuleboek 1, p. 136.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelê.[59] Hierdie petisie het blykbaar uiteindelik die wiele aan die rol gekry. Dit was egter eers in Februarie 1919, meer as vyf jaar nadat daar vir die eerste keer aansoek gedoen is, dat die blye nuus aan die Uitvoerende Raad bekendgemaak kon word: "Br. Dugmore announced the appointments of Brs. P.L. le Roux and Scott Moffat as Marriage Officers, and that three of the other names are still under consideration".[60]

Die vraag kan gevra word waarom die regering soveel keer die aanstelling van huweliksbevestigers vir die A.G.S. geweier het. Die eerste moontlikheid is waarskynlik omdat die A.G.S. as maatskappy en nie as kerk geregistreer was nie. Die regering sou dan beswaarlik hierdie "kerklike voorreg" aan 'n liggaam toeken wat as 'n maatskappy geregistreer is. Tweedens was die geletterdheid en teologiese geskooldheid sekerlik ook 'n faktor. Dit is opvallend dat die twee persone wat eerste aangestel is, Le Roux en Moffat, redelik geletterde mense was en albei het in een of ander vorm van kerklike bediening in hulle vorige denominasies gestaan. Derdens kan die relatiewe klein lidmatetal van die A.G.S. - in 1918 ongeveer 5 000 Blankes en 13 000 Nie-blankes[61]), ook die regering aanvanklik van aanstellings weerhou het. Die moontlikheid kan laastens ook geopper word, of die algemene gevoel van antagonisme teen die A.G.S. van die kerke wat die meeste invloed in regeringskringe gehad het, nie ook bygedra het tot die langdurige weiering van die regering in hierdie verband nie.

## 10.3 <u>Goddelike genesing en die stryd teen verpligte inenting</u>

In 'n vorige hoofstuk is reeds melding gemaak van die standpunt

59. Notule van die Uitvoerende Raad, 5 April 1918. Notuleboek 1, p. 187.
60. Notule van die Uitvoerende Raad, 26 Februarie 1919. Notuleboek 1, p. 265.
61. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 November 1918, Notuleboek 1, p. 245.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die vroeë A.G.S. teenoor siektes, dokters en medisyne. Daar word in hierdie hoofstuk verder daarop uitgebrei.

Dit is duidelik dat daar in daardie jare geen kompromie te vind was tussen dokters en medisyne aan die een kant en Goddelike genesing aan die ander kant nie. P.L. le Roux stel dit duidelik by 'n konferensie in 1918: "Br. P.L. le Roux asked how God heals. Does he institute Doctors and tell us to go to them? No. Ex. 15:26 - He says 'I am the Lord your Healer'".[62] Reg deur P.L. le Roux se termyn as president, het dit duidelik geblyk dat hy net so sterk en selfs sterker op Goddelike genesing gestaan het as John G. Lake. Getuienisse van lidmate selfs teen 1940 het duidelik hierdie standpunt weerspieël: "Ek is bly dat ek hierdie les kon geleer het, en ek wil andere ook aanmoedig om nie eenkant medisyne te gebruik nie, dit is 'n gruwel in God se oog".[63]

Met so 'n standpunt was dit uit die aard van die saak heeltemal onnodig en eintlik 'n teken van ongeloof om aan 'n mediese fonds te behoort. Die probleem was egter dat sommige instansies soos die Spoorweë 'n verpligte mediese fonds vir sy werknemers gehad het. Dit het meegebring dat A.G.S. lidmate in diens van die Spoorweë moes meehelp om aan 'n siekefonds te betaal, terwyl hulle self geen voordeel daaruit getrek het nie. As gevolg daarvan word die volgende besluit deur die Uitvoerende Raad in 1927 geneem: "..... that representations be made to the Minister of Railways to exempt railway employees who belong to the A.F.M. from falling under the sick fund rule of the South African Railways."[64] Dit is ironies en interessant dat die standpunt van die A.G.S. in enkele dekades oor hierdie saak só verander het, dat sy pastore vandag verplig is om aan die mediese fonds van die kerk te behoort.

62. Notule van die Werkerskonferensie, 18 Julie 1918, Notuleboek 1 van die Uitvoerende Raad, p. 207.
63. **Trooster**, April 1939, p. 26.
64. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 April 1927, Boek 4, p. 954.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie oortuigde geloofstandpunt van meeste van die vroeë A.G.S. lidmate, het enersyds 'n hoë frekwensie van genesingswondere tot gevolg gehad. Gelowiges het doodeenvoudig onverbiddelik aangehou bid englo. Andersyds het dit soms ook probleme gebring. Volwasse persone kan nie wetlik gedwing word om mediese hulp of medisyne te aanvaar nie. Dit word egter as 'n misdaad beskou wanneer mediese hulp aan 'n siek kind geweier word. Sulke gevalle het dan ook in die vroeë A.G.S. voorgekom.

In Krugersdorp was daar bv. in 1917 'n egpaar Botha wat A.G.S. lidmate was. Hulle was ernstige gelowiges wat hulle kerk se standpunt oor Goddelike genesing onderskryf het. Toe hulle kind siek word, het hulle mediese hulp en medisyne geweier en aangehou glo en bid. Die tragiese gevolg van hierdie weiering was egter dat die kind gesterwe het. Die klag was dié van opsetlike nalatigheid jeens hulle kind.[65] Die Uitvoerende Raad besluit om teen die utspraak te appélleer. Die kerk sou alle kostes in verband daarmee dra.[66] Die appélsaak het in die hooggeregshof gedien, maar het ook misluk.[67]

By die eersvolgende konferensie word die volgende besluit geneem: "That we petition the Government for the amendment of the law in such a way as to insert a Conscience Clause granting exemption from use of medicines etc to those who belong to a Recognised religious body against whose faith it is to use medicines".[68] Daar word ook by die konferensiegangers 'n oproep gemaak om by te dra tot die onkoste van bogenoemde hofsaak. Laasgenoemde bedrag was 105 pond. Helfte daarvan word deur die konferensie bygedra.[69]

65. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Desember 1917, Boek 1, p. 157.
66. Ibid.
67. Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Maart 1918, Boek 1, p. 165.
68. Notule van die Algemene Konferensie, 2 April 1918, Boek 1, p. 171.
69. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eintlike groot stryd waarin die A.G.S. se siening oor Goddelike genesing hom in laat beland het, was dié teen die "Nieuwe Gezondheidswet"[70] (Public health Act) van 1919 wat inenting teen pokke 'n wetlike verpligting gemaak het. Verpligte inenting het egter geskrei teen die A.G.S. se standpunt oor Goddelike genesing. Reeds in die tweede helfte van 1918, toe dit bekend word dat wetgewing in die verband onderweg is, het die Uitvoerende Raad die volgende besluit geneem: ".... that this Council resolves to bring to the notice of the Minister of State Concerned with public Health that the members of this mission numbering about 5 000 Whites and 13 000 Natives cannot submit to compulsory vaccination or inoculation or use of medicines or drugs in any form it being an article of our faith that the Lord Jesus Christ is our Healer. We therefore trust that in any contemplated legislation provision will be made for a concience clause to meet our case".[71]

Op die 22e Februarie 1919 het 'n petisie van die A.G.S. teen die komende verpligte inenting in die Engelstalige dagblad "The Star" verskyn.[72]

'n Aantal godsdienstige groepe en bewegings wat teen die nuwe gesondheidswet van 1919 gekant was, het ook saamgestaan in hierdie saak sodat hulle beswaar meer gewig kan dra. Johannes Büchler het hierin 'n leidende rol gespeel.[73] Die komende gesondheidswet is aan die begin van 1919 deur die Volksraad na 'n gekose komitee verwys wat die besware sou aanhoor van diegene wat teen die nuwe wet was met die oog daarop om

70. **Trooster**, Maart 1919, p. 7.
71. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 November 1918, Boek 1, p. 245.
72. Notule van die Uitvoerende Raad, 26 Februarie 1919, Boek 1, p. 265.
73. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n moontlike gewetensklousule in die wet te voeg.[74] Büchler het ook namens die A.G.S. die ontevredenes voor die komitee verteenwoordig.

Die gekose komitee het toe op die besware gereageer en by die Parlement aanbeveel dat so 'n gewetensklousule by die wet ingevoeg word. Die Parlement het hierdie aanbeveling goedgekeur, maar dit is deur die Senaat verwerp. As gevolg hiervan het die Parlement toe ook die skrapping van die klousule aanvaar.[75] Die konferensie van die A.G.S. het egter nie by hierdie negatiewe uitslag berus nie en het op tweërlei optrede besluit. Eerstens sou 'n poging aangewend word om die Minister van Binnelandse Sake oor die aangeleentheid te spreek. Tweedens sou daar by kandidate vir die komende verkiesing aangedring word om hulleself te verbind om die invoeging van so 'n gewetensklousule te ondersteun.[76]

Tydens die onderhoud met die Minister het hulle blykbaar 'n simpatieke oor gevind, want hy beloof dat, alhoewel hy nie die wet kan wysig nie, hy tog 'n mate van beskerming aan beswaardes sou probeer verleen.[77] Die Uitvoerende Raad besluit hierop om aan elke lidmaat en hulle kinders 'n lidmaatskapkaart te verskaf waarop die standpunt van die A.G.S. m.b.t. inenting en die gebruik van medisyne verskyn.[78] Die volgende bewoording het daarop verskyn: "We the undersigned hereby certify that .... of ..... is a member of the Apostolic Faith Mission of South Africa. Further that our acceptation of the Scripture and the teaching

74. **Trooster**, Maart 1919, p. 7.
75. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 16 Julie 1919. Boek 1, p. 311 en 312.
76. Ibid.
77. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Oktober 1919, Boek 1 p. 330 en 331.
78. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of God's Word does not permit our members to be vaccinated, innoculated or to use medicines or drugs."

"As the responsible leaders we exhort our people to be true to their principles and faithful to God and His Word. We further declare it to be our determination to obey God rather than man as did the Apostles of old. (Act 4:19). If we have to suffer for conscience sake and for the Gospel we are willing to do so".[79]

So sterk was die gevoel teen verpligte inenting, dat lidmate selfs voorberei is vir boetes, tronkstraf en vervolging: "On Sunday morning the President announced the fact that we were liable to imprisonment if we refused to be vaccinated, but he exorted all to be steadfast and if prosecuted and given the option of a fine to refuse to pay it and go to gaol rather".[80] Hulle het hulle dus as't ware gereed gemaak vir martelaarskap: "Also that the Lord might make them faithful to stand the test against the powers of Evil, when the time for testing came".[81]

As verdere maatreëls besluit die Uitvoerende Raad dat lidmate versoek sal word om briewe in die verband aan die Eerste Minister te skryf. Amptelike briewe oor die saak sal ook aan die leiers van die vier politieke partye geskryf word.[82] Intussen het die A.G.S. met alle mag die "Anti-Vaccination League" wat in Pietermaritzburg deur 'n sekere mnr Cooke gestig is, ondersteun:[83] "Het werd gerapporteerd, dat deze petities in Natal door 15 000 personen getekend werden".[84]

79. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 Mei 1920, Boek 1, p. 397 en 398.
80. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 11 April 1920, Boek 1, p. 391.
81. Notule van die Spesiale Werkerskonferensie te Bloemfontein, 2 Augustus 1920, Boek 1, p. 414 - 416.
82. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 Mei 1920, Boek 1, p. 397.
83. Notule van die Spesiale Werkerskonferensie te Bloemfontein, 2 Augustus 1920, Boek 1, p. 414.
84. **Trooster**, November 1921, p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na vele vertoë en oproepe tot die betrokke minister sowel as die Eerste Minister, ontvang hulle 'n antwoord van Genl. Smuts dat die wet nie ongenadiglik op persone met gewetensbesware toegepas sal word nie, maar die wet kan nie verander word nie.[85]

Oor die algemeen het A.G.S. lidmate geweier om hulle of hulle kinders te laat inent of immuniseer. Sosiale implikasies as gevolg hiervan sou egter nie uitbly nie. So verneem die Uitvoerende Raad van een van die lidmate van Dundee, 'n sekere br. Grevelink, dat die skoolhoof sy kind verbied om na die skool te kom omdat hy nie ingeënt is nie.[86]

In Oktober 1928 tree 'n nuwe gesondheidswet in werking wat voorsiening maak vir gewetensbeswaardes. Die volgende aanhaling in die amptelike kerkblad verduidelik die saak: "Die Nuwe Gesondheidswet het op 1 Oktober 1928, in werking getree. Inenting teen pokkies is daardeur verpligtend gemaak vir volwasse persone sowel as vir klein kinders. Maar daar is ook voorsiening gemaak vir vrystelling van persone wat gewetens-besware het teen inenting.

Om vrygestel te word moet die huisvader binne ses maande van 1 Oktober 1928 en verder binne ses maande na die geboorte van 'n kind, persoonlik verskyn voor die Registrateur van Geboortes en Sterfgevalle van sy wyk of distrik. Daar moet hy vra na 'n vorm om in te vul. Op die vraag waarom hy sy kind, en ook homself, nie wil laat inent nie, kan hy skryf: 'Ek is 'n lid van die Apostoliese Geloofsending, en het gewetens-beswaar teen inenting op godsdienstige gronde'.

85. Notule van die Algemene Jaarlikse Werkerskonferensie, 1 Augustus 1921, Boek 2, p. 506.
86. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Februarie 1922, Boek 2, p. 547.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As ons gevra word waarop ons beswaar berus, kan ons antwoord dat die leer van onse Sending teen die gebruik van medisyne is, en dat ons geloof die Here maak op die gebed gesond, soos die Woord leer in Markus 16:18 en Jak. 5:14-16.

Ons raad is, dat elkeen so spoedig moontlik die vorm sal invul, en geen onnodige uitstel sal maak nie".[87]

Daar was uiteraard groot dankbaarheid oor hierdie vergunning wat gemaak is. Daar was egter een probleem. Slegs persone wat reeds A.G.S. was en kinders wat in die A.G.S. gebore word, kon hierdie vrystelling ontvang. Nuwe bekeerlinge wat uit ander kerke oorkom, is nie op hierdie vergunning geregtig nie. Aangesien die grootste groei in die A.G.S. uit hierdie nuwe bekeerlinge bestaan, vaardig die Uitvoerende Raad broers P.L. le Roux en D. Bosman af om die Minister van Binnelandse sake oor hierdie aangeleentheid te ontmoet.[88]

Hiermee was die stryd om verpligte inenting voorlopig op 'n einde. Die stryd om verpligte mediese behandeling sou egter voortduur. Daar het steeds gevalle voorgekom waar lidmate beboet is omdat hulle geweier het om medisyne aan hulle kinders te gee. So is mnr. en mev. Francis van Port Elizabeth in 1932 met 10 pond beboet omdat hulle nie aan hulle baba medisyne wou gee nie.[89] Hierdie geval gee aanleiding dat daar weer 'n onderhoud met die Minister van Gesondheid aangevra word om te poog om vrystelling van die gebruik van medisyne te verkry: "Alhoewel

87. Trooster, November 1928, p. 8.
88. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Desember 1929, Boek 4, p. 1133.
89. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie van Werkers, 21 - 24 Maart 1932, Boek 5, p. 1 296 - 1 297.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Minister helemaal simpatiek was, het hy geweier om die wet te amendeer, maar het beloof om die Minister van Justisie te vra om die wet nie te hard toe te pas nie, in gevalle waar daar gewetensbeswaar is teen die gebruik van medisyne."[90]

In 1943 kom daar weer nuwe verwikkelings van die kant van die regering met inenting wat oënskynlik die vrystelling van gewetensbeswaardes se voorreg sou ophef. Die volgende aanhaling van die "Memorandum of the Apostolic Faith Mission of S.A. Submitted to the National health Services Commission of 1943" word volledig weergegee. Die standpunt en sienswyse van die A.G.S. in hierdie verband selfs so laat as 1943 is insiggewend: "We find not one word between the lids of the Bible in favour of Doctors, Surgeons and drugs. The Scriptural method of physical healing is Divine healing. The quickest and the best for all ailments of the body as well as the soul.

We conscientiously believe that if we use any means, we grieve God and bring judgment upon ourselves.

Our Objection to Medical Treatment

We are prepared to submit to reasonable laws of hygiene but we condemn the use of medicines, drugs, poultices and means of any kind. Particularly do we consider patent medicines as a curse to humanity. In the case of unbelievers, medicines, drugs and poisons apparently cure one disease but poison the system and create others. In the case of Christian believers the use of means first shatters their faith and then

90. **Trooster**, 15 Junie 1932, p. 24.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poisons their bodies. This is a calamity, for then they suffer body, soul and spirit.

For many years now we have enjoyed exemption from vaccination of our children. Often we have heard it said that this privilege should be denied us. How can such a crime be perpetrated against human freedom in a supposedly free christian country as to force a person to adopt and obey socalled health measures which he knows are inadequate and deals largely with physical simptoms and fail to reach the root causes and worst of all will force the true christian believer to live and act independent from his Creator.

It appears to us, many in the Medical profession want to have humanity bound from the cradle to the grave and compelled to be under Boards of Health and Health Officers. We seek freedom and liberty of conscience to choose whether we shall allow ourselves to be vaccinated or not, to be treated medically or not.

We appeal to this Commission and our Government to consider the tens of thousands of our members that claim to be the most law abiding citizens in the Union of South Africa".[91]

Dit wat hierbo voorgehou is, was die amptelike standpunt van die A.G.S. i.v.m. medisyne, dokters en inenting gedurende die eerste veertig jaar van sy bestaan. Binne 'n dekade daarna, het die amptelike standpunt van die A.G.S. hieroor radikaal verander, alhoewel indiwiduele gelowiges

91. Afskrif van Memorandum beskikbaar in A.G.S. Argief onder los dokumente - Bundel A.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir jare daarna nog aan die vroeëre siening vasgehou het. Sonder om die vroeëre standpunt te veroordeel óf te verdedig, is dit tog een van die eienaardige en ironiese veranderinge wat die A.G.S. in sy tweede geslag binnegetree het. Daar was meer sulke veranderinge in die vyftigerjare waarop later gewys sal word. Tot hoe 'n mate al die veranderinge altyd ten goede was, is 'n vraag waaroor daar verskil van mening bestaan. Genoeg om in hierdie verband te sê dat die A.G.S. steeds heelhartig aan Goddelike genesing sowel as Goddelike gesondheid glo, maar dat sy standpunt oor inenting, medisyne, geneeshere en mediese hulpdienste totaal verander het. Daar word sedertdien deur die meeste A.G.S. lidmate en pastore met groot dankbaarheid van gebruik gemaak. Die "Skriftuurlike besware" teen dokters en medisyne waarvan die vroeë A.G.S. vaste oortuigings gehandhaaf het, word uiteraard ook nie meer gehandhaaf nie.

## 10.4 Die Spade Reën-skeuring - 1927

Een van die ongelukkigste gebeurteniss- in die vroeë geskiedenis van die A.G.S. was die afsplitsing wat in Benoni plaasgevind het. Daar sal hier kortliks na die aanleidende faktore sowel as die ontstaan van die Spade Reën Sending van Suid-Afrika gekyk word.

Hierdie beweging het sy ontstaan te danke aan 'n vrou, Maria Martha Fraser (gebore Claassen), gebore in die distrik Victoria Wes op 6 Junie 1889.[92] In 1920 kom sy in aanraking met Pinkster en word kort daarna 'n lidmaat van die A.G.S. in Benoni.[93] Na enkele jare in die

92. M.M. Fraser, **Geestelike Groei, Geloofslewe, Geesteswerkinge,** p. 5.
93. Ibid., p. 13.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



A.G.S. voel sy oortuig dat die A.G.S. besig was om geestelik te verkoud en dat al meer sondes besig is om in die kerk voor te kom.[94] Volgens haar oortuiging het daar 'n wêreldsgesindheid by die A.G.S. begin intree. Hierdie toestand sou dan meebring dat die gawes van die Heilige Gees nie meer vrylik kon opereer nie.[95]

Vanaf haar bekering het sondebewustheid 'n belangrike rol in haar lewe gespeel. Sy sou dan ook die gawe van "sonde-openbaring"[96] ontvang het waardeur sy verborge sondes in die lewens van ander gelowiges kon identifiseer. Hierdie "gawe" het dan veral deur profesieë, tale en uitleg tot openbaring gekom.[97] Sy was oortuig dat 'n herlewing in die Pinksterkerk nodig is en al manier hoe dit sou gebeur was deur sonde-openbaring en opregte belydenisse.

Vanaf Maart 1927 het 'n groepie van tien vroue onder leiding van mev. Fraser elke oggend om tienuur in die saal van die A.G.S. in Benoni gebid. Hulle het ook dikwels gevas. In hierdie bidure is groot klem gelê op die geestesgawes. Daar is ook veel gemaak van visioene, gesigte en openbarings waardeur geheime dinge en veral sondes uitgeprofeteer is. Volgens mev. Fraser was daar selfs van die leiers van die kerk wat geheime sondes in hulle lewens gehad het.[98] Volgens haar was hierdie openbarings eg en waar: "Selfs het die Here verborge moordsake en bedrog geopenbaar, ja growwe gruwels, wat ook agterna bely is ...... Dan openbaar die Here oop en bloot die gepleegde sondes in gesigte of in die

94. <u>Ibid</u>., p. 17.
95. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels.
96. Spade Reën Sending, Jubileum Herdenkingsverslag, 1977, p. 27.
97. M.M. Fraser, <u>op. cit</u>., p. 17.
98. <u>Ibid</u>., p. 22 en 23.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemoed en praat dit uit deur tale en uitleg".[99] Daar was egter ook gevalle waar van hierdie openbarings en profesieë onwaar was en nie gerealiseer het nie.[100]

Tydens hierdie bidure het daar besondere manifestasies plaasgevind soos bv geestesdanse. Sekere uitdrukkings het kenmerkend van die groepie geword, soos om iemand "deur te bid",[101] "om te worstel in die gebed"[102] en wat ook 'n "lydensworsteling"[103] genoem word, en "om sondes onder die bloed te sit",[104] of om "die bloed te pleit".

Deur die loop van 1927 het hierdie groepie susters in Benoni probleme vir die plaaslike gemeenteraad begin veroorsaak. Die "sonde-openbarings" deur profesieë sowel as deur tale en uitleg, sowel as ander liggaamlike manifestasies, het nou ook in die Sondageredienste begin kop uitsteek. Daarby het die klompie susters vanaf Augustus 1927 begin om blou rokke te dra. Die Here sou dit dan deur 'n gesig aan mev. Fraser gewys het "daar Hy verlang dat ons afgesonder van die wêreld sou wees en eerbaar bekleed. By die lang rok met lang moue en toe hals met kragie, moes ons swart skoene en kouse dra, maar niks hoegenaamd van sy gemaak nie ........ Hierdie kleed dra oud en jonk, arm of ryk en almal is een van sin en een van gees".[105] Op Sondae dra die vrouens 'n spierwit uitrusting. Volgens mev. Fraser is hierdie gesig aan haar dan ook beves-

99. Ibid., p. 18.
100. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.V. Henning.
101. M.M. Fraser, op. cit., p. 21.
102. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.V. Henning.
103. **Spade Reën Sending, Jubileum Herdenkingsverslag**, 1977, p. 11.
104. M.M. Fraser, op. cit., p. 24.
105. Ibid., p. 28.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tig deur 'n Skrifwoord uit die Nederlandse vertaling van Ester 8:15: "En Mordechaï ging uit voor het aangezicht des konings in een hemelsblauw en wit koninklyke kleed ....."[106] As gevolg van die blou rokke wat die beweging se vroue tot vandag toe nog gedurende die week dra, is die Spade Reën Sending in die volksmond beter bekend as die "Blourokke". Later is ook bepaal dat die mans ligbruin pakke moet dra.

Mettertyd blyk dit toe dat die gemeenteraad onmagtig was om die situasie te hanteer, enersyds omdat sekere lede van die raad self deel van die groepie was en andersyds omdat die groepie susters hulle nie gesteur het aan die raad se besluit nie. Die voorgangers en die res van die gemeente was radeloos. Wanneer daar in 'n diens met die "sonde-openbarings begin is, sou die voorganger dit probeer verhinder deur bv. te probeer om 'n lied te laat sing. Hierdie optrede is egter deur mev. Fraser geïnterpreteer as onkunde oor die Heilige Gees se werking: "So groot is die onkunde dat wanneer die Heilige Gees krag vaardig word tot sonde-openbaring, dan word Hy bedroef en uitgeblus deurdat Pinkster gemeentes eiewillig 'n lied begin sing om te verhinder dat die Here moet praat. En so groei die sondes aan".[107]

Toe dit duidelik blyk dat die gemeenteraad van Benoni toestande nie onder beheer het nie, gelas die Uitvoerende Raad 'n spesiale gemeentevergadering wat deur 'n afvaardiging van die Geestelike Komitee van die A.G.S. bygewoon is.[108] Nadat verslag van hierdie afvaardiging ontvang is, besluit die Uitvoerende Raad om 'n aantal van sy lede na die Benoni gemeente te stuur om aan hulle te verduidelik.... "...... that we do not

106. Spade Reën Sending, Jubileum Herdenkingsverslag, 1977, p. 28.
107. M.M. Fraser, op cit. p. 21.
108. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 September 1927, Boek 4, p. 988.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



endorse as a Mission the manifestations as revealed in the Benoni assembly by a certain section of the congregration".[109] Daar is ook verder aan hierdie afvaardiging mag gegee om 'n nuwe gemeenteraad aan te stel om beheer van die werk in Benoni oor te neem. Hierdie vergadering met die gemeente was bestel vir 21 September 1927.

By 'n volgende vergadering van die Uitvoerende Raad in November 1927, rapporteer br. J G Henning, die pastoor van die buurgemeente, Brakpan, aan die Uitvoerende Raad... "... that the condition of the work at Benoni is in a very poor state as the side who does not stand with the Apostolic Faith Mission is acting contrary to the word of God, and some of them are still addicted to smoking".[110] Daar word ook by hierdie vergadering besluit dat die Geestelike Komitee vanaf 15 November 1927 die beheer van die gemeente oorneem.[111]

Reeds op hierdie stadium was daar sprake dat 'n deel van die gemeente wil wegbreek en op hulle eie begin. Een van die Uitvoerende Raadslede, br. Botha Opperman word afgevaardig.... ".... to speak to Bro. D. du Plessis in connection with the rumours afloat that certain sections of the Benoni Assembly has asked him to come over and take up the leadership of the work there and that if he accepts the call he may consider himself no longer a recognized worker of the Apostolic Faith Mission".[112]

Hierdie verwikkelinge en betrokkenheid van die Uitvoerende Raad by die probleem in Benoni, het meegebring dat mev. Fraser ook sekere

109. Ibid.
110. Notule van die Uitvoerende Raad, 9 November 1927, Boek 4, p. 990 en 991.
111. Ibid.
112. Ibid., p. 991.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"openbarings van sonde" in die lewe van sekere Uitvoerende Raadslede ontvang het.[113] Trouens volgens haar was die Uitvoerende Raad nie in 'n besondere geestelike toestand nie! - "Die Raad was self in so 'n natuurlike toestand dat hulle die Heilige Gees werkinge nie kan onderskei of sake uitwerk nie!"[114]

Ten spyte van die oorname van die beheer van die gemeente deur die Geestelike Komitee, is die probleem in die gemeente nie opgelos nie. Die fokuspunt van die probleem het hom nou na die saal waarin kerk gehou is, verskuif. Die groepie het nou die saal vir al hoe langer tye begin beset vir bidure en later op 'n aflos-sisteem begin bid. Alhoewel die saal die wettige eiendom van die A.G.S. was, het hulle hulself geregtig op die saal gevoel, aangesien hulle blykbaar die grootste deel bygedra het van die bedrag wat toe reeds op die saal afbetaal was. Hulle was in ieder geval in besit van die sleutels van die saal en volgens sust. Fraser ook van die koopbriewe[115] (waarskynlik omdat lede/eggenote van die groepie, ampsdraers op die plaaslike gemeenteraad was).

Die lang ure wat in die saal gebid is, het later die normale dienste geraak en belemmer.[116] Op die versoek dat hulle bidure tot sekere tye beperk word, het hulle nie gereageer nie - hulle was immers in besit van sleutels van die saal! Hierop is die versoek van die Uitvoerende Raad dat die sleutels aan die Geestelike Komitee oorhandig moet word, ook geweier.[117] Sust. Fraser se rede vir hierdie weiering was

113. M.M. Fraser, op cit. p. 22 en 23.
114. Ibid., p. 22.
115. Ibid., p. 29.
116. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.V. Henning.
117. Notule van die Uitvoerende Raad, 8 Desember 1927, Boek 4, p. 994.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos volg: "Die Here het ons aangesê om nie die sleutel te oorhandig nie, aangesien hulle dan die Heilige Gees sou blus, en dit het ons toe net so aan Hoofkwartiere meegedeel. Die enigste wyse waarop ons toe die saal kon behou, was om dag en nag daarin te bid, die susters bedags en die broers snags".[118]

Hierdie dilemma herinner aan die Vredezaal-probleem, behalwe dat in hierdie geval die saal in Benoni wettiglik die eiendom van die A.G.S. was. Nadat die Uitvoerende Raad dus die nodige advies van prokureurs ontvang het, het hulle 'n brief aan die groep gerig waarin hulle gesê het dat hulle afgevaardigdes op 12 Desember 1927 by die huis van een van die leiers van die groep, 'n sekere br. Grobler sal wees om die sleutel in ontvangs te neem.[119] Hierop ontvang die Uitvoerende Raad egter spoedig 'n brief terug van een van die leiers van die groep wat ook die gewese sekretaris van die gemeente was, dat hulle weier om hulle te onderwerp aan die A.G.S. en nie die sleutels sal oorhandig nie.[120]

Nou kon die Uitvoerende Raad nie langer meer versuim om die nodige kerkregtelike stappe te neem nie. Op 15 Desember 1927 word daar besluit om die leiers van die groep, br. en sust. H. Fraser en br. en sust. Grobler in kennis te stel. "...... that they are to consider themselves no longer members of the Miss.. , and that they forward the names of those members of the assembly who are standing with them, to headquarters.

118. M.M. Fraser, op cit. p. 29 en 30.
119. Notule van die Uitvoerende Raad, 8 Desember 1927, Boek 4, p. 994 en 995.
120. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Desember 1927, Boek 4, p. 1000.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



The above resolution taken on the grounds that a certain Benoni assembly refuse to submit to the discipline and teaching of the Apostolic Faith Mission".[121]

Hierdie besluit van die Uitvoerende Raad het nie gekom voordat die Uitvoerende Raad duidelik aan die groep gestel het wat van hulle verwag word indien hulle as lidmate van die A.G.S. wil aanbly nie. Sust. Fraser noem self die vier voorwaardes:[122]

1. Om af te sien van die kleredrag (blou rokke).

2. Om end te kry met die gees van veroordeling onder hulle, wat volgens die groep die Heilige Gees is wat sondes openbaar.

3. Om die saal se sleutel te oorhandig.

4. Om die druk en verspreiding te staak van 'n blad genaamd die "Benoni Spade Reën Boodskapper", wat onder die naam van die A.G.S. versprei word.

Die tugmaatreëls word in Januarie 1928 in die amptelike kerkblad van die A.G.S. gepubliseer: "Die publiek word hiermee in kennis gestel dat 'n gedeelte van die Gemeente - 30 in getal - onder die leierskap van br. F.B. Grobler, te Benoni, afgesit is van lidmaatskap van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. Vir 'n lang tyd het hulle aangehou om sekere leerstelsels te predik teenstrydig met die leer van die Nuwe Testament ...... Hulle het ook sekere broers en susters veroordeel en aan

121. Ibid., p. 1000 - 1002.
122. M.M. Fraser, op cit. p. 30.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle vertel dat hulle teen die Heilige Gees gesondig het en dat daar vir hulle nie hoop is nie, nóg in die lewe, nóg in die lewe hiernamaals; hulle is vir ewig verlore. Diegene wat die 'veroordeelde' persone groet val ook onder die oordeel."[123]

Die persone wat van die kerk afgesny is, het egter steeds geweier om die sleutel van die saal te oorhandig of om hulle besetting van die saal prys te gee. Gevolglik versoek die Uitvoerende Raad sy prokureur om opdrag te gee dat die slotte van die saal vervang word. Die afgesnydes word ook gewaarsku dat hulle die wet sou oortree as hulle die saal daarna met geweld sou binnegaan.[124]

Op die 18$^{e}$ Januarie 1928, nadat die betrokkenes reeds afgesny is, wend die Uitvoerende Raad nog 'n laaste poging aan om 'n versoening te bereik. 'n Vergadering met die groep persone word vir bogenoemde datum in die saal van Benoni belê. Die woordvoerders van die groep het egter geweier om met die Uitvoerende Raad gesprek te voer en die raad ook verhinder om die saal binne te gaan.[125] Die Uitvoerende Raad was dus gedwing om 'n vergadering op hulle eie in 'n privaat woonhuis in Benoni te hou. By die vergadering word daar besluit dat die enigste oplossing vir die probleem met die saal is om dit te verkoop.[126]

Twee maande later berig die sekretaris van die Uitvoerende Raad dat die saal in Benoni aan die "Church of Christ" verkoop is vir die bedrag van 700 pond. Die geld is tot die beskikking van die gemeente

123. **Trooster**, Januarie 1928, p. 10.
124. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 Januarie 1928, Boek 4, p. 1007 en 1008.
125. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Januarie 1928, Boek 4, p. 1009 en 1010.
126. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gestel indien hulle 'n geskikte saai te koop vind.[127] Hierdeur was die Spade Reën-groep geforseer om die saal prys te gee en was die probleem wat die saal betref, opgelos. Die saal sou egter weer later in die hande van die A.G.S. kom. In September van 1928 vra die "Church of Christ" of die A.G.S. nie die saal sal terugneem nie, omdat hulle nie die finansies kan bybring om die saal te betaal nie. Hulle was bereid om vyftig pond huur te betaal vir die tydperk wat hulle die saal gebruik het.[128]

Alhoewel die A.G.S. sy saal behou het, het hy egter meer lidmate verloor as wat aanvanklik gemeen is. Onder leiding van sust. Fraser het die groepie in woonhuise begin dienste hou onder die naam Spade Reën (Latter Rain). Dié naam is verkry uit die Hollandse vertaling van Hosea 6:3, waar die woord "spade regen" voorkom.[129] Die Afrikaanse vertaling daarvan is "laat reëns". Die naam is later aangevul tot "Spade Reën Sending van Suid-Afrika".

Feit is egter dat die dienste van sust. Fraser aanvanklik heelwat A.G.S. lidmate gelok het. Die erns van die mense, die feit dat hulle voorgegee het dat hulle 'n "dieper lig" ontdek het, die fisiese manifestasies en die openbaarmaking van geheimenisse, het 'n misterieuse atmosfeer geskep wat talle gelowiges, gemeenteraadslede en selfs sommige pastore aanvanklik getrek het.[130] By die samekomste is daar veel gemaak van "sonde-openbarings" en die belydenis van sondes. Aan profesieë, tale en uitleg, is buitengewone gesag verleen, tot so 'n mate dat die indruk by sommige gewek is dat daar hoër gesag aan verleen word as aan die

127. Notule van die Uitvoerende Raad, 27 Februarie 1928, Boek 4, p. 1011 en 1012.
128. Notule van die Uitvoerende Raad, 5 September 1928, Boek 4, p. 1063 en 1064.
129. **Spade Reën Sending Jubileum Herdenkingsverslag**, 1977, p. 11.
130. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.V. Henning.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skrif self. Uitlatings soos die volgende is soms i.v.m. sekt e profetiese uitsprake gehoor: "Bybel of nie Bybel nie, die Here sê so".[131] Sust. Fraser het haarself beskou as die "spreekbuis van die Here God".[132] Sy was besonder charismaties en het 'n geweldige invloed op haar volgelinge gehad.[133]

Spoedig het A.G.S. lidmate nie net van Benoni nie, maar ook van elders in die land, belangstelling in hierdie nuwe beweging begin toon. So was daar bv. by die Algemene Werkerskonferensie gedurende April van 1928 'n petisie teen die tugmaatreëls van die Uitvoerende Raad jeens die Benoni-groep ingehandig. Hierdie petisie was onderteken deur 40 mense uit Benoni, 33 uit Paarl, 12 uit Pretoria en 11 uit Jeppe, altesaam 96.[134] Alhoewel daar by hierdie konferensie sommige was wat simpatie teenoor hulle betoon het,[135] en gewonder het of hulle nie dalk werklik 'n dieper lig ontdek het nie, was die indruk wat hulle by die meeste A.G.S. lidmate gewek het, dat daar 'n tikkie hoogmoed en geestelike meerderwaardigheid aanwesig was. Een van die lede van bogenoemde werkerskonferensie het bv. daarop gewys ..... ".... that the Holy Spirit always keeps us small and humble and submissive to those placed over us, and these people show a spirit of exhaltation and pride".[136]

Die werkerskonferensie het dan ook die tugmaatreëls van die Uitvoerende Raad volkome bekragtig en daarby gevoeg dat die pastoor van die Benoni gemeente gemagtig word om enige van hierdie persone wat afgesny is, in die A.G.S. terug te ontvang as hulle hulself aan die leer en praktyk van die A.G.S. onderwerp.[137]

131. Persoonlike onderhoud, Pastore J.T. Du Plessis en D.J. du Plessis.
132. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.V. Henning.
133. Ibid.
134. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 3 - 5 April 1928, Boek 4, p. 1 023 en 1 024.
135. Ibid.
136. Ibid.
137. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die maande wat gevolg het, is daar streng opgetree teen lidmate en werkers wat 'n belangstelling in die Spade Reën getoon het. Lidmate wat simpatie betoon het, is gewaarsku en werkers wat belangstelling in die beweging getoon het, moes voor die Uitvoerende Raad verskyn en hulle saak verduidelik. Hulle is dan ook ernstig daaroor aangespreek.[138]

Alhoewel redelike getalle A.G.S. lidmate aanvanklik ondersoek gaan instel het i.v.m. hierdie saak, het die meeste van hulle spoedig weer na hulle gemeentes teruggekeer.[139] So het br. D.J. du Plessis (die latere mnr. Pentecost), wat aanvanklik in die beweging belanggestel het, by die konferensie van Maart 1929 aangaande sy ondervindings en waarnemings in die verband vertel: "Bro. Du Plessis explained what his experience was when he was mixed up with the Benoni people or the 'Latter Rain Mission'. He strongly condemned the actions of those people. We have to discern between wild fire and the fire of God".[140] Aanvanklik was daar 'n sterk reaksie en gevoel van die kant van die A.G.S. teen die nuutgestigte beweging. So besluit die Uitvoerende Raad bv. in 1933: ".... that we cannot recognize their baptism either".[141]

'n Persoon wat op 'n besondere wyse meegehelp het om sake in die A.G.S. weer te normaliseer en om die regte ewewig te verkry, was die wêreldbekende Pinksterleraar, Donald Gee.[142] Vanaf 29 Januarie tot die

138. O.a. in die Notule van die Uitvoerende Raad, 3 Januarie 1928, Boek 4, p. 1 008.
Notule van die Uitvoerende Raad, 23 Augustus 1928, Boek 4, p. 1 064 en 1 062.
Notule van die Uitvoerende Raad, 5 September 1928, Boek 4, p. 1 064.
Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Desember 1928, Boek 4, P 1 076 en 1 077.
139. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 30 Maart - 2 April 1931, Boek 5, p. 1 221 en p. 1222.
140. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 25 - 28 Maart 1929, Boek 4, p. 1 102.
141. Notule van die Uitvoerende Raad, 24 November 1933, Boek 5, p. 1 457.
142. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.T. Du Plessis.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



einde van April 1934, bring hy die eerste van drie besoeke aan Suid-Afrika.[143] Veral na die Spade Reënskeuring was duidelike lering oor die Heilige Gees en Sy werking 'n groot behoefte in die A.G.S. Donald Gee se gebalanseerde lering oor Pinkster en die Heilige Gees, het baie gelowiges van die Spade Reën na die A.G.S. laat terugkeer.[144] Alhoewel die bediening van die Spade Reën vir sommige A.G.S. lidmate meer aanvaarbaar was en hulle behoeftes vervul het, het die A.G.S. op die lang duur nie 'n ernstige knou a.g.v. hierdie skeuring ontvang nie. Die uiteindelike verlies aan lidmate was relatief klein. Dertig jaar sou verloop voordat die A.G.S. weer 'n skeuring sou beleef.

Volgens mev. Fraser was die ontstaan van die Spade Reënbeweging geregverdig weens die tweespalt onder die Pinksterkerke. Sy het die idee gehad dat die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk aanvanklik één kerk was en toe weens verskille oor die doop verdeel het.[145] Hierdie gedagte is reeds as onjuis bewys. Pogings om die twee Pinksterkerke in die middel van die twintigerjare te verenig het misluk. Mev. Fraser het die ontstaan van die Spade Reën as die antwoord van die Here op hierdie mislukte poging tot vereniging tussen die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk gesien. In verband met hierdie poging tot vereniging en die ontstaan van die Spade Reën skryf sy: "..... dat dit eers na die finale mislukking van die mensgemaakte pogings was wat die Here self hierdie werkie in die lewe geroep het in Sy alwyse raad as 'n liggaam waarin opregte harte wat heel die weg met die Here wil gaan, in gees en waarheid verenig kan word".[146]

'n Tipiese sektariese tendens kan waargeneem word as sy skryf dat die Here haar belowe het dat hy "'n ander pinkster liggaam gaan oprig uit volgelinge wat rein lewens sal lewe volgens Sy wil ......" "hierdie

143. **Trooster**, Desember 1933, p. 1.
144. Persoonlike onderhoud, Pastoor J.T. Du Plessis.
145. M.M. Fraser, op. cit., p. 13 en 14.
146. Ibid., p. 32.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Heilige Gees Beweging - 'n gemeente net so na die Here se hart, waarin die Heilige Gees al nege gawes in vrye werking sal bring, en waarin sondes geopenbaar en uitgeroei sou word; 'n gemeente waarin Jesus 'n afgesonderde volkie sou bestuur as Hoof van die liggaam ..." "Daarby het die Here gewys dat deur hierdie werk die opregte siele van die twee bestaande pinkster liggame tot hereniging sou kom, aangesien die aanhoudende twisredes oor enkel- en drievoudige onderdompeling 'n gruwel was voor Sy aangesig ......" "Die Here het ons verder gewys dat ..... hierdie Heilige Gees werk die allerlaaste liggaam sal wees wat Hy sou oprig onder die volkome leiding en bestuur van die Heilige Gees met betrekking tot Sy koms".[147]

Die Spade Reën het aanvanklik beide enkelvoudige en drievoudige onderdompeling beoefen, om sodoende lidmate van die Volle Evangelie Kerk en die A.G.S. tevrede te stel: "Nadat alle partyskap i.v.m. die doop verdwyn het, het die Here openbaar dat daar voller seën opgesluit was in die drievoudige onderdompeling".[148]

Die ontstaandatum van die Spade Reën word teruggelei na Desember 1927, toe eers die leiers en spoedig ook die volgelinge deur die A.G.S. afgesny is. Mev. Fraser lê baie klem daarop dat die Spade Reën Sending nie 'n afstigting is nie, "maar wel 'n geboorte deur die Heilige Gees en in dié opsig is dit absoluut enig in ons dae".[149] Volgens haar was daar nooit 'n voorneme om 'n nuwe liggaam te stig nie, maar wel 'n strewe om die A.G.S. aan te spoor tot 'n geestesherlewing met die vrye werking van die gawes van die Heilige Gees".[150] Dit sou egter onmoontlik blyk te wees en deur die afsnyding sou hulle dan gedwing wees om 'n nuwe kerk te begin.

147. *Ibid*., p. 26, 27 en 28.
148. *Ibid*., p. 28.
149. *Ibid*., p. 34.
150. *Ibid*., p. 34 en 35.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie weergawe deur mev. Fraser laat egter nie reg aan die historiese feite geskied nie. Die groepie in Benoni het immers deur hulle moedswillige optrede m.b.t. die saal en hulle ontwrigtende handelinge in die dienste van die Benoni-gemeente, die kerk geen ander keuse gelaat as om die nodige tugmaatreëls te neem nie. Hierby moet in gedagte gehou word dat die Uitvoerende Raad selfs daarna nog probeer het om versoening te bewerk, maar letterlik en figuurlik teen 'n toe deur vasgeloop het.[151]

Nadat die Benoni saal in Februarie 1928 noodgedwonge deur die A.G.S. verkoop moes word, het die groep Spade Reën lede in huise begin kerk hou. Na 'n paar maande is 'n eiendom in Benoni gekoop, wat die eerste stap was in die ontwikkeling van 'n stelsel van geloofshuise.[152] Dit neem die plek in van 'n tradisionele gemeente. In so 'n geloofshuis is gewoonlik woonfasiliteite vir lidmate van die kerk en soms ander noodsaaklike dienste. In 1977 was daar sewentien sulke geloofshuise in Suid-Afrika.[153] In die middel van die vyftiger jare het mev. Fraser ook oorsese lande besoek en sodoende het daar ook in verskillende ander lande geloofshuise ontstaan. In 1977 was daar elf oorsese geloofshuise in agt verskillende lande.[154]

Sulke geloofshuise is "selfonderhoudende eenhede, as toevlugsoorde vir sielsbehoeftiges, en rusplekke vir bejaardes. Alhoewel geen kollektes toegelaat word nie, dien die geloofshuise as skatkis vir die tiendes van die gemeente ..... Aangesien die inwoners van 'n geloofshuis wat in die geloof lewe, nie 'n salaris ontvang nie, is inwoning vry. Die inkomste wat deur tiendes en skenkings verkry word, word bestee ooreenkomstig die benodigdhede van elke geloofshuis en verder vir die

151. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Januarie 1928, Boek 4, p. 1009 en 1010.
152. M.M. Fraser, op. cit., p. 37 en 38.
153. Spade Reën Sending, Jubileum Herdenkingsverslag, 1977, p. 12.
154. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontwikkeling van oogmerke vir geloofshuise in die algemeen."[155]

Die hoofkwartier en belangrikste geloofshuis van die Beweging, is Jatniël, net noord van Benoni. Jatniël het 'n selfstandige gemeenskap van 450 mense en is 39 hektaar groot.[156] Die gemeenskap het 'n eie poskantoor, winkelsentrum, kafee, drukkery en werkswinkels waarin twaalf ambagte beoefen word. Alle dienste is beskikbaar, buiten 'n polisiekantoor en 'n drankwinkel.[157] Die belangrikste gebou van die Jatniël geloofshuis, is die tempel van 1,2 miljoen rand, waarvan die verligte, 33 meter-hoë spits saans etlike kilometers ver in die omtrek sigbaar is. Die tempel het 'n oppervlakte van 4 900 vierkante voet en het 3 000 sit- plekke wat uiteindelik tot 5 000 vergroot kan word.[158] Dit is in 1977 by die halfeeu-herdenking van die beweging in gebruik geneem.

Mev. Fraser was tot haar dood in Junie 1972, die leidster van die beweging. Sy word tot vandag toe nog deur haar volgelinge "vereer soos 'n Ou Testamentiese figuur".[159] Sy is na haar dood weer deur 'n vrou opgevolg, mev. Susanna J. Smalberger wat alreeds as sestienjarige dogter in 1936 as haar opvolger aangewys is. Sy is op 18 Mei 1981 tragies en onverwags in 'n motorongeluk oorlede, terwyl sy in Paraguay die geloofshuis aldaar besoek het. Na meer as [illegible] jaar het daar toe 'n verandering in die sterk matriargale opset gekom deurdat 'n man, past. P.J. van Vuuren, as leier van die beweging aangewys is.

'n Strenge geestelike dissipline en beheer oor die lewens van die lidmate is opmerklik. So bv. hou die mans van die geloofshuis Donderdae om 4 vm. 'n biduur. Om 5 nm. is dit die vroue se beurt. Daar word gereeld gevas en dit is ook een van die hoekstene van die geloof. Daar is ook heelwat taboes wat onderhou moet word. Tog beweer van die

155. Ibid.
156. Rapport Ateljee, 21 Desember 1980, p. 4.
157. Ibid.
158. Ibid.
159. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ouer lidmate dat die verordeninge nie meer so streng is as vroeër nie.[160]

Die dienste van die Spade Reën het hulle eie karakter en eienaardigheid. Sekere liturgiese gebruike kom gereeld voor. So bv. moet alle persone hulle skoene uittrek alvorens hulle die tempel kan binnegaan. 'n Soort geestesdans/koordans en ander fisiese manifestasies kom as 'n reël voor. Ruim tyd word ook afgestaan aan profesieë, tale en uitleg.

'n Besondere mate van eksklusiwiteit kom by hierdie groep voor - ook teenoor die ander Pinksterkerke. Dit het reeds geblyk uit vorige aanhalings. Dit het ongelukkig in die verlede meegebring dat by gelowiges en veral by ander Pinkstergelowiges wat met hulle in aanraking was, die idee gewek is van 'n soort geestelike meerderwaardigheid en afsydigheid. Daar was tydens die leierskap van mev. S.J. Smalberger aanduidings dat die Spade Reën Sending 'n groter openheid en toegeneentheid teenoor die ander Pinksterkerke openbaar. Ook in hulle eie kring was daar 'n groter gematigheid waarneembaar. Waar die indruk vroeër geskep is dat hulle die eintlike ware en egte Pinksterbeweging en gelowiges is,[161] is die volgende uitspraak m.b.t. die ander Pinksterkerke nogal opvallend: "Die verskil tussen Spade Reën Sending en ander Pinksterbewegings is meer in graad as in wese".[162]

Die Spade Reën Sending het self ook 'n skeuring beleef waardeur die Lede in Christus Gemeentes van Suid-Afrika tot stand gekom het.[163] Daar sal slegs kortliks iets oor hierdie beweging gesê word.

160. Ibid.
161. M.M. Fraser, op. cit., p. 27 en 28.
162. **Spade Reën Sending, Jubileum Herdenkingsverslag**, 1977, p. 1[illegible].
163. Oor die ontstaan van die Lede in Christus is daar feitlik niks op skrif nie. Die inligting i.v.m. die ontstaan van hierdie beweging is verkry van die eggenote en familielede van die stigter, pastoor C.J. Prinsloo, sowel as van sommige van die pastore van genoemde beweging, veral past. J.P. van den Berg, die algemene sekretaris.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die stigter van die Lede in Christus was past. C.J. Prinsloo. Hy is gebore op 1 Januarie 1900. Hy kom in 1923 in die A.G.S. tot bekering onder die bediening van br. J.G. Henning, die pastoor van Brakpangemeente. Hy het toe vir 'n tyd in die A.G.S. gemeente van Witbank aanbid. In 1928, terwyl hy in Pretoria woonagtig was, ontstaan daar probleme tussen hom en die pastoor van die gemeente en bedank hy die A.G.S. Hy word kort daarna deur die Spoorweë na Pietersburg verplaas, waar hy op sy eie met 'n Pinksterwerkie begin. Kort na die ontstaan van die Spade Reën Sending in Benoni, nooi hy mev. Fraser uit om hom in Pietersburg te kom besoek. Met die besoek word daar ooreengekom dat hy, sowel as sy gemeentetjie, na die Spade Reën sal oorgaan.

Kort daarna verhuis hy weer na Pretoria en begin 'n gemeente, of te wel 'n geloofshuis, in Potgieterstraat. In Desember 1939 egter, kom daar 'n breuk tussen past. Prinsloo en mev. Fraser. Die redes daarvoor was persoonlik en het waarskynlik plaasgevind a.g.v. 'n krisis ten opsigte van leierskap en gesag. Past. Prinsloo, tesame met sy gemeente en aanhangers, breek toe van die Spade Reën af weg en hy noem sy nuwe beweging, die Lede in Christus Gemeentes van Suid-Afrika (Members in Christ Assemblies of South Africa - M.I.C.A.). In 1942 word hulle onder dié naam geregistreer.

Die hoofkwartier van die beweging is in Pretoria en past. Prinsloo was tot met sy dood in 1978 moderator daarvan. Hy is deur past. G.J. du Toit in hierdie amp opgevolg. In 1985 het hulle 52 blanke gemeentes met ongeveer 8 000 lidmate gehad asook 'n sendingafdeling met ongeveer 25 000 lidmate.[164] Past. Prinsloo het tydens sy leeftyd oorsese lande besoek en ook daar gemeentes gestig, nl. in Kanada, Holland, België, Duitsland en Italië.

164. Statistieke verkry van pastoor T.I.M. Jooste, pastoor van die Lede in Christus.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is enkele verskille tusen die Lede in Christus en die Spade Reën. So bv. dra die Lede in Christus nie 'n spesifieke soort kleredrag nie en het hulle ook tradisionele gemeentes i.p.v. geloofshuise. Daar is ook enkele aksentverskille met betrekking tot die leer en liturgie.

Vanuit hierdie skeuring tussen die Lede in Christus en die Spade Reën, het egter nog 'n ander Pinksterbeweging ontstaan. Reeds vir 'n geruime tyd was sommige leidende lidmate van die Spade Reën Sending ontevrede oor sekere liturgiese en leerstellige aspekte van die kerk. So het W.H. Swardt en C.F. Pretorius reeds in 1932 van die Spade Reën weggebreek. Albei was redelik geletterde mense. Toe hulle vroeër besluit het om hulle te laat doop en by die Spade Reën aan te sluit, was W.H. de Swardt besig met sy derde jaar B.A. Admissie nadat hy alreeds die opleiding as sendeling in die Nederduitse Gerefermeerde Kerk te Wellington deurloop het. C.F. Pretorius het hom laat doop toe hy in sy vyfde jaar op die Kweekskool in Stellenbosch was. Hulle wou geen organisasie stig nadat hulle van die Spade Reën weggebreek het nie. Tog het daar deur hulle bediening gemeentes in Bethlehem en Bloemfontein ontstaan. Hulle het hulself slegs Christenwerkers genoem.[165]

Dit was egter eers na die skeuring van Desember 1939, waarna reeds verwys is, dat ongeveer vyftig persone op 9 Maart 1940 in Pretoria vergader en besluit om hulle te distansieer van beide die Spade Reën beweging en die Lede in Christus. Hierdie persone het dié gedeelte van die Spade Reën verteenwoordig wat oor sekere leerstellings en praktyke in genoemde beweging ontevrede was.[166] Die breuk tussen past. Prinsloo en mev. Fraser was die laaste faktor wat hulle optrede te weeggebring het.

165. Inligting verkry van pastoor Arie Blomerus, vroeër pastoor van die Christengemeentes.
166. Verklaring, uitgereik en onderteken deur die afgeskeides op 9 Maart 1940.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien die oortuigings en leer van past. Prinsloo nie vir hulle aanvaarbaar was nie, wou hulle ook nie met sy beweging assosieer nie.

Hierdie groep persone, tesame met W.H. de Swardt en C.F. Pretorius, besluit om op 'n soort interkerklike basis voort te gaan. Aanvanklik wou hulle niks weet van enige organisasie nie.[167] Hulle sou ook onder geen naam bekend staan nie, slegs maar as "Christene". Praktiese verwikkelinge het hulle egter gedwing tot kerkvorming. Daar het bv. spoedig groepe gelowiges as gemeentes ontstaan. In enkele gevalle soos Upington, het die hele gemeente van die Spade Reën na hierdie groepe oorgekom. So ook het 'n deel van past. Prinsloo se Lede in Christus gemeente in Pretoria by hulle aangesluit. Die naam "Christengemeentes" het toe in gebruik gekom, maar hierdie naam is eers in 1955 amptelik aanvaar.

In 1973 het feitlik hierdie hele kerk, gemeentes en pastore by die A.G.S. aangesluit. Slegs enkele gemeentes het eenkant gebly. Die pastore het net so in hulle gemeentes as pastore van die A.G.S. voortgegaan.

167. Inligting hoofsaaklik verskaf deur Pastoor H.J. Blomerus en Pastoor Arie Blomerus, albei vroeër van die Christengemeentes.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 11

## DIE PERIODE 1929 - 1945

Die vorige hoofstuk is afgesluit met die wegbreek van 'n groepie lidmate onder leiding van mev. Fraser. Soos genoem het hierdie skeuring aanvanklik heelwat woelinge gebring, maar binne 'n jaar of twee was die invloed daarvan op die A.G.S. iets van die verlede.

Die periode wat in hierdie hoofstuk bespreek word, word ingelei deur die invloed van die depressie op die kerk en die finansiële krisis waarin die A.G.S. homself in daardie dae bevind het. Die hoofstuk word afgesluit met die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog - 'n periode waartydens die A.G.S. moontlik die mees fenomenale groei in sy geskiedenis beleef het.

### 11.1 Die depressie en sy invloed op die kerk

Die depressie waaronder Suid-Afrika in die vroeë dertiger jare gebuk gegaan het, het die A.G.S. relatief nog swaarder getref. Daar was 'n paar redes hiervoor.

Omdat die A.G.S. nog nie 'n gevestigde kerk met klaar betaalde eiendomme was nie, maar 'n jong beweging met vele projekte en nuwe kerkgeboue wat orals deur jong gemeentes gebou was, was die kerk uit die aard

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die saak meer gevoelig vir die depressie. Tog was dit nie die gemeentes wat die grootste krisis beleef het nie. Die grootste probleme het by die hoofkwartier van die kerk opgeduik. Die rede hiervoor kan direk gesoek word by die kerkregtelike struktuur en bestuur van die kerk. Alhoewel die kerkregeringstelsel in 'n volgende hoofstuk bespreek sal word, moet dit hier net genoem word dat die A.G.S. in sy kerkregering veral op daardie stadium redelik sterk kollegialistiese eienskappe vertoon het. Die Uitvoerende Raad van die A.G.S. het hom beslis op terreine begeef wat nie wesenlik deel van die kerk se roeping was nie. Daar sal weldra twee voorbeelde genoem word om hierdie stelling te staaf.

Die grootste enkele faktor wat die Uitvoerende Raad van die A.G.S. in 'n finansiële verknorsing laat beland het, was die gebouekompleks wat pas voor die depressie in Kerkstraat 73, Johannesburg, herbou is. Daar is reeds in hoofstuk 8 na hierdie gebou genaamd "The Residency", verwys. In 1919 is die A.G.S. se nuwe tabernakel en hoofkantoor daar gebou. Omdat dit spoedig te klein was om die mense tydens konferensies te huisves, is daar in 1929 'n duur projek aangepak om die kompleks te vergroot en uit te brei - iets wat nie gedoen sou word as dit bekend moes wees dat die depressie vlak voor die deur was nie. Die uiteindelike veranderde kompleks het bestaan uit 'n gebou wat 'n paar verdiepings hoog was en wat die vergrootte tabernakel, 'n aantal kantore, woonstelle en winkels ingesluit het.

Teen April 1931 het die skoen begin druk en moes die Algemene Tesourier, br. J.H. Saayman, aan die Jaarlikse Konferensie rapporteer dat daar 'n algemene daling in die inkomste van die kerk was.[1] As gevolg van die laer inkomste van die verskillende gemeentes, het ook die heffing wat na die hoofkantoor moes gaan, verlaag. Die Uitvoerende Raad het dus

1. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 6 April 1931. Boek [illegible], p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



al hoe meer probleme ondervind om die groot skuld van "The Residency" te vereffen.

Daar is op elke moontlike manier probeer om die uitgawes te besnoei. So het dit soms gebeur dat die ampsdraers van die kerk (selfs die president) en almal wat deur die Uitvoerende Raad besoldig is, (dit sluit onder ander die sendeling[illegible]), hulle maandelikse besoldiging ontvang het nie, soos die vo[illegible] [illegible]sluit van die Uitvoerende Raad in Februarie 1932 duidelik bewys. [illegible]ved that we confirm action of the treasurer in not paying out [illegible]wances to workers, for the month of January.[2]

Tydens die depressie wou die Uitvoerende Raad ook verhinder dat enige gemeentes skuld aangaan. Daar word dan ook reeds aan die begin van die depressie besluit om vir die duur daarvan geen nuwe aansoeke om boulenings goed te keur nie. Trouens die eerste gemeente waarvan daar weer 'n boulening goedgekeur is, was die gemeente Rosettenville in Maart 1933.[3]

Ten spyte van die maksimale besnoeing van uitgawes, het die Uitvoerende Raad se situasie steeds meer benard geraak, aangesien die inkomstes uit die gemeentes gedaal het. Mettertyd is daar op verskillende gemeentelike eiendomme verbande geneem om sodoende lenings te bekom. So besluit die Uitvoerende Raad bv. "..... that Bros. Grobler and Preller be authorized to negotiate a loan of up to 10 000 pounds on our unbonded properties in order to pay off our unsecured debts".[4]

Reeds sedert die begin van die depressie is daar 'n paar maal oorweeg om die groot bron van skuld, "The Residency", te verkoop. In Maart 1932 word daar dan ook amptelik besluit om die waardevolle gebou te

2. [illegible]tule van die Uitvoerende Raad, 15 Februarie 1932, Boek 5, p. 1285.
3. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 Maart 1933, Boek 5, p. 1375.
4. Notule van die Uitvoerende Raad, 4 Oktober 1932, Boek 5, p. 134[illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verkoop.[5] In die moeilike tye sou dit egter nie gou en maklik gebeur nie.

Daar was 'n ander rede wat saam met die skulde van die "Residency" die situasie vererger het. In die twintigerjare het die Uitvoerende Raad die lidmate van die kerk aangemoedig om hulle geld by die Hoofkantoor te belê in plaas van by 'n bank. Gedurende die depressie het heelparty van die mense hulle geld kom opvra - om 'n tweërlei rede: Eerstens het baie mense tydens die depressietyd hulle spaargeld benodig. Die ander rede was egter baie netelig. Al hoe meer gerugte het die rondte gedoen dat die A.G.S. finansiële probleme het en dat insolvensie dreig.[6] Nou moet daar onthou word dat die A.G.S. as onbeperkte maatskappy geregistreer was. Dit het beteken dat die lidmate van die kerk eintlik lede van 'n maatskappy was. Wanneer persone lidmate van die A.G.S. geword het en die lidmaatskapkaart onderteken het, het hulle hulself dus daarmee ook as lede van die maatskappy gebind. Dit sou meebring dat as die kerk (maatskappy) bankrot raak, die lede se bates ook in gedrang sou kom.

Dit is te verstane dat hierdie sameloop van omstandighede die Uitvoerende Raad in 'n onbenydenswaardige situasie geplaas het. Te midde van groot skuld wat hulle sukkel om te vereffen, kom vra verskillende lidmate meteens hulle beleggings by die kerk op - uit vrees dat hulle geld ook in die slag gaan bly as die A.G.S. insolvent sou raak. Die volgende aanhaling uit die notule van die Uitvoerende Raad is 'n tipiese voorbeeld van die kerk se finansiële penarie op daardie stadium. "The meeting was informed that old Sist. Bosman made application for a refund of 200 pounds of the money she invested with the Mission.

5. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 29 Maart 1932, Boek 5, p. 1308.
6. Notule van die Uitvoerende Raad, 8 September 1932, Boek 5, p. 1340.
Notule van die Uitvoerende Raad, 4 Oktober 1932, Boek 5, p. 13[illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Bro. W. Grobler moved and Bro. Preller seconded that we offer her 50 pounds now, and the balance as soon as possible and that we increase her interest to 8% ......

"Bro. Preller stated that he had an interview with old Sist. Bosman and she stated that she had to have the money."[7] In hierdie geval moes reëlings by die bank getref word om hierdie geld terug te betaal.

Die finansiële krisis het ook 'n ander krisis veroorsaak. Persone wat lidmate van die A.G.S. geword het, moes 'n lidmaatskapkaart onderteken waardeur hulle, soos reeds genoem, eintlik lede van 'n onbeperkte maatskappy geword het. Die moontlikheid dat die A.G.S. insolvent sou raak en dat lidmate se bates en eiendomme dan ook in gedrang sou kom, het vir baie lidmate 'n dreigende en wesenlike probleem geword.

Die logiese wat in so 'n situasie verwag kan word, het dan ook gebeur - tydens 1932 en 1933 het die Uitvoerende Raad 'n stroom van bedankings van lidmate ontvang wat die gevolge van 'n moontlike bankrotskap vroegtydig wou ontkom. Party van die bedankings het met uitdruklike ontevredenheid gepaard gegaan: "Bros. Herholdt and Venter said their reason for resigning from the Mission was that they were not satisfied with the way in which the business of the Mission was managed."[8] Ander het bedank sonder om 'n rede te verskaf: "The secretary read a letter signed by a number of members of the Mission residing at Sheepmoor, District Ermelo, tendering their resignation but giving no reason."[9]

Omdat die A.G.S. as onbeperkte maatskappy geregistreer was en omdat hy homself in sekere sake begeef het wat eerder die terrein vir

7. Notule van die Uitvoererde Raad, 20 April 1933, Boek 5, p. 1405-1407.
8. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 November 1932, Boek 5, p. 1352.
9. Notule van die Uitvoerende Raad, 9 Desember 1932, Boek 5, p. 1354.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sakeondernemings was, het hy gedurende die depressie soos enige ander sakeonderneming wat nie finansieel baie sterk was nie, harde bene gekou. Finansieel en in ander opsigte was dit bepaald een van die moeilikse eras in die kort bestaan van die A.G.S.

Ook by die algemene kerklike vergaderings van die tyd was daar stemme gehoor wat hulle ontevredenheid uitgespreek het oor die wyse waarop die A.G.S. se finansiële sake bestuur is. Toe die finansiële verslag van die Uitvoerende Raad deur die algemene tesourier by die jaarlikse konferensie van 1933 voorgehou is, is die gevoel van ontevredenheid onder sommige lede duidelik weerspieël deur die volgende mosie wat ingedien is: "..... dat ons nie die finansiële verslag aanneem nie as 'n protes teen die finansiële manier waarop die Uitvoerende Raad hulle besigheid drywe."[10] Alhoewel hierdie mosie oorweldigend verslaan is, het dit tog die gevoel van ongelukkigheid onder sommige weergegee.

Enkele jare voor die depressie, is 'n fonds in die lewe geroep met die oog op sekere welsynsprojekte. Die gedagte was om later 'n weeshuis te inisieer en ook om afgetrede werkers of weduwees van afgestorwe werkers finansieel by te staan - daar was immers geen pensioenskema op daardie stadium nie. Hierdie fonds het alreeds 'n redelike bedrag bedra. 'n Onwenslike en tragiese gevolg van die depressie was dat al daardie geld gebruik was om die skuld op die "Residency" te help betaal.[12] Daar sou hierna weer 'n hele aantal jare verloop voordat na die behoefte van die weduwees en die wese omgesien kon word.

'n Ander geringer gevolg van die depressie was dat die verteenwoordiging by die jaarlikse werkerskonferensies van daardie tyd afgeneem het. As gevolg van die ekonomiese toestand was veral die plattelandse

10. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 14-22 April 1933, Boek 5, p. 1413-1414.
11. Trooster, 15 Mei 1932, p. 7 en 8.
12. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 14-22 April 1933, Boek 5, p. 1419.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeentes heelwat swakker as gewoonlik verteenwoordig.

Teen April 1933 het die Uitvoerende Raad nog nie daarin geslaag om die "Residency" verkoop te kry nie. Op daardie stadium was die kompleks vir 35 000 pond in die mark.[13]

Teen September 1933 was die gebou nog steeds nie verkoop en word die volgende besluit geneem: "That we authorize the Trustees to borrow the sum of 35 000 pounds (thirty-five thousand pounds) from the South African Mutual Live Assurance Society on the property called the Residency on First Mortgage Bond for a period of 20 years ......."[14]

By die werkerskonferensie van Maart 1935, kon die goeie nuus aan die teenwoordigers meegedeel word, naamlik dat die "Residency" uiteindelik verkoop is. Groot verligting spreek uit die volgende mosie: "....... that we as a Workers Conference express our thanks to God for having delivered us from this financial burden and pledge ourselves not to enter into commercial propositions as heretofore."[15]

Teen die tyd dat hierdie gebou uiteindelik verkoop is, was die depressie ook iets van die verlede en het die A.G.S. een van die moeilikste tye in sy kort bestaan oorleef. Soos uit laasgenoemde aanhaling duidelik blyk was daar vir die A.G.S. sekere belangrike lesse uit hierdie tydperk te leer. Die toekoms sou leer of die lesse wel ter harte geneem is.

## 11.2 Die kerk se standpunt i.v.m. militêre diens

Soos met sy standpunt oor medisyne, dokters en inentings, het die A.G.S. se standpunt oor oorlogsdiens vir sy lidmate in later jare ook

13. Notule van die Uitvoerende Raad, 20 April 1933, Boek 5, p. 1406.
14. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 September 1933, Boek 5, p. 1449 en 1450.
15. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 26-30 Maart 1934, Boek 5, p. 1494.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verander. Die standpunt wat hier voorgehou word het betrekking op die eerste dekades van sy bestaan en verwys spesifiek na die periode wat die twee wêreldoorloë insluit.

Reeds kort na sy ontstaan, moes die A.G.S. homself verantwoord met betrekking tot sy standpunt oor oorlogsdiens. Kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, neem die president, br. P.L. le Roux die inisiatief in hierdie verband. Op sy aanbeveling besluit die Uitvoerende Raad om aan alle lidmate 'n brief te stuur oor die A.G.S. se standpunt in verband met die opneem van wapens. Hierin het die Uitvoerende Raad gestel dat hy beswaar het teen die opneem van wapens, maar dat jongmanne hulle wel beskikbaar kan stel om in nie-vegtende hoedanigheid op te tree indien dit absoluut noodsaaklik is.[16]

Daar word ook besluit om 'n brief aan die Minister van Verdediging te stuur, waarin daar vir die lidmate van die A.G.S. vrystelling gevra word om die wapen op te neem.[17] By die volgende vergadering van die Uitvoerende Raad word die antwoord van die Departement van Verdediging voorgelees. Hiervolgens blyk dit die Departement heel simpatiek gesind is teenoor persone wat gewetensbesware teen die opneem van wapens het en dat alle aansoeke om vrystelling van militêre diens onmiddellik aandag sal geniet.[18] Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die A.G.S. dan ook geen probleme in die verband gehad nie.

In 1923 het dit vir die Uitvoerende Raad weer nodig geword om sy standpunt oor hierdie aangeleentheid duidelik te stel en word vertoë aan die Departement van Verdediging gerig: "We the undersigned members of the Executive Council of the Apostolic Faith Mission of South Africa representing approximately 15 000 people (white) [illegible]

16. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Augustus 1914. Uit die Voorlopige Notuleboek.
17. Ibid.
18. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] September 1914. Uit die [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

(1) That our acceptance of the Scriptures does not permit us to take up arms.

(2) The previous Defence Act contained a clause exempting conscientious objectors from carrying arms. We pray that such a clause be included in the present Law.

(3) As Burghers of the land we acknowledge our obligations to assist in bearing its burdens in times of peace or war, and do not object to do so, but only in a non combatant capacity.

(4) We would pray therefore that our young people be exempt from undergoing military training."[13]

By the vergadering in Februarie 1924 gee br. P.L. le Roux aan die Uitvoerende Raad verslag van 'n onderhoud wat 'n afvaardiging van die Uitvoerende Raad met die Departement van Verdediging gehad het. By die geleentheid is daar aan die A.G.S. versekering gegee dat die gewetensklousule nog steeds van krag is en dat jongmanne wat aan kerke behoort wie se leerstellings die opneem van wapens verbied, steeds vrystelling kan verkry. Dit was nogtans nodig dat alle jongmanne steeds moes registreer.[14]

Aangesien sommige persone wat nie lidmate van die A.G.S. was nie blykbaar onder die dekmantel van lidmaatskap om vrystelling van militêre diens gevra het, word daar in 1932 strenger maatreëls deur die Departement van Verdediging getref. Die volgende kennisgewing verskyn in 1932 in die kerkblad: "Vrystelling vir Burgers vir Militêre Opleiding vir Godsdienstige Redes. Ons wil graag u aandag bepaal by die volgende kennisgewing wat pas deur die Verdedigingsdepartement uitgestuur is:

13. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Desember 1923, Boek 2, p. 753 en 754.
14. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Februarie 1924, Boek [illegible], p. [illegible].

'Boonop die gewone Lidmaatsertifikaat wat vereis word in geval van applikasies vir vrystelling van Militêre Opleiding deur lede van u genootskap, sal in die toekoms ook 'n sertifikaat vereis word van die Kerk waar hulle of hul ouers voorheen aan behoort het om te toon dat hulle nie langer meer lede van daardie Kerk is nie'."[21]

Teen die einde van 1938 was dit reeds duidelik dat 'n tweede wêreldoorlog nie ver kan weg wees nie. Op hierdie stadium word dit noodsaaklik geag om die kerk se standpunt oor deelname aan oorlog in die kerkblad te stel.[22] Die standpunt was dieselfde as die van die groot Pinksterkerk in Amerika, die "Assemblies of God". Die oortuiging deur die Uitvoerende Raad in hierdie artikel uitgespreek, het dan ook regdeur die Tweede Wêreldoorlog die standpunt van die A.G.S. gebly. In hoofsaak kom dit op die volgende punte neer: Dit word duidelik gestel dat alhoewel daar in hierdie verband voorligting gegee word, dit nie die gewete van die indiwidu mag oorheers nie. Die A.G.S. vind egter op grond van talle uitsprake in die Skrif (veral in die Nuwe Testament), dat Christene belet word om bloed te vergiet en die lewens van medemense te neem. Die A.G.S. erken egter die regering as van Goddelike oorsprong en beklemtoon sy onwrikbare vertroue in die regering van Suid-Afrika en gee ook aan die regering sy versekering dat hy sy hulp sal verleen sover as wat dit menslik moontlik is en in ooreenstemming is met sy geloof in die Woord van God. Aangesien geen mens hom in oorlogstyd totaal van enige verband daarmee kan onttrek nie, is daar baie dienste wat jongmense in oorlogstyd kan onderneem sonder om die wapen op te neem en lewens te vernietig, bv. as kok, hospitaalhulp, bestuurder van ambulans, ens. Hierdie standpunt is weer herbevestig toe die oorlog in [illegible] is dit [illegible] aan die lidmate van die A.G.S duidelik gestel dat [illegible] vir vrystelling van

21. Trooster, [illegible]
22. Trooster, [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vredesoefeninge verkry kan word op grond van gewetensbeswere, daar egter nie vrystelling is van oorlogsdiens nie. Lidmate moet egter versoek om in 'n nie-vegtende hoedanigheid op te tree.[illegible]

Dit blyk dus duidelik dat die A.G.S. hom in hierdie saak volkome aan die owerhede onderwerp het en heeltemal lojaal en getrou aan die regering was. Dit was vir die Uitvoerende Raad 'n uitgemaakte saak dat die owerheid deur God daargestel is en dat die lidmate van die kerk aan die regering onderdanig moet wees. Waar die eise van die staat egter teen die gewete van die indiwidu gaan en teen die oortuigings wat die kerk oor dié saak in die Skrif het, moet die kerk sy standpunt duidelik stel en handhaaf. Dit het die A.G.S. dan ook gedurende die oorlog gedoen. Soos dit ook genoem is, wou die kerk nie oor die gewete van sy lidmate heers nie. Daarom was daar wel lidmate wat tydens die oorlog in 'n vegtende hoedanigheid deelgeneem het. Aan die ander kant het talle lidmate op grond van gewetensbesware geweier om die wapen teen medemense op te neem en het hulle in nie-vegtende verband diens gelewer.

Dit moet weer eens duidelik gestel word dat die A.G.S. se standpunt oor die opneem van wapens in oorlogstyd sedertdien verander het. As daar gepraat word van 'n verandering van standpunt, moet dit ook gekwalifiseer word. Daar is skynbaar nooit sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n amptelike standpunt oor die aangeleentheid uitgereik, soos wat die geval was voor en tydens die oorlog nie. Wanneer daar dus gepraat word van 'n standpunt in die verband, is dit dus 'n afleiding vanuit die praktyk. Hierdie verandering in standpunt het heel natuurlik in die kerk gekom alhoewel die opkoms van die Afrikanernasionalisme en die belangstelling en betrokkenheid in die politiek vanuit sekere oorde in die A.G.S. moontlik ook 'n bydrae kon lewer. Oor laasgenoemde punt sal in 'n latere hoofstuk meer gesê word.

[illegible] Trooster, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel die indiwiduele lidmaat vandag op grond van gewetensbesware nog steeds kan vra om in 'n nie-vegtende hoedanigheid deel te neem, is dit nou die kerk se nie-amptelike standpunt dat lidmate ook in 'n vegtende hoedanigheid kan deelneem. Dit is dan ook die huidige toedrag van sake wat feitlik alle dienspligtiges uit die A.G.S. betref.

Daar is 'n verdere bewys dat die A.G.S. deur sy lidmate by die Tweede Wêreldoorlog betrokke was en ook sy verantwoordelikheid ten opsigte van die oorlog besef het. Dit kan gesien word deurdat daar vroeg in 1942 deur die Uitvoerende Raad by die Weermag owerheid aansoek gedoen is vir die aanstelling van 'n voltydse kapelaan in die Weermag met die doel om die strydende magte op die slagvelde te bedien.[24] Die Uitvoerende Raad het br. A.R. Smit, voormalige predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, vir hierdie bediening aanbeveel.[25] As gevolg van sy ouderdom wat te hoog was, het die owerheid egter nie die aanbeveling aanvaar nie.[26]

Hierop het een van die bekendste pastore in die A.G.S. en lid van die Uitvoerende Raad, br. H.A. de Vries vrywilliglik aangebied om as kapelaan te gaan. Hy is dan ook spoedig goedgekeur en met die rang van Kaptein het hy die eerste Pinksterveldprediker onder die Unie-strydmagte geword. Hy het gedurende die paar weke voor sy vertrek geseënde werk in die militêre hospitale aan die Rand gedoen.[27]

Br. H.A. de Vries het vir ongeveer 'n jaar en 'n half as veldprediker in die Noorde opgetree. In November 1943 het die Uitvoerende Raad besluit om by die militêre owerheid om vrystelling vir hom te vra aangesien daar gevoel is dat daar 'n spesifieke behoefte aan sy bediening

24. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Januarie 194[illegible], [illegible], p. 23[illegible].
25. Ibid.
26. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Februarie 194[illegible], [illegible], p. 23[illegible].
27. Trooster, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in Suid-Afrika was.[28] Daar word egter kort daarna besluit om 'n ander bekwame jong prediker, br. P.J. van den Berg van Lichtenburg, as kapelaan in sy plek aan te beveel.[29] Hy vertrek dan ook op 29 April 1944 na Egipte as opvolger van br. H.A. de Vries. Hy het egter nie lank die geleentheid gehad om hierdie nuwe bediening te vervul nie. Op 16 Junie 1944 is hy in 'n hospitaal in Egipte oorlede.[30] Hy was slegs 34 jaar oud.

Vroeg in 1945 het die Uitvoerende Raad besluit om 'n derde kapelaan na die Noorde te stuur. Die keuse het op br. L.J. Erasmus van Pretoria geval.[31] Die oorlog is egter beëindig voordat daar enigiets van kon kom.

Met die oorlog iets van die verlede het die Uitvoerende Raad egter die behoefte en verdienstelikheid van 'n permanente kapelaan in die Weermag gevoel. Gevolglik word daar kort na die oorlog besluit dat die moontlikheid van 'n permanente en voltydse Weermagkapelaan ondersoek moet word.[32] Daar sou egter 'n hele paar jaar verloop voordat dit 'n werklikheid sou word.

Die saak van 'n Weermagkapelaan sou eers weer ernstig ter sprake kom in Augustus 1963 toe die Uitvoerende Raad besluit om 'n pastoor by die Minister van Verdediging aan te beveel as Weermagkapelaan met die oog op die bediening van Pinksterjongmanne in die Weermag.[33] Daar is in 1963 sodanige pos deur die Weermag geskep omdat die getal lidmate van die A.G.S. en ander Pinksterkerke in die Weermag 'n voltydse kapelaan geregverdig het.

28. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
29. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Februarie [illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
30. Trooster, [illegible], p. [illegible].
31. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Januarie [illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
32. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
33. [illegible]

Pastoor W.J. Rheeders is vir hierdie bediening beroep en aanbeveel en hy ontvang dan ook die aanstelling as die eerste voltydse Weermagkapelaan van die A.G.S. in vredestyd. Hy is deur die Weermag as Kommandant aangestel en het in hierdie bediening op 1 Januarie 1964 begin.[34] Sedertdien het die diens van die A.G.S. in die Weermag aansienlik uitgebrei deur die toevoeging van dienspligkapelane en deeltydse kapelane.

## 11.3 Fenomenale groei en ontwikkeling tydens die oorlogsjare

Die oorlogsjare (1939 - 1945) het ook sy invloed op Suid-Afrika gehad. Soos dikwels egter in die geskiedenis, het tye van oorlog, krisis en swaarkry op die kerk 'n heel ander invloed as op die maatskappy gehad. Dit is dan ook opvallend dat die ses jaar van die oorlog, met sy baie sosiale en ekonomiese gevolge in ons land, 'n besondere stimulerende uitwerking op die A.G.S. gehad het. Dit kan moontlik die jare met die grootste groei in die bestaan van die A.G.S. wees - kwantitatief, finansieël en geestelik.

Wanneer die algemene sekretaris van die A.G.S. in daardie periode, die bekende pastoor Dawid du Plessis, later in sy lewe terugkyk na die geskiedenis van die A.G.S., maak hy ook van hierdie besondere periode van groei melding: "The wartime years brought havoc and devastation around the globe, but for the Pentecostal church in South Africa, God allowed the period of 1938 through 1944 to be one of extraordinay growth and development."[35]

Die volgende feitelike verslag van die jare 194[illegible] - 194[illegible] spreek vir hulleself: "Die Sending het gegroei en ontwikkel soos nooit voorheen in haar geskiedenis nie. Nuwe gemeentes is gestig; [illegible] gemeentes [illegible]

34. [illegible], 1964, p. [illegible].
35. [illegible], A man called Mr. Pentecost, p. [illegible].

het groot geword; oor die 50 werkers het uitgetree as voltyd-pastore; 15 meer sendelinge is in die veld geplaas; 16 nuwe kerke is gebou en 10 is vergroot; 10 huise en 9 erwe is aangekoop en bo alles is duisende siele gered en bygevoeg by ons gemeentes.[36]

Volgens die sensus wat by die werkerskonferensie van 1945 voorgelê is, was daar toe 177 blanke gemeentes in die A.G.S.[37] waarvan die gemeente "Pinksteroord" in Mayfair, Johannesburg, waarskynlik die grootste was. Die sieletal van dié gemeente was alreeds in 1939 meer as 700.[38] Die bekende past. G.R. Wessels was op daardie stadium die pastoor van die gemeente.

Veral die jaar 1940 was gekenmerk deur 'n aantal belangrike veranderinge en nuwighede. Dit was die jaar waarin die veranderde konstitusie in gebruik geneem is – meer daaroor in 'n latere hoofstuk. Dit was ook die jaar waarin daar met 'n volwaardige Bybelskool begin is. Die eerste ware kampkonferensie (camp meeting) is gehou en die bekende Maranata Park is ook in 1940 aangekoop.

'n Interessante tendens wat baie sterk in die A.G.S. opgeleef het net voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog en wat sekerlik nie uniek aan die A.G.S. was nie, is die oplewing in die wederkomsverwagting wat met die oorlog gepaard gegaan het. Die A.G.S. het sedert sy ontstaan 'n sterk wederkomsverwagting gehad. Die sombere tekens van die naderende wêreldoorlog tydens die jaar of twee voordat dit uitgebreek het, sowel as die ontstellende berigte tydens die oorlog, het baie laat glo dat dit die teken was van die spoedige wederkoms van Christus. In die kerkblad het

36. Trooster, [illegible] 1942 – Januarie [illegible], p. [illegible].
37. [illegible] 1945, [illegible], p. [illegible]76.
38. "Na Vyf Jaar", [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daar dan ook in hierdie jare dikwels artikels verskyn met hierdie strekking.[39]

Daar is nog een saak wat met die oorlog verband hou en verdien om vermeld te word. Nadat die oorlog beëindig is, het dit onder die aandag van die Uitvoerende Raad gekom dat daar heelwat Pinkstergelowiges in 'n aantal lande in Europa ernstige voedselgebrek ly as gevolg van die oorlog. Tydens 1947 is daar deur die A.G.S. 'n spesiale aksie van stapel laat loop om hulle Pinkstergenote in sommige Europese lande van voedsel te voorsien. Meer as 'n duisend voedselpakkette is na Engeland, Duisland en Holland gestuur.[40]

## 11.4 Die ontstaan van kampkonferensies

Een van die mees tipiese kenmerke van die A.G.S. en van die Pinksterbeweging in die algemeen, is konferensies. Die volgende aanhaling beskryf dit raak: "Die Pinkstermense is lief vir Konferensie. Hulle hou daarvan om in groot getalle saam te kom om te aanbid. Miskien is dit 'n voorspel van die groot Konferensie wanneer die bruid van die Here Jesus opgeneem sal word."[41] In die A.G.S. is konferensies van die begin af gehou.

Konferensies het egter nie as iets unieks in die Pinksterbeweging ontstaan nie. Kerklike konferensies, waar groot getalle mense saamkom om in 'n redelike mate van vryheid en spontaneïteit te aanbid en geestelik saam te verkeer, het sy oorsprong in die vroeë Metodisme en die Revivalisme. Veral belangrik is dat konferensies ook algemeen voor-

39. So bv. **Trooster**, 15 Desember 1938, p. [illegible] en 5.
**Trooster**, Februarie 1939, p. 5, 7 en 17.
**Trooster**, April 1939, p. 3 en 4.
**Trooster**, Junie 1939, p. 15, 25 en 27.
40. **Trooster**, November 1947, p. 15.
**Trooster**, Desember 1947, p. 16.
41. **Trooster**, Mei 1964, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekom het onder die kerke en groepe waaruit die Pinksterbeweging voortgekom het, bv. die Heiligheidsbeweging (dink maar aan die Keswickkonferensies) en die Sionisme. Veral in Amerika is die sogenaamde "Camp Meetings" reeds vir meer as 'n eeu en 'n half 'n belangrike gebeurtenis in hulle kerklike tradisie.[42]

Uit hierdie agtergrond het konferensies spontaan 'n plek gekry sedert die ontstaan van die Pinksterbeweging. Die A.G.S. vind ook 'n Bybelse fundering vir die hou van konferensies: "Right through the Bible we read that the Lord has laid down that His people should come together at fixed times to have fellowship with Him. During such feasts they were built up and strengthened in the faith. Our Annual Conference is such a feast unto the Lord and dates back right to the days of the infancy of the Apostolic Faith Mission."[43]

Watter betekenis het konferensies vir die A.G.S.? In 'n redaksionele artikel in die kerkblad[44] word 'n aantal belangrike aspekte genoem: Dit is 'n betoning van samehorigheid. Die sterk broederlike band tussen die Pinkstergelowiges word op hierdie manier verstewig. Tweedens is dit 'n besondere geleentheid vir geloofsgenote uit verskillende gemeentes en dele van die land om met mekaar te ontmoet. Veral vir gelowiges uit klein veraf gemeentetjies en vir nuwe bekeerlinge is dit 'n ideale geleentheid om ander in hul kerk te leer ken. Verder is dit ook 'n kosbare geleentheid vir ou kennisse, vriende en kollegas om mekaar jaarliks weer te sien en saam te wees.

In die A.G.S. is konferensietyd ook die tyd waartydens die meerdere vergaderings gehou word - dit is die vergadering van die werkersraad, asook die jaarlikse vergaderings van die [illegible], die [illegible] en die Sondagskool.

42. Trooster, [illegible]
43. Trooster, [illegible]
44. Trooster, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Konferensies is 'n tyd van onderlinge versterking. Daar word genesingsdienste gehou vir hulle wat siek is en ook dienste vir die wat verlang om met die Heilige Gees gedoop te word. Dit is 'n geleentheid waar duisende saam die Here kan aanbid en waar gelowiges uit klein dorpies en gemeentetjies aangemoedig word by die besef dat daar baie duisende is wat soos hulle glo en voel. Vir baie gelowiges is dit 'n geestelike hoogtepunt - die geestelike gemeenskap, geïnspireerde boodskappe, die deelname aan die tafel van die Here, geseënde getuienisse, gesamentlike sang en indiwiduele sangnommers, ens. Sonder twyfel het konferensies 'n belangrike rol gespeel in die groei en ontwikkeling van die A.G.S.

Hiermee word daar teruggekeer na die historiese ontstaan en ontwikkeling van konferensies in die A.G.S.

Vir die eerste jaar of twee nadat die A.G.S. in 1908 ontstaan het, was die fokus maar op die Sentrale Tabernakel in Breëstraat 88, Johannesburg. Behoorlik gekonstitueerde gemeentes het eers na twee of drie jaar ontstaan alhoewel daar op verskillende plekke in die land groepies Pinkstergelowiges bymekaar gekom het.

Die eerste volwaardige konferensie waarby daar ook 'n vergadering van lede gehou is - die sogenaamde werkerskonferensie-, het aan die begin van Oktober 1911 plaasgevind.[45] Dit het as die Jaarlikse Algemene Konferensie (Annual General Conference) bekend gestaan. Tot in 1914 is daar ook in Meimaand 'n "Annual Conference" gehou waartydens daar nie 'n "werkerskonferensie" gehou is nie.[46]

Aan die einde van 1914 word daar geen Jaarlikse Algemene Konferensie gehou nie - waarskynlik as gevolg van die uitbreek van die Eerste

45. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] November [illegible]. Uit die Voorlopige Notuleboek.
46. Notule van die Algemene Konferensie, [illegible] November [illegible]. Uit die Voorlopige Notuleboek.
[illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wêreldoorlog. Die Uitvoerende Raad het dié konferensie wat vir 12 - 21 Desember beplan was, vir 'n onbepaalde tyd uitgestel.[47] Die Uitvoerende Raad besluit later[48] om die Jaarlikse Algemene Konferensie van 1915 gedurende die Paasvakansie te hou. Van 1915 af het die Paaskonferensie die groot jaarlikse konferensie van die A.G.S. gebly waartydens die werkersraadvergadering ook gehou word. Daar is egter besluit dat die konferensies aan die einde van die jaar (voortaan in Desember) steeds behou sal word, maar dat dit slegs 'n geestelike konferensie sal wees waartydens daar nie vergaderings gehou sal word nie.[49] Hierdie konferensie in Desember is tot in 1937 as 'n tweede jaarlikse konferensie gehou.[50]

### 11.4.1. Kampkonferensies

Die jaarlikse konferensies wat in die A.G.S. gehou is tot in 1939, was nie kampkonferensies nie. Dit was konferensies wat in die Sentrale Tabernakel in Johannesburg gehou is - eers in Breëstraat, daarna in Kerkstraat en toe in De Villiersstraat - soos in 'n vorige hoofstuk aangedui. Hierdie konferensies het daaruit bestaan dat gelowiges van oor die hele land in Johannesburg vir ongeveer 'n week saamgekom het en twee of drie keer op 'n dag dienste in die tabernakel bygewoon het.

Daar het mettertyd veral drie probleme met hierdie vorm van konferensie ontstaan. Eerstens kon die grootste tabernakel kwalik 1 500 mense huisves sodat daar van die begin af probleme was met beperkte

47. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 November 1914, Uit die Voorlopige Notuleboek.
48. Notule van die Uitvoerende Raad, 30 Januarie 1915, Boek 1, p. 6.
49. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Augustus 1915, Boek 1, p. 32.
50. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 22-27 Maart 1937, p. 1864.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spasie. Reeds in 1916 was die tabernakel in Kerkstraat te klein vir die groot getalle.[51] Dit het meegebring dat baie mense die konferensies nie kon besoek nie, omdat hulle geweet het dat daar nie plek sou wees nie.

Tweedens was dit 'n probleem om vir al die mense van ver af huisvesting vir die duur van die konferensie te kry.

Die derde probleem het eers later jare ontstaan toe motorkarre in Johannesburg al meer geword het. Omdat die verskillende tabernakels in die stad geleë was, het parkeerplek 'n probleem begin word en konferensiegangers het soms uit dienste gekom en parkeerkaartjies aan hul motors gevind![52]

Veral eersgenoemde twee probleme het meegebring dat daar reeds by die Algemene Konferensie van April 1916 'n voorstel ingedien is dat die kerk sy eie kampgronde moet aankoop waar daar genoeg ruimte beskikbaar is en die gelowiges ongesteurd kampkonferensie (camp meetings) kan hou. Die voorstel is entoesiasties aanvaar.[53] Daar het egter niks van gekom nie.

In 1918 word besluit om die Desemberkonferensie van daardie jaar in die vorm van 'n kampkonferensie te hou.[54] Daar word besluit om 'n afgeleë stuk grond by Village Main Reef te huur waar 'n groot aantal tente dan opgeslaan sou word om die konferensiegangers te akkommodeer. Hierdie kampkonferensie was blykbaar nie 'n groot sukses nie.[55] Feit bly egter dat die gedagte aan kampkonferensies reeds vroeg in die geskiedenis van die A.G.S. na vore gekom het. 'n Hele aantal jare sou nog moes verloop voordat hierdie begeerte verwerklik sou word.

51. **Comforter**, Junie 1916, p. 2.
52. **Trooster**, Februarie 1942, Spesiale bylae.
53. **Comforter**, Junie 1916, p. 2.
54. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 September 1918, Boek I, p. 230.
55. Bob Slosser, op cit, p. 108.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By 'n Uitvoerende Raadsvergadering in Desember 1932 word daar besluit om twee broeders aan te stel. "..... to investigate and report on the possibility of the next Conference being held in some open space easy of access."[56] Hierdie gedagte is van die April konferensie uitgestel tot die Desember konferensie van 1933: ".... that the Executive Council be instructed to go into the matter and as soon as possible and convenient to arrange a camp meeting."[57] Ook van hierdie besluit het daar niks gekom nie.

By die jaarlikse Werkerskonferensie van 1937 noem br. J.G. Henning van Brakpan die volgende moontlikheid: "Bro. Henning .... suggested that we sell the large Tabernacle for 20 000 pounds or 25 000 pounds and then buy a large plot of ground near the city where orphanage and camping grounds could be established."[58] Alhoewel daar nie dadelik aan hierdie gedagte aandag gegee is nie, sou dit tog binne vier jaar feitlik letterlik vervul word.

Die man wat uiteindelik die inisiatief geneem het om kampkonferensies in Suid-Afrika in te voer, was die bekende pastoor Dawid du Plessis.[59] Tydens 'n uitgebreide toer in Amerika waarvandaan hy in 1938 teruggekeer het, het die belangrike rol wat "camp meetings" daar gespeel het, hom opgeval. "I was confident that the meetings were a definite cure for the deadening formalism that seemed to be gripping many churches."[60]

56. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 Desember 1932, Boek 5, p. 1365 en 1366.
57. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 11 April 1933, Boek 5, p. 1391.
58. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 26 Maart - 8 April 1937, Boek 7, p. 1884.
59. Die rol wat hy in hierdie verband gespeel het word beskryf in sy biografie deur Bob Slosser, **A man called Mr. Pentecost**, p. 108-110.
60. Ibid., p. 108.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Omdat hy besef het dat daar veel agterdog is teen alles wat "Amerikaans" is, het hy die saak baie versigtig hanteer en nie onmiddellik die punt aangeroer nie. 'n Jaar later het hy die kerk oortuig van die wenslikheid om 'n kampkonferensie te hou: "The General Secretary pointed out that the Central Tabernacle is becoming too small to accomodate the crowds who desire to attend the Conference and that parking restrictions are causing much trouble to those who attend meetings. After some discussions it was resolved ... that the Executive Council be authorized to investigate the possibility of finding a permanent Camp Ground for conventions."[61]

Pastoor Du Plessis het dadelik aan die werk gespring om 'n kampkonferensie vir 1940 te reël. Vir die doel het die Uitvoerende Raad 500 pond (R1 000) aan hom toegestaan.[62] Grond is naby Emmerentia, ongeveer 6 kilometer van die middestad van Johannesburg gehuur.[63] Vier groot tente wat teen mekaar opgeslaan was, het gedien as tabernakel en 150 woontente is opgeslaan. 'n Aparte tent is ook opgeslaan waarin daar vir die kinders kerk gehou is.

Die kampkonferensie wat vanaf 22 - 31 Maart 1940 gehou is, was 'n reuse sukses. Ongeveer 4 000 mense was die laaste Sondag op die kampgronde teenwoordig. Die kamp het tien dae geduur en was so 'n groot seën dat daar 'n eenparige gevoel was dat die kerk sy eie kampgronde so spoedig moontlik moet aanskaf.[64] Behalwe dat die opkomste meer as verdubbel het in vergelyking met vorige jare se konferensies, was daar duidelike bewys dat die seëninge wat daaruit voortgevloei het, die hele kerk verryk en groei gestimuleer het: "Spiritually and otherwise, the

61. Notule van die Jaarlikse Werkers- en Algemene Konferensie, 7-16 April 1939, Boek 8, p. 2104.
62. Bob Slosser, op cit., p. 109.
63. Trooster, April/Mei 1940, p. 5.
64. Ibid., p. 5.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



development of the camp meeting concept changed the Pentocostal movement in our country. Churches that seemed on the verge of going stale came alive. Revival spread. There were freshness and enthusiasm.[65] Ongetwyfeld is die gang van die A.G.S. tot 'n groot mate beïnvloed deur sy jaarlikse kampkonferensies.

### 11.4.2 Maranata Park

Die ideaal om eie kampgronde aan te koop, sou spoedig vervul word. In September 1940 besluit die Uitvoerende Raad om 'n pragtige stuk grond van ongeveer 13 akker naby Johannesburg teen 'n bedrag van 2 625 pond aan te koop.[66] Die volgende berig in die kerkblad is beskrywend: "... volgende jaar met paastyd D.V. gaan ons ons Algemene Konferensie hou op ons eie kampgronde. Op 'n wonderbare wyse het die Here onderneem dat ons sewe myl buitekant Johannesburg op die groot Pretoriapad 'n pragtige goedbewerkte plasie kon koop vir kampgronde. Die Munisipale bus gaan daar naby verby en maak dit dus baie gerieflik vir besoekers. Die teerpad gaan omtrent 150 treë van die hek verby. Daar is 'n pragtige groot woonhuis op die plek wat dadelik geskik is vir 'n Bybelskool of Weeshuis. Daar is baie groot ou bome wat heerlike koelte verskaf. Water is volop. Die plasie lê in die gebied van die voorstadjie Lyndhurst en die Uitvoerende Raad voel oortuig dit is net die plekkie wat die Here vir ons beskik het. Daar is genoeg ruimte om 'n Bybelskool en 'n Weeshuis op te bou en nog plek genoeg vir groot kampdienste."[67] Alhoewel die naam Maranata Park eers in November 1941 amptelik op besluit is,[68] is die plek reeds voor die einde van 1940 so genoem en so het dit ook gebly[69].

65. Bob Slosser, op cit., p. 110.
66. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 September 1914, Boek 8, p. 2232.
67. **Trooster**, September - Oktober 1940, p. 21.
68. Notule van die Uitvoerende Raad, 22 November 1941, Boek 8, p. 2248.
69. **Trooster**, November - Desember 1940, p. 3.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste kampkonferensie op Maranata Park is gehou vanaf 5 - 20 April 1941.[70] Voordat hierdie konferensie egter kon plaasvind, moes daar heelwat voorbereiding gedoen word.[71] Alhoewel daar 'n put op die plasie was, moes daar nog 'n boorgat geboor word. 'n Kragopwekker moes geïnstalleer word. Die gedagte was om 'n tent wat tussen drie en vier duisend mense kon akkommodeer, op te slaan. As gevolg van die oorlog het die Regering egter op feitlik alle tente beslag gelê. 'n Groot tweedehandse gebou van staal en sink word toe aangekoop vir 400 pond. Die gebou moes afgebreek, vervoer en weer op Maranata Park opgerig word.

Aangesien die beoogde tabernakel vier keer groter as die gebou moes wees (200' x 100') het dit vir die eerste konferensie net uit 'n raamwerk en 'n dak bestaan - en dit nadat ingevoerde sink ten duurste aangekoop moes word. Hierbenewens moes huisvestig vir die kampgangers verkry word. 'n Paar honderd tente is met 'n groot gesukkel op verskillende plekke gehuur en geleen. Beddens vir die tente en stoele vir die tabernakel moes gehuur word. Daar is ook 'n groot tent met sitplek vir 800 vir kinderdienste opgeslaan. Om die kamp vir die eerste konferensie gereed te kry, het meer as 5 000 pond gekos - dit sluit die koopprys in.[72]

Soos die konferensie die vorige jaar, was hierdie een ook uiters geslaagd en geseënd en tussen drie- en vierduisend mense was tydens die laaste Sondag op die kamp.[73] Ten spyte van die moeilike jare tydens die oorlog - petrolrantsoenering, skaarsheid aan lewensmiddele en talle ander beperkinge, het die kampkonferensies te Maranata Park elke jaar voortgegaan en het groot getalle mense daarheen gestroom.

70. Notule van die Jaarlikse Algemene en Werkerskonferensie, 5-20 April 1941, Boek 8, p. 2271.
72. <u>Ibid</u>., p. 4.
73. <u>Ibid</u>., p. 4 en 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1951 besluit die Uitvoerende Raad: ".... dat ons dit goedkeur dat die Kamp Tabernakel vergroot sal word, deur die Suidekant uit te sit."[74] Dié vergrote tabernakel is tydens die konferensie van 1952 ingewy.[75] Op 27 Maart 1964 word 'n nuwe groot Kamptabernakel wat ongeveer R40 000 gekos het, in gebruik geneem[76] nadat die ou tabernakel in 1963 afgetakel is. Sedertdien is daar ook 'n groot saal gebou waarin die jeug hulle eie dienste hou sowel as 'n saal vir die Sondagskool. 'n Groot aantal hutte vir kampgangers is ook aangebou.

In September 1943 is 'n verdere stuk grond wat aangrensend was van 'n dr. D.A. Ogilvie aangekoop teen 'n bedrag van 6 000 pond.[77] Op hierdie grond is 'n groot kinderdorp en 'n outehuis in later jare gebou - daaroor meer later.

### 11.4.3 Konferensies op Distriksvlak

Die A.G.S. van Suid-Afrika is in verskillende distrikte opgedeel wat min of meer soos die streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk funksioneer. Ongeveer teen dieselfde tyd dat daar begin is om kampkonferensies op nasionale vlak te hou, het die behoefte in sommige distrikte ontstaan om ook op streeksvlak eie kampkonferensies te hou. Mettertyd het verskeie distrikte dan ook hulle eie kampgronde vir die doel aangeskaf. In hierdie gedeelte word daar kortliks na die ontstaan van die onderskeie distrikte se kampkonferensies gekyk.

Die eerste distrik wat 'n eie kampkonferensie gehou het, was die

74. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 September 1951, Boek 14, p. 3739.
75. Notule van die Algemene Konferensie, 4-13 April 1952, Boek 15, p. 3794.
76. **Trooster**, Mei 1964, p. 3.
77. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 September 1943, Boek 9, p. 2545.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaapse distrik vanaf 2 - 9 Januarie 1938 te Rosebank.[78] Aan die begin van 1944 koop die Wes-Kaapse distrik sy eie kampgronde aan. Dit het twintig morge beslaan tussen Somerset-Wes en Sir Lowriespas en het 1 000 pond gekos.[79] Hierdie konferensiegronde word sedertdien "Pinkster Park" genoem. Die eerste konferensie aldaar is in Desember 1944 gehou en daarna steeds elke Desembermaand vir 'n tydperk van tien dae. Tydens die 25ste kampkonferensie op Pinksterpark, op 25 Desember 1968, is 'n nuwe kamptabernakel in gebruik geneem wat gerieflike sitplek vir 1 400 mense kon bied.[80]

Kort op die hakke van die Kaapse distrik, was Wes-Transvaal. Hulle eerste kampdienste word vanaf 11 - 19 Maart 1939 op die plaas Rheeboksfontein van mnr. H. Schoeman, 'n paar myl buite Klerksdorp, gehou.[81] Vir baie jare is daar op hierdie plaas konferensie gehou, aangesien die grond en die geriewe goedgunstiglik deur die Schoemanfamilie aan die kerk beskikbaar gestel is. Eers in 1981 is tien hektaar van die plaas amptelik deur die Wes-Transvaalse distrik van mnr. A.A. Schoeman, seun van mnr. H. Schoeman en huidige eienaar van die plaas vir die kerk aangekoop.[82] Op hierdie grond is 'n gerieflike kamp met al die nodige geboue. Daar word jaarliks in Oktobermaand 'n kampkonferensie hier gehou.

Die Noord Transvaalse distrik het ook in die veertigerjare hulle eie kampgronde aangekoop. In 1947 word grond by Warmbad vir 700 pond aangekoop.[83] In Julie 1948 word die eerste kampkonferensie dan ook

78. **Trooster**, November 1937, p. 32.
79. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Januarie 1944, Boek 9, p. 2567.
80. **Trooster**, Februarie 1969, p. 14 en 15.
81. **Trooster**, Januarie 1939, p. 17.
82. Inligting verkry van mnr. A.A. Schoeman, eienaar van die plaas Rheeboksfontein.
83. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Augustus 1947, Boek 12, p. 3071.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hier gehou.[84] In 1953 word hierdie kampgronde egter verkoop[85] en sedertdien het hierdie distrik nog nie weer sy eie gronde aangeskaf nie.

Die Oos-Transvaalse distrik het in 1949 vier morge grond by Sunbury naby Belfast, vir 200 pond gekoop.[86] Alhoewel hierdie distrik reeds vorige jare hulle eie kampkonferensies gehou het, word daar in Desember 1949 die eerste konferensie op Sunbury gehou.[87] Sedertdien word daar nog jaarliks in Oktober 'n kampkonferensie hier gehou.

Die Vrystaatste distrik het in 1952 gronde vir kampkonferensies by Bloemfontein aangekoop teen 4 600 pond.[88] Hierdie grond is na 'n aantal jare aan die Engelse Distriksraad van die A.G.S. verkoop.

Enkele ander distrikte het in 'n latere jare ook hulle eie kampgronde aangeskaf. Dit val egter buite die afgebakende bestek van hierdie proefskrif. Alhoewel al die distrikte in die A.G.S. nie oor hulle eie kampgronde beskik nie, hou feitlik al die distrikte 'n jaarlikse konferensie van een of ander aard.

## 11.5 'n Nuwe President[89]

In hoofstuk 9 is gemeld dat die eerste Afrikaanse president van die A.G.S., br. P.L. le Roux vir 'n periode van 29 jaar onafgebroke as president van die A.G.S. herkies is. In April 1943 het hy homself nie weer verkiesbaar gestel nie as gevolg van swak gesondheid. Die persoon

84. **Trooster**, September 1948, p. 17.
85. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Oktober 1953, Boek 16, p. 4144.
86. Notule van die Uitvoerende Raad, 27 Januarie 1949, Boek 12, p. 3223.
87. **Trooster**, Oktober 1949, p. 8.
88. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Mei 1952, Boek 15, p. 3879.
89. 'n Groot deel van die inligting oor pastoor G.J. Vermeulen, kom uit drie verskillende artikels wat op verskillende tye oor hom in die kerkblad verskyn het, naamlik:
**Trooster**, September 1946, p. 22.
**Comforter**, July 1950, p. 10.
**Trooster**, Desember 1972, p. 13.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat in sy plek verkies was, is br. G.J. Vermeulen wat self vir 'n lang tyd - 19 jaar - die president van die A.G.S. sou wees.

Gysbert Johannes Vermeulen is op 30 Augustus 1896 in Dewetsdorp in die Vrystaat gebore. As jongman het hy hom bekwaam as motorwerktuigkundige en vir vyftien jaar in hierdie ambag gestaan.

As 'n jong seun kom hy in 1912 in Bloemfontein tot bekering. Op 1 Mei 1916 tree hy in die huwelik met Anna Magrita Maria de Wet, 'n jong dame van Bothaville. Uit hierdie huwelik is vier dogters en vyf seuns gebore.

In 1920 word hy as deeltydse werker op Brandfort aangestel en in 1922 as evangelis en deeltydse pastoor van die gemeente. In 1926 gaan hy as deeltydse werker na die delwerye te Bakerville en op 15 November 1927 as voltydse werker en pastoor van Bakerville tot 1930. Hy bedien daarna ook die volgende gemeentes: Maritzani/Mafeking (1930 - 1932), Klerksdorp (1932 - 1935), Rosettenville (1935 - 1937) Johannesburg-Sentraal - dit is die ou Tabernakelgemeente (1937 - 1942) en Pretoria-Sentraal (1942 - 1943). Hy was ook voorsitter van verskillende distrikte van die kerk, naamlik Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, Sentrale Rand asook vir 'n kort rukkie van die Natalse distrik.

In April 1937 word hy as vise-president verkies totdat hy in April 1943 as die nuwe president van die A.G.S. gekies word. Hy het hierdie posisie onafgebroke en met eer beklee totdat hy sy emeritaat aanvaar het. Hy sou sy emeritaat op die 30$^{e}$ Augustus 1961 met die bereiking van die ouderdomsgrens aanvaar. Die Uitvoerende Raad het hom egter gevra om as erelid op die raad aan te bly en die werksaamhede van president voort te sit totdat daar in 1962 'n nuwe president verkies kan word.[90] Na die verkiesing van 'n nuwe president is daar amptelik van hom afskeid geneem op Sondag 15 April 1962.[91]

90. **Trooster**, September 1961, p. 4.
91. **Trooster**, Mei 1962, p. 15.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel hy op hierdie stadium weens die ouderdomsbeperking sy emeritaat moes aanvaar, was hy na gees en liggaam nog sterk en gesond en wou hy steeds tot diens wees in die kerk. Hy bedien dus daarna as medeleraar in die gemeentes Springs, Benoni en Brakpan.

Op 16 Junie 1961 het sy eerste eggenote hom ontval na 'n lang en gelukkige huwelikslewe en 'n geseënde bediening as herderspaar. Daarna is hy weer getroud met die weduwee Anna Margretha Elizabeth Carstens wat hom uiteindelik oorleef toe hy op 5 Oktober 1972 in die ouderdom van 76 jaar ontslaap het.

Pastoor Gys Vermeulen was 'n ware vaderlike figuur en was gekenmerk deur 'n saggeaarde natuur, nederigheid, vriendelikheid en opregtheid. Hy het 'n simpatieke oor gehad vir oud en jonk. Behalwe vir sy vaderlike leringe, was sy bediening ook gekenmerk deur die gawe van Goddelike genesing. Hy is deur die Here gebruik vir verskeie gevalle van uitstaande genesings.[92] Een so 'n geval was toe hy vir 'n sekere mnr. Fred Lang van Johannesburg gebid het wat aan 'n ongeneeslike siekte gely het. Dit was terwyl hy pastoor van die Tabernakel-gemeente was. Mnr. Lang het volkome genesing ontvang en uit dankbaarheid aan die Here het hy 'n duur pyporrel aan daardie gemeente geskenk.[93]

Die periode waartydens pastoor Vermeulen die president van die A.G.S. was, was gekenmerk deur tye van besondere groei en vooruitgang - veral gedurende die oorlogsjare. Maar dit was ook gekenmerk deur 'n tyd waarin daar bittere stryd, tweedrag en skeuring in die kerk was. Ook hier deur egter het die Here hom gebruik om die kerk te lei sodat die A.G.S. weer in rustiger vaarwaters was toe hy 'n paar jaar later sy emeritaat aanvaar het.

92. **Comforter**, July 1950, p. 10.
93. Ibid., p. 10.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 12

## DIE PERIODE 1946 - 1958

### 12.1 Leidende persone in hierdie periode

Die pastore wat hier bespreek word se bediening oorvleuel hierdie spesifieke tyd en sluit in die meeste gevalle ook die voorafgaande periode in. Daar moet weer eens verduidelik word dat baie meer persone 'n belangrike rol in hierdie tyd gespeel het, maar dat daar slegs 'n seleksie van enkele leidende persone gemaak is. Die persoon wat in hierdie periode die president van die kerk was, was pastoor G.J. Vermeulen. 'n Kort oorsig van sy lewe en bediening is reeds in die vorige hoofstuk gegee.

Gedurende die elf jaar (1936 - 1947), was daar waarskynlik nie 'n persoon in die A.G.S. wat 'n meer rigtinggewende en invloedryke rol gespeel het as die algemene sekretaris van daardie tyd, past. D.J. du Plessis, nie. Hy beklee ook die onderskeiding dat hy uit die Pinksterbeweging wêreldwyd, die meeste invloed gehad en bekendheid verwerf het in die ganse kerkewêreld - Protestants en Rooms ingesluit.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dawid du Plessis[1] is gebore op 7 Februarie 1905 op 'n plekkie in die Boland met die naam Vier-en-Twintig-Riviere. Sy ouers en grootouers was boere en was 'n deel van 'n Christelike gemeenskap wat verband hou met die Groenewoudbeweging uit die vorige eeu. Enkele jare na sy geboorte verhuis sy ouers na Ladybrand in die Vrystaat. Daar het sy ouers met die Pinksterbeweging kennis gemaak. Hyself het op elfjarige ouderdom tot bekering gekom te midde van 'n gevaarlike donderstorm. Dawid is in 1918 op twaalfjarige ouderdom gedoop in water. Reeds op vyftienjarige ouderdom het hy 'n duidelike roeping gehad om vir die Here te gaan werk. Op dié jeugdige ouderdom het hy dikwels tydens opelugdienste die Woord verkondig.

Na sy skoolopleiding is hy in Bloemfontein in 'n onderwysrigting opgelei[2]. Hy sou egter nooit in hierdie beroep staan nie. In daardie dae waar die A.G.S. in die algemeen redelik sterk teen geleerdheid gekant was, was hy dus een van die bes opgeleide persone in die kerk. Op 13 Augustus 1927 is hy getroud met Anna Cornelia Jacobs. Kort na hul huwelik het hulle in die heeltydse bediening uitgestap. Hulle eerste gemeente was De Aar. In 1930 het hy die beroep na die gemeente Bethlehem aanvaar.

Terwyl hy in Bethlehem was het hy ook die redakteur van die amptelike kerkblad van die A.G.S. geword - "The Comforter and Messenger of Hope". Tot op daardie stadium het die blad baie ongereeld verskyn en was dit 'n finansiële mislukking. Onder sy bekwame redakteurskap en organisasie was die blad spoedig in elke opsig 'n reuse sukses. Hy het ook toegesien dat die blad tweetalig is aangesien verreweg die meerder-

1. Daar is 'n breedvoerige biografie oor sy lewe en werk beskikbaar: Bob Slosser, A man called Mr. Pentecost; Daar word in hierdie proefskrif ook van hierdie biografie gebruik gemaak.
2. Ibid., p. 64.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid lidmate op daardie stadium Afrikaanssprekend was. Tot in 1947 het hy as redakteur opgetree.

In Maart 1932 is hy op 'n baie jeugdige ouderdom op die Uitvoerende Raad verkies[3] en vier jaar later, in April 1936, as algemene sekretaris van die A.G.S.[4] Hy het hierdie amp met onderskeiding beklee tot in April 1947 toe hy oorsee gegaan het en met sy wêreldwye Pinksterbediening begin het.[5]

As alle feite in ag geneem word, is dit duidelik dat D.J. du Plessis in die elf jaar wat hy in die amp van Algemene Sekretaris gestaan het, die toonaangewendste rol in die A.G.S. gespeel het. Hy was 'n besondere intelligente man, 'n harde werker, 'n goeie organiseerder en een wat inisiatief kon neem.[6]

Daar is reeds melding gemaak van die rol wat hy gespeel het in die ontstaan van kampkonferensies in die A.G.S. en met die aankoop en ontwikkeling van Maranatha Park, asook die nuwe lewe wat hy as redakteur in die kerkblad gebring het. Ook op ander terreine het hy die inisiatief geneem en positiewe veranderinge teweeggebring. So het hy 'n leidende rol gespeel om weer in 1940 'n Bybelkollege in die A.G.S. op die been te bring. Vorige pogings was nie baie suksesvol nie, maar met sy kenmerkende wils- en dryfkrag het br. D.J. du Plessis 'n Bybelskool begin wat 'n aantal jare goed gefunksioneer en heelwat manne vir die bediening voorberei het.[7]

3. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 29 Maart 1932, Boek 5, p. 1309-1311.
4. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 10-19 April 1936, Boek 7, p. 1764.
5. **Trooster**, November 1947, p. 15.
6. Persoonlike onderhoud, G.R. Wessels - 'n tydgenoot en kollega van D.J. du Plessis.
7. Bob Slosser, op. cit., p. 111.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op die terrein van die Sending het hy ook 'n groot invloed uitgeoefen. Hy het 'n stelsel geïnisieer waardeur honderde gelowiges maandeliks 'n bedrag (tien sjielings) vir sendingwerk bygedra het - die sogenaamde "Gideonsbende". As gevolg van hierdie verhoogde inkomste vir sendingwerk kon die aantal sendelinge in die veld feitlik verdubbel word. Ook in die organisasie van die sendingwerk het hy veranderings teweeggebring.[8] Toe die konstitusie van die blanke A.G.S. in die veertiger jare weer verander is, het hy ook daar 'n betekenisvolle bydrae gemaak.[9]

Past. D.J. du Plessis was egter bestem vir 'n veel wyer veld van bediening as slegs die A.G.S. van S.A. Sy eerste stap in die rigting van 'n wêreldwye Pinksterbediening het begin met 'n besoek aan Amerika vanaf Julie 1937 tot Maart 1938.[10] Gedurende hierdie besoek het hy in baie gemeentes en by verskillende konferensies as prediker opgetree. Hy het in 'n kort tydjie baie bekend en gewild geraak onder Amerikaanse Pinksterleiers.

In Mei 1947 is daar 'n wêreld konferensie van Pinksterkerke in Zurich, Switzerland, gereël.[11] Br. D.J. du Plessis sou as afgevaardigde van die A.G.S. hierdie konferensie bywoon. Hy het die Uitvoerende Raad vir ses maande verlof gevra omdat hy langer oorsee wou vertoef.[12] A.g.v. die bekendheid wat hy reeds oorsee verwerf het, het hy 'n invloedryke rol tydens hierdie konferensie gespeel.[13]

8. Ibid., p. 112.
9. Ibid., p. 112.
10. Trooster, Februarie 1938, p. 30.
11. Bob Slosser, op. cit., p. 114.
12. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 Januarie 1947, Boek 11, p. 2916.
13. Bob Slosser, op. cit., p. 114 & 115.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Du Plessis sou egter na hierdie konferensie nie weer na Suid-Afrika terugkeer om hier te kom bly nie. Hy was oortuig daarvan dat die Here hom roep om in Europa voort te gaan met sy bediening.[14] In Oktober 1947 stel hy die Uitvoerende Raad vanuit die buiteland van sy besluit in kennis en neem hulle die volgende besluit: "..... that whereas our General Secretary, Bro. D.J. du Plessis has informed us that he has after much thought and prayer accepted a position overseas; that he intends to move to Europe with his family and remain there for an indefinite time; that he has lost all interest and desire in his position as General Secretary of the Mission, we are reluctantly compelled to fill the position and appoint Bro. A.J. Schoeman to fill the vacancy and that according to our Constitution he serve as General Secretary until the next election."[15]

Teen 1951 was hy reeds 'n leidende figuur in die Wêreldwye Pinksterbeweging alhoewel hy steeds 'n lidmaat van die A.G.S. gebly het. So skryf hy: "Daar word nogal sterk aangedring van sommige broers dat ek ook moet aansluit by die Church of God. Daaraan dink ek nie eers nie. Ek is en bly lid van die Apostoliese Geloof Sending van S.A. Die Sending is deel van die Wêreld Pinksterkonferensie. Waarom sou ek dan aan enige ander beweging behoort? As Wêreld-Sekretaris dien ek tog almal en is vry om met almal saam te werk".[16]

Later in die vyftiger jare het hy al hoe meer kontak gemaak met persone, groepe en kerke buite die tradisionele Pinksterbeweging wat ook 'n belangstelling begin toon het in die Pinksterondervinding. Hy is uitgenooi as gasspreker na verskillende universiteite en kweekskole van

14. <u>Ibid</u>., p. 137.
15. Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Oktober 1947, Boek 12, p. 3098.
16. **Trooster**, Februarie 1951, p. 19.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Protestantse kerke in Amerika en Europa.[17] Hy is ook betrek by die derde vergadering van die Wêreldraad van Kerke in New Delhi in 1961.[18] Al hierdie dinge het meegebring dat hy in onguns gekom het by sommige van die tradisionele en konserwatiewe Pinksterkerke.[19] Veral sy toenemende kontak met die Roomse Kerk,[20] was onaanvaarbaar vir 'n groot deel van die Pinksterbeweging. Tog het die gesindheid in die Pinksterbeweging mettertyd verander tot dankbaarheid en verwondering - dat die Pinksterboodskap en -ondervinding waaroor hulle vir meer as vyftig jaar beveg en teengestaan is, nou op so 'n groot skaal onder soveel Protestantse kerke en selfs in die Roomse Kerk ingang vind.[21] Dit was veral sy boodskap van vergifnis en versoening wat tussen die verskillende kerklike tradisies moet plaasvind, wat die weg vir groter begrip en aanvaarding oopgemaak het. As gevolg van hierdie rol wat hy gespeel het om Pinkster ook onder die Protestantse en Roomse Kerk bekend te stel, het hy die eretitel van "Mr. Pentecost" verkry.

Hoofsaaklik a.g.v. sy ekumeniese gesindheid en ywer, vind daar in Junie 1972 die eerste van 'n reeks ontmoetings plaas tussen die Roomse Kerk en afgevaardigdes van die historiese Pinksterkerke gesamentlik met leiers van die Charismatiese beweging.[22] Hierdie dialoog tussen Rome en die Pinksterbeweging is steeds aan die gang en word in siklusse van vyf jaar gehou. Besondere vordering is reeds gemaak om begrip en geestelike eenheid en broederskap te bewerkstellig. Die feit dat miljoene Roomse lidmate die Pinksterondervinding deelagtig geword het, is deur die Pous met dankbaarheid aanvaar en die behoefte aan die Pinksterwonder in sy kerk het hy publiek bely.[23] Vir sy rol wat hy in hierdie verband

17. Bob Slosser, op. cit., p. 193.
18. Ibid., p. 199.
19. Ibid., p. 195.
20. Ibid., p. 212 & 213.
21. Ibid., p. 234-236.
22. Ibid., p. 227-232.
23. Ibid., p. 241.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gespeel het, is Dawid du Plessis in 1976 deur die St. John's University vereer met die Pax Christi toekenning.[24] Hy is op 2 Februarie 1987 oorlede en is op 7 Februarie, sy verjaarsdag, begrawe.

'n Man wat vir meer as drie dekades ook 'n invloedryke rol in die A.G.S. gespeel het en 'n tydgenoot van past. D.J. du Plessis was, is <u>past. G.R. Wessels</u>. Gerhardus Renier Wessels is op 7 Oktober 1912 in Vrede gebore.[25] Hy is in 1928 gedoop en stap op die jeugdige ouderdom van agtien jaar in die voltydse bediening uit. Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk melding gemaak van die groot sukses wat hy in die herderlike bediening gehad het toe hy binne enkele jare in die laat dertigs die gemeente van Mayfair-Wes (Pinksteroord) tot een van die grootste in die A.G.S. opgebou het. Hy word in Maart 1937 op die jong ouderdom van 24 jaar op die Uitvoerende Raad van die kerk gekies.[26] Hy sou ononderbroke vir 'n periode van bykans 33 jaar op hierdie raad dien.[27]

Aan die einde van 1935 tree hy in die huwelik met mej. C.F. Otto van Pretoria. Uit hierdie huwelik is twee dogters en 'n seun gebore.

Op verskillende terreine van die kerk het hy baanbrekerswerk verrig. Op die gebied van die jeugwerk het hy vir baie jare die leiding geneem. Veral gedenkwaardig is die feit dat hy in 1938, terwyl hy die pastoor van Pinksteroord was, hom die lot van die wese so aangetrek het dat hy in 'n privaat woonhuis met 'n kinderhuis begin het. Nadat hy die kerk onder die indruk van hierdie maatskaplike nood gebring het, het hy met die sanksie van die kerk 'n inrigting met gebouekompleks tot stand gebring wat binne enkele jare 200 weeskinders geakkommodeer het.

In 1944 het hy ook die saak van georganiseerde welsynwerk onder die susters van die kerk geïnisieer en is 'n sterk welsynsorganisasie reg

24. <u>Ibid</u>., p.245 & 246.
25. **Comforter**, June 1950, p. 10.
26. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie van lidmate, 26 Maart - 4 April 1937, Boek 7, p. 1886-1888.
27. **Trooster**, Maart 1970, p. 6.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die kerk in die lewe geroep. Hierdie werk is gefundeer op 'n raad van susters in elke gemeente, genaamd die Dorkasraad met 'n nasionale welsynsraad wat in beheer is. Past. G.R. Wessels was vir baie jare die direkteur van die welsynswerk in die A.G.S. wat ook die kinderhuis ingesluit het. Nog 'n ideaal wat op hierdie terrein vir hom verwesenlik is, was die inwyding van die eerste ouetehuis in die A.G.S. in 1950.[28]

Hy was slegs 30 jaar oud toe hy in April 1943 as vise-president van die A.G.S. gekies is[29] in die plek van past. G.J. Vermeulen wat weer op sy beurt verkies is as president in die plek van br. P.L. de Roux wat weens swak gesondheid geëmeriteer het. Hy het hierdie amp beklee totdat hy aan die begin van 1970 uit die heeltydse bediening getree het.[30]

In sy jare van aktiewe diens in die kerk, was hy bekend as een van die mees dinamiese en welsprekende predikers in die A.G.S. Sy oratoriese vermoëns is feitlik legendaries. Hy het orals groot skares getrek. Hy was ook op verskillende geleenthede betrek by disputasies met predikante van ander kerke in besonder oor die doop. Sy vlugge brein, logiese redenasies en fyn humor het van hom 'n onbenydenswaardige opponent gemaak.[31]

In die vroeë vyftiger jare het hy landswyd groot bekendheid begin verwerf a.g.v. sy toesprake en preke oor die gevaar van kommunisme. Hy het veral gepreek oor die tema. Die Kerk en Kommunisme".[32] Aan die Rand het skares van tot 5 000 sy dienste bygewoon. Deels as

28. **Comforter**, June 1950, p. 10.
29. Notule van die Algemene en Werkerskonferensie, 16-26 April 1943, Boek 9, p. 2512.
30. **Trooster**, Maart 1970, p. 6.
31. **Trooster**, Junie 1950, p. 11.
32. Persoonlike onderhoud - Senator G.R. Wessels.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevolg hiervan het hy die oog gevang van die Nasionale Party wat hom in 1955 gevra het om vir die Senaat te staan.[33] Hy is dan ook in daardie jaar as senator gekies. Die gevolge hiervan vir die kerk sal weldra bespreek word.

Dat past. G.R. Wessels veel gedoen het om die saak van die A.G.S. op vele terreine te bevorder, is ongetwyfeld so. So het hy 'n belangrike rol gespeel om uitsaairegte vir die A.G.S. by die S.A.U.K. te kry.[34] Nadat hy as senator verkies is, het hy daarin geslaag om veral op hoër vlak 'n sekere mate van erkenning en aanvaarding vir die A.G.S. te verkry. Seker een van die grootste dienste wat hy aan die A.G.S. bewys het, was toe hy in 1961 deur wetgewing dit reg gekry het om die A.G.S. as kerk geregistreer te kry.[35] Hy het die A.G.S. hierdeur baie duisende rande gespaar indien hulle langs normale kanale moes oorregistreer as kerk.

So het hy op vele terreine baie voordele vir die A.G.S. verkry wat die kerk in die verlede moes ontbeer. Om net nog een voorbeeld te noem: Omdat hy die regte persone geken het, het hy op verskillende dorpe grond vir die bou van A.G.S. kerke verkry. In die verlede het dit dikwels gebeur dat sommige ander kerke bevoordeel is en dat uitsoekgrond tot hulle beskikking gestel is. Dikwels is die A.G.S. in hierdie verband oor die hoof gesien. Senator Wessels het nou egter in 'n hele aantal gevalle die A.G.S. ook in sodanige voorregte laat deel.[36]

Alhoewel hy vir 'n tyd a.g.v. sy politieke betrokkenheid 'n redelike omstrede figuur in die A.G.S. was, ly dit min te twyfel dat hy veel vir die A.G.S. gedoen en bereik het. In 1970 besluit hy om te emeriteer. Die volgende beriggie het in die kerkblad verskyn: "Na

33. Ibid.
34. Ibid.
35. Ibid.
36. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

meer as veertig jaar in die voltydse bediening het pastoor G.R. Wessels besluit om die Uitvoerende Raad te vesoek om met pensioen af te tree. Hy het ook die Uitvoerende Raad versoek dat hy onthef sal word van sy status as voltydse werker. Hierdie versoek is toegestaan en pastoor Wessels het op 1 Februarie die tuig neergelê."[37]

'n Persoon wat vir baie jare een van die ampsdraers van die A.G.S. was, was past. A.W.W.F. Preller.[38] Vir 27 jaar was hy die algemene tesourier van die kerk. Angus Willoughby Wemmer Fraser Preller is op 16 Junie 1892 gebore. Na sy skoolopleiding in Boksburg werk hy by verskillende prokureursfirmas waar hy heelwat regskennis opdoen wat hom later in sy amp van veel waarde was. In 1915 is hy met mej. J.M. Pienaar getroud uit welke huwelik ses kinders gebore is. Hy kom op 7 Mei 1916 tot bekering en word 'n paar dae later in die Tabernakel gedoop. In 1921 stap hy uit in die voltydse diens en doen vir 'n jaar sendingwerk in die destydse Suid-Rhodesië. In 1922 keer hy terug en begin by die hoofkantoor van die kerk te werk, terwyl hy ook as opsiener oor die sendingwerk aan die Rand optree. Hy was later ook vir enkele jare tot 1935 die Algemene Superintendent van die sendingwerk.

Hy word reeds in April 1924 as lid en tesourier van die Uitvoerende Raad verkies.[39] Met die uitsondering van enkele jare (1929 - 1932), was hy elke jaar as tesourier van die A.G.S. gekies tot met sy dood. In 1932 het hy vir een termyn as sekretaris van die kerk opgetree. Alhoewel hy nie bekend was as 'n groot prediker nie en nie dikwels gepreek het nie, het hy sy administratiewe amp met toewyding en nougesetheid vervul.

37. **Trooster**, Maart 1970, p. 6.
38. Inligting oor past. Preller is verkry uit veral twee kort biografieë oor sy lewe:
    **Trooster**, Julie 1950, p. 11.
    **Comforter**, June 1955, p. 12 & 13.
39. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 21 April 1924, Boek [illegible], p. 738-74[illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Past. Preller was 'n stil en teruggetrokke mens wat liewer die kalklig vermy en agter die skerms gewerk het. In April 1955 word hy vir die laaste keer as algemene tesourier van die A.G.S. herkies,[40] want slegs 'n maand later, op 10 Mei 1955, is hy in die tuig oorlede in die ouderdom van byna 63 jaar.[41]

Een van die sterkste leiers wat die A.G.S. in hierdie jare gehad het, was 'n man wat ongelukkig op 'n redelike jong ouderdom oorlede is, nl. A.J. Schoeman.[42] Abelines Jacobus Schoeman is op 14 Oktober 1910 in Johannesburg gebore. Hy is in 1925 gedoop en het in 1932 in die heeltydse diens uitgestap. Hy kom uit 'n familie waarvan 'n hele aantal in die bediening in die A.G.S. gestaan het. Sy vader, broer en twee swaers was almal pastore van die A.G.S. Sy een broer was vir jare die minister van vervoer, die bekende Ben Schoeman.

Hy het 'n buitengewone begaafdheid as pianis gehad en dit het ook die deur van die heeltydse bediening vir hom oopgemaak. Aanvanklik het hy nie soseer as prediker opgetree nie, maar het hy as pianis saam met verskillende evangeliste deur die land gereis. Hy het veral bekendheid verwerf, terwyl hy saam met die evangelis Fred van Eyk rondbeweeg het. In 1934 vertrek hy dan ook saam met hom na Australië waar hy vir vyftien maande saam met br. Van Eyk veldtogte gehou het.

Terug van Australië doen hy vir 'n tyd geseënde werk as pastoor in Vrededorp en Jeppe. In 1937 gaan help hy vir ses maande met die Pinksterwerk in Nederland en besoek daarna ook sestien verskillende lande in Europa waartydens hy met die Pinksterwerk en Pinksterleiers in verskil-

40. Notule van die Algemene Werkersraad, 4-7 April 1955, Boek 17, p. 4426.
41. **Comforter**, June 1955, p. 12.
42. Inligting oor A.J. Schoeman is hoofsaaklik verkry uit 'n kort beskrywing van sy lewe in die **Trooster**, Junie 1950, p. 11 en in 'n aantal lewensoorsigte na sy dood deur persone wat hom goed geken het; **Trooster**, Mei 1956, p. 2, 4, 5, 11, 12 & 13.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lende lande kennis maak. Na sy terugkeer na Suid-Afrika verrig hy 'n aantal jare geseënde herderlike werk as pastoor van die gemeentes Boksburg-Noord, Benoni en die Tabernakelgemeente. Hy trou in 1941 met mej. Kotie Schoeman van Klerksdorp. Ook hierdie familie was een van die bekendes in die A.G.S. Uit hierdie huwelik is drie kinders - twee seuns en 'n dogter - gebore.

Hy word reeds in April 1939 op die Uitvoerende Raad gekies[43] en dien in die volgende jare as voorsitter van verskillende distrikte - Oos-Kaap, Noord-Transvaal, Wes-Transvaal en Wes-Rand. Sedert 1942 het hy ook verskillende ander ampte in die kerk beklee. Hy het vir 'n aantal jare as organiserende sekretaris/tesourier van die kerk opgetree in welke amp hy die algemene sekretaris en algemene tesourier bygestaan het. Hy was ook vir 'n hele paar jaar die voorsitter van die Organiserende Jeugraad van die kerk. Hy dien ook twee jaar lank as Sendingsekretaris.

In Mei 1947 word hy as waarnemende algemene sekretaris en redakteur van die kerkblad aangestel in die plek van past. D.J. du Plessis wat toe vir ses maande oorsee was - o.a. na die Wêreld Pinksterkonferensie in Switzerland. Toe lg. egter in Oktober 1947 die Uitvoerende Raad in kennis stel dat hy as sekretaris van die A.G.S. bedank en nie weer na Suid-Afrika terugkeer nie, het die Uitvoerende Raad ingevolge die Kerkwette vir br. Abelines Schoeman in die amp van algemene sekretaris van die kerk aangestel.[44] Hy is deur die werkersraad in hierdie amp herverkies in 1948 en daarna elke jaar tot met sy dood. Dit was veral in hierdie amp wat hy groot invloed in die kerk uitgeoefen het en homself as een van die sterkste leiers ooit in die A.G.S. bewys het.

43. Notule van die Jaarlikse Werkers- en Algemene Konferensie 7-16 April 1939, Boek 8, p. 2098.
44. Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Oktober 1947, Boek 1[illegible], p. 3098.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1949 was hy een van die afgevaardigdes van die A.G.S. by die Tweede Wêreld Pinksterkonferensie in Parys, Frankryk. Daar het hy so 'n indruk gemaak dat hy as een van die vyf lede van die Adviserende Raad vir die volgende Wêreldkonferensie in 1952 in London aangestel is. Na die Paryskonferensie het hy ook 'n uitgebreide toer deur Europa en daarna die V.S.A. en Kanada onderneem.

A.J. Schoeman was 'n man wat deur vriend en vyand hooggeag is. In 'n redaksionele artikel na sy dood word hy bestempel as ".... een van die grootste manne wat die Here ooit aan die A.G.S. gegee het."[45] Hy was 'n besondere begaafde persoon, 'n goeie evangelis, 'n voortreflike organiseerder en 'n sterk leier. Hy was nie bekend as 'n persoon wat onnodig geselserig of oorvriendelik was nie, dog was hy bemind onder sy mense.

Tydens die laaste paar jaar van sy lewe het hy hartprobleme ondervind. Dit was tydens die jaarlikse sitting van die Werkersraad op Donderdagmôre 5 April 1956 dat die nuus van sy heengaan in die vroeë ure van daardie oggend, aan die vergadering bekendgemaak is.[46] By sy begrafnis op Saterdag 7 April, was daar sowat 7 000 mense teenwoordig.[47] Hy was slegs 45 jaar oud ten tye van sy afsterwe.

## 12.2 Die A.G.S. en Uitsaaidienste

Namate die getalle van die A.G.S. toegeneem het en hulle invloed in die samelewing groter geword het, het die gedagte ontstaan om te beywer vir die verkryging van uitsaairegte. Dit sou egter alleenlik verkry word na jarelange pogings, versoeke en pleidooie, 'n stryd wat

45. **Trooster**, Mei 1956, p. 2.
46. Notule van die Algemene Werkersraad, 2-5 April 1956, Boek 18, p. 4634.
47. **Comforter**, May 1956, p. 11.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



byna herinner aan die pogings om in vroeë jare huweliksbevestigers aangestel te kry. Dit is nie moontlik om hier al die fyner detail te noem nie en daar sal dus volstaan word deur slegs na die belangrikste fases in die onderhandelingsproses te kyk.

Die eerste aansoek wat in dié verband aan die Uitsaaikorporasie gerig is, was reeds in Augustus 1944.[48] Hierdie versoek het egter geen resultate opgelewer nie. In September 1949 wend die Uitvoerende Raad weer 'n poging aan. Daar word besluit: "..... dat ons die S.A. Uitsaaistasie nader met die doel om Pinksterboodskappe uit te saai."[49] Ook hierdie poging het nie geslaag nie. In 1953 onderhandel die Uitvoerende Raad nog steeds. In Januarie van daardie jaar besluit die Uitvoerende Raad: "......dat Broers Schoeman en Wessels afgevaardig word om die Adviserende Komitee te spreek in verband met uitsaai."[50] 'n Jaar later is die onderhandelings nog steeds aan die gang,[51] sonder veel sukses. Daar is selfs in hierdie tyd vertoë tot Ministers en Volksraadslede in hierdie verband gerig.[52]

Intussen het die organiserende Jeugraad van die A.G.S. egter self hulle eie planne in werking gestel om iets soortgelyks reg te kry. Die volgende entoesiastiese aankondiging verskyn in Augustus 1953 in die kerkblad: "Met genoë wens die Organiserende Jeugraad hiermee aan te kondig dat alle voorlopige reëlings in verband met ons Uitsaaidienste nou afgehandel is en dat daar finaal besluit is dat die eerste uitsending op Saterdagaand, 5 September 1953, D.V. om 10.30 nm., sal plaasvind. Dit sal geskied oor die Lourenco Marques, Kortgolfsender ..."[53]

48. Notule van die Uitvoerende Raad, 22 Augustus 1944, Boek 9, p. 2626.
49. Notule van die Uitvoerende Raad, 22 September 1949, Boek 12, p. 3282.
50. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 Januarie 1953, Boek 15, p. 3965.
51. **Trooster**, Januarie 1954, p. 20.
52. Ibid.
53. **Trooster**, Augustus 1953, p. 18.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie eie radiodienste van die jeug het bekend gestaan as "Maranatha Omroep" en het elke keer vyftien minute geduur. Dit het die Organiserende Jeugraad destyds een pond en een sjieling per minuut aan uitsaaityd gekos. Die program was vir sewe jaar op die lug. Die uitsendings het 'n besonder positiewe reaksie regoor die land gehad. Letterlik duisende briewe van mense wat op een of ander wyse daardeur seën ontvang het, is gedurende die sewe jaar van die uitsendings ontvang.[54]

In 1956 het dit geskyn asof daar vordering kom in die onderhandelings met die S.A.U.K. Op die 23$^{e}$ Mei ontmoet 'n afvaardiging van die A.G.S., bestaande uit dr. F.P. Möller en pastore J.T. du Plessis, P. Fourie en M.J. van Rensburg,[55] die Adviserende Raad vir Godsdienstige Uitsendings van die S.A.U.K. By hierdie geleentheid is daar deur die Adviserende Raad aangedring dat hulle eers die belydenisskrifte van die A.G.S. onder oë wou kry alvorens enige uitsaairegte oorweeg kan word.[56]

Hieroor was die A.G.S. verleë, aangesien hy tot op daardie stadium oor geen noemenswaardige belydenisskrif beskik het nie. Daar is dadelik aan die Geestelike Komitee opdrag gegee om 'n geskikte belydenisskrif saam te stel en binne twee maande aan die Uitvoerende Raad voor te lê.[57] Hier lê dan die oorsprong en ontstaan van die Algemene Geloofsbelydenis van die Apostoliese Geloofsending van S.A. wat niks anders as 'n verwerking van die Nederlandse Geloofsbelydenis is nie.

Hierna was die Adviserende Komitee steeds nie geneë om 'n positiewe aanbeveling aan die S.A.U.K. te maak nie. Daar sou weer nog enkele jare verbygaan voordat die A.G.S. hierdie geleentheid gegun is. Daar

54. Persoonlike onderhoud met past. J.F. le Roux, wat destyds hierdie uitsending gereël en georganiseer het.
55. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 Mei 1956, Boek 19, p. 4736.
56. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Junie 1956, Boek 19, p. 4745.
57. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

moet hier vermeld word dat dit hier waarskynlik weer die invloed van past. (senator) Gerrie Wessels agter die skerms was wat uiteindelik die knoop help deurhak het.[58] Uiteindelik, op 4 April 1960, breek die dag aan dat die eerste uitsaaidiens van die A.G.S. van S.A. oor die senders van die S.A.U.K. gehoor is.[55] Die prediker tydens hierdie eerste diens, was dr. F.P. Möller. Sedertdien neem die A.G.S. gereeld dienste oor die radio en later ook oor die televisie waar.

## 12.3 Winde van verandering

Dit is reeds in die vorige hoofstuk beskryf dat die A.G.S. gedurende die oorlogsjare in vele opsigte 'n bloeitydperk beleef het. Net so opvallend is die geleidelike dog baie duidelike veranderinge wat gedurende die volgende dekade of wat na die oorlog, in die A.G.S. plaasgevind het. Dit is 'n historiese waarheid dat daar na die eerste geslag van 'n nuwe kerklike-, vernuwings- of herlewingsbeweging, 'n verandering in tree. Hierdie veranderings kan aan verskillende faktore toegeskryf word, bv. dat die persone wat die beweging begin het en wat die visioen in hulle harte gehad en miskien 'n prys betaal het daarvoor, nie meer daar is nie. Dit is ook so dat die entoesiasme, ywer en die "eerste liefde" by die tweede geslag nie altyd meer so groot is nie.

Dit kan nie ontken word dat hierdie tendense ook tot 'n mindere of meerdere mate in die A.G.S. hulle verskyning gemaak het nie. Nie alle veranderinge in hierdie tyd was noodwendig negatief en tot nadeel van die kerk nie. Sonder twyfel kan egter gesê word dat sommige van hierdie veranderinge direk of indirek meegewerk het tot spanning en skeuring in die jare wat gekom het.

58. Persoonlike onderhoud, past. G.R. Wessels.
59. Trooster, Maart [illegible], p. 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verandering in die A.G.S. was na buite veral opgemerk t.o.v. 'n verandering van gesindheid m.b.t. die gedagte van "kerkwees" en ook teenoor die samelewing en sosiale lewe.

## 12.3.1 Veranderende gesindheid m.b.t. die gedagte van "kerkwees"

Daar is reeds vroeër verwys na 'n "anti-kerk" tendens wat gedurende die eerste dekades van die bestaan van die A.G.S. voorgekom het. Alhoewel daar van amptelike kant en veral by monde van die president, br. P.L. le Roux, teen 'n sektariese eksklusiwisme gewaarsku is, was die gevoel in die vroeë A.G.S. tog teenwoordig dat sekere dinge wat aan die gevestigde kerke herinner, liefs uit die A.G.S. geweer moet word. Gedurende die periode onder bespreking, het daar 'n merkbare verandering en selfs ommeswaai in die A.G.S. gekom - veral vanuit amptelike geledere. Inderdaad het dit geskyn asof dit vir sommige sedert die laat veertiger jare baie belangrik geword het om deur die ander gevestigde kerke as kerk erken te word.[60] Hierdie veranderde gesindheid jeens die historiese kerke, moet waarskynlik tot 'n groot mate toegeskryf word aan die nuwe geslag in die A.G.S. wat nie soveel te doen gehad het met al die vroeë strominge, antagonisme, vooroordele en vetes wat die eerste geslag lidmate teen die gevestigde kerke gehad het nie.[61]

Interessant is die feit dat daar in die middel-veertiger jare 'n ondersoek van die kant van die Ned. Geref. Kerk gekom het oor die vraag of die tyd nie ryp geword het dat die A.G.S. as 'n volwaardige kerk erken moet word nie.[62] Die besprekingspunt het sy oorsprong by die destydse Moderator, van die kerk in Transvaal, dr. W.M. Nicol, gehad.[63] 'n

60. Persoonlike onderhoud, past. G.R. Wessels.
61. Ibid.
62. **Trooster**, September 1959, p. 4.
63. **Trooster**, September 1959, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kommissie is aangestel om deeglike ondersoek na die onstaan en bestaan van die A.G.S. in te stel: "Die Kommissie het in September 1944 sy rapport gereed gehad, uit die hand van die opsteller, dit oorweeg en netso deurgestuur na die Raad van die Kerke wat in 1945 sitting gehad het.

"Die Raad van die Kerke het die studiestuk behandel in sy sitting van 11 April 1945, en dit is, vir deursending na die Sinodes aanvaar."[64]

Daar sal later in meer detail op hierdie ondersoek en verslag ingegaan word. Dit is voldoende om op hierdie stadium daarop te wys dat die Ned. Geref. Kerk wel deeglik van die A.G.S. kennis geneem het. Die bevinding van die kommissie wat ook deur die Raad van Kerke aanvaar is, was dat die A.G.S. steeds as 'n sekte beskou moet word.[65] Redes wat onder andere voorgehou was, is dat die A.G.S. nie oor 'n behoorlike opgeleide en geordende bediening beskik nie en dat hy antiteties teenoor die geïnstitueerde Kerk onstaan het en nog steeds die meeste proseliete daaruit trek.[66]

Soos later aangetoon sal word, het die A.G.S. nie hierdie ondersoek aangevra nie - soos wat deur sommige beweer is. Dat sommiges in die A.G.S. hulle wel aan hierdie verslag gesteur het en hier en daar veranderinge probeer teweegbring het, is seker nie te betwyfel nie. Dit sal in die verdere bespreking duidelik word.

12.3.1.1 Registrasie as kerk i.p.v. maatskappy

Daar is reeds genoem dat die A.G.S. in 1913 as 'n onbeperkte maatskappy en nie as 'n kerk geregistreer het nie. Een van die onderlig-

64. Brief van prof. dr. J.J. Muller, destydse skriba van die Raad van Kerke se studiekommissie vir Aktuele Vraagstukke, gerig aan pastoor P.A. Minnaar en gedateer 6 Augustus 1959. Aangehaal in die **Trooster**, Desember 1959, p. 15.
65. Handelinge van die 19$^{e}$ Vergadering van die Raad van Kerke te Kaapstad, 11 April 1945 en volgende dae, p. 71.
66. Ibid., p. 72.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gende redes daarvoor was 'n "anti-kerk" gevoel. Alhoewel hulle hulself in die vroeë dae nie as 'n <u>kerk</u> beskou het nie, het hulle hul tog as 'n godsdienstige beweging gesien, soos die volgende aanhaling van Lake se woorde in 1911, wel deeglik bewys: "To-day, this blessed work of God, through the Holy Ghost, has spread from the Cape to the Zambezi, and from ocean to ocean, and the Apostolic Faith Mission has become established as a religious movement in power and demonstration of the Spirit, throughout this Sub-Continent."[67]

In die vyftiger jare het dit vir baie in die A.G.S. belangrik geword om as "kerk" erken te word. Sprekend hiervan is die volgende aanhaling uit die kerkblad van 1952: "Weet u ........ dat die Apostolies Geloof Sending van Regeringsweë erkenning geniet as die vierde Afrikaanse Kerk?"[68] Hierdie verandering in sy beskouing van homself kom duidelik in die volgende aanhaling in 'n redaksionele artikel in 1959 na vore: "Enkeles wil nie daaraan dink dat die A.G.S. 'n kerk is nie. Sy is vir hulle 'n blote sending, dit wil sê 'n soort godsdienstige gemeenskap wat net die evangelie wil verkondig sonder om aan enige institutêre en organisatoriese elemente 'n staanplek te gee. So was sy sekerlik reg in die begin toe die Pinksterpioniers maar net die evangelie verkondig het sonder om hulle juis met kerkvorming en - organisasie te bemoei. Daardie dae was egter baie kort van duur. Heel gou is 'n behoorlike konstitusie opgetrek en geregistreer, die verskillende ampte ingevoer, die leer omskryf, die tug ingevoer, allerlei voorskrifte neergelê, eiendomme is aangekoop en gebou, ja alles wat daarop dui dat ons hier met 'n bepaalde kerk onder die kerke te doen kry."[69]

67. **The Comforter**, December - Februarie 1911.
68. **Trooster**, Mei 1952, p. 2.
69. **Trooster**, Oktober 1959, p. 12.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In dieselfde artikel word daar dan ook sterk standpunt ingeneem teen die gedagte dat A.G.S. nog 'n sekte is. Veral die punte wat deur die Raad van Kerke in 1945 aanvaar is as tipies sektaries in die A.G.S., word met sterk gemotiveerde argumente as ontoepaslik bewys.[70]

Vir 'n hele aantal jare reeds het die A.G.S. die nadele van sy registrasie as onbeperkte maatskappy besef. Trouens die gedagte om vir die A.G.S. as kerk erkening te verkry was reeds so vroeg as 1917 geopper, om sodoende te probeer om pastore as huweliksbevestigers aangestel te kry.[71] In die laat veertiger en gedurende die vyftiger jare is al hoe meer stemme gehoor dat die A.G.S. as kerk geregistreer moes word. 'n Definitiewe besluit in hierdie verband word dan ook in 1956 geneem as daar besluit word dat wetsadvies ingewin moet word en dat br. G.R. Wessels as die verantwoordelike persoon aangestel word om verder aan die saak te werk.[72] Die hoofrede waarom die A.G.S. tot op daardie stadium nie kans gesien het om as "kerk" te registreer nie, was die kostes daaraan verbonde. Dit sou op daardie stadium maklik een miljoen rand gekos het om al die eiendomme van die kerk weer oor te registreer.[73]

Die man wat uiteindelik feitlik op eie houtjie daarin geslaag het om die A.G.S. as kerk geregistreer te kry, was einste pastoor G.R. Wessels. Nadat hy as senator gekies is, het hy d.m.v. 'n private wetsontwerp in die Parlement hierdie groot saak teen slegs geringe koste deurgevoer gekry. Vir die A.G.S. was dit 'n historiese dag toe die Apostoliese Geloof Sending kragtens 'n proklamasie in die Staatskoerant vanaf 23 Februarie 1962 nie meer onder die Maatskappyewet nie, maar as Kerk geregistreer is, ooreenkomstig Private Wet No. 24 van 1961.[74] Dit

70. <u>Ibid</u>.
71. Notule van die Algemene Werkerskonferensie, 4-7 Julie 1917, Boek I, p. 130.
72. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 November 1956, Boek 19, p. 4777.
73. Persoonlike onderhoud, Senator, G.R. Wessels.
74. Trooster, Maart 1962, p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het meegebring dat die A.G.S. meteens veel meer erkenning en voorregte kon geniet en ook veel meer die aandag van baie verkry het.[75]

### 12.3.1.2 Verandering in kerklike argitektuur, preekstoele en kerkmusiek

Een van die interessantse en opsigtelikste veranderinge wat in hierdie jare in die A.G.S. sy verskyning gemaak het en ondubbelsinnig dui op die verandering in gevoel teenoor die gedagte van "kerkwees" sowel as teenoor ander kerke, was die argitekturele verandering m.b.t. sy kerkgeboue wat sedert die tweede helfte van die veertiger jare plaasgevind het.

Gedurende die eerste jare van sy bestaan, het weining A.G.S. gemeentes 'n eie aanbiddingsplek gehad. Wanneer die eerste dienste op 'n dorp begin is, is van enige beskikbare saal gebruik gemaak. As gevolg van die stigma wat veral in vroeë jare aan die A.G.S. gekleef het, was sale of plekke van byeenkoms nie altyd geredelik tot hulle beskikking gestel as hulle dienste op 'n dorp wou hou nie. Daarom het die vroeë werkers kerkdienste in enige denkbare plek gehou.[76] Daar is gebruik gemaak van tente, Scoutsale, stadsale, bioskoopsale en vrymesselaarsale.[77] Soms het van die Engelse kerke, soos die Wesleyane en die Plymouth Brethren, hulle sale of kerke aan die A.G.S. beskikbaar gestel. Uit die aard van die saak is daar ook baie huis- en opelugdienste gehou.

Toe die A.G.S. gemeentes hulle eie aanbiddingsplekke begin bou het, het hulle uitsluitlik sale gebou. Hulle het ook feitlik almal eenders gelyk - met geringe verskille wat betref die gewelvooraansig en die

75. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels.
76. **Trooster**, Oktober 1930, p. 7, 8 & 9.
J.H.L.J. van Rensburg, **Biografie**, [illegible]
77. **Comforter**, April 1930, p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vorm van die vensters. Die Apostoliesaaltjies was trouens so kenmerkend dat hulle op die meeste dorpies sonder moeite uitgeken kon word.

Behalwe vir die kosteaspek was daar nie sonder rede deur die vroeë A.G.S. afgewyk van die konvensionele bouvorm van die historiese kerke nie. Ook hier lê as basis die antagonisme teen alles wat hulle herinner het aan "Kerk". Daarom was die tipiese kerkgebou wat simbolies was van die kerkewêreld wat vir baie vroeë A.G.S. lidmate 'n negatiewe konnotasie gehad het, nie die aangewese tipe kerkgebou nie.

Dit is dan ook interessant dat gedurende die eerste drie of vier dekades die A.G.S mense nie van hulle plek van samekoms as "kerk" gepraat is nie, maar bloot as saal. Dit het in die omgang bekend gestaan as die "Apostoliesaal". So word daar van Germistongemeente se nuwe kerk gepraat as "the New Hall". Selfs die naam voor op die kerk was dikwels "Apostolic Faith Mission Hall".[78] Daar is ook nie van "kerkinwyding" gepraat nie, maar van "saalinwyding".[79]

Soos terloops genoem, was die kosteaspek waarskynlik ook 'n faktor in die vroeë jare. Dit was allerweë die beleid van die A.G.S. om eerder geld in sendingwerk, evangelisasie en die bearbeiding van siele in te steek as in die oprigting van onnodige duur en luukse geboue. Tog vind ons skielik aan die einde van die veertiger jare, dus na die oorlog en gepaardgaande met die veranderende gevoel jeens die hele gedagte van "kerklikheid", dat verskillende gemeentes wat nuwe kerke bou nie meer hulle kerkgeboue volgens die saalstruktuur bou nie, maar kerke oprig wat sterk herinner aan die tipiese kerkgeboue van die tradisionele kerke.[80] Een van die eerste sodanige kerkgeboue in die A.G.S. was die

78. <u>Ibid</u>., p. 5.
79. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels.
80. Tipiese voorbeelde hiervan kan o.a. gesien word op die voorblaaie van Troosters, Augustus 1948, Desember 1948, Februarie 1949.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die gemeente Edenvale wat op 15 Junie 1946 ingewy is.[81] Andere wat spoedig daarna gevolg het was o.a. Bloemfontein, Primrose en Kempton Park.

'n Verdere ontwikkeling in dié rigting, was toe sommige gemeentes sedert die vyftigerjare selfs kerktorings as deel van hulle kerke laat bou. Twee van die eerste kerke met torings was Pietersburg en Krugersdorp. Uit die aard van die saak was kerktorings vir sommige A.G.S. lidmate op daardie stadium as te "Grootkerkagtig" gesien en was dit vir hulle 'n gevaarteken dat die A.G.S. besig was om sy Pinksterkarakter te verloor in sy pogings om met die historiese kerke te kompromiteer en erkenning te verkry.

Die polemiek oor kerktorings het selfs by die Werkersraad ter sprake gekom. By die vergadering van April 1956 dien daar 'n besprekingspunt wat gesamentlik ingestuur was deur die dikstriksrade van Suid-Kaap, Wes-Transvaal en Noord-Transvaal. Dit het soos volg gelui: "Dat opdrag aan die Uitvoerende Raad gegee word om 'n boustyl te ontwerp vir aanbiddingsplekke wat prakties sal wees aan die karakter van Pinkstergodsdiens, en dat die Uitvoerende Raad nie goedkeuring sal gee vir die oprigting van kerkgeboue met torings op nie.[82] Hierdie mosie is egter verslaan.

Terwyl daar in hierdie verband oor die verandering van kerkgeboue gepraat is, is dit miskien ook van pas om 'n opmerking te maak oor die houding van die A.G.S. oor preekstoele in daardie dae. Direk as gevolg van die afkeuring in die vroeë A.G.S. van alles wat aan die historiese kerke herinner, was daar in die gemeentes van die A.G.S. tot in die vroeë dertiger jare feitlik geen preekstoel te vinde nie. Die

81. **Trooster**, Augustus 1946, p. 1.
82. Notule van die Algemene Werkersraad, 2-5 April 1956, Boek 18, p. 4625.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prediker het agter 'n tafeltjie gestaan en preek - gewoonlik was daar 'n rooi kleedjie oor die tafel. Een van die eerste preekstoele in die A.G.S. is in die middel-dertigs deur past. Dawid du Plessis in Bethlehem gemeente ingebring. Enkele jare daarna het past. G.R. Wessels ook 'n preekstoel in die gemeente Pinksteroord in Johannesburg laat aanbring. Daar was ook hierteen aanvanklik besware asou dit 'n teken wees dat die A.G.S. nou begin oorleun na die historiese kerke.[83] Die probleem was egter gou iets van die verlede en binne enkele jare het daar 'n preekstoel, of ten minste 'n kateder in elke A.G.S. kerk/saal gepryk.

Voordat daar na 'n volgende punt oorgestap word, is dit ook nodig om kortliks melding te maak van die verandering wat op die terrein van die kerkmusiek in die A.G.S. plaasgevind het gedurende die jare onder bespreking.

Heel aan die begin van die A.G.S. is die sangdienste gewoonlik begelei deur 'n traporrel of dalk 'n klavier. Mettertyd het die traporrel verdwyn en plek gemaak vir orkeste bestaande uit verskillende instrumente.[84] Feitlik elke A.G.S. gemeente het sy eie orkes gehad. Rondom die jaar '50, en gepaardgaande met die ander veranderinge, het verskillende gemeentes vir hulle groot elektriese Hammond orrels begin aanskaf. Die eerste gemeente wat dit gedoen het, was Brakpan, en spoedig het ook ander gemeentes soos Klerksdorp, Krugersdorp, Pietersburg en Pinksteroord in Johannesburg gevolg.[85] Van so 'n orrelinwyding was daar dan sommer 'n groot geleentheid gemaak en dikwels is die Algemene Sekretaris, past. Albelines Schoeman, wat 'n uitstekende orrelspeler was, uitgenooi om tydens die geleentheid op te tree.[86]

83. Persoonlike onderhoude, pastore D.J. du Plessis, J.T. du Plessis en Senator G.R. Wessels.
84. Persoonlike onderhoude, pastore J.V. Henning en J.T. du Plessis.
85. **Trooster**, Mei 1950, p. 15.
**Trooster**, Junie 1950, p. 14.
86. **Trooster**, Junie 1950, p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir sommige stoere A.G.S. lidmate het hierdie elektriese orrels al te veel aan die pyporrels van die historiese kerke herinner en ook hierin het hulle 'n bedreiging vir die Pinksterkarakter en -godsdiens gesien. Inderdaad is gemeentes uit sommige oorde aangemoedig om die orkeste liewer te laat plek maak vir 'n orrel, soos die volgende aanhaling in die kerkblad duidelik aantoon: "Dit is waarlik verblydend om te merk dat ons gemeentes stadigaan na orrels oorskakel."[87]

In baie gemeentes het die orkeste daarna ook heeltemal verdwyn.

### 12.3.1.3 <u>Verandering t.o.v. die ampte</u>

Aangesien daar in 'n latere hoofstuk meer volledig oor die ontwikkeling van die ampte gepraat sal word, word daar hier net kortliks gewys op die verandering wat in hierdie periode plaasgevind het.

Gedurende die eerste paar dekades na die ontstaan van die A.G.S., is die ampsbenamings van "ouderling" en "diaken" nie baie gehoor nie. Dit beteken nie dat die werk of bediening van hierdie twee ampte nie gedoen is nie. Inteendeel, dit het miskien meer tot sy reg gekom as in baie ander kerke. Dit is net dat die benaming van die ampte vir die vroeë lidmate ietwat problematies was. Die rede hiervoor was ooglopend die anti-institusionele of te wel anti-kerk gevoel.[88] Dit was weer eens 'n geval dat die woorde <u>ouderling</u> en <u>diaken</u> hulle te veel aan "kerk" herinner het en dit was vir baie 'n negatiewe konnotasie.

87. **Trooster**, Augustus 1952, p. 14.
88. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van diakens is eerder gepraat as (gesertifiseerde) deeltydse werkers.[89] Die persoon wat as voorganger of pastoor van die gemeente opgetree het, was as 'n ouderling beskou.[90] Sedert die dertiger jare het daar sporadies stemme opgegaan vir 'n meer Skriftuurlike en duideliker afbakening en benaming van die ampte en word daar ook al hoe meer van die ampte van ouderling en diaken gepraat.[91] Hieraan sal later meer aandag gegee word.

Dit is egter opvallend dat dit in die jaar 1946 was, dus in die periode onder bespreking, dat 'n nuwe konstitusie aanvaar is. Hiervolgens kan leekwerkers, m.a.w. persone wat nie in die voltydse bediening staan nie, slegs in die bediening van ouderling of diaken/diakones staan.[92] Die amp van ouderling of diaken word dus nie net erken en genoem nie, maar daar is bv. ook weggedoen met van die ander minder bybelse ampsbenaminge.

Genoeg dan om hier te sê dat nog 'n anti-kerklike gebruik of benaming in hierdie periode van verandering verdwyn het.

Interessant is ook die verandering m.b.t. die ampsbenaming van pastore wat in hierdie periode voltrek is. Ook dit sal later meer volledig bespreek word. Hier kan net genoem word dat so laat as 1947 daar nog in die kerkblad 'n amptelike afkeur was teenoor die ampstitel van "pastoor".[93] Hierdie standpunt het natuurlik sy oorsprong te danke aan br. P.L. le Roux wat hom by verskillende geleenthede teen enige ampstitels in die kerk uitgespreek het en aangedring het dat almal slegs as "broer" aangespreek word.

89. **Comforter**, June 1916, p. 5.
90. Ibid., p. 5.
91. Hierdie saak het by verskillende werkerskonferensies ter sprake gekom. So bv. in 1931, 1934, 1942.
92. Artikel 6b. van die Konstitusie van 1946. Uit die Trooster, Maart 1946, p. 8.
93. **Trooster**, Januarie 1947, p. 2 & 6.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1947 egter het die gebruik in een gemeente begin posvat om die voorganger as "pastoor" aan te spreek.[94] Dit was naamlik in die gemeente Krugersdorp waar past. J.T. du Plessis die pastoor was. Van die broers op sy gemeenteraad het by geleentheid gehoor dat die Indiërgelowiges in Natal, onder wie past. Du Plessis vir 'n aantal jare sendingwerk gedoen het, hom aanspreek as "Pastor". Een van sy gemeentebroers het toe voorgestel dat hulle as gemeente voortaan hulle herder as "pastoor" aanspreek. Vir 'n aantal jare was past. Du Plessis die enigste pastoor in die A.G.S. wat hierdie ampstitel gedra het. Dit kom veral interessant voor in die notules van die Uitvoerende Raad waar die ander lede as "broer" aangedui word en hy as "pastoor Du Plessis".[95]

Geleidelik in die vyftiger jare het "pastoor" die algemene ampstitel van die voorgangers in die A.G.S. geword. Die volgende besluit in 1957 is moontlik die enigste amptelike besluit wat in hierdie verband geneem is: "Besluit ...... dat die pastore van die Sending hulle slegs onder ampstitel as pastoor adverteer, en nie as eerwaarde of dominee nie".[96] Hierdie besluit was met die oog op geleenthede waar die spesiale dienste van A.G.S.-pastore geadverteer is. Die ampsbenaming is finaal in die volksmond vasgelê sedert die A.G.S. in 1960 met uitsaaidienste oor die radio begin het. Daar is vandag nog van die ouer lidmate wat steeds by die gebruik van vroeër jare bly en die pastore steeds as "broer" aanspreek. Hulle word egter vinnig minder.

94. Die gegewens wat hier volg, is verkry in 'n persoonlike onderhoud met past. J.T. du Plessis.
95. So bv. in die Notule van die Algemene Werkersraad, 4-7 April 1955, Boek 17, p. 4430.
In hierdie Notule en ander uit hierdie tyd, word enkele pastore met die ampstitel "pastoor" genoem terwyl ander pastore bloot "broer" genoem word.
96. Notule van die Uitvoerende Raad, 10 April 1957, Boek 14, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dus opvallend en interessant dat die ampsbenaming "pastoor" eers na bykans vyf dekades in die A.G.S. posgevat het en dat dit juis gebeur het in hierdie tydperk onder bespreking waar heelparty veranderinge in die A.G.S. gekom het.

### 12.3.1.4 Veranderende gesindheid teenoor die geïnstitueerde Kerke

Die A.G.S. het sedert sy ontstaan nooit in die tipiese sektariese strik getrap naamlik om homself as die enigste ware kerk te beskou nie. Dit was veral br. P.L. le Roux wat gesorg het dat hier 'n mooi balans gehandhaaf is. Hy het hom daarvoor beywer dat die lidmate van sy kerk hulleself nie as meerderwaardig teenoor lidmate van ander kerke moet beskou nie en dat die A.G.S. deel is van die groot familie van Christus.

Tog was daar by baie van die lidmate en ook sommige voorgangers 'n gevoel van antipatie teenoor die Grootkerke. Die redes vir hierdie gevoel is reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek. Dit is dan nou opvallend dat in hierdie tydperk van verandering wat hier onder bespreking is, daar in lyn met die ander veranderinge in die A.G.S. ook 'n groter toegeneentheid teenoor ander kerke gekom het. Daar was veral sommige pastore in die A.G.S. wat hulle hiervoor beywer het. Soos gemeld was een van die besware by die Raad van Kerke in 1945 teen die aanvaarding van die A.G.S. as kerk dat hy antiteties teenoor die geïnstitueerde Kerk ontstaan het.

Dat hierdie kritiek nie heeltemal op dowe ore geval het nie, het in die periode onder bespreking telkens duidelik geword. Ook die amptelike kerkblad is vir hierdie doel ingespan. So word daar bv. in 'n redaksionele artikel in die "Trooster" van Oktober 1959 sterk motivering aangebied waarom die A.G.S. ook as 'n volwaardige kerk erken moet en kan

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

word.[97] In dieselfde artikel word ook geantwoord op enige aantyging sou die A.G.S. antiteties teenoor ander kerke staan: "Hoewel sommige dit wil beweer, tree die A.G.S. nie vyandig teenoor enige bestaande kerk op nie, trouens daar word nooit in enige van die kerk se amptelike blaaie aanvalle op kerke gemaak nie. Die A.G.S. toon ook meer en meer belangstelling vir die historiese lyn en erken hierdie lyn, volmondig in die inleidende woorde van haar belydenisskrifte."[98]

Opvallend in hierdie periode is dat daar nie net klem gelê word op die leerstellige verskilpunte tussen die A.G.S. en die bestaande groot kerke nie, maar ook op die leerstellige ooreenkomste.[99]

Daar was ook ander aanduidings dat die A.G.S. die kritiek van die Ned. Geref. kerk nie ongesiens verby laat gaan het nie. So was een van die punte van kritiek dat die A.G.S. ".... nie oor 'n behoorlike opgeleide en geordende bediening"[100] beskik nie. Dit is dus opmerklik dat die A.G.S. aan die begin van 1950 weer begin met 'n Korrespondensie Bybelkollege nadat daar vir enkele jare geen opleidingsinrigting vir sy pastore was nie. Aan die begin van 1954 is ook begin met 'n binnemuurse Bybelkollege.

In verskillende artikels in die kerkblad uit hierdie periode word daar ook sterk standpunt ingeneem teen die aantyging dat die A.G.S. steeds as 'n sekte beskou moet word.[101] So word die A.G.S. in een van hierdie artikels gemeet aan die verskillende kenmerke van 'n sekte en word dit gekonstateer dat die A.G.S. gemeet aan hierdie maatstawwe wel deeglik kerk en nie 'n sekte is nie.[102]

97. **Trooster**, Oktober 1959, p. 12.
98. Ibid., p. 12.
99. **Trooster**, Mei 1952, p. 2.
100. Handelinge van die 14[?] Vergadering van die Raad van Kerke te Kaapstad, 11 April 1945 en volgende dae, p. 72.
101. So bv. **Trooster**, Mei 195[illegible], p. 2.
**Trooster**, [illegible]
[illegible] **Trooster**, [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dus duidelik waarneembaar dat daar in die periode onder bespreking (1946 - 1958), 'n opmerklike verandering gekom het m.b.t. die hele gedagte van "Kerk-wees".

### 12.3.2 Veranderde gesindheid jeens die maatskappy en die sosiale lewe

Gedurende die eerste paar dekades van die bestaan van die Pinksterbeweging, was die indruk van afsydigheid jeens die samelewing en maatskappy soms gewek. In sommige opsigte kan 'n parallel getrek word tussen die houding van die vroeg-Christelike kerk in die Romeins-heidense milieu van daardie tyd en dié van die vroeë Pinksterbeweging. Die volle aandag van die vroeë Pinkstermense het vir hulle in hulle godsdiens gelê. Buiten hulle daaglikse arbeid, was daar vir hulle nie veel tyd en ruimte om by iets anders as hulle veelvuldige kerklike aktiwiteite betrokke te wees nie.

Dit was trouens as onwenslik en in sommige gevalle selfs as sonde beskou om onnodig in die sekulêre lewe betrokke te raak. Dit was dikwels as onwenslik beskou om aan enige sport of ontspanning deel te neem, om lid te wees van sosiale of opvoedkundige komitees of rade, om enigsins met partypolitiek te doen te hê, om geleerdheid te bekom of om soos reeds genoem, militêre diens te verrig.[103]

Bogenoemde houding en gesindheid het ook tot mindere of meerdere mate by die A.G.S. van S.A. voorgekom. Opmerklik is egter die feit dat

103. Peter Wagner maak melding van die sosioloog Lalive wat die Pinkstermense beskuldig asou hulle op 'n "socio-political strike" wees. Wagner meen dat dit oppervlakkig gesien wel so mag lyk, maar dat die Pinkstermense as indiwidue die samelewing ten diepste beïnvloed.
C. Peter Wagner, Look out! The Pentecostals are coming, p. 137-148.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n geleidelike verandering in hierdie verband plaasvind. Dit hou sekerlik ook verband met die talle ander veranderinge wat in hierdie periode in die A.G.S. plaasgevind het. Daar sal kortliks na enkele veranderinge in die A.G.S. op hierdie gebied in hierdie tydperk gekyk word.

### 12.3.2.1 Sosiaal-ekonomiese veranderinge

Daar is reeds genoem dat die A.G.S. soos ook die Pinksterbeweging in die algemeen, uit die armer en eenvoudiger mense ontstaan het - alhoewel daar ook van die begin af uitsonderings was. Die tipiese sosio-ekonomiese resultaat wat volg op 'n herlewingsbeweging, het ook in die A.G.S. voorgekom. As gevolg van die veranderde lewens, nuwe waardes, meer sobere gewoontes en hoër ideale wat die eerste geslag lidmate na hulle bekering ondervind het, kon hulle uit die aard van die saak vir hulle kinders veel meer in die lewe bied. Alhoewel dit nie veralgemeen kan word nie, kan dit tog gesê word dat daar binne 'n geslag of twee 'n duidelike verandering gekom het in die sosio-ekonomiese samestelling van die A.G.S.

Die nuwe geslag lidmate was finansieël beter daaraan toe. Hulle waardes het verander. Hulle lewensuitkyk en sosiale betrokkenheid en -gerigtheid het verander. In die meeste gevalle was hulle akademies, beter toegerus as hulle ouers. Of hierdie verandering in standpunte en oortuigings van die volgende geslag altyd tot die wesenlike voordeel van die kerk was, is te bevraagteken. Feit van die saak is dat die periode onder bespreking gekenmerk is deur hierdie tipiese veranderinge wat deur 'n nuwe opkomende geslag teweeggebring is. Dit is trouens ook nie iets unieks nie, maar kan feitlik as 'n historiese noodwendigheid beskou word wat male sonder tal in die kerkgeskiedenis voorgekom het.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die strewe om weg te kom van die beeld dat die A.G.S. 'n klompie arm en eenvoudige mense is, kom dan ook in hierdie periode sterk op die voorgrond: "Weet u ..... dat die lede van die A.G.S. verteenwoordigend van alle professionele klasse is en nie net 'n klomp arm en eenvoudige mense is soos wat baie wil voorgee nie?"[104]

Op verskillende terreine van die lewe het A.G.S. lidmate begin om die geslotenheid te verbreek en meer betrokke te raak op sekulêre gebied: "Die A.G.S. wil haarself nie isoleer nie en trag veral in die laaste tyd, om haar plek in elke deel van die samelewing vol te staan."[105]

'n Voorbeeld van hierdie groter sosiale betrokkenheid word weerspieël in die volgende besluit van die Werkersraad van 1947 ..... "....dat ons pastore aangemoedig word om in hulle verskillende wyke die vergaderings vir die verkiesing van Skoolkomitees en Rade, by te woon, en ook hulle lede aanmoedig om teenwoordig te wees met die doel om ons eie verteenwoordigers op die Komitees en Rade te kry."[106] Reeds die vorige jaar (1946), is 'n Dagskoolkomitee in die lewe geroep wat moes poog om enige diskriminasie teen die kinders van die A.G.S. lidmate, reg te stel.[107]

Hierdie veranderde gesindheid, naamlik dat die A.G.S. wel deeglik sy plek in die samelewing moet volstaan, kom duidelik na vore in die volgende aanhaling uit die verslag van die Dagskoolkomitee wat in 1953 aan die Werkersraad voorgelê is: "In besonder het die Komitee beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n deeglike akademiese en professionele opleiding vir ons kinders ........ Daar behoort beurse beskikbaar

104. **Trooster**, Mei 1952, p. 2.
105. **Trooster**, Oktober 1959, p. 12.
106. Notule van die Algemene Werkersraad, 7-10 April 1947, Boek 11, p. 2960.
107. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gestel te word vir verdienstelike studente... Ook behoort daar van ons almal, pastore, kerkrade en lede 'n hoër mate van samewerking en welwillendheid teenoor die onderwysers en onderwysinrigtings te wees ten einde ons samewerking en waardering te toon, om sodoende vir ons jeug die geneëntheid en die beste voordele te verkry. Wanneer ons samewerking toon en hulle agting wen, sal ons mense ook in 'n heel ander lig gesien word .... Ons moet ons mense opvoed om hulle regmatige aandeel in die openbare lewe op te eis en vol te staan .... Hulle moet van binne die organisasie van enige liggaam werk; op die verskillende Rade moet hulle hulle regte bepleit en verkry, maar nie van buite protesteer waar hulle nie die invloed of druk het nie."[108]

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te wys dat daar in hierdie tyd ook 'n opsigtelike kentering in die A.G.S. gekom het wat geleerdheid betref.[109] Gedurende die eerste dekades van sy bestaan was daar 'n mate van weerstand, afsydigheid en selfs antagonisme teen geleerdheid. In die periode wat hier onder bespreking is, het veral sommige leidende persone in die A.G.S. 'n positiewe poging van stapel laat loop om veral die jeug van die kerk aan te moedig om hulle akademies so goed as moontlik te bekwaam.

Reeds in 1951 is daar deur die Uitvoerende Raad besluit dat studiebeurse aan belowende studente van die A.G.S. (aanvanklik slegs kinders van voltydse werkers) toe te staan.[110] Vir hierdie doel sou

108. Verslag van die Dagskoolkomitee soos voorgelê aan die vergadering van die Algemene Werkersraad te Maranata Park op 30 Maart 1953.
109. **Die Trooster**, Februarie 1965, p. 3.
110. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkersraad, 26-30 Maart 1951, Boek 14, p. 359c.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



elke gemeente 'n sekere maandelikse bydrae maak.[111] Die eerste ses studiebeurse is egter eers in 1955 toegestaan.[112] Die vader van die studiebeurse in die A.G.S. is past. J.T. du Plessis. Honderde seuns en dogters van die A.G.S. is sedertdien op hierdie wyse deur hulle studies gehelp.

### 12.3.2.2 <u>Die A.G.S. en die owerheid</u>

Dit het reeds uit vroeëre hoofstukke geblyk dat die A.G.S. sedert sy ontstaan lojaliteit aan die owerheid betoon het alhoewel hulle by meer as een geleentheid met sekere gewetensbesware na die Regering gegaan het (inenting, oorlogsdiens, ens.). Alhoewel die A.G.S. eers in 1961 as kerk geregistreer is, het dit vir sommige veral in hierdie tydperk belangrik geraak om deur die Regering as kerk erken te word.[113] Dit sluit aan by die hele verandering rondom die gedagte van "Kerkwees" wat hierdie tyd so sterk op die voorgrond gekom het.

Daar is ook reeds verwys na die pogings van die A.G.S. in hierdie tyd om nie net as kerk erken te word nie, maar om ook onder die maatskappye wet uit te kom en as kerk geregistreer te word. Dit het dan ook in 1961 gerealiseer.

Dit is ook interessant dat dit juis in hierdie periode is dat die hele politieke stryd in die A.G.S. losgebars het nadat een van die A.G.S. pastore as senator verkies - daaroor egter meer in die volgende hoofstuk.

111. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkersraad, 4-7 April 1955, Boek 18, p. 4512.
112. <u>Ibid</u>.
113. **Trooster**, Mei 1962, p. 2.
**Trooster**, September 1959, p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar moet ook net weer melding gemaak word dat daar in hierdie periode 'n geleidelike en natuurlike verandering in die A.G.S. se standpunt i.v.m. militêre opleiding gekom het. Waar die kerk tydens die Tweede Wêreldoorlog nog amptelik teen militêre opleidin vir oorlogsdoeleindes was, het die standpunt nou verander sodat daar geen beswaar hierteen is nie. Soos genoem is hierdie veranderde standpunt nog nooit amptelik vasgestel nie.

Bogenoemde opmerkinge toon maar net verder dat hierdie periode 'n tyd van vele veranderinge in die A.G.S. was.

### 12.3.3 <u>Geestelike afplatting</u>

Alhoewel sommige dit moontlik sou wou ontken, is dit tog duidelik dat daar in die periode tussen die Tweede Wêreldoorlog en die skeuring van 1958, 'n merkbare geestelike afplatting in die A.G.S. voorgekom het.

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk daarop gewys dat die A.G.S. sedert sy ontstaan en veral gedurende die oorlogsjare 'n besondere bloeityd beleef het. Dit was trouens een van die uitstaande kenmerke sedert sy ontstaan, dat die A.G.S. telkens in minder as tien jaar verdubbel het. Alhoewel statistieke nie altyd die hele verhaal vertel nie, blyk dit tog dat A.G.S. tot teen ongeveer die einde van die Tweede Wêreldoorlog jaarliks met ongeveer tien persent toegeneem het.

In hierdie tydperk van verandering (1946 - 1958), kan die feit egter nie misgekyk word dat sekere onmiskenbare tekens van geestelike koudheid en wêreldsheid in die A.G.S. begin voordoen het nie. Bloot uit 'n historiese oogpunt is dit nie heeltemal vreemd nie - die tendens het

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom immers male sonder tal in die kerkgeskiedenis openbaar, naamlik dat 'n nuwe kerk of herlewingsbeweging na die eerste geslag sekere afwaartse tendense begin toon wat nie in die eerste geslag teenwoordig was nie.

Opvallend dat daar kort na die oorlog, by die Werkerskonferensie van April 1946, deur verskillende persone verwys is na die wêreldsheid en geestelike koudheid wat besig was om in die A.G.S. in te dring.[114]

Die geestelike nood en behoefte aan vernuwing en herlewing het so 'n realiteit geword dat die Uitvoerende Raad in 1950 besluit ... "dat ons ons heelhartige steun en organisasie wy aan 'n algemene oproep deur die hele Sending vir gebed en verootmoediging vir herlewing ...."[115]

Alhoewel dit in die volgende hoofstuk bespreek sal word, moet dit hier net genoem word dat een van die oorsake vir die skeuring van 1958, die verlagende geestelike standaard in die A.G.S. was.[116] Hierdie rede het sommige ernstige en eerlike lidmate van die A.G.S. oorreed om met die skeuring saam te gaan.

Daar is verwys na die hoë groeisyfer van die A.G.S. gedurende die eerste paar dekades. Dit is nou opvallend dat die persentasie groei in lidmate daal tot so laag as ongeveer vyf persent per jaar in die vroeë vyftiger jare. So was daar bv. in 1953 45 gemeentes uit 'n totaal van 192 gemeentes (23 persent) in die A.G.S. waar nie 'n enkele persoon gedoop is in water nie.[117]

In die Pinksterbeweging was die persoonlike ondervinding van die doop met die Heilige Gees nog altyd 'n maatstaf van geestelike vooruit-

114. Notule van die Algemene Werkerskonferensie, 1 April 1946, Boek II, p. 2799-2800.
115. Notule van die Uitvoerende Raad, 9 November 1950, Boek 14, p. 3544.
116. Persoonlike onderhoude met pastore J.V. Henning, J. Cornelius, George Snyman.
117. Uit die jaarlikse verslag van die Algemene Sekretaris, Trooster, Junie 1954, p. 4 [illegible] 5.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gang en seën in die kerk. So word daar ook elke jaar in die sensusvorms van elke gemeente ingevul hoeveel persone die afgelope jaar hierdie ondervinding deelagtig geword het. In die vroeë jare van die A.G.S. was die getal persone wat gedoop is met die Heilige Gees baie dieselfde as die aantal wat gedoop is in water. Na die Tweede Wêreldoorlog het hierdie verhouding egter redelik vinnig verander sodat daar in 1951 slegs 572 persone gedoop is met die Heilige Gees teenoor 1 847 wat gedoop is in water - minder as een derde.[118] Uit 192 gemeentes in 1953 was daar 71 gemeentes waar nie één persoon die Heilige Gees doop deelagtig geword het nie (37 persent).

Gedurende die vroeë jare van die A.G.S. was die statistieke nie so deeglik gekontroleer en dus nie so betroubaar nie. Tog is sekere vergelykings tussen die eerste jare van die A.G.S. se bestaan en die toestand in die vyftiger jare insiggewend en interessant. So skryf John G. Lake in 1912 aan 'n persoon in Engeland dat daar in die A.G.S. gedurende Januarie 1912 in die Sentrale Tabernakel (die moedergemeente) 562 persone tot bekering gekom het of gedoop is in water.[119] Vergelyk dit met 1953 toe daar in die hele A.G.S. wat op daardie stadium meer as 60 000 aanhangers[120] gehad het, slegs 1 387 gedoop is in water.[121]

Die periode 1946 - 1958 was onteenseglike 'n tydperk van diepgaande veranderinge in die A.G.S. Dat hierdie veranderinge nie almal positief was nie en nie almal tot die vooruitgang en heil van die kerk was nie, moet in die lig van bogenoemde wel deeglik erken word. Dit is dan ook teen hierdie agtergrond wat die faktore en omstandighede gesien moet word wat tot die skeuring van 1958 aanleiding gegee het. Hiervan word in die volgende hoofstuk vertel.

118. Uit die jaarlikse verslag van die Algemene Sekretaris, **Trooster**, Junie 1952, p. 2.
119. **Trooster**, September 1952, p. 7 en 21.
120. **Trooster**, Junie 1952, p. 2.
121. **Trooster**, Junie 1954, p. 4.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

# HOOFSTUK 13

## ONRUS EN SKEURING

Die jaar 1958 verteenwoordig 'n belangrike baken in die A.G.S. Vanuit die oogpunt van die A.G.S. is dit egter 'n donker baken, 'n tragiese baken. Nie 'n baken wat vooruitgang aandui nie, maar van skade en verlies. Dit is naamlik die jaar waarin 'n hele aantal pastore en lidmate van die A.G.S. weggeskeur het en 'n nuwe kerk gestig het - die Pinkster Protestante Kerk.

Dit is belangrik om daarop te let dat die skeuring nie oornags plaasgevind het nie. Daar is 'n redelike geskiedenis [illegible] wat oor etlike jare gestrek het. Die verskillende faktore wat daartoe aanleiding gegee het, sal in hierdie hoofstuk bespreek word. Dit is egter belangrik dat die faktore wat aanleiding gegee het tot die skeuring gesien sal word teen die agtergrond wat in die vorige hoofstuk geskets is. Dit is naamlik dat daar in die jare wat die skeuring voorafgegaan het, in heelwat opsigte veranderinge in die A.G.S. ingetree het. Die redes vir die skeuring hou feitlik almal regstreeks of onregstreeks verband met hierdie veranderinge.

Die verskillende redes sal [illegible] bespreek word. [illegible] ressant dat verskillende persone verskillende redes [illegible] gegee vir die skeuring. Daar sal ook hier op gewys word.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 13.1 Die Ou- en Nuwe Orde Stryd

In die vorige hoofstuk is daar aangetoon dat die periode tussen die Tweede Wêreldoorlog en die Skeuring van 1958, gekenmerk is deur sekere opsigtelike veranderinge, o.a. ten opsigte van die hele gedagte van "kerkwees" en daarmee gepaardgaande die verhouding teenoor die tradisionele kerke, asook 'n verandering in die houding teenoor die maatskappy. Streng gesproke was dit egter nie die A.G.S. as sodanig wat verander het nie, maar eerder sommige persone veral in leidende posisies.

Hierdie veranderings in die A.G.S. het sommige in verset gebring. Dit was persone wat 'n hoë premie geplaas het op die verlede en die Pinkstertradisie. Die feit dat sekere mense in die A.G.S. 'n toegeneentheid begin toon het jeens ander kerke en die maatskappy, is byna as verraad teen Pinkster beskou. A.g.v. hierdie verandering in die kerk, het twee polarisasiegroepe ontstaan wat met verloop van tyd as die Ou- en Nuwe Orde bekend geraak het. Die opkoms en verloop van hierdie stryd sal nou bespreek word veral aan die hand van onderhoude wat met verskeie van die betrokkenes gevoer is.[1]

Soos reeds aangetoon is die pastore en die lidmate van die A.G.S. veral in die vroeë vyftiger jare vanuit sommige oorde aangemoedig om meer sosiaal betrokke te raak in die samelewing en sodoende die Pink-

1. Hier word verwys na veral die volgende persone met wie onderhoude gevoer is:
Pastore J.H. Snyman, J. [illegible], [illegible], [illegible], P.T. du Plessis, B.R. Wessels, [illegible] en dr. F.P. Möller.
Hierdie persone sal [illegible] aangehaal word [illegible] waar [illegible] gemaak word.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterinvloed beter uit te dra aan die buitewêreld. In enkele gevalle het A.G.S. lidmate en selfs pastore redelike aansienlike posisies bereik, op skoolrade en stadsrade en enkeles het selfs burgemeester geword. In die oë van sommige Pinkstermense was dit verkeerd om sosiaal betrokke te raak deur byvoorbeeld op allerlei rade buite die kerk te dien. Hierdie probleem is vererger nadat pastoor G.R. Wessels en in [illegible] tot die Senaat verkies is en tot die aktiewe partypolitiek toegetree het.

Besware teen hierdie buitekerklike betrokkenheid van A.G.S. lidmate was o.a. soos volg: Sulke lidmate was meer betrokke in die sosiale lewe as in die kerklike lewe en as gevolg daarvan het hulle geestelik verkoud en vervlak.[2] Sommige van die ongelukkiges het gevoel dat die wat betrokke geraak het in die maatskaplike en sosiale lewe buite die kerk nie soseer hulle Pinkster invloed en getuienis na buite uitgedra het nie, maar eerder die gees en invloed van die wêreld in die kerk gebring het. Diegene het toe probeer om 'n meer aanvaarbare beeld van Pinkster aan die algemene publiek en die buitewêreld, voor te stel. Hierdie tendens is verder aangemoedig deurdat hoëgeplaaste persone soos ministers en selfs die Eerste Minister in daardie tyd na sekere dienste, veral tydens die algemene konferensie genooi is.

Teen hierdie agtergrond is dit dan opvallend dat sekere tipiese fenomene wat sedert die begin deel was van die Pinkstererediens en -aanbidding deur sommiges (die nuwe orde) teëgestaan en ontmoedig is. Selfs die amptelike kerkblad was gebruik om te skryf teen [illegible] die "jazz-wysies" van sommige kaartjies en die [illegible] tydens sange.[3] [illegible]

1. [illegible] past. [illegible]
2. [illegible]
3. [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk en vind ons in hierdie tyd dat in heelparty gemeentes slegs 'n orrel en geen ander musiekinstrumente daarmee saam toegelaat word nie. Instede van opgewekte koortjies is daar in sommige gemeentes al hoe meer Psalms en Gesange gesing, selfs by die Algemene Konferensies.

Dit was veral die kwessie van handeklap wat op die spits gedryf is. Dit het vir baie die onderskeidende kenmerk tussen die ou- en nuwe orde geword. Hierdie saak het tot soveel stryd en onenigheid aanleiding gegee dat dit na die Geestelike Komitee vir bespreking en 'n Bybelse uitspraak verwys is. Hulle bevinding was soos volg: "Dat handeklap by die sing van koortjies by godsdienstige oefeninge nie 'n leerstellige saak is of 'n voorskrif van die Bybel nie, maar 'n kerklike gebruik wat later ontstaan het. Die aanhaling in Ps. 47:2 is digterlike taal".[5]

Die tendens het ook al hoe meer voorgekom dat daar deur sekere persone gepoog is om 'n vaste diensvorm en liturgie in die dienste te verkry. Aangesien die Pinksterkerke tradisioneel 'n baie vrye liturgie het, het die beswaardes gevoel dat die "nuwe orde" hierdeur die A.G.S. en sy dienste meer aanvaarbaar vir die buitewêreld wil maak sodat "dit kan pas by die terreine en kringe waarin sommige van ons lidmate nou in begin beweeg het."[6] In die proses sou hulle dan nie geskroom het om hulle Pinkster-identiteit prys te gee nie.

Dit is opmerklik dat daar wel in hierdie jare van amptelike sy 'n tendens tot "standardisering" van die vrye Pinksterliturgie was. Reeds in 1947 het die Uitvoerende Raad 'n stap in hierdie rigting geneem deur sekere reels en riglyne vir die [illegible] van eredienste te laat [illegible]: "Rules for Conduct of Meetings: [illegible]

[illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wessels be asked to draw up a set of rules for the conduct of meetings and submit to the Executive Council."[7] Vir baie was dit onaanvaarbaar dat daar in 'n Pinksterkerk sulke reëls en regulasies gemaak is.

In die vroeë vyftiger jare is hierdie stap opgevolg deur enkele pastoorsbidure waar daar opknappingskursusse vir die pastore gehou is. Ook by hierdie geleenthede is sekere liturgiese gebruike in die A.G.S. bespreek. By hierdie geleenthede is sommige tradisionele Pinkstergebruike bevraagteken wat ook tot onrus in die harte van party mense gelei het.

Die onsekerheid en onenigheid wat veral m.b.t. die liturgie geheers het, kom duidelik na vore in die volgende besluit van die Werkersraad in April 1955 ..... "....... dat hierdie Algemene Werkersraad die Uitvoerende Raad opdrag gee om so gou dienlik 'n Konferensie van voltydwerkers te Bloemfontein te hou, met die oog op samesprekings oor verskille tussen pastore oor die liturgie en ander sake van belang."[8]

Die man wat ongetwyfeld die inisiatief geneem en die leidende rol gespeel het in die verset van die "ou orde" teen die "nuwe orde" was pastoor J.H. (George) Snyman. Die wese van die saak kom duidelik na vore in 'n memorandum wat hy voorgelê het aan die Oos Rand Distriksraad. Die titel hiervan was "Pinkster in Suid-Afrika". Die volgende kort opsomming gee die belangrikste punte van die saak soos gesien van die kant van die "ou orde" weer. Die volgende kenmerke van die sg. "nuwe orde" word deur pastoor Snyman aangestip:

7. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible]
8. [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Die opinie van die wêreld oor hoe die Pinkstermense hulle godsdiens behoort te hou, begin sterk seëvier.

2. Hoogmoed wil die nederige godsdienswyse verander.

3. Die onbetaamlike vriendskap met ander-kerklike, sosiale, politieke en wêreldkringe.

4. Die gebrek aan die Heilige Gees vuur en vryheid in die kerk.

5. Ander kerke word as maatstaf en voorbeeld vir die Pinksterorde en Pinkstergodsdiens gebruik (bv. by die 1954 Algemene Kampkonferensie was 'n sterk poging aangewend om Psalms en Gesange te laat sing.)

6. Die las vir siele sterf uit, terwyl sosiale invloed gesoek word.

In hierdie selfde memorandum toon pastoor Spyran ook die besware aan wat die "nuwe orde" teen die "ou orde" gehad het:

1. Handeklap.
2. Musiekinstrumente in die kerk.
3. Gesamentlike gebed word afgeraai - mense moet een-een bid.
4. Spontane Halleluja's en amens word ontmoedig.
5. Die "ou orde" het gevoel dat die orde van die Heilige Gees nou deur die "nuwe orde" bepaal wil word.
6. Die "nuwe orde" moedig die lees van die [illegible] geloofsbelydenis in die dienste aan - iets wat nog nooit [illegible] in die A.G.S. gebeur het nie.
7. 'n [illegible], stil diensorde word voorgestaan.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die "ou- en nuwe orde" stryd bereik 'n voorlopige hoogtepunt by die stormagtige Werkersraad van 1955. 'n Mosie, soos opgestel deur pastoor J.H. Snyman en ietwat gewysig deur 'n amendement, is eindelik soos volg aanvaar: Daar word voorgestel en aanvaar -

(a) "dat indien daar neigings bestaan om Pinkster in Suid-Afrika te moderniseer, te wysig of te hervorm ten einde die guns, die eer en die roem van ander kerke, van sosiale en wêreldkringe te soek, die Algemene Werkersraad hom daar geensins mee vereenselwig nie";

(b) "dat indien daar die gedagte bestaan om die mislukte kerklike vorms, tradisies en ideologieë van ander godsdienstige organisasies by hierdie Pinksterbeweging in te voer, hierdie Algemene Werkersraad dit verwerp";

(c) "dat hierdie Raad hom plegtig verbind aan die godsdiensvryheid van die A.G.S. van S.A., soos van die Here ontvang en sedert sy stigting in gebruik is";

(d) dat enige poging wat aangewend word om hierdie vryheid aan bande te lê of te beperk of te weerstaan, met alle beslistheid deur Konstitusionele wyse bestry sal word".

Bogenoemde geamendeerde mosies is deur die hele Werkersraad aanvaar. Uit hierdie mosies kan ook die wese van die stryd afgelei word - al was dit so geamendeer dat ook die "nuwe orde-party" dit kon aanvaar.

Onmiddellik hierna het past. J.H. ([illegible]) Snyman 'n verdere mosie ingedien met die oog op die bestryding van wat hy as die simpt[illegible]

[illegible]. Notule van die Algemene Werkersraad, [illegible], p. [illegible] en [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die "nuwe orde" gesien het. Hy het voorgestel: "... dat hierdie besluite voor die Algemene Werkersraad gelê moet word met die versoek, dat die Uitvoerende Raad opdrag gegee word om sonder versuim die elemente wat met alle astrantheid en listigheid onder die skyn van geestelikheid, godsdienstige ordelikheid en hervormde Pinkster indring, om die krag en die vryheid van ons Pinksterbeweging te ondermyn en te beroof, stop te sit; terwyl in gedagte gehou moet word dat hierdie selfde element die begin en oorsaak was om die Heilige Gees in ander kerke te blus sodat alleen die dooie vorm sonder krag en visioen oorgebly het."[10]

Op hierdie mosie was daar ook 'n amendament. Die amendament het egter slegs 77 stemme ontvang teenoor die 137 van die mosie wat 'n aanduiding was waar die sentiment van die vergadering gelê het."[11]

Dit is opmerklik dat die ou- en nuwe orde-stryd veral om twee persone gesentreer het. Vir die "ou orde" wat hulleself as die behoudende Pinksterparty gesien het, was pastoor George (J.H.) Snyman die kampvegter en leier. Hierdie groep het aan die ander kant pastoor J.T. du Plessis as die leier van die "nuwe orde" gesien. Veral by die [illegible] Werkersraad het die dispuut duidelik tussen hierdie twee manne gewentel.[12]

Hierdie onstuimige en stormagtige Werkersraad het egter op die laaste dag 'n treffende ingrype van God beleef. Deur 'n besondere werking van die Heilige Gees het daar 'n aangrypende versoening tussen die broeders van die twee verskillende groepe plaasgevind. Past [illegible]

10. Ibid., p. 4475.
11. Ibid., p. 4475.
12. Notule van die Algemene Werkersraad, [illegible] April [illegible], [illegible] 17, p. 44[illegible], 4473 - 4476.
13. [illegible] die Algemene Werkersraad, [illegible] April [illegible]
[illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Abelines Schoeman wat in hierdie tyd die Algemene Sekretaris van die A.G.S. was, het die volgende dag in sy preek by die konferensie op treffende wyse na hierdie storm sowel as die oorwinning verwys na analogie van die storm wat deur Jesus stilgemaak is. Die volgende aanhaling uit hierdie preek gee iets van die spanning en die invloed van hierdie stryd in die A.G.S. weer:

"'n Jaar of meer gelede het 'n storm opgesteek wat ons dierbare ou Sending in gevaar gestel het om te sink. Winde, aangeblaas deur persone wat miskien goed gemeen het, het onheilspellend sterk begin gewaai, golwe wat maar altyd daar was, het swart en hoog en baie gevaarlik geword. By hierdie seltde Konferensie het ons egter gesien dat Jesus nog in die ou boot is en dat Hy nog omgee en nie wil hê dat ons vergaan nie. Hoe het ons nie probeer stuur, hoe het ons in die vergaderings die toue getrek en die seile gespan nie, maar dit wou nie help nie. Gistermôre terwyl ek die werkers so gadeslaan en sterk bewus was van die tweespalt en verskillende strome, het ek in my hart uitgeroep en gesê: 'Here, kyk hoe woed die storm, gee u dan nie om dat ons vergaan nie!'

Broers en Susters, laat ons tog nie gistermôre vergeet nie. Toe die Gees van God oor ons beweeg het. Toe groot sterk manne geween het en mekaar vergewe het. Laat ons nie die dag vergeet wat God die storm stilgemaak het".[14]

Later daardie jaar sou daar egter weer iets gebeur wat die storm opnuut laat opvlam het. Dit was naamlik die verkiesing van past. J.F. Wessels op die Senaat. Hieroor weldra meer.

14. ... As die Wind daaroor waai", ...

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Enkele aanverwante sake moet in hierdie verband ook aangehaal word. In alle billikheid moet dit duidelik gestel word dat die faksie wat as "nuwe orde" bestempel is, nie hulle Pinkstererfenis en -identiteit wou prysgee nie. Die prominente voorvegter van die "ou orde" het self in latere jare gesê dat dit nie soseer die Heilige Gees en Sy werkinge is wat deur die "nuwe orde" teëgestaan is nie, maar wel die vryhede in die Pinksteraanbidding en rondom die werking van die Heilige Gees wat gewoonlik met Pinkster gepaardgaan.[15]

Dit kan dus opsommeder wys so gestel word dat die persone van die "nuwe orde" steeds die persoon en werk van die Heilige Gees in hoë waardering gehou het en verwelkom het, maar dat hulle dit op so 'n wyse in die A.G.S. wou sien plaasvind dat die buitewêreld dit nie vreemd en onaanvaarbaar sou vind nie. Die "ou orde" aan die ander kant het egter gevoel dat die tipiese begeleidende menslike reaksies en fenomene wat tradisioneel met Pinkster vereenselwig is (bv. [illegible]), nie prysgegee mag word nie.

Die rol wat die Ned. Geref. Kerk gespeel het en by name die beslissing waartoe die Raad van Kerke in 1945 toe gekom het, moet ook in hierdie verband ter sprake kom. Hier word verwys na die redes waarom die Ned. Geref. Kerk in 1945 die A.G.S. nog nie as Kerk kon aanvaar nie. Daar is in die vorige hoofstuk op gewys dat hierdie besware tog nie by sommige in die A.G.S. verbygegaan het nie en dat daar wel pogings aangewend is om waar moontlik die geldige besware uit die weg te ruim.

Hierdie oënskynlike gesindheidsverandering [illegible] die A.G.S. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Werkersraad wat vroeër aangehaal is, verwys direk hierna. Die beswaardes het gereken dat 'n groter openheid en gemeentheid van die A.G.S. tot die historiese kerke gevaar inhou vir Pinkster.

Dat daar in hierdie tyd wel 'n veel meer vredeliewende en broederlike gemeentheid van die A.G.S. was, val nie te betwyfel nie - dit was selfs deur die Ned. Geref. kerk opgemerk en was waarskynlik een van die redes wat bygedra het tot die ondersoek deur die Ned. Geref. Kerk waarna hierbo verwys is. Die volgende aanhaling in die verslag van die aangewese komitee aan die 1945 vergadering van die Raad van Kerke verwys daarna: "... die leiers openbaar 'n ruime en irenièse gees teenoor die Kerke wat weldadig aandoen".[16]

Hierdie ondersoek deur die Ned. Geref. kerk na die aanvaarbaarheid van die A.G.S. as kerk, is tydens die skeuring en daarna deur verskeie van die persone wat van die A.G.S. weggebreek het, gebruik as bewys dat die A.G.S. besig was om met nie-Pinksterkerke te [illegible]. Daar is naamlik aangevoer (en deur sommige tot vandag toe), dat die ondersoek deur die Ned. Geref. Kerk onderneem is op versoek en aandrang van die A.G.S.[17] Die gedagte dat die A.G.S. pogings aangewend het om deur die Ned. Geref. Kerk as susterkerk erken te word, word selfs deur prof. P.V. Pistorius in sy boek "Die Trek is Verby", beweer.[18]

As gevolg van die wanidee wat geheers het en die feit dat sommige dit tot nadeel van die A.G.S. gebruik het, reik die Kerk in April 1959 'n amptelike verklaring in die [illegible] uit: "[illegible]

16. Handelinge van die 19de Vergadering van die Raad van Kerke te [illegible], [illegible] April 194[illegible] en volgende dae, p. [illegible].
17. Persoonlike onderhoud, past. [illegible].
18. [illegible], "Die Trek is Verby", [illegible].

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is wat onder ons mense rond vertel dat ons besig is om agterbaks op te tree en die egte pinksterleer wil prys gee vir iets anders. [illegible] harte wil verontrus, maak ons hiermee die volgende amptelike verklaring.

"Die A.G.S. het geen versoek gerig aan die Afrikaanse, of enige ander kerke, om as kerk deur hulle erken te word nie ....... Dit dien ook as antwoord op die bewerings wat daar gemaak word in die boek: 'Die trek is verby, deur prof. Pistorius."[19]

Dat hierdie aantygings nie ligtelik by die A.G.S. verbygegaan het nie, blyk ook uit die volgende aanhaling uit die amptelike kerkblad: "Die stelling dat die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika 'n Vierde Afrikaanse Kerk geword het, is al so dikwels gemaak dat [illegible] mense, vriende en kwaadwilliges, dit al vas glo. In sekere gereformeerde kringe word dit as 'n stelling beskou, as deur ons gemaak, om daardeur [illegible] guns te wen en vir hulle, nl. die Gereformeerdes te ondergraaf. In sekere pinksterkringe word die stelling weer kwaadwilliglik aangewend om ons daardeur doelbewus met die Gereformeerde Kerke te assosieër en sodoende in die oë van sommige pinkstermense te diskrediteer. Daar word verder beweer dat die A.G.S. dan konstitusioneel aansoek sou gedoen het om erkenning as 'n 'susterskerk'."[20]

Hierdie en soortgelyke bewerings in die tyd van die skeuring en daarna, is egter van alle waarheid ontbloot. In 'n artikel in sy amptelike kerkblad, ontken die A.G.S. enige betrokkenheid by hierdie aangeleentheid.[21] Hy het geen so 'n versoek gerig nie. Volgens past. J.T. du Plessis[22] het hierdie [illegible] sy oorsprong by die destydse mode-

19. Trooster, April 19[illegible], p. [illegible].
20. Artikel deur past. J.T. du Plessis, "Die A.G.S. 'n Vierde Afrikaanse Kerk?", Trooster, Augustus 19[illegible], p. [illegible].
21. 'n Tweede artikel deur past. J.T. du Plessis, "Die A.G.S. 'n Vierde Afrikaanse Kerk?", Trooster, September 19[illegible], p. [illegible].
22. Ibid., p. 4.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rator van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal dr. Wm. Nicol, gehad: "Wat sy motief was in die poging om die A.G.S. deur sy eie kerk as 'n volwaardige kerk erken te kry, weet ons nie. Dat daar alleen goeie wil van sy kant was, word vir geen enkele oomblik betwyfel nie .... Een ding staan egter vas: Hy het hierdie besprekingspunt laat dien uit eie begeerte en was geensins daartoe beweeg of oorreed deur persone uit ons geledere nie."[23]

Past. Du Plessis gee ook in hierdie artikel die A.G.S. se standpunt oor die gedagte van 'n moontlike "susterskerk" naamlik ... "... dat die A.G.S. nooit 'n susterkerk kan word nie, omdat ons nie dieselfde Belydenisskrifte het nie en ook nooit kan hê nie." Verder ... "..... dat die A.G.S. alreeds baie jare deur die Regering van ons land as volwaardige kerk erkenning geniet en dat in weerwil van teenstand sodanige erkenning ook van die kant van ander kerke sal kom."[24]

Om hierdie saak vir eens en vir altyd goed op te klaar, verskyn daar 'n aanhaling uit 'n brief van prof. dr. J.J. Muller wat destyds die scriba van die Raad van Kerke se studiekommissie vir Aktuele Vraagstukke was. In die brief skryf hy o.a.: "Daar het aan die Raad en sy kommissie geen mondelinge of skriftelike versoek van die kant van die Apostoliese Geloofsending (hetsy sy Uitvoerende Raad of enige indiwiduele pastoor) gekom dat die Kerk sy houding teenoor die Apostoliese Geloofsending in heroorweging moet neem of aan die Beweging volle erkenning as 'n christelike Kerk moet gee nie. Die studie en rapport oor die Apostoliese Geloofsending is bloot op die terrein van die gewone werksaamhede van die Aktuele Vraagstukke Kommissie aan die hand gedoen en onderneem .... Uit niks wat in die verslag voorkom, nog in sy aanhef, nog in sy konklusies, is enige aanduiding dat die ondersoek onderneem is op grond van enige

23. _Ibid_., p. 4.
24. _Ibid_., p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versoek van buite nie."[25]

Terwyl dit 'n uitgemaakte saak is dat die A.G.S. nie hierdie ondersoek aangevra het nie, kan dit seker nie wegredeneer word dat dit tog in sekere kringe van die A.G.S. 'n invloed gehad het nie.[26] So het daar ook stemme opgegaan teen die inbring van 'n geloofsbelydenis in 1956 - soos genoem, was dit slegs 'n geringe verwerking van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Sommige het gevoel dat dit 'n verontagsaming was van die besluit van die Werkersraad slegs 'n jaar vantevore dat alle elemente en invloede van buite stop gesit moet word.[27]

Wanneer daar vandag na hierdie emosionele styd tussen die ou- en nuwe orde teruggekyk word, kan die volgende objektiewe gevolgtrekking gemaak word. Die ou- en nuwe orde het as reaksiebewegings in die A.G.S. teenoor mekaar ontstaan - in albei kampe was die mense geskaar om een of twee sterk leiers. Hierdie twee groepe het nie net teenoor mekaar gestaan nie, maar ook al verder van mekaar af gedryf tot op 'n punt waar daar byna van 'n polarisasie tussen fanatisme en formalisme gepraat kan word. Die grootste gros van die A.G.S. en sy pastore, het egter die middeweg tussen hierdie twee uiterstes bewandel, sodat nie die ou- of die nuwe orde uiteindelik die standpunt en gevoel van die grootste deel van die kerk verteenwoordig het nie. Die oorgrote meerderheid van die A.G.S. wou nie die ou weë van Pinkster verlaat nie. Dit het duidelik geblyk uit

25. Brief aangehaal in die Trooster, Desember 1959, p. 15. Die brief was gerig aan past. P.A. Minnaar en was destyds in besit van die Redaksie.
26. So sien past. J.J. Cornelius een van die latere leiers van die Pinkster Protestante Kerk, 'n direkte verband tussen genoemde verslag en die ontstaan van die binnemuurse Bybelkollege van die A.G.S. in 1954. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit eers nege jaar later tot stand gekom het. Persoonlike onderhoud, past. J.J. Cornelius.
27. Persoonlike onderhoud, past. J.J. Cornelius.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die geringe steun wat die "nuwe orde" by die Werksraad van 1955 ontvang het. Aan die ander kant wou hulle ook nie deel wees van 'n reaksionêre beweging wat sekere Pinksterfenomene op die spits dryf, terwyl dit nie werklik die wese van Pinkster raak nie. Dit word bewys deur die relatief klein persentasie A.G.S. lidmate wat uiteindelik die kerk met die skeuring verlaat het.

Ook opmerklik is die feit dat die "ou- en nuwe orde" stryd na 1958 grootliks iets van die verlede was. Alhoewel sommige gemeentes in die A.G.S. tot vandag toe meer gereserveerd as andere is, is die spanning en stryd van die vyftiger jare blykbaar vir goed verby.

## 13.2 Die Politieke stryd rondom pastoor (senator) G.R. Wessels

Die onrus en stryd wat in die vyftiger jare in die A.G.S. voorgekom het, het aanvanklik rondom die ou- en nuwe orde kwessie gewentel. Die probleem is oënskynlik bygelê by die werkersraad van 1955, maar slegs enkele maande later het die stryd weer van voor af begin nadat pastoor G.R. Wessels as senator gekies is. Die krisis wat hierdie verkiesing van pastoor Wessels vir baie in die A.G.S. veroorsaak het, kan egter nie ten volle verstaan word indien die vroeëre geskiedenis van die A.G.S. in hierdie verband nie ook bygebring word nie.

Twee aspekte is in hierdie verband belangrik. Eerstens moet in gedagte gehou word dat die A.G.S. deur Engelssprekendes (Amerikaners) geïnisieer is. Afrikaners het wel binne enkele jare begin om sekere leiersposisies in te neem. Tog was die Engelse invloed tydens die eerste paar dekades duidelik waarneembaar - selfs al was die Engelssprekende lidmate weldra 'n kleiner minderheid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tweedens moet in gedagte gehou word dat die Nasionale Party soos wat ons dit vandag ken eers in 1948 met 'n naelskraapse oorwinning aan bewind gekom het. Gedurende die eerste dekades na die Uniewording (en die ontstaan van die A.G.S.), het 'n groot deel van die bevolking se sentiment by Engeland gelê. Dit word o.a. duidelik deur Suid-Afrika se deelname aan die twee Wêreldoorloë as bondgenoot van Engeland. Alhoewel die Nasionale Party reeds in 1914 ontstaan het, was dit eers na die Tweede Wêreldoorlog dat die Afrikaner-nasionalisme die oorhand begin kry het.

In die lig daarvan dat die Verenigde Party vóór 1948 vir 'n aantal jare deur die grootste deel Suid-Afrikaners ondersteun is en as daar tweedens in gedagte gehou word dat die A.G.S. veel meer Engels georiënteerd was as enige van die Afrikaanse kerke, is dit seker net logies dat die Verenigde Party redelik sterk in die A.G.S. verteenwoordig was. Volgens Senator G.R. Wessels was hy die enigste lid van die Uitvoerende Raad wat pro-Nasionale Party was toe hy in 1937 daarop verkies is.[28] Die ander lede het óf glad nie gestem nie óf het vir die Verenigde party gestem.[29]

Tog was daar tot in die vroeë vyftiger jare geen politieke spanning in die A.G.S. nie. Daar is trouens reeds uitgewys hoedat die A.G.S. bekend was as dié besondere gemeenskap waar Afrikaans- en Engelssprekendes broederlik met mekaar verkeer het sedert die begin. Hoe was dit moontlik in 'n kerk waarvan die lidmate sulke uiteenlopende politieke oortuigings gehad het? Doodeenvoudig omdat politiek vir 45 jaar in die A.G.S. 'n absoluut private aangeleentheid was. In sy vroeë jare wou 'n groot deel A.G.S. lidmate niks van die politiek weet nie. Baie het geglo

28. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels,
29. <u>Ibid</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat 'n Christen nie eers moet stem nie. Die wat wel gestem het, het dit stil gehou. Daar is nie in die A.G.S. oor politieke oortuigings gepraat en verskil nie. Daarom was daar onder so 'n gemengde politieke samestelling van mense vrede wat dit betref.

'n Interessantheid wat hier genoem kan word, is dat die antitetiese gevoel wat baie lidmate van die A.G.S. teen die drie susterskerke gehad het, nie heeltemal losgemaak kan word van die politiek nie.[30] Die drie susterskerke was al die jare 'n bastion van die Afrikanerdom, Afrikaner-nasionalisme en die Nasionale Party. Opmerklik is bv. hoeveel predikante hulle uiteindelik in die politiek begeef het - dink bv. aan dr. D.F. Malan. In die A.G.S. waar die Verenigde Party element veel sterker as bv. in die Ned. Geref. Kerk was, was die sterk assosiasie tussen die Nasionale Party en die Susterskerke onaanvaarbaar. Dit het die anti-kerkgevoel in die A.G.S. verder versterk.

Wat die A.G.S. betref, kan daar gesê word dat hy geen "party-kerk" was nie, alhoewel daar te midde van 'n politieke stilswye gedurende die eerste 45 van sy bestaan tog 'n redelike verteenwoordiging van die Verenigde Party was. Gedurende die eerste paar jaar nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, was dit vanselfsprekend dat die lede van die Verenigde Party in die A.G.S. sensitief was vir enige iets wat na propaganda vir die Nasionale Party gelyk het - veral vanaf kansels.

In die paar jaar na die verkiesing van 1948 het die politieke klimaat in die A.G.S. ook geleidelik verander. Met die Nasionale Party aan bewind, het die nasionaliste in die kerk waarskynlik meer vrymoedigheid en selfrespek begin kry en gewaag om meer op die voorgrond te begin tree.

30. <u>Ibid</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teen hierdie agtergrond, begin past. G.R. Wessels in die vroeë vyftiger jare met sy buitengewone welsprekendheid en persoonlike charisma teen die gevaar van Kommunisme preek. Die bedreiging van die Kommunisme in Suid-Afrika was vir hom persoonlik 'n saak wat na aan die hart gelê het. Tydens 'n oorsese besoek in 1952 het hy in die besonder 'n studie daarvan gemaak.[31] Sy tema was gewoonlik "die Kerk en die Kommunisme".

Spoedig het sy preke teen Kommunisme vir hom bekendheid ook buite die grense van die A.G.S. gebring. Kerke kon die skares mense in verskillende stede nie meer akkommodeer nie. Dienste is toe in stadsale gehou waar skares van tot 5 000 mense sy dienste bygewoon het. Daar is terdeë van G.R. Wessels kennis geneem.

In sy eie kerk het verskillende persone egter ernstige besware gehad teen sy optredes. Sy aanvegting van die Kommunisme is gesien as propaganda vir die Nasionale Party. 1953 was verkiesingsjaar in Suid-Afrika. In die Trooster van Julie 1953 maak 'n briefskrywer ernstig beswaar daarteen dat die A.G.S. hom nou met die politiek bemoei.[32] Hy verwys dan na sommige (G.R.Wessels), wat vanaf kansels die mense aanmoedig om teen Kommunisme te stem wat dan presies beteken om vir die Nasionale Party te stem. Die briefskrywer, wat waarskynlik 'n lid van die Verenigde Party was, sê dat daar nou groot skade aan Pinkster in Suid-Afrika gedoen word.

In antwoord hierop verskyn daar enkele maande later 'n brief van past. G.R. Wessels in dieselfde blad waarvan kort uittreksels hier weergegee word: "Dit was nog altyd die beleid van die A.G.S. in die verlede om hom as beweging nie met party-politiek in te meng nie. Juis omdat daar so baie onaangenaamhede, bitterheid en persoonlike aantygings

31. <u>Ibid</u>.
32. Trooster, Julie 1953, p. 20.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met party-politiek ineengevleg is, kan 'n beweging wat die Evangelie van Christus aan al die bevolkingsgroepe moet voorhou, hom nie daarmee bemoei nie. Dit beteken nou egter nie dat ons afsydig of onverskillig teenoor staatkundige aangeleenthede moet staan nie. ..... Hoe kan 'n kerk onverskillig wees teenoor staatkundige aangeleenthede soos: welsynswerk, die onderwys van sy kinders, maatskaplike euwels, godsdiensvryheid, bestryding van misdaad, beskerming van menslike regte, ens? En dit is op grond van belangstelling op hierdie breëre grondslag dat Kommunisme deur ons kerk aan die kaak gestel en beveg moet word. Ons doen dit nie op politieke redes nie, maar om godsdienstige .... As hierdie optrede van ons, wat ons as ons Christelike plig ag, die belange van een of ander politieke party sou bevorder, beteken dit nou nie dat die A.G.S. hom met daardie party vereenselwig nie. In die mate wat die beleid van 'n politieke party met dié van ons kerk ooreenkom, in dié mate sal daar wedersydse ondersteuning wees, en dit kan nie verhelp word nie.

As die lede van die A.G.S. aktief in een of ander party opgetree het tydens die onlangse verkiesing, het hulle dit uit persoonlike en vrye keuse gedoen; dit is nie omdat hulle van kerklike weë daartoe aangemoedig is nie. Die A.G.S. bemoei hom nie met die politieke sienswyse van sy lede nie .... Wat egter baie duidelik beklemtoon word, is om geestelike belange altyd eerste te stel, dit wil sê, nie toe te laat dat byvoorbeeld politieke sienswyse geestelike verwydering of onaangenaamheid in die kerklike geledere teweeg bring nie.

Wat die uitbring van 'n stem in 'n algemene verkiesing betref, kan ons absoluut geen gevaar of nadeel insien nie. Die stemmery is geheim en daar hoef geen rede te wees om andersdenkendes aanstoot te gee nie....... Dit word vervolgens ook van elke waardige landsburger verwag om belang in die bestuur van sy land te stel en tydens 'n verkiesing te

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stem. Om hierin afsydig of veroordelend te staan, is 'n baie betreurenswaardige voorbeeld. As almal ook besluit om nie te stem nie (want ons wil mos hê mense moet in alle opsigte ons navolgers wees) sal hierdie land in anargie gedompel word en vreemde en vyandige magte ten prooi val. .... Nee, regerings en owerhede is ook 'n instelling van God en as sulks kan dit die belangstelling van elke Christen geniet."[33]

Hierdie verduideliking het baie (ook lede van die Verenigde Party in die A.G.S.) nie tevrede gestel nie. Dit was duidelik dat G.R. Wessels se ondersteuning en simpatie by die Nasionale Party gelê het. Dit het begin om hom omstrede te maak.

Die gebeurtenis wat werklik tot groot ongelukkigheid aanleiding gegee het, sou egter kort hierna plaasvind. Kort na die Algemene Konferensie in April 1955, terwyl past. G.R. Wessels in London vir die vergaderings van die komitee van die Wêreld Pinkster Konferensie was - hy was lid van die komitee, ontvang hy 'n kabelgram uit Suid-Afrika waarin hy gevra word of hy hom verkiesbaar sal stel vir die Senaat wat op daardie stadium vergroot is.[34] Die versoek het van die kant van die Nasionale Party gekom. Die rede waarom die Nasionale Party hom as 'n goeie kandidaat beskou het, was waarskynlik die wyse waarop hy teen die Kommunisme te velde getrek het en die bekendheid wat hy reeds verwerf het. Hy was as 'n publieke meningsvormer beskou.

Hy het die aanbod nie onmiddellik aanvaar nie, maar eers verantwoordelike persone in die A.G.S. geken in die saak.[35] Sy eie motivering waarom hy uiteindelik toegelaat het om in die politiek

33. **Trooster**, Oktober 1953, p. 20.
34. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels.
35. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgeneem te word, was tweërlei.[36] Hy wou vir die A.G.S. en die Pinksterbeweging in die algemeen wat op daardie stadium nie veel erkenning geniet het nie, op 'n hoër vlak aanvaarding kry asook om sekere voorregte wat die A.G.S in die verlede moes ontbeer, vir die kerk te verkry. Hierin het hy tot 'n groot mate geslaag. Tweedens wou hy ook die A.G.S. op sy pligte as burgers van die land wys. nl. dat Suid-Afrika 'n klein volkie is en die ondersteuning van elkeen van sy burgers nodig het.

Hierdie stap van hom sou die A.G.S. egter in een van sy grootste krisisse dompel. Soos reeds genoem, was party-politiek vir die deursnee A.G.S. lidmaat iets waarmee 'n mens jou liewer nie moet bemoei nie. Indien wel, is dit 'n persoonlike en private saak wat jy nie aan die groot klok hang nie. Daarby het die lidmate al die jare 'n baie hoë dunk gehad van die lede van die Uitvoerende Raad. Hulle was amper as "heiliges" beskou.[37] Dit was vir baie net ondenkbaar dat een van dié broers hom in iets "vuils" soos die party-politiek kon begewe.

Enige politieke bedrywigheid is as wêreldsheid beskou en as onversoenbaar met 'n pastoor, 'n lid van die Uitvoerende Raad en boonop vise-president. Dit was vir baie onaanvaarbaar dat hy "vanaand vanaf 'n platvorm 'n politieke toespraak maak en môre staan hy op die kansel en preek as die vise-president van die A.G.S."[38] Sommige het aan die dreigende moontlikheid gedink dat die president, past. G.J. Vermeulen, iets kon oorkom of moes aftree en die logiese gevolg sou wees dat senator G.R. Wessels die president van die kerk kon word. Dit was vir baie ondenkbaar.

36. *Ibid*.
37. Persoonlike onderhoud, past. J.V. Henning.
38. *Ibid*.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sekere beswaardes het gevoel dat die godsdiens en die bediening neutrale grond is waar daar persone van verskillende politieke oortuigings saam is. Dit is dan heeltemal te verstane dat wanneer 'n prediker en veral 'n man van die formaat van G.R. Wessels hom in die party-politiek begeef, dit polities anderdenkendes in die kerk tot ongelukkigheid sou stem.[39]

Kort na sy verkiesing op die Senaat, skryf die Oos Randse Distrik 'n brief aan die Uitvoerende Raad met die versoek ... ".... dat voltydwerkers hul geensins moet begewe in enige aktiewe politieke bedrywighede nie".[40] By die vergadering van die Uitvoerende Raad sowel as die volgende wat hierdie saak bespreek het, was die lede feitlik in die helfte verdeel oor wat besluit moet word. Een groep het gevoel dat daar nie beperkinge op voltyd werkers in hierdie verband gelê moet word nie. Die ander helfte was totaal daarteen gekant dat voltyd werkers aktief aan politiek moet deelneem.[41] Daar word by die vergadering ook besluit om die saak eers na die Geestelike Komitee te verwys vir 'n Skriftuurlike uitspraak in die verband.

Ook by 'n volgende vergadering waar die bevinding van die Geestelike Komitee gedien het, was daar 'n sterk verskil en verdeling oor die politieke kwessie.[42] 'n Mosie dat geen voltydwerker hom met party-politiek moet bemoei nie en dat as hy dit wel doen hy moet bedank of sy emiritaat aanvaar, het slegs een minder as die helfte van die raad se stemme ontvang! Die saak is na baie bespreking, verdeeldheid en onsekerheid na die eerskomende Werkersraad vir beslissing verwys.

39. Persoonlike onderhoud, past. J.H. Snyman.
40. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 en 17 Augustus 1955, Boek 18, p. 4568.
41. <u>Ibid</u>., p. 4568.
42. Notule van die Uitvoerende Raad, 20/1/56, Boek 18, p. 46[illegible]-4602.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

By die Werkersraad van April 1956 is die netelige saak bespreek. Die saak is vir feitlik twee dae lank indringend bespreek. Die laaste spreker was past. G.R. Wessels self: "Br. G.R. Wessels skets duidelik alles wat verwikkel het en hoe die Here gelei het dat hy tot Senator verkies is. Voorts behandel hy talle van die besware wat geopper is .... Hy wys op kanse vir diens, voorregte en wat hy alles vir die werk van die Heer kan verrig. Ten slotte doen hy 'n hartroerende beroep om beter verstandhouding."[43]

Sy meesterlike oratoriese vernuf en oorredingsvermoë, het s 'n invloed op die vergadering gehad dat 80% van die lede gestem het vir die mosie wat voorgelê is, nl. ... ".... dat geen voltydse werker hom aktief mag bemoei met party-politiek aangeleenthede nie en ook op geen politieke liggaam dien nie, behalwe in gevalle waar die Geestelike Komitee van mening is dat dit in die belang van die Koninkryk van God en van die kerk van Christus is. Dat die Uitvoerende Raad ook die status van enige sodanige voltydwerker sal bepaal."[44]

Volgens senator Wessels het hy dit op daardie stadium sterk oorweeg om die bediening maar neer te lê as gevolg van die tweespalt en die druk op hom.[45] Hy is egter oorreed om nie te bedank nie en het daarna vir byna 'n dekade en 'n half as vise-president van die A.G.S. en lid van die Senaat voortgegaan voordat hy die bediening aan die begin van 1970 neergelê het.

Die stof wat oor hierdie saak opgeskop is, sou egter nie sommer gaan lê nie. Toe 'n gedeelte van die A.G.S. aan die einde van 1958 van die kerk wegskeur was die "politiek van br. G.R. Wessels" as een van die hoofredes aangegee. Watter persoonlike faktore ookal aan die leiers van

43. Notule van die Algemene Werkersraad, 2-5 April 1956, Boek 18, p. 4632.
44. Ibid., p. 4631.
45. Persoonlike onderhoud, Senator G.R. Wessels.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die skeuring toegeskryf mag word, is dit 'n uitgemaakte saak dat onder sommige van die wat van die A.G.S. weggegaan het, diepe ongelukkigheid was dat een van die uitvoerende amptenare van die A.G.S. so direk by party-politiek betrokke was.

In die lig van die hele voorafgaande verduideliking oor die politiek, skyn dit heeltemal verantwoord te wees om te beweer dat die kerkskeuring van 1958 ook 'n politieke skeuring was. Dit kan soos volg verduidelik word. Alhoewel die A.G.S. altoos ontken het dat hy enigsins 'n party-kerk was, het hy voor 1948 waarskynlik 'n groter verteenwoordiging van die Verenigde Party gehad as enige van die ander Afrikaanse kerke.

Na die verkiesing van past. G.R. Wessels as lid van die Senaat en van die Nasionale Party en die kondonering daarvan in sy geval deur die Werkersraad, kon lede van die Verenigde Party in die A.G.S. maklik die gevoel kry dat daar nou in die A.G.S. 'n swaai na regs plaasgevind het en dat daar nou 'n sterk "amptelike" gevoel vir die Nasionale Party was.

Daarom is dit so interessant dat 'n opmerklike persentasie van die leiers van die skeuring en persone wat met hulle saamgegaan het, lede van die Verenigde Party was.[46] Alhoewel dit sekerlik nie as 'n algemene stelling kan geld nie, wil dit tog lyk dat sommige persone wat geskeur het a.g.v. die politiek in die A.G.S. en wat nou 'n "politiekvrye" kerk wou stig, juis deur hulle eie politieke standpunt gemotiveer is. Alhoewel dit weer gestel moet word dat dit nie veralgemeen kan word nie, lyk dit tog tot 'n mate dat die A.G.S. in 1958 'n politieke splitsing in die kleine beleef het deurdat 'n deel van die opposisiepartylede

46. Persoonlike onderhoude: Past. J.V. Henning en Senator G.R. Wessels.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die A.G.S. aanstoot geneem het aan die prominensie wat die Nasionale Party via G.R. Wessels in die A.G.S. verkry het en onder een of ander dekmantel liewers 'n heenkome in 'n nuwe kerk gaan soek het: "It is worthy of note, that a large proportion of those who have splintered away, are members of the other party."[47] In die woorde van past. J.H. Snyman: "Die skeuring het party mense gepas, om uiting te gee aan hulle gevoelens. Ek aanvaar dat daar van die Verenigde Party mense was wat ons meer sou ondersteun het."[48]

Sonder twyfel was die politieke kwessie een van die hoofredes wat tot die skeuring aanleiding gegee het. Natuurlik was daar ook diegene wat om ander persoonlike redes die A.G.S. verlaat het maar wat die saak van die politiek as 'n handige verskoning en rede vir hulle optrede voorgehou het.

Ongelukkig is die politiek tydens die skeuring deur die publieke pers aan die groot klok gehang. Terwyl dit vir propaganda-doeleindes uitgebuit is, is die saak ook uit sy historiese konteks geruk en mateloos oordryf. So skryf die Weekblad in 'n lang artikel na die skeuring dat dit die gevolg is van die "Nat.-beleid".: "Sowat sesduisend lede het reeds afgestig omdat hulle gekant was daarteen dat hul kerk vir politieke propaganda gebruik word."[49] Behalwe dat die saak hier heeltemal buite

47. Persoonlike brief van past. W.C.A. Grobler aan A. Cooper, redakteur van die "Standard Bearer", Afskrif van brief in die A.G.S. Argief, Johannesburg.
48. Persoonlike onderhoud, past. J.H. Snyman.
49. "Apostoliese Kerk in twee geskeur", Artikel in die "Weekblad", 27 Maart 1959. Ook in die "Sunday Express" het vergesogte bewerings verskyn oor die Nasionale Party-politiek in die A.G.S. Aangehaal deur die "Standard Bearer", Januarie - Maart 1959, p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verband geruk en oordryf is, is die bewering dat sesduisend lidmate die kerk verlaat het, net so verkeerd. Slegs 1 755 lidmate het die kerk tydens die skeuring verlaat.

Ook die interkerklike Pinksterblad, "The Standard Bearer", destyds onder die redakteurskap van A. Cooper, het in dieselfde gees geskryf: "Those who became acquinted with the internal administration of these brethren, realised months ago that certain ministers who held controlling power were attempting to turn their organisation into a large political and vote-catching body for the nationalist party."[50] In 'n persoonlike brief aan Cooper het past. W.C.A. Grobler as 'n ou vriend van Cooper vir laasgenoemde op sy misopvattings in hierdie verband gewys en die ware feite van die skeuring aan hom voorgehou. Die brief is die moeitewerd om te lees, maar weens die persoonlike aard daarvan kan dit nie hier geplaas word nie.[51]

Die A.G.S. was in hierdie tyd ook op 'n ander manier by die politiek betrek. In sy boek "Die Trek is Verby", beskuldig prof. P.V. Pistorius die drie Susterskerke en die A.G.S. dat hulle, ten spyte van die feit dat hulle ten opsigte van belydenis so ver van mekaar afstaan, aktief op die politieke terrein saamwerk.[52] Alhoewel dit nie amptelik was nie, beweer hy dat daar 'n geheime ooreenkoms was ... ".... tussen 'n aantal predikante van die drie Afrikaanse kerke en 'n aantal pastore van die Apostoliese Geloofsending enersyds en die Nasionale Party andersyds ... waar kragtens die benoemde lede van 'n sekere skoolraad almal predikante en pastore van hierdie kerke sou wees."[53] Die gedagte was

50. The Standard Bearer, Januarie - Maart 1959, p. 6.
51. 'n Afskrif van die brief word bewaar in die A.G.S. Argief in Johannesburg.
52. P.V. Pistorius, <u>op. cit</u>., p. 59.
53. <u>Ibid</u>., p. 59.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dan dat persone wat nie aan die Nasionale Party behoort het nie, op hierdie wyse van die skoolraad geweer is.

In 'n amptelike verklaring deur die A.G.S. is hierdie bewering kategories ontken: "Ook was daar geen ooreenkoms tussen pastore van die sending en predikante van ander kerke dat hulle gesamelik sou optree tydens Skoolraadverkiesings nie. Dit dien ook as antwoord op die bewerings wat daar gemaak word in die boek: Die Trek is Verby, deur prof. Pistorius."[54]

Vanuit 'n objektiewe oorweging skyn dit tog asof die party-politieke betrokkenheid van past. G.R. Wessels tot onrus en ontevredenheid in die harte van baie A.G.S. lidmate aanleiding gegee het en sonder twyfel een van die hoofoorsake vir die skeuring van 1958 was.

## 13.3 Die gebeure rondom Soutriviergemeente[55]

Die aangeleentheid met Soutriviergemeente was ongetwyfeld 'n kernaspek en tot 'n groot mate die speerpunt van die 1958-skeuring. Dit is nodig om hier kortliks op die geskiedenis van die saak in te gaan.

54. **Trooster**, April 1959, p. 14.
55. Oor die Soutriviersaak is ruimskoots gebruik gemaak van die lywige twee-volume verslag van die Hofsaak in die Hooggeregshof in Kaapstad tussen die gemeenteraad van genoemde gemeente en die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika. In die verslag van die hofsaak is ook 'n brosjure opgeneem wat deur die Pinkster Protestante Kerk opgestel en versprei is, getiteld **"Die slag van Soutrivier"**. Hierin word die hele aanloop tot en verwikkeling van die gebeure in Soutrivier verhaal. Daarby is ook onderhoude gevoer met betrokkenes en persone wat persoonlike belangstelling daarby gehad het. o.a. past. G.R. Wessels, P.F. Fourie, Botha Opperman, J.T. du Plessis, J. Cornelius en J.H. Snyman.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat Soutriviergemeente die oudste gemeente van die A.G.S. in die Kaap en een van die eerste gemeentes in die land was. Dit was 'n besondere gemeente met 'n mooi geskiedenis wat as't ware die moedergemeente van die A.G.S. in die Kaap was.

In die vyftiger jare was past. A.G. Bester die herder van die gemeente. Enkele jare nadat hy in Soutrivier gekom het, het hy 'n sterk drang gevoel om met 'n grootskaalse evangelisasie poging te begin. Spoedig het hy die entoesiastiese samewerking van die gemeenteraad en gemeente in hierdie saak gehad.

Die projek word aan die einde van 1955 van stapel gestuur toe die gemeente 'n groot tent en vyfhonderd stoele sowel as 'n vragmotor aankoop. In 1957 is daar ook twee motorbussies aangekoop om die gemeente in hulle evangelisasiepogings te help.

Aanvanklik het hierdie projek die seën van die Uitvoerende Raad weggedra, soos dit onder andere blyk uit die volgende aanhaling uit 'n brief van die algemene sekretaris van die kerk, past. M.J. van Rensburg aan die kerkraad van Soutrivier: "Dit verheug ons grootliks om te sien dat die Here die onderneming so geseën het en ons wil vertrou dat daar baie kosbare siele ingesamel sal word as gevolg van hierdie gesamentlike poging van julle. Verseker julle jeugraad sowel as die Pastoor en gemeente dat ons met groot belangstelling hierdie poging gadeslaan en in die gees by julle staan vir die uitbreiding van die Koninkryk van die Here."[56] Hierdie brief is geskryf op die 24de Mei 1956.

56. Uit die **"Slag van Soutrivier"**, saamgevat in die verslag van die Hooggeregshofsaak tussen die A.G.S. en die gemeenteraad van Soutrivier, Volume 1, p. 93.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie evangelisasie-projek, wat die "Siele vir Christus-Kruistog" genoem is, het heelwat vrug opgelewer. Daar is op verskillende plekke, veral op plattelandse dorpies, tentveldtogte gehou. In Houtbaai het daar selfs 'n klein gemeentetjie tot stand gekom as 'n direkte gevolg van die tentveldtog.[57]

Talle persone is deur hierdie aksie geïnspireer. Sodoende is daar baie bydraes aan die gemeenteraad gemaak om die projek in stand te hou. In 1956 het die gevoel toe ontstaan om 'n aparte bankrekening spesifiek vir die "Siele vir Christus-kruistog" te open. 'n Opgehoopte bedrag van 1 085 pond is toe in Desember 1956 in die nuwe rekening betaal.

Hier teen die middel van 1958 het die Uitvoerende Raad dit egter nodig gevind om weens sekere redes teen die pastoor en kerkraad van Soutrivier op te tree. Aan die einde van Mei 1958 daag twee pastore (past. W.H. Uytenbogaardt van die hoofkantoor in Johannesburg en past. W.T. Kellerman van Bellville) by die pastorie van past. Bester van Soutrivier op. 'n Brief van die Algemene Tesourier, past. P. Fourie, word aan past. Bester oorhandig waarvolgens alle kas-, tjek- en notuleboeke van die gemeente onverwyld aan genoemde twee persone oorhandig moet word. Volgens die brief was hulle as interne ouditeure aangestel wat alle boeke van die gemeente moes ouditeur. Beweerde onreëlmatige administrasie van finansies deur die gemeenteraad van Soutrivier was deur die Uitvoerende Raad aangegee as rede vir bogenoemde optrede.[58]

Die groot beswaar van die Uitvoerende Raad in hierdie verband was die aparte bankrekening wat die gemeenteraad vir die "siele vir Christus-kruistog" gehad het. Tydens die latere hofgeding het die Uitvoerende Raad betoog dat die opening van die aparte bankrekening sonder

57. *Ibid.*, p. 93.
58. Uit die hofverslag, Volume 1, p. 39.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die toestemming van die Uitvoerende Raad geskied het en dat dit nie volgens konstitusionele voorskrifte hanteer en bestee is nie.[59] In die lig van faktore wat later ter sprake sal kom, kom dit egter ietwat vreemd voor dat die Uitvoerende Raad eers byna 'n jaar en 'n half nadat die bankrekening geopen is, daaraan aandag skenk.

Twee aspekte van hierdie beweerde wanadministrasie is ook in die latere hofgeding genoem. Eerstens is beweer dat daar uitbetalings vanuit die spesiale bankrekening gedoen is sonder dat die gemeenteraad daaroor besluit het. Verder het die Uitvoerende Raad aangevoer dat die gemeenteraad sekere veranderings ten bedrae van vyfhonderd pond aan die kerkgebou laat doen het waarvoor daar nie langs die voorgeskrewe kerklike kanale goedkeuring verkry is nie. Sonder om in detail in te gaan, kan net genoem word dat die gemeenteraad van Soutrivier beide hierdie klagtes tydens die hofgeding suksesvol weerlê het.

Die besoek van die twee interne ouditeure wat deur die hoofkantoor aangestel is, het met groot ongelukkigheid en ontevredenheid van die pastoor en gemeenteraad van Soutrivier gepaard gegaan. Na die ouditeuring het die twee afgevaardigdes 'n verslag aan die Geestelike Raad van die kerk voorgelê.

Die resultaat van hierdie ouditeursverslag was dat die volgende besluit deur die Uitvoerende Raad geneem is: "Besluit ...... dat broers Wessels en Minnaar 'n deeglike ondersoek gaan instel en alle in-

59. <u>Ibid</u>., p. 37 en 38.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



formasie inwin oor die skynbare wantoestande. Ingeval daar nie die nodige samewerking van die kant van die pastoor en/of kerkraad verkry word nie, kan die broers volgens Artikel 50 en Voorskrif E8, die pastoor suspendeer sodat daar verder volgens voorskrifte gehandel kan word. Die Algemene Sekretaris moet die nodige magtigingsbriewe uitreik om te verhoed dat die fondse van die gemeente en/of ander eiendomme van die A.G.S. vir die Sending verlore raak."[60]

Dit is duidelik dat die Uitvoerende Raad tot 'n mindere of meerdere mate oortuig was dat die gemeente reeds vir 'n geruime tyd van plan was om van die A.G.S. te skeur en dat die aparte fonds van die "Siele vir Christus-kruistog" 'n duidelike voorbereiding vir so 'n skeuring was. Die gemeenteraad het hierdie bewerings egter ten sterkste ontken: "Snaakse gerugte het nou die rondte gedoen van 'n nuwe beweging wat aan die gang is en wat tesame met die "Siele vir Christus-kruistog" - sou wil afstig van die Sending .... By daardie tydstip was dit seker iets wat toe die verste van ons gedagtes was, aangesien almal hart en siel gewerk het vir die Sending waarvoor ons baie lief was."[61]

Vroeg in Julie 1958 daag past. G.R. Wessels en past. P.A. Minnaar toe in die Kaap op en begin met hulle ondersoek deur besoeke aan die pastoor en sommige van die gemeenteraadslede. Die ondersoek is afgesluit met 'n vergadering wat hulle op 25 Julie saam met die gemeenteraad gehou het. Die vergadering het agt uur lank geduur - tot half vier die volgende oggend. By die vergadering het die gemeenteraad besluit om

60. Notule van die Uitvoerende Raad, 25/6/58, Boek 20, p. 5129 en 5130.
61. Uit die "Slag van Soutrivier", soos vervat in die hofverslag, volume 1, p. 96.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in lyn te val met dit wat die Uitvoerende Raad van hulle verlang.

Die gemeenteraad het onder andere tot op daardie stadium geweier om die vasgestelde maandelikse bydrae tot die kerk se studiebeursfonds te maak - hulle het beginselbesware teen hierdie fonds gehad. Verder het hulle ook nie 'n Dorkasvereniging vir die susters in die gemeente gehad nie - iets wat ook verpligtend in die A.G.S. is. Ter wille van die vrede het die gemeenteraad toe daardie aand ingestem om oor alles waarin hulle van die Uitvoerende Raad verskil het, hulle samewerking te gee. Die raad het die aand selfs besluit om die "Siele vir Christus-kruistog" te ontbind en die gewraakte afsonderlike fonds vir hulle evangelisasie-aksie te beëindig en alle gelde in die gemeentekas te betaal. Die feit dat die gemeenteraad bereid was om hierdie aparte fonds te staak, dui daarop dat hierdie fonds nie deel was van 'n vooraf plan om van die A.G.S. weg te skeur nie.

Na 'n redelike "warm" vergadering is dit egter in 'n goeie gees afgesluit en die hele raad was onder die indruk dat die ongerymdhede uit die weg geruim is en dat die hele aangeleentheid as afgehandel beskou kan word.

Wat hierna gebeur het, is moeilik te verstaan. Op 19 Augustus besoek die vise-president, past. G.R. Wessels weer die gemeenteraad. 'n Brief word aan die gemeenteraad en een aan die pastoor van die gemeente, past. A.G. Bester oorhandig waarin die besluit van die Uitvoerende Raad vervat is. Die gemeenteraad word in die brief meegedeel dat hulle ontbind word en die gemeente word direk onder die Uitvoerende Raad geplaas. Hulle bankrekening word ook bevries.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die brief aan past. Bester word hy meegedeel dat hy onmiddellik as voltydse werker gesuspendeer word, totdat die ondersoek oor die onreëlmatighede in die gemeente afgehandel is. Hy word ook opgeroep om op grond van sekere klagtes voor die Geestelike Komitee in Johannesburg te verskyn.

Die pastoor en gemeenteraad was ontnugter en verdwaas. Aangesien die raad gevoel het dat die gronde vir so 'n drastiese en gestrenge stap deur die Uitvoerende Raad nie geregverdig en kerkregtelik in orde was nie, het hulle geweier om as ontbind beskou te word en besluit dat hulle sal voortgaan met hulle werksaamhede en terselftertyd regsadvies in die verband inwin.

Voordat daar kortliks na die verdere verloop van die saak gekyk word, kan daar met reg gevra word na die redelikheid en billikheid van die streng stappe wat deur die Uitvoerende Raad geneem is. Wanneer daar met persone gesprek gevoer word wat direk by die aangeleentheid betrokke was, kom 'n mens onder die indruk dat daar meer agter die skerms aangegaan het as wat deur 'n oningeligte buitestander waargeneem sou word. Dat daar persoonlike vetes, botsings en intriges agter die gebeure gelê het, is nie onmoontlik nie.

Vir die gemeenteraad van Soutrivier self was daar geen twyfel oor wat die oorsprong van hierdie "vervolging" was nie. Hulle het dit herlei na die duidelike stand wat die gemeenteraad teen die politiek in die A.G.S. geneem het. Dit was veral na die toetrede van senator G.R. Wessels tot die Parlement en die Werkersraad se goedkeuring daarvan, dat die gemeenteraad op 1 Junie 1956 die volgende besluit geneem het: Dat

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie Raad geen persone wat hulle aktief of deeltyds met party-politieke aangeleenthede bemoei die Woord van die Here in hierdie gemeente sal laat bedien nie."[62]

Die gemeenteraad het ook 'n brief in hierdie verband aan die Algemene Sekretaris van die A.G.S. gestuur.[63] Hierin het hulle hul verontrusting oor die "politieke neigings" in die A.G.S. te kenne gegee, veral deurdat die Werkersraad in 1956 by wyse van 'n meerderheidsbesluit sy seël van goedkeuring op die politieke posisie van die vise-president van die A.G.S., senator G.R. Wessels, geplaas het. Die gemeenteraad was oortuig dat dit hierdie ondubbelsinnige stand was wat hulle geneem het, wat hulle in sekere kringe onbemind gemaak het en wat die oorsaak was van die stappe wat die Uitvoerende Raad in 1958 teen hulle geneem het.

Na die vergadering van 19 Augustus 1958 waartydens die gemeenteraad meegedeel is dat hulle terstond deur die Uitvoerende Raad ontbind word, het hulle nie gras onder hulle voete laat groei nie. Die gemeenteraad het die volgende aand weer vergader en besluit dat hulle die drastiese stappe van die Uitvoerende Raad nie aanvaar nie en dat hulle regsadvies sou inwin. Die aand daarna was 'n vergadering van die hele gemeente gehou waartydens die gemeente oor die toedrag van sake ingelig is en waar die gemeente die optrede van die gemeenteraad goedgekeur het. Aan die anderkant het die gemeente die besluit van die Uitvoerende Raad sowel as hulle hantering van die saak ten sterkste afgekeur. 'n Soortgelyke brief is ook aan die Algemene Sekretaris gestuur.

62. <u>Ibid</u>., p. 94.
63. <u>Ibid</u>., p. 94 - 95.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die feit dat die gemeenteraad geregtelike stappe geneem het en nie die kerkregtelike pad van appél geloop het nie, is te betreur alhoewel daar tog 'n mate van begrip voor kan wees. Die feit van die saak is dat daar kerkregtelike kanale was waarlangs daar appél teen die besluit van die Uitvoerende Raad ingedien kon word.

Die prokureur wat deur die gemeenteraad genader is, het hulle geadviseer dat as hulle van plan is om 'n hofsaak teen die Uitvoerende Raad se besluit te maak, hulle nie as lidmate van die kerk moes bedank of moes terugstaan as lede van die gemeenteraad nie, anders sou hulle hul "locus standi" prysgee.[64] 'n Hooggeregshofsaak is toe aanhangig gemaak.

Op die 14de September 1958 na die preek tydens die oggenddiens, het past. A.G. Bester en sy eggenote 'n dokument in die kerk onderteken waardeur hulle amptelik van die A.G.S. bedank het. Direk daarna (asook tydens die aanddiens) het 'n groot deel van die gemeente (124 lidmate) die dokument ook kom onderteken en as lidmate van die A.G.S. bedank.[65] Feitlik die hele gemeenteraad het terselftertyd 'n tweede aparte dokument van bedanking onderteken.[66] Al verskil was dat hulle bedanking eers vanaf die 31ste Desember 1959 van krag sou word. Die gemeente is egter nie oor die inhoud van die dokument ingelig nie. Die rede waarom die gemeenteraad op hierdie stap besluit het, was om enersyds hulle solidariteit met die pastoor te betuig maar om andersyds in die tussentyd totdat die hofsaak afgehandel is, hulle stand en status as lidmate en gemeenteraadslede van die A.G.S. gemeente Soutrivier te behou. In die hofsaak

64. Uit die hofverslag, Volume 2, p. 204.
65. Uit die hofverslag, Volume 1, p. 112-115.
66. Ibid., p. 134.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat gevolg het, het die kerk daarop aangedring dat die 9 lede van die gemeenteraad wat die dokument onderteken het, nie meer lidmate van die A.G.S. was nie en daarom geen regsgronde gehad het nie. Die slim bewoorde dokument wat hulle in die kerk onderteken het, het hulle egter in die hof in die gelyk gestel.

Reeds op die volgende Sondag, die 21ste September 1958, het past. Bester en die grootste deel van die gemeente wat saam met hom van die A.G.S. bedank het, met dienste begin in die Robinsaal in Observatory as nuwe kerk onder die naam van "Die Pinkster Protestante Kerk". Die gemeenteraad van die gemeente Soutrivier wat pastoor Bester van harte ondersteun het en eintlik die kern van die hele saak gevorm het, was uit die aard van die komende hofgeding verplig om in naam nog as gemeenteraad van die A.G.S. gemeente te fungeer.

Hulle het dan ook gereël vir dienste in die kerk in die volgende weke. Omdat die limate wat nie saam met past. Bester gegaan het nie van hierdie onnatuurlike toedrag van sake bewus was, het hulle nie met die leiding van die gemeenteraad genoeë geneem nie. Op die eerste Sondag daarna (die 21ste September) het van die lidmate bloot opgestaan en die kerkgebou verlaat toe lede van die gemeenteraad voortgaan. Tydens die diens die volgende Sondag (die 28ste) is die diens opsetlik deur sommige gemeentelede ontwrig.

Die gemeenteraad het besef dat dit sinneloos was om met hierdie klugspel voort te gaan en daar is besluit dat geen dienste verder in die kerk gehou sou word nie. Geeneen van die oorblywende lede van die gemeenteraad het egter die raad óf die A.G.S. bedank nie. Die onnatuurlike toestand sou vir 'n hele aantal maande duur. In die tyd wat die A.G.S. gemeente daar geen dienste gehad het nie, was die lede van die gemeenteraad vir alle praktiese doeleindes lidmate van die nuwe Pinkster

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Protestante gemeente van past. Bester. Hulle het die dienste daar bygewoon, hulle geldelike bydraes daarheen gekanaliseer, ens. Hulle het egter eers na die hooggeregshof uitspraak die A.G.S. amptelik bedank en by die nuwe kerk aangesluit.

Die hofsaak het oor 'n aantal maande gestrek en uitspraak in die Kaapse Hooggeregshof is uiteindelik op 8 Oktober 1959 deur regter J. Bloch gelewer. Die uitspraak was volkome in die guns van die nege lede van die gemeenteraad van Soutrivier en teen die A.G.S. van Suid-Afrika. Die regter het bevind dat die Uitvoerende Raad ultra vires gehandel het deur die gemeenteraad te ontbind en die rekening van die gemeente by die bank te bevries.[67] Die hof het ook gesê dat die gemeenteraad heeltemal verantwoordelik was in hulle besteding van hulle fondse en dat daar niks onreëlmatig teen hulle uitgewys kan word nie.[68] Die A.G.S. moes ook die hofonkostes betaal. Na die hofuitspraak, het die nege lede van die gemeenteraad as lidmate van die A.G.S. bedank, aangesien hulle in hul doel geslaag het. Hulle het dan ook lidmate van die nuutgestigte Pinkster Protestante Kerk geword.

Wat was die gevolge van hierdie saak vir die A.G.S? Behalwe dat die kerk feitlik 'n hele gemeente verloor het, was dit eintlik net die dunkant van die wig. Hierdie saak was olie op die vuur vir talle lidmate en ook 'n aantal pastore van die A.G.S. in die Kaap en ook reg deur die land. Soos duidelik uit die voorafgaande gedeelte van hierdie hoofstuk afgelei kan word, was baie lidmate van die A.G.S. op daardie stadium ongelukkig en ontevrede met sekere toestande en tendense in die kerk. Diesulkes se simpatie het in hierdie saak nie by die kerk gelê nie. Toe 'n pastoor en 'n aantal lidmate dus die stap neem om van die kerk weg te gaan, het baie ander die voorbeeld gevolg. Net in die Kaap alleen het 'n

67. Uit die hofverslag, Volume 2, p. 313 en 314.
68. Ibid., p. 316.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hele aantal gemeentes van die Pinkster Protestante Kerk feitlik oornag tot stand gekom, gemeentes wat aanvanklik hoofsaaklik uit ontevrede A.G.S. lidmate saamgestel is. Dieselfde het gebeur in verskillende ander dele van die land. Die uitslag van die hofsaak in die Kaap was ook 'n morele oorwinning wat 'n hupstootjie aan die nuutgestigde Pinkster Protestante Kerk gegee het.

## 13.4 Was daar enige leerstellige faktore?

Enkele persone[69] wat met die Pinkster Protestante Kerk se skeuring die A.G.S. verlaat het, het in latere jare beweer dat daar ook leerstellige verskille betrokke was as een van die hoofredes van die skeuring. Voordat daar by moontlike leerstellige faktore stilgestaan word, moet daar eers 'n oomblik gewy word aan die reperkussies wat die eie geloofsbelydenis van die A.G.S. in 1957 meegebring het.

In die vyftiger jare het die behoefte in die A.G.S. ontstaan om sy leerstellings breedvoerig op skrif te stel. 'n Versoek in die verband is alreeds aan die begin van 1956 deur die Wes Rand distrik by die Uitvoerende Raad ingedien.[70] Die saak is toe na die Geestelike Komitee verwys. Op 5 Desember 1957 word die A.G.S. se algemene belydenisskrifte dan gepubliseer waaronder drie van die oudste belydenisse van die Kerk, nl. die Apostoliese Geloofsbelydenis, Nicea en dié van Athanasius. Daarmee saam was ook die reeds genoemde verwerking van die Nederlandse

69. Hier moet in die besonder die naam genoem word van past. J.J. Cornelius. Alhoewel hy nie die leidende rol gespeel het by die skeuring nie, was hy later 'n paar keer as voorsitter van die Federale Raad van die Pinkster Protestante Kerk verkies.

70. Notule van die Uitvoerende Raad, 27/1/56, Boek 16, p. 4186.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geloofsbelydenis, genaamd die Algemene Geloofsbelydenis van die Apostoliese Geloof Sending van S.A.

Die verkryging van hierdie amptelike geloofsbelydenisse deur die A.G.S. is deur sommige van die ontevredenes gesien as 'n minagting en verwerping van die besluit van die Werksraad van 1955. Dié mosie het o.a. gelui: "... dat ons die gedagte om die mislukte kerklike vorms, tradisies en ideologieë van ander godsdienstige organisasies by hierdie Pinksterbeweging in te voer, verfoei en verwerp."[72]

Daar was nie net besware teen die inbring van 'n geloofsbelydenis as sodanig nie, maar ook teen enkele van die leerstukke wat daarin vervat is. So bv. het past. J.J. Cornelius in sy amptelike hoedanigheid as voorsitter van die Federale Raad van die Pinkster Protestante Kerk gesê dat hy nie saamstem met die konsep van die Drieëenheid soos saamgevat in die geloofsbelydenisse van Nicea en Athanasius nie - twee van die amptelike belydenisse van die A.G.S.[73]

Die grootste enkele leerstellige faktor egter wat deur past. J.J. Cornelius voorgehou word as een van die belangrikste oorsake vir die skeuring, gaan oor Joh. 3:5 en die plek van die doop in saligheid. Volgens past. Cornelius was dit al die jare die siening van die A.G.S. dat die "water" van Joh. 3:5 op die doop sien en dat die doop 'n noodsaaklikheid en 'n voorwaarde is vir saligheid.

Aangesien daar oor hierdie saak in die A.G.S. nie altyd volkome eenstemmigheid was nie, gee die kerk in Maart 1954 amptelik uitspraak hieroor: "Die leer van die Doopswedergeboorte (Baptismal Regeneration) word as 'n dwaalleer verwerp en dat dit verkeerde Skrifuitleg is om dit

72. <u>Ibid</u>.
73. <u>Ibid</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Joh. 3:5 af te lei."[74] In die uitspraak word verder gesê dat doop nie as 'n voorwaarde vir saligheid gestel kan word nie. Ook dat die woord "water" in Joh. 3:5 hom tot verskillende vertolkings verleen waarvan die waarskynlikste is dat die "water" dui op die natuurlike geboorte. Volgens past. Cornelius was dit 'n direkte afwyking van die A.G.S. se tradisionele siening en deel van die poging van daardie jare om die A.G.S. meer aanvaarbaar vir die Ned. Geref. Kerk te maak.[75]

Hierdie oortuiging van past. Cornelius hou egter nie water wanneer na hierdie saak in die lig van die geskiedenis gekyk word nie. Dit is so dat daar van vroeg af in die A.G.S. persone was wat 'n siening oor die doop gehandhaaf het wat kon deurgaan as doopswedergeboorte. Dit was egter die standpunt van 'n minderheid en was nooit die amptelike standpunt van die A.G.S. nie.

Die dispuut oor hierdie saak gaan so ver terug as 1920. By 'n spesiale Werkerskonferensie te Bloemfontein is hierdie saak bespreek aangesien 'n aantal van die werkers baie beslis daaroor was dat 'n mens nie hemel toe kan gaan as jy nie gedoop is nie.[76] Die mees prominente persone en leiers van daardie tyd in die A.G.S. het die doop egter nie as 'n absolute voorwaarde vir die hemel gesien nie. Na 'n debat oor die saak wat byna twee dae geduur het, is daar tot die volgende besluit gekom: "Resolved that this meeting of Apostolic Ministers and members are agreed, after a careful consideration of the Word of God, that Water Baptism is not regeneration, regeneration being the work of the Holy Spirit, but water baptism being a command of God to His born again child is very necessary (sic)."[77]

74. *Ibid*., (Omsendbrief van die Geestelike Komitee, 1/3/54).
75. Persoonlike onderhoud, past. J.J. Cornelius.
76. Notule van die Spesiale Werkerskonferensie te Bloemfontein, 4/8/20, Boek I, p. 419-421.
77. *Ibid*.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By genoemde vergadering is Joh. 3:5 ook ter sprake gebring, maar dit is reeds daar baie sterk beklemtoon dat die "water" van Joh. 3:5 nie op die waterdoop sien nie.[78]

Tydens die Werkerskonferensie van 1926 het hierdie saak weer heelwat aandag geniet: "The subject of 'water baptism' and 'Baptismal Regeneration' was productive of much discussion, the result being that, while baptism was recognized as a necessary result of regeneration, it could not possibly be contributory to regeneration."[79]

Dat hierdie onderwerp 'n saak was wat in daardie vroeë dae redelik woelinge veroorsaak het, word verder duidelik deurdat dit weer by die 1928 Werkerskonferensie bespreek word.[80] Ook hier is daar sterk standpunt teen die leer van doopwedergeboorte geneem en is die besluit van die 1920 konferensie herbevestig. Veral opmerklik is die rol wat die president, br. P.L. le Roux in hierdie bespreking gespeel het.

Dit blyk dus duidelik dat daar veral in die vroeë jare van die A.G.S. verskil van mening oor hierdie saak was, maar dat die kerk hom herhaaldelik amptelik teen enige vorm van doopswedergeboorte uitgespreek het asook teen die gebruik van Joh. 3:5 as ondersteuning van sodanige siening. Past. Cornelius beweer dus verkeerdelik dat die A.G.S. tradisioneel die doop as 'n voorwaarde tot saligheid gesien het.

Volgens die persone wat ten nouste by die skeuring betrokke was en om wie die skeuring eintlik gegaan het, was daar geen leerstellige

78. Ibid.
79. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 30 Maart - 2 April 1926, Boek 4, p. 918.
80. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 3-5 April 1928, Boek 4, p. 1025-1026.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

faktore by die skeuring betrokke nie.[81]

Die volgende opmerkinge van past. George Snyman in hierdie verband is sprekend: "Ons het nooit van die A.G.S. afskeid geneem a.g.v. enige verskille in Geloofsbelydenis nie .... Daar was nooit so iets dat ons weggegaan het van die A.G.S. omdat ons 'n ander geestelike insig gehad het nie.... Ek moet dit baie duidelik sê dat die skeuring absoluut nie gegrond was op enige Skriftuurlike verskille wat sou bestaan het nie... Die mense was nie bekommerd oor daardie leerstellige klein geskilletjies en insigte nie... Dit was nooit voor die mense of voor die Federale Raad genoem nie. Die Federale Raad het nog nooit eers daaroor 'n uitspraak gegee nie. Dieselfde geld vir Joh. 3:5. Nog al die jare gaan ons aan soos die Apostoliese Geloofsending aangegaan het. Die prediking oor 'n bekering, doop en die doop in die Heilige Gees het presies onveranderlik in ons kerk gebly tot vandag toe .... Joh. 3:5 is nooit opgehaal as 'n rede om van die A.G.S. weg te gaan nie. Tot vandag toe weet die grootste deel van die Pinkster Protestante Kerk nie eers van die saak nie."[82]

Die saak van leerstellige verskille en veral die kwessie van die doop en saligheid (Joh. 3:5) blyk dus 'n persoonlike saak van past. Cornelius te wees, veral in die lig van sy doopsbeskouing nl. dat jy nie weergebore is as jy nie gedoop is nie en dat doop 'n voorvereiste is om hemel toe te gaan - hy huiwer egter om van sy beskouing as doopswedergeboorte te praat. Dit wil lyk dat die sg. leerstellige faktore en veral Joh. 3:5 eers later gesoek en versin is om die voortbestaan van die Pinkster Protestante Kerk te regverdig. Dit lyk veral waar in die lig van die feit dat die twee hoofoorsake van die skeuring, die "ordestryd"

81. Persoonlike onderhoude, Senator G.R. Wessels en past. George Snyman.
82. Persoonlike onderhoud, past. George Snyman.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die politiek in die kerk, nie lank na die skeuring uit die weg geruim is en dit nie langer meer as regverdiging vir die bestaan van die Pinkster Protestante Kerk gebruik kon word nie.

## 13.5 Posjagtery

Die hoofredes vir die skeuring wat tot dusver in hierdie hoofstuk genoem is, word tot 'n mindere of meerdere mate deur A.G.S. lidmate uit daardie tyd erken. Daar is egter ook diegene wat beweer dat al die redes wat aangevoer word as oorsake van die skeuring nie die oorspronklike rede vir die skeuring was nie. Dit was maar net bygehaal en aangegryp om die eintlike motief te versterk. Hierdie oorspronklike oorsaak of aanleiding tot die skeuring moet dan eintlik gesoek word in persoonlike vetes en posjagtery.

Alhoewel meer as een persoon hierby betrokke sou wees, word daar veral na past. J.H. (George) Snyman verwys. Hy was die hooffiguur, die siel van die skeuring. Dit word deur sommiges beweer dat hy persoonlike aspirasies en ambisies gehad het om die algemene sekretaris van die kerk te word en toe hy nie tot die amp verkies is nie, het hy die skeuring aan die gang gesit.

Op hierdie aantygings antwoord past. Snyman soos volg: "Die skeuring was nie na so 'n verkiesing nie. Hierdie aantygings kan toegeskryf word aan 'n soeke na motivering om die eintlike sake te bedek: die politiek of die kerklike orde. Met enige sodanige saak word maar probeer om 'n indiwidu die sondebok te maak en af te takel om sodoende die ander sake te bedek."[33]

33. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die feit van die saak is dat past. J.H. Snyman 'n besondere sterk en begaafde persoon en 'n dinamiese en charismatiese leier was. Hy het ook oor buitengewone organisatoriese en administratiewe vermoëns beskik. Talle van sy destydse kollegas in die A.G.S. was daarvan oortuig dat hy wel mettertyd die algemene sekretaris van die A.G.S. sou word.

## 13.6 Onafhanklike persoonlike faktore

Die redes wat oor die algemeen as die hoofoorsake van die skeuring beskou word, is reeds genoem. Daar is egter in enige kerk op enige stadium persone wat weens uiteenlopende persoonlike redes ontevrede en onvergenoeg is. Dit kan sonder twyfel aanvaar word dat die 1958 skeuring (soos enige ander kerklike skeuring in die geskiedenis) 'n geleentheid gebied het om van die A.G.S. weg te kom weens redes wat persoonlik was en nie in die eerste plek a.g.v. die hoofredes nie: "Daar was baie bykomstige en dingetjies wat saam met die eintlike saak gevloei het. Die skeuring het party mense gepas, om uiting te gee aan hulle gevoel. Jy het in enige kerk te enige tyd 'n sekere element wat vatbaar is vir ontevredenheid en toe die skeuring kom, het dit natuurlik die saak by baie wakker en ryp gemaak - dit het baie mense gepas."[84]

Dit kan met stellige sekerheid aanvaar word dat 'n redelike persentasie van die A.G.S. lidmate wat met die Pinkster Protestante Kerk skeuring saamgegaan het (en enkeles wat vandag nog oorgaan) uit bg. element bestaan.

84. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 13.7 Die ampsonderneming

Teen Augustus van 1958 was dit duidelik dat die dreigende wolke van 'n naderende skeuring oor die A.G.S. gehang het. Al hoe meer pastore het hulle stemme in ontevredenheid laat opgaan weens een of meer van die bg. redes. Die Uitvoerende Raad het die groeiende ontevredenheid opgemerk en besluit om in die situasie 'n spesiale ampsonderneming aan elke pastoor te stuur vir ondertekening.[85]

Dit was toe reeds vir jare die praktyk dat alle pastore met die aanvang van hulle bediening so 'n indiensnemingsooreenkoms of ampsonderneming onderteken. In die gebruiklike ooreenkoms het ondere andere gestaan dat hulle onderneem om hulle te onderwerp aan die Woord van God.

Behalwe dat hierdie nuwe ampsonderneming wat aan die begin van September 1958 deur die pastore ontvang is op 'n baie sensitiewe tyd verskyn het, is daar van die pastore verwag om hulle te onderwerp aan die Skrif <u>en</u> aan die leerstellings van die A.G.S. van S.A. soos dit uitdrukking vind <u>in sy Belydenisskrifte</u>. Enige pastoor wat sou weier om dit te onderteken sal nie langer in die bediening kan bly nie.

Soos reeds gesien, was die leerstellings van die A.G.S. vir die meeste pastore nie die probleem nie, maar wel die feit dat dit een van die Belydenisskrifte van die Calvinistiese kerke is wat met geringe wysigings deur die A.G.S. aanvaar is. Die ondertekening van so 'n dokument het vir sommige gevoel soos verraad teen Pinkster en 'n definitiewe poging om die A.G.S. in 'n "nuwe orde" in te forseer. Daar is gevoel dat dit 'n direkte verbreking en minagting was van die besluit van die Werkersraad van 1955 soos vroeër in die hoofstuk genoem.

85. Notule van die Uitvoerende Raad, 5 en 6 Augustus 1958, Boek 20, p. 5135.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel hierdie vrese en besware vandag as ongegrond afgemaak kan word, moet dit gesien word in die sentimentele en emosionele konteks van daardie tyd. Hierdie ampsonderneming wat aan 'n eed herinner het, is deur die ontevredenes die "Rooi Eed" genoem en was beskou as 'n vermetele en desperate poging om hulle teen wil en dank aan die A.G.S. vas te bind. Die verpligte ondertekening van hierdie dokument word deur die betrokkenes as die eintlike en finale oorsaak van die skeuring beskou.[86] Hulle het dit gesien as 'n rewolwer wat teen hulle kop gehou is.

Inderdaad was dit dan ook die vonk in die kruitvat. Dit was die sneller wat die skeuring ontketen het. Daarna het dinge vinnig gebeur. Elf pastore het geweier om die ampsonderneming te teken, wat daarop neerkom dat hulle die kerk bedank het. Agt dae nadat die ampsonderneming die pastore bereik het, op die 10de September, is die eerste van 'n aantal skeuringsvergaderings gehou.

Alhoewel hierdie ampsonderneming waarskynlik die deurslaggewende van 'n reeks faktore tot die skeuring was, moet daar tog ook begrip vir hierdie stap van die Uitvoerende Raad wees. Die onsekerheid wat op daardie stadium in die A.G.S. was en die blyke dat daar van sy pastore was wat nie langer met die A.G.S. wou of kon saamgaan nie, in kort, die dreigende wolk van 'n skeuring, het die Uitvoerende Raad genoop om hierdie stap te neem. Daar is egter ook diegene wat reken dat die stap vermy kon word as daar 'n groter gesindheid van verdraagsaamheid, tegemoetkoming en begrip geopenbaar is.

86. Persoonlike onderhoude, pastore J.J. Cornelius J.H. Snyman en J.V. Henning.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 13.8 Die skeuringsvergaderings[87]

Toe die gedagte aan 'n skeuring nou finaal in die harte van 'n aantal manne posgevat het, is daar begin om op verskillende plekke vergaderings te hou. Die doel hiervan was om die wat ontevrede was onder die pastore en lidmate van die A.G.S. saam te snoer en voor te berei vir die stigting van 'n nuwe kerk.

Soos reeds genoem is die eerste vergadering op 10 September 1958 in die A.G.S. pastorie in Orkney gehou. Daar was twaalf pastore teenwoordig. Gedurende die volgende maand of wat is daar op verskillende plekke (o.a. op Kroonstad, Benoni en Bloemfontein) vergaderings gehou. Daar is ook talle kleiner vergaderings gehou om ondersteuners te werf.

Die ampsdraers en sommige Uitvoerende Raadslede van die A.G.S. het probeer om soveel as moontlik van die vergaderings by te woon om sodoende perspektief aan sake te probeer gee en te red wat te redde was. Talle lidmate en enkele pastore wat die skeuring wou meemaak is oortuig om te bly nadat hulle oor al die feite ingelig is en a.g.v. die versoenende optrede van sommige leidende pastore van die kerk. Al die vure kon egter nie doodgeslaan word nie. Die vergaderings het soms heel emosioneel verloop en die gemoedere het partykeer ook hoog geloop.

Die finale skeuringsvergadering was die een wat te Bloemfontein gehou is. Persone van oor die hele land was daar teenwoordig. By hierdie vergadering het die stigting van die Pinkster Protestante Kerk sy beslag gevind. Toe die oproep van die voorsitter uitgaan dat die pastore

87. Persoonlike onderhoude, pastore G.R. Wessels, J.T. du Plessis, J.J. Cornelius en J.V. Henning.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat ten gunste van die stigting van 'n nuwe kerk is, moet opstaan, het elf opgestaan. Enkeles het later nog oorgegaan.

## 13.9 Versoekskrif

Tydens 'n vergadering wat die ontevredenes op 25 September 1958 te Kroonstad gehou is, is 'n versoekskrif opgestel wat voor die Uitvoerende Raad moes dien. Hierdie versoekskrif is beskou as 'n finale poging van die kant van die ongelukkiges om 'n breuk in die A.G.S. te voorkom. Die volgende belangrike versoeke is o.a. hierin aan die Uitvoerende Raad gerig:[88] Dat die Uitvoerende Raad en die Geestelike Komitee binne 72 uur moes vergader om die ernstige ontwrigting van die gemeentes in die Kaap en die groot ontevredenheid in die harte van die werkers en lidmate te bespreek. Hierdie versoek het natuurlik veral betrekking op die gebeure in Soutrivier. Die vonnis op Soutrivier se gemeenteraad en pastoor moes ook onmiddellik opgehef word.

Dit word ook in hierdie geskrif gevra of dit voordelig is vir die Koninkryk van God dat voltydse werkers aan partypolitiek deelneem. Verder ook dat die Uitvoerende Raad 'n spesiale Werkerskonferensie saamroep om ten alle koste 'n versoening tussen die pastore te bewerkstellig, die probleme te bespreek en sodoende die eenheid in Christus te probeer behou.

Alhoewel hierdie versoek dringend en miskien ietwat dwingend was, het dit tog duidelik daarop gedui dat die broeders nie ten alle koste wou skeur nie maar 'n oplossing wou probeer bewerkstellig.

88. Gegewens verkry van past. J.J. Cornelius.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 'n Uitvoerende Raadsvergadering wat agt dae later gehou is, is die volgende besluit met betrekking tot hierdie versoekskrif geneem:

"1. Dat die volgende broederlike en Christelike tegemoetkoming betoon word aangesien die saak nie op wetlike gronde kan behartig word nie. Ons maak 'n beroep op al ons mense om kalm te bly en die gees van eenheid en Christelikheid te bewaar en nie hul gemoedere te laat ontrus nie."

"2. Die Uitvoerende Raad voel jammer om te verneem dat daar 'n gevoel van ongelukkigheid bestaan, maar om verskeie tegniese en praktiese redes kan ons nie op die versoek van 26 pastore gunstig reageer nie, maar sal 'n verklaring uitreik oor hoe ons voel en die redes aantoon waarop daar gehandel is.

Die kanale sal duidelik geskets word waarop enige persoon se griewe en klagte ter tafel kan gelê word vir die nodige aandag en behandeling. Ons beloof om enige billike klagte wat op die regte wyse ingestuur word simpatiek te behandel."

"3. Die Uitvoerende Raad neem met ontsteltenis kennis van die vorming van groepies van dieselfde gesindheid waar bandopnames gespeel word wat die mense verontrus of opstook, want dit verbreek die gees van eenheid en sodoende word die werk van God geskaad, en daarom verbied ons dit."[89]

Sommige van die leidende lede van die Uitvoerende Raad was blykbaar nie baie geneë om die sake wat in die versoekskrif genoem is verder

89. Notule van die Uitvoerende Raad, 3/10/58, Boek 20, p. 5157 en 5158.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te bespreek nie. Ander voel weer dat die skeuring tog moontlik verhoed kon word as daar 'n meer simpatieke oor aan die ontevredenes verleen was en daar wel aan die eise van die versoekskrif toegegee is sodat hulle met die ontevredenes om die tafel gaan sit en die saak uitgepraat het.

## 13.10 Die amptelike ontstaan van die Pinkster Protestante Kerk

Daar is vroeër in die hoofstuk daarop gewys dat past. A.G. Bester wat pastoor van die A.G.S. gemeente Soutrivier was, reeds van die einde van September met aparte dienste in die Kaap begin het. Die amptelike ontstaansdatum van die Pinkster Protestante Kerk is egter 10 Oktober 1958 en op die 16de Desember 1958 is die konstitusie in Kaapstad opgetrek. Hulle het aanvanklik begin met elf pastore en 1 755 lidmate wat van die A.G.S. af oorgegaan het.[90] Past. J.S. (Hannes) Labuschagne is as die eerste voorsitter van die Federale Raad gekies.

Onmiddellik na die stigting van die nuwe kerk, het predikers orals in tente begin dienste hou. Dit was aanvanklik nodig aangesien die A.G.S. se sentrale kerkregeringstelsel verseker het dat hy geen verlies aan eiendom het nie. Die Pinkster Protestante Kerk moes dus van onder af begin. Spoedig is op verskillende plekke eiendom aangekoop en kerke gebou, aangesien hulle spoedig uitgevind het dat die werk begin verbrokkel as jy te lank in 'n tent moet kerkhou.

Behalwe vir die tente op verskillende plekke waarin gemeentes saamgekom het, is daar ook 'n baie groot tent (een van die grootstes op daardie stadium in S.A.) aangekoop waarin groot veldtogte op verskillende plekke gehou is.

90. Gegewens verkry van past. J.J. Cornelius.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 13.11 Reaksie van die A.G.S.

Na die skeuring het die Uitvoerende Raad van die A.G.S. dadelik sekere stappe geneem om die kerk soveel as moontlik te beskerm. Daar word besluit ..... "'.... dat die Trustees alle moontlike stappe neem:

1. Om die Sending te vrywaar teen die rondskrywe van kwaadwilliges om mense te verontrus, ens.
2. Om besittings van die A.G.S. terug te kry van diegene wat van die Sending afskeur.
3. Dat elke gemeente waar die pastoor afskeur se boeke aan hoofkantore geouditeur word en alle nodige stappe geneem word waar afwykings voorkom."[91]

Behalwe vir hierdie beveiligingsmaatreëls is daar ook sekere stappe geneem om sake in die A.G.S. weer te konsolideer en enige onrus of onsekerheid uit die weg te ruim. So besluit die Uitvoerende Raad op die volgende optrede:

1. "Brosjure sal uitgegee word waarin die saak behandel word.
2. Voorligtingsbrief sal aan pastore en gemeentes gestuur word.
3. Groot Evangeliedienste sal in groot sentra gehou word.
4. Die aankweking van Kerktrots word beoog: Boeke oor die A.G.S. ens. moet uitgegee word.
5. Hele aangeleentheid van politiek moet in heroorweging geneem word deur Geestelike Komitee."[92]

Ten opsigte van die Pinkster Protestante kerk self was die Uitvoerende Raad aanvanklik baie negatief. Dit blyk duidelik uit onder

91. Notule van die Uitvoerende Raad 13/11/58, Boek 20, p. 5165.
92. Notule van die Uitvoerende Raad 16/1/59, Boek 20, p. 5155.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



andere die volgende besluit: "Besluit ..... dat op die aanbeveling van die Geestelike Komitee, die Uitvoerende Raad nie die Pinkster Protestante Kerk as 'n kerk erken nie."[93] Ook teenoor die pastore wat bedank het, is streng opgetree: "Besluit ... dat almal wat die Sending verlaat het of verlaat .... nie geregtig is op enige pensioen nie."[94]

## 13.12 Die gevolge van die skeuring vir die A.G.S.

Die skeuring het die A.G.S. tot in sy hart getref. Soos genoem, was daar sekere hoofredes waarom lidmate bedank het. Ander het om 'n duisternis persoonlike redes saamgegaan - die skeuring het hulle gepas. Daar was toegewyde lidmate van die A.G.S. wat met ernstige motiewe oorgegaan het met die gedagte dat hulle daar 'n dieper lewe in Christus sou verkry.

Vir 'n tyd lank was daar groot reperkussies in die A.G.S. In baie gevalle het die skeuring families en gesinne verdeel. Die aardigheid van 'n kerkskeuring het nie net in die kerk nie maar ook in die buitewêreld opslae gemaak.

Enersyds is dit 'n tragedie dat daar so 'n skeuring onder die Pinksterwerk in Suid-Afrika plaasgevind het. Vanuit die oogpunt van die Pinsterbeweging is dit egter nie net negatief nie. Dit is tog so dat die Pinkster Protestante Kerk mense bereik wat nie sommer deur die A.G.S. bereik sou word nie.

Die aanvanklike getal pastore en lidmate wat die A.G.S. verlaat het, is reeds genoem. In die maande wat na die skeuring gevolg het, het nog baie lidmate en ook nog enkele pastore na die Pinkster Protestante Kerk oorgegaan. Op die lang-duur sou die A.G.S. tog nie so veel lidmate verloor nie. Kerklike statistieke dui daarop dat heelparty van die lid-

93. Notule van die Uitvoerende Raad 20/1/59, Boek 20, p. 5191.
94. Notule van die Uitvoerende Raad 9/12/58, Boek 20, p. 5174.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mate wat die A.G.S. verlaat het, na 'n tyd weer teruggekeer het. Die volgende opmerking oor 1961 se statistieke (drie jaar na die skeuring), is sprekend: "Volgens die verslag van die Algemene Sekretaris is daar 'n rekord aantal persone in die afgelope jaar gedoop ..... Daar het ook byna tweemaal soveel van ander Pinksterbewegings na die A.G.S. oorgekom, as wat daar uit ons geledere bedank het."[95]

Hierdie en nader gegewens dui duidelik daarop dat die A.G.S. nie 'n onoorkomelike terugslag met die skeuring beleef het nie. Dit lyk trouens of die A.G.S. in vele opsigte 'n tyd van besondere groei binnegegaan het in die jare wat onmiddellik op die skeuring gevolg het.[96]

Daar sal nie hier ingegaan word op die ontwikkeling van die Pinkster Protestante Kerk tot op hede nie. Genoeg om te sê dat alhoewel hulle 'n eie karakter ontwikkel het en daar ietwat van 'n aksentverskil in die liturgie is, die ooreenkoms met die A.G.S. in vele opsigte onuitwisbaar is.

Daar is diegene wat reken dat die gronde vir die aparte bestaan van die Pinster Protestante Kerk nie meer daar is nie, aangesien die oorsake van die skeuring in die A.G.S. uit die weg geruim is. Die A.G.S. se gesindheid teenoor die Pinster Protestante Kerk het met die jare baie verander. Daar is vandag 'n groot openheid en goeie gesindheid van broederskap jeens die Pinkster Protestante Kerk. Die gedagte aan hereniging met die A.G.S. is egter in die verlede deur sekere leiers van die Pinkster Protestante Kerk teengestaan. Gedurende die afgelope aantal jare het talle pastore van die Pinkster Protestante Kerk by die A.G.S. aansoek gedoen om opgeneem te word. In die geheel gesien is daar egter 'n positiewe broederlike gees en gesindheid tussen hierdie twee Pinksterkerke.

95. **Trooster**, Mei 1962, p. 3.
96. **Trooster**, Augustus 1960, p. 7.
**Trooster**, Junie 1962, p. 15.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 14

## DIE A.G.S. EN ANDER KERKE

In hierdie hoofstuk word daar na die belangrike ontwikkeling van die verhouding tussen die A.G.S. en ander kerke gekyk. Die klem sal hoofsaaklik val op die verhouding met die Ned. Geref. Kerk en die Volle Evangelie Kerk. Die gesindheid van hierdie kerke teenoor die A.G.S. sal uit die aard van die saak ook ter sprake kom. Daar sal ook na die A.G.S. se ekumeniese verhouding met Pinksterkerke wêreldwyd gekyk word.

Dit is miskien nodig om op hierdie stadium weer daarop te wys dat daar gedurende die eerste paar dekades van die A.G.S. se bestaan 'n redelike sterk anti-kerk gevoel was. Veral teenoor die tradisionele historiese kerke was daar 'n mate van antagonisme en agterdog - die redes daarvoor is reeds in 'n vorige hoofstuk vermeld.

Sedert br. P.L. le Roux in 1913 president van die kerk geword het, is daar egter telkens van amptelike syde standpunte geneem teen simptome van sektariese eksklusiwisme. Dat die A.G.S. nie prinsipieel en amptelik teen ander kerke gekant was of hulle wou beveg nie, word bv. duidelik uit 'n vermaning wat in die kerkblad van 1921 verskyn het: "Het is tot onze kennis gekomen, dat sommige verkeerdelik prediken tegen andere kerken en predikanten. Laat al onze leden sich wachten van zulks te doen. Als u niet kunt instemmen met andere kerkleren en gebruiken,

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bidt voor hen, en past op uw eigen zaken. Predikt Christus en dien gekruisigd. Staat voor de volle waarheid van God als geopenbaard in Zijn woord zonder allen rondom u heen te veroordelen. Als gij meer licht hebt ontvangen dan anderen, laat dan uw licht schijnen voor de mensen .....
Zie liever toe, dat uw leven een aanbeveling is van waarvoor gij staat."[1]

Ten spyte daarvan dat daar by verskillende geleenthede en wyses gestreef is na beter verhoudings met veral die Ned. Geref. Kerk was daar tog dikwels spanning en konfrontasie tussen dié twee kerke. Daar sal eerstens na die verhouding tussen hierdie twee kerke gekyk word.

## 14.1 Die A.G.S. en die Ned. Geref. Kerk

Van die staanspoor af het die A.G.S. en die Ned. Geref. Kerk met mekaar te doen gehad - alhoewel die wedersydse betrokkenheid nie altyd positief was nie. Die redes vir hierdie betrokkenheid en kontak is ooglopend en daar is ook al reeds in 'n vorige hoofstuk daarna verwys. Hier kan net weer genoem word dat die Ned. Geref. Kerk sedert die ontstaan van die A.G.S. by verre die grootste voedingsbron van die A.G.S. was - deels omdat die Ned. Geref. Kerk die grootste kerk in S.A. is en deels omdat hy in sekere opsigte nader aan die A.G.S. is as meeste van die ander Protestantse kerke.

Die feit dat die Ned. Geref. Kerk deur die jare baie lidmate (en heel dikwels voortreflike lidmate) na die A.G.S. verloor het, was uit die aard van die saak 'n voortdurende bron van ergenis en frustasie. Die

1. Trooster, Junie 1921, p. 12.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



negatiewe publisiteit wat die A.G.S. van die begin af van Ned. Geref. Kerk ontvang het (daar sal weldra na gekyk word) sowel as die behandeling wat baie lidmate ontvang het wat na die A.G.S. oorgekom het, het meegewerk dat sommige lidmate en ook predikers in die A.G.S. veral in die beginjare 'n redelike negatiewe dunk van die Ned. Geref. Kerk gehad het en ook nie geskroom het om hulle gevoelens en besware bekend te maak nie.

Dit is interessant dat John G. Lake self redelik skerp was in sy kritiek teen die Ned. Geref. Kerk. In die reeds vermelde disputasie tussen hom en ds. S.J. du Toit te Somerset-Oos, het hy onder andere die volgende kwytgeraak: "'And He said unto them, take nothing for your yourney, neither staves, nor scrip, neither bread, neither money, neither have two coats apiece.' Oh, my! That is not much like your modern preachers. To-day it means the finest house in town, the highest salary, the smartest carriage and horses. Everybody bows down before this display of so much worldly pomp and temporal greatness! These are some of the reasons why the Church has lost spiritual power and stands impotent in the presence of sickness and suffering."[2]

In dieselfde disputasie[3] waar daar oor Goddelike genesing gepraat is, het hy die Ned. Geref. Kerk ook daarvan beskuldig dat hy nie reg laat geskied het aan dr. Andrew Murray nie. Volgens Lake is Murray se boek oor Goddelike genesing aan sirkulasie onttrek en was dit in geen boekkamer beskikbaar nie, omdat die predikante bang was dat hulle lidmate die waarhede van hierdie boek in hulle lewens sou begin toepas. Lake het verder ook verwys na die behandeling wat P.L. le Roux van die Ned. Geref. Kerk ontvang het veral nadat hy die waarheid aangaande Goddelike genesing

2. Comforter, Oktober 1910.
3. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanvaar het. Alhoewel hulle nie die suiwerheid van sy leer of lewe kon betwis nie, het hulle dit vir hom onmoontlik gemaak om sy bediening in die Ned. Geref. Kerk voort te sit.

P.L. le Roux het later self ook verwys na die feit dat die lig van sekere waarhede wat vir hom opgegaan het tydens sy bediening in die Ned. Geref. Kerk nie daar welkom was nie en dat hy geen keuse gehad het as om die kerk te verlaat nie.[4]

Dit dien vermeld te word dat daar veral tydens die eerste paar dekades van die bestaan van die A.G.S. dikwels publieke disputasies tussen predikante van die A.G.S. en die Ned. Geref. Kerk gehou is.[5] Hierdie dispute het gewoonlik oor leerstellige verskille gegaan, veral oor die kwessie van die doop - kinderbesprinkeling vs. die doop van gelowiges - aangesien die A.G.S. feitlik van sy ontstaan af tot vandag toe as die belangrikste verteenwoordiger en eksponent van die doop van gelowiges erken word. Hierdie disputasies het seker nie veel bygedra tot beter verhoudinge tussen die twee kerke nie!

Wanneer die notules van die verskillende meerdere vergaderings van die Ned. Geref. Kerk sowel as die kerkblaaie sedert 1908 nagegaan word, is dit baie duidelik dat die ontstaan en opkoms van hierdie nuwe beweging oorwegend negatief begroet is en dat die A.G.S. van meet af 'n doring in die vlees was. Wat veral sal opval is die onwaardige en kwetsende benaminge waarmee die A.G.S. genoem is asook die feit dat talle berigte en verklarings op onjuiste beriggewing en inligting berus het.

4. **Comforter**, June 1916, p. 5.
5. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Oktober 1917, Boek I. p. 149.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar sal hier kortliks gekyk word na die reaksie uit die geledere van die Ned. Geref. Kerk op die ontstaan en voortgang van die A.G.S. Dit val op dat die doen en late van die A.G.S. reeds binne die eerste paar maande na sy ontstaan reperkussies in die Ned. Geref. Kerk gehad het.

Een van die vroegste verwysings na die A.G.S. in die literatuur van die Ned. Geref. Kerk is in Die Kerkbode van November 1908 - kwalik ses maande na die aankoms van Lake en sy geselskap. In die betrokke artikel[6] word die "Valsche Profeten" van die dag bespreek en word daar verwys na 'n sekere "tongbeweging" wat nou sy kop uitgesteek het. Daar word hier spesifiek verwys na een van die leiers van die beweging wat in Vryheid vir mense met verskillende kwale en gebreke sou gebid het en volgens sy rapport sou talle mense dan genesing ontvang het. (In die hoofstuk oor Lake en Hezmalhalch is na hierdie berig van Hezmalhalch vanuit Vryheid verwys.) Volgens die informant van Die Kerkbode in Vryheid sou hierdie rapport van Hezmalhalch egter "leugenachtige berichten" wees en het die mense nie werklik genesing ontvang nie.

Uit die sluitingsrede van ds. J.W.G. Strasheim by die negende sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Zuid-Afrika in Junie 1909 in Pretoria, kom die volgende aanhaling: "Vestig u oog op: Wederdoopery, Spiritualisme, Sabbatarisme, 'Christian Science', Doweyisme, en nu nog ook ten laaste de Tongenbeweging."[7] Interessant uit hierdie aanhaling is dat Wederdopery eerste en die Tongebeweging laaste genoem word. Spoedig sou die A.G.S. egter sinoniem word met die begrip Wederdopers - waarskynlik omdat die A.G.S. die vinnig-groeiendste en weldra die grootste kerk in Suid-Afrika was wat die doop van gelowiges beoefen het.

6. **Kerkbode**, 12 November 1908, p. 590.
7. **Handelingen van de Negende Synode Der Ned. Herv. of Geref. kerk in Zuid-Afrika**, Pretoria, 9 Junie 1909 en volgende dae.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is ook interessant in die lig van die feit dat die doop van gelowiges nie die mees onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging is nie.

In 'n artikel in Die Kerkbode van Desember 1909[8] word die volgende bewerings o.a. oor "De Tongen Beweging" gemaak. Omdat die A.G.S. op daardie stadium die enigste verteenwoordiger van die Pinksterbeweging in Suid-Afrika was, het dit baie duidelik uitsluitlik op die A.G.S. betrekking. In die artikel word die verklaring van 'n aantal Evangeliese Duitse predikante wat "De Pinkster Beweging" ondersoek het en bevind het "dat de beweging uit den Booze is", met instemming weergegee: "Daar niet alleen in Johannesburg maar ook in enkele gemeenten in de Kolonie, omstandvastige zielen verleid zijn geworden, meenen wy dat het van belang is om deze verklaring ook hier te verspreiden."[9]

Die volgende bewerings word dan gemaak: "De zoogenaamde Pinksterbeweging is niet van Boven, maar van Beneden ....... De afschuwelijke verschijnselen, soals op den grond vallen, trekkingen van het gelaat, sidderen, schreeuwen, luid lachen, enz. komen ook nu in de samenkomsten voor. Wij laten in het midden hoeveel daarvan duivelsch en hysterisch is, of tot het gevoelsleven behoort - door God gewerkt zijn zulke verschijnselen zeker niet."

"Wij bidden alle broeders en zusters, ter wille van den Heere en Zijn zaak, welke Satan verderven wil: 'Houdt u verre van deze Beweging.' Die echter onder deze macht geraakt is, make sich los en bidde God om vergeving en verlossing."[10]

8. Kerkbode, 23 Desember 1909, p. 684 en 685.
9. Ibid.
10. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Gedurende die eerste jare na die ontstaan van die A.G.S. is hy dikwels in artikels in Die Kerkbode op soortgelyke wyse bespreek. Onder verskillende benaminge – "Tongebeweging", "Apostoliese Broeders", "Wederdopers", ens. – word die belangrikste leerstellings van die A.G.S. dan vanuit Calvinistiese oogpunt bespreek en aan flarde geskeur en word daar heelparty karikatuurbeelde van die A.G.S. en sy manier van kerkhou voorgehou.[11]

Dit is gewoonlik deur die Ned. Geref. beweer dat dit sy swakke, en meer onstabiele lidmate was wat na die A.G.S. oorgegaan het. In die lig hiervan is die volgende erkenning in die Kerkbode van Julie 1912 tog betekenisvol: "De Apostolische Broeders maakten destyds opgang in de Transvaal en sleepten achter sich ettelijke leden van onze Kerk en onder hen van de vromen onzer gemeenten."[12]

Besware wat dikwels van die kant van die Ned. Geref. teen die A.G.S. gehoor is, was bv.: "Een ding hebben zij gemeen en dat is, zij zijn tegen de kerken gekant en hebben geen goed woord voor de kerk of een predikant."[13] Die anti-kerkgevoel in die A.G.S. kom duidelik in hierdie beswaar na vore. Ook in die volgende aanhaling kom hierdie beswaar duidelik na vore waar daar melding gemaak word van die evangeliste van die "Apostoliese Broeders" in die [illegible] delwerye wat ... "... met onvermoeid ywer hun werk voortzetten, en onze leraars in minachting brengen by onze mensen."[14]

11. So bv. Kerkbode, 24 Augustus 1911, p. [illegible] en Kerkbode, [illegible] Julie 1911, p. [illegible].
12. Kerkbode, [illegible] Julie 1912, p. [illegible].
13. Kerkbode, [illegible], p. [illegible].
14. Acta, [illegible], p. [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Interessante gegewens kom na vore uit die verslag van die "Kommissie insake Sektewese" aan die Sinode van die Vrystaat in 1925.[15] "Omtrent 'n tiental sektes maak propaganda onder die blanke bevolking van die O.V.S. Sommige gedra sig enigsins stil, terwyl andere, soos die Apostole, Sabbatariers en Russelliete aktief en soms listig en fanatiek optree. Dit is moeilik om te sê hoe sterk, wat getalle betref, die verskillende sektes is. Hier volg 'n statistieke tafel aantonende hoedanig verlies die vernaamste sektes aan die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. berokken het:-"

| | Huisgesinne | Lidmate |
|---|---|---|
| Apostole | 217 | 741 |
| Sabbatariers | 26 | 81 |
| Russelliete | 4 | 24 |

Dit is opvallend dat in hierdie situasie soveel lidmate oorgegaan het na die A.G.S. in vergelyking met ander groepe. Die Sabbatariërs wat tweede na die A.G.S. genoem word het kwalik [illegible] persent soveel lidmate as die A.G.S. uit die Ned. Geref. Kerk opgeneem.

By die Vrystaatse sinode van 1928 verklaar die "Kommissie insake Sekteverskynsels" dat die meeste kerkraade die Wederdopers of die Russelliete as die gevaarlikste sekte beskou.[16]

Interessant is die feit dat die Ned. Geref. Kerk die A.G.S. van meet af as 'n sekte beskou het teenoor bv. die Baptiste kerk wat as kerk erken is. In die geskiedenis kom daar enkele gevalle voor waar 'n

15. Acta Synodi, O.V.S., [illegible] Vergadering, [illegible]
16. Acta Synodi, O.V.S., [illegible] Vergadering, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Baptiste gemeente se goeie gesindheid en verhouding met die A.G.S tot sy nadeel gereken is.

Die eerste voorbeeld kom voor in die Kerkbode van 4 Februarie 1924. Daarin beantwoord die redakteur, ds. P.[illegible]. Meiring, die vraag of lidmate van die Ned. Geref. Kerk saam met die Wederdopers mag biduur hou. Sy antwoord was soos volg: "Als de Wederdopers oprechte, eerlike, onbesproken mense sijn, dan kan er toch geen bezwaar zijn tegen het samenbidden met hen. Zij verwerpen geen Sakrament. De Kinderdoop is niet 'n heiliger Sakrament dan de Doop van Volwassenen. Spurgeon verwierp de Kinderdoop, doch wie zou om di reden weigeren om met hom saam te bidden?"[illegible]

Hierdie goedertrou van ds. Meiring het almal egter nie welgeval nie. 'n Verbete vyand van die Wederdopers, ds. [illegible]. van der Walt van Frankfort, het fel hierop gereageer: "Waarde Redakteur, - Ik kan me niet verenigen met uw beschouwing (4 Feb.) dat er toch geen bezwaar sijn kan tegen't samenbidden met de wederdopers. [illegible] past de naam van C.H. Spurgeon, tot stawing hiervan, bezwaarlik. De Wederdopers toch sijn 'n sekte, onze kerk min of meer vyandig gezind, parasieten, die op haar teren, terwyl Spurgeon tot 'n kerk behoorde (de Baptistiese of Doperse) die zover my altans bekend is, de mond niet immer vol had van de salarissen der predikanten, de verloren toestand van de leden der Kerk, enz. Neen, ik houd niet van dat samenbidden met alle handen, waardoor allicht aanleiding kan worden gegeven tot de wanhopige vraag: 'What are we to believe?' en tot de averechtse mening: 'Kerk of sekte, die een is zo goed als de ander'. [illegible] met de kerk [illegible], [illegible] dienen hem ook

[illegible]. De Kerkbode, [illegible]

alle kerkelike voorrechten te worden ontzegd en geen geestelike gemeenschap met hem te worden geoefend."[18]

'n Ander interessante geval was die Baptiste gemeente in Cornelia.[19] Alhoewel 'n sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1925 die Baptiste as kerk erken het, het die Baptiste gemeente in Cornelia die "oortreding" begaan om saam met die "Apostoliese sekte" 'n diens te hou en selfs nagmaal te gebruik. Die Ned. Geref. gemeente van Cornelia wou toe van die sinode weet of hierdie Baptiste gemeente se doop erken kan word. 'n Kommissie van die sinode, (wie se uitspraak deur die sinode aanvaar is), het beslis dat hierdie Baptiste gemeente se doop nie deur die Ned. Geref. Kerk erken kan word nie en dat hulle nog minder as susterskerk erken kan word a.g.v. sekere redes waarvan die belangrikste ongetwyfeld hulle goedgesindheid en gemeenskap met die A.G.S. was. Die A.G.S. was dus as sodanig beskou dat hierdie Baptiste gemeente gepenaliseer en veroordeel is a.g.v. hulle goeie en broederlike verhouding met die A.G.S.

Dit is duidelik dat die A.G.S. weinig indien enige goeie kommentaar van die Ned. Geref. Kerk ontvang het. Veral opmerklik is die geselskap waarin die A.G.S. deur die Ned. Geref. Kerk geklassifiseer is. Dit word duidelik uit bv. die volgende aanhaling uit "Het Zoeklicht" van Junie 1932: "Wat ons as Protestantse Kerke onderling van mekaar skei, is sake van ondergeskikte belang .... Die leer van die Awendmaal en Predestinasie ...... Dan is daar Sektes soos die Kwakers ..... Die Heilsleër, om nie te praat van uitwasse soos Christian Science, Mormone, Sabbatariërs, Russelliete, Apostoliese, ens."[20] As daar na die leer-

18. Kerkbode, [illegible] Februarie [illegible], p. [illegible].
19. [illegible]
20. Trooster, [illegible] aangehaal uit "Het Zoeklicht", [illegible].

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stellings van die groepe gekyk word saam met wie die A.G.S. as uitwas in dieselfde asem genoem word, spreek dit sekerlik van skreiende onkunde maar andersins ook van liefdelose venyn.

In die meeste gevalle in notules en kerkblaaie waar daar van die A.G.S. sprake is, word hulle trouens saam met groepe genoem wat as uiterste dwaalleringe beskou kan word - selfs wat die Godheid van Christus betref. Dit sluit in groepe soos die Russelliete, Spiritiste, Christian Scientists en Mormone.[21]

Iets anders wat opval is die verskillende benaminge waarmee die A.G.S. veral in die vroeë jare deur die Ned. Geref. Kerk genoem is. Die amptelike benaming, A.G.S. is feitlik nooit gebruik nie. Die A.G.S. is o.a. met die volgende name genoem: Apostoliese, De Apostoliese Broeders, Tongbeweging, (Tongenbeweging en De Tongen Beweging), Wederdopers (Wederdoopers), Apostole en Apostoliese sekte.

Dat daar in die geledere van die Ned. Geref. Kerk groot onkunde geheers het oor wie die A.G.S. is, wat hy leer en veral oor sy naam, is duidelik. Dit word o.a. duidelik uit die volgende aanhaling uit Die Kerkbode van 3 Julie 1915. "Oorspronkelijk was het een sekte, maar door onderlinge twisten en verdeeldheid zijn daar nu al verscheidene vertakkingen. Eerst was het 'Apostolic Faith Mission'; nu zijn daar 'Apostolic', 'Pentecostal', 'Pentecostal Mission', 'Pentecostal Mission Alliance', 'Apostolische Broeders', enz., enz."[22] As daar in gedagte gehou word dat die A.G.S. geen skeuring beleef het voor 1925 nie en dat die Pentecostal Mission die enigste andersinsstaande [illegible] [illegible] [illegible] in daardie stadium in Suid-Afrika was, is dit [illegible]

21. Ibid.
Acta Synodi, O.V.S., [illegible] Vergadering, [illegible], p. [illegible]
22. Kerkbode, 3 Julie 1915, p. [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

groot onkunde en onsekerheid hieroor in die geledere van die Ned. Geref. Kerk was.

Die naam waarmee die A.G.S. die meeste genoem is deur die Ned. Geref. Kerk, is die (de) Apostoliese Broeders. Met hierdie naam was daar egter ook groot verwarring aangesien dit nie konsekwent vir die A.G.S. gebruik is nie. So word daar in 'n artikel onder die geskrif "De Apostoliese Broeders" in die Kerkbode van 23 Maart 1922 oor die Irvingiete of te wel die Apostelsekte gepraat.[23] Dieselfde soort geval kom 'n bietjie later voor waar met die benaming "Die Apostoliese" (ook een van die tipiese benaminge van die A.G.S.) weer eens die Apostelsekte bedoel word.[24]

Dit het in ander gevalle gebeur dat selfs die Volle Evangelie Kerk met die A.G.S. verwar word en met die benaminge "Wederdopers" en ook "Die Apostoliese Broeders" genoem word. In dieselfde berig word na pastore van die Volle Evangelie Kerk verwys as "Apostoliesen".[25] 'n Moontlike verklaring waarom hierdie benaming vir beide die A.G.S. en Volle Evangelie Kerk gebruik is, is omdat alle Pinkstermense in Suid-Afrika (veral aanvanklik) onder die benaminge Wederdopers, Apostolies of Apostoliese Broeders bekend gestaan het. Die naam Apostolie of A.G.S. is selfs tot vandag nog in 'n sekere mate sinoniem met "Pinkster" in Suid-Afrika. Dit is in ooreenstemming met die feit wat in 'n vroeëre hoofstuk genoem is naamlik dat die benaming Apostolic Faith Mission gedurende die ontstaansjare van die Pinksterbeweging sinoniem was met Pinkster (Pentecostal Movement).

Wat betref die benaming "Wederdopers" is daar ook 'n paar interessante opmerkings om te maak. Dit het met die ontstaan van die A.G.S.

23. Kerkbode, 2[illegible] Maart 1922, p. 364.
24. Kerkbode, 2[illegible] April 192[illegible], p. [illegible].
25. Kerkbode, [illegible] 1922, p. [illegible].

in 1908, was die Baptiste kerk met hierdie naam genoem. Selfs kort na die ontstaan van die A.G.S. is daar met hierdie naam nie die Pinksterbeweging bedoel nie. Dit word bevestig deur die reeds aangehaalde sin uit die sluitingsrede van ds. J.W.C. Strasheim by 'n sinode in 1909 - kort na die ontstaan van die A.G.S.: "Vestig uw oog op: Wederdoopery, Spiritualisme, Sabbattarisme, 'Christian Science', Doweyisme, en nu nog ook ten laaste de Tongenbeweging."[26]

Dit dien hier opgemerk te word dat die Wederdopers (hier dan waarskynlik die Baptiste) eerste genoem word en die "Tongenbeweging" (die Pinksterbeweging) laaste. In die jare wat sou volg sou die Pinksterbeweging in soortgelyke lyste van sektes en dwalinge feitlik sonder uitsondering eerste genoem word. Die Wederdopers word hoe ookal sy, hier nie vir die Pinksterbeweging gebruik nie.

In 1925 is die Baptiste deur 'n sinode van die Ned. Geref. Kerk as kerk erken, maar selfs voor daardie tyd is die naam "Wederdopers" nie meer met hulle geassosieer nie, maar met die A.G.S. en tot 'n sekere mate met die Volle Evangelie Kerk. Kyk bv. na hierdie aanhaling wat uit 1922 dateer: "Ons moet u waarsku teen sulke sektes as die Apostoliese Geloof Sending of Wederdoopers, Russelliete, die Spiritiste, die Christian Scientists, Sabbattariërs en andere."[27] In hierdie sin word die A.G.S. baie duidelik geïdentifiseer met die grootdoop of die doop van gelowiges. Sedertdien is dit 'n onweerlegbare feit dat die kerk wat spontaan

26. Handelingen van de Negende Synode Der Ned. Herv. of Geref. kerk in Zuid-Afrika, Pretoria, 9 Junie 1909 en volgende dae.
27. Handelingen van de Dertiende Synode Der Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika, [illegible] en volgende dae, p. [illegible].
Dit dien egter vermeld te word dat daar [illegible]
[illegible]
Acta. Ring van Stellenbosch, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die doop van gelowiges in Suid-Afrika geassosieer word nie soseer die Baptiste Kerk is nie, maar die A.G.S. Die A.G.S. het dus ook die simbool van die doop van gelowiges in Suid-Afrika geword.

'n Ander interessantheid wat met bogenoemde verband hou, is dat spoedig na die ontstaan van die A.G.S. en nadat hy die bynaam Wederdopers van die Baptiste kerk oorgeneem het, die Baptiste kerk nie meer wederdopers genoem is nie maar bloot "Doperse"[28] of Baptiste. Dit kan enersyds te make hê met die feit dat die Baptiste "kerk"-status verkry het en andersyds omdat die Baptiste kerk, alhoewel hy die doop van gelowiges beoefen, hoofsaaklik sy eie kerk se mense gedoop het teenoor die A.G.S. wat sy grootste getal dopelinge uit ander kerke, veral die Ned. Geref. Kerk gekry het.

Dit is nodig om in hierdie verband te meld dat die Ned. Geref. Kerk spoedig besef het dat die A.G.S. se invloed op elke moontlike wyse teengestaan moes word. Behalwe deur middel van preke en herderlike versorging sou bestryding veral deur lektuurverspreiding gedoen word. Hierdie optrede word o.a. weerspieël deur die volgende besluit deur die Ring van Stellenbosch in 1920: "De Ring besluit het op het hart te binden van de verschillende Kerkeraden in dit Ringsressort alle pogingen aan te wenden ter bestryding van de vele sekten die in onze gemeenten onze lidmaten afvallig maken, en boeken te verspreiden ten einde zo voor te lichten en te helpen met argumenten waar zij met die dwepers in aanraking komen."[29] [illegible] sektes wat hier ter sprake is, word die Wederdopers en die [illegible] spesifiek in die notule genoem.

28. Kerkbode, [illegible]
29. Acta, Ring van Stellenbosch, [illegible]
[illegible] Acta, Ring van die Paarl, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sinode van die Vrystaat beveel in 1928 die volgende maatreëls vir sektebestryding aan (waaronder die "Apostoliese" eerste genoem is): "Bevorder Evangelie en verwyder onkunde. Bearbei die gemeente grondig en wees Christus gesind; Versprei leesstof en by name boekies van P.C. van Zyl; waarsku teen vreemde boeke; Stel martelaarsgeskiedenis bekend; Ignoreer sekte en besoek lede asof niks gebeur het nie; Wees enigsins verdraagsaam jeens andersdenkendes."[1]

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk daarop gewys dat die A.G.S. in die periode na die Tweede Wêreldoorlog 'n groter openheid en gesindheid van toenadering jeens die historiese kerke geopenbaar het. Die stelling dat die A.G.S. in die veertiger jare by die Ned. Geref. Kerk aansoek sou doen om as kerk erken te word, is reeds weerlê.[3] Die vraag of die Ned. Geref. Kerk nie sy houding teenoor die A.G.S. in heroorweging moet neem of genoemde beweging nie volle erkenning as Christelike kerk moet kry nie, is dit die oorweging deur die Raad van Kerke in 1945 oorweeg en is hoegenaamd nie deur die Uitvoerende Raad van die A.G.S. of deur enige individuele pastoor aangevra nie.[2]

Enkele van die bevindings en konklusies van die Raad van Kerke oor die A.G.S. in 1945 was as volg: "Die A.G.S. het seker bewys gelewer van stabiliteit en groeikrag. Hulle getalle was: 1921 – 7 782; 1926 – 15 544; 1936 – 31 785 (aanwas van 104%); 1946 – [illegible]. Hulle trek die meeste aanhangers uit die geledere van (a) die mindergegoedes; (b) dweepsugtiges; (c) geestelike teleurgestelde en d) eensydiges. Professie is egter ook verteenwoordig by hulle ......"

1. Acta Synodi O.V.S., [illegible]
2. Trooster, [illegible]
3. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Die A.G.S. wil geen sekte heet nie ..... En as ons die maatstaf van dr. Muller neem ...... dan lyk dit soms asof hulle geen sekte is nie. Want hulle ontken dat hulle 'n heilige en uitverkore geloofsgroep is en ook dat die grootdoop salig maak. En die leiers openbaar 'n ruime en ireniese gees teenoor die kerke wat weldadig aandoen.

"Dog op die keper beskou, sal die A.G.S. 'n sekte bly totdat sy leer en praktyk veel nader kom aan die historiese simbole van die kerk van Christus soos dit deur die eeue tot ons gekom het, en met groot suiwerheid in die Gereformeerde rigting bewaar is. As ons nie 'n konfessionele kerk soos die Baptistekerk kan erken sonder colloqium doctum nie, dan oneindig minder die Apostoliese Geloof Sending. Wel lewer die A.G.S. bewys van stabiliteit en goeie organisasie maar -

1. Hy verkondig nie die Woord suiwer nie.
2. Hy bedien nie die sakramente reg na die instelling van Christus nie.
3. Hy beskik nie oor 'n behoorlike opgeleide en georden̄de bediening nie.
4. Hy het antiteties teenoor die geïnstitueerde kerk ontstaan en trek nog die meeste proseliete uit die Kerk.
5. Hy deel met haas alle sektes die Pre-Millenialisme.
6. Hy verwerp kardinale leerstukke van die Gereformeerde geloof.
7. Sy poging om die buitengewone gawes van die Pinkstergemeente te laat herleef is 'n veroordeling van die hele loop van die kerkgeskiedenis en van die Voorsienigheid - 'n onmiskenbare aanklag teen die Kerke en daarmee 'n helder aanspraak om self die ware kerk te wees."[2]
   Hierdie standpunt van die Ned. [illegible] Kerk [illegible] A.G.S. is nog [illegible] nie.

[illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die aantyging van sommige kwaadwilliges tydens die skeuring van 1958 dat die A.G.S. aansoek gedoen het of aanspraak daarop maak dat hy die Vierde Susterskerk is, is dus van alle waarheid ontbloot en is ook as sodanig bewys.[34] Wat wel waar is, is dat die A.G.S. sedert die vyftiger jare as vierde Afrikaanse kerk erken word op grond van die feit dat die A.G.S. op daardie stadium die vierde grootste kerk geword het waarvan Afrikaans die voertaal en kanseltaal geword het.[35]

Aangesien hierdie proefskrif die jaar 1958 as terminus het, kan daar nie hier ingegaan word op enige verdere pogings tot toenadering en gesprek wat sedertdien tussen die A.G.S. en die Ned. Geref. Kerk plaasgevind het nie. Genoeg om te noem dat daar reeds in 1958 die volgende besluit deur die Uitvoerende Raad geneem is: "...... dat (a) volle besonderhede in verband met die S.A. Protestantse Vereniging ingewin word; (b) ons 'n algemene basis probeer vind tussen Afrikaanse Kerke."[36]

Daar is in die loop van hierdie proefskrif sporadies verwys na direkte of indirekte invloede wat die Ned. Geref. Kerk in die ontstaan en bestaan van die A.G.S. gehad het. Om hierdie gedeelte oor die verhouding teen die A.G.S. en die Ned. Geref. Kerk mee af te sluit, kan daar miskien verwys word na die vraag of die A.G.S. deur die jare enige invloed op die Ned. Geref. Kerk gehad het? Op hierdie vraag moet myns insiens bevestigend geantwoord word. Daar sal hier net na enkele moontlike invloede verwys word.

34. Trooster, Augustus [illegible], p. [illegible]
Trooster, September [illegible], p. [illegible]
35. Trooster, Augustus [illegible], p. [illegible]
36. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die A.G.S. het meer as enige ander groep van opelugdienste gebruik gemaak om die Evangelie uit te dra. By 'n Ringsvergadering van die Ned. Geref. Kerk in 1933 word die moontlikheid geopper of straatdienste (opelugdienste) nie deur die Ned. Geref. Kerk oorweeg moet word nie?: "Die voorsitter gee 'n oorweging dat ons Kerk ook sal moet dink of die tyd nie aangebreek het dat straatdienste in die lewe geroep moet word."

"Die predikant van Reddersburg wys daarop dat straatdienste ook sy moeilikheid het omdat dit so maklik vereenselwig word met die Sektes."[37]

Dit is logies om af te lei dat die A.G.S. die Ned. Geref. Kerk laat ontwaak het vir die krag en belangrikheid van opelugdienste. Aan die ander kant was die assosiasie tussen die A.G.S. en opelugdienste 'n struikelblok vir die Ned. Geref. Kerk om daarmee te begin.

'n Saak waaroor die A.G.S. ongetwyfeld die Ned. Geref. Kerk beïnvloed het, is die kwessie van goddelike genesing. Dit blyk dat die Ned. Geref. Kerk hier aan die begin van die [illegible] eeu en veral met dr. Andrew Murray wat uit die aktiewe bediening getree het, redelik meegetrokke en selfs ietwat negatief teenoor bonatuurlike genesing gestaan het.

Omdat die A.G.S. so sterk klem hierop gelê het en so baie mense hierdeur beïnvloed is, moes die Ned. Geref. Kerk opnuut oor hierdie kwessie besin. Waar die standpunt vroeër dikwels gehandhaaf is dat goddelike genesing slegs vir die vroeë Apostoliese tydvak bedoel was, is daar veral gedurende die twintiger jare al meer erns [illegible] gemaak. [illegible] het begin [illegible]

37. [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hickson in 1922, wat o.a. in die Episkopaalse kerk in Kaapstad bedien het en deur wie baie genesings plaasgevind het, het baie reperkussies in die Ned. Geref. Kerk tot gevolg gehad. Baie briewe is tydens en na sy besoek aan die Kerkbode geskryf.

Verskillende Ringe en Sinodes het in daardie dae die saak van genesing bespreek. Ook die "Raad der Kerken" het op 19 Januarie 1923 'n uitspraak in die verband gemaak wat 'n nuwe openheid vir Goddelike genesing geopenbaar het. O.a. is daar in hierdie verklaring erken dat liggaamlike genesing in antwoord op gelowige gebed 'n heerlike waarheid uit die Heilige Skrif is.[38] Artikels wat duidelik betoog het dat Goddelike genesing nie net vir die vroeë kerk was nie, maar ook vir vandag is, het 'n opvallende toename in Die Kerkbode getoon.[39]

In hierdie verband kan ook melding gemaak word van enkele predikante van die Ned. Geref. Kerk wat hulle gemeentes bedank het om hulleself te wy aan spesiale Evangelieprediking. Onder hulle was ds. C.F. Scheepers wat sedert 1927 op hierdie basis bedien het. In sy dienste het hy heelwat klem gelê op genesing. Aangesien al sy leerstellings nie met dié van die Ned. Geref. Kerk gestrook het nie, is daar deur 'n sinode in 1931 teen hom gewaarsku en is die deure van die kerk in 1932 vir hom toegemaak. Deur sy optrede het heelwat beroeringe in gemeentes plaasgevind - sommige het getuig van groot seëninge en genesings en andere het kwaai teen hom te velde getrek.[40] Dit het daartoe gelei dat hy in Augustus 1937 voor die Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk in die

38. **Kerkbode**, 18 April 1923, p. 575.
39. So bv. **Kerkbode**, 19 Desember 1923, p. 1739 en 1740 en **Kerkbode**, 26 Desember 1923, p. 1768.
40. **Kerkbode**, 12 Julie 1933, p. 50.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vrystaat moes verskyn om verantwoording te doen.[41]

Die dienste van ds. Scheepers het blykbaar in die rigting van dié van die A.G.S. beweeg, gevolglik die volgende aanmerking in 'n brief in die Kerkbode: "Die metodes, wat by hierdie dienste gevolg word, het herhaaldelik die aanmerki ; uitgelok: 'Dit lyk so na die Apostolie'".[42]

'n Ander predikant van die Ned. Geref. Kerk wat ook in die twintiger jare met so 'n genesingsbediening begin het en wie se bediening ook redelike opslae gemaak het, was 'n emeritusleraar, ds. J.N. Martins van Johannesburg.[43] Dat ook sy bediening in verband gebring is met die "sektes", is dan ook nie vreemd nie: "'n Korrespondent uit Sterkstroom heeft ons 'n reeks van vragen gesteld over de kwestie van geloofsgenesing. Hij vreest dat't optreden van een en ander in onze kerk in dit verband water op de molen van de sekten geeft. Hy begeert 'n uitspraak van onze kerk over de zaak."[44]

Dit blyk dat die invloed van die A.G.S. in hierdie verband nie te ontken is nie. Vir 'n algemene indruk oor die invloed van die A.G.S. op die historiese kerke en by name die Ned. Geref. Kerk, is dit van pas om hierdie gedeelte af te sluit met 'n aanhaling uit 'n artikel deur die president van die A.G.S. dr. F.P. Möller, in die Kerkjaarboek van die A.G.S. van 1974:

"Baie sal dit ontken, maar dit kan nooit weggeredeneer word nie: die Apostoliese Geloof Sending het 'n duidelike, merkbare en posi-

41. Notule van die Moderatuursvergadering van 18 Augustus 1937 te Bloemfontein.
42. **Kerkbode**, 12 Julie 1933, p. 5..
43. **Kerkbode**, 29 Desember 1926, p. 947 en 948.
44. **De Kerkbode**, 16 Februarie 1927, p. 239.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tiewe invloed uitgeoefen op verskillende kerke en godsdienstige groepe in Suid-Afrika. In dieselfde asem wil ons ook sê dat ouere kerke ook hul invloed op die A.G.S. gehad het en sekerlik veel bygedra het (hoewel meestal op 'n indirekte wyse) om hierdie Pinksterkerk te maak wat dit vandag is.

"Met die begin van die A.G.S. in Suid-Afrika, het verskillende hooghartige profete in die ouere kerke voorspel dat hierdie nuwe 'sekte' gou weer sal doodloop of minstens onskadelik gemaak word. Hulle het net na die uiterlike geoordeel: die leke wat leiding geneem het, die eenvoudige aanbiddingsplekkies, die spontane en entoesiastiese wyse van godsdiensoefening, die kinderlike vertroue op die beloftes van God en daarmee ook die talle onware en skewe berigte wat van hierdie jong godsdienstige groep versprei is. En omdat hulle die eintlike boodskap en diepere betekenis van die Pinksterbeweging nie verstaan het nie, het hulle ernstig misgetas.

"Vandag is die A.G.S. nie alleen uitgebou tot 'n sterk, bestendige en aktiewe kerk nie, maar dit het alreeds sterk invloed op die godsdienstige lewe van ons land uitgeoefen. Die kerkgeskiedenis van Suidelike Afrika kan nie meer volledig wees as daar nie ook melding gemaak word van die groei en invloed van hierdie kerk nie.

"Ons noem enkele gebiede waar ons bevind dat die A.G.S. besliste invloed op ander kerke gehad het.

"Allereers staan ons by die evangelisasie-akker stil. Daar was 'n tyd, en in 'n mate is dit nog so, dat as jy met 'n vreemdeling oor die dinge van die Here praat, hy sal sê: 'O, jy is seker 'n Apostolie'. As daar 'n tent opgeslaan is met 'n banier voorop wat mense nooi om na

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sekere geestelike onderwerpe te kom luister, of as daar opelugdienste op die hoek van 'n straat gehou word, of as daar van huis tot huis evangeliseer en traktate versprei word, het die deursnee mens gou geweet watter kerk dit is. Selfs as ander Pinksterkerke of groepe dieselfde gedoen het, was hulle ook maar onder die een noeme 'Apostolie', geskaar.

"Maar wat sien ons vandag? Daar is gemeentes in die ouere kerke wat presies dieselfde begin doen. Wat hulle eers as 'sektaries' veroordeel het, gryp hulle nou aan as 'n geleentheid om Christus na die nie-kerkgaande publiek te bring. Die vroeëre gesteldheid daarop dat slegs opgeleide en gelegitimeerde predikers die evangelie mag verkondig, begin ook wankel. Die bydrae van lekepredikers, soos wat dit al die jare in die A.G.S. erken was naas die geordende pastore, word ook nou aanvaar en aangemoedig. Ons sien hoe jongmense opgelei word om Christus in die persoonlike kontak met mense te verkondig, hoe hulle dieselfde liedere en koortjies van die Apostoliese Jeugvereniging begin sing, en hoe hulle met die gebruikmaking van allerlei musiekinstrumente, spontane nommers en getuienisse, ontdek het dat 'n mens se aangename sosiale verkeer en jou godsdiens nie geskei hoef te wees nie ....

"Dit is ook in die prediking dat ons die invloed van die A.G.S. bespeur. Dikwels is na 'n predikant wat 'n bietjie vurig preek en mense tot een of ander geestelike beslissing lei, verwys as 'n 'Apostoliese-predikant' of soms is hy met die minder vleiende opmerking 'sektaries', veroordeel. Die hoogdrawende geaffekteerde, koue, onnatuurlike en oor-almal-se-koppe-heen soort van voordrag is as 'preek' aanvaar en elke kind wat 'n predikant probeer naboots, het so snaaks-vroom as moontlik probeer praat. Vandag sien ons egter hoe die eenvoudige, op die persoon af, en besielende prediking soos wat die A.G.S. dit altyd geken het, in die ouer kerke aangemoedig word. Het hulle miskien by die Pinkstermense

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en herlewingspredikers geleer dat prediking baie meer vermag as dit 'n hart-tot-hart spreke tot die gemeente is - 'n spreke deur iemand wat so deur die Woord en Gees van God aangegryp is, dat die toehoorders dit agterkom?

"Net soos wat die A.G.S. al die jare gedoen het, is daar vandag predikante wat mense uit die gehoor aanmoedig om na een of ander plek of vertrek te kom om daar hulle harte en lewens aan die Here in gebed te gee. En dit doen hulle ten spyte van die protes van talle wat sê: Hoe kan julle verbondskinders en uitverkorenes behandel asof hulle heidene is!

"Ons merk ook dat op die gebied van die etiese daar ongetwyfeld invloed ten goede van die A.G.S. op die ander kerke uitgegaan het. Die A.G.S. het veral in die beginjare, baie skerp teen sondes en twyfelagtige dinge gepreek. Die gebruik van sterk drank, rook, dubbelsinnige grappe, plekke van vermaak met sy ligsinnigheid en roekeloosheid, dans en dergelike dinge is as onwaardig 'n Christen veroordeel. Talle predikers van ander kerke het na die Apostoliese siening as naïewe dwepery verwys. Hulle het na hul rookgoedjies en drankies verwys as 'genotmiddels' wat God voorsien het en so (maar natuurlik matig!) met die wêreld saamgedoen. Vandag egter, is daar baie predikante wat saam met die Apostolies stand inneem en openlik teen hierdie dinge preek. Dit is ook betekenisvol hoe enkele predikante wat nog aan die rookgewoonte verbonde is, skielik hulle ou 'dagontjie' laat verdwyn as hulle 'n pastoor of A.G.S.-lidmaat wat hulle ken, sien. Dit is ook verblydend om te verneem dat predikante weier om huweliksonthale by te woon as sterk drank bedien word. En alhoewel dit nie uitsluitlik aan die invloed van die A.G.S. toegeskryf kan word nie, glo ons tog dat hierdie kerk se duidelike stand sy invloed gehad het. Die publiek tref vergelykings en vra vrae wat seker meer as een gewete geprikkel het. Ons bemerk die invloed van die

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



A.G.S. ook op die sosiaal-godsdienstige gebied. Allereers wil ons sê dat daar duisende lidmate van ander kerke is wat deur hulle aanraking met die A.G.S. tot sekerheid van saligheid gekom het. Dit is ook 'n baie algemene verskynsel dat ander kerke se lidmate wat in geestelike nood verkeer of wat in huislike probleme vasgevang is of wat die prooi van een of ander verslawing geword het, dikwels die pastoor bo hulle predikant vir hulp opsoek. En dit beteken geensins dat hulle deur hierdie stap hulle kerk wil verlaat nie. Weliswaar is daar diegene wat dan in die A.G.S. hulle geestelike tuiste vind, maar baie meer van hulle bly in hulle onderskeie kerke. Die A.G.S. het nie in kultuur- en wetenskaplike kringe veel van die kalklik geken nie, maar in stilte is daar baie Suid-Afrikaners, blank sowel as nie-blank, opgehef tot 'n beter lewe en beter burgerskap ....

"Reg van die begin af het die A.G.S. goddelike genesing verkondig en ondervind hoe siekes genadiglik deur God genees is, nadat daar vir hulle gebid is. Die ouere kerke (met die uitsondering van enkele predikante) het dit nie alleen met agterdog bejeën nie, maar selfs sover gegaan om dit as sektaries af te wys. Vandag is daar 'n aansienlike aantal predikante van dieselfde kerke wat goddelike genesing onderskryf en dit openlik in praktyk bring ....."

"Die invloed wat die verste reik is die Apostoliese Geloof Sending se standpunt oor en beoefening van die charismata (gawes van die Gees) soos in 1 Kor. 12 & 14 geleer, tesame met die leer dat die doping in die Heilige Gees 'n definitiewe en kenbare ondervinding na wedergeboorte is. Hierdie siening van die A.G.S. was in die verlede (en in 'n groot mate vandag nog), as teologies verkeerd, en die ondervinding as 'n bloot psigologiese verskynsel afgemaak. Vandag is daar 'n groot aantal predikante wat kan getuig dat hulle dieselfde ondervinding deelagtig

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geword het en hulle in hierdie volheid van die Heilige Gees verbly. Vandag is daar ook meer en meer teoloë wat verklaar dat die ou siening, as sou die charismata net vir die beginjare van die kerk gewees het, onhoudbaar is. Die Pinksterdeurbrake wat ons in die verskillende ouer kerke in ons land het, kan nie losgemaak word van die getuienis van die A.G.S. en ander Pinksterkerke nie. Die aanduidings is daar dat die Pinkstergedagte en - lewe op 'n nog groter skaal in die ouer kerke geopenbaar gaan word. Daaroor moet elke lidmaat van die A.G.S. hom verbly."[45]

## 14.2 Die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk (Pogings tot eenwording)[46]

Soos reeds vroeër uitgewys het die A.G.S. in 1908 en die Volle Evangelie Kerk in 1910 as die Pentecostal Mission ontstaan. Daar is ook aangetoon dat die Volle Evangelie Kerk nie direk van die A.G.S. weggebreek het nie - dit in weerwil van wat later in die A.G.S. geglo is. Weliswaar het sommige werkers en lidmate van die A.G.S. aan die begin en met die loop van jare na die Volle Evangelie Kerk oorgegaan - onder wie enkele prominente persone, maar die omgekeerde het ook plaasgevind.

Ten spyte van enige spanning of ongelukkigheid wat daar met die ontstaan van die Volle Evangelie Kerk gepaardgegaan het (dink maar aan die probleme wat George Bowie tussen Lake en Hezmalhalch veroorsaak het, was hierdie twee Pinksterkerke se paaie in Suid-Afrika tog op 'n beson-

45. **Drie-Jaarlikse Kerkboek van die A.G.S. van S.A.**, 1974 - 1976, **"Die invloed van die Apostoliese Geloof Sending in ander Christelike Kringe"**, p. 7 en 8.
46. Hierdie kwessie word ook behandel deur I.G.L. du Plessis in sy boek **Pinkster-Panorama**, p. 99-117.
Daar sal in hierdie gedeelte nie onnodig oorvleuel word nie alhoewel meer gegewens van A.G.S. syde gegee sal word.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dere wyse met mekaar verweef. Vir die grootste deel van hulle bestaan was daar 'n goeie verhouding van respek en liefde en wedersydse agting vir mekaar. Dit kan ook nie anders nie. Behalwe dat die Pinksteronder-vinding die hart en kern van hierdie twee kerke is, is daar leerstellig nie groot verskille tussen hulle nie.

Daar sal dan nou hier hoofsaaklik gekyk word na verskillende pogings tot eenwording gedurende die tydperk wat deur hierdie proefskrif gedek word.

### 14.2.1 Die poging van 1914

In die notule van die Uitvoerende Raad van 6 Julie 1914 is die eerste sprake van eenwording tussen die verskillende Pinksterkerke: "Discussion on the question of Union with the Pentecostal Mission and the Apostolic Faith Church followed. It was agreed that we can meet the leaders of said Missions and see if there are possibilities in that direction."[47] Opmerklik was dat hierdie gedagte tot eenwording nie slegs met die Volle Evangelie kerk (wat toe nog die Pentecostal Mission was nie), maar ook met die Apostolic Faith Church. Laasgenoemde was 'n klein Pinkstergroepie in Suid-Afrika met ietwat afwykende leerstellings en praktyke. Ook is dit opvallend dat die behoefte en drang na eenheid van vroeg af, kort na die ontstaan van die Pinksterbeweging, reeds daar was.

Afgevaardigdes van bogenoemde drie Pinkstergroepe het mekaar toe in Julie 1914 ontmoet. Die volgende besluite is daar geneem: "This

47. Notule van die Uitvoerende Raad, Uit die voorlopige Notuleboek, 6 Julie 1914.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meeting recognises that it is God's will we should be one Christian body in Spirit and in truth."

"That six ministers from each Mission meet every second month with a view to closer unity and to settle current differences. The representatives to be chosen by the present elective bodies".

"While we are willing to fellowship each others workers and members, we refuse to receive them as workers or members until we have communicated with their pastor or Elder."[48]

Die afgevaardigdes van die drie Pinkstergroepe het toe 'n aantal vergaderings gehou. By kerkvereniging het dit egter nie uitgekom nie. Na 'n paar vergaderings het die afgevaardigdes van die A.G.S. en die Pentecostal Mission eenparig ooreengekom dat die afvaardiging van die Apostolic Faith Church hulle van die samesprekings onttrek a.g.v. sekere leerstellings van hierdie groep wat vereniging met hulle onmoontlik gemaak het, o.a.:

1. Die aanstelling van een van hulle pastore in 'n apostelamp.
2. Kerkregering uitsluitlik deur die bonatuurlike gawes, bv. deur tale en uitleg van tale.
3. Die aanhoudende herhaling van die frase ".... pleading the blood."[49]

Die afvaarding van die oorblywende twee kerke het op hulle

48. Volgens die verslag aan die Uitvoerende Raad, 22 Julie 1914, Uit die voorlopige Notuleboek.
49. Notule van die Algemene Konferensie, 2 April 1915, Notuleboek I, p. 18 en 19.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



laaste vergadering tot die volgende besluit gekom: "That we unite to establish fellowship amongst the Assemblies of the Missions here represented for the evangelisation of South Africa. That we continue our seperate organisations as at present and that an Advisory Council be created."[50] Die resultaat van hierdie poging was dus nie organisatoriese eenheid nie, maar wel 'n goeie gesindheid van samewerking wat ook bewys is deurdat hierdie twee kerke tydens die laaste ses dae van die Paaskonferensie in April 1915 gesamentlike dienste gehou het.[51]

By 'n latere konferensie doen hierdie Adviserende Raad wat aangestel is, verslag oor die gesindheid en verhouding wat tans tussen die A.G.S. en die Pentecostal Mission bestaan: "A good understanding existed between this Mission and the Pentecostal Mission and our platforms were open to one another. Never before had one be able to show such a united front as we now could and our hearts were full of confidence ....."[52]

### 14.2.2 Poging tot eenwording - 1924/5

Die inisiatief tot 'n moontlike kerkvereniging in 1924 het van die kant van die Volle Evangelie Kerk gekom. Een van die werkers van die Volle Evangelie Kerk van Bloemfontein, het in sy persoonlike hoedanigheid 'n brief aan die Uitvoerende Raad van die A.G.S. gestuur .... "..... in which he asked for forgiveness and pleaded for unity among the Pentecostal Bodies in South Africa."[53]

50. Ibid.
51. Notule van die Algemene Konferensie, 5 April 1915, Notuleboek I, p. 24
52. Notule van die Algemene Konferensie, 7 April 1917, Notuleboek I, p. 105 en 106.
53. Notule van die Uitvoerende Raad, 20 Augustus 1924, Boek 4, p. 755 en 756.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die bespreking wat hierop gevolg het, blyk dit duidelik dat die Uitvoerende Raad nie op daardie stadium kans gesien het vir veel toegewings nie, omdat eenheid vir hulle daarin bestaan het dat die Volle Evangelie Kerk terugkeer na die A.G.S.: Daar word besluit dat ... ".... the President write an article in the 'Comforter' outlining real unity and making a clear statement so as to open the door for those who are desirous of joining up with the Apostolic Faith Mission. (The tree cannot go to the branch, but the branch has to come back and be regrafted into the tree)."[54] Dit is baie duidelik dat die A.G.S. van oortuiging was dat die Volle Evangelie Kerk van hulle af weggebreek het en as daar sprake van vereniging is, moet die Volle Evangelie Kerk na die A.G.S. terugkeer. Hierdie oortuiging en uitgangspunt was waarskynlik een van die groot redes waarom kerkvereniging tussen hierdie twee kerke tot nog toe nie suksesvol was nie.

Op die Algemene Raadsvergadering van die Volle Evangelie Kerk in Oktober 1924 het die saak van eenwording met die A.G.S. ernstige oorweging geniet. Daar word dan ook besluit om 'n versoek tot die A.G.S. te rig vir 'n gesamentlike vergadering van alle gesertifiseerde werkers van die twee kerke met die oog op 'n moontlike vereniging.

Die besluit van die Uitvoerende Raad van die A.G.S. na aanleiding van hierdie versoek dui daarop dat hulle nie bereid was om baie prys te gee vir 'n moontlike eenheid nie en dat volgens hulle, eenwording eintlik maar net moontlik was as die Volle Evangelie Kerk weer met die A.G.S. vereniging: "...... that firmly believing this Mission was planted by God, as the parent Pentecostal body in South Africa and that its constitution was inspired by the Holy Ghost, we the Executive Council

54. <u>Ibid</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of the Apostolic Faith Mission decide to stand by our constitution and name, and that we are as we have always been agreeable and desirous of receiving back into fellowship all who have been led away from us and whose lives are such as to permit of this and we decide to extend to all who so return a loving welcome."[55]

Daar is egter tussen die twee kerke ooreengekom dat daar 'n ontmoeting sal plaasvind tussen hulle afgevaardigdes. Hierdie vergadering was uiteindelik die mening toegedaan dat die volgende toegewings van beide kante gemaak sal moet word as 'n basis vir vereniging:[56]

1. Die Volle Evangelie Kerk sal hulle naam moet prysgee. Die naam Apostoliese Geloof Sending sal die naam van die nuwe kerk wees.
2. Dat die A.G.S. bereid moet wees om oor te registreer as 'n kerk i.p.v. 'n onbeperkte maatskappy.
3. Die A.G.S. moet inwillig om hulle konstitusie so te verander sodat daar meer ruimte en vryheid vir plaaslike kerkregering sal wees. Die A.G.S. se kerkregeringstelsel was te gesentraliseerd.
4. Dat aangesien die Volle Evangelie Kerk enkelvoudig doop, beide enkelvoudige en drievoudige onderdompeling erken sal word.

Hierdie voorstelle is deeglik deur die Uitvoerende Raad van die A.G.S. bespreek.[57] Die meeste lede was redelik positief oor die moont-

55. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 Desember 1924, Boek 4, p. 776 en 777.
56. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Februarie 1925, Boek 4, p. 782-789.
57. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



likheid van eenwording en het dit beskou as 'n werk van die Heilige Gees. Andere het nie die weg daarvoor oopgesien nie en het gevoel dat daar eerder na geestelike as organisatoriese eenheid gestreef moes word. Oor twee sake was die meerderheid eenstemming:

1. Dat die A.G.S. nie sy naam sal prysgee nie; en,
2. dat die twee wyses van doop nie sal uitwerk nie. Die president, br. P.L. le Roux, wat 'n voorstander vir eenwording was, se standpunt was dat die twee kerke op grond van hulle gemeenskaplike Pinkstererervaring moes verenig en dat probleme wat opduik met die tyd opgelos kan word.

Na vele bespreking kom die Uitvoerende Raad uiteindelik tot die volgende besluite op grond van die aanbevelings van die vergadering van afgevaardigdes:[58]

1. Dat die A.G.S. nie sy naam sal verander nie.
2. Die Uitvoerende Raad is gewillig om die A.G.S. oor te laat registreer as 'n kerk en nie as 'n onbeperkte maatskappy nie en om die konstitusie in die verband te amendeer solank dit nie die huidige stelsel van die sentrale besit van alle eiendomme sal verander nie.
3. Dat die konstitusie van die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk langs mekaar gelê sal word en dat die beste sisteem uit die twee saamgestel sal word wat betref die plaaslike gemeente.

58. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Dat die A.G.S. nie 'n ander Skriftuurlike wyse van doop kan insien as drievoudige onderdompeling nie, maar dat hulle gewillig is om hierdie saak verder met afgevaardigdes van die Volle Evangelie Kerk te bespreek.

5. Dat 'n uitnodiging aan die Volle Evangelie Kerk gerig sal word om 12 persone af te vaardig om 12 afgevaardigdes van die A.G.S. te ontmoet te Bloemfontein om die saak verder te bespreek.

Die vergadering te Bloemfontein is kort daarna gehou en die eerste besluit wat die Uitvoerende Raad van die A.G.S. daarna geneem het, was om 'n vorige besluit te herroep waarvolgens die platforms van die A.G.S. vir pastore van die Volle Evangelie Kerk gesluit was. Voortaan sou die platvorms/preekstoele van die A.G.S. regdeur die land oop wees vir Volle Evangelie Kerk werkers. Daar word verder ook besluit dat 'n adviserende komitee uit beide kerke saamgestel moes word.[59]

By die Algemene Konferensie van die A.G.S. in April 1925 is die volgende voorstelle van die beraad te Bloemfontein aan die Jaarlikse Werkerskonferensie voorgelê:[60]

1. Dat altwee wyses van doop deur die nuwe kerk aanvaar moet word.

2. Dat altwee kerke hulle naam prysgee en dat die nuwe kerk 'n nuwe naam moet hê. (Altwee bg. voorstelle is met meerderheid van stemme deur die afgevaardigdes te Bloemfontein aanvaar.)

59. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 April 1925, Boek 4, p. 793.
60. Notule van die Algemene Jaarlikse Werkerskonferensie, 7 April 1925, Notuleboek 4, p. 801-802.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Dat 'n adviserende komitee bestaande uit vier lede van elke kerk aangewys word om eenheid te bevorder en struikelblokke uit die weg te ruim.

By die Werkerskonferensie het 'n bespreking van byna twee dae op hierdie voorstelle gevolg waartydens die gemoedere somtyds hoog geloop het. Uiteindelike het die konferensie tot die volgende besluite gekom:[61]

1. Die A.G.S. kan vir die huidige geen moontlikheid tot eenheid met die Volle Evangelie Kerk sien as resultaat van die prysgee van die naam Apostoliese Geloof Sending van S.A. nie. (Een van die teenargumente op die konferensie was dat die naam "Apostolic/Apostolies" baie negatiewe konnotasies het en dikwels misbruik word en dat daar nie van die Volle Evangelie Kerk verwag kan word om hierdie naam te aanvaar nie. Hierdie selfde argumente met betrekking tot die naam van die A.G.S. is ook in die sewentiger jare gebruik toe daar weer 'n poging tot eenwording was).
2. Die A.G.S. is oortuig dat eenheid tussen die twee kerke nie bewerkstellig kan word deur 'n tweeledige wyse van doop te aanvaar nie.
3. Die Werkerskonferensie keur die besluit van die Uitvoerende Raad goed om die platforms van die A.G.S. oop te stel vir werkers van die Volle Evangelie Kerk sowel as die aanstelling van 'n adviserende komitee vir verdere onderhandelinge om die probleme op die weg van eenwording op te klaar.

61. Notule van die Algemene Jaarlikse Werkerskonferensie, 8 April 1925, Notuleboek 4, p. 803 en 804.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel die deur vir toekomstige onderhandelinge hierdeur oopgehou is, was die saak vir die oomblik afgehandel. Hierop het die Volle Evangelie Kerk besluit dat aangesien hulle die toenadering gemaak het en die saak by die A.G.S. skipbreuk gely het, die volgende toenadering tot eenwording van die A.G.S. sal moet uitgaan.[62]

### 14.2.3 Poging tot eenheid - 1933/34

By 'n vergadering van die Uitvoerende Raad in November 1933, meer as agt jaar na die vorige poging tot eenwording, word dit in beginsel aanvaar dat daar weer 'n poging tot vereniging met die Volle Evangelie Kerk sal wees. Hierdie keer het die inisiatief van die A.G.S. gekom. Die voorwaardelike basis vir vereniging waartoe die Uitvoerende Raad besluit het, was min of meer dieselfde as die voorwaardes van die verlede:[63]

1. Die A.G.S. sien nie kans om van sy naam afstand te doen nie.
2. Die wyse van doop sal drievoudig wees met die verstandhouding dat waar enkelvoudige doop in die verlede bedien is, dit so behou mag word, maar waar nuwe arbeidsvelde betree word, sal daar drievoudig onderdompel word.

62. I.G.L. du Plessis, op. cit., p. 103.
63. Notule van die Uitvoerende Raad, 24 November 1933, Boek 5, p. 1458.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Wat die administrasie betref, word die volgende besluit:

(a) In die konstitusie van die verenigde kerk sal die beginsel van 'n sentrale regeringstelsel behou word.

(b) Waar twee aanbiddingsplekke in dieselfde dorp of omgewing is, sal die grootste en gerieflikste een behou word.

(c) Die Uitvoerende amptenare en lede sal in die nuwe liggaam herverkiesbaar wees.

Op 23 Maart 1934 het die Uitvoerende Rade van die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk oor die moontlikheid van eenwording ontmoet. Die Volle Evangelie Kerk het egter die volgende teëvoorwaardes gehad:[64]

1. Die nuwe liggaam moet 'n nuwe naam hê.
2. Altwee wyses van doop moet gelyke erkenning geniet.
3. Wat die administrasie betref word vereis:

(a) Dat die twee Uitvoerende Rade saamkom en uit die twee konstitusies 'n nuwe een opstel soos wat nodig blyk te wees.

(b) Oor die kwessie van die aanbiddingsplekke is daar eenstemmigheid.

(c) Dat daar op die nuwe liggaam se Uitvoerende Raad vir die eerste drie jaar 'n gelyke verteenwoordiging van albei seksies sal wees.

64. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 26 - 30 Maart 1936, Notuleboek 5, p. 1497-1502.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel die Werkerskonferensie van die A.G.S. in Maart 1934 nie die Volle Evangelie Kerk se voorwaardes vir eenheid kon aanvaar nie, was die algemene gevoel van die konferensie tog dat daar voortgegaan moet word om eenheid tussen die twee kerke te soek.[65]

In 'n brief aan die Volle Evangelie Kerk stel die Uitvoerende Raad dit dan ook dat die A.G.S. slegs op hulle oorspronklike voorwaardes met 'n poging tot eenheid kan voortgaan ... "And if they are not prepared to unite on these terms we endeavour to find a working agreement between the two bodies to avoid any unnecessary friction in future, where there are two assemblies labouring in the same town or district."[66]

In Desember 1934 word die kwessie van eenheid weer opgeneem toe 'n brief van die Volle Evangelie Kerk aan die Uitvoerende Raad van die A.G.S. voorgelê word. Hierop besluit die Uitvoerende Raad soos volg ... "... that we .... place on record our genuine desire for unity with other similar pentecostal bodies in S.A. but nevertheless, after giving due and carefull consideration to the proposal for fusion with the Full Gospel Church we conclude that organic unity with the said body does not seem to be practicable at present. We therefore resolve to invite the Executive Council to consider the question of spiritual rather than organic unity and to this end we invite them to a conference to discuss ways and means of bringing about such unity and co-operation."[67]

Wat hieruit gevolg het, is dat 'n komitee bestaande uit vier

65. Notule van die Algemene Jaarlikse Werkerskonferensie, 30 Maart - 8 April 1934, Notuleboek 5, p. 1520.
66. Notule van die Uitvoerende Raad, 30 April 1934, Boek 5, p. 1530 en 1531.
67. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Desember 1934, Boek 6, p. 1566, 1568 en 1569.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lede uit elke kerk 'n basis vir samewerking tussen die twee kerke opgestel het. Hierdie basis het sewe punte bevat bestaande uit maatreëls om wrywing tussen A.G.S. en Volle Evangelie Kerk gemeentes uit te skakel en om samewerking te bevorder.[68] Die gedagte van organiese eenwording was dus nou vir eers heeltemal op die agtergrond.

Hierdie poging tot geestelike eenheid en samewerking het blykbaar nie die gewenste uitwerking gehad nie, want die volgende besluit van die Uitvoerende Raad van die A.G.S. maak daaraan 'n einde. "Resolved ... that we write our Brethren of the Full Gospel Church that we regret that we have to come to the decission that the agreement for spiritual co-operation between the two Missions has not been a success and that we feel it will be to our mutual interest to revert back to the original position. At the same time we now invite the Full Gospel Church to join up with the Apostolic Faith Mission unconditionally."[69]

## 14.2.4 Die Eenheidsbeweging - 1939

Reeds in 1934, kort na die mislukte poging tot eenwording, het daar 'n beweging op die toneel verskyn wat hom oënskynlik beywer het vir eenheid tussen die A.G.S. en die Volle Evangelie Kerk - die "Pentecostal Unity Movement."[70] Hierdie beweging was onder leiding van br. F.B. van Eyk wat 'n geseënde prediker was en wat ook 'n kerk in Australië begin het. As deel van sy eenheidsplan het hy 'n reeks dienste in Johannesburg gereël vanaf 20 Mei tot 2 Junie 1934. Hy het 'n uitnodiging tot die

68. **Trooster**, September 1935, p. 16.
69. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Junie 1936, Boek 7, p. 1788 en 1789.
70. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 September 1934, Boek 6, p. 1553.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pastore en gemeentes van die A.G.S. gerig om hierdie dienste by te woon. Hy was op daardie stadium blykbaar nie 'n lidmaat van die A.G.S. nie, maar was tog gereeld toegelaat om vanaf A.G.S. kansels te bedien.

Op daardie stadium was daar egter seker gebeure en faktore rondom F.B. van Eyk wat sy verhouding met die A.G.S. en die Uitvoerende Raad vertroebel het. Dit val juis vreemd op dat hy in so 'n tyd die eenheidspoging van stapel laat loop het. Die Uitvoerende Raad het nie genoeë geneem met hierdie dienste van Van Eyk nie en het die A.G.S. amptelik daarvan gedistansieer. Die Uitvoerende Raad het ook besluit om 'n artikel in die kerkblad te plaas .. "..... to the effect that seeing that Bro. Van Eyk has broken his agreement with the Executive Council we inform our people that we can no longer allow him to preach from our platforms."[71]

Daarmee het hierdie beweging dan vir eers van die toneel verdwyn. In Julie 1939 ontvang die Uitvoerende Raad egter 'n brief van die "Advisory Board for Pentecostal Unity" waarin die Uitvoerende Raad van die A.G.S. uitgenooi word om met hierdie Adviserende Raad in gesprek te tree oor die moontlikheid van eenwording met ander Pinkster groepe.[72]

Die Uitvoerende Raad het blykbaar rede gehad om agterdogtig te wees, want hulle het op hierdie brief gereageer deur om vir volle besonderhede te vra aangaande die oorsprong van hierdie beweging, die name van die persone op die adviserende raad en 'n omskrywing van die basis vir so 'n voorgestelde eenwording.[73]

71. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Mei 1934, Boek 5, p. 1532-1533.
72. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 Julie 1939, Boek 8, p. 2130.
73. Ibid.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om redes wat weldra genoem sal word, was die agterdog van die Uitvoerende Raad teen hierdie beweging gegrond en word daar kort daarna besluit om d.m.v. die kerkblad en 'n omskrywe aan die pastore, A.G.S. lidmate te waarsku teen die propaganda van hierdie "Advisory Board for Pentecostal Unity."[74]

Na 'n verdere brief van bg. raad aan die Uitvoerende Raad, neem die Uitvoerende Raad die volgende besluit: "Whereas the Apostolic Faith Mission of South Africa has always aimed at unity among pentecostal saints and has during her whole history preserved that unity and harmony in her own ranks and has always welcomed into her ministry and membership those who desire fellowship and true unity of the Spirit and -

"Whereas the Executive Council fervently desires to retain that wonderful spirit of unity and harmony among the ministers and members of the Mission" and;

"Whereas the Executive Council feel convinced that no good purpose could be served by negotiating with the Advisory Board of the present Unity Movement since we feel sure that Board could not succeed to bring about true organic or spiritual unity among pentecostal bodies in South Africa.

"Therefore be it resolved,

"That we do not meet the Advisory Board but that we publish and declare our desire for unity of the Spirit and again state as in the past our determination to maintain the harmony and unity of the Spirit in our

74. Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Julie 1939, Boek 8, p. 2132 en 2133.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mission and that we hereby invite all those pentecostal saints who desire spiritual unity and fellowship to come into the fellowship of the Apostolic Faith Mission of South Africa." [5]

In 'n amptelike artikel in die kerkblad van September - Oktober 1939, reageer die algemene sekretaris, past. D.J. du Plessis op die versoek van die "Propaganda-Komitee vir Pinkstereenheid."[76] Waar die Propaganda-Komitee Joh. 17:20-23 gebruik as basis vir organiese eenheids, stel die Uitvoerende Raad dit in hierdie artikel dat Jesus in Joh. 17 nie vir organiese eenheid gebid het nie, maar vir geestelike eenheid. Dit word beklemtoon dat die standpunt van die A.G.S. nog altyd was: eenheid in groot sake en vryheid in kleinighede.

Een van die voorwaardes wat die Propaganda-Komitee aan die A.G.S. gestel het, is dat hy sy naam moet prysgee as hy ware organiese eenheid in S.A. verlang. In die kerkblad word dit as 'n onredelike eis gestel, veral aangesien die A.G.S. 'n lidmaattal van 100 000 het (blank en nie-blank ingesluit), terwyl al die ander Pinsterbewegings in die land nie eers 20 000 lidmate het nie. Daar is weer gesê dat die A.G.S. die eerste en oorspronklike Pinksterkerk in S.A. was en dat die wat nou eenheid preek van die A.G.S. af weggegaan het.

Dit is juis laasgenoemde gebeurtenis wat die Uitvoerende Raad agterdogtig gemaak het. 'n Aantal vooraanstaande leiersfigure van die A.G.S. by name J.H. Saayman, I.D.W. Bosman, O.J. van Heerden, C. Heatley

75. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 September 1939, Boek 8, p. 2135-2136.
76. **Trooster**, September - Oktober 1939, p. 3 en 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en sust. J. Grobler, het die A.G.S. bedank om by hierdie Eenheidsbeweging aan te sluit.[77] J.H. Saayman was die leier van die beweging. Wat vreemd is, is dat hierdie mense die A.G.S. bedank om eenheid tussen twee kerke te bring. Nog vreemder is die feit dat toe die Uitvoerende Raad nie op hulle versoek reageer nie, hulle by die Volle Evangelie Kerk aangesluit het - trouens die hele Eenheidsbeweging het met die Volle Evangelie Kerk saamgesmelt.[78]

Van die werkers wat saam met hierdie komitee van die A.G.S. weggeskeur het, het later teruggekeer en met berouvolle publieke belydenis erken dat daar misverstande en gevoelens was en dat hulle verkeerd gehandel het om die A.G.S. te verlaat.[79] Volgens een van die broeders wat saam met die Eenheidsbeweging uit die A.G.S. weg is en na 'n paar maande weer teruggekeer het, br. G.J. Botes, was die aanvanklike motivering van vereniging tussen die Pinksterkerke net 'n dekmantel en rookskerm. Volgens hom was die leiers van die beweging merendeels mense wat griewe gehad het teen die A.G.S. of teen sommige van die broeders. Sommige van hulle het verklaar dat hulle nooit weer na die A.G.S. sou terugkeer nie. Daar was dus by hierdie mense geen ware motief van eenheid nie: "Ek ontdek toe almeer en meer dat die Beweging twis en tweedrag en geveg veroorsaak en dat liefde ontbreek."[80]

Dit blyk dat daar agter die dekmantel van eenheid dus persoonlike intriges en vetes was en dat dit waarskynlik die rede was waarom die

77. **Trooster**, Oktober - November 1939, p. 3.
78. **Trooster**, September - Oktober 1939, p. 3 en 4.
79. So bv. br. O.J. van Heerden, Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Februarie 1940, Boek 8, p. 2164; asook br. C. Heatley, **Trooster**, Februarie 1948, p.18, Albei bg. is weer in die bediening in die A.G.S. herstel.
80. **Trooster**, Oktober - November 1940, p. 12.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uitvoerende Raad van die begin af nie met hierdie beweging wou saamwerk nie.

14.2.5 **Poging tot eenheid - 1941**[81]

Op 'n vergadering gehou op die 23e Januarie 1941 besluit die Uitvoerende Raad van die A.G.S. ... "..... that we meet the Executive Council of the Full Gospel Church to discuss the matter of union between the two bodies."[82] Gedurende 11-13 Februarie 1941 het die Uitvoerende Rade van die twee kerke ontmoet om 'n basis vir eenheid te bespreek.[83] Die basis wat tussen die twee Uitvoerende Rade bereik is, sou by die twee kerke se Algemene Konferensies in April 1941 voorgelê word en as dit in beide gevalle aangeneem is, sou die saak van vereniging verder afgehandel word.[84]

Die twee Uitvoerende Rade het op die volgende basis vir vereniging ooreengekom:[85]

1. Die naam van die verenigde liggaam sal wees "Die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika waarmee verenigd is Die Volle Evangelie Kerk."

81. I.G.L. Du Plessis (op. cit., p. 109) sien hierdie poging as deel van die Eenheidskomitee se poging. Dit is egter uit die notules van die Uitvoerende Raad van die A.G.S. baie duidelik nie die geval nie).
82. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 Januarie 1941, Boek 8, p. 2255. Hierdie aanhaling/besluit weerlê die bewering van past. H.R. Carter van die Volle Evangelie Kerk (Du Plessis, I.G.L. op. cit., p. 109) dat die A.G.S. nie die Volle Evangelie Kerk tot 'n samespreking uitgenooit het nie, maar dat die sekretarisse van die twee kerke op eie reg gehandel het).
83. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Februarie 1941, Boek 8, p. 2260.
84. **Trooster**, Januarie/Februarie 1941, p. 5.
85. Du Plessis I.G.L., op. cit., p. 110.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Die wyse van doop deur onderdompeling sal as 'n oop kwessie gelaat word en geen onderdompeling-doopwyse sal ge[illegible] [illegible]preek of bespreek word deur enigeen nie.

3. Die "onbeperkte maatskappy"-klousule sal uit die konstitusie verwyder word en die nuwe liggaam sal as kerk geregistreer word.

4. Die twee kerke se Uitvoerende Rade sal as 'n gesamentlike Uitvoerende Raad dien tot in 1943 wanneer 'n nuwe Uitvoerende Raad van 24 lede gekies sal word.

Hierdie basis van eenheid is toe in April 1941 aan beide kerke se algemene konferensies (Algemene Raad van die Volle Evangelie kerk) voorgelê vir goedkeuring. In albei gevalle het die meerderheid lede gestem vir die verwerping van die basis van eenheid.[86] Met hierdie mislukte poging tot eenheid is die saak daar gelaat en sou daar 'n hele aantal jare verbygaan voor die saak van vereniging weer opgeneem is.

Dit was eers in die sewentiger jare wat daar weer opnuut gepoog is om die twee kerke te verenig. Terwyl dit buite die bestek van hierdie proefskrif val, is dit genoeg om te sê dat ook hierdie poging misluk het – hoofsaaklik a.g.v. dieselfde redes as by die vorige geleenthede.

## 14.3 Samewerking en gemeenskap met ander Pinksterkerke

Uit die geskiedenis van die A.G.S. is dit duidelik dat hy altyd begerig was om goeie verhoudinge en samewerking met ander Pinksterkerke

86. Notule van die Jaarlikse Algemene en Werkerskonferensie, 5-[illegible] April 1941, Notuleboek 5, p. 2251; en Du Plessis I.J.L., op. cit., p. 111.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te bevorder. Reeds so vroeg as 1920 besluit die Uitvoerende Raad .... ".... that the Apostolic Faith Mission of South Africa become affiliated with the Pentecostal Assemblies of the U.S.A. and Canada, provided there be no legal difficulties that will tie us up as an organised body."[87]

Die Uitvoerende Raad het nie net na die Pinksterkerke in Amerika en Kanada uitgereik nie, maar ook na dié in Australië: "Secretary read a letter from the Pentecostal Church of Australia accepting our offer for corporate fellowship."[88]

In 1934 het die Assemblies of God in Suid-Afrika die hand van gemeenskap na die A.G.S. uitgereik. Die A.G.S. het hierdie toenadering dadelik beantwoord.[89]

Gedurende 1935 het 'n klein Pinksterkerk in S.A., die Pentecostal Holiness Church, die A.G.S. genader, nie bloot met die oog op samewerking nie, maar inderdaad om met die A.G.S. te verenig.[90] Nadat 'n afvaardiging van genoemde kerk die Uitvoerende Raad van die A.G.S. ontmoet het, is daar in beginsel besluit om die eenwording deur te voer. 'n Komitee is aangestel om op die fyner detail van die vereniging in te gaan. Daar is selfs besluit om 'n verteenwoordiger van die Pentecostal Holiness Church van oorsee af te nooi om behulpsaam te wees in die toetstandkoming van 'n eenheid.[91] Daar het ongelukkig van hierdie gepoogde eenwording niks gekom nie.

87. Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Augustus 1920, Boek 2, p. 438.
88. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Junie 1935, Boek 6, p. 1655.
89. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Desember 1934, Boek 7 p. 1569.
90. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 April 1935, Boek 6, p. 1634.
91. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 April 1935, Boek 6, p. 1643-1644.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die veertiger jare was daar reeds sowat 'n vyftal bekende Pinksterkerke in Suid-Afrika werksaam waarvan die A.G.S. by verre die grootste was. Die gemeenskaplike behoefte aan samewerking, 'n beter verstandhouding en gemeenskap, was baie duidelik teenwoordig. So is daar in Augustus 1948 'n besluit van die Uitvoerende Raad om broeders te stuur om 'n afvaardiging van die ander Pinksterkerke te ontmoet vir samesprekings met die oog op moontlike samewerking en gemeenskap.[92]

Dit was eers op die 21$^{e}$ Augustus 1950 dat daar iets daadwerklikes in hierdie verband gedoen is. Op dié dag het 49 leiers en werkers van verskillende Pinksterbewegings in Suid-Afrika saam vergader .. ".... met die doel om onderlinge gemeenskap en verstandhouding te bespreek ...." Op die byeenkoms is toe die volgende besluite geneem:-

a. "Dat ons in beginsel so 'n gemeenskap goedkeur en verwelkom.

b. Dat die Uitvoerende Rade van die verskillende bewegings versoek sal word om elk drie lede te benoem om 'n komitee te vorm wat die verlangde gemeenskap sal bevorder, onderlinge verskille probeer uit die weg ruim en gemeenskapdienste te reël."[93]

Hierdie poging tot samewerking het blykbaar nie veel opgelewer nie. By die algemene Werkersraad van 1953 word gerapporteer[94] van 'n vergadering wat gehou is tussen verteenwoordigers van die Pentecostal

92. Notule van die Uitvoerende Raad, 10-19 Augustus 1948, Boek 12, p. 3186.
93. Trooster, Augustus 1950, p. 14.
94. Notule van die Algemene Werkersraad, 30 Maart - 2 April 1953, Boek 15, p. 3959.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Holiness Church, Assemblies of God, Volle Evangelie Kerk en die A.G.S. Daar word ook vermeld dat dié vier kerke 'n gemeenskapsdiens in Johannesburg gehou het, maar dat die belangstelling teleurstellend was. Geen verdere pogings is aangewend om gemeenskap te bevorder nie en daar is ook geen verdere planne in die verband nie.

Dit sou eers in 1978 wees dat 'n funksionele organisasie tussen die Pinksterkerke in Suid-Afrika totstand gekom het.[95] Die Gemeenskap van Pinksterkerke waarby die meeste Pinksterkerke in Suid-Afrika geaffilieer is, vergader sedertdien op gereelde tye en 'n positiewe bydrae word gelewer in terme van wedersydse begrip, samewerking en geestelike gemeenskap.

## 14.4 Die A.G.S. en die Pinkster Wêreldkonferensies

Daar is reeds aangetoon dat die A.G.S. van vroeg af gretig was om ekumeniese kontak met ander Pinksterkerke binne en buite Suid-Afrika te hê. Daarom is dit ook van pas om kortliks na die A.G.S. se betrokkenheid by die Pinkster Wêreldkonferensies te kyk.

Reeds in 1937 het die behoefte by die Algemene Raad van die Assemblies of God in Amerika (waarby ook verskeie Pinksterleiers uit ander lande as genooides teenwoordig was) ontstaan om in 1940 'n Wêreld Pinksterkonferensie in London bymekaar te roep. A.g.v. die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die konferensie tydelik van die baan af.

Na die oorlog het die behoefte in Switserland ontstaan dat daar

95. *Pinkster-boodskapper*, Maart 1978, p. 20.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te midde van soveel geestelike en liggaamlike nood in Europa iets gedoen moet word waarin noue samewerking tussen soveel as moontlik Pinksterbewegings wêreldwyd verkry moet word.[96] Hieruit is die eerste Wêreldkonferensie vir Pinksterkerke gebore. Die naam is later verander na die "Pentecostal World Conference."[97]

Die eerste konferensie is toe gehou in Mei 1947 in Zurich, Switserland. Die Switserse Pinkster-Sending het as gasheer opgetree en Leonard Steiner, pastoor van die grootste Pinksterkerk in Basel, was die eerste voorsitter. Tweeduisend mense van 22 lande regoor die wêreld was daar teenwoordig. Die A.G.S. se afgevaardigde, Dawid du Plessis, het 'n belangrike rol by hierdie en volgende konferensies gespeel.

Daar is nie hier ruimte om op die doelstellings en manifes van die konferensies in te gaan nie.[98] Genoeg om te sê dat almal reeds by die eerste konferensie oortuig was dat die Heilige Gees 'n nouer gemeenskap tussen die baie Pinksterkerke in die wêreld wil teweegbring.[99]

Die 2[e] konferensie is gehou in Parys, Frankryk in Mei 1949. Die A.G.S. se afgevaardigdes was G. Vermeulen en A.J. Schoeman, onderskeidelik president en algemene sekretaris.[100] By hierdie konferensie

96. Uit 'n Algemene oorsig oor die ontstaan van die Pinkster Wêreldkonferensie aan die Algemene Werkerskonferensie van die A.G.S., 30 Maart - 2 April 1953, Boek 15, p. 3994-3998.
97. David du Plessis, "A man called Mr. Pentecost", p. 115.
98. Veel inligting oor die Pinkster Wêreldkonferensie is beskikbaar in die, "Verslag oor die Wêreld Konferensie te London, 1952 aan die Algemene Werkerskonferensie en kerkrade van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika",- in die Notuleboek van die Uitvoerende Raad, 30 Maart - 2 April 1953, Boek 15, p. 3994-3998. Ook in die Biografie van David du Plessis, A man called Mr. Pentecost, p. 114.
99. Notule van die Werkersraad, 30 Maart - 2 April 1953, Boek 15, p.3994.
100. Notule van die Uitvoerende Raad, 24 Januarie 1949, Boek 12, p. 3218.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is die organisasie en doelstelling in 'n manifes vasgelê. Voortaan sou so 'n konferensie nie slegs een voorsitter hê nie, maar 'n presidium van vyf voorsitters wat deur die konferensie gekies sal word. Elke konferensie sal ook 'n sekretaris kies wat tot by die volgende konferensie in dié hoedanigheid sal waarneem. Hy sal bygestaan word deur 'n raadgewende komitee van vyf man wat ook deur die konferensie gekies word.

Wanneer hierdie minimum organisatoriese aangeleenthede afgehandel is, spits die konferensie hom hoofsaaklik toe op tye van geestelike gemeenskap, gedagtewisselings, gebed, Bybelstudie, geïnspireerde prediking, nagmaal en openbare byeenkomste.[101]

Sedertdien is daar min of meer elke drie jaar 'n konferensie gehou - so bv. in 1952 in London, 1955 in Stockholm, ens. Hierdie konferensies word nog steeds gehou en die A.G.S. is ook een van die kerke wat gereeld daar verteenwoordig is en ook in verlede belangrike bydraes gemaak het.

## 14.5 Besoekende oorsese predikers

In hierdie hoofstuk wat handel oor die A.G.S. se verhouding met ander kerke, kan ten slotte ook net verwys word na 'n aantal bekende oorsese predikers wat in die periode tot 1958 in die A.G.S. of in samewerking met die A.G.S. kom dienste hou het. Daardeur het die A.G.S. nie net goeie kontak met oorsese Pinksterkerke behou nie maar kon die besoekende predikers waarvan sommige manne met wye invloed oorsee was, meewerk aan Suid-Afrika se beeld in die buiteland. Die meeste van hierdie predi-

101. Trooster, Junie 1973, p. 30.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kers het deur hulle bediening ook 'n groot bydrae gemaak in die vooruitgang van die A.G.S. Die name van 'n paar van die bekendste predikers sal kortliks genoem word.

Een van die vroeë Pinksterpredikers met 'n kragtige bediening was Smith Wigglesworth. Aan die einde van 1936 besoek hy en Fred Squire Suid-Afrika.[102] Sy bediening is gekenmerk deur 'n vaste en onverskrokke geloof. Talle wonderwerke, soos blindes wat sien en kreupeles wat loop is selfs in die koerante gepubliseer.[103]

Donald Gee is in Pinksterkringe bekend as een van die mees gesaghebbende en geëerde Pinksterleraars wat in talle lande reg oor die wêreld bedien het. Sy gesonde Skrifgebonde leringe het menige Pinksterkerk van gevaarlike slaggate gered. Die A.G.S. was bevoorreg dat Donald Gee drie keer hier besoek afgelê het: Januarie - April 1934, Januarie - April 1950 en Julie - September 1956.[104] Sy bediening was ook vir die A.G.S. van groot betekenis.

In menige geselskap sal die naam van William Branham gemengde reaksie ontlok. Sy naam het binne 'n kort tydjie op die lippe van vele Suid-Afrikaners gekom. Talle mense leef vandag nog wat deur sy bediening 'n wonderwerk van genesing ontvang het. Tydens sy dienste het ambulanse sterwende mense uit hospitale aangebring en het talle mense voor die platforms op draagbare gelê en rystoele gesit. Die bekende en geseënde

102. **Trooster**, Oktober 1936, p. 4.
103. **Cape Times**, Monday, 2nd November 1936, aangehaal in die **Trooster**, Oktober/November 1936, p. 24.
[illegible] in Bethlehem se plaaslike koerantjie, aangehaal in die "**Comforter**", Januarie - Maart 1937, p. 9.
104. **[illegible]oster**, Desember 1933, p. 1.
**[illegible]ooster**, September 1949, p. 15.
**Trooster**, Februarie 1956, p. 10.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

prediker, Ern Baxter, het Branham vergesel en het hoofsaaklik die prediking waargeneem terwyl Branham daarna vir die siekes gebid het. Alhoewel baie mense genesing ontvang het, het talle teleurgesteld huistoe gegaan. Veral in sy latere bediening is heelwat omstrede dinge aan hom verbind.

Hoe ookal sy, met sy besoek aan Suid-Afrika gedurende Oktober, November en Desember van 1951, het die A.G.S. 'n leidende rol gespeel. Aanvanklik sou die A.G.S. slegs met die ander Pinksterkerke saamwerk in die reëling van sy dienste[105] maar mettertyd het die A.G.S. volle verantwoordelikheid geneem vir sy besoek.[106] Die nasionale komitee van lede wat verantwoordelik was vir die reëlings, het uit vier A.G.S. en drie Assemblies of God pastore bestaan waarvan past. Abelines Schoeman, Algemene Sekretaris van die A.G.S., die voorsitter was.[107]

In 1954 sou Branham Suid-Afrika weer besoek het.[108] Hierdie besoek het egter nooit gerealiseer nie weens die feit dat Branham en Baxter se paaie geskei het.[109]

Die laaste befaamde evangelis wat Suid-Afrika in hierdie periode besoek het en met wie die A.G.S. ook nie-amptelik gemoeid was,[110] is Oral Roberts. Van die pastore van die A.G.S. was op die beheerkomitee en past. Abelines Schoeman, Algemene Sekretaris van die A.G.S., was weer eens voorsitter van hierdie komitee.[111]

105. Notule van die Uitvoerende Raad, 30 Augustus 1950, Boek 14, p. 3532.
106. Notule van die Uitvoerende Raad, 5 April 1951, Boek 14, p. 3695.
107. **Trooster**, September 1951, p. 3.
108. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Mei 1954, Boek 17, p. 4323.
109. Persoonlike inligting verkry van past. J.T. du Plessis, een van die lede van die beheerkomitee.
110. **Trooster**, Mei 1955, p. 2.
111. **Trooster**, Oktober 1954, p. 9.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende Januarie 1955 het Oral Roberts in van die hoofsentra groot Evangeliedienste gehou. Die seën was onmeetbaar. So bv. is daar vanaf 2-9 Januarie 1955 in die Wembley Stadion dienste gehou en die laaste aand was daar meer as 30 000 mense teenwoordig. Daardie aand het 5 000 mense vorentoe gekom om 'n oorgawe aan Christus te maak en 9 000 vir gebed vir genesing.[112] 'n Groot aantal mense het tydens hierdie veldtogte saligheid en andere wonderlike en blywende genesing ontvang.

Die vrugte van hierdie veldtog was meer en blywender as dié van die veldtog van Branham.[113] Veral in die A.G.S. is die mense besiel met nuwe geloof en 'n [illegible]ter oortuiging dat Goddelike genesing 'n meer prominente plek in d[illegible] moet hê.[114] Talle mense is ook as 'n direkte gevolg van h[illegible]togte by gemeentes van die A.G.S. gevoeg. Daar was 'n groter [illegible]lling van die kant van die publiek en die opkomste by die Sondagdienste het aanmerklik toegeneem.[115]

Soos Branham sou ook Oral Roberts Suid-Afrika vir 'n tweede keer besoek het in Januarie 1957.[116] Hierdie besoek het egter ook nie plaasgevind nie.

112. **Trooster**, Januarie 1955, p. 12 en 13.
113. Persoonlike onderhoud, past. J.T. du Plessis.
114. Notule van die Algemene Werkersraad, 4-7 April 1955, Boek 17, p. 4432.
115. **Trooster**, April 1955, p.4.
116. **Trooster**, Desember 1956, p. 8.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 15

## DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING, LEERSTELLINGS EN LITURGIE

Om die kerkregtelike ontwikkeling in die A.G.S. te verstaan, is dit belangrik om begrip te hê vir die opset en omstandighede waarin die A.G.S. ontstaan het. Vir diegene wat uit 'n streng presbiteriale oogpunt daarna kyk, sal dit beslis vreemd voordoen - alhoewel die presbiteriale beginsels mettertyd die oorhand gekry het.

Sien die kerkregtelike ontwikkeling dan teen hierdie agtergrond: 'n Aantal Geesvervulde mense kom na Suid-Afrika met die eerste doel om sendingwerk te kom doen. Toe die Pinksterboodskap soveel inslag onder die Blankes het, meen hulle dat die Here 'n Pinkstervernuwing in die historiese kerke wou bring. Met verloop van tyd het dit egter vir hulle duidelik geword dat hulle boodskap en hulle leer nie vir die kerkewêreld aanvaarbaar was nie. Al meer mense is uit hulle kerke geban of het nie meer bevrediging daar gevind nie en was sonder 'n geestelike heenkome. Hierdie al groter wordende behoefte het die totstandkoming van een of ander vorm van organisasie genoodsaak.

As die aanvanklike kerkregtelike vorme vreemd voorkom, moet daar in gedagte gehou word dat die A.G.S. aan die begin heel skepties en selfs antagonisties gestaan het teen alles wat hulle herinner het aan die kerke waaruit hulle gekom het. Hierdie feit is reeds beklemtoon, maar sal in hierdie hoofstuk nog duideliker uitstaan. Presbiteriale kerkregeringsbeginsels en -benaminge sou geleidelik eers hulle verskyning maak. Die vroeë Pinkstermense wou bevry wees van strukture en stelsels wat hulle

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die tradisionele kerke herinner het, maar juis as gevolg daarvan, het hulle hul in 'n stelsel en vorm begeef wat kollegialistiese trekke toon en waaruit hulle nie maklik sou loskom nie.[1]

Daar moet onmiddellik gesê word dat die kerkregeringstelsel van die A.G.S. op geen stadium as kollegiaal bestempel kan word nie, maar wel dat dit veral aanvanklik sekere trekke daarvan vertoon het. So het die A.G.S. nooit daaroor getwyfel dat hulle ontstaan en bestaan aan die werk van God verbind moet word nie. Aan die een kant was daar die teenkanting teen die tradisies en die stelsels van die kerke waaruit hulle gekom het, maar andersyds het hulle met groot erns in die Skrif gaan soek na voorskrifte vir die inrigting en organisasie van die kerk.

Kollegialistiese trekke in die A.G.S. wat ook in hierdie hoofstuk na vore sal kom, is bv. die registrasie as onbeperkte maatskappy, sekere aspekte van die wyse waarop die kerk bestuur is, die benaminge van sekere rade bv. "local committee" i.p.v. kerkraad, Uitvoerende Raad", wat 'n tipiese kollegialistiese benaming is en "trustees" vir die ampsdraers van die Uitvoerende Raad. Daarby was daar ook verskillende geleenthede waar die A.G.S. hom op 'n vlak van besigheid begeef het wat nie die terrein van die kerk is nie.

1. "Kollegialisme" kom van die Latynse woord collegium wat in die Romeinse reg gelykstaan met "vereniging" - B.B. Keet, **Orde in die Kerk**, p. 30.
Kollegialisme is daardie kerkregeringstelsel wat die kerk as 'n blote menslike instelling sien, 'n vereniging of genootskap. Die doel van s 'n vereniging is om sekere godsdienstige doeleindes te bereik en van staatsweë erkenning te geniet. Hierdie stelsel vind geen Skriftuurlike gronde vir die instelling van 'n kerklike instituut nie. Nie die Skrif nie, maar die praktiese belange van die groep, dit wat tot nut kan wees, is bepalend.
Volgens hierdie stelsel word die kerk soos enige wêreldse instansie of vereniging bestuur - soos 'n besigheid, volgens besigheidsbeginsels. Die kerk is dus soos 'n besigheid en die beginsels van reg lê nie in openbaring van God nie, maar in die algemene regsbesef van die mens en word deur 'n meerderheidstem bepaal. Hierdie stelsel is 'n produk van die Aufklärung van die $18^e$ eeu.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op die keper beskou, het die A.G.S. se kerkregeringstelsel egter oorwegend as presbiteriaal ontwikkel. Dit sal in die loop van hierdie hoofstuk duidelik word.

Aan die begin was daar in die Pinksterbeweging 'n mate van spanning tussen die "vryheid van die Gees" aan die een kant en kerkregering en organisasie aan die ander kant. Die volgende aanhaling uit 'n vroeë kerkblad illustreer hierdie besef: "Perhaps no subject has produced more controversy within the ranks of the Pentecostal Movement at large than .... Church organisation and government .... "So great had been the bondage to Ecclesiastical Law and control, and so great the new freedom from such that the latter was accepted and appreciated and believed to be in exact accordance with the Will and Word of God. Soon, however, it became apparent that many mistook liberty for licence, and little attention was paid to the directions for control and government of meetings as provided in the Word of God .... One would hear dear children of God say .... 'We do not want any government, the Holy Ghost governs us.' 'We do not want any organisation or authority over us exercised by any man, the Holy Ghost does not need organisation or authority vested in man ....' Christian liberty misinterpreted had now become licence ... Much of the confusion that has attended Pentecostal work has been caused by this failure to recognise proper government and authority in the Church as set forth in the Word of God."[2]

Dit is dus belangrik dat die eerste leiers in die A.G.S. die gevare in hierdie verband raakgesien het en besef het dat daar sekere Bybelse beginsels is waarvolgens die kerk regeer moet word.

## 15.1 Die ontstaan van organisasie en regering in die A.G.S.

Vir die eerste jaar nadat die Amerikaanse geselskap hier aange-

2. The Comforter, September - Oktober 1911, p. 5.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

kom het, was hier van enige amptelike kerkregering nie veel sprake nie. Na 'n jaar het dit vir die broeders duidelik geword dat daar een of ander vorm van organisasie en koördinering nodig was.

Op die 27ste Mei 1909 neem Br. Tom Hezmalhalch die inisiatief deur die werkers vir 'n vergadering by sy huis bymekaar te laat kom.[3] Die name van vyftien werkers word in die notule genoem. Br. R.H. van de Wall is vir die vergadering as voorsitter gekies. Br. Hezmalhalch het die doel van die vergadering geskets: die konstituering van 'n permanente vergadering om die vinnig uitbreidende werk te beheer: "The Brethren constitute themselves into a Council, which consists of all the workers in active service for the Master .... The workers shall retain full liberty in the Holy Ghost, independent of each other, each worker being acknowledged as the head of the work thus undertaken by him, with whom the other workers will co-operate if required."[4]

Die volgende opmerkings is hier nodig: Die eerste amptelike raad in die A.G.S. het dus uit al die werkers bestaan. Hulle het ook aanvanklik besluit om dit 'n "workers council" en nie 'n "workers conference" te noem nie.[6] Binne enkele jare sou dit egter verander na "workers conference" en in 1946 weer terug na "Workers council" of Werkersraad.

Die gemeenskaplike basis vir hulle konstituering as 'n raad was dat hulle almal werkers was .... ".... in active service for the Master, who teach the Gospel of Jesus Christ according to the Word of God and maintain the same as set forth in the Apostolic Faith Mission."[5] Hierdie verbintenis as 'n raad het nie hoë eise aan die manne gestel nie en hulle kon redelik onafhanklik en outonoom optree.

3. Notule van die Uitvoerende Raad, 27 Mei 1909. Voorlopige Notuleboek.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By hierdie selfde geleentheid waar die Werkersvergadering of Werkersraad gekonstitueer is, is 'n Uitvoerende Komitee of Raad ook in die lewe geroep: "The question arose: who would be acting for the whole council in the absence of the workers and in case urgent matters arise for treatment."[7] Die raad besluit toe om uit sy geledere sodanige Uitvoerende Komitee te kies, bestaande uit 'n president, vise-president, tesourier en sekretaris plus drie bykomende lede. Hierdie Uitvoerende Komitee/Raad moes dus in belang van die werkersraad optree in gevalle wat dringende afhandeling vereis. Die ampsdraers van die Uitvoerende Komitee sal ook dieselfde ampte in die Algemene Raad van werkers beklee.

Noudat daar na die ontstaan van hierdie twee rade gekyk is, sal daar na die verdere ontwikkeling van hierdie rade asook die distrik- en gemeenterade gekyk word.

## 15.2 Algemene Werkerskonferensie

Tot 1913, toe die A.G.S. as onbeperkte maatskappy geregistreer is, is gegewens oor die kerkregering maar skraps en onvolledig. Dit moet egter hier in gedagte gehou word dat die Werkerskonferensie of Werkersvergadering duidelik onderskei moet word van die Algemene Konferensie of Konferensie van lede/lidmate wat vir jare, selfs voor 1913 toe die A.G.S. as 'n onbeperkte maatskappy geregistreer is,[8] die hoogste gesag in die kerk was.

Alhoewel daar reeds in 1909 'n werkersvergadering of werkerskonferensie in beginsel gevorm is, word 'n duidelik taakomskrywing eers in 1917 gegee. Die volgende aanbeveling van die Uitvoerende Raad het by die Algemene Konferensie van April 1917 gedien: .... that an annual

7. <u>Ibid</u>.
8. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] November [illegible], uit die Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meeting of workers be held at such a time and place as the Executive Council shall think proper, for the purpose of attaining unity in Spirit, Doctrine and Discipline and generally for the furtherance of the interests of the work."[9]

Die Werkerskonferensies kon bygewoon word, nie alleen deur die heeltydse werkers nie maar ook deur die deeltydse werkers (gemeenteraadslede). Tot in 1922 was dit nie 'n verpligte saak dat elke gemeente 'n afvaardiging na die werkerskonferensie stuur nie. Die gevolg was dat al die gemeentes in die land nie altyd by hierdie vergaderings verteenwoordig was nie. Dit was dus 'n belangrike besluit by die Werkerskonferensie van 1922 dat verteenwoordiging van gemeentes by hierdie vergadering voortaan nie meer opsioneel sal wees nie en dat elke gemeente deur ten minste een afgevaardigde by die Werkerskonferensie verteenwoordig moet wees.[10] Al die gemeentes en distrikte het nie dadelik in lyn geval met hierdie besluit nie, want by die vergadering van April 1925 word die saak weer bespreek in die lig daarvan dat daar uit sommige distrikte nie eers een verteenwoordiger by die Werkerskonferensie is nie."[11]

By die Werkerskonferensie van 1926 was daar 100 afgevaardigdes van die Witwatersrand en 50 van die ander distrikte in die land.[12] Dit dui enersyds op die swak verteenwoordiging uit die ander distrikte, (daar was op daardie stadium nog geen beperking op die maksimum aantal afgevaardigdes uit 'n gemeente nie), andersyds dui dit daarop dat die grootste konsentrasie van Pinkstermense aan die Rand was.

9. Notule van die Algemene Konferensie, 9 April 1917, Notuleboek 1, p. [illegible]8.
10. Notule van die Algemene Werkerskonferensie, 18 Julie 1922, Boek 3, p. 582.
11. Notule van die Jaarlikse Werkerskonferensie, 7 April 1925, Boek 4, p. 795-796.
12. Trooster, April 1926, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In 1928/9 vind 'n belangrike kerkregtelike verandering m.b.t. die gesag van die meerdere vergaderings plaas. Tot op daardie stadium het die Werkerskonferensie hom hoofsaaklik besig gehou met geestelike en leerstellige aangeleenthede terwyl die Algemene Konferensie van lede (waaroor weldra meer gesê sal word) die administratiewe en finansiële aangeleenthede behandel en goedgekeur het.[13] Die ledekonferensie het ook die Uitvoerende Raad en die Geestelike Komitee gekies.

Hierdie verandering is reeds in 1926 aangevoer deur br. Scott Moffat wat so 'n voorstel aan die Uitvoerende Raad gemaak het. Die Uitvoerende het toe alreeds in beginsel besluit ... "That for such a period as may seem necessary the Annual Conference of certificated workers and elected delegates take the place of the Annual General Conference in the election of officers of the Executive Council, standing committees and all other matters of business and administration at present carried out by the General Annual Conference of members, that the Workers Conference shall consist of all certified workers, together with delegates chosen by the assemblies of members. The General Annual Conference to meet as in time past but to be devoted to preaching, teaching and spiritual work."[14] Hierdie besluit sou dan voor die Werkerskonferensie van April 1927 gelê word vir goedkeuring.

Hierdie verandering in die gesagstruktuur van die kerk was 'n belangrike ontwikkeling in die rigting van 'n meer presbiteriaal - georiënteerde stelsel. Om hierdie verandering deur te voer sou die konstitusie egter verander moes word, aangesien die Werkerskonferensie nou sekere konstitusionele magte van die Konferensie van lede oorgeneem het.

13. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Desember [illegible], [illegible] p. [illegible] en [illegible].
14. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1928 gee die Algemene Konferensie van lede sy toestemming vir hierdie verandering van die konstitusie.[15]

By 'n spesiale vergadering van lede in Desember 1929, is die konstitusie dan so gewysig ..... "That the Executive Council & Spiritual Committee in future be elected by the certificated workers and delegates representing the Apostolic Faith Mission of South Africa at the Annual General Workers Conference held every year."[16]

Volgens die konstitusie sou die Werkerskonferensie voortaan die gesag nie alleen oor geestelike en leerstellige sake hê nie, maar ook oor administratiewe en finansiële sake. In die oë van die staat was die Algemene Konferensie van lidmate egter nog die hoogste gesag, omdat hulle die lede van die onbeperkte maatskappy is. Alhoewel hierdie gesag voortaan net in naam bestaan het, was dit tog 'n wetlike feit. Dit het wel nog by geleentheid gebeur dat sekere netelige sake waaroor die Werkerskonferensie nie alleen wou besluit nie, na die Algemene Konferensie verwys is vir oorweging en beslissing - so bv. die gee van tiendes as 'n vereiste kwalifikasie vir werkers en gemeenteraadslede.

Omdat die Algemene Konferensie wetlik nog die hoogste gesag was, is die belangrikste besluite van die Werkerskonferensie by 'n geleentheid tydens die Algemene Konferensie aan die lidmate meegedeel vir goedkeuring en kennisname. Hierdie toedrag van sake sou eers in 1961 beëindig word toe die A.G.S. onder die Maatskappywet uitgekom het.

15. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 6-[illegible] April 1928, Boek 4, p. 1033.
16. Notule van 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede van die A.G.S. van S.A., 7 Desember 1929, Boek 4, p. 1139-114[illegible]. Weliswaar is die ampsdraers en die Uitvoerende Raad in April van 1929 reeds deur die Werkerskonferensie gekies. In 193[illegible] word daar voorlopig eers weer teruggekeer na die ou stelsel van verkiesing deur die Konferensie van lede. Die rede wat aangevoer was, is dat die verandering van konstitusie eers deur die Regering goedgekeur moes word. Verkiesings deur die Werkerskonferensie sou dus op daardie stadium ongeldig wees. Uit die Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, [illegible] April [illegible], Boek 4, p.1164.
17. Trooster, [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende die dertiger jare het die probleem al groter geword dat groot gemeentes aan die Rand 'n onbeperkte aantal afgevaardigdes na distriksvergaderings en ook die Werkerskonferensie stuur terwyl veraf gemeentes weens die afstand en onkoste dit nie kon doen nie. Die gevolg was dat die stemkrag van die gemeentes aan die Rand veel groter was. In 1939 besluit die Uitvoerende Raad dat 'n gemeente nie meer as sewe afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering mag stuur nie.[18]

In 1946 is 'n nuwe, ietwat veranderde konstitusie in gebruik geneem. In hierdie konstitusie is die naam van die Algemene Werkerskonferensie verander na Algemene Werkersraad. Die Werkersraadsou soos die Werkerskonferensie bestaan uit alle heeltydse werkers en die afgevaardigdes uit elke gemeente. Die magte van die Werkersraad word ook duidelik omskryf. Behalwe dat die verkiesing van die kerk se uitvoerende ampsdraers en sekere ander ampte daar gedoen sou word, was die Werkersraad verder gemagtig .... "... om die besigheid en sake van die Sending voort te sit en uit te voer, om haar werksaamhede te beheer, en om voorstelle, mosies, instruksies en voorskrifte in verband met die geestelike en tydelike sake van die Sending voor te stel, te behandel en aan te neem en om voorskrifte vir die beheer van die Sending, haar amptenare, werkers en lede, neer te lê".[19] Alhoewel die Werkersraad (en voor hom die Werkerskonferensie) reeds vir 'n hele aantal jare die funksie van die Ledekonferensie oorgeneem het, sou lg. in naam tot in 1961 die hoogste gesag in die A.G.S. bly. Daar sal nou meer oor die Ledekonferensie gesê word.

## 15.3 Die Konferensie van lede (Ledekonferensie)

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk genoem, was konferensies feitlik van die begin af deel van die A.G.S. Hierdie konferensies, waar

18. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 September 19[illegible], [illegible]
[illegible]
19. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

groot getalle lidmate saamgetrek het, was egter meer as bloot 'n geestelike konferensie, dit was ook die samekoms van die hoogste vergadering van die A.G.S. Mettertyd het hierdie konferensie meeste van sy pligte en funksies aan die Werkerskonferensie (wat net voor en later tydens die Algemene Konferensie vergader het), oorgedra en het dit slegs die vorm van 'n geestelike konferensie aangeneem. By 'n geleentheid tydens die konferensie is daar dan 'n ledevergadering gehou waartydens die besluite van die Werkerskonferensie voorgelê is en waar nodig, enigsins bespreek is. 'n Aanhaling uit die notule van 1945 kan as voorbeeld hiervan dien: "According to the Constitution the General Conference of members was still the highest body in the Mission and in order to make sure that this Conference approved of the Resolutions of the Workers Conference all of them were read out by the General Secretary to about 400 members and Workers present. It was resolved ..... that the General Conference confirm all the Minutes of the General Workers Conference."[10]

Die rede waarom die algemene vergadering van lidmate die hoogste gesag in die A.G.S. was, moet in die eerste plek nie as die uitvloeisel van een of ander kerkregeringstelsel gesien word nie, maar as gevolg van die feit dat die A.G.S. aan die einde van 1913 as 'n onbeperkte maatskappy geregistreer is. Dit het meegebring dat elke persoon wat lidmaat van die A.G.S. geword het en die lidmaatskapsertifikaat onderteken het, daarmee ook 'n aandeelhouer in die maatskappy geword het. Dit is dus logies dat die hoogste gesag by die vergadering van lede gelê het.

Daar moet egter ook 'n ander rede wees waarom die vergadering van lidmate aanvanklik die hoogste gesag was, aangesien die Algemene Konferensie reeds voor 1913 hierdie mag gehad het.[11] Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die anti-klerikale of -ampsentriese in

10. Notule van die Algemene en Werkerskonferensie, 29 Maart - 8 April 1945, Boek 11, p. 2679 en 2680.
11. [illegible] Uitvoerende Raad, [illegible] November [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die vroeë A.G.S. Die woorde "ouderling" en "diaken" is selde aan die begin gehoor - in die plek daarvan onderskeidelik eerder "evangelis" en "werker". En 'n normale meerdere vergadering is tog saamgestel uit ouderlinge (en diakens). Regering deur kerklike amptenare of afgevaardigdes het die vroeë A.G.S. met sy "anti-kerkgevoel" te veel aan die historiese kerke herinner waaruit hulle gekom het.

'n Laaste rede vir die feit dat die lidmate die hoogste gesag in die A.G.S. gehad het, moet gesoek word in die hoë premie wat in die A.G.S. op die betrokkenheid van elke lidmaat geplaas is. Die eenvoudigste gelowige, al was hy of sy op geen raad nie of geen ampsdraer nie, het geglo dat die Gees van die Here deur hulle werk en hulle bekwaam maak. As gewone Geesvervulde gelowiges het hulle getuig, gepreek, vir siekes gebid, in eredienste opgetree, ens. - waarom sou hulle dan nie ook medeseggenskap hê in die gang van sake in die kerk nie?

Soos reeds genoem, het die Werkerskonferensie wat hom hoofsaaklik met geestelike, etiese en leerstellige sake besig gehou het, vanaf 1928/29 sekere van die funksies van die Ledekonferensie oorgeneem.[22] In 1946, met die gewysigde konstitusie, is hierdie aspek van die kerkregering van die A.G.S. ook verander: "Dat Seksie 6 van die Konstitusie gewysig sal word sodat die Algemene Werkerskonferensie die hoogste Konstitusionele gesag in die Sending sal wees i.p.v. die Algemene Konferensie van lede ...."[23]

Vir alle praktiese doeleindes het die Konferensie van lede in 1946 al sy magte en funksies prysgegee. Dit ly egter min twyfel dat tegnies gesproke, en al was dit net in naam, die Ledekonferensie ook na [illegible]

22. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Desember [illegible], [illegible], p. [illegible]-942 en Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, [illegible] April 1928, Boek 4, p. 1035.
23. Trooster, November 194[illegible], p. [illegible]; [illegible] Trooster, [illegible] 1946, p. 21.
24. [illegible] ok die mening van die amptelike [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1946 die hoogste gesag in die kerk was.[24] Hierdie gesag is eers amptelik in April 1961 opgegee toe die laaste Ledevergadering van die A.G.S. in Johannesburg gehou is[25] met die begin van 'n nuwe era toe die A.G.S. deur Private Wet, No. 24 van 1961, as 'n kerk en nie langer as 'n maatskappy geregistreer is nie.

## 15.4 Die Uitvoerende Raad

Daar is reeds vroeër in hierdie hoofstuk verwys na die verkiesing van die eerste Uitvoerende Raad op 27 Mei 1909. Die doel van die Uitvoerende Raad is duidelik uitgestippel: Hulle moes namens die Werkersraad of -konferensie optree en wanneer dringende sake in die tussentyd opduik, dit in behandeling neem.[26] Soos wat weldra aangetoon sal word, het die Uitvoerende Raad 'n veel prominenter en beherende funksie as bloot dit vervul.

Daar moet hier net weer verwys word na die integrale rol wat die Sentrale Tabernakelgemeente aan die beginjare in die A.G.S. gespeel het. Tot 'n groot mate was dié gemeente vir die eerste jaar of twee die A.G.S. Die beheer oor die res van die werk het daarvandaan uitgegaan. Trouens die nuutverkose Uitvoerende Raad was tegelyk ook die "kerkraad" van die gemeente en die ampsdraers van die kerk was ook die ampsdraers van die gemeente. Tot in Mei 1910 het die Tabernakelgemeente en die res van die werk dieselfde bankrekening gehad. Eers in Maart 1911 is 'n ander raad apart van die Uitvoerende Raad gekies om beheer oor die gemeente en veral die finansies oor te neem.

25. Boek A, los dokumente, p. 5[illegible], in die A.G.S. argief.
26. Notule van die Uitvoerende Raad, 27 Mei 1909, Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende die eerste aantal jare het die Uitvoerende Raad bestaan uit sewe leidende werkers in die bediening.[27] In 1916 word besluit om die Uitvoerende Raad na twaalf lede te vergroot.[28] Om hierdie verandering te bewerkstellig moes die konstitusie geamendeer word en daarvoor moes ses maande voor die tyd kennis gegee word.[29] By die konferensie van 1917 is die verandering van die konstitusie toe aangebring en die nuwe Uitvoerende Raad het toe uit twaalf lede bestaan.[30] Blykbaar was die verandering van die konstitusie op daardie stadium nie heeltemal en wettig deurgevoer nie, want eers aan die einde van 192[illegible] is hierdie wysiging saam met enige andere by 'n spesiale vergadering van lede goedgekeur alhoewel die Uitvoerende Raad in die praktyk sedert 1917 uit twaalf lede bestaan het.[31]

In die vroeë jare was die vergaderings van die Uitvoerende Raad nie so geslote as wat die geval in latere jare was nie. Daar was gewoonlik 'n aantal ere-lede op die raad. Van die heeltydse werkers het ook soms die vergaderings as waarnemers en besoekers bygewoon.[32]

Die Uitvoerende Raad het van die begin af dikwels vergadering gehou – gedurende die eerste aantal jare gemiddeld een keer per maand.[33] Vanaf 1924 is daar min of meer elke twee maande vergadering gehou en 'n week is elke keer daarvoor opsy gesit.[34] [illegible]pvallend veral uit daardie dae is dat 'n aantal dae van die vergaderings eenkant gesit

27. **The Comforter**, November 1910.
28. Notule van die Algemene Konferensie, 24 April [illegible], Boek 1, p. 65.
29. Ibid.
30. Notule van die Algemene Konferensie, [illegible] April [illegible], Boek 1, p. 108.
31. Notule van 'n Spesiale Vergadering van lede, [illegible], Boek 4, p. 1139-1141.
32. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], Boek 1, p. [illegible].
33. Notule van die Algemene Konferensie, [illegible] November [illegible], [illegible]lopige Notuleboek.
34. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Augustus 192[illegible], Boek [illegible], p. [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is om slegs geestelike sake te bespreek.[35]

Oor die verkiesing van die Uitvoerende Raad kan die volgende kortliks gesê word. Tot 1940 is die Uitvoerende Raad jaarliks verkies, daarna driejaarliks.[36] Daar is reeds genoem dat die Konferensie van lede verantwoordelik was vir die verkiesing en later die Werkerskonferensie of -raad. Met enkele uitsonderings[37] het die verkiesing van die betrokkenes soos volg verloop: Daar was 'n voorstel en sekondant vir 'n persoon of persone vir 'n amp, ('n ampsdraer of Uitvoerende Raadslid), daarna is daar met die opsteek van hande oor die voorstel(le) gestem.[38] Vanaf 1940 is die ampsdraers van die Uitvoerende Raad d.m.v. geheime stembriefies verkies.[39]

Aanvanklik het die Uitvoerende Raad bestaan uit sekere leidende en prominente werkers in die kerk. Met die geleidelike totstandkoming van distriksrade is spesifieke distrikte aan spesifieke lede van die Uitvoerende Raad toegesè om as voorsitter en opsiener daaroor te tree. Gedurende 1923/4 het die probleem al sterker na vore gekom dat die veraf distrikte soos die Kaap en die Vrystaat ook op die Uitvoerende Raad verteenwoordig behoort te word. Die manne uit die veraf distrikte het egter nie 'n gelyke kans gehad nie omdat die verkiesing van die Uitvoerende Raad deur die Algemene Konferensie gedoen is en die meeste lidmate by die konferensies was van die Rand en omgewing.[40] 'n Oplossing vir die probleem is egter nie op daardie stadium gevind nie.

35. <u>Ibid</u>.
36. **Trooster**, Januarie - Februarie 1940, p. 16.
37. So bv. is die vise-president in April 1917 deur stembriefies verkies. Notule van die Algemene Konferensie, [illegible] April 1917, Boek 1, p. 109 en 110.
38. Notule van die Algemene Konferensie, [illegible], Voorlopige Notule.
39. **Trooster**, Januarie - Februarie 194[illegible], p. [illegible].
40. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Maart 1924, Boek 3, p. [illegible] en [illegible] asook Notule van die Jaarlikse Werkerskonferensie, 17 April 1924, Boek 3, p. 732 en 73[illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

A.g.v. die veranderde konstitusie is 'n nuwe verkiesingstelsel in 1940 in gebruik geneem.[41] Daarvolgens sou slegs die ampsdraers van die Uitvoerende Raad driejaarliks deur die Werkerskonferensie gekies word. Die lede van die Uitvoerende Raad word egter nie meer deur die Werkerskonferensie verkies nie, maar elke distrik kies nou sy eie verteenwoordiger op die Uitvoerende Raad - ook driejaarliks. Op daardie stadium was dit nie nodig dat 'n distrik se verteenwoordiger in daardie spesifieke distrik woon of bedien nie. In 1946 is besluit dat die verteenwoordiger van 'n distrik op die Uitvoerende Raad in daardie distrik woonagtig moet wees. Die verteenwoordiger van die distrik op die Uitvoerende Raad was gewoonlik ex officio ook die voorsitter van die distrik alhoewel die Uitvoerende Raad hom die reg voorbehou het om iemand anders as voorsitter van 'n distrik aan te stel.

Met die nuwe stelsel van verkiesing en die veranderde konstitusie is die getal Uitvoerende Raadslede na sestien verhoog.[42] Daar moet hier ten laaste nog melding gemaak word van die magte wat die Uitvoerende Raad besit het en die verhouding tussen hierdie raad en die ander meerdere vergaderings.

Daar is reeds verwys na die oorspronklik bedoeling met die Uitvoerende Raad - as Uitvoerende Komitee van die Werkerskonferensie. Alhoewel die Uitvoerende Raad nooit in die A.G.S. die hoogste gesag was nie, kan geen ingeligte persoon ontken dat die Uitvoerende Raad groot mag gehad het in die gang van sake in die A.G.S. nie. Hierdie mag van die Uitvoerende Raad moet veral gesoek word in die wyse van bestuur wat voortgevloei het uit die feit dat die A.G.S. as onbeperkte maatskappy geregistreer is. Die Uitvoerende Raad was dus as't ware die besturende direksie van die maatskappy: "As 'n Maatskappy moet ons 'n direksie hê

41. Trooster, April - Mei 1940, p. [illegible].
42. [illegible]

en daarom moet daar direkteure wees. Die Uitvoerende Raad is al liggaam wat in die statute voorsien ....[3] Die ampsdraers van die Uitvoerende Raad is dan ook al die jare "Trustees" genoem. Hierin is 'n duidelike kenmerk van die Kollegialisme te vind.

Aan die ander kant moet dit ook genoem word dat die Uitvoerende Raad 'n later effektiewe raad is wat tot 'n mate tog die hele kerk in 'n klein, maar verantwoordelike raad verteenwoordig het. Tussentydse sake, dringende sake wat spoed vereis en baie roetine sake wat [illegible] tyd in die groot en [illegible] Werkers/Ledekonferensie sou vereis, kon doeltreffend in die Uitvoerende Raad afgehandel word. Die Uitvoerende Raad kan [illegible] as 'n soort synodus contracta beskou word.

Daar was al die jare 'n noue skakeling tussen die Uitvoerende Raad en die Werkers/Ledekonferensie, [illegible] die Konferensie dikwels tyd [illegible] Uitvoerende Raad verwys [illegible] 'n [illegible]

[illegible]

[illegible]

Werkerskonferensie lê:[16] Die bedoeling van hierdie skema was dat die distriksrade meer mag ontvang en dat die Uitvoerende Raad die hoogste gesag in die kerk word. Die jaarlikse Algemene Werkerskonferensie sou dan 'n suiwer geestelike vergadering word met die Geestelike Komitee as sy Uitvoerende Komitee. Verbasend genoeg is hierdie voorstel van die Uitvoerende Raad deur beide die werkers - sowel as Ledekonferensie goedgekeur. Gelukkig het hierdie plan om aan 'n klein groepie manne so 'n groot mag te gee om een of ander rede misluk en is dit nooit in die gewysigde konstitusie van 1959 opgeneem nie.

Daar was in die vroeë A.G.S. duidelik geen opstand of ontevredenheid van die kant van die [illegible] teen die groot gesag en mag van die Uitvoerende Raad nie. Die [illegible] van die Uitvoerende Raad is met diepe agting en respek bejeën, amper as heiliges. Hulle was erkend as geestelike reuse wie se lewens van diepe toewyding [illegible] gespreek het en deur wie die gawes van die Heilige Gees gewerk het. [illegible] daar in die meeste gevalle so na hierdie manne opgesyk [illegible], is die [illegible] van die Uitvoerende Raad sonder veel probleme [illegible].

Die Uitvoerende Raad het veral m.b.t. [illegible] sonder[illegible] magte gehad. Hulle kon te enige tyd [illegible] kresie tot voordeel van die werk [illegible] 'n pastoor in 'n [illegible] gemeente plaas. Pastore wie se leidinge in 'n [illegible] mas kon opkom nie, is na die nodige waarskuwing [illegible] onttrek. 'n Tipiese voorbeeld is bv. die [illegible] ...: "[illegible] inform Bro ... that his ministry [illegible] that we have [illegible] ministry [illegible]

in hierdie geval beslis die regte uitwerking gehad, want 'n paar maande later besluit die Uitvoerende Raad ... "... that in view of the chairman's favourable report on the work [illegible] ... at this stage we allow him to stay at ..... until the end of the year."[13]

Alhoewel hierdie mag en gesag van die Uitvoerende Raad in baie gevalle tot meer effektiewe bediening aangespoor het, is dit sekerlik vanuit 'n presbiteriale kerkregerings-konsep vreemd.

## 15.5 Distriksrade

Die meerdere vergadering tussen die [illegible]raad en die Werkersraad en/of Uitvoerende Raad, staan bekend as die Distriksraad. 'n Distriksraad bestaan uit die [illegible] en diensaardigdes van 'n groep gemeentes uit [illegible] distrik. Afhangende van die getal gemeentes kan die distrik 'n baie groot geografiese gebied (bv. 'n hele provinsie) of slegs 'n stedelike gebied, insluit. Tot 'n sekere mate kom 'n distriksraad in die A.G.S. met die [illegible] van die [illegible]tiese kerke ooreen behalwe dat 'n distrik gewoonlik 'n groter [illegible] gebied as 'n ring [illegible].

Distriksrade bestaan in die A.G.S. nie van die begin [illegible]. Trouens in die eerste konstitusie was daar nie [illegible] distriksraad nie. Dit was eers met die gewysigde konstitusie [illegible] daar amptelike en wettiglike erkenning vir distriksrade [illegible]. Nieteenstaande [illegible] distriksrade reeds sedert 19[illegible] in die A.G.S. bestaan. Distriksrade was 'n natuurlike ontwikkeling in die kerk [illegible] metterdyd [illegible] ontstaan het.

[illegible]

kan herlei word na die pasgestigte finansiële komitee van die Tabernakelgemeente: ..... "..... the Financial Committee, now known as the Central District Management Board of the Apostolic Faith Mission ..."[illegible] Aangesien die Sentrale Tabernakelgemeente feitlik die enigste selfstandige gemeente op daardie stadium aan die Rand was, is dit heeltemal verstaanbaar dat die raad wat die gemeente beheer, ook die distrik sou beheer. Hierdie raad was egter nog nie in die ware sin van die woord 'n verteenwoordigende distriksraad nie.

Die eerste volwaardige distriksraad in die A.G.S. was die Rand Werkersraad (Rand Workers Council) wat in 1945 tot stand gekom het: "Br. Dugmore moved that this Council recommend that Bro. Welsh be approached with regard to his willingness to assume chairmanship of a committee consisting of all the leaders of the branches of the European Work of the A.F.M. on the Rand.

"Such Committee to be responsible to the Ex. Council for the work on the Rand."[illegible]

Gedurende 1946 is daar begin oorweeg om nog soortgelyke rade in die land te stig met die doel om die vele jong, afsonderlike gemeentes te verenig, sodat geen gemeente op sy eie staan nie maar almal 'n eenheid vorm, om mekaar sodoende beter te help. [illegible] is dus [illegible] dat 'n behoefte aan 'n kerkverband tussen die [illegible] gemeentes [illegible] aanwesig was.

In 1946 is die Oos Randse Distrikswerkersraad van die Rand Werkersraad afgestig.[illegible] [illegible] dit lyk dat [illegible] daarna taamlik sukkelend aangegaan het, [illegible]

[illegible]
27.
[illegible] Comforter [illegible]
[illegible]

rade weer moet saamsmelt.[53] Die Wes Rand is eers weer in April 19[illegible] as 'n selfstandige distrik in die lewe geroep.[54]

Sedert 1941 staan die Rand Werkersraad as die Wes Rand distrik bekend[55] en in 1945 word hierdie distrik in twee gedeel, te wete Wes Rand en Sentrale Rand.[56]

Nog 'n distrik wat vroeg ontstaan het, was die Kaapse distrik. Laasgenoemde het hulle eerste vergadering in September 19[illegible] gehou.[57] Die gesag van die Uitvoerende Raad in daardie dae is terloops ook duidelik geïllustreer deurdat die vroeë distriksrade (Rand Werkersraad en die Kaapse distrik,) alle besluite van hulle vergaderings aan die Uitvoerende Raad vir goedkeuring moes voorlê.[58] Die Kaapse distrik self is weer in 1949 in twee distrikte verdeel, t.w. Suid-Kaap en Wes-Kaap.[59]

Die distriksraad van die O.V.S. se ontstaan dateer terug na Oktober 1921.[60] Hierdie distrik is op sy beurt weer op [illegible] Mei 1956 in 'n Suid- en Noord-Vrystaat distrik verdeel.[61]

Die stigtingsdatum vir enkele ander distrikte is soos volg: [illegible] Transvaal, 22 Junie 19[illegible][62]; Wes Transvaal, [illegible][63]; [illegible] Kaap, April 1946[64]; Natal, April [illegible] en [illegible], April 1949.[65]

53. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] en 28 Mei 19[illegible], [illegible], p. 15[illegible] en [illegible].
54. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] April [illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
55. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] April 19[illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
56. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Januarie 19[illegible], Boek [illegible], p. 26[illegible] en [illegible].
57. Trooster, Maart 1921, p. [illegible].
58. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
59. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] September 19[illegible], Boek [illegible], p. [illegible].
[illegible]. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible].
[illegible]. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible].
[illegible]. Trooster, April [illegible] 19[illegible], p. [illegible].
[illegible]. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible].
[illegible]. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible].
[illegible]. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible].
[illegible]. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Sonder om in die detail in te gaan wat betref S.W.A. en die destydse Rhodesië, kan dit net genoem word dat hulle [illegible] dertiger jare vir die grootste deel van die tyd as veldrade gefunksioneer het. 'n Veldraad is in die lewe geroep vir veraf distrikte wat nie talle en sterk gemeentes het nie en wat finansieel nie swaar deur die Uitvoerende Raad belas word nie. Verder dien dit dieselfde doel as 'n distriksraad. Albei hierdie gebiede het aanvanklik as distriksrade begin (S.W.A. in 1932[67] en Rhodesië in 1933)[68] maar is na enkele jare na veldrade verander.

Distriksrade met hulle Uitvoerende Komitees, bekend as Distrikskomitees het in die geskiedenis van die A.G.S. ongetwyfeld veel gedoen in die koördinering en opbou van gemeentes en die uitbreiding van die werk.

## 15.6 Gemeenterade

Wanneer daar na die kerkregtelike ontwikkeling van die gemeenteraad of kerkraad in die A.G.S. gekyk word, [illegible] agtergrondsfeite wat in gedagte gehou moet word. [illegible] "anti-kerk"-sentiment wat vir die vroeë A.G.S. [illegible] weerspieël en gesimboliseer is. [illegible] "kerkraad" [illegible] die begin nooit gebruik is nie en [illegible] gebruik is nie. Ook die term "gemeenteraad" het maar eers [illegible] laat [illegible] die toneel verskyn. [illegible] die "anderse" kerkregtelike ontwikkeling van die

[illegible] Trooster, [illegible]

[illegible]

gemeenteraad in die A.G.S. te verstaan, moet die "maatskappy"-gedagte met sy kollegialistiese invloed op die A.G.S. in gedagte gehou word.

Vir die A.G.S. mense was die bestaan of aanwesigheid van 'n kerkraad beslis nie nodig om kerk te wees en dienste te hou nie. Trouens vir die eerste drie jaar was daar geen amptelike gemeenteraad in die A.G.S. nie! Die eerste raad wat tot 'n mate die rol van 'n gemeenteraad vervul het, was die daarstelling van 'n "financial board" in April 1911 om die finansiële sake van die Sentrale Tabernakelgemeente in Johannesburg te behartig.[69] In die lig van die volgende woorde van Lake kan hierdie raad as die eerste gemeente/kerkraad in die A.G.S. gesien word: "This board represents the congregation, and undertakes the arrangement of all financial matters connected with the Central Tabernacle."[70]

Seker een van die interessantste kenmerke van die vroeë gemeenterade was die tipiese kollegialistiese benaminge vir hierdie raad. Een van die algemeenste benaminge wat gebruik is, was "the local committee"[71] (plaaslike komitee), die lede van die raad is "committee members"[72] (komiteelede) genoem en 'n kerkraadsvergadering is 'n "committee meeting"[73] genoem. 'n Ander benaming vir die gemeenteraad wat ook dikwels gebruik is, was "management board"[74] of "bestuursraad".[75] Hierdie benaminge spreek vir hulself.

69. Pastoral Letter by John G. Lake, Pres. of the A.F.M. Johannesburg, April 30th 1911. In die A.G.S. Argief.
70. Ibid.
71. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Maart 1911, [illegible] Notuleboek.
72. [illegible]
73. [illegible]
74. [illegible]
75. Trooster, [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was eers in die veertiger jare dat die benaming "assembly board"[76] (gemeenteraad) sy verskyning maak. In die veranderde konstitusie van 1946 word die ou kollegialistiese benaminge glad nie meer gebruik nie en word daar in hierdie verband slegs van "gemeenteraad/assembly board" gepraat.[77] Die benaming is tot vandag die amptelike en algemene naam wat gebruik word alhoewel die woord "kerkraad" ook dikwels gebruik word.

Soos reeds genoem, was 'n gemeenteraad aan die beginjare nie 'n onmisbare "moet" in 'n gemeente nie en kon daar selfs vir 'n onbepaalde tyd daarsonder klaargekom word. Die volgende aanhaling bevestig hierdie stelling en toon ook iets van 'n episkopaalse tendens: "After considerable discussion with regard to the work at Newlands it was proposed ..... that Bro. H. Hume be appointed to take over the control of the work there and that no committee of management be appointed until it be found necessary to do so."[78]

Behalwe vir die reeds genoemde kollegialistiese en episkopaalse tendense, moet ook melding gemaak word van 'n sterk kongregasionalistiese trek, veral aan die beginjare. Hiermee word bedoel dat die gemeente self 'n groot inspraak in die gang van sake gehad het. Veral tydens die eerste dekade en selfs langer, het die hele gemeente, mans en vroue ingesluit, gereeld vergader om sake van belang te bespreek.[79] Hierdie vergadering wat 'n "Congregational meeting" of "[illegible]

76. Een van die eerste kere waar hierdie benaming [illegible] gebruik deur past. I.J. du Plessis, was in die Notule van die Algemene en Werkers Konferensie, 4 Maart - 4 April [illegible], 10, p. 2671.
77. 1946 Konstitusie, soos vervat in die Trooster, Maart [illegible], p. 4 en 10.
78. Notule van die [illegible] Raad, 14 Desember [illegible], p. 7[illegible].
79. Notule van die [illegible] Raad, 11 Desember [illegible], p. [illegible] [illegible] past. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the Assembly" genoem is, was ongetwyfeld die hoogste gesag in die gemeente sel [10]

Soos wat die gesag van die Algemene Konferensie van lede geleidelik oorgegaan het na die Werkerskonferensie, het die gesag en beheer van die gemeentevergadering (Congregational meeting) geleidelik oorgegaan na die gemeenteraad of te wel "management board" soos wat in die volgende aanhaling uit 1928 gesien kan word: "..... we recommend to the Executive Council that management boards will in future apply for certificates for workers instead of assemblies as in the past, and that assemblies be notified of the recommendations." [11]

Met die jare het die gemeenteraad in die A.G.S. Kerk [illegible] lik ontwikkel tot waar dit feitlik in alle opsigte ooreenkom met die presbiteriale model. Die gemeentevergadering (Congregational meeting) het ook in die A.G.S. bly voortbestaan. [illegible] te jaarliks 'n vergadering van lidmate hou om gemeentelike aangeleenthede te bespreek en 'n volledige verslag oor die [illegible] finansiële toestand van die gemeenteraad te ontvang. [illegible] en regering van die gemeente [illegible] die gemeentevergadering nie maar by die gemeenteraad.

## 15.7 Ontwikkeling van die Kerkwet/Kerkorde

Die term "Kerkwet" word in die A.G.S. gebruik i.p.v. "Kerkorde". Die kerkwet bestaan uit die konstitusie en die regulasies. Die konstitusie behels die beginsels van die kerkregering in die A.G.S. terwyl die regulasies 'n verdere beskrywing van die konstitusie is.

[illegible]

[illegible]

Na die konstituering van die eerste Werkersraad en Uitvoerende Raad op 27 Mei 1909, is daar haastig aan die werk gespring om sekere reëls en regulasies vir die bestuur en beheer van die werk daar te stel. Reeds op 4 Junie is konsepregulasies aan die Uitvoerende Raad vir bespreking voorgelê.[82] Op 11 Junie 1909 is die "Draft of the Rules of Government"[83] weer bespreek en is dit aan elke lid van die vergadering opgedra om by die volgende vergadering 'n definisie voor te lê van die volgende ampte: "Pastor, Elder, Evangelist & Missionary".

By die eerste Algemene Konferensie van die A.G.S. aan die begin van Oktober 1911, is sy eerste konstitusie aanvaar en goedgekeur.[84] Met die konstitusie nou goedgekeur, is daar in November 1911 'n begin gemaak om die regulasies ook in orde te kry: "Br. S. Stuart and W.H. van de Wall are appointed as a Committee to draft the Rules and Regulations of the Mission in accordance with the Constitution."[85] By die Algemene Konferensie van 1912 is die "Rules and Regulations" deur die konferensie aanvaar.[86] Daarmee was die eerste werkwet van die A.G.S. [illegible] deurdat die konstitusie en regulasies gestel en goedgekeur was.

Met die registrasie van die A.G.S. as 'n onbeperkte maatskappy word die Algemene Konferensie [illegible] meegedeel dat die konstitusie nou geregistreer is: "The Constitution having been duly regis-

82. Notule van die Uitvoerende Raad, 4 Junie 1909, Voorlopige Notuleboek.
83. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 Junie 1909, Voorlopige Notuleboek.
84. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] November [illegible], [illegible] Notuleboek.
85. Ibid.
86. Notule van die "Conference Business Meeting", [illegible], Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tered as an unlimited Company was laid upon the table and many signatures added to those already taken."[87]

Deur die jare het sekere van die bepalings van die eerste konstitusie nie pas gemaak met die veranderinge van die groeiende kerk - veral omdat sekere kerkwette vanuit 'n Byreiskerkregtelike oogpunt te kollegialisties was. Nadat daar in 1928/9 reeds 'n poging was om die konstitusie te verander, word daar uiteindelik op 10 Junie 1939 'n ietwat gewysigde konstitusie deur 'n spesiale vergadering van lede goedgekeur.[88]

Hierdie gewysigde konstitusie het sekere belangrike veranderings gemaak, maar daar was sekere basiese beginsels wat nog reggestel moet word. In 1946 word die konstitusie weer verander. Die hoof klemverskuiwing in die verandering was dat die hoogste gesag nie meer by die lede nie maar by die Werkersraad sou berus. In sy geheel adem die 1946-konstitusie 'n veel meer presbiteriale gees. Nadat die nuwe konstitusie deur die Algemene Werkerskonferensie in April 1946 goedgekeur is,[89] moes dit ook nog deur die ledekonferensie goedgekeur word. Op 'n buitengewone vergadering van lede te Bloemfontein op 11 Mei 1946 word besluit ... "that the Articles of Association of the Apostolic Faith Mission of South Africa which were registered in [illegible] with the amendments registered in 193- shall be withdrawn and that in [illegible] there [illegible] shall [illegible] registered the new Articles of Association which were read [illegible] the meeting as they were adopted by the [illegible] and Workers' Conference of 1946 ......"[90]

87. Notule van die Algemene [illegible], [illegible]. Voorlopige Notuleboek.

88. Notule van 'n Spesiale [illegible], [illegible], p. [illegible].

89. Notule van die Algemene [illegible], Boek II, p. [illegible].

90. Notule van 'n [illegible] [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die belangrikste beginsels van hierdie konstitusie is steeds vervat in die Kerkwet van die A.G.S. nadat hy in 1961 deur 'n private wet as kerk geregistreer is.

## 15.8 Die kerkregtelike ontwikkeling van die ampte in die A.G.S.[41]

Die ampte in die A.G.S. het 'n merkwaardige kerkregtelike ontwikkeling [illegible] die jare getoon. Die ontwikkeling van die ampte moet ook verstaan word teen die agtergrond van die anti-kerksentiment en die "maatskappy-gees" in die vroeë A.G.S. Veral die ampte van ouderling en diaken het sterk herinner aan die Calvinistiese kerke waaruit die meeste lidmate gekom het: .... ".... the first members of the Apostolic Faith Mission held a dim view of all professional church leaders."[42]

Dit was veral die ampsbenaminge "ouderling" en "diaken" wat in die vroeë A.G.S. in die slag gebly het en [illegible] selde gehoor is. John G. Lake het wel die amp van ouderling [illegible] aangeslaan. In Februarie [illegible] vra hy die vraag aan die destydse vergadering van [illegible] wat die posisie is van die werkers wat nie van [illegible] nie en wat nie [illegible] van erkende [illegible] nie.[43] By die volgende vergadering is [illegible] "That Br. [illegible] T. Hezmalhalch, John G. Lake, [illegible] are the five recognized Elders of the Apostolic Faith Mission [illegible] other workers be recognized [illegible] Missionaries."[44]

41. In verband met [illegible] verwys [illegible] "Apostolic Faith Mission of South Africa A revitalization of the Theological concepts of Church ministry. [illegible]
42. [illegible]
43. Notule [illegible] Uitvoerende Raad, [illegible]
44. [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na bg. besluit het die deeltydse bedieninge min of meer as volg ontwikkel: Wanneer iemand in 'n gemeente ywerig was, sy lewe onbesproke was, hy 'n getuie vir Christus was en daar bewys was dat die hand van die Here op sy lewe was, is hy aangestel as werker en het hy 'n werkersertifikaat gekry. Sulke persone was gemagtig om te preek, vir siekes te bid en die hande op te lê maar hulle kon nie die sakramente bedien nie.[95] Hierdie gesertifiseerde werkers was by uitstek die sielewenners in die gemeente en het veral leiding geneem met opelugdienste.[96] Die "werkers" van ouds se bediening was niks anders as die latere "diakens" in die A.G.S. nie.

Wanneer 'n "werker" homself as beproef bewys het en sy bediening verder ontluik het, het hy 'n "evangelis"-sertifikaat ontvang. Die amp van evangelis was weer niks anders as die later ouderlingsamp nie. Hierdie "evangelis-amp" was ook 'n deeltydse bediening en moet onderskei word van die heeltydse evangeliste wat volwaardige predikers was en reg deur die land dienste gehou het. Die persoon wat 'n evangelissertifikaat ontvang het, kon al die funksies van 'n "werker" verrig asook die sakramente bedien, kindertjies toewy en begrafnisse waarneem. Hulle was verbonde aan een gemeente maar het somtyds ook in ander gemeentes gepreek.[97]

Persone wat in die heeltydse bediening uitgestap het, het gewoonlik eers hulle bediening bewys as gesertifiseerde werker en daarna as evangelis. So 'n heeltydse pastoor van 'n gemeente is ook 'n ouderling genoem en het 'n ouderlingsertifikaat ontvang: "An elder is usually the Pastor or leader of an assembly where he resides. He may also travel about as God leads."[98]

Die interessante is nou wanneer na hierdie deeltydse werkers en

95. **Comforter**, June 1916, p. 5.
96. Persoonlike onderhoud, past. J.V. Henning.
97. **Comforter**, June 1916, p. 5 en Persoonlike onderhoud, past. J.V. Henning.
98. **Comforter**, June 1916, p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



evangeliste se posisie t.o.v. die gemeenteraad (management board of local committee) gekyk word. Die lede van die gemeenteraad is daarop verkies. Hulle is nie ouderlinge of diakens genoem nie, maar slegs komiteelid of raadslid (committee member). Tot in die veertiger jare was die werkers en evangeliste ex officio ook lede van die gemeenteraad.[99] In 1946 neem die Uitvoerende Raad egter die volgende besluit: ".... that only those brethren elected by the Assembly may serve on local committee and that certificated workers not elected are not to be considered ex officio members of the committee.[100]

Die feit dat die gemeenterade van die A.G.S. geen ouderlinge of diakens gehad het nie, het in die dertiger jare ter sprake begin kom. By 'n vergadering van die Algemene Werkerskonferensie in 1931 word die saak vir die eerste keer aangeroer: "Should we not according to Scripture appoint Elders & Deacons in our assemblies?"[101] Na 'n lang bespreking is die saak na die Geestelike Komitee verwys om aanbevelings by die volgende konferensie te maak.

Nadat die saak in 1934 weer by die konferensie ter sprake was,[102] is daar by die Werkerskonferensie van 1937 'n duidelike beweging na 'n meer Skriftuurlike en duideliker afbakening van die ampte.[103] Dit blyk dat die gesertifiseerde deeltydse werkers en evangeliste in sekere gevalle probleme veroorsaak het. Soms was daar in 'n klein gemeentetjie 'n hele aantal van hierdie persone en kon hulle dit vir die pastoor van die gemeente moeilik gemaak. Die gedagte wat by die konferensie na vore gekom het, was om in die toekoms nie meer so baie

99. Persoonlike onderhoude, pastore G.R. Wessels en J.V. Henning.
100. Notule van die Uitvoerende Raad, 19 November 1942, Boek 8, p. 2460.
101. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 30 Maart - 2 April 1931, Boek 5, p. 1218.
102. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 22 - 30 Maart 1934, Boek 5, p. 1492.
103. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 22 - 27 Maart 1937, Boek 7, p. 1871-1873.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sertifikate vir deeltydse werkers uit te reik nie sodat die ampte van ouderling, diaken en pastoor meer tot sy reg kan kom.

By die konferensie van 1942 word die saak weer bespreek: "The subject of the evening was: That the system of issuing certificates be discontinued and the Scriptural system of appointing Elders and Deacons be substituted in Assemblies."[104] Die saak is weer na die Geestelike Komitee verwys wat 'n Skriftuurlike basis vir die ampte moes vind met die oog op die verandering van die konstitusie.

In die veranderde konstitusie van 1946 kom die ampte van "werkers" en "evangeliste" glad nie meer voor as deeltydse werkers nie en word daar slegs gepraat van ouderlinge, diakens en diakonesse.[105] Vir persone onder die ou bedeling wat steeds hulle status as gesertifiseerde werkers of evangeliste wil behou, word daar 'n toegewing gemaak om so voort te gaan maar hulle sertifikate moet jaarliks hernu word. Daar sal egter geen nuwe aanstellings soos onder die ou stelsel gemaak word nie.[106]

Hierdie "oorskakeling" word ook in die Voorskrifte (Regulasies) van 1947 duidelik omskryf: "Onder die nuwe Statute word die deeltydse gesertifiseerde 'werkers' van die verlede vervang deur die 'diaken' en die 'evangelis' van die verlede word vervang deur die 'ouderling' en die voormalige 'werkster' word vervang deur die 'diakonesse'."[107]

Op hierdie stadium is dit miskien nodig om iets te sê oor die vrou in die amp soos wat dit in die geskiedenis van die A.G.S. voorgekom het. Van die begin af was daar veral wat die deeltydse bediening in die A.G.S. betref, ruimte en geleentheid vir vroue wat deur die Here daarvoor geroep is.

104. Notule van die Jaarlikse Werkers en Algemene Konferensie, 30 Maart - 12 April 1942, p. 2369.
105. Uit die Konstitusie van 1946, in die Trooster, Maart 1946, p. 8.
106. **Trooster**, April 1946, p. 15.
107. Uit die Voorskrifte, Seksie D, (Deeltydse Werkers), in die Notule van die Algemene Werkersraad, 7-1? April 1947, p. 2?78.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Reeds volgens die eerste konstitusie kon vroue gesertifiseerde "werksters" wees soos wat die mans "werkers" kon wees. Daar was dan ook talle susters wat werkersertifikate ontvang het. Hulle is ook soms "diakonesse" genoem.[108]

By 'n Werkerskonferensie in 1937 is die saak van die vrou in die amp deeglik bespreek: "The General Secretary introduced the subject of sisters being appointed deaconesses. In the past we have issued workers certificates to them but deaconesses is the more Scriptural term. He said it was not true that the Apostolic Faith Mission is opposed to sisters doing active work for God."[109]

Behalwe as diakonesse, is vroue ook as evangeliste aangestel[110]. By bg. Werkerskonferensie in 1937 is dit bekragtig dat susters as diakonesse in gemeentes mag dien en ook as evangeliste die Woord mag verkondig. Daar was in die geskiedenis van die A.G.S. enkele vroue wat 'n besondere Woordbediening gehad het en as evangeliste georden is.[111]

Alhoewel dit nêrens gesê word dat vroue ouderlinge kan wees nie, lees 'n mens tog van sust. E.D. Stuart wat as werker georden is met volmag om die sakramente te bedien. Sy het die rol van 'n voorganger in

108. So bv. susters Potts en E.L. Wicks in die vroeë Tabernakelgemeente in Johannesburg. Artikel deur dr. H.J. Scheepers, **Trooster**, Augustus 1975, p. 12. Ook in die Notule van die Uitvoerende Raad, 18 Mei 1934, Boek 5, p. 1535 waar 'n sekere sust. Meyer wat haar teologies bekwaam het, as diakones vir 'n gemeente aanbeveel word.
'n Verdere geval word ook aangetref in die Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Augustus 1942, Boek 8, p. 2417.
109. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 22-27 Maart 1937, Boek 7, p. 1875-1877.
110. Inligting in 'n brief van mev. Zoë Rennie, in die A.G.S. argief.
111. So bv. susters Jakkie Grobler en Sannie van Graan (later De Ferrières) gedurende die dertiger en veertiger jare. **Trooster**, 1 September 1938, p. 16.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Krugersdorpgemeente vervul.[112] 'n Ander geval was sust. Florence van der Byl wat as pastoor van Bloemhof gemeente aangestel is - sy het die gemeente daar begin.[113] So laat as 1943 nog gee die Uitvoerende Raad aan sust. Van Graan toestemming om aan te gaan as pastoor van Luanshya, 'n gemeente in die destydse Noord-Rhodesië, solank as wat sy gelei voel.[114]

Terwyl dit vandag kerkregtelik onmoontlik is dat vroue op gemeenterade kan dien, is dit opmerklik dat dit vroeër jare nie die geval was nie. Twee besluite in onderskeidelik 1931 en 1937 is hier van belang: "Resolved that sisters may be elected to Management Boards if necessary, where suitable brethren are not available."[115] Dat hierdie gebruik die uitsondering eerder as die reël was, blyk uit 'n verdere besluit van die Werkerskonferensie van 1937: ... ".... that whilst we discourage the practice of sisters being elected on local committees yet in exceptional circumstances where local conditions demands it, it shall be permissable to elect good sisters who have the full confidence of the assembly."[116]

Dit is van pas om hier enkele opmerkinge te maak oor die heeltydse werkers. Die mees opvallende kenmerk van die predikers gedurende die eerste paar dekades, is die feit dat die meeste van hulle geen formele teologiese agtergrond of -geskooldheid gehad het nie. So beskryf 'n vroeë Pinksterprediker dit: "Wat ook 'n merkwaardige en Skriftuurlike teken was, van die begin af in hierdie beweging, is dat dit so geweldig gegroei het ten spyte van die menslike swakheid en onbekwaam-

112. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 April 1916, Boek 1, p. 76. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Mei 1916, Boek 1, p. 77.
113. Persoonlike verslag van mev. Zoë Rennie, dogter van sust. Van der Bijl. In die A.G.S. argief.
114. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Augustus 1943, Boek 9, p. 2541.
115. Notule van die Uitvoerende Raad, 7-9 April 1931, Boek 5, p. 1238.
116. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 22-27 Maart 1937, Boek 7, p. 1877 en 1878.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid. Die werkers en predikers het die Here meestal geroep uit diegene wat nie voorheen in evangelie bediening was nie, maar uit al die klasse in die daaglikse lewe, het Hy eenvoudige mense gevul met krag uit die hoogte om Sy werk te doen, presies soos in die eerste Pinkster Kerk."[117]

Alhoewel daar geen skolastiese of teologiese kwalifikasie vereis is nie, moes persone wat aansoek doen se lewe en bediening getuig van 'n roeping van die Here. Al het hulle geen formele teologiese opleiding gehad nie, was die A.G.S. pastore bekend vir hulle deeglike Skrifkennis. Oor die latere teologiese opleiding in die A.G.S. sal in die volgende hoofstuk gepraat word. Hulle moes voldoen aan die vereistes van die ouderlingamp in 1 Tim. 3 en moes ook 'n mate van praktiese ondervinding gehad het.[118] 'n Gemeente het dikwels iemand uit eie geledere aanbeveel as pastoor vir die gemeente.[119]

Gedurende die eerste paar dekades was daar veel meer gemeentes as wat daar heeltydse pastore was. Die rede was die groot getal deeltydse werkers en evangeliste (ook lekewerkers genoem) wat op 'n deeltydse basis 'n groot bydrae gemaak het vir die vinnige uitbreiding van die werk. In 1943 toe daar al 179 heeltydse pastore en 15 sendelinge was, was daar 'n hele 433 deeltydse werkers.[120]

Daar is reeds melding gemaak van die sertifikate wat aan deeltydse sowel as heeltydse werkers uitgereik was en wat jaarliks hernu moes word. Behalwe dat dit as bewys moes dien vir die amp waarin hulle staan, was dit in die beginjare ook nodig sodat die werkers konsessiekaartjies kon bekom wanneer hulle per trein moes reis.[121] Vanaf 1936 het die

117. "Die Groei van Pinkster", deur Howard Carter, Artikel in die Trooster, Oktober 1946, p. 2.
118. Comforter, Junie 1916, p. 5.
119. Ibid.
Ook in die Notule van die Uitvoerende Raad, 26 Maart 1926, Boek 4, p. 880.
120. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 Mei 1943, Boek 9, p. 2525.
121. Notule van die Uitvoerende Raad, 3 Desember 1908, Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heeltydse werkers nie meer nodig gehad om jaarliks hulle sertifikate te hernu nie.[122] Dit was egter eers vanaf 1 Januarie 1940 dat volwaardige ordeningsertifikate aan alle heeltydse werkers uitgereik is.[123]

Vroeër in die proefskrif is daar reeds gewag gemaak van die afkeer wat daar vroeër jare in enige ampstitels was. Br. P.L. le Roux was die groot teenstander daarvan. Voorgangers is "broeders/brothers" genoem. Selfs so laat as 1947 is daar in die kerkblad standpunt oor ingeneem: "Ons erken graag die bediening van 'n pastoor of Evangelis, en ons beskou dit as 'n edele en verhewe diens wat God uit genade aan Sy kerk geskenk het, maar ons moet nie 'n titel met 'n beskrywing verwar nie. Om te sê Paulus die 'Apostel' en Filippus die 'Evangelis' is beskrywings; maar 'Apostel' Paulus en 'Evangelis' Filippus is titels wat aan die naam toegevoeg word as 'n verering, terwyl die eerste net 'n beskrywing is van die werk wat die man vir God doen."[124] In dieselfde artikel word daar ook beswaar gemaak teen die skryf van kwalifikasies agter 'n naam: "Oorsese Pinkstermense skryf al baie agter hulle name, en by ons begin dit ook al. Hoe ver sal ons dit nog laat gaan?"[125]

Binne tien jaar sou dit egter algemene praktyk word dat voorgangers in die A.G.S. as "pastoor" aangespreek word. Soos reeds genoem, het dit begin by past. J.T. du Plessis in Krugersdorp.

Terwyl daar oor die ampte gepraat word, is dit miskien die regte tyd om 'n paar aspekte te vermeld van die beroepstelsel in die A.G.S. Dit mag ironies klink maar van 'n ware beroepstelsel was daar in die A.G.S. tot 1952 nie sprake nie. Dit was hierin dat die mag van die Uitvoerende Raad en dié van die algemene sekretaris vroeër jare geopenbaar is deurdat dit tot 'n groot mate by hulle diskresie berus het watter

122. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 6-9 April 1936, Boek 7, p. 1742.
123. **Trooster**, November - Desember 1939, p. 27.
124. **Trooster**, Januarie 1947, p. 2 en 6.
125. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pastoor waar sou bedien. Daar sal kortliks gekyk word na die rol wat die Uitvoerende Raad in hierdie verband gespeel het.

Daar was verskeie maniere waarop 'n pastoor van gemeente kon verwissel of 'n gemeente 'n ander pastoor kon kry. Voor 1925 kon lidmate van 'n gemeente 'n petisie teken om 'n sekere persoon as herder te verkry. Omdat die praktyk oop was vir misbruik is dit in 1925 opgehef.[126]

Pastore wat gevoel het dat dit tyd geword het om van gemeente te verwissel, kan die Uitvoerende Raad vra vir 'n verandering: "Letter was read from Bro. .... stating that he did not feel to remain in ..... and asking the Council if an opening occurs to place him in a larger town."[127] In ander gevalle het die pastoor self blykbaar nie veel van 'n sê gehad nie: "It was resolved ... that Bro. Niemand be transferred from Kimberley to East London and Bro. Terblanche be appointed pastor of Kimberley."[128] 'n Mens kan nie anders as om die maatskappy-invloed (kollegialisme) raak te sien in woorde soos "verplasing" en "aanstelling" nie.

In die meeste gevalle is die gemeentes ook in die saak geken en sou daar nie iemand aan hulle opgedwing word wat hulle nie wou hê nie. Gemeentes kon ook by die Uitvoerende Raad vra om die dienste van 'n spesifieke pastoor.[129] Hulle mag egter nie sommer voortgaan om 'n pastoor te beroep sonder die goedkeuring en aanbeveling van die Uitvoerende Raad nie.[130]

126. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 7 April 1925, Boek 4, p. 796 en 797.
127. Notule van die Uitvoerende Raad, 24 November 1933, Boek 5, p. 1457.
128. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 April 1933, Boek 5, p. 1398.
129. Notule van die Uitvoerende Raad, 7 September 1938, Boek 7, p. 2043.
Notule van die Uitvoerende Raad, 4 Junie 1941, Boek 8, p. 2291.
130. Notule van die Uitvoerende Raad, 7 April 1942, Boek 8, p. 2380.
Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Augustus 1942, Boek 8, p. 2420.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die veertiger jare is voorkeure en keuses van gemeentes en pastore al hoe meer deur die Uitvoerende Raad gekonsidereer. By die Werkerskonferensie van 1944 het die Algemene Sekretaris die saak verduidelik soos dit op daardie stadium gewerk het: ... "the subject of transferring pastors from one assembly to another ....

"(1) The Executive Council only move pastors after due consideration of the whole position and only in the interest of the work and the pastors and that so far the result of the actions of the Executive Council had justified their moves."

"(2) That although there was expenses attached to such a removal it was justified in the results obtained through making these changes ...."

"(3) When a pastor is to be moved he is first consulted as to whether he is prepared to go. Then the Assembly Board to which he is recommended is consulted and it is their privilege to reject such a recommendation, if they do not feel that the brother recommended is suitable for the position."

"(4) It is the policy of the Executive Council as far as possible to bring together pastors of such temperament as will fit in to particular assemblies."

"A motion of full confidence in the policy of the Executive Council ..... was passed with acclamation."[131]

'n Belangrike kerkregtelike deurbraak i.v.m. die beroepstelsel is die volgende jaar by die Werkerskonferensie gemaak deurdat gemeente-

131. Notule van die Algemene en Werkerskonferensie, 31 Maart tot 9 April 1944, Boek 10, p. 2669 - 2670.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rade geleentheid gegee is om meer inisiatief te neem. Daar is besluit... "..... that the system of calling pastors remain as it was but that Assembly Boards also be given the right to call a Pastor subject to the approval and with the co-operation of the Executive Council."[132]

Soos reeds vermeld het die mag van die Uitvoerende Raad ook ingehou dat werkers wat nie die mas in 'n gemeente kon opkom nie, gevra is om die gemeente te verlaat. Enkele voorbeelde word genoem: "That we advise Brother ... that we feel that a change at ..... is imperative, that we did our utmost to find an opening for his ministry but having failed we ask him to take secular work."[133] Besluit ... ".... that we inform ... that we can no longer retain his services as a full time worker."[134] Besluit ... "... that we inform Bro ... that we can no longer find a field of labour for him and that we would therefore advise him to look out for secular work for himself."[135]

Hierdie reëling mag hard klink maar was tog nie genadeloos nie. Werkers wie se bediening nie inslag gevind het nie is eers vooraf aangespreek en bemoedig. Hierdie handelswyse het meegebring dat die bediening in die A.G.S. op hoë standaard was, dat pastore nie op hulle louere kon rus nie en dat stagnasie in gemeentes teëgewerk is. 'n Persoon se amp was nooit in die A.G.S. 'n absolute waarborg vir hom nie; 'n suksesvolle bediening was die vereiste.

In 1952 het die beroepstelsel soos wat die A.G.S. dit oorwegend vandag nog ken, sy verskyning gemaak. Sedertdien kan 'n gemeente enige

132. Notule van die Algemene en Werkerskonferensie, 29 Maart tot 8 April 1945, boek 10, p. 2677.
133. Notule van die Uitvoerende Raad, 10-19 Augustus 1948, Boek 12, p. 3182.
134. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Augustus 1943, Boek 9, p. 2531.
135. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beroepbare pastoor beroep; die pastoor kan egter nie die beroep aanvaar alvorens dit nie deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is nie.[136] By dieselfde vergadering is daar ook besluit dat 'n pastoor nie beroepbaar sal wees alvorens hy nie ten minste twaalf maande in 'n gemeente bedien het nie.[137] Voorheen was daar geen vasgestelde minimum tyd nie. 'n Paar jaar later is die minimum tydperk na twee jaar verhoog.

Enersyds kan gesê word dat dit 'n groot verligting was toe 'n vryer beroepstelsel ingestel is. Dit was 'n wins toe die vryheid van keuse van gemeentes en pastore erken is. Aan die ander kant moet erken word dat die groter mag van die Uitvoerende Raad vantevore in die meeste gevalle goeie vrugte afgewerp het omdat hulle gewoonlik die behoeftes van die gemeentes sowel as die verskillende bedieninge van die werkers geken het.

## 15.9 Tug

Dit is nie onbekend nie dat die A.G.S. in die verlede 'n hoë peil en standaard van sedelike en geestelike norme gehandhaaf het. 'n Duidelike standpunt is ingeneem teen allerlei sondes, sosiale euwels en slegte gewoontes. Skadelike en sondige gewoontes wat in baie kerke selfs onder predikantegeledere voorkom, is in die A.G.S. nie onder die lede van enige raad of selfs in die lewens van gewone lidmate geduld nie. So is dit bv. by die Algemene Konferensie van 1917 deur die voorsitter bekend gemaak: "That the Executive Council was agreed that no man or woman who is not delivered from smoking or the use of tobacco in any form as well as other evil habits shall be appointed a worker or Committee member in our assemblies."[138]

136. Notule van die Algemene Werkersraad, 7-10 April, Boek 15, p. 3844.
137. Ibid.
138. Notule van die Algemene Konferensie, 9 April 1917, Boek 1, p. 107.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Verdere interessante besluit van die Uitvoerende Raad wat by bg. konferensie bekend gemaak is , is dat die tugmag in die gemeentes by die pastore berus: "... we emphasise the fact that pastors have the right to exercise discipline in their assemblies and are required to do so."[139] Hierdie reëling is egter later van jare verander sodat die tugmag by die gemeenteraad berus.

Dit moet genoem word dat in die meeste gemeentes selde tug d.m.v. sensuur en afsnyding toegepas is. Vermaning het hoofsaaklik deur die prediking en huisbesoek plaasgevind indien nodig. In die notules van die Uitvoerende Raad lees 'n mens egter van tyd tot tyd van tugstappe wat teen werkers geneem is.

Tugstappe is geneem teen werkers wat in sonde geval het en ook teen hulle wat t.o.v. die leer van die kerk gedwaal het.[140] Die tug het verskeie vorme aangeneem. In sommige gevalle is werkers onder sensuur geplaas. (Dit het veral in later jare gebeur.) Ampsdraers is soms van hulle amp ontneem sonder om hulle van die kerk af te sny. In sommige gevalle waar werkers in sekere vorme van sonde geval het, is hulle nooit weer as werkers herstel nie. "... omdat hulle die eerbied en die vertroue van die publiek verloor het."[141] Aan die beginjare was daar nie baie van sensuur gemaak nie - werkers is summier van die kerk afgesny (disfellowshipped).[142] Sulke gevalle is gewoonlik in die kerkblad bekend gemaak.

## 15.10 Leerstellings

As daar vanuit 'n historiese oogpunt oor die leerstellings van

139. Ibid.
140. Notule van die Werkerskonferensie, 21 Julie 1918, Boek 1, p. 217.
141. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 11 April 1933 en volgende dae, Boek 5, p. 1392.
142. Notule van die Uitvoerende Raad, 16 Augustus 1923, Boek 3, p. 685.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die A.G.S. gepraat word, sal dit veral dié wees waaroor daar in die ontwikkeling van die kerk onenigheid, onsekerheid of probleme mee was of waar daar besondere klem op gelê is. Daar kan onmoontlik hier na elke leerstelling van die A.G.S. verwys word nie.

Tot 'n mate is Hollenweger reg as hy sê dat die Pinksterbeweging wêreldwyd leerstellig, nie 'n eenheid is nie.[143] Dit is waar dat daar onder die Pinksterkerke variasies en selfs afwykings voor kom wat sekere leerstellings aanbetref. Aan die anderkant is dit ook waar dat daar oor die meeste leerstellings en veral die heilswaarhede, by die meeste Pinksterkerke 'n treffende eenstemmigheid is. Na alles moet dit egter in gedagte gehou word dat die Pinksterbeweging as sodanig nie as gevolg van leerstellige oortuigings of verskille ontstaan het nie. Die mees onderskeidende en gemeenskaplike kenmerk onder alle Pinksterkerke bly die vervulling/doop met die Heilige Gees met die inisiële teken van die spreke in ander tale waardeur die gelowige in 'n baie besondere en persoonlike verhouding tot die verrese Christus te staan kom.

'n Aantal leerstellings en verwante sake wat in die loop van die geskiedenis van die A.G.S. na vore gekom het of reperkussies opgelewer het, sal kortliks bespreek word.

Eerstens was daar die kwessie van <u>sanctification</u>. Wat die vroeë Pinkstermense daaronder verstaan het, word duidelik uit die volgende aanhaling uit die belydenisskrif van die A.G.S. in 1912: "Sanctification, that act of Grace through which the blood of Jesus clenases us from all sin and makes us holy."[144]

Hier word 'n duidelike definisie gegee van wat met "sanctification" bedoel word. Dit was 'n oombliklike gebeure, 'n soort krisisondervinding, waardeur 'n mens onmiddellike heiliging ontvang het. Dit was natuurlik die leer van die Heiligheidsbewegings en tot 'n groot mate ook

143. Walter J. Hollenweger, The Pentecostals, p. XIX.
144. **Comforter**, Februarie 1912, p. 5. Dit was 'n woordelikse oorname van die Leer van die Upper Room Mission in Los Angeles.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Wesley. Aangesien die Pinksterbeweging so 'n sterk Heiligheidsagtergrond het, het hierdie leer ook aan die begin in die Pinksterbeweging voorgekom. Dit het saam met Lake en Hezmalhalch na Suid-Afrika gekom en daar is 'n hele paar gevalle wat as voorbeelde aangehaal kan word. Daar word met twee voorbeelde volstaan. Eerstens die verslag van 'n vroeë diens in Krugersdorp: "Praise and testimony characterised that meeting and the definite results that night were six baptisms four sanctifications and three conversions."[145] Die ander voorbeeld is 'n getuienis aangaande 'n gewese Rooms Katoliek in 1910: "Weary of a life of sin, he soon gave his heart to God. Six months afterwards he received his sanctification, and within a few days, this experience was followed by the Baptism in the Holy Ghost."[146]

Soos in die meeste ander Pinksterbewegings in die wêreld sou hierdie leer in Suid-Afrika nie lank bly bestaan het nie. R.H van de Wall, gewese predikant van die Ned. Geref. Kerk het reeds in 1910 'n prinsipiële gesonde artikel oor heiligmaking geskryf waarin hy aangetoon het dat dit nie iets is wat eenklaps in 'n krisisondervinding finaal afgehandel is nie, maar iets wat regdeur die lewe van die gelowige plaasvind.[147] Met Lake se terugkeer na Amerika en die oorname van die presidentskap deur P.L. le Roux, is daar in die A.G.S. nooit weer iets van "sanctification" gehoor nie.

Die Wederkoms van Christus was vir die vroeë A.G.S. mense meer as 'n blote leerstelling, dit was 'n lewende hoop wat in hulle hart gebrand het. Oor min onderwerpe is soveel gepreek, gepraat, gesing en geskryf as juis hieroor. Elke nasionale en wêreldkrisis, soos die politieke onrus en werkerstakings gedurende 1919 asook die twee

145. **Trooster**, Mei 1933, p. 6.
146. **Comforter**, September 1910, Geen bladsy no.
147. **Comforter**, Oktober 1910. Geen bladsy no.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wêreldoorloë het die saak weer opnuut in die harte van die mense laat opvlam.[148]

Die gee van tiendes was reg van die begin af 'n saak wat aandag geniet het.[149] By die Werkerskonferensie van 1917 is die volgende besluit eenparig bekragtig: "That this meeting of workers of the Apostolic Faith Mission believes that it is God's Will that we freely give a Tithe. We will therefore recommend all the Children of God to pay Tithes, it being the testimony of those who have been faithful that God's rich blessing rests on those who pay Tithes."[150] Die gee van tiendes sou later een van die voorvereistes word vir persone om op 'n raad in die A.G.S. te dien. Die motivering hiervoor was, dat behalwe dat dit Skriftuurlik is, dit verwag kan word van persone wat as rentmeesters aangestel is oor die gawes wat die res van die volk van die Here bring.

Die kwessie van drievoudige of enkelvoudige onderdompeling het ook 'n paar keer in die beginjare ter sprake gekom. Alhoewel feitlik alle Pinksterkerke in die wêreld die onderdompelingsdoop beoefen, is die A.G.S. een van die weiniges wat drievoudige onderdompeling beoefen het reg van die begin af. Terwyl die Volle Evangelie Kerk enkelvoudig onderdompel, was daar enkele gevalle in die geskiedenis van die A.G.S. waar persone vryheid wou hê om beide vorme van doop te boefen. So is daar in 1914 'n spesiale vergadering belê met die doel ... ".... to decide whether the word 'triune' should be retained or omitted form the baptism certificates."[151] Daar word egter besluit om die woord te behou soos in die verlede.

148. Notule van die Uitvoerende Raad, 9 Julie 1919, Boek 1, p. 283.
149. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 Januarie 1908, Voorlopige Notuleboek.
Notule van die Uitvoerende Raad, 19 Mei 1917, Boek 1, p. 123.
150. Notule van die Werkerskonferensie, 4-7 Julie 1917, Boek 1, p. 130 en 131.
151. Notule van die Uitvoerende Raad, 7 Februarie 1914, Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie tyd was daar in Robertson-gemeente woelinge en het daar selfs 'n klein skeuring gedreig oor die wyse van doop. Die verantwoordelike persoon daarvoor was 'n sekere br. Steyn wat a.g.v. dié probleme as werker en lidmaat van die A.G.S. geskors is.[152] By die Algemene Konferensie van 1915 is besluit dat geen werker van die A.G.S. enige ander wyse van doop mag beoefen as drievoudige onderdompeling nie.[153] Hierdie besluit is nog nooit herroep nie. Daar was enkele ander persone in die kerk wat blykbaar ook ten gunste van enkelvoudige doop was en na hierdie besluit van die Algemene Konferensie in opstand gekom het daarteen, o.a. 'n sekere br. Grove van Bloemfontein.[154]

Die A.G.S. het ook in hierdie tyd die dienste van 'n baie bekwame en bekende oorsese sendeling verloor. W.F.P. Burton wou onder die beskerming van die A.G.S. in die Kongo gaan sendingwerk doen. Omdat hy egter nie van die enkelvoudige wyse van doop wou afsien nie, kon die A.G.S. hom nie akkommodeer nie. Hy het toe onder die beskerming van die Volle Evangelie Kerk 'n groot werk in die Kongo gedoen.

In Bloemfontein sou die probleme in 1918 nog voortduur. Onder die dreiging van 'n nuwe Pinksterwerk wat enkelvoudig sou doop onder leiding van bovermelde br. Steyn, het die pastoor van die A.G.S. in Bloemfontein, br. Van Heerden, begin om op versoek altwee wyses van doop te bedien. Die Uitvoerende Raad het hierop 'n afvaardiging na Bloemfontein gestuur om die probleem op te los.[155]

Van die begin af het die A.G.S. met groot oortuiging geleer dat die oorsprong van geen siekte by God is nie, maar dat Satan die outeur van siekte is. In 1918 het 'n bekende werker in die A.G.S. en voormalige lid van die Uitvoerende Raad begin preek dat siekte van die Here

152. Notule van die Uitvoerende Raad, 10 April 1915, Boek 1, p. 26.
153. Notule van die Algemene Konferensie, 5 April 1915, Boek 1, p. 22.
154. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Augustus 1915, Boek 1, p. 33.
155. Notule van die Uitvoerende Raad, 22 Julie 1918, Boek 1 p. 220 en 221.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom.[156] Omdat die kerk nog nooit 'n amptelike besluit hieroor geneem het nie, is die broeder gevra om hom vir 'n wyle te weerhou van hierdie lering totdat die Werkerskonferensie in Julie 1918 uitspraak hieroor gegee het. By die Konferensie is daar met oortuiging aanvaar dat siekte nie van God kom nie maar van die duiwel. Omdat broeder Botha egter vasbeslote was om nie van sy standpunt af te sien en die A.G.S. as verkeerd wou probeer bewys, is hy as lidmaat geskors.[157]

Soos reeds genoem, was die spreke in tale van meet af beskou as die inisiële teken en bewys van die vervulling met die Heilige Gees. Dit is allerweë in die Pinksterbeweging aanvaar. Aan die beginjare was daar wel enkele gevalle waar persone binne die A.G.S. nie hierdie onderskeidende kenmerk van die Pinksterbeweging wou aanvaar nie. Daar is egter duidelik deur die leiers van die kerk standpunt ingeneem om die Pinksteroortuiging te handhaaf.[158]

Die kwessie van die doop en wedergeboorte word nie nou weer bespreek nie aangesien dit in die hoofstuk oor die skeuring reeds behandel is.

Die feit dat die A.G.S. vir 'n groot deel van sy bestaan sonder 'n eie behoorlike en volledige geloofsbelydenis was, was ongetwyfeld 'n groot leemte. Sonder twyfel het dit soms aanleiding gegee tot verwarring en onsekerheid. By die konferensie van 1921 het dit bv. gegaan oor die kwessie van "eternal security": "Then the question was brought up by Bro. Henning 'Whether there was the possibility once a person was saved that he could so backslide that he fell away from the grace of God and consequently be utterly lost and condemned'. "Much discussion followed. Some felt there was a possibility that a born again child can be lost again, others again stood for the reverse."

156. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 en 18 Mei 1918, Boek 1 p. 188.
157. Notule van die Werkerskonferensie, 21 Julie 1918, Boek 1, p. 217.
158. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 en 18 Mei 1918, Boek 1, p. 188; Trooster, April 1921, p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"It was afterwards felt that discussing the subject further would not benefit, rather that we preach Christ and Him crucified."[159]

Die gebrek aan 'n behoorlike geloofsbelydenis was dan ook 'n groot punt van kritiek teen die A.G.S., veral van die kant van die Ned. Geref. Kerk.[160] Dit is nie dat die A.G.S. teen 'n geloofsbelydenis was nie. Die behoefte om die leer van die A.G.S. te formuleer en te publiseer was so vroeg as Januarie 1909 reeds genotuleer.[161] Vir 'n kort tydjie aan die begin is die belydenisskrif van die Upper Room Mission in Los Angeles net so oorgeneem: "Repentance, confession and Restitution; Justification by faith in the Lord Jesus, Water Baptism by immersion; Sanctification, that act of Grace through which the blood of Jesus cleanses us from all sin and makes us holy; the Baptism of the Holy Ghost as received on the day of Pentecost (Acts 2:4), with signs following (Mark 16:17); Divine Healing; the soon coming of our Lord and Saviour Jesus Christ. We observe the ordinance of the Lords's supper."[162] Al wat uitgelaat is uit die Leer van die Upper Room Mission is the verbod op die hertrou van geskeide persone asook die voetewassing by die nagmaal.

Hierdie belydenisskrif was slegs gebruik in die tyd van Lake. In die jare wat gevolg het, was die behoefte aan 'n duidelike uiteensetting van die leer van die A.G.S duidelik gevoel. Van tyd tot tyd het 'n dwaallering sy kop uitgesteek alhoewel dit gewoonlik maar geïsoleerde gevalle was. Juis as gevolg hiervan word daar in 1919 'n komitee aangestel ... "..... to issue a printed statement of the main doctrines of

159. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 3 Augustus 1921, Boek 2, p. 509.
160. So bv. ds. S.J. du Toit in sy Disputasie met John G. Lake in 1910 asook die uitspraak van die Raad van kerke in 1945.
161. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Januarie 1909, Voorlopige Notuleboek.
162. **Comforter**, Februarie 1912, p. 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the Gospel and giving teaching, to correct wrong presentations of the Gospel."[163]

Van bg. besluit het blykbaar niks gekom nie, want in 1930 word besluit dat ..... ".... the Spiritual Committee draw up the Teaching of the A.F. Mission."[164] Ook hiervan het niks blywend gekom nie alhoewel die behoefte aan 'n eie belydenisskrif duidelik aanwesig was.

Dit was eers in 1956, a.g.v. die onderhandelings met die S.A.U.K., dat daar werk gemaak is van die saak.[165] Kort daarna is die Belydenisskrifte van die A.G.S., wat 'n verwerking van die Nederlandse Geloofsbelydenis is, gepubliseer[166] tesame met drie van die oudste Geloofsbelydenisse te wete: Die Apostoliese Geloofsbelydenis, Nicea en Athanasius.

Alhoewel die A.G.S. vir baie jare geen behoorlike belydenisskrif gehad het nie, het hy tog volgens sy eie oortuiging en die mening van andere gestreef om in leer en in lewe Skrifgebonde te bly. Die getuienis van die wêreldbekende Pinksterleraar, Donald Gee na sy besoek aan die A.G.S. in 1934, is sprekend; "The full recognition of the vital place of teaching of the Word of God, which I have found all over South Africa, bids well for the future of the Pentecostal Testimony in this great land."[167]

## 15.11 Liturgie[168]

Daar is reeds in meer as een hoofstuk verwys na sekere litur-

163. Notule van die Uitvoerende Raad, 8 April 1919, Boek 1, p. 275.
164. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 8-11 April 1930, Boek 4, p. 1147.
165. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Junie 1956, Boek 19, p. 4745.
166. Notule van die Algemene Werkersraad, 8-11 April 1958, p. 5103.
167. **Trooster**, Mei 1934, p. 1.
168. Vir 'n volledige blik op die ontwikkeling van die Liturgie in die A.G.S. kan gekyk word na die kritiese verhandeling van M.A. van der Spuy, **Die Spanning tussen Vryheid en Formalisering t.o.v. die Liturgiese Verskuiwinge binne die A.G.S. van Suid-Afrika**.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



giese aangeleenthede en ontwikkelinge in die A.G.S. Daardie aspekte sal nie weer hier bespreek word nie.

In vergelyking met vandag, was die vroeë dienste van die A.G.S. 'n veel unieker en buitengewone verskynsel in die Suid-Afrikaanse kerklike arena. Op daardie stadium was dié fenomene wat dikwels met Pinksterdienste gepaard gegaan het, nuut en vreemd vir die kerkpubliek in Suid-Afrika. Kritiek op die wyse waarop die Pinkstermense kerk gehou het, was daar baie, alhoewel dikwels bevooroordeelde en skeefgetrekte beelde wat op hoorsê eerder as objektiewe ondersoek berus het.

Watter gebeure was daar in die dienste wat eerlike ondersoekers wel getref het? Eerstens was daar 'n besondere mate van vryheid en spontaneïteit. Een besoeker het dit so beleef: "It is true that the leaders kept a quiet, firm hold of proceedings, but anyone who was moved by the Spirit had the opportunity to speak, testify, give messages in tongues or prophesy."[169] 'n Ander het hierdie meelewing ook opgemerk: "Their is a personal religion; theirs is indeed a God who counts and watches over the very hairs of their heads ... One after another, women and men, they stood up in their places and asked their special needs, simply and humbly ..."[170]

Die gawes van die Heilige Gees het vrylik gewerk: "Sometimes an amazing prophecy whould be fulfilled before the eyes of the people. God confirmed His Word with new signs and wonders in every meeting."[171] Tog het die hoofklem nie op die wonderbaarlike genesings en ander wonderwerke geval nie: "Let it be fairly stated, however, that soul healing was always given the preference to the healing of the body. The taking away of nature's infirmities was always held as subsidiary to the taking away of sin...."[172]

169. W.F.P. Burton, **When God makes a pastor**, p. 52.
170. **Comforter**, April 1930, p. 6.
171. W.F.P. Burton, op. cit., p. 56 en 54.
172. Ibid., p. 49.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Mens sou verwag dat die uitstaande kenmerk van die dienste die wonderwerke en die bonatuurlike sou wees, maar tog was dit nie: "To begin with, there was a love, a heavenly, all-embracing tenderness and simplicity ..." en .."He was attrached more by their love than their miraculous power."[173]

Vir 'n verslaggewer van die Kaapse koerant "The Cape Argus", was dit die gebede wat hom die meeste aangegryp het: "I must tell you about this prayer, for I have never known prayer like it, except once or twice in Methodist prayer-meetings, where just two or three were gathered together. Here, it was the more impressive because there were five hundred of them. In this Mission Hall you do not bow your heads for prayer: I noticed that many of the men, when they came in knelt on the ground to pray. When the leader began to pray, all of us, women and men, turning round to our seats, knelt on the hard, bare boards of the uncarpeted floor. The leader cried out in the very ecstasy of prayer and supplication: he became in a sense transfigured and transformed by the exercise of prayer. I looked round at him and his eyes were veritably shining with a strange light. And everyone joined in the prayer with a running chorus of loud 'Hallelujahs', 'Amens', and 'Praise the Lord'; with nodding heads and 'Yes, yes, Lord and Lord save my soul, save my precious soul, with cries and heavy sighs. Sometimes the chorus was so loud that the leader of the prayer seemed to be carried on the crest of a wave of holy noise to higher and louder effort ....."[174]

A.G.S.-dienste is tradisioneel bekend vir die hartlike en opgewekte sang. Daar is meestal koortjies gesing, soms selfs 'n bekende psalm of gesang - alles uit die hoof. Reeds in 1913 word daar by die Algemene Konferensie die behoefte uitgespreek aan 'n eie liedere-

173. Ibid., p. 51 en 52.
174. "The Stranger within your gates", Artikel aangehaal uit "The Cape Argus" in die Comforter, April 1930, p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boek.[175] Ongeveer in daardie tyd is 'n ander liedereboek, genaamd 'Life and Service" in gebruik geneem. Die boekie, wat ook 'n aantal Nederlandse liedere in gehad het, is vir ten minste twee dekades algemeen in die A.G.S. gebruik. Daarmee saam ook die ou Halleluja-boek wat baie bemind was, veral onder die Afrikaanssprekendes.

'n Eie tweetalige liedereboek, genaamd "Rays of Gospel Light in Song/Ligstrale van Evangelie Liedere", is aan die einde van 1929 vrygestel.[176] Daar was ook 'n aantal psalms en gesange agterin die boek. Dit het egter nooit wye inslag in die kerk gevind nie.

In Maart 1935 word 'n nuwe sangbundel "Nuwe Sionsliedere vir Suid-Afrika" gepubliseer. Die liedereboek, het bestaan uit 400 Afrikaanse en 400 Engelse liedere en koortjies. Dit is versamel en vertaal deur pastore J.H. Saayman, D.J. du Plessis snr. en D.J. du Plessis jnr.[177]

Die bekende "Evangelieliedere/Gospel Hymns" is in 1947, na 'n ooreenkoms met die Christelike Uitgewers-Maatskappy vir gebruik in die A.G.S. gedruk en versprei.[178] Die boekie, bestaande ook uit 400 Engelse liedere en die Afrikaanse vertalings daarvan plus 'n aantal psalms en gesange aan die einde, was vir jare die enigste liederebundel in die A.G.S. Dit word selfs vandag nog in sommige gemeentes gebruik. Alhoewel die boekie ook deur ander kerkgroepe gebruik is, was die A.G.S. by verre die grootste gebruiker daarvan.

Die sange van die A.G.S. was dikwels 'n faktor wat mense na die A.G.S. getrek het. 'n Vrystaatse koerantjie het in 'n artikel die volgende oor die sange gesê nadat 'n verslaggewer 'n diens besoek het: "Daar is veral een ding omtrent hierdie mense waarvan ek baie hou, en dit is hulle singe. Ek het al vir jare volgehou dat die gemeentesang in

175. Notule van die Algemene Konferensie, 12 November 1913, Voorlopige Notuleboek.
176. **Comforter**, July - August 1929, p. 16.
177. **Trooster**, Maart 1935, p. 32.
178. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Maart 1947, Boek 11, p. 2937.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meeste groot kerke 'n bietjie opgehelder moet word. Hierdie mense, eenvoudig in hulle geloof, en beslis in hulle ondervinding, sing hartelik as aan die Heere. Hulle keuse van liedere is ook bewonderenswaardig. Geen een van daardie langdraderige treurige wysies waaraan ons gewoond is nie. O nee, goeie lewendige heldere wysies, met swang en ritme is aan die orde van die dag by hulle. Hulle is ook nie bang om uit te roep nie: 'Prys die Heere'."[179]

Die verslaggewer van die Cape Argus is ook deur die sange getref: "There is no timid restraint at this Mission Hall. If a member of the congregation would like his favourite hymn, he just calls it out, the organist plays over the verse and the people join it. They are a large number of people, about 500 of them, and they make a swelling volume of praise as they repeat the swinging chorusses of these revivalist tunes."[180]

Alhoewel die pastore van die A.G.S. gedurende die eerste paar dekades dikwels nie veel van 'n teologiese agtergrond gehad het nie, was die prediking oor die algemeen kenmerkend vurig en kragtig. Die prediking wat dikwels sterk evangelisties gekleurd was, het besondere inslag gevind en is gewoonlik afgerond deur 'n appél en uitnodiging. Van Lake se tyd af was daar by geleentheid dienste waar geen preek gelewer is nie a.g.v. die werking van die Charismatiese gawes en die spontane meelewing en bydraes deur die lidmate.[181]

Die sakramente is van die begin af gereeld bedien. Nagmaal is een maal per maand op die eerste Sondag van die maand gehou.[182] Doopdienste is op verskillende plekke gehou, afhangende van waar genoeg water

179. Artikel in Bethlehem se plaaslike koerantjie, aangehaal deur die Comforter, January - March 1937, p. 9.
180. "The Stranger within your gates", Artikel in die Cape Argus, oorgeneem deur die Comforter, April 1930, p. 5.
181. Uit Lake se dagboek, Woensdag 28 Desember 1910. Beskikbaar in die A.G.S. Argief.
182. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 November 1908, Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskikbaar was, soms in riviere, plaasdamme [illegible]tyd toe die kerke met doopbaddens bekom is, is in die kerke gedoop. Gedurende die eerste paar jaar het die meeste doopdienste in die Sentrale Tabernakel plaasgevind waar daar wel 'n doopbad was wat uit die tyd van die Sioniste gedateer het: "Baptismal services were large and frequent."[183]

Behalwe vir die gewone bidure, is daar van die vroeë jare af in feitlik alle gemeentes gereeld "wagdienste" gehou. Dit was bidure waar daar spesiaal gebid is vir nuwe bekeerlinge en andere met die doel om die doop in die Heilige Gees te ontvang. Die naam is afgelei van die woorde van die Here Jesus in Lukas 24:49 waar Hy vir Sy dissipels gesê het: "Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte". Die gebruik om wagdienste te hou het in die veertiger jare feitlik tot niet gegaan. Die feit dat daar in die laat veertiger jare en die vroeë vyftiger jare relatief min mense (± 900 in 1949) in die A.G.S. gedoop is in die Heilige Gees, was toegeskryf aan die gebrek aan wagdienste.[184]

Pinksterbidure is in navolging van die gebruik in die Ned. Geref. Kerk van vroeg af in die A.G.S. gehou. Behalwe vir die spesiale wagdienste is daar ook gereeld gemeentebidure gehou.

Nog 'n diens wat in die A.G.S. feitlik tot niet gegaan het, is die opelugdiens.[185] Opelugdienste was een van die belangrikste faktore in die uitbreiding van die A.G.S. Dit het die Evangelie by die mense gebring. Dit was veral dié punt van kontak met die publiek: "Dit was die uitstalvenster van ons kerk."[186] Dit het 'n merkwaardige inslag gevind by die wêreld. Mense is bereik wat nooit in die kerk sou kom nie. Veral baie dronkaards en ander sosiaal-uitgewekenes het daar tot

183. W.F.P. Burton, op cit., p. 56.
184. Trooster, Junie 1950, p. 2.
185. Heelwat inligting hieroor is verkry van pastore J.V. Henning en G.R. Wessels.
186. Persoonlike onderhoud, past. J.V. Henning.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inkeer gekom. Mense wat by opelugdienste tot bekering gekom het, het later selfs pastore en sendelinge geword.[187]

In die vroeë jare was daar feitlik nie 'n gemeente in die A.G.S. wat nie gereeld opelugdienste gehou het nie – veral op Saterdagaande. Soms is daar voor 'n spesiale diens in die kerk, op 'n nabygeleë plek 'n opelugdiens gehou waarna die mense wat dit bygewoon het uitgenooi is om die diens in die kerk by te woon. Opelugdienste was ook 'n belangrike geleentheid vir jong bekeerlinge om ondervinding op te doen en van hulle nuwe lewe te getuig. 'n soort "on the job training". Dit was as't ware die eerste oefengrond vir jong bekeerlinge.[188] Daar het die A.G.S. mense geleer getuig en preek.

By geleentheid het die polisie die hou van opelugdienste verbied: "Bro. Henning asked for guidance re holding of open air meetings. At Brakpan the Police had refused to allow them to hold open air meetings.

"Brethren related their experiences in similar circumstances and unanimously advised Bro. henning to go straight ahead and hold open air meetings."[189]

As gevolg van die groot mate van vryheid en die spontane meelewing deur die lidmate, was die dienste van die A.G.S. nie altyd sonder probleme nie, veral wat betref die werking van die gawes van tale, uitleg van tale en profesie. Reeds in 1908 is daar op sulke gevalle gelet en is dit bespreek by die Uitvoerende Raadsvergaderings.[190] Sulke probleme is sover as moontlik voorkom of waar moontlik reggestel.

187. Ibid.
188. Persoonlike onderhoud, past. G.R. Wessels.
189. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Augustus 1919, Boek I, p. 325.
190. Notule van die Uitvoerende Raad, 8 Oktober 1908, Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die gevare van formalisme en fanatisme het nog altyd, die Pinksterbeweging bedreig. Alhoewel altwee gevaarlik is, was br. P.L. le Roux oortuig dat formalisme die grootste van die twee gevare is: "Brethren then touched upon the forthcoming Convention. We desired a spiritual Convention and to that end could anything be done to check fanatical Spirits running away with the meetings. Bro. P.L. le Roux considered that a greater danger still was a dead Convention and we whould not be too fearful of fanaticism."[191]

191. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 Desember 1919, Boek 1, p. 344.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 16

## DIE VERSKILLENDE DEPARTEMENTE

### 16.1 Sending

In Suid-Afrika, soos in Amerika, het die Pinksterboodskap en die Pinkstergodsdiens van die begin af 'n merkwaardige inslag onder die nie-blankes gevind. In Suid-Afrika was die Sendingafdeling van die A.G.S. van die begin af groter as die Blanke afdeling. Dit is dus in 'n sekere sin ironies om van die Sendingafdeling as 'n departement van die A.G.S. te praat terwyl hy in getalle veel groter as die Blanke deel van die kerk is.

Uit die aard van die saak sal hierdie oorsig oor die sendingwerk van die A.G.S. uiters kursories wees. Om werklik reg te laat geskied aan die groei en omvang van die sendingwerk sou opsig self 'n lywige verhandeling vereis. Die geskiedenis van die A.G.S. sou egter onvolledig wees as daar nie aan hierdie belangrike deel aandag gegee word nie.

#### 16.1.1 Die prominente plek van Sendingwerk in die A.G.S.

In verhouding met sy grootte tot ander kerke, het die A.G.S. merkwaardige sukses op die terrein van evangelisasie- en sendingwerk gehad. Die groei van die sendingafdeling van die A.G.S. word weerspieël deur die feit dat die getalle onder die swart mense toegeneem het van 30 000 aanhangers in 1926 tot 100 000 in 1948.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die A.G.S. was regdeur sy bestaan baie sendingbewus - vroeër selfs nog meer as vandag. Groot dele van die kerkblad is gereeld afgestaan aan verslae en getuienisse vanuit die sendingvelde. Hierdie sendingdrang en -bewustheid het waarskynlik veel te make met die doel van die ontstaan van die A.G.S.. Eerstens was daar John G. Lake en die broeders van Amerika wat eintlik na Suid-Afrika gekom het om sendingwerk te doen - en hierdie ywer het by hulle nooit verflou nie. Tweedens moet die rol van P.L. le Roux genoem word. Nie alleen was hy vir 'n baie lang tyd president van die A.G.S. nie maar was hy ook vir 'n geruime tyd die superintendent van die sendingwerk. Hy was in murg en been sendeling.

Die vroeë A.G.S. mense het vas geglo dat die doel waarom die blanke en in besonder die A.G.S. in Suid-Afrika is, die uitdra van die Evangelie aan die heidene is.[1] Die gevoel was daar dat die A.G.S. sy reg tot bestaan sou verloor as hy sou nalaat om sy sendingroeping na te kom: "The President issued a solemn warning that if we did not wake up in regard to Missionary enterprise we would die out as a mission."[2]

### 16.1.2 Rasseskeiding en die ontstaan van 'n aparte sendingwerk in die A.G.S.

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk genoem dat daar aan die beginjare in die A.G.S. 'n spontane skeiding tussen die Blankes en die anderskleuriges gekom het. Die Amerikaanse broeders was tevrede om aanvanklike veelrassige dienste te hou. Deels a.g.v. die toenemende "boere-invloed" en deels a.g.v. 'n taal en kultuurverskil, is daar egter weldra begin om vir die anderskleuriges apart kerk te hou.[3]

1. **Trooster**, Junie 1916, p. 3.
2. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 2-11 April 1926, Boek 4, p. 908.
3. Gordon Lindsay, **Life and Ministry of John G. Lake**, p. 35.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste kerkgebou waarvan ons lees waar daar uitsluitlik vir die nie-blankes kerk gehou is, was in Beekstraat 45, Doornfontein.[4] Dit het egter nie beteken dat daar meteens volkome skeiding tussen die verskillende kleure gekom het nie. In 1912 is nie-blankes bv. nog gereeld in die Sentrale Tabernakel gedoop.[5]

Teen 1917 was daar steeds anderkleuriges in die dienste in die Sentrale Tabernakel. Dat dit op daardie stadium 'n probleem was in 'n kerklike gemeenskap wat meer en meer die stempel van die boerekultuur begin dra het, blyk uit die volgende vraag wat tydens die konferensie gevra is: "How far may Natives and Coloured People be permitted to participate in our services?"[6] Die vraag is met die volgende besluit beantwoord: "That we do not teach or encourage social equality between Whites and Natives. We recognise that God is no respecter of persons, but in every nation he that feareth Him and worketh righteousness is acceptable to Him. We therefore preach the Gospel equally to all peoples, making no distinctions. We wish it to be generally known that our White, Coloured, and Native peoples have their seperate places of worship, where the Sacraments are administered to them. We further recommend that in the Central Tabernacle, and other assemblies if desirable, certain seats be reserved for coloured persons who may attend there. Further, that in the case of certain worthy coloured families attending at the Central Tabernacle the matter be left in the hands of the Spiritual Committee."[7]

Volgens 'n brief wat Lake aan die Upper Room Mission in Los Angeles gestuur het, was die blanke Suid-Afrikaner ten spyte van sy voor-

4. **Trooster**, November 1910, Geen bladsy nommer.
5. **Comforter**, Februarie 1912, p. 12.
6. Notule van die Werkerskonferensie, 4-7 Julie 1917, Boek , p. 130.
7. Ibid., p. 135

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oordeel teen die swartes nog die beste sendeling: "The Afrikander ... has always lived among the natives; he knows them, and is a much better missionary than the oversea man. The difficulty with the Afrikander, as a rule, is that he is like our Southerner in America; there is a strong prejudice on his part against the blacks, and only God, the Holy Ghost, can remove that. But, bless God, He does, and the most devoted white workers we have among the natives are these, whose hearts God has caused to love the natives."[8]

Teen 1944 het die standpunt van segregasie duidelik in die A.G.S. gegeld: "The Mission stands for segregation. The fact that the Native, Indian or coloured is saved does not render him European."[9]

Tog het daar 'n baie goeie verhouding tussen die rassegroepe in die A.G.S. geheers, sodanig dat 'n buitestander in verbasing 'n brief aan die redakteur van die "Star" gerig het: "For some time past my attention has been drawn to the beneficant and unobtrusive work the Apostolic Faith Mission of South Africa are doing in the cause of racial peace, and although I am not a member of that body, I am glad to be able to confirm their laudable efforts. In these unsettled times anything that tends to foster better relations and the spread of the gospel of peace should be hailed with satisfaction and developed as much as possible.

"Racial clearage I might add is entirely absent among the large mission congregations comprising English and Afrikaans-speaking citizens .....

8. **The Upper Room**, Geen datum (1910/11), p. 6.
9. Notule van die Algemene en Werkerskonferensie, 31 Maart tot 9 April 1944, Boek 10, p. 2670 en 2671.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"The friendliness and understanding between the races in this great mission are having an amazingly good effect. A tribute of the highest order is due to the pastors and leaders for these praise-worthy achievements."[10]

Daar was 'n paar redes waarom die sendingpogings van die A.G.S. met sulke rasse skrede vooruitgegaan het. Teenoor die sendingmetodes van die historiese kerke, stel John G. Lake dit dat die Evangelie soos deur die Pinkstermense gebring, die werklikheid van God aan die heidene gedemonstreer het, veral deur Goddelike genesing: "We feel free to assert, that no religious movement of modern times, has left such an impression on the native mind, in so short a time as the Apostolic Faith Mission and declare as our conviction that the ministry of healing through the power of God, has been used by Him to attrack the native, and demonstrates to him a living God, such as nothing else could have done."[11]

'n Ander rede vir die sukses op die sendingterrein was die feit dat elke blanke gemeente (en later elke distrik) van die begin af verantwoordelik gehou is vir die sendingwerk in sy ressort.[12] Verder is die vinnige groei in die verlede toegeskryf aan die feit dat die Pinkstergodsdiens gou en maklik inheems geword het en dat daar van die begin af baie van die inheemse werkers van die verskillende rasse- en taalgroepe gebruik gemaak is om die Evangelie aan hulle eie mense te verkondig.[13]

10. 'n Uitknipsel in die A.G.S. argief van 'n brief aan die redakteur van die "Star", gedateer, 5 Maart 1941.
11. **Comforter**, July - August 1911, Geen bladsy nommer.
12. **Comforter**, December - February 1911, Geen bladsy nommer.
13. **Comforter**, July - August 1911, Geen bladsy nommer, **Trooster**, Desember 1937, p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 16.1.3 Vroeë organisatoriese ontwikkeling

Die behoefte om sendingwerk op 'n georganiseerde wyse te doen, het vroeg reeds ontstaan. Reeds in Junie 1909 besluit die Uitvoerende Raad: "That a white Superintendent or Superintendents be appointed by the Council over the Native Work in the respective colonies of South Africa who shall act in harmony with and subject to the approval and conformation of the Executive and Council."[14] In Mei 1910 word daar voorgestel dat 'n "Native Council" bestaande uit drie blanke en drie swart opsieners in die lewe geroep word.[15] Hierdie raad wat onder beheer van die Uitvoerende Raad sou staan, sou toesig oor die sendingwerk hou.

In 1917 word 'n volwaardige sendingkomitee in die lewe geroep bestaande uit die grootste gedeelte van die blanke sendelinge.[16] Hierdie komitee sou nie alleen omsien na die administrasie van die sendingfondse nie maar ook na alle sake rakende die sendingwerk. Die Uitvoerende Raad was steeds die beherende raad. Die sendingsuperintendent was ook as lid van die Uitvoerende Raad beskou.[17]

Die hele land was in verskillende sendingdistrikte verdeel wat op enkele uitsonderings na, blanke sendelinge as opsieners gehad het. Wat die swart werkers betref, is daar onderskeid gemaak tussen die ouderlinge, evangeliste, diakens en plaaslike predikers (local preachers).[18]

14. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 Junie 1909, Voorlopige Notuleboek.
15. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Mei 1910, Voorlopige Notuleboek.
16. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 Oktober 1917, Boek 1, p. 147 en 148.
17. Notule van die Algemene Konferensie, 11 November 1913, Voorlopige Notuleboek.
18. Vir 'n breedvoerige uiteensetting van die vroeë organisasie van die sendingwerk, sien die artikel "Onze Naturelle Gedragslijn" in die Trooster, Maart 1919, p. 3 en 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voorskrifte aan die swart werkers en predikers was eenvoudig en duidelik: Geeneen sou 'n prediker in die A.G.S. kon wees tensy: "hij of sij vrij is van het gebruik van de volgende dingen: - Het eten van varkens vlees, en gebruik van tabak, bedwelmende drank en medicijnen. Een leraar moet ook slechts één vrouw hebben en moet wettig gehuwd sijn en wat nog meer is moet een goed getuigenis hebben."[19] Werkers moes verder nie rondgaan en preek met 'n geselskap vroue nie; hulle moes nie lang rokke en snaakse soorte klere dra nie en hulle moes ook nie ander kerkgenootskappe veroordeel en probeer afbreek nie.[20] Daarby was dit altyd 'n vereiste dat swart predikers ook met die Heilige Gees vervul moet wees.[21]

Die sendingwerk van die A.G.S. in Suid-Afrika het onbetwisbaar veel vrugte afgewerp. In die volgende aanhaling word die A.G.S. se werkswyse as een van die belangrikste redes vir hierdie groei aangegee: "Our method of working is not at all like many which we see in this country. We see that most of the churches have adopted the method of doing missionary work, through the medium of mission stations. They have large and expensive buildings erected, have schools established in these buildings etc. They have a large number of native children there on the Station. Then they work out from there. This is one way of doing missionary work.

"The Apostolic Faith Mission has always been from the beginning a mission, rather than just a church, i.e. we have always been an evangelistical mission. Our method has been to evangelize the natives, get souls saved as fast as possible, believing the time will come when no man can work.

"This method of the mission has its weaknesses as well but this

19. **Trooster**, Februarie 1922, p. 7.
20. **Trooster**, Maart 1919, p. 5.
21. **Trooster**, Januarie 1939, p. 21.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is the one great reason why the work has grown so rapidly, it has gone faster than we could follow it up with supervision, but we have native missionary work in almost every part of South Africa today."[22]

Die faktor wat die sendingwerk van die A.G.S. van die begin af die meeste gekniehalter het, was nie gebrek aan arbeidskragte nie, maar aan finansies. Die sendelinge sowel as die swart werkers van die A.G.S., het dit finansieël baie moeilik daaraan toe gehad. Een van die redes was die geringe inkomste uit die swart kerk. Daar is van die begin af hard probeer om die beginsel van die gee van tiendes by die swart lidmate in te skerp.[23] Die bydraes het nietemin gering gebly - veral weens die lae inkomste van die meeste swartmense.

Sedert 1936 is blanke gemeentes aangemoedig om die maandelikse nagmaalofferande vir sendingwerk te gee.[24] Hierdie gebruik het later 'n vaste beleid in die A.G.S. geword. Hierby moet genoem word dat die grootste deel van die inkomste van die jeugverenigings asook 'n deel van die Sondagskole se inkomste net so vir sendingwerk gegaan het. Veral die jeugverenigings se inkomste het in die beginjare uitsluitlik vir hierdie doel gegaan.

Past. Dawie du Plessis het in 1938 met 'n skema vorendag gekom wat soveel fondse gegenereer het dat die getal sendelinge binne drie jaar verdubbel het. So bv. was die sendelingekorps in September 1938 vyftien sterk. Teen September 1939 was daar 33 en teen November 1944 sewe en veertig. Hierdie getalle sluit ook die vroue van die sendelinge in. Hy het naamlik 'n "Gideonsbende" in die lewe geroep. Sy aanvanklike doel was om 300 persone te kry wat maandeliks tien sjielings vir sendingwerk

22. **Trooster**, Augustus/September 1941, p. 7.
23. **Trooster**, Maart 1919, p. 5.
24. **Trooster**, Februarie 1936, p. 24.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sou gee.[25] Die doel is in 1941 bereik en 'n tweede Gideonsbende is begin.[26] Hierdie skema het maandeliks 'n versekerde bedrag gelewer sodat selfs 'n aantal oorsese sendelinge in diens geneem kon word.

Hierdie stelsel het so goed gewerk dat die sendinginkomste gedurende die oorlogsjare nie afgeneem het maar feitlik verdubbel het (1942 - 5 908 pond; 1945 - 9 486 pond).[27] Ongelukkig het hierdie skema in 1948 veel van sy momentum verloor, waarskynlik grotendeels a.g.v. die vertrek van past. D.J. du Plessis oorsee in 1947. Aangesien die grootste deel van die sendingfondse uit hierdie bron gekom het, moes 'n hele aantal sendelinge die veld verlaat het en vir hulle 'n ander heenkome soek: "Aan die einde van die jaar hang daar 'n donker wolk oor die wat nog in die veld is."[28]

Alhoewel die A.G.S. se sendingaksie aanvanklik nie die oprigting en implimentering van sendingskole behels het nie, het die praktyk spoedig in dié rigting gelei. In die twintiger jare het verskeie van die sendingstasies reeds oor skooltjies beskik.[29] Die skole het nie almal aan die vereistes van die regering voldoen nie - trouens die meeste is met die karige sendingfondse aan die gang gehou![30] By die Werkersraad van 1941 was die noodklag van feitlik al die sendelinge die behoefte aan meer sendingskole. Die probleem was dat "die kapteins en die naturelle self wil geen notisie neem van sendelinge wat nie skole vir hulle kinders gee nie ...... Die moeilikheid met skole is die huur van onderwysers. Hulle moet 1 pond tot 4 pond per maand betaal word."[31]

25. Notule van die Uitvoerende Raad, 11 Augustus 1938, Boek 7, p. 2041.
26. Byvoegsel tot die Trooster, Augustus/September 1941.
27. **Trooster**, Augustus 1946, p. 2.
28. **Trooster**, Oktober 1948, p. 5.
29. **Trooster**, Augustus/September 1923.
30. **Trooster**, Desember 1937, p. 14.
31. **Trooster**, Mei/Junie 1941, p. 10.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16.1.4 **Sendingdistrikte, -plase en -stasies**

Hiermee word daar na die sendingwerk in die praktyk gekyk. Daar sal ook na sommige van die sendelinge verwys word wat in die onderskeie arbeidsvelde gewerk het.

Een van die eerste streke waar die A.G.S. sendingwerk gedoen het, was die Soutpansbergdistrik. In dié gebied het 'n herlewing uitgebreek kort voor die A.G.S. in Suid-Afrika ontstaan het. Die man wat aanvanklik deur die Here daar gebruik is, was 'n sekere br. Duggan.[32] Onder die bekeerlinge was br. L. Watson en G.J. Booyens. Hulle bediening in daardie omgewing is veral gekenmerk deur 'n groot aantal genesings wat plaasgevind het. Op daardie stadium in 1908 het hulle gehoor van die Pinksterherlewing in Johannesburg waarheen hulle toe gereis het. In Johannesburg is hulle gedoop in water sowel as in die Heilige Gees.[33]

Terug in die Soutpansberg gebied het hierdie manne 'n groot werk vir die Here gedoen. Die hoof van die Mavenda stam (by verre die grootste in daardie omgewing) het sendelinge vroeër verbied om sendingwerk onder sy mense te doen. Van 'n nie-blanke bevolking van 350 000 was kwalik 20 000 nominele Christene van wie die meeste se Christelikheid veel te wense oorgelaat het.[34] Hierdie hoofman het aan die A.G.S. 'n oop deur gegee - waarskynlik omdat die Pinksterboodskap genesing vir die siel én die liggaam ingehou het.[35]

Teen 1945 was die ledetal van die A.G.S. in daardie gebied ongeveer 2 000, daar was dertien kerkgeboue met vyf-en-twintig buite-

32. **Trooster**, Augustus 1951, p. 17.
33. Ibid.
34. **Comforter**, September tot Oktober 1911, p. 3.
35. **Comforter**, Julie - Augustus 1911, Geen Bladsy nommer.
**Comforter**, September - Oktober 1911, p. 3.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stasies en agt dagskole.[36] In 1954 het die lidmaattal op 2 740 gestaan.

Die A.G.S. het op 'n interessante wyse betrokke geraak in die destydse Basutoland. Een van die eerste bekeerlinge van Edgar Mahon, die vader van Sotho-Sionisme, was Edward (Tau) Lion.[37] Hy het 'n charismatiese bediening gehad met 'n groot aantal volgelinge in Basutoland. Hy het soms vir 'n paar duisend mense op 'n slag gepreek. Sy dienste het van 6 - 8 uur lank geduur en talle genesings het plaasgevind.[38]

Toe die eerste werkers van die A.G.S. in 1912 Basutoland binnegegaan, het hulle kennis gemaak met Edward Lion wat toe al vir 'n hele paar jaar op sy eie met 'n vorm van Sionisme besig was.[39] Na onderhandelings het Edward by die A.G.S. ingeskakel en noem hy die werk daar "Zion Apostolic Faith Mission."[40]

Edward Lion het ongelukkig aan 'n grootheidswaan gely. Hy het ook probleme ondervind om onder gesag te staan en om die reëls en wette van die A.G.S. te gehoorsaam. Reeds in 1914 het die kerk sy eerste probleme met Edward gehad.[41] In 1921 het 'n finale breuk tussen Edward en die A.G.S. gekom: "Edward Lion does not want to submit himself to the Mission as other native leaders do."[42] Dit het duidelik word dat hy net die naam van die A.G.S. wou gebruik om hom te beskerm teen sekere wette in Basutoland. Ongeveer daardie tyd is hy ook weens sekere oortre-

36. **Trooster**, September/Oktober 1945, p. 28 en 29.
37. Bengt Sundkler, **Zulu Zion**, p. 65.
38. W.F.P. Burton, **When God makes a Pastor**, p. 85-87.
39. **Comforter**, Oktober 1913, p. 12 en 13.
40. W.F.P. Burton, op cit., p. 65.
41. Notule van die Uitvoerende Raad, 30 September 1914, Voorlopige Notuleboek.
42. **Comforter**, Augustus 1921, p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dings gevange geneem en verban uit Basutoland. Ongelukkig het hierdie gebeure die A.G.S. groot skade aldaar berokken en was dié land se deure vir 'n geruime tyd vir die A.G.S. geslote.[43]

Sekere van die hoofmanne, o.a. David Molapo, het egter aan die A.G.S. lojaal gebly en na 'n paar jaar was br. en sust. A.C. Willemse aan die spits van 'n nuwe werk wat die A.G.S. daar begin het. Daar het later 'n sendingstasie, genaamd Kolonyama, tot stand gekom op 'n stuk grond wat deur Molapo aan die A.G.S. geskenk is. In 1945 was daar twee kerkgeboue, vyftien buiteposte en 312 gedoopte lidmate.[44]

Wat Edward Lion betref, kan dit net ter wille van die interessantheid genoem word dat een van sy volgelinge wat baie deur hom beïnvloed is, Ignatius Lekganyane, na 'n aantal jare by hom weg is en sy eie Sioniste Beweging gestig het, die Zion Christian Church (Z.C.C.) met sy hoofkwartier naby Pietersburg, wat vandag by verre die grootste Sionistegroep in Suid-Afrika is.[45]

In 1918 is daar met sendingwerk te Pelgrimsrust begin met br. en sust. D. Booysen as die opsieners.[46] Hierdie gebied wat ook die omgewing van Lydenburg ingesluit het, is sedert 1927 vir baie jare deur br. en sust. G.J. Vermeulen beheer. Hulle het met groot persoonlike opoffering en met veel ontberinge 'n geseënde werk gedoen. In 1945 was daar in daardie distrik dertig buitestasies, twintig kerkgeboue, drie dagskole en ongeveer 5 000 lidmate.[47]

43. **Comforter**, September/Oktober 1945, p. 31.
44. Ibid.
45. Bengt Sundkler, op cit., p. 66.
46. Notule van die Werkerskonferensie, 19 Julie 1918, Boek 1, p. 204.
47. **Trooster**, September/Oktober 1945, p. 30.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die begin van 1920 word ses akker grond in die sentrale gedeelte van die destydse Suid-Rhodesië gekoop as 'n basis vir sendingwerk. Gatooma was vir eers onder die beheer van br. en sust. Luttig, later br. en sust. Harris en hulle is weer opgevolg deur br. en sust. O. Teichert. In die veertiger jare was hier byna 5 000 lidmate, 43 buitestasies, twintig kerkgeboue en een laerskool.[48] In 1954 staan die lidmaattal op 6 700.[49]

'n Belangrike sendingstasie in Suid-Rhodesië was Gobateme. Hierdie plaas van 3 000 morg wat gegrens het aan die Gwanda Naturellereservaat was ideaal geleë as sendingstasie. Dit is in 1920 gekoop.[50] Sommige van die sendelinge wat groot werk daar gedoen het was brs. D.S. Steyn, Bill Wilson en Willard Wilson. Die sendingstasie is mettertyd goed ontwikkel met 'n skool en in 1949 ook 'n eie Bybelskool.[51]

In Suid-Rhodesië het die A.G.S. vir baie jare groot teenkanting van die kant van die regering gehad. Die A.G.S. het reeds in 1916 daar met sendingwerk begin.[52] Die probleem was om erkenning van die kant van die owerheid te kry. Dit was die hoofrede waarom die A.G.S. gedwing was om in Rhodesië plase te koop en die Evangelie daar aan die swartes te verkondig. Hulle was in die meeste gevalle verbied om gemeentes in naturelle-reservate te stig. So het een van die sendelinge in Rhodesië in 1928 in sy verslag genoem: "The natives live in Reserves and other denominations are allowed in these Reserves but not the Apostolic Faith

48. Ibid.
49. **Trooster**, Mei 1954, p. 16.
50. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 April 1920, Boek 1, p. 379.
51. **Comforter**, September/Oktober 1945, p. 25.
Notule van die Uitvoerende Raad, 30 September 1949, Boek 12, p. 3278.
52. **Trooster**, Maart/April 1924, p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mission. At one time a Commissioner told him if he went to preach in a certain Reserve he would be put in jail."[53]

Hierdie probleem was veral groot in die Gwanda-gebied. Dit is waarom die A.G.S. hier noodgedwonge 'n plaas in 1920 moes koop. Reeds in daardie tyd het die Naturelle Kommissaris die werk van die A.G.S. sterk teengestaan ... "omdat, zoals hy zegt, wij zulk een dwepery verkondigen, bv. Goddelike Genezing."[54] Nadat die Rhodesiese regering in 1932 die A.G.S. erken het,[55] is alle erkenning in 1934 weer herroep.[56] Dit was eers in 1948, na veel gesukkel, ... "dat die A.G.S. erken word as 'n Kerk met onbeperkte ingang tot enige van die Naturelle Reserwes deur enige gesertifiseerde werker van die A.G.S."[57]

Een van die plattelandse gebiede wat die vroegste deur die A.G.S. bearbei is, is die Waterbergdistrik. Hierdie distrik se naam was vir vyftig jaar verbind aan die enigste swart opsiener wat die A.G.S. gehad het, Elias M. Letwaba. Aangesien hy die mees voortreflike swart werker was wat die A.G.S. vir vyf dekades gehad het, is dit nodig om hier 'n bietjie inligting oor hom te verskaf.[58]

Letwaba het op veertienjarige ouderdom na 'n Lutherse Bybelskool gegaan waar hy vyf jaar later as predikant klaargemaak het. In dié tyd het hy Duits goed leer praat. Trouens, benewens vier swart tale kon hy Afrikaans, Engels en Duits goed praat. Algaande het hy egter al hoe on-

53. **Comforter**, Januarie 1929, p. 9.
54. **Trooster**, Julie 1921, p. 10.
55. **Trooster**, Desember 1932, p. 18.
56. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 Junie 1934, Boek 5, p. 1539 en 1540.
57. Notule van die Algemene Werkersraad, 5-7 April 1948, Boek 11, p. 3026.
58. Inligting hoofsaaklik verkry uit die boek van W.F.P. Burton, **When God makes a pastor** asook uit artikels in die kerkblad: **Comforter**, Januarie 1952, p. 15. **Trooster**/Comforter, **Junie 1959, p. 8 en 21.**

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelukkiger in hierdie kerk geword, veral a.g.v. die gebrek aan toewyding en heiligmaking in die lewens van sy kollegas. Na drie jaar by die "Berlin Mission" sluit hy toe aan by die "Bapedi Lutherans" waar hy negentien jaar lank gearbei het. Daarna was hy vir 'n tyd by die Zion Apostolic Church voordat hy kort na die aankoms van Lake en Hezmalhalch met Pinkster kennis gemaak het.

Hy is as opsiener aangestel in die Waterbergdistrik. Die rede hiervoor was dat 'n aantal blanke werkers in hierdie gebied siek geword het aan malaria en enkeles het ook gesterf. Die blankes se gestelle was nie so immuun teen malaria as dié van die swartmense nie en a.g.v. Letwaba se teologiese opleiding en ondervinding en sy lojaliteit teenoor die blankes, is hy as opsiener aangestel - 'n amp wat in die res van die A.G.S. slegs deur blankes beklee was.

Letwaba het nie net in sy distrik nie, maar regdeur die land belangrike evangelisasiewerk gedoen. Hy was bekend as 'n man van gebed wat ure en selfs nagte in gebed deurgebring het. Talle wonderwerke het in sy bediening plaasgevind. Hy het ook 'n Bybelskool in sy distrik begin, bekend as die Patmos Bybelskool. Hy was veral bekend vir sy opregte nederigheid en onderdanigheid in sy verhouding met sy blanke broeders. Hy is op 21 Maart 1959 in die ouderdom van 89 jr. oorlede nadat hy tot kort voor sy dood nog in die tuig was. Sy arbeid in die Waterberge was geseënd. So was daar in 1945 in die distrik 62 buite-stasies, 10 kerkgeboue, drie dagskole en 7 733 lidmate.[59]

Sendingwerk in <u>Natal</u> het in 1912 onder br. Dugmore begin.[60] Nadat die werk 'n paar jaar sonder blanke toesig voortgegaan het, het br. en sust. C.S. Flewelling vanaf 1928 vir baie jare as opsiener van <u>Natal</u>

59. **Comforter**, September/Oktober 1945, p. 29.
60. **Trooster**, Maart 1935, p. 14.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Zululand opgetree.[61] In Natal was daar in 1945 dertig buitestasies, sewe kerkgeboue, ses skole en ongeveer 2 000 lidmate. In Zululand waar br. en sust. Höll vanaf 1943 by br. Flewelling oorgeneem het, was daar in 1945 elf buitestasies, sewe kerkgeboue en omtrent duisend lidmate.[62] Teen 1954 het die lidmatetal reeds gegroei na 2 000.

Oos-Transvaal en Swaziland was die arbeidsveld van br. en sust. P.L. le Roux - selfs voordat hulle in 1908 na die A.G.S. oorgekom het. Op daardie stadium was hulle natuurlik in die Sioniste kerk en voor dit die sendelinge van die Ned. Geref. Kerk aldaar. Met Wakkerstroom as basis is hierdie groot gebied sorgvuldig deur hulle bearbei. Selfs nadat hy president van die A.G.S. geword het en na Johannesburg verhuis het, het hy as opsiener van hierdie distrik aangebly. As sendeling in murg en been het hy as opsiener voortgegaan tot kort voor sy dood. Op daardie stadium het die A.G.S. meer as 4 000 lidmate in daardie streek gehad met 88 buitestasies, sestien kerkgeboue en twee skole.[63] Br. Le Roux is opgevolg deur br. J.C. Botha.

Die A.G.S. het die eerste keer met werk in S.W.A. begin in 1919 toe br. J.A. Venter wat 'n konstabel was, daarheen verplaas is. Hy het blank en nie-blank bearbei. Teen die einde van 1942 was daar maar nog tussen 600 en 700 A.G.S. lidmate onder al die Swart rasse.[64] In 1943 is br. en sust. P.J. van der Walt as sendelinge na S.W.A. gestuur.

Sendingwerk in die Vrystaat het heel vroeg in aanvang geneem en die pionier hier was br. S. Hartman. Hierdie groot gebied wat tot in 1962 deur een blanke opsiener beheer is, het teen 1945 meer as 5 000 lidmate gehad, agtien voltydse swart leraars en sestien kerkgeboue.[65]

61. **Trooster**, Januarie 1971, p. 7.
62. **Comforter/Trooster**, September/Oktober 1945, p. 34 en 35.
63. Ibid., p. 30.
64. **Trooster**, Desember 1942 tot Januarie 1943, p. 13.
65. Ibid., p. 29.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die vroeë vyftiger jare het 'n broeder 'n stuk grond naby Lusaka, in die destydse Noord-Rhodesië, aan die A.G.S. geskenk vir 'n sendingstasie. Hierdie pragtige stuk grond teenaan 'n rivier met die naam "Kasupe" wat "fontein" beteken, is spoedig as sendingstasie ontwikkel met 'n kerk asook die nodige geboue vir 'n Bybelskool.[66] Die Bybelskool, wat op 5 Februarie 1956 geopen is, sou studente van oor die hele Rhodesië oplei. Die eerste opsiener hier was past. E. Cooksey.

Daar word kortliks melding gemaak van nog 'n paar plekke buite die landsgrense waar die A.G.S. voor 1958 reeds met sendingwerk besig was. In Mosambiek is daar vir 'n tyd sedert 1915 sendingwerk gedoen. Die deeltydse opsiener daar was br. Waghorn.[67] In die Transkei is daar reeds sedert 1918 sendingwerk gedoen.[68] Br. en sust. Andrews het vir 'n geruime tyd daar gearbei. Hulle is opgevolg deur die egpaar Bill Wilson en later deur br. en sust. Harris. 'n Sendingplaas is in 1953 naby Umtata aangekoop en die "Belmont" sendingstasie is daar ontwikkel.

Die destydse Nyassaland is sedert 1956 intensief bearbei alhoewel die A.G.S. reeds vroeër 'n aantal lidmate daar gehad het. Die eerste opsienerspaar wat aan die begin van 1957 daar aangestel is, was past. en sust. G.S. Erasmus.[69]

In die vyftiger jare is nog 'n sendingstasie in Suid-Rhodesië opgerig, genaamd Rufaro wat "vreugde" beteken. Hierdie sendingstasie, ongeveer sestig kilometer anderkant Fort Victoria, het o.a. oor 'n groot gerieflike kerk beskik asook 'n groot skool en koshuis.[70]

In 1956 het die A.G.S. die moontlikheid ondersoek om in Kenia te

66. **Trooster**, Maart 1956, p. 30 en 31.
67. **Convention Report**, 31 Januarie 1916, p. 13.
68. **Trooster**, November 1953, p. 18.
**Comforter**, September/Oktober 1945, p. 33.
69. **Trooster**, Februarie 1957, p. 13.
**Trooster**, September 1956, p. 10-12 en 20.
70. **Comforter**, March 1956, p. 7.
**Trooster**, Maart 1957, p. 15.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begin werk.[71] Past. C. Nielsen het in 1958 met 'n werk daar begin. Alhoewel hy ook die blankes bedien het, het hy 'n gesonde werk onder die swartmense begin. Nadat hy Kenia aan die einde van 1961 weens die politieke onrus moes verlaat, het die A.G.S. vir 'n aantal jare heeltemal kontak met die werk daar verloor. In 1972 het dit egter aan die lig gekom dat die Pinksterwerk daar ongelooflike groei getoon het onder die inheemse leierskap van Willy Kago. Daar was op daardie stadium reeds 100 000 lidmate in Kenia, Uganda en Tanzanië.

16.1.5 Nie-blanke Bybelskole

Vir die eerste byna vier dekades was daar behalwe vir die "Patmos Bible School" skool van die swart opsiener Letwaba by Potgietersrus en die een op Gobateme, nie 'n amptelike opleidingsentrum vir swart werkers in die A.G.S. nie. In die distrikte het die opsieners self maar elementêre opleiding aan die swart werkers verskaf.

In Augustus 1942 bespreek die Uitvoerende Raad die wenslikheid van 'n Bybelskool vir swart studente.[72] Daar word besluit om past. J.R. Gschwend, veteraan sendeling van Switserse herkoms te vra om as prinsipaal van die Bybelskool in "Western Native Township", op te tree.[73] Uiteindelik was dit past. E. Cooksey wat vir 'n tyd hier 'n Bybelskool gehad het. Dit was egter slegs vir daardie distrik en nie vir die swart werkers van die hele kerk nie..

In 1946 het 'n sekere sust. F.B. Smith 'n plaas naby Brakpan aan die Sending geskenk.[74] Die gedagte was om die plaas in te rig as 'n

71. **Trooster**, Mei 1958, p. 8.
**Trooster**, Januarie 1963, p. 23-25.
**Trooster**, Maart 1973, p. 3.
**Pinksterboodskapper**, Augustus 1976, p. 12 en 13.
72. Notule van die Uitvoerende Raad, Boek 8, 13 Augustus 1942, p. 2413.
73. Notule van die Uitvoerende Raad, Boek 9, 3 Mei 1943, p. 2519.
74. Notule van die Algemene Werkersraad, 5-7 April 1948, Boek 11, p. 3027.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bybelskool vir swartmense. Aangesien die plaas in 'n blanke munisipale area geleë was, kon daar nie toestemming voor verkry word nie. Daar word besluit om die plaas te verkoop en elders 'n plaas te koop waar daar nie beperkings is nie.

Aan die begin van 1950 het die Sendingdepartement 'n plaas tussen Pretoria en Benoni, naby Bapsfontein gekoop.[75] Op hierdie plaas is die eerste amptelike Bybelskool vir swartmense op die 20ste Januarie 1951 begin. Die prinsipaal was past. E. Cooksey.

In 1953 word die plaas egter verkoop en word besluit dat die Bybelskool na Lady Selbourne in Pretoria verskuif word met past. J.R. Gschwend as prinsipaal.[76] Die Bybelskool is op 28 Februarie 1954 geopen. As gevolg van probleme met die immigrasie wette en taalprobleme is daar in 1956 ook begin met 'n Bybelskool op Kasupe-sendingstasie naby Lusaka in Noord-Rhodesië. Past. E. Cooksey is as prinsipaal van hierdie Bybelskool aangestel.[77]

Aan die begin van 1955 bedank past. J.R. Gschwend as prinsipaal van die Bybelskool in Lady Selbourne omdat hy al sy aandag wil wy aan die druk en verspreiding van Christelike lektuur.[78] Die organisasie wat hy hiervoor in die lewe geroep het, staan bekend as Alle Nasies Uitgewers. In sy plek is past. John Cooksey, broer van past. E. Cooksey, vanaf 1 April 1955 as prinsipaal aangestel.

Alhoewel dit buite die bestek van hierdie proefskrif val, kan dit net genoem word dat die gebied waarin die Bybelskool in Pretoria

75. Trooster, Maart 1950, p. 12.
Trooster, April 1950, p. 12.
Trooster, Februarie 1951, p. 12.
76. Notule van die Uitvoerende Raad, 25 Augustus 1953, Boek 16, p. 4130.
77. Trooster, Oktober 1953, p. 16 en 18.
78. Trooster, April 1955, p. 14.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geleë was weens die groepsgebiede wetgewing onteien is. Die Bybelskool is aan die einde van 1964 gesloop. Dit is toe na Potgietersrus verskuif en in die sewentigerjare na Mabopane buite Pretoria.

### 16.1.6 Die werk onder die Kleurlinge

Vir meer as drie dekades is die Kleurlingwerk in die A.G.S. as deel van sy algemene sendingaksie beskou en nie as 'n aparte selfstandige afdeling nie. Dit beteken nie dat die Kleurlingbevolking nie bearbei is nie. Van die begin af het pastore en werkers die kleurlinggemeenskappe in hulle omgewing bedien. Veral past. Botha Opperman het in die Kaap groot werk onder die Kleurlinge geïnisieër terwyl hy distrikvoorsitter daar was.

Die eerste kerkregtelike besluit wat die Kleurlinge raak, word deur die Uitvoerende Raad in April 1928 geneem: "Resolved that the secretary write a letter to Bro. H.S. Few instructing him to appoint European Workers to take charge of the coloured work where there is such and that European Workers represent the coloured assemblies at their respective District Councils."[79] Die Kleurlingwerk is dus nog lank nie as 'n selfstandige werk gesien nie.

In 1939 word dit deur die Uitvoerende Raad in beginsel aangeneem .....: "... that we adopt the policy of considering the Cape Coloured work as a seperate Departement and not as a section of the Missionary Department."[80] Dit was eers in 1944 dat die volgende belangrike besluit bg. gedagte deurgevoer het: "... that we classify the Missionary Work into three distinct departments.

79. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 April 1928, boek 4, p. 1018.
80. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 September 1939, Boek 8, p. 2145.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Native Department

(b) Non-European or Coloured Department

(c) Indian Department."[81]

Intussen is past. en sust. C.J. Nielsen in September 1940 deur die Uitvoerende Raad aangestel as die eerste voltydse sendelinge egpaar onder die Kleurlinge in die Kaap.[82] Hulle sou terselftertyd ook die swart werk daar behartig. Onder hulle bediening het die Kleurlingwerk pragtig op dreef gekom.

Aan die Rand het die bearbeiding van die Kleurlinge ook nie agterweë gebly nie. Heel vroeg reeds het brs. F.A. van Dyk en W.R. Jensen met 'n vrugbare werk in Newclare, Sophia Town en later Albertsville begin. In die vroeë veertigerjare het die werk aan die Rand 'n groot stoot gekry toe past. en sust. E.H. Wilson, sendelinge uit Australië onder die Kleurlinge kom werk het.[83]

Twee belangrike momente in die geskiedenis van die Kleurlingwerk was o.a. in Augustus 1942 toe die eerste Kleurling, br. F.M. Jensel as voltydwerker in die Kaap aangestel is.[84] 'n Ander belangrike geleentheid was Maart 1945, toe die eerste Algemene Kleurlingkonferensie en Werkersraad te Newclare Johannesburg gehou is.[85] Afgevaardigdes uit die Kleurlingwerk van oor die hele land was daar teenwoordig. Die eerste Kleurlingkonferensie in die Kaap is in Desember 1953 gehou.[86]

81. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 April 1944, Boek 9, p. 2595.
82. Notule van die Uitvoerende Raad, 18 September 1940, Boek 8, p. 2231.
83. **Comforter**, September/Oktober 1945, p. 35.
84. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 Augustus 1942, Boek 8, p. 2410.
85. **Comforter**, April 1945, p. 9.
86. Notule van die Algemene Werkersraad, 8-11 April 1954, Boek 17, p. 4257.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is reeds sedert 1950 begin om die Kleurlingwerk geleidelik selfstandig te maak en eie leierskap aan te moedig. So word daar besluit ... "... dat waar ons voltydse kleurling pastore het, die Europese helpers slegs behulpsaam sal wees in die Geestelike werk en nie administratiewe posisies sal beklee nie. Hulle mag egter raadsvergaderings as ere-lede bywoon."[87]

Wat die opleiding van Kleurlingwerkers betref, kan gemeld word dat past. J.W. Gillingham as sendingsuperintendent, tydens die Kleurlingwerkersraad in 1956 in die Kaap, die saak geïnisieer het dat daar aan Kleurlingwerkers in die Kaap op sekere weeksaande opleiding gegee word. Van die Blanke pastore in die distrik sou daarmee behulpsaam wees.[88] Die eerste volwaardige Kleurling Bybelskool is in Mei 1962 geopen[89] en in Desember 1968 is die nuwe Bybelskool te Sarepta, Kuilsrivier in gebruik geneem.[90]

Die Kleurlingwerk het gedurende die laaste paar dekades 'n goeie groei getoon. In 1955 was daar ongeveer 10 000 lidmate en 30 000 aanhangers.[91] In 1980 was daar volgens die Staatssensus 48 000 lidmate.[92]

### 16.1.7 Die werk onder die Indiërs

Die Indiërwerk in die A.G.S. het moontlik nie van die begin af dieselfde aandag as die ander afdelings van die werk ontvang nie. Gedurende die dertigerjare, terwyl br. C.S. Flewelling die opsiener vir Natal

87. Notule van die Uitvoerende Raad, 30 Augustus 1950, Boek 14, p. 3529.
88. **Trooster**, Februarie 1957, p. 8 en Persoonlike onderhoud, past. J.W. Gillingham.
89. **Trooster**, Augustus 1967, p. 6.
90. **Trooster**, Februarie 1969, p. 20.
91. Notule van die Algemene Werkersraad, 4-7 April 1955, Boek 17, p. 4482.
92. Gegewens verkry van past. Edgar Isdwand, Direkteur van die Sending departement van die A.G.S.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was, het hy ook deeltyds na die Indiërwerk omgesien.[93] Die bekering van 'n hevige teenstander van die werk, 'n hindoe genaamd Harry Jack, het die werk 'n groot stoot gegee. Sedert die 2de Junie 1940 het past. J.F. du Plessis as die eerste voltydse opsiener van die Indiërwerk in Natal geseënde werk verrig.[94] Teen 1946 was daar ongeveer [illegible] Indiërs wat lidmate was. Nadat hy aan die einde van 1946 daar weg is, was daar vir 'n paar jaar geen blanke sendeling in die Indiërafdeling nie. (Past. J.J. Labuschagne het slegs vir enkele maande na past. Du Plessis se vertrek as sendeling opgetree voordat hy 'n beroep na 'n blanke gemeente aanvaar het). Dit is nodig om hier ook kortliks te verwys na die besluit van 1944 wat reeds aangehaal is, waardeur die Indiërwerk 'n aparte afdeling geword het.

In 1951 het past. Nielsen wat vir 'n aantal jare groot werk onder die Kleurlinge van die Kaap gedoen het, oorgeneem as sendeling en opsiener van die Indiërwerk in Natal. Ook hier het hy vir 'n hele paar jaar sy deeglike werk voortgesit.[95]

Teen 1957 het die behoefte aan formele opleiding vir Indiërwerkers ontstaan. Op 9 Maart 1957 is daar dan onder leiding van past. Nielsen begin met die eerste Bybelskool vir Indiërs.[96]

Die groei van die Indiërwerk was nie so dramaties as die ander afdelings van die A.G.S. nie. In 1955 was daar 1 500 lidmate.[97] Volgens die 1980 sensus van die staat was daar maar 1 600 lidmate.[98]

93. **Trooster**, September/Oktober 1945, p. 34.
94. **Trooster**, Augustus/September 1940, p. 11.
95. **Trooster**, Junie tot Julie 1951, p. 5.
96. **Trooster**, April 1957, p. 15.
97. Notule van die Algemene Werkersraad, 4 - 7 April [illegible], Boek 17, p. 4452.
98. Volgens die Sendingdirekteur van die A.G.S., past. Edgar Gschwend verskil hierdie getal van die kerk se [illegible] sensus en was die getal in 198[illegible] nader aan 4 300.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 16.1.8 Die Sendingsuperintendente

Die persone wat aan die hoof van die sendingwerk van die A.G.S. gestaan het, is sendingsuperintendente genoem. Hulle is ook jaarliks en later drie-jaarliks saam met die ampsdraers van die kerk verkies. Hulle was ook vir baie jare lede van die Uitvoerende Raad. Hierdie manne wat die sendingwerk swaar op hulle hart gedra het, het 'n reuse bydrae gelewer om die sendingwerk van die A.G.S. sulke besondere afmetings te laat afneem.

Die name van al die sendingsuperintendente tot 1958 word kortliks genoem:

Voor 1911 was daar nie amptelik 'n sending-superintendent aangestel nie maar John G. Lake het self die meeste leiding geneem wat betref sendingwerk onder die nie-blankes. In November 1911 word br. Albe E. Sharpe as "Elder in charge of the Native Work" aangestel.[99] Dit was die eerste benaming vir die persoon in beheer van die sendingwerk. Hy bedank egter weer in Julie 1912 en in sy plek word br. Scott Moffat in Oktober 1912 gekies.[100]

Die lys lyk verder soos volg: P.L. le Roux (1913 - 1916); W.F. Dugmore (1916 - 1919); P.L. le Roux (1919 - 1929); A.W.W.F. Preller (1929 - 1934); M.H. Wright (1934 - 1947); F.J. Hawley (1947 - 1950); M.J. van Rensburg (1950 - 1953); J.W. Gillingham (1953 - 1958).

## 16.2 Barmhartigheidswerk

Barmhartigheidswerk in die A.G.S. het eers na verloop van 'n hele aantal jare op 'n formeel-georganiseerde basis geskied. Dit beteken

99. Notule van die Uitvoerende Raad, 13 November 1911, uit die Voorlopige Notuleboek.
100. Notule van die Algemene Konferensie, 1 Oktober 1912, Voorlopige Notuleboek.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie dat hierdie belangrike dienswerk van die kerk oor die hoof gesien is nie. Die A.G.S. het van die begin af in en deur gemeentes en indiwiduele lidmate na diegene in nood omgesien. Daar is juis in 'n vorige hoofstuk melding gemaak van die besondere wyse waarop A.G.S. lidmate veral in die vroeë jare uitgemunt het in liefdes- en naastediens.

Daar sal nou kortliks na die ontwikkeling van die belangrikste afdelings van die A.G.S. se barmhartigheidswerk gekyk word:

16.2.1 Dorkaswerk

In Hand. 9:36 word melding gemaak van 'n vrou wat oorvloedig was in goeie werke en aalmoese, m.a.w. barmhartigheidswerk. Haar naam in Grieks, was Dorkas. Op voetspoor hiervan het dit in die A.G.S. so gekom dat barmhartigheidswerk (welsynswerk) as die besondere terrein gesien is waar die vroue van die kerk betrokke kan raak en kan dien. Die benaming Dorkas is dan ook van die begin af hiermee verbind. Sprekend hiervan is die volgende aanhaling uit 'n vroeë notule in [illegible]: "The Prs. and Sisters will be encouraged from the platform at the services to assist in the Dorcas Work to relief of the poor."[101]

Alhoewel die term "Dorkaswerk" dus van vroeg af met barmhartigheidswerk verbind is, sou daar meer as drie-en-'n-half dekades verloop voordat daar sprake was van 'n algemene georganiseerde Dorkaswerk en Dorkasrade in gemeentes. Die persoon wat uiteindelik die inisiatief in hierdie verband sou neem, was die bekende past. G.R. Wessels. Terselfdertyd word die belangrike bydrae van persone soos sust. H.P. Bantjes wat haar sedert 1927 in hierdie rigting beywer het, erken.[102]

101. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Desember [illegible], [illegible] Notuleboek.
102. Pinksterboodskapper, Augustus [illegible], p. [illegible]

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Past. G.R. Wessels, die man wat ook die kinderhuis in die A.G.S begin het, was die man wat die moontlikhede van barmhartigheidswerk deur die susters van die kerk raakgesien het en die inisiatief geneem het om daarvan 'n suksesvolle organisasie te maak. Die volgende besluit dui die amptelike onstaan van Dorkasrade in die A.G.S. aan: "that we approve of the organisation of Sisters' Dorcas Societies in every assembly and that the Orphanage Committee be authorised to draft the necessary rules ... that the Orphanage Committee be also recognised in the Mission as the Social Welfare Committee to deal with the Government."[103]

Hierna sou dit verpligtend wees dat elke gemeente van die A.G.S. 'n Dorkasraad sou hê, bestaande uit 'n aantal susters wat deur die gemeente verkies word. Die Dorkasrade sou fondse insamel en omsien na mense in nood in hulle gemeenteressort.

In 1946 besluit die Uitvoerende Raad ... "om 'n behoorlike Raad in die lewe te roep wat die Welsynswerk van ons Sending moet voorlig en lei. Die naam van die raad is, 'Welsynsraad van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika ....' Dit sal die Raad wees wat aan die hoof van alle armsorgwerk staan."[104] By die Werkersraad van Maart 1951 word gerapporteer dat die Welsynsraad uiteindelik geregistreer is by die Departement van Volkswelsyn.[105] Elke dorkasraad in 'n gemeente sou na 1946 by die welsynsraad ingeskakel wees. Daar sou ook jaarliks 'n Dorkaskongres gehou word waar elke Dorkasraad deur afgevaardigdes verteenwoordig word.

103. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible], p. 2615.
104. Trooster, September 1946, p. 15 en 16.
105. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkersraad, [illegible], Boek 14, p. [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 16.2.2 Die Kinderhuis

Alhoewel die gedagte aan 'n kinderhuis/weeshuis in die A.G.S. reeds in 1930 vir die eerste keer deur die destydse algemene tesourier van die kerk, br. J.H. Saayman geopper is[106] en daar selfs toe 'n komitee aangestel is om die moontlikheid te ondersoek, sou daar nog 'n geruime tyd verloop voor daar iets daadwerkliks gedoen is.

In hierdie tyd is daar 'n hulpfonds in die lewe geroep o.a. met die oog op die latere oprigting van 'n weeshuis. In 'n vorige hoofstuk is gewys op die finansiële penarie van die Uitvoerende Raad tydens die depressiejare a.g.v. die groot skuld wat aangegaan is met die verbeterings aan die "Residency" - die tabernakel in Kerkstraat 73. Hierdie toedrag van sake het tot gevolg gehad dat die fondse wat reeds met die oog op 'n weeshuis versamel is, gebruik moes word om die finansiële krisis te help afweer.[107]

By die Algemene Konferensie van 1934 was daar 'n gevoel van ontevredenheid omdat die Uitvoerende Raad nog geen poging aangewend het in die daarstelling van 'n weeshuis nie.[108] By die eersvolgende vergadering van die Uitvoerende Raad is daar aan br. D.J. du Plessis opdrag gegee om die moontlikhede vir die daarstelling van 'n weeshuis te ondersoek.[109]

Die volgende jaar tydens die Konferensie het daar vele dringende

106. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 8-11 April 1930, Boek 4, p. 1152.
107. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 14-22 April 1933, Boek 5, p. 149.
108. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 30 Maart - 8 April 1934, Boek 5, p. 1509.
109. Notule van die Uitvoerende Raad, 6 April 1934, Boek 5, p. 1526.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stemme opgegaan vir onmiddellike aksie m.b.t. 'n weeshuis. Daar is toe 'n komitee van vyf man aangestel om die saak te ondersoek.[110] Alhoewel hierdie komitee 'n behoeftebepaling asook 'n oproep vir fondse gemaak het,[111] het daar nie veel van gekom nie.

Uiteindelik sou dit nie 'n komitee of 'n raad wees wat die inisiatief sou neem nie, maar 'n indiwidu, past. G.R. Wessels. Hy was as't ware deur omstandighede genoodsaak om met 'n kinderhuis te begin. By meer as een geleentheid was kinders van gestorwe A.G.S. lidmate by weeshuise van ander kerke geweier.[112] Aan die begin van 1938 was hy skielik opgesaal met die probleem dat 'n paar kindertjies na hom gebring is van A.G.S. lidmate wat te sterwe gekom het. Hy het die verantwoordelikheid gevoel om iets aan die saak te doen. Nadat hy die saak aan sy gemeente in Mayfair-Wes gestel het, het hy 'n oorweldigende respons gekry. Broeder H.A. Matthysen het 'n woonhuis in Mayfair-Wes vir ses maande gratis beskikbaar gestel.[113] Finansiële en ook ander bydraes het ingestroom.

Hierdie eerste kinderhuis is op [illegible] April 1938 amptelik deur die president, br. P.L. le Roux geopen in die teenwoordigheid van 600 - 700 gelowiges.[114] Die behoefte aan so 'n inrigting was so groot dat daar met die opening reeds 'n maksimum getal van veertien kinders opgeneem is met 'n verdere vyftig kinders op die waglys.

110. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, 19 - 28 April 1935, Boek 6, p. 1621-1623.
111. **Comforter**, Junie 1935, p. 11.
112. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] April 1938, Boek 7, p. 278-280.
113. Program - 50 jarige Bestaan, [illegible]
**Trooster**, Mei [illegible], p. [illegible] en [illegible].
114. Notule van die Jaarlikse Algemene [illegible], [illegible] April 1938, Boek 7, p. [illegible] en [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Reeds voor die opening van die kinderhuis het past. Wessels die Uitvoerende Raad genader om beheer daarvan oor te neem. 'n Komitee is toe aangewys om die sake van die kinderhuis te behartig. In Augustus 1940 is past. Wessels aangestel as direkteur van die kinderhuis,[115] 'n amp wat hy vir jare met onderskeiding beklee het.

Omdat die behoefte van die begin af so groot was, is daar aanvanklik met die stadsraad van Johannesburg onderhandel om 'n geskikte perseel vir die oprigting van 'n weeshuis te bekom.[116] Hierdie projek het egter nie gerealiseer nie. Na die aankoop van die Maranatha Park kampgronde te Lyndhurst in 1940, het die kinderhuis in Januarie 1941 na 'n groot woonhuis op die gronde verskuif.[117]

Gedurende die volgende jaar is twee slaapsale en 'n groot eetkamer aangebou waar sestig kinders gehuisves kon word.[118] Aan die einde van 1942 besluit die Uitvoerende Raad om 'n deel van die kampgronde met die geboue daarop aan die kinderhuiskomitee te verkoop.[119] Op Sondag 18 April 1943 is die nuwe weeshuis op Maranatha Park amptelik deur die destydse Administrateur van Transvaal, Genl. J.J. Pienaar geopen.[120] Die kinderhuis kon op daardie stadium tagtig kinders akkommodeer.

Gedurende die volgende paar jaar is daar steeds aanbouings aan die bestaande kompleks gemaak sodat daar aan die begin van 1947 reeds 120

115. Notule van die Uitvoerende Raad, 29 Augustus 1940, Boek 8, p. 2228.
116. Trooster, Januarie 1939, p. 18.
117. Notule van die Uitvoerende Raad, 12 November 1940, Boek 8, p. 2248.
118. Trooster, Junie 1941, p. 15.
119. Notule van die Uitvoerende Raad, Boek 8, [illegible] Augustus 1942, p. 2429.
120. Notule van die Algemene en Werkersvergadering, [illegible] April 1943, Boek 9, p. [illegible].
Trooster, Mei/Junie 1943, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinders was.[121] Verdere aanbouings wat die kinderhuis in staat gestel het om 200 kinders te huisves, is op Saterdag 10 Desember 1949 deur die Minister van Volkswelsyn, dr. A. Stals, geopen.[122]

### 16.2.3 Die Ouetehuis

Teen die agtergrond van die ontstaan van die kinderhuis en armsorgwerk, verbaas dit nie dat die behoeftes en nood van die oues van dae ook op die voorgrond gekom het nie. Weer eens was dit past. G.R. Wessels wat die ondernemingsgees aan die dag gelê het.

Aan die begin van 1948 stel die Uitvoerende Raad 'n komitee aan om die moontlikheid van 'n ouetehuis te ondersoek.[123] In September 1949 word die stigting van 'n ouetehuis onder die beheer van die Welsynsraad goedgekeur. Die ou Bybelskoolgebou by Maranatha Park word vir die doel aan die Welsynsraad verhuur.[124] Die amptelike opening van hierdie eerste ouetehuis was op Saterdag 1 April 1950 deur die Administrateur van Transvaal, dr. Wm. Nicol.[125]

In 1955 besluit die Welsynsraad om die Bybelskoolgebou wat deur hulle gehuur word, te koop saam met die vier akker grond waarop dit geleë is.[126] Hierdie eiendom is geleë teenaan die Maranatha Park kampgronde te Lyndhurst. Op hierdie grond is 'n goedingerigte gebouekompleks opge-

121. **Trooster**, Junie 1946, p. 22.
**Trooster**, Maart 1947, p. 23.
122. **Trooster**, Oktober 1949, p. 17.
**Trooster**, Augustus 1950, p. 13.
123. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Januarie [illegible], Boek [illegible], p. 3130.
124. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] September [illegible], Boek [illegible], p. 3279 tot 3280.
125. **Trooster**, Maart [illegible], p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rig wat aan 51 bejaardes huisvesting kon bied.[127] Dit is op 18 April 1962 amptelik geopen deur die Administrateur van Transvaal, mnr. F. Odendaal.[128]

## 16.3 Die Bybelskool

Die Teologiese Kollege (vroeër Bybelskool) van die A.G.S. het 'n lang en interessante geskiedenis. In die vroeë jare was daar geen formele teologiese opleiding vir die bediening nie. Persone wat in die praktyk bewys van hulle bediening gelewer het, kon pastore word.

Die eerste gedagte aan 'n Bybelskool kom van br. Scott Moffat in 1920.[129] Hy was van voorneme om 'n huis in die Kaap in te rig om vir oorsese en plaaslike sendelinge as 'n rusplek te dien. Hierdie huis moes dan ook dien as 'n plek waar mense wat begerig is, meer van die Bybel kon leer. Dit blyk dat sy bedoeling veral was om persone wat sendingwerk wil gaan doen, hier op te lei en toe te rus. Die volgende aanhaling aangaande br. Moffat se voorgestelde Bybelskool is interessant: "He did not think that it should be based on the grounds of a Theological College like the churches have, but only to obtain good bible knowledge."[130]

Die gedagte aan 'n Bybelskool is in beginsel deur 'n spesiale Werkerskonferensie van Augustus 1920 goedgekeur: ... "Wat aangaat de behoefte aan zulk een inrichting: Ons hoofd doel is het Evangelie te

126. **Trooster**, Mei 1955, p. 2.
127. **Trooster/Comforter**, Maart 1962, p. 5 en 7.
128. **Trooster**, Mei 1962, p. 11.
129. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] 1920, Boek 1, p. [illegible].
130. Notule van 'n spesiale Werkerskonferensie [illegible], [illegible] Augustus 1920, Boek 1, p. [illegible].
Sien ook Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Augustus 1920, Boek 1, p. [illegible].

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



brengen aan de miljoenen heidenen van Afrika, en als bijzaak komt dan ook de opleiding van werkers voor de blanken."[131] Hierdie aanhaling dui ook daarop dat die fokuspunt en klem in die A.G.S. op daardie stadium baie sterk op sendingwerk gelê het.

Hierdie Bybelskool sou egter nie in die A.G.S. 'n werklikheid word nie. Die volgende aanhaling uit die notule van die Uitvoerende Raad van Maart 1921 verskaf die rede: "Bro. Moffat does not approve of having the Institution supervised under the Apostolic Faith Mission, but to let it be carried on interdenominationally."[132]

Hierna sou die behoefte aan 'n opleidingsentrum vir pastore egter kort-kort na vore kom. So bv. by die Werkerskonferensie van 1924 waar dit as van essensiële belang beklemtoon is ... "that our Evangelists should have a good knowledge of the Word, and further that unity of teaching could be secured in no other way."[133] By dieselfde konferensie het die anti-kerksentiment in hierdie verband ook na vore gekom: "Bro. A Smit expressed his fear that if we start a Bible school for our Evangelists it may eventua y become a Theological College. Bro. P. le Roux did not share that opinion, and stated that he saw no [illegible]sion for fear."[134]

By die konferensies van 1926, 1927 en 1928 is die dringende behoefte aan 'n Bybelskool telkens bespreek.[135] In 1927 is daar ook 'n

131. **Trooster**, Maart 1921, p. 11.
132. Notule van die Uitvoerende Raad, 1 Maart 1921, Boek 2, p. 471.
133. Notule van die Algemene Jaarlikse Werkerskonferensie, 16 April 1924, Boek 3, p. 731 en 732.
134. Ibid.
Sien ook oor dieselfde saak - Notule van die Uitvoerende Raad, 28 Augustus 192[illegible], Boek 2, p. [illegible].
135. Notule van die Jaarlikse Algemene Konferensie, [illegible] Maart - [illegible] April 1926, Boek 4, p. 415.
Notule van die [illegible]rlikse Algemene Werkerskonferensie, [illegible] April 1927, Boek 4, p. [illegible] en [illegible].
Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, [illegible] April 1928, Boek [illegible], p. [illegible].

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



komitee aangestel om werk van die saak te maak. Aan die einde van 1929 kon dit bekend gemaak word dat 'n Amerikaanse dame, Henrietta Fruen, bekom is om met 'n Bybelskool te begin.[136] Sy word as prinsipale van die Bybelskool aangestel met 'n salaris van 7:10:0 pond per maand.

Gedurende 1930 is daar slegs aandklasse aan voornemende pastore gee.[137] In Februarie 1931 is daar begin met die eerste binnemuurse Bybelskool met ses studente.[138] Die kursus sou twee jaar duur en die koste per student was vyf pond per maand wat inwoning ingesluit het.[139]

Ongelukkig het hierdie Bybelskool nie vir lank bestaan nie. Vroeg in 1932 bedank sust. Fruen as prinsipale en lidmaat van die A.G.S.[140] Met haar bedanking besluit die Uitvoerende Raad om ook die Bybelskool te sluit.[141] Daar sou 'n hele paar jaar verbygaan voordat daar weer 'n binnemuurse Bybelskool sou wees.

By die Werkerskonferensie van 1935 he die saak weer aandag geniet. Daar is verskillende maniere bespreek waardeur persone vir die bediening voorberei kon word.[142] Sommige het aanbeveel dat daar maandeliks d.m.v. die kerkblad Bybelstudies aangebied word: 'n Ander het korrespondensiekursusse aanbeveel. Nog 'n ander het gevoel ... ".. that we should rather adopt the school of experience, for in the past we had such disappointments in Bible Schools."[143] Die moontlikheid van 'n

136. Notule van die Uitvoerende Raad, 20 Desember 1929, Boek 4, p. 1136.
137. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 8-11 April 1930, Boek 4, p. 1147 en 1148.
138. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 30 Maart - 2 April 1931, Boek 5, p. 1209.
Vir 'n volledige uiteensetting van die leerplan, sien die Trooster, Augustus 1930, p. 10.
139. Trooster, Desember 1930, p. 10.
140. Notule van die Uitvoerende Raad, [illegible] Maart 1932, Boek [illegible], p. [illegible].
141. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, [illegible] Maart 1932, Boek [illegible], p. 1244.
142. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, [illegible] April 1935, Boek [illegible], p. [illegible]-[illegible]512.
143. Ibid.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



binnemuurse Bybelskool was op daardie stadium redelik vaag aangesien daar nie 'n geskikte beskikbare persoon was wat dit kon behartig nie.

In 1936 is die saak weer by die Werkerskonferensie bespreek waar daar toe besluit is dat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie.[144] Aan die einde van 1937 het past. A.P. Visser, die pastoor van Bloemfontein, 'n Bybelkorrespondensiekursus begin aanbied.[145] Baie voornemende pastore het in die jare wat gevolg het hierdie kursus gevolg. Daar was jare wat dit die enigste kursus met die oog op die bediening in die A.G.S. was.

'n Nuwe tydvak wat teologiese opleiding in die A.G.S. betref, het in 1939 aangebreek toe past. Charles Bennett, vroeër van die Volle Evan- gelie Kerk, na die A.G.S. oorgekom het. Hy was vroeër prinsipaal van die Berea Bybelskool. Vanaf Februarie 1939 het hy twee aande per week Bybelklasse in die Tabernakel in Johannesburg aangebied, terwyl hy ook as sendeling gewerk het.[146]

Nadat die saak van 'n Bybelskool tydens die Werkerkonferensie van 1939 weer ernstig bespreek is, is besluit om die nodige fondse in te samel en so gou as moontlik met 'n Bybelskool te begin.[147]

Nadat 'n geskikte huis in Bellevue, Johannesburg, gehuur is, is die Bybelskool op 9 Junie 1940 geopen. Past. C.J.H. Bennett was die prinsipaal en die losies- en klasgelde was vyf pond per maand.[148] Verskeie lede van die Uitvoerende Raad sou ook sekere vakke by die Bybel-

144. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 6-9 April 1936, Boek 7, p. 1730.
145. **Trooster**, Februarie 1938, p. 30.
146. **Trooster**, Januarie 1939, p. 10.
147. Notule van die Jaarlikse Algemene en Werkerskonferensie, 7-16 April 1939, Boek 8, p. 2104.
Notule van die Uitvoerende Raad, 7 Februarie 1940, Boek 8, p. 2163.
148. **Trooster**, Maart - April 1940, p. 14.
**Trooster**, April - Mei 1940, p. 22.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skool doseer. Daar is veral heelwat klem gelê op praktiese werk.[149] Dit was op hierdie stadium nog nie verpligtend dat voornemende heeltydse werkers na die Kollege moes kom nie: "Let us say right here, don't be mistaken, we do not want everybody to go to the Bible School, but when a brother had shown by his life and ministry the proof of God's calling in his life, we are prepared to let him enter the field without Bible School Training."[150] In 1940 was daar net vier studente maar vir 1941 is daar twaalf goedgekeur.

Aan die einde van 1941 is 'n groot huis in Auckland Park deur die Uitvoerende Raad aangekoop vir 'n Bybelskool.[151] Hierdie eiendom is egter weer aan die einde van 1943 verkoop aangesien die kerk 'n stuk grond wat aan Maranatha Park gegrens het en waarop 'n groot woonhuis was wat as Bybelskool kon dien, aangekoop het.[152]

Interessante gegewens i.v.m. die opleiding by die Bybelskool kom na vore uit die volgende besluit van die Uitvoerende Raad in 1944 ... "... that we allow students after their year at Bible School to be pastor's assistants with board plus travelling costs plus 5 pounds per month pocket money and then in the second year to become assistant pastors with a 5 pound per month increase and that in evey instance they be considered students of these two years giving them a full three years course."[153] Die teoretiese opleiding was dus net een jaar. Opmerklik is ook dat die persoon daarna vir 'n jaar lank 'n "pastor's assistant" is en die volgende jaar 'n "assistant pastor".

Hierdie Bybelskool is ongelukkig aan die einde van 1947 gesluit

149. **Trooster/Comforter**, Junie - Julie 1940, p. 16.
150. **Trooster**, Junie/Julie 1941, p. 8.
151. Notule van die Uitvoerende Raad, 22 Oktober 1941, Boek 8, p. 2325.
152. Notule van die Uitvoerende Raad, 2 September 1943, Boek 9, p. 2545.
153. Notule van die Uitvoerende Raad, 17 Augustus 1944, Boek 9, p. 2623.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nadat ongeveer sewentig pastore in die voorafgaande jare hulle opleiding daar ontvang het.[154]

In September 1949 het die Uitvoerende Raad 'n komitee aangestel om 'n Bybelkorrespondensie kursus uit te werk.[155] Aan die begin van 1950 word die Apostoliese Bybelkollege (A.B.K.) in die lewe geroep met dr. F.P. Möller as prinsipaal.[156] Hierdie kollege sou voorlopig net 'n korrespondensiekollege wees. Op 2 Februarie 1954 is 'n binnemuurse afdeling ook geopen met sewe studente.[157] Die opleiding bestaan uit twee jaar teoretiese en daarna een jaar praktiese opleiding.[158]

Met die ontstaan van hierdie Bybelkollege het die Uitvoerende Raad ook 'n hoër premie begin plaas op die opleiding van voornemende pastore. So word daar in Januarie 1954 besluit ... ".... dat ons by die Algemene Werkersraad aanbeveel dat alle applikante vir Voltydse diens deur die Bybelkollege gaan, maar dat die Uitvoerende Raad toegelaat sal word om hulle diskressie te gebruik in spesiale gevalle."[159] Hierdie aanbeveling is toe ook deur die Werkersraad goedgekeur.

In April 1955 word past. C. Bennett deur die Werkersraad as prinsipaal gekies in die plek van dr. Möller.[160] Laasgenoemde is toe aangestel as hoof van Publikasies. Past. Bennett het as prinsipaal gedien tot aan die einde van 1968. 'n Nuwe bedeling wat die opleiding van pastore betref het toe aangebreek met die ontstaan van die A.G.S. Teologiese Kollege met past. F.H.J. Cronje as prinsipaal.

154. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Augustus 1947, Boek 12, p. 3076, Program, 50 jarige Bestaan, 7 April 1958, p. 11.
155. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 September 1949, Boek 12, p. 3283.
156. Notule van die Uitvoerende Raad, 23 Januarie 1950, Boek 13, p. 3368.
157. *Trooster*, Maart 1954, p. 8.
158. Notule van die Algemene Werkersraad, 8-11 April 1954, Boek 17, p. 4272.
159. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Januarie 1954, Boek 16, p. 4173.
160. Notule van die Algemene Werkersraad, 4-7 April 1955, Boek 17, P. 4427.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voor 1958 was ander skolastiese kwalifikasies nie 'n voorvereiste om tot die bediening toegelaat te word nie. Die volgende besluit is toe in Januarie 1958 geneem: "... dat 'n student wat nie gematrikuleer het nie maar sy studies voltooi het, tot die bediening toegelaat word maar nie georden word alvorens hy/sy hul matriek het nie."[161]

## 16.4 Die Sondagskool

Sedert die ontstaan van die A.G.S. het die Sondagskool sy regmatige plek gehad. Saam met die eerste huisdienste is ook huissondagskole gestig.[162] Reeds in Oktober 1908 is besluit dat daar elke Sondagmôre Sondagskool in die Tabernakel gehou sal word.[163] By dieselfde vergadering is br. A.H. Cooper as die verantwoordelike persoon aangestel om die Sondagskoolwerk te beheer en te organiseer. Nadat hy in 1909 van die A.G.S. weg is, is br. Scott Moffat in sy plek aangestel. Hy is in November 1910 opgevolg deur br. Louis Hinds en in Augustus 1913 is br. Daniel weer in sy plek aangestel. Hy is later deur br. C. Welsh opgevolg wat vir baie jare die pos van superintendent van Sondagskole beklee het.[164]

Aan die einde van 1930 is 'n komitee aangestel om die Sondagskoolwerk te herorganiseer en om ook 'n geskikte teksboek daar te stel.[165] Hierdie teksboek het in 1932 die lig gesien.[166]

161. Notule van die Uitvoerende Raad, 21 Januarie 1958, Boek 20, p. 4995.
162. **Trooster**, April 1974, p. 13.
163. Notule van die Uitvoerende Raad, 15 Oktober 1908, Voorlopige Notuleboek.
164. **Trooster**, April 1974, p. 13.
165. Notule van die Uitvoerende Raad 18 Desember 1930, Boek 5, p. 1199.
Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 30 Maart - 2 April 1931, Boek 5, p. 1215.
166. **Trooster**, April 1974, p. 13.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In April 1954 word die pos van 'n voltydse direkteur geskep. Die eerste direkteur wat in hierdie pos verkies is, was past. M.J. van Rensburg.[167]

## 16.5 Jeugwerk

Die eerste jeugdienste in die A.G.S. was in die Tabernakelgemeente in 1915.[168] Georganiseerde jeugwerk het vinnig posgevat, veral in die gemeentes aan die Rand. Die volgende aanhaling uit 1916 beskryf die werksaamhede van die jeugverenigings: "Tot dusver hebben deze werkzaamheden bestaan uit het houden van buitenlucht diensten, financieele ondersteuning aan zendelingen in het Noorden en wanneer zulks noodig was, aan onze eigene Uitvoerende Raad."[169]

Dit was eers aan die begin van 1920 dat die jeugverenigings op 'n behoorlike georganiseerde basis begin funksioneer het. Jongeliede verenigings (Young People Unions) is in verskillende gemeentes regoor die land gestig.[170] Die hoofsaak waarvoor die jeugverenigings gewerk het, was sendingwerk: "Die doel en oogmerk van die J.L.V. is Sendingwerk. Die Verenigings het geen ander fonds behalwe die Sendingfonds nie."[171]

Gedurende 1938 is sekere rade en komitees aangestel wat die jeugwerk op distriksvlak en nasionale vlak moes koördineer. So is brs. G.J. Vermeulen, D.J. du Plessis en G.R. Wessels deur die Uitvoerende Raad aangestel as die eerste Organiserende Komitee om na die jeugwerk op

167. Notule van die Algemene Werkersraad, 8-11 April 1954, Boek 17, p. 4261.
168. **Trooster**, Maart 1968, p. 7.
**Trooster**, Augustus 1975, p. 12.
169. **Trooster**, Junie 1916, p. 6.
170. Notule van die Algemene Jaarlikse Konferensie, 9 April 1920, Boek 1, p. 391.
**Trooster**, Maart 1921, p. 8.
171. **Trooster**, Februarie 1936, p. 24.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nasionale vlak om te sien.[172]

Die entoesiastiese jeugwerk op gemeentelike-, distrik- en nasionale vlak het oor die jare meegewerk dat 'n groot persentasie van die jeug van die A.G.S. by die kerk betrokke is en meelewende lidmate bly.

## 16.6 Die Kerkblad

Kort na die aankoms van Lake en Hezmalhalch het hulle begin om 'n nuusblaadjie uit te stuur, getiteld "The Forerunner of God's Latter Rain." In September 1910 is dit vervang deur "The Comforter and Messenger of Hope" met H. Modred Powell as redakteur.[173] 'n Nederlandse weergawe, "Trooster en Boodschapper der Hoop", is van 1910 uitgegee met R.H. van de Wall as redakteur.[174] Hierdie twee blaadjies is gratis versprei. Eers in 1916 is besluit dat die kerkblad voortaan verkoop sal word.[175]

Gedurende die eerste 25 jr het die blad ongereeld verskyn. Daar het soms maande verloop voordat 'n volgende uitgawe verskyn. In 1932 het past. D.J. du Plessis (jnr.) van Bethlehem die redakteur geword. Hy het voortreflike werk gedoen. Die Engelse en Afrikaanse weergawes is gekombineer in 'n tweetalige blad, die omset is verhoog, die blad het gereeld verskyn en dit was op 'n winsgewende basis bedryf.[176] In die sewentiger jare is die naam van die kerkblad verander na "Die Pinksterboodskapper".

172. Notule van die Uitvoerende Raad, 9 April 1938, Boek 7, p. 1987. Notule van die Jaarlikse Algemene Werkerskonferensie, 11-15 April 1938, Boek 7, p. 2007. Notule van die Uitvoerende Raad, 14 Junie 1938, Boek 7, p. 2027.
173. **The Comforter**, September 1910.
174. **Trooster**, November 1910.
175. **Comforter**, Junie 1916, p. 1.
176. **Trooster**, 15 Mei 1932.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**SLOT:**

Die Pinksterbeweging in die algemeen en die A.G.S. in die besonder, het in die tydperk van sy bestaan in Suid-Afrika 'n onbetwisbare staanplek verwerf. Reeds in 1950 het Donald Gee, wat seker een van die persone was wat die beste oorsigtelike kennis van die Pinksterbeweging wêreldwyd gehad het, die volgende opmerking oor Pinkster in Suid-Afrika gemaak: "In proportion to its population it is probable that South Africa has the largest Pentecostal Work in the world. That solid fact speaks for itself as to the way it has evidently touched the hearts of the Afrikaans people, and is meeting their spiritual need. There must be something appealing in its character, for otherwise such success would have been impossible."[177]

Na hierdie oorsig oor die eerste vyftig jaar van die geskiedenis van die A.G.S., is dit seker logies om te vra na die sin en betekenis en die boodskap wat deur die geskiedenis van hierdie jong kerk oorgedra word. By die sewentigjarige bestaan van die A.G.S. in 1978 het die president van die kerk, dr. F.P. Möller, 'n gepaste evaluasie in hierdie verband gemaak. Ten besluite word enkele paragrawe daarvan aangehaal:

"Allereers kyk ons terug na wat gebeur het, van die begin tot vandag toe. Sedert die stigting in 1908, het die Here op velerlei maniere en op ondubbelsinnige wyse bevestig dat die A.G.S. inderdaad 'n planting en 'n aksie van God deur die Heilige Gees is. Die bevestiging bestaan in die tienduisendes wat tot saligheid gekom het, die wonderwerke wat plaasgevind, het die honderde gemeentes, die groot aantal pastore en bo-al, die kragtige getuienis in Suid-Afrika en ver anderkant die grense van ons land dat die verrese Christus hom in die A.G.S. openbaar."

177. **Trooster**, Junie 1950, p. 20.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"In die begin was dit maar net 'n getuienis wat John Lake, en ander hier gebring het. Daaruit het 'n kerk ontwikkel. En hierdie sewentig jaar vertel van die geboortepyne, die stryd en loutering, die vorming en steeds hervorming om die struktuur daar te stel van 'n lewenskragtige kerk waarin die Nuwe Testamentiese boodskap met nuwe gloed verkondig kon word ...."

"En terwyl ons terugkyk, vra ons ons ook af: wat leer ons kerk se kort geskiedenis vir ons? Watter betekenis kan so 'n terugblik vir ons vandag hê?"

"Allereers wil ons die Bybelse uitdrukking bevestig waar dit sê: verag die dag van klein dinge nie. Sewentig jaar gelede kon 'n mens al die lidmate van die A.G.S. op jou tien vingers tel. Vandag is daar honderde duisende oor Suidelike Afrika. Die wat begin het was maar arm wat betref stoflike dinge, geleerdheid en aansien by die wêreld en bestaande kerke, maar deur God se seën is daar op alle gebiede groot vooruitgang gemaak. As 'n mens se saak by die Here reg is en jy pak dit met geloof en offervaardigheid aan, moet jy suksesvol wees, al is jou begin ook hoe nederig ...."

"Noudat die A.G.S. 'n goed-gevestigde kerk is en alhoemeer erkenning en agting van ander geniet, sien ons ook ons roeping daarin om te ywer vir 'n groter eenheid tussen al die kinders van die Here. Ons weet dat dit eintlik en hoofsaaklik nie gaan om die opbou van 'n bepaalde denominasie nie, maar dat dit slegs 'n genademiddel is, waardeur God die liggaam van Christus, sy bruid, voorberei vir die groot dag van die Here. Dit is die dag wanneer daar nie meer kerke sal wees nie, maar net 'n skaar van verlostes wat die lied van die Lam sal sing."[178]

178. **Pinksterboodskapper**, Maart 1978, p. 5 en 6.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAE A**

## HOOFAMPSDRAERS VAN DIE A.G.S. 1908 - 1958

### President

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tom Hezmalhalch | 27 Mei 1909 | - | November 1910 |
| John G Lake | November 1910 | - | November 1913 |
| P L le Roux | November 1913 | - | April 1943 |
| G J Vermeulen | April 1943 | - | April 1962 |

### Vise-president

| | | | |
|---|---|---|---|
| John G Lake | 27 Mei 1909 | - | November 1910 |
| J H Greeff | November 1910 | - | April 1916 |
| C Welsh | April 1916 | - | Januarie 1932 |
| D Kennedy | Januarie 1932 | - | Maart 1932 |
| B Opperman | Maart 1932 | - | Maart 1937 |
| G J Vermeulen | Maart 1937 | - | April 1943 |
| G R Wessels | April 1943 | - | Januarie 1970 |

### Algemene Sekretaris

| | | | |
|---|---|---|---|
| J H L Schumann | 27 Mei 1909 | - | Julie 1909 |
| R H van de Wall | Julie 1909 | - | Januarie 1912 |
| S Stuart | Maart 1912 | - | Oktober 1912 |
| P L le Roux | Oktober 1912 | - | November 1913 |
| W F Dugmore | November 1913 | - | November 1920 |
| I D W Bosman | April 1921 | - | April 1925 |
| H Hume | April 1925 | - | April 1926 |
| I D W Bosman | April 1926 | - | Maart 1932 |
| A W W F Preller | Maart 1932 | - | April 1933 |
| I D W Bosman | April 1933 | - | April 1936 |
| D J du Plessis (jnr) | April 1936 | - | April 1947 |
| A J Schoeman | Mei 1947 | - | April 1956 |
| M J van Rensburg | Mei 1956 | - | Januarie 1962 |

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## Algemene Tesourier

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| H M Turney | 27 Mei | 1909 | - | Februarie | 1910 |
| P Moffat | Februarie | 1910 | - | Oktober | 1911 |
| S Moffat | Oktober | 1911 | - | Oktober | 1912 |
| R R Daniel | Oktober | 1912 | - | November | 1913 |
| C Welsh | November | 1913 | - | April | 1915 |
| R R Daniel | April | 1915 | - | Julie | 1922 |
| W H Plaat | Julie | 1922 | - | April | 1924 |
| A W W F Preller | April | 1924 | - | Maart | 1929 |
| J H Saayman | Maart | 1929 | - | Maart | 1932 |
| W Grobler | Maart | 1932 | - | April | 1933 |
| A W W F Preller | April | 1933 | - | Mei | 1955 |
| P F Fourie | Augustus | 1955 | - | April | 1968 |

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAE B

### SENSUSSTATISTIEKE

Die statistieke wat hier genoem word is slegs die totale getal blanke aanhangers in die Republiek. Daar is gepoog om die statistieke van die volksensusse en die kerk se eie te integreer om so na as moontlik aan die korrekte getalle te kom:

| | | |
|---|---|---|
| 1918 | ± | 5 000 |
| 1921 | | 7 742 |
| 1926 | | 15 544 |
| 1936 | | 31 765 |
| 1946 | | 58 719 |
| 1951 | | 62 440 |
| 1958 | ± | 70 000 |
| 1980 | | 125 501 |

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BRONNE EN BIBLIOGRAFIE


## A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

### 1. Argivale Bronne (Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, Kerkargief, Lyndhurst, Johannesburg)

#### 1.1 Briewe

Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Greytown aan eerwaarde P.L. le Roux, 21 Mei 1893.

Hezmalhalch, T., aan sy seun Fred Hezmalhalch, April 1911.
Lake, John G., Pastoral letter, April 30th 1911.
Lake, John G., aan P.L. le Roux, 26 September 1913.
Lake, John G., aan P.L. le Roux, 20 Junie 1935.
Lake, John G., aan E.M. Letwaba, 20 September 1913.
Lake, John G., aan M.H. Wright, 5 November 1928.
Moodie, James, 15 Maart 1948 (In die versameling van persoonlike stukke oor P.L. le Roux).

#### 1.2 Dagboeke en Persoonlike notas

Lake, John G., Desember 1910.
Le Roux, P.L., Augustus 1890 - 1 November 1890.
Le Roux, P.L., Persoonlike notas.
Rennie, Zoë, Persoonlike notas.

#### 1.3 Notules

Notuleboeke van die Uitvoerende Raad, 1908 - 1960 (Waarin vervat is die notules van die Algemene Konferensies en die Werkersraad).

### 2. Argivale Bronne (Ned. Geref. Kerk)

#### 2.1 Ned. Geref. Kerkargief, Bloemfontein

Moderatuursvergadering, 1935 - 1937

**Ringe:**

Notule, Ring van Harrismith, 1926 - 1942.
Notule, Ring van Smithfield, 1933 - 1950.

**Sinode:**

Acta Synodi, 1925, 1928 en 1931.


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.2 **Ned. Geref. Kerkargief, Kaapstad**

Ringe:

R9/28 Acta van al de Ringen in 1917.
R9/29 Acta van al de Ringen in 1918.
R9/30 Acta van al de Ringen in 1920.

Sinode:

Acta Synodi, 1862 en 1870.

3. **Onderhoude**

Andrews, J.E. mev.
Armstrong, C. mej.
Beetge, W.G. past.
Cornelius, J.J. past.
Du Plessis, D.J. past.
Du Plessis, J.T. past.
Fourie, P.F. past.
Gillingham, J.W. past.
Hanekom, T.N. prof.
Henning, J.V. past.
Le Roux, J.F. past.
Möller, F.P. dr.
Opperman, B. past.
Scheepers H.J. dr.
Schoch, P.C. past.
Snyman, J.H. past.
Van der Westhuizen, H.L. past.
Van Rensburg, J.H.L.J. past. (Geskrewe verslag).
Vogel, P.J.P.A. past.

4. **Ongepubliseerde Proefskrifte**

Coetzee, C.F.C. : **Die Werk van die Heilige Gees in die Teologiese denke van Andrew Murray.** Doktorale proefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys - 1980.

Langerman, J.L. : **Apostolic Faith Mission of South Africa: A Revitalization of the Theological Concepts of Church Ministry.** Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Fuller Theological Seminary. 1983.

Van der Spuy, M.A. : **Die Spanning tussen Vryheid en Formalisering t.o.v. die Liturgiese Verskuiwinge binne die A.G.S. van S.A.** Ongepubliseerde M.Th. Verhandeling. Praktiese Teologie, Unisa 1985.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. **Referaat**

Raper, O.H. : **A brief look at the history of Divine Healing in South Africa.**

**A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE**


1. **Literatuur**

: **The Catholic Encyclopedia**, New York. 1913.
: **Disputasie Over de Verschilpunte tussen de Apostoliese Broeders en de Leer der Ned. Ger. Kerk.** Gehouden in de Zaal te Somerset Oost op 16 Junie, 1910. Tweede Uitgaaf. Paarl. 1917.
: **Kerkwette van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika.** Tweede druk. Braamfontein. 1985.
: **Na Vyf Jaar.** 1934 - 1939. Die Gemeente van Johannesburg-Wes Pinksteroord.
: **New Catholic Encyclopedia**, New York. 1967.
: **Program ter herdenking van die 50 jarige Bestaan van die Apostoliese Geloofsending van S.A.**, 7 April 1958.
: **Spade Reën Sending van S.A. Jubileum Herdenkings Verslag, 1927 - 1977.** Benoni. 1977.
: **Wat die Here gedoen het!** (Gedenkboek uitgegee ter gedagtenis aan die 25 jarige bestaan van die A.G.S. gemeente in Durhamsaal). 1945.

Atter, Gordon F. : **The Third Force**, Ontario 1962.
Bainton, Roland H. : **Here I stand. A life of Martin Luther.** London 1950.
Bartleman, Frank : **Azusa Street.** New Jersey 1980.
Brumback, Carl : **What meaneth this?** London 1946.
Burton, W.F.P. : **When God makes a Pastor.** London 1934.
Choy, Leona : **Andrew Murray. Beelddraer van Ewige Liefde.** Vertaal deur Annalou Marais. Silverton 1979.
Dankbaar, W.F. : **Kerkgeschiedenis.** Groningen. 1974.
Davison, Leslie : **Pathway to Power.** Watchung N.J. 1972.
De Groot, C.G. : **Geloofshelde van die kruis.** Pretoria. 1981.
De Koch, W.J. (Hoofredakteur) : **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek.** Deel I. Kaapstad. 1968.
Douglas, J.D. (Algemene Redakteur) : **The New International Dictionary of the Christian Church**, Exeter, 1978.
Du Plessis, D.J. : **The Spirit bade me go.** Oakland. California. 1963.


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Du Plessis, I.G.L. : **Pinkster Panorama. 'n Geskiedenis van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika.** 1910 - 1983. Irene 1984.

Du Plessis, J. : **The Life of Andrew Murray of South Africa.** London. 1919.

Fraser, M.M. : **Getuienis van Geestelike Groei, van Geloofslewe en van Werkinge van die Heilige Gees.** Benoni 1969.

Frodsham, Stanley H. : **With Signs Following.** Missouri. 1946.

Gee, Donald : **The Pentecostal Movement.** London. 1941 en 1949.

Gerdener, G.B.A. : **Handboek by Katkisasie.** Kaapstad, Pretoria. 1967.

Gromacki, R.G. : **The Modern Tongue Movement.** U.S.A. 1973.

Hanekom, T.N. : **Die Liberale Rigting in Suid-Afrika.** Eerste Deel. Kaapstad. 1951.

Harper, Michael : **As at the Beginning. The Twentieth Century Pentecostal Revival.** Plainfield, N.J. 1971.

Henning, J.G. : **My Lewenservarings.** Vrededorp. Johannesburg. 1951.

Hoekema, A.A. : **What about Tongue-Speaking?** Michigan. 1972.

Hollenweger, Walter J. : **The Pentecostals.** London. 1972.

Kelsey, Morton T. : **Tongue Speaking. An experiment in Spiritual Experience.** New York. 1968.

Kendrick, Klaude : **The Promise Fulfilled: A History of the Modern Pentecostal Movement.** Springield, Missouri. 1961.

Kitshoff, Michiel C. : **Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen. Kaapse Predikant uit die negentiende eeu.**, Doktorale Proefskrif - Groningen. 1972.

Knox, R.A. : **Enthusiasm.** Oxford. 1950/

Lake, Kirsopp : **The Apostolic Fathers.** Vol. II. London. 1965.

Latourette, K.S. : **A History of Christianity.** New York. 1953.

Liebenberg, F.J. : **Herlewing in Suid-Afrika.** Stellenbosch. 1942.

Lindsay, Gordon : **John G. Lake - Apostle to Africa.** Dallas. 1972.

Lindsay, Gordon : **Sketches from the Life and Ministry of John G. Lake.** Shreveport. La. 1952.

Manschreck, Clyde L. : **A History of Christianity in the World.** New Jersey. 1974.

Möller, F.P. : **Die Diskussie oor die Charismata soos wat dit in die Pinksterbeweging geleer en beoefen word.** Braamfontein 1975.

Murray, Andrew : **Algehele Oorgawe.** Kaapstad 1980.

Murray, Andrew : **Die Volle Pinksterseën.** Kaapstad 1980.

Murray, Andrew : **Divine Healing.** London. Sj.

Murray, Andrew : **Terug na Pinkster.** Potchefstroom. Sj.

Murray, Andrew : **The Spirit of Christ.** London. Sj.

Nichol, J.T. : **Pentecostalism**, Plainfield, New Jersey 1971.

Orr, J. Edwin : **The Second Evangelical Awakening in America.** London. 1952.

Orr, J. Edwin : **The Second Evangelical Awakening in Britain.** London. 1949.

Pistorius, P.V. : **Die Trek is verby.** C.N.A. S.A. 1957.


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Pretorius, N.F. : **Die Didaché. Die onderwysing van die twaalf apostels.** Kaapstad. 1980.

Reidt, Wilford H. : **John G. Lake, Adventures in God.** Tulsa, Oklahoma. 1981.

Renwick, A.M. : **The Story of the Church.** Leicester, Engeland. 1979.

Retief, M.W. : **Die Wonder van Herlewing** Kempton Park. 1976.

Roberts, Alexander en James Donaldson (Redakteur) : **The Ante-Nicene Fathers.** Vol I (1975), Vol III (1976), Vol IV (1976), Vol V (1975). Grand Rapids, Michigan.

Schaff, Philip (Redakteur) : **The Nicene and Post-Nicene Fathers.** Vol VII (1888), Vol XII (1889), New York.

Schaff, Philip : **History of the Christian Church,** Vol III, Nicene and Post-Nicene Christianity. Grand Rapids, Michigan, 1974.

Schoeman, K. : **As die wind daaroor waai.** Johannesburg. 1957.

Slosser, Bob : **A man called Mr Pentecost. The story of David du Plessis.** Plainfield, New Jersey. 1977.

Stals, E.L.P. (Redakteur) : **Afrikaners in die Goudstad.** Kaapstad/Pretoria. 1978.

Stander, H.F. : **Die Besondere Gawes van die Heilige Gees in die eerste vier eeue n.C..** Pretoria. 1986.

Stoeffler, F. Ernest : **German Pietism during the Eighteenth Century.** Leiden. 1973.

Sundkler, Bengt : **Zulu Zion.** Uppsala. 1976.

Synan, Vinson (Redakteur) : **Aspects of Pentecostal-Charismatic Origins.** Plainfield, New Jersey. 1975.

Van der Watt, P.B. : **Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862 - 1962.** Kaapstad 1975.

Van der Watt, P.B. : **John Murray 1826 - 1882. Die Eerste Stellenbosse Professor.** Pretoria. 1979.

Venter, E.A. : **On Geskiedenisalbum.** Potchefstroom. 1983.

Wagner, C. Peter : **Look out! The Pentecostals are coming.** London. 1974.

Walker, W. : **A History of the Christian Church.** Edinburgh. 1968.

Warfield, B.B. : **Counterfeit Miracles.** London. 1972.

Wesley, John : **The Works of the Rev. John Wesley.** A.M. London. 1877.

Womack, David A. : **The Wellsprings of the Pentecostal Movement.** Springfield, Missouri. 1968.


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. Periodieke Publikasies

| | | |
|---|---|---|
| Amptelike kwartaalblad van die Rand Werkersraad | : | Oktober - Desember 1944 |
| Christian Minister, The | : | Januarie 1966 |
| Comforter and Messenger of Hope | : | September 1910 Februarie 1931 |
| Convention Report | : | Januarie 1916 |
| Drie-Jaarlikse Kerkboek | : | 1974 - 1976 |
| Forerunner of God's Latter Rain | : | Augustus 1908 |
| Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke | : | 1967 |
| Kerkbode, Die | : | 1908 - 1933 |
| Kerkjaarboek van die A.G.S. van S.A. | : | 1964 |
| Latter Rain Evangel, The | : | November 1908 |
| Masedoniese Roepstem, Die | : | Desember 1947 |
| Native Work of the Apostolic Faith Mission of South Africa | : | July 1916 |
| Pentecostal Evangel. | : | November 1950 |
| Pentecostal Herald | : | 1976 - 1978 |
| Pinksterboodskapper | : | 1976 - 1979 |
| Pinkster Vaandel, Die | : | Mei, Junie 1944 |
| Rapport | : | 21 Desember 1980 |
| S.A. Vernuwing | : | Maart, April 1985 |
| Standard Bearer, The | : | Januarie tot Maart 1959 |
| Trooster/Comforter | : | 1910 - 1976 |
| Upper Room, The | : | 1910 - 1911 |
| Volksblad, Het | : | 24 Januarie 1867 |

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SAMEVATTING

# "DIE GESKIEDENIS VAN DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA (1908 - 1958)"

deur

Isak Schalk van der Merwe Burger

Promotor : Prof. P.B. van der Watt

Departement : Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Graad Doctor Divinitatis

Die A.G.S. van S.A. is deel van die klassieke Pinksterbeweging wat aan die begin van die 20° eeu ontstaan het. Dit is nie alleen die oudste Pinksterkerk in Suid-Afrika nie, maar een van die oudstes in die wêreld.

Die Pinksterbeweging glo dat hy in gees, in leer en praktyk 'n voortsetting is van die vroeë Handelinge-kerk. Na die vroeë kerk was daar nie weer 'n kerk of beweging wat die presiese ekwiwalent van die hedendaagse Pinksterbeweging is nie alhoewel daar met wisselende tussenposes in die kerkgeskiedenis sekere Pinksterfenomene onder gelowiges voorgekom het.

Die Pinksterbeweging glo dat sy ontstaan en voortbestaan 'n werk van God is - dit is inderdaad sedert sy ontstaan by verre die vinnigste-groeiende deel van die Christelike Kerk. Sy ontstaan is voorafgegaan en voorberei deur verskillende bewegings en persone - die Piëtisme, Metodisme, Heiligheidsbeweging en Sionisme (Dowey). Ook in Suid-Afrika was daar voorbereidende faktore - die 1860-herlewing, Andrew Murray en die armblanketoestand.



© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Pinksterbeweging se ontstaan kan herlei word na 'n Bybelskool in Topeka Kansas op 1 Januarie 1901 alhoewel sy eintlike momentum by die gebeure in Azusastraat Los Angeles in April 1906 gesoek moet word. Vanuit Amerika was dit veral twee manne, John G. Lake en Thomas Hezmalhalch wat instrumenteel was in die tot standbrenging van die A.G.S. van S.A. gedurende Mei 1908.

Op 'n bodem wat veral voorberei is deur die Sionisme, het die A.G.S. van meet af geweldig gegroei. Soos in Amerika was die dienste aanvanklik veelrassig.

Sy fenomenale groei asook die ontwikkeling vanaf 'n herlewingsbeweging tot 'n gevestigde kerk word bespreek. Die nuutheid en vreemdsoortigheid van die Pinksterbeweging in die oorwegend Calvinistiese kerklike situasie van Suid-Afrika en die wedersydse beïnvloeding word ook onder die loep geneem.

Daar word gekyk na die volle spektrum van ontwikkeling in die kerk self: kerkregtelik, liturgies en leerstellig, asook verskillende werksaamhede - sendingwerk, barmhartigheid, opleiding, jeug en Sondagskool.

Die boodskap van die A.G.S. se geskiedenis is duidelik - die Pinksterbeweging het nie net gekom om te bly nie, maar is besig om op 'n steeds groter wordende wyse sy staanplek en invloed as kerk in Suid-Afrika te verbrei.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SUMMARY

# "THE HISTORY OF THE APOSTOLIC FAITH MISSION OF SOUTH AFRICA (1908 - 1958)"

by

Isak Schalk van der Merwe Burger

Promoter : Prof. P.B. van der Watt

Department : Church History and Church Law

Degree Doctor Divinitatis

The A.F.M. of S.A. is part of the classical Pentecostal Movement which originated early in the 20th century. It is the oldest Pentecostal Church in South Africa, and among the oldest in the world.

The Pentecostal Movement considers itself a continuation of the Church of Acts, in spirit, doctrine and practice. Since the time of that church there has never been a exact equivalent to the modern Pentecostal Movement, although occasionally Pentecostal phenomena have occurred among believers.

Pentecost ascribes its origin and extension to God. It has in fact been, since its inception, the fastest growing section of the Christian Church. It was preceded and influenced at its origin by various movements and persons - Pietism, Methodism, The Holiness Movement and Zionism (Dowey). Preparatory factors in South Africa were the revival of 1860, Andrew Murray and the poor-white situation.

(ii) .....

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



The origin of the movement can be traced to a Bible College in Topeka, Kansas, on 1st January, 1901, although it gained its impetus later at Azusa Street, Los Angeles, in April 1906. The Americans, in particular John G. Lake and Thomas Hezmalhalch, were instrumental in the establishment of the A.F.M. of S.A. in May 1908.

Upon a foundation laid by Zionism in particular, the A.F.M. grew rapidly from the start. As in America, services were originally multiracial.

This phenomenal growth, and the development from a revival movement to an established church, is discussed. The novelty and disparate character of Pentecost in a largely Calvinist Church situation in S.A., with its resultant reciprocal influences, is also considered.

The entire spectrum of ecclesial development is examined - church polity, liturgy and doctrine, and various activities such as missions, welfare, training, youth and Sunday School.

The history of the A.F.M. clearly demonstrates that the Pentecostal Movement has not only come to stay, but that it is increasingly extending its influence as a church in South Africa.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017